Op soek na ‘Gereformeerde Roepingsverstaan’ in Postapartheid-Suid-Afrika: ‘n Prakties-Teologiese Ondersoek met die Oog op Lidmaatbemagtiging

deur Thys (MM) du Toit

Proefskrif ingedien vir die graad Doktor in die Wysbegeerte (PhD) in die Fakulteit

Teologie aan die Universiteit Stellenbosch

Promotor: Prof. Ian Nell

Maart 2021

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Deur hierdie navorsingswerkstuk in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is en dat ek die outeursreg-eienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

MM du Toit Maart 2021

Kopiereg © 2021 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bedankings

Die laaste vyf jaar van my lewe kan ek beskryf as ‘n persoonlike reis waarop ek dikwels met my persoonlike roeping gekonfronteer is. Dit was vir my altyd meer as die verwerwing van ‘n graad – dit was ‘n soeke na die Vader se stem oor ‘n saak, wat ek glo, Hy op my hart kom druk het. Ek kan daarom nie anders nie as om die Here te dank vir Sy getrouheid tydens die reis. Alle lof, eer en dank aan Hom.

Die Here het my op die pad geseën met ‘n wonderlike groep mense om my. Ek wil eerstens my opregte dank betuig aan prof. Ian Nell vir sy enorme rol in hierdie fase van my lewe. Sy beskikbaarheid, sensitiwiteit, aanmoediging en begeleiding word opreg waardeer. Verder my dank aan so baie mense wat gedurende die studie op baie verskillende maniere ondersteuning gebied het: Die personeel, kerkraad en lidmate van die NG Kerk Vredenburg; die personeel van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit; die personeel by die universiteit en biblioteek; die eksaminatore vir hulle tyd hieraan spandeer; en aan Alida Buckle vir die deeglike proeflees. Laastens aan die universiteit wat finansieel bygedra en die las soveel makliker gemaak het.

Op ‘n meer persoonlike vlak het ek so baie vriende wat my in hierdie tyd bygestaan en ondersteun het – dankie vir elke gesprek, vraag en woord van bemoediging. Aan my breër familie, veral my ma en suster, ek is besonder lief vir julle en weet dat my lewensreis soveel moeiliker sonder julle sou gewees het.

Ek wil eerstens dank aan God betuig en sluit ook daarmee af. Ek dank die Vader vir my ongelooflike vrou, Elnette – sonder haar ondersteuning, geduld, liefde en bemoediging sou hierdie projek nie moontlik gewees het nie. Dankie vir elke koppie koffie, die weke wat jy alleen was wanneer ek gaan skryf het en dat jy vroegoggend my getroue wekker was. Ek loof die Vader laastens vir my wonderlike kinders, Elma en Luan. Julle is eintlik nog so klein, dankie dat julle tog verstaan het as pappa te moeg was om te speel, te draf óf vakansies en naweke agter die rekenaar moes deurbring. Ek vertrou dat my reis julle ook eendag sal kan help op julle eie reis saam met God. Nou vir die res van ons reis saam!

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Opsomming

Die impak van die NG Kerk het, sedert die einde van apartheid, skerp afgeneem en die afname in lidmaatskap is ‘n goeie bewys hiervan. Die redes vir dié afname is kompleks en om dit met enkele teorieë te probeer verduidelik is gewaagd. Dié studie kies die term ‘postapartheid-Suid-Afrika’ as ‘n kronologiese merker. Postapartheid-Suid-Afrika verwys na ‘n tydperk waarin verskeie faktore die kerk uitgedaag het, waaronder postmodernisme, postkolonialisme, sekularisasie, verbruikersmentaliteit en verskeie plaaslike faktore soos werkloosheid, armoede, misdaad, geweld en korrupsie.

Die impak van hierdie uitdagings op lidmate is enorm en veroorsaak dikwels dat hulle hul roeping verloor. Hoe om lidmate te bemagtig om getrou aan ‘n gereformeerde begrip van roeping te bly, is deel van die soeke van hierdie studie. Roeping word in die konteks van onsekerheid beskryf as:

- iets wat uit God se verhouding tot en met ons voortvloei;
- iets wat deur ons begeertes beïnvloed word; en
- iets wat deur ons konteks gefokus word.

Die wete dat God as Triniteit voortdurend vooruit werk (*Missio Dei*) en na ons roep om saam met Hom te arbei is die vertrekpunt van gereformeerde roeping. Die vermoë om God se stem te hoor en daarop te reageer is ‘n saak van begeerte – in dié opsig speel liturgie ‘n belangrike rol. Wanneer ons God se stem ervaar transformeer ons wêreldse begeertes en fokus dit op God se Koninkryk. Betrokkenheid by die nood van ons konteks word dan nie ‘n rede om te onttrek nie, maar juis ‘n rede om saam met God te beweeg. Hoe om lidmate te bemagtig om saam met God te werk, word gekoppel aan die belewenis van vyftien lidmate wat deelgeneem het aan kwalitatiewe, induktiewe en sosiaal-konstruktivistiese onderhoude. Vanuit die onderhoude word praktiese riglyne geformuleer wat op die bemagtiging van lidmate fokus.

Roeping word dan juis gesien as elke persoon se unieke bydra tot die samelewing. Ons taak as kerk is om lidmate hiermee te help – om roeping te beleef ten spyte van die uitdagings van ons tyd.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Summary

The Dutch Reformed Church's impact has declined sharply since the fall of apartheid, and the decline in membership is sufficient proof of this reality. The reasons for the decline are complex, and trying to explain them with a few theories is risky. In the study, the term postapartheid-South-Africa is chosen as a chronological marker. Postapartheid-South-Africa refers to how various factors challenged the church, such as postmodernism, postcolonialism, secularisation, consumer mentality and various local factors such as unemployment, poverty, crime, violence and corruption.

The impact of these challenges on members is enormous and often causes them to lose their calling. How to empower members to stay true to a reformed understanding of vocation is part of this study's quest. Calling is described within the context of uncertainty as:

- *something that results from God's relationship with us;*
- *something that is influenced by our desires; and*
- *as something that is focussed through our context.*

The knowledge that God as Trinity is (Missio Dei) and calling us to work with Him is the starting point of reformed calling. The ability to hear and respond to God's voice is a matter of desire, and in this respect, liturgy plays an important role. When we experience God's voice, our worldly desires are transformed, and our desires are focused on God's Kingdom. Then, involvement in the 'need' of our context does not become a reason to withdraw, but rather a reason to move with God. How to empower members to work with God is linked to the experience of fifteen members who participated in qualitative, inductive, socially constructivist interviews. From the interviews, practical guidelines are formulated that focus on the empowerment of members.

Calling is seen as each person's unique contribution to society. Our challenge as the church is to help members experience 'calling' despite the challenges of our time.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Lys van illustrasies

Figure:

Figuur 3.1: ‘n Kwalitatiewe, empiriese navorsingsraamwerk, bl. 61.

Figuur 3.2: Crotty se vier elemente van praktiese navorsing, bl. 62.

Figuur 3.3: Vereenvoudigde wetenskaplike boublokke vir ‘n navorsingsmetodiek, bl. 63.

Figuur 3.4: Waarneming: Verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings, bl. 69.

Figuur 3.5: Kolb-siklus, bl.74.

Figuur 4.1: Begeertes gemik op God se Koninkryk, bl. 134.

Figuur 6.1: Hong se outeur, teks leser benadering

Figuur 6.2: Meyers se opsomming oor die God-Moses-gesprekke, bl. 233.

Figuur 7.1: Voorbeeld van etiese klaringsbrief, bl. 277.

Figuur 7.2: Begeertes gemik op ander, bl. 293.

Figuur 7.3: Begeertes gemik op geloofsgroei, bl. 294.

Figuur 7.4: Begeertes gemik op die wêreldse, bl. 296.

Figuur 7.5: Betrokkenheid van eie lidmate, bl. 303.

Figuur 8.1: Sinek se Goue Sirkel-model, bl. 326.

Figuur 8.2: Verhouding met God, bl. 334.

Figuur 8.3: Die rol van kerk tans in lidmate se geloofslewe, bl. 339.

Figuur 8.4: 5-D-siklus van die Waarderende Benadering, bl. 347.

Figuur 8.5: Die ontwerp van die ‘hoekom’, bl. 348.

Figuur 8.6: Die ontdekking van die ‘hoe’, bl. 350.

Figuur 8.7: Om te droom oor wat kan wees, bl. 352.

Figuur 8.8: Om strategies te beplan aan wat kan wees, bl. 353.

Figuur 8.9: Om die verandering te onderhou, bl. 355.

Figuur 8.8: Die toekomstige rol van die kerk, bl. 357.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabelle:

Tabel 5.1: Benade se opsomming tussen modernisme en postmodernisme, bl. 175.

Tabel 7.1: Onderhoud-inligting, bl. 276.

Tabel 7.2: Breër konsepte in roeping, bl. 316.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Inhoudsopgawe

Verklaring i

Bedankings ii

Opsomming iii

Summary iv

Lys van illustrasies v

Inhoudsopgawe vii

Afdeling A: Om die roete te verduidelik 16

Hoofstuk 1: ’n Oorsig oor die reis wat voorlê 16

1.1 Inleiding 16

1.1.1. Roeping as ’n verhouding met God 18

1.1.2. Roeping as ’n saak van begeerte 20

1.1.3. Ons veranderende konteks se impak op roeping 22

1.2. Probleemstelling 28

1.2.1. Versnelde verandering 28

1.2.2. Veranderende konteks 28

1.2.3. Kerke worstel met transformasie 29

1.2.4. Begrip van roeping verarm 29

1.2.5. Uitdaging om te herfokus 30

1.3. Navorsingsvraag 30

1.4. Terminologiese opheldering 31

1.4.1. Gereformeerdheid 31

1.4.2. Roeping 31

1.4.3. Begeerte 32

1.4.4. Postapartheid-Suid-Afrika 33

1.4.4.1. Modernisme 34

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.4.4.2. Postmodernisme 34

1.4.4.3. Sekularisme 35

1.4.4.4. Postkolonialisme 36

1.5. Metodologie en Metode 37

1.6 Studie-ontwerp 40

1.6.1 Afdeling A: Om die roete te verduidelik 40

1.6.1.1 Hoofstuk 1: ’n Oorsig oor die reis wat voorlê 40

1.6.1.2 Hoofstuk 2: Prakties-teologiese vertrekpunte 41

1.6.1.3 Hoofstuk 3: ’n Empiriese verkenning van die onbekende 41

1.6.2 Afdeling B: ’n Literêre studie van roeping in die onbekende 41

1.6.2.1 Hoofstuk 4: ‘Gereformeerde roeping’ gedefinieer 41

1.6.2.2 Hoofstuk 5: Die impak van postapartheid-Suid-Afrika op roeping 41

1.6.2.3 Hoofstuk 6: ’n Bybelse reaksie op gereformeerde roeping in die Saldanhabaai-munisipaliteit 42

1.6.3 Afdeling C: Praktiese terugvoer oor die onbekende en die pad vorentoe 42

1.6.3.1 Hoofstuk 7: Roepingsbewustheid in Saldanhabaai-munisipaliteit – terugvoer oor gekodeerde data 42

1.6.4.1 Hoofstuk 8: Praktiese riglyne met die fokus op lidmaatbemagtiging 42

Hoofstuk 2: Prakties-teologiese vertrekpunte 43

2.1 Inleiding 43

2.2 Praktiese teologie met ’n bevrydende uitkoms 47

2.3 Praktiese teologie as kontekstuele teologie: ’n gereformeerde verstaan 52

2.3.1 Inleiding 52

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.3.2 ’n Gereformeerde kontekstuele benadering 55

2.3.2.1 Verband tussen kennis en konteks 55

2.3.2.2 Die Skrif en Konteks 58

2.3.2.3 Gereformeerde teologie en konteks 63

2.4 Praktiese teologie as ‘pastorale teologie’ 64

Hoofstuk 3: Om die onbekende empiries te ontdek 67

3.1. Inleiding tot empiriese navorsing 67

3.2. Die belangrikheid van konteks met betrekking tot empiriese navorsing .. 67

3.3. Geleefde konteks: empiriese navorsing as deel van die normale lewe ... 68

3.4. Wetenskaplike boustene in empiriese navorsing 71

3.4.1. Inleiding 71

3.4.2. Kwalitatiewe teenoor kwantitatiewe navorsing 74

3.4.2.1 Konsepte 75

3.4.2.2 Hipoteses 76

3.4.2.3 Waarnemings 77

3.4.2.4 Samevatting 79

3.4.2.5 Kwalitatiewe navorsing as gekose metode 80

3.4.3 Die pastorale siklus 81

3.4.3.1 Cardinal Cardijn: Sien–Oordeel–Reageer 83

3.4.3.2 Die Kolb-siklus 83

3.4.3.3 Die aksie-refleksie-siklus 85

3.4.3.4 Richard Osmer se model vir teologiese oordenking 86

3.4.4 Wetenskaplike boustene 88

3.4.4.1 Epistemologie 88

3.4.4.2 Teoretiese vertrekpunte 92

3.4.4.3 Metodologie 94

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.4.4.4 Metode 97

3.5 Samevatting 103

Afdeling B: 'n Literêre studie van roeping in die onbekende 105

Hoofstuk 4: Om 'gereformeerde roeping' te formuleer 106

4.1. Inleiding 106

4.2. Gereformeerde roeping: 'n Definisie 108

4.2.1. Roeping as werk 108

4.2.1.1. Inleiding 108

4.2.1.2. Die probleem van die moderne siening van werk 110

4.2.1.3. 'n Bondige historiese oorsig van die teologie van werk 111

4.2.1.4. Roeping, as meer as werk 117

4.2.2. Roeping: 'n gereformeerde definisie 122

4.2.2.1. Inleidende gedagtes: 'n Eg Suid-Afrikaanse roepingsdokument as vertrekpunt 125

4.2.2.2. Roeping as verhouding: Trinitariese God as die 'Een' wat roep 128

4.2.2.3. Roeping as begeerte: 'n gereformeerde uitdaging 142

4.3. Samevatting 166

Hoofstuk 5: Die impak van 'n postapartheidsera op gereformeerde roeping 167

5.1 Inleiding 167

5.2 Suid-Afrika as 'n postapartheid-land 169

5.3 'n Komplekse landskap van radikale veranderinge 172

5.3.1 Postmodernisme as kragveld op ons denke 179

5.3.1.1 Definisie 179

5.3.1.2 Kerk en postmodernisme 185

5.3.2 Sekularisasie as kragveld op ons ervaring van die transendente. 193

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.3.2.1 Die impak van sekularisasie op die kerk in Suid-Afrika 199

5.3.3 Postkolonialisme 201

5.3.3.1 Grond: Die tradisionele soeke na Afrika-godsdiens en kennis 206

5.3.3.2 Water: Afrikaner-nasionalisme 209

5.3.3.3 Vuur: Dekolonisering in die konteks van sosiale, politieke en ekonomiese uitdagings van ons land 215

5.3.3.4 Wind: ‘n Soeke na die leiding van die Gees 218

5.4 Samevatting 219

Hoofstuk 6: ‘n Bybelse reaksie op gereformeerde roeping in die Saldanhabaai-munisipaliteit 220

6.1. Inleiding 220

6.2. Uitdagings in die Saldanhabaai-munisipaliteit (SBM) 221

6.2.1 Inleidende gedagtes 221

6.3. Ou Testamentiese roepingsverhaal: Moses as voorbeeld (Eksodus 3:1-4:19) 230

6.3.1. Inleidende gedagtes 230

6.3.2. Die keuse van die perikoop 233

6.3.3. Roeping gebore vanuit ‘n ontmoeting met God 235

6.3.4. Moses se worsteling en die plek waarheen hy geroep word 239

6.4. ‘n Nuwe Testamentiese begrip van roeping 252

6.4.1. Petrus se verhouding met God 252

6.4.2. Petrus se worsteling met sy roeping 255

6.4.3. Die herstel van en konteks van Petrus se roeping 258

6.5. Gevolgtrekking: Roeping beoordeel vanuit Moses en Petrus se verhale 265

6.5.1. God as die aktiewe agent 266

6.5.2. Die misterie van God se openbaring 267

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.5.3. Die mens se worsteling met roeping 268

6.5.4. God se geduld met die mens 268

6.5.5. ‘n Saak van liefde 269

6.5.6. Uitdagings op die pad 270

6.6. Samevatting 271

Afdeling C: ‘n Poging om kategorieë met toepaslike gevalle 'te versadig' om die toepaslikheid daarvan te ondersteun 272

Hoofstuk 7: Roeping gedefinieer vanuit een-tot-een-onderhoude 273

7.1 Inleidende gedagtes 273

7.2. Kwalitatiewe data-ontleding 274

7.2.1. Fokusgroepe 276

7.2.2. Onderhoude 277

7.2.3. Induktiewe en deduktiewe benadering 278

7.2.4. Benadering in keuse vir deelnemers 279

7.2.5. Etiese klaring en vertroulikheid 284

7.3. Aanvanklike indrukke oor versamelde data 285

7.3.2 Verhouding met God 300

Tydens die onderhoude is die soeke na lidmate se begeertes ondersoek deur twee onderskeie vrae. Die eerste was meer gefokus op persoonlike begeertes, terwyl die tweede gefokus was op lidmate se begeerte vir ander mense. Persoonlike begeertes word hier bespreek en word opgedeel in drie afdelings. 306

7.3.3. Verhouding met ander 311

7.3.3.2. Betrokkenheid van lidmate 314

7.3.4. Verhouding met die wêreld 318

7.4. Samevatting: Kerngedagtes vanuit die verwerkte data 327

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Afdeling D: Die uitbreiding van kategorieë tot breër analitiese raamwerke wat buite die konteks toepaslik is 328

Hoofstuk 8: 'n Praktiese uitkyk op die reis vorentoe 328

8.1. Inleiding 328

8.1.1. Die onbekende bospad 329

8.1.2. 'n Bevrydende, kontekstuele, pastorale praktiese teologie 331

8.2. Die realiteit van ons uitdagende konteks 333

8.2.1. Postapartheid-Suid-Afrika as 'n komplekse verskynsel 333

8.2.2. Om met hoop vorentoe te beur 335

8.3. Die 'hoekom', 'wat' en 'hoe' model 336

8.4. Die hoekom van ons roeping: God se hart vir ons konteks 339

8.5. Die 'hoe' van ons roeping: Lesse geleer vanuit ons konteks 342

8.5.1. Verhouding met God 344

8.5.1.1 Begeerte om God te ken of na God te luister 345

8.5.1.2 Begeerte om God se wil te soek 345

8.5.1.3 Begeerte om God se leiding te ervaar 346

8.5.2. Verhouding met ander 347

8.5.2.2 Begeerte om die eenheid met gawes te dien 349

8.5.2.3 Begeerte om ander te leer ken 351

8.5.3. Verhouding met die wêreld 352

8.5.3.1 Roepingsbewustheid groter begeerte as sekulêre werk 352

8.5.3.2 Begeerte om te help groter as persoonlike uitdagings 353

8.5.3.3 Begeerte om meer uit te reik 354

8.6. Die 'wat' van ons roeping: 'n Prakties teologiese strategie vir lidmaatbemagtiging 356

8.6.1. Define – Om die fokus te omskryf 357

8.6.2 Discover – Ontdek die beste van wat reeds is 358

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

8.6.3. Dream – Droom oor wat kan wees 360

8.6.4. Design – Ontwerp dit wat sal wees 362

8.6.5. Destiny – Hoe om die verandering te volhou? 363

8.7. Gevolgtrekking 365

Bibliografie 366

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Afdeling A: Om die roete te verduidelik
Hoofstuk 1: ’n Oorsig oor die reis wat voorlê

1.1 Inleiding

The place God calls you to is the place where your deep gladness and the world’s deep hunger meet (Buechner, 1993:118). Hierdie aanhaling betrek twee sake wat my as navorser na aan die hart lê. In die eerste plek verwys dit na ‘roeping’ as ’n saak van begeerte,[1] as iets wat vanuit jou diepste menswees voortvloei. In die tweede plek verwys dit na die sensitiwiteit om jou roeping by die nood van die wêreld te laat aansluit.[2] Coenie Burger voeg ’n derde belangrike saak by: dat roeping altyd by God hoort en daarom altyd voor God se aangesig gebring moet word (Burger, 2013:Hoofstuk 12). Hierdie drie aspekte van roeping is die hart van hierdie studie:

- iets wat uit God se verhouding tot en met ons voortvloei;
- iets wat deur ons begeertes beïnvloed word; en
- iets wat deur ons konteks gefokus word.

As navorser stel ek veral belang in die samehang van hierdie drie aspekte van roeping in die leefwêreld van Afrikaner gereformeerde Christene,[3] en meer spesifiek in die lewe van gereformeerde Christene aan die Weskus van Suid-Afrika.[4] Hoe om as gereformeerde gelowiges ’n toepaslike roeping in ’n veranderende konteks te vind, kan ’n moeilike en uitdagende taak wees. Dink hier as inleidende gedagte aan Jesus se gesprek met Sy dissipels in Matteus 10.[5] Die vooruitskouing vir dié wat bereid is om die roeping uit te leef is nie noodwendig rooskleurig nie.[6] Dit is egter ’n belangrike aspek as ’n mens ernstig daaroor is om ’n dissipel van Christus te wees. Die vraag

---

[1] Vergelyk ook Placher (2005:3).

[2] Dirkie Smit (1988:187) verwys na die noodsaaklikheid van die Christen se betrokkenheid in die samelewing.

[3] Ek bevind myself teologies en kultureel in hierdie spesifieke groep. Ek beperk my fokus dus tot hierdie groep, omdat ek ervaar dat veral hulle roeping as Christene in Suid-Afrika onseker lyk.

[4] Meer spesifiek die Saldanhabaai-munisipaliteit (SBM), as deel van die Wesland Verenigende Ring (WVR), bestaande uit vyf NG Kerk-gemeentes, drie Afrikaanse Verenigende Kerk-gemeentes (VGK) en een Xhosa-sprekende VGK-gemeente, wat die praktiese studiefokus sal wees. Die munisipaliteit dien slegs as navorsingsveld, omdat onderhoude slegs ‘n klein gedeelte van die studie behels en al die kerke dus nie by die studie betrek word nie. Slegs gemeentelede van Saldanha, Vredenburg en Jacobsbaai is genader.

[5] Die 1983 Bybelvertaling word deurgaans as primêre bron gebruik.

[6] Vergelyk vers 16: “Onthou: Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in. Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe.”

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ontstaan dan: wanneer jy jou konteks in ag neem, wat is dit wat 'n mens behoort te doen? Jamie Smith (2013b:L129) vra hierdie vraag, soos volg:

> *The Messiah is dead. What do we do now? It is the question asked by the same disciples after the resurrection: He's alive! What do we do now? And it's the question asked by these Jesus followers after the ascension: The King has left us. What do we do now? While this is the first question of discipleship, it is also a perennial question of discipleship. If, as Kierkegaard suggests, every generation is contemporaneous with the Messiah – if every follower is a contemporary of the Teacher – then this question will be constantly asked anew. But in order to answer the question, we need to understand this 'now'; we need to grapple with the present. So, in a way, 'What time is it?' is one of the basic questions for Christian reflection. Christian thought is not an arcane game consumed with systematizing timeless truths; rather, it is a concrete and contemporary task of trying to faithfully discern 'the times'*.

Smith (2013b) se vrae is ewe toepaslik vir Christen-gelowiges in kontemporêre Suid-Afrika, dus die vrae:

- Hoe lyk die konteks van die land waarin ons geroep word om dissipels van Christus te wees?
- Wat kenmerk die tydsgewrig waarin gelowiges in die Suider-Afrikaanse konteks hulle roeping moet verstaan en uitleef?[7]
- Waarheen en met watter boodskap roep God ons in die huidige konteks van ons land?
- Hoe beleef gereformeerde Christene in die Weskus van Suid-Afrika God se roepstem en hoe kan lidmate, wat begeer om hulle roeping uit te leef, help om ander lidmate tot sensitiwiteit ten opsigte van roeping te lei?

Om hierdie vrae te kontekstualiseer, kyk ek kortliks na die genoemde drie aspekte van roeping.[8]

[7] Alhoewel die fokus 'roeping in Suid-Afrika' is, is dit nie haalbaar om die navorsingsvraag in die hele land te toets nie. Die hoop is dat die uitdagings in die Saldanhabaai-munisipaliteit as riglyn vir 'n soeke na gereformeerde roeping in Suid-Afrika kan dien.

[8] Die doel hiervan is slegs om die landskap te skilder. Elke aspek word in diepte vanaf Hoofstuk 4 bespreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.1.1. Roeping as ’n verhouding met God

Burger (2013:L149) oordeel dat daar met ’n enger of wyer siening van roeping gewerk kan word. Die enger siening verwys kortliks na roeping as ’n bonatuurlike gebeurtenis waar mense op ’n spesifieke plek en tyd God se stem op ’n direkte manier hoor. Burger (2013) is versigtig vir so ’n siening van roeping, aangesien hy meen dat dit die indruk kan skep dat die mens van tyd tot tyd in God se diens is en ander tye buite God se diens staan.[9] Burger kies dus die wyer siening van roeping, wat beklemtoon dat die mens se hele lewe in diens van God staan. Placher (2005:3) ondersteun ook hierdie Goddelike aspek van roeping,[10] dat dit vir die meeste Christene iets is wat voortvloei vanuit ’n lewe van aanbidding en oordenking voor die lewende God.[11]

Ek sluit hier aan by die gereformeerde begrip van roeping. Burger (2013:L195) onderstreep hierdie wyer siening as ’n gereformeerde siening van roeping:

> In my leeswerk en nadenke oor roeping het ek gaandeweg besef dat roeping nie te make het met net ’n deel of aspek van ons lewe nie, maar met ons hele lewe. Roeping gaan nie daaroor dat ons met sekere van ons gawes die Here moet dien of sekere take vir Hom mag verrig, asof ons verder[,] maar kan maak wat ons wil, nie. Roeping gaan wel oor sekere gawes en take, ja, maar uiteindelik betrek dit die volle spektrum van ons lewe – sodat ons met ons hele lewe antwoord op God se roepstem.

As ’n gereformeerde teoloog sal ek eerstens poog om deur middel van ’n literatuurstudie die gereformeerde aspekte van roeping te verstaan. Ek moet wys daarop dat ek in terme van ‘roeping’ nie net wil kyk na ’n gereformeerde begrip van roeping nie, maar ook na hoe modernisme aan roepingsverstaan weggekalwe het. Die

---

[9] Placher (2005) maak ruimte vir mense wat roeping, as iets reguit van God af ervaar – iets soos ’n stem uit die hemel – maar meen dat dit nie die norm is nie. Winseman, Clifton en Liesveld (2004:216), wat verwys na die roeping van Samuel, ondersteun dié gedagte. Samuel hoor God drie keer en sy mentor, Eli, moet hom begelei om God se roeping te ervaar. Dit was deel van ’n proses, van ’n ontdekking.

[10] Heyns (1978:303) gaan verder en grond Goddelike roeping in die werk van die Heilige Gees. Vir Heyns is daar genoeg gronde vanuit die Skrif om roeping uit twee hoeke te bekyk: uitwendige roeping en inwendige roeping. Uitwendige roeping verwys na die invloede van buite wat op die mens inspeel om ’n Goddelike roeping te vind, terwyl inwendige roeping verwys na die werking van die Gees wat veroorsaak dat die mens se “hart vermurwe onder die aanslae van die Gees, en daar word in hom ’n daadwerklike verplasing voltrek uit die duisternis na die lig, uit die leuen na die waarheid, uit die dood na die lewe” (Heyns, 1978:304).

[11] Hierdie herinner my aan Stevens (1999:71) en Burger (2013:L2890) wat na drie vlakke van roeping verwys: ‘Christelike roeping’, ‘menslike roeping’ en ‘persoonlike roeping’.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

modernistiese, kognitiewe begrip van onderrig sal veral onder die soeklig kom, soos Smith (2009:L234) verduidelik:

> *What if the primary work of education was the transforming of our imagination rather than the saturation of our intellect? And what if this had as much to do with our bodies as with our minds? What if education wasn't first and foremost about what we know, but about what we love?*

Smith (2009:L513) voer aan dat gereformeerde Christenskap vasgevang is in 'n modernistiese paradigma waarin roeping verstaan word as 'n kognitiewe proses waardeur God se werke deur dogmas en teorieë verstaanbaar gemaak word.[12] Heelwat lidmate en leiers probeer steeds hulle roeping vanuit modernistiese vertrekpunte vind. Volgens Smith is die werking van die lewende en misterieuse God baie groter as net intellektuele passies en teologiese vertrekpunte, maar spreek dit tot ons diepste vrese en begeertes (Smith, 2010:55). Die religieuse ervaring van die pre-moderne era en van die vroeë kerkvaders word, volgens Smith, ontneem van die mitiese deur die sentrum van die menslike geloof slegs in menslike denke te plaas (Smith, 2015). So 'n kop-na-onder-benadering tot geloof[13] lei dikwels na die begrip van roeping bloot as persoonlike redding waarin geloof dikwels nie oorgaan tot aksie nie. Dit word dan maklik 'n selfgesentreerde geloof wat in beheer wil wees en wat selde lei tot 'n lewe tot eer van God se Koninkryk (Smith, 2010:66).

Roepingsverstaan gebore uit so 'n modernistiese paradigma lyk of dit uitgedien is en die kerk uitdaag om te reformeer (Smith, 2015). Die kerk se skynbare onvermoë om te reformeer gee dikwels aanleiding tot die verval van geloof (Vorster, 1996) en lidmate se aangryp van wêreldse geluk en stelsels. Mense vind nou hulle roeping in sekulêre wêreldstelsels en leef vir naderende geluk (Smith, 2014:L41).

Op die tydstip beweeg ek na die volgende aspek van roeping, as iets wat deur begeertes bepaal word.

---

[12] Willem Nicol (in Theron & Kinghorn, 1989:50) meen dat ons onsself verarm deur slegs op die rasionele te fokus.

[13] Die sentrum van menswees: die diepe behoefte om te behoort en te begeer, word deur 'n modernistiese benadering dikwels slegs langs kognitiewe roetes ondersoek. Volgens Smith (2013b) het dit in die verlede daartoe gelei dat die institusionele kerk slegs van informatiewe benaderings tot geloofsvorming gebruik gemaak het, wat nie altyd daarin geslaag het om gelowiges te transformeer en tot aanbidding van die lewende God te begelei nie. Baie gelowiges worstel dus om hul roeping as Christene te vind; 'n roeping wat in 'n dieper begrip en vorming van dissipelskap geanker behoort te wees.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.1.2. Roeping as ’n saak van begeerte

Smith se werk oor roeping het persoonlik ’n baie groot impak op my gemaak. Dit was, asof dit wat ek gelees het met my geresoneer het en iets van my eie worsteling in die bediening verwoord het. Die gevaar natuurlik is dat hierdie aanvanklike indruk van Smith se werk, my eie objektiwiteit beïnvloed. Met verloop van die studie het ek ’n baie breër perspektief van roeping ontwikkel en as ek terugkyk besef ek dat Smith se werk net die aanvanklike stimulus was. Ek beskou die studie nie as ’n studie oor Smith se begrip van roeping en begeertes nie, maar beskou hom as ’n gespreksgenoot wat my denke gestimuleer het en ’n groot inspirasie was vir die tema van my studie. Inleidend verwys ek egter na aanvanklike gedagtes oor begeertes wat later in diepte bestudeer sal word.

Smith (2016:L201) redeneer dat ons as mense altyd aan die beweeg is; ons leef met ’n sekere *telos*, ’n doel waarna ons strewe en sonder so ’n doel is ons nie werklik mens nie – waarna jy streef is soort van ’n spieël vir dit wat jy begeer.

Vir Smith (2016:L98) is roeping, soos vir Buechner (1993) en Placher (2005), ’n saak van begeerte.[14] Die vraag na wat die mens begeer is vir Smith die eerste, laaste en fundamenteelste vraag van Christelike dissipelskap. Wat ons begeer is bepalend vir dit waarheen ons geroep word. Begeer ons die dinge van die wêreld, of begeer ons die Koninkryk van God?[15] Smith (2016) meen dat wat jy begeer bepalend sal wees vir waarheen jy geroep word. Clapper (2014:L165) beskryf hierdie idee van begeertes as bepalend vir roeping, soos volg:

> *The heart is the source of our strongest desires and the guide for our deepest choices, the home of our most intense yearnings and of our greatest hopes, fears, loves, and dreams. The heart carries our identity, that sense of who we are that is composed of both our history (how we have been formed in the furnace of life up to this point) and our vision of what we want to become (how we hope to be formed in the future). The heart is a metaphor for who we really are, that vision of self we see when,*

[14] Winseman et al. verwys na die prioritisering van jou passies, wat aansluit by Smith (2013b) en Buechner (1993) se verwysing na begeertes.

[15] Vergelyk hier Cavanaugh (2008:L102): *Furthermore, the whole affair – and the desire itself – is not simply transparent to us mortals whose bodies are battlegrounds of competing loves: ‘Who can untie this extremely twisted and tangled knot?’ The answer is God. Only through the sheer grace of God is Augustine able to continue on to say, ‘My desire is for you.’ That is, his real desire is for God. All of this indicates that there are true desires and false desires, and we need a telos to tell the difference between them.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *in our frankest moments of honesty and insight, we name what we are really after in life, what brings our greatest fulfilment.*

Wat ons as Afrikaner gereformeerde Christene begeer, sal direk ’n impak hê op ons roeping in ons spesifieke Suid-Afrikaanse konteks.[16]

Die uitdaging van hierdie Suid-Afrikaanse konteks, [17] gekenmerk deur geestestrominge – soos postmodernisme, sekularisasie en postkolonialisme – is dat dit goed vaar daarin om mense te oorreed dat ware geluk en betekenis in wêreldse stelsels gevind kan word (Smith, 2015). Mense word geleer dat wat hulle werklik benodig; wat hulle werklik begeer, in die wêreldse stelsels en standaarde te vinde is (Smith, 2009:L1196). Cavanaugh (2008:Hoofstuk 1) verwys ook na begeertes en onderskei tussen ware begeertes en valse begeertes, waar valse begeertes die leë beloftes van hierdie wêreld is en ware begeertes die beloftes van God is. Hoe om hierdie begeertes te onderskei is ’n baie uitdagende taak, maar tog iets wat waarmee ons erns behoort te maak as ons op soek is na roeping.

Wat van belang is vir die studie, is nie noodwendig die afsonderlike begeertes[18] van individue nie,[19] maar eerder hoe toegewyde Christene se begeertes op God fokus; hoe hulle oor hulle roeping in ’n uitdagende Suid-Afrikaanse konteks dink. Daarom sal ek poog om prakties, deur onderhoude, in gesprek met verskeie Christene te tree en deur teoreties-saamgestelde vrae, te ondersoek of hul begeertes en begrip van roeping met mekaar verband hou. Hoe hulle begeertes gevorm word, is ook van belang: Wat het ons lief en wat dryf ons?[20]

Dit lei my na die derde aspek van roeping, die impak van konteks op die vorming van begeertes.

---

[16] Burger (2013:L2430) verwys nie direk na begeertes nie, maar maak ‘n ophef van ware omgee en liefde. Om mens te wees, is om vir ander om te gee, veral omdat God vir ons leer wat ware omgee beteken. Hy is self ook bekommerd (2013:L3092) dat Christene hulself al hoe meer van die samelewing onttrek; nie werklik hulle verantwoordelikheid nakom nie.

[17] Ek beskryf ons spesifieke konteks by 1.3. Alhoewel Smith se ervarings op ‘n ander konteks gegrond is, sal ek poog om in latere hoofstukke die kompleksiteit van ons hedendaagse Suid-Afrikaanse konteks te verwoord.

[18] Volgens Reiss (2015:L295-L297) se navorsing begeer alle mense die volgende sestien goed: selfvertroue, begrip, voedsel, gesin, karakter, geregtigheid, vryheid, standvastigheid, spoedoefeninge, selfdoeltreffendheid, seks, redding, gevoel van behoort, respek, veiligheid en triomf.

[19] Verder word spesifieke begeertes soos liefde, respek en aanvaarding, nie bestudeer nie, maar eerder hoe Christene se begeertes belyn moet word om God se Koninkryk bo die wêreldse te begeer.

[20] Aanvanklik het ek gewonder of ons spesifieke begeertes, wat gelowiges in die Weskus met mekaar gemeen het, kan identifiseer. Met die studie het ek ervaar dat dit eerder ‘n uitkyk op die lewe is, wat getoets kan word. Wat leer ons by gelowiges wat aktief by God se werking in die Weskus betrokke is? Om spesifieke begeertes te toets, verskuif die studiefokus weg van roeping na begeertes, terwyl begeertes slegs een van roeping se kante is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.1.3. Ons veranderende konteks se impak op roeping

In Suid-Afrika sit ons met ’n eiesoortige konteks waarin ons die behoeftes van ‘behoort’ en ‘begeer’ moet ondersoek. Ons word as erfgename van die apartheidsera[21] gekonfronteer met ‘n spesifieke konteks en ’n roeping en uitdagings eie aan ons land, soos dié van byvoorbeeld die Waarheids-en-Versoeningskommissie se werk in die neëntigs.[22] Uitdagings op die reis sluit sake in soos vergifnis, pyn, lyding, aanvaarding, skuldbelydenis, geregtigheid, vrede en versoening.[23] Suid-Afrika se storie is ryk en kompleks. Dit veroorsaak ’n warboel van sekulêre liturgieë,[24] wat inspeel op die begeertes van veral Afrikaners.

Hoe ouer ek word, hoe meer besef ek dat die land waarin ek as middelklas, wit Afrikaner seun grootgeword het, nie meer dieselfde lyk nie. Baie dinge is sekerlik nes in die laat tagtigs en neëntigs;[25] Afrikaners is steeds lief vir aspekte wat eie is aan ons kultuur, soos sekere eetgewoontes, ‘n liefde vir sport en die buitelug. Baie Afrikaners stroom steeds na die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) op Oudtshoorn; die Innibos-fees op Nelspruit is groter as ooit en vakansies op Hartenbos neem my steeds terug na die dae van kindwees en baljaar. Tot onlangs was enkele universiteite nog plekke waar Afrikaners tuis gevoel het, sommige skole was oop vir Christelike godsdiens en die Afrikaner-tradisie is in ’n mate nog gerespekteer. Kinders het van die ou verhale van Jan van Riebeeck, die Anglo-Boereoorlog en die Slag van Bloedrivier in die geskiedenisklas geleer.

Hoe dieper ’n mens egter kyk hoe meer word ’n mens bewus van radikale veranderinge, wat so vinnig gebeur het dat baie van ons dit nie werklik besef nie. Sit maar net die televisie op SABC 1, 2, 3; ry in die aand in verlate strate met almal agter slot en grendel; luister na die radionuus; praat met geskiedenis-onderwysers oor die kurrikulum van kinders in openbare skole; stap op ’n Sondag by die kerk in … Dinge

---

[21] Vergelyk Smith (in Smith et al., 1981:5).

[22] Vergelyk Foot (2014:73): “Op byna alle terreine van die samelewing was daar dramatiese veranderinge waaraan gewoond geraak moes word. Benewens hierdie veranderinge was daar ook amper drie jaar se onthullings voor die [Waarheids-en-Versoeningskommissie] WVK. Vir maande lank was die koerante vol van die een onthulling na die ander van misdade wat gepleeg is in die naam van die beleid van apartheid (vergelyk, onder andere, Burger, 1999:1). Veral vir die wit inwoners van die land was dit ’n tyd van groot ontnugtering.”

[23] Vergelyk Meiring (1999:379-389).

[24] Smith (2016:Hoofstuk 2) verwys na hierdie term om sekulêre praktyke, wat die mens se onderbewuste en gewoontes vorm, mee te beskryf.

[25] Met ‘ons’ verwys ek na Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners. Ek is vir seker bewus van die diversiteit van ons land, maar ek deel my agtergrond om ook iets van die beperktheid van my ervaring te deel. Vergelyk gerus Naude (in Jonker, 2008:213).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het verander en ons kan dit nie langer ignoreer of beheer nie. Van der Merwe (2014) beskryf hierdie veranderinge, soos volg:

> Die een-en-twintigste eeu word geteken as ŉ hoogs komplekse fenomeen, ŉ tydperk waarin terrorisme, tegnologiese innovasie, ŉ onvolhoubare omgewing, ŉ onbeheersde verbruikersmentaliteit en onophoudelike verandering ons op elke gebied konfronteer.

Hierdie veranderinge is nie net op sosiale, politieke en ekonomiese vlak nie, maar ook op geestelike vlak. Dirkie Smit (2007) beskryf hierdie veranderinge, sedert 1994, as radikaal, dramaties en omvattend:[26]

> *The political transformation from apartheid to a democratic society based on a liberal constitution has been the most visible part of this transformation, but in reality the fall of the apartheid state has only been the tip of the iceberg, when the real and long-term effects of this transformation are considered. The country moved overnight into a process of what could be called radical modernisation and in many ways it still finds itself in the dynamics of this historical process. It is in fact too soon yet to look back – since everything is still in flux.*

Hierdie veranderinge het ook, in vergelyking met die res van die wêreld, byna oornag gebeur en sou volgens Durand (2002:9) geen sektor van die lewe in Suid-Afrika onaangeraak laat nie.

Vir hierdie studie is dit ook van toepassing om te noem dat die kerk, spesifiek die NG Kerk, baie veranderinge oor die laaste 20 jaar ondergaan het.[27] Lombard (in Jonker, 2008:179) beskryf dit so goed wanneer hy noem dat die kerk self ŉ terrein van stryd is met geen kitsoplossings nie. Vanweë die Nasionale Party se tydelike isolasie van Suid-Afrika tydens apartheid, wat die land verskans het van die breër impak van die Europese Verligting, was die veranderinge radikaal. Ná 1994 het die Verligting ons soos ŉ storm getref (Naude in Jonker, 2008:215-216).

Durand (2002:19) herinner ons daaraan dat veranderende omstandighede die kerk uitdaag om na homself te kyk en te vra tot watter mate dit nodig is om te verander, om

[26] Vergelyk ook Smit (2002:119).

[27] Tersaaklik hier is ook Fourie (in Hansen et al., 2011:228) se verwysing na die radikale transformasie wat steeds ‘n reuse-impak op die gereformeerde kerke het. Die rol van die politieke, ekonomiese en sosiale veranderinge kan nie ontken word nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sodoende die veranderende omstandighede tegemoet te gaan. Durand (2002:17) help ons ook om te verstaan dat dié veranderinge ʼn groot impak op die Afrikaanse kerke (naamlik die NG Kerk, Gereformeerde Kerk en Hervormde Kerk) gehad het. Die rede hiervoor is dat dié kerke in die vorige eeu ʼn groot invloed op die regering van die dag en die openbare terrein gehad het.[28] Die onlangse veranderinge in die land stel dus besondere uitdagings aan hierdie kerke.[29]

As NG Kerk-lid is dit ook my persoonlike ervaring dat baie ten opsigte van kerkwees verander het. Lidmaatgetalle het, volgens Schoeman (2014:8), drasties oor die laaste sowat 20 jaar gedaal, in al drie susterkerke.[30] Hy (2014:5) verwys, onder andere, na die Jaarboek van die NG Kerk, wat daarop wys dat die kerk ʼn verlies van net minder as 50 000 doop- en belydenislidmate tussen 2011-2013 gely het.[31] In 2012 berig *News24* dat die NG Kerk se getalle met 20 718 gedaal het as gevolg van "faktore soos emigrasie en veroudering, maar dis bowenal die gevolg van ʼn snelle sekularisering onder verstedelike Afrikaanssprekendes" (News24, 2012).

Om die redes vir hierdie veranderinge te beskryf, is egter nie ʼn eenvoudig saak nie.[32] Smit (2007:3) meen dat daar nie ʼn enkele teoretiese benadering is wat die veranderinge netjies kan verwoord of ontleed nie; nie teorieë oor moderniteit, sekularisasie, pluralisme, demokrasie, die implementering van die wet, ekonomiese ontwikkeling en vooruitgang, of die rol van geloof nie. Al hierdie teorieë kan dalk sinvol bydra om ons unieke situasie te verstaan, maar kan nie, soos op ander plekke, presies toegepas word nie (Smit, 2007:3).[33]

---

[28] Vergelyk Smit (2007:57).

[29] Vergelyk ook Du Toit (2005:21).

[30] Die gevolg van die dalende lidmaatgetalle is dat sommige gemeentes moet toemaak of met ander moet saamsmelt om te oorleef. In die Suid-Afrikaanse konteks word veral die hoofstroom Afrikaanse kerke akuut geraak. ʼn Denominasie wat ʼn paar duisend lidmate per jaar verloor, kan binne enkele jare ernstige probleme ondervind en selfs in ʼn dekade of twee verdwyn.

[31] Vergelyk Theron (2007): *The breakdown of apartheid as practical policy and the deconstruction of its justification as mere ideology caused the DRC to share the shame associated with this ill-fated experiment. Moreover, many of her faithful children have become disillusioned with their formerly 'dearly beloved church'. They blame her, sometimes vociferously, for the present dilemma of the Afrikaner. On an Afrikaans radio programme broadcast during the General Synod of 2004, people were invited to phone in and give their opinion of the DRC. The response of many can only be described as 'venomous'. Their disenchantment with their formerly spiritual mother often culminates in leaving her residence in search of a new spiritual dwelling*.

[32] Tog belangrik om te onthou, is dat hierdie veranderinge nie uniek aan Suid-Afrika is nie, maar dat kerke op verskeie ander plekke soortgelyke uitdagings ervaar, soos verduidelik deur Gushee (2016): *The number of Christians and cultural strength of Christianity are both declining in the United States. This decline is noticeable and is affecting church life, culture, and politics. It is also deeply disturbing to most Christians, including me*.

[33] De Klerk en Van Helden (2011:1) bevestig dié opmerking: "Kerkkrimping as verskynsel binne die tradisioneel Afrikaanssprekende gereformeerde kerke is aan die begin van die 21ste eeu toe te skryf aan ʼn menigte faktore. Hierdie faktore word vervleg en werk kompleks mee om die verskynsel te laat manifesteer binne die eens

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

My voorwetenskaplike leeswerk, nadenke en gesprekke met kollegas en vriende het my verder laat besef dat nadenke oor ʼn spesifieke Suid-Afrikaanse Christelike konteks nie ʼn eenvoudige en enkelvoudige saak is nie. Dit wat die kerk tref is soos ʼn perfekte storm (Joubert, 2007:8). Om hierdie storm te beskryf deur ʼn enkele paradigma of term is feitlik onmoontlik.

Daar is egter ʼn begrip wat moontlik kan help om die tydperk waarin die kerk tans is, teologies te beskryf;[34] dié voorgestelde konsep moet egter eerder beskou word as ʼn beskrywing van ʼn tydperk in ons geskiedenis en ʼn raamwerk waarin bepaalde ervarings beskryf kan word. As navorser is ek van oordeel dat postapartheid, as ʼn chronologiese merker,[35] ʼn gepaste konsep is wat verskeie aspekte van die huidige tydsgewrig insluit, te midde van die warboel van sekulêre liturgieë wat, sedert die val van apartheid, ʼn werklikheid geword het. Hierdie studie prioritiseer die soeke na hoe postapartheid op die begeertes, daarom die roeping, van veral Afrikaner gereformeerde Christene inwerk.

Postapartheid beskryf die tydperk, sedert die val van die apartheidsregering, in die laat tagtigerjare. Suid-Afrika se geskiedenis is een van onder meer kolonialisering en strukture wat op formele wyses mense wou skei op grond van ras, taal en kultuur.[36] Die aanbreek van ʼn demokratiese era kenmerk die tydperk, sedert 1994, met ʼn sterk fokus op menseregte en die aftakeling van enige vorm van diskriminasie op grond van ras, taal of kultuur (VN, 2001). Nelson Mandela verwoord hierdie droom vir ʼn demokratiese Suid-Afrika besonders, in dié aanhaling uit sy toespraak op 16 Desember 1995, Nasionale Versoeningsdag:

> *We, the people of South Africa, have made a decisive and irreversible break with the past. We have, in real life declared our shared allegiance to justice, non-racialism and democracy; our yearning for a peaceful and harmonious nation of equals. The rainbow has come to be the symbol of*

---

gerekende, protestantse hoofstroom kerke en hartland van die Christendom wat na die ontwikkelde wêreld georiënteer is."

[34] Die term 'postapartheid' word in diepte in Hoofstuk 3 bespreek. Volgens Hayem (2017:389) word die term sowat 468 keer in titels aangetref op die databasis van die Universiteit van Kaapstad se aanlynbiblioteek (in 2017). Die term word, sedert 1986, in verskeie kontekste gebruik en dit wil voorkom, asof ekonome, sosioloë, antropoloë, stadsbeplanners, nie-regeringsorganisasie-aktiviste en ander, die term aangeneem het om die Suid-Afrikaanse konteks te verwoord.

[35] Vergelyk Hayem (2017).

[36] Foot (2014:11,64) dui daarop dat apartheid nie eers in 1948 begin het nie, maar dat daar 'n lang geskiedenis van apartheidsbeleid in Suid-Afrika was. Rassisme is nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd beoefen. Die Nasionale Party het egter in 1948 apartheid formeel as beleid aanvaar.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *our nation. We are turning the variety of our languages and cultures, once used to divide us, into a source of strength and richness* (Mandela, 1995).

In hierdie betekenisvolle woorde en droom vir die toekoms lê ’n uitdaging vir wit Afrikaners met betrekking tot hulle identiteit, roeping en geskiedenis in Suid-Afrika. Die wegbreek van die verlede af, is nie net ’n wegbreek van apartheid en die Nasionale Party nie, dit is ook ’n wegbreek van wit nasionalisme. Hierin lê die begin van ’n groot uitdaging vir die identiteit en roeping van nie net wit Afrikaners nie, maar veral vir die meerderheid van wit Afrikaanse gereformeerde kerke.[37]

Sonder om veel dieper na hierdie tydperk te kyk, is dit toepaslik om kennis te neem dat een van die studiedoelstellings veral die impak van die volgende geestestrominge op gelowiges se roeping ondersoek: postmodernisme, sekularisme en postkolonialisme.[38]

Om dus inleidend saam te vat, hierdie studie fokus op die ondersoek van drie aspekte van roeping as:

- iets wat voortvloei vanuit ons verhouding met God;
- iets wat deur ons begeertes beïnvloed word; en
- iets wat deur ons konteks gevorm word.

Vanuit ’n bedieningsperspektief is dit my ervaring dat verskeie lidmate worstel om as geroepenes in die kerk van God te lewe. Ek is veral geïnteresseerd in die redes agter hierdie worsteling. Die rol van toerusting en begeleiding ten opsigte van lidmate se roepingsbewustheid, spesifiek in die NG Kerk, is daarom ook ’n belangrike studiefokus. Veral Smith (2009:L237) prikkel hierdie soeke na onderrig, aangesien dit ook een van die groot vrae in *Desiring the Kingdom* (Smith, 2009) is, soos hy verwoord: *It is an invitation to re-vision Christian education as a formative rather than just an informative project*. Smith wonder oor die impak van die suiwer kognitiewe benadering ten opsigte van geloofsvorming; is juis krities teenoor die akademiese benadering van die moderne wetenskap.[39] Vir hom behoort die taak van veral

[37] Foot (2014:105) het ‘n hele afdeling oor die uitdagings van die Kerk, sedert 1994, geskryf. Veral kommerwekkend vir die NG Kerk is die groot getal emigrante, wat tot ‘n groot verliese aan lidmate lei.

[38] Nasionalisme, *whiteness*, globalisasie, verbruikerskultuur en individualisme is ook verskynsels wat kortliks onder die ander drie strominge bespreek sal word.

[39] Naude (2017b:9-10) wys daarop dat suiwer kennis nie na die mens as net ’n kognitiewe wese verwys nie, maar dat kennis op verskillende vlakke funksioneer. In Hoofstuk 4 sal die saak onder antropologie uitgepak word. Ek is versigtig vir Smith se intensiewe fokus op vormende praktyk en wil nie aanvoer dat kennis teenoor ervaring gestel

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Christelike formasie nie net te gaan oor watter dogmas en teorieë om te laat vaar of te aanvaar nie, maar juis oor hoe die onderrig Christene vorm en hulle passies en begeertes op die Koninkryk van God rig (Smith, 2009:L247).

Die bogenoemde inleidende gedagtes lei my na ’n sentrale metafoor, wat die studie se vloei en die uitleg daarvan verhelder. Die metafoor is soos ’n goue draad wat reg deur die studie loop en poog om die leser te help om die drie aspekte van roeping teologies te verstaan. Die metafoor is ’n onbekende pad deur ’n oerwoud, een wat oopgekap moet word en nie noodwendig maklik is om te stap nie. Die onbekende oerwoud is simbolies vir die radikaal-veranderende Suid-Afrikaanse konteks. Die metafoor kan verduidelik word, soos volg:

Die metafoor begin by die aard van roeping, maar spesifiek gereformeerde roeping wat God as drie-enig beklemtoon, daarom is God as’t ware die Een wat letterlik aan die anderkant staan en roep. Sy stem weergalm deur die oerwoud en is simbolies vir die werking van Sy Gees, wat gedurig bly roep na gelowiges.

Gereformeerde roeping word gedefinieer vanuit die begrip van wie ‘die’ in die stem van die Trinitariese God is. Roeping begin by wie God is; daarom sal roeping ook altyd ’n misterie bly. Hierdie aspek van die beeld leen ek by Dingemans (2005:14), wat God beskryf as ’n magtige stem wat voor ons uitgaan en ons roep

> *door de dynamische en evocerende trekkracht van zijn beloften en geboden* (deur die dinamiese en aansporende trekkrag van sy beloftes en gebooie).

In die beeld is daar dan ook diegene wat geroep word en die keuse het om op die stem te reageer. As gereformeerde Christene het ons die keuse om te reageer of nie. Hoe ons as mens ingestel is op God se roepstem, is ook belangrik; daarom word ons diepste menswees ook ondersoek. Dingemans (2005:12) voer aan dat daar in hierdie leefwêreld verskeie kragte is wat op die mens inwerk;[40] kragte wat dit soms moeilik maak om God se stem te onderskei. Al die kragte vorm die mens en bepaal ons karakter. Hoe lyk ons as die reisigers deur die onbekende? Wat is nodig, sodat ons op die stem van die Een wat roep reageer?

---

moet word nie. Smith voer aan egter dat ons in die gereformeerde tradisie, veral wat onderrig betref, te veel op suiwer kennis fokus en dat ‘n skuif moontlik oorweeg moet word.

[40] Kragte soos die natuur, geskiedenis, kultuur, goed en kwaad. Dingemans (2005:13) beskryf dit alles as ‘n *pêle-mêle* (mengelmoes) van kragte wat op die mens inwerk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die geroepenes word geroep om in ’n sekere konteks te beweeg; soos Moses in Eksodus deur God geroep word om in Egipte die volk te verteenwoordig, so word ons dikwels ook geroep om God hier in Suid-Afrika te verteenwoordig. Ons konteks is, soos gesien, kompleks en soms uitdagend.

Ons word nie sommer net geroep nie, maar word met ’n sekere boodskap gestuur. Die aard van die boodskap is belangrik en help ons verstaan wat ons moet doen. Die aard van die boodskap is nie in klip geset nie, maar vatbaar vir vertolking, daarom het ons mekaar as medereisigers op hierdie onsekere pad nodig. God se plan met ons bly ’n misterie en ons toekoms is in Sy hande (Dingemans, 2005:14-15).

In enige roepingsverhaal is daar mense wat kies om te reageer en sommiges wat kies om te stil te staan. Wat maak dat sommige mense aktief reageer en positief ’n wesenlike verskil maak? Hoe kan ons by hulle leer om sodoende ander mense te begelei om ook so te reageer? Hoe kan ons as kerk mense met vormende aksies help, sodat hulle ook aktief op God se roepstem sal reageer?

1.2. Probleemstelling

Die probleem, wat hierdie studie ondersoek, kan aan die hand van die volgende kerngedagtes verduidelik word:

1.2.1. Versnelde verandering

Suid-Afrika is, sedert 1994, ’n land met versnelde verandering, soos deur ‘radikale modernisering’ verwoord. Hierdie veranderinge geskied op alle vlakke van die samelewing en sluit die geestelike lewe van mense in. Die veranderende Suid-Afrikaanse konteks het eiesoortige kenmerke en skep bepaalde uitdagings vir die roeping van onder meer die gereformeerde kerke se lidmate.

1.2.2. Veranderende konteks

Om hierdie veranderende konteks te beskryf is ’n uitdagende taak. Die meeste van die bekende geestestrominge (onder meer postmodernisme, sekularisme en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

postkolonialisme)[41] beskryf iets van ons konteks en het elkeen ’n bepaalde impak op ons samelewing en begeertes, maar verwoord dit nie afsonderlik ten volle nie. Postapartheid help, myns insiens, as kronologiese merker om die tydperk, sedert 1994, te beskryf en skep ’n inklusiewe ruimte om na te dink oor die veranderinge wat veral Afrikaanssprekende gereformeerde kerke getref het. Hierdie konteks se impak op die geleefde realiteit en begeertes van Suid-Afrikaners, bied ’n reuse-uitdaging vir die kerk.

1.2.3. Kerke worstel met transformasie

In die postapartheidsera het die tradisionele mag van die Afrikaanssprekende gereformeerde kerke in Suid-Afrika grootliks afgeneem en die kerk worstel om ’n plek in ’n nuwe, transformerende land te vind. ’n Vashou aan Afrikaner-nasionalisme, vir lank deel van Afrikaner-identiteit en die stewige Calvinistiese en Europese wortels van die Suid-Afrikaanse gereformeerde kerke, maak dit baie moeilik om in die nuwe omstandighede aan te pas en dompel lidmate dikwels in ’n krisis met betrekking tot hulle roeping. Lidmate worstel om in hierdie konteks ’n roepingsbewussyn gefokus op die aktiewe werking van die Lewende God te ontwikkel. Die realiteit van ’n gebroke wêreld buite persoonlike gemaksones is ’n kontekstuele uitdaging wat oorbrug sal moet word.

1.2.4. Begrip van roeping verarm

’n Gebrek aan ervaring van God se selfopenbaring as ’n sosiale, relasionele Trinitariese God, verarm die gereformeerde begrip van roeping. God word dikwels as ver en onpersoonlik beleef – as ’n God oor wie daar gedink en gepraat word, maar nie ’n God wat beleef word nie. Roeping word dan gesien, as iets wat sekere mense geroep word om te doen (soos byvoorbeeld om predikant, ouderling, diaken, kategeet of sendeling te wees), terwyl die res slegs geroep word om op ’n individualistiese vlak

[41] “Die Westerse kerke staan meer as ooit tevore in die middel van die krisis. Daar is egter ook ander faktore wat tot dié krisis bydra. Die vernaamste hiervan is: die veelvuldige keuses wat die modernisme aanbied; ’n hewige afname in kerklike en godsdienstige aktiwiteite; groter klem op die individu se persoonlike belange en voorkeure; die geloofwaardigheid van die kerk in ’n pluralistiese samelewing en ’n mentaliteitsverandering, veral onder die mense vanuit die Eerste Wêreld. Samelewingsveranderinge, die invloed van breër kultuurprosesse, die groeiende ervaring van pluraliteit, die blootstelling aan ander waardestelsels, ander kulturele erfenisse en ander godsdienste, dwing ons om opnuut oor ons eie waardes en wêreldbeskouing na te dink. Die modernisme, post-modernisme en globalisering word ook as bydraend tot die oorsake van die moraliteitskrisis beskou” (Philander, 2011:183).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geloof uit te leef. Hierdie ingeperkte begrip van die Triniteit gee ook aanleiding tot ’n ongebalanseerde roepingsverstaan, aangesien sekere Persone in die Triniteit hoër geag word as Andere. Die Gees se werking, die sogenaamde pneumatologie, ontbreek veral. ’n Ingeperkte roepingsverstaan veroorsaak dikwels dat lidmate worstel om saam met God te werk, in ’n wêreld vol sekulêre uitdagings.

1.2.5. Uitdaging om te herfokus

Om lidmate se begeertes te herfokus om God en God se Koninkryk in ’n veranderende konteks te begeer, is eweneens ’n groot uitdaging. Die gereformeerde kerk se sterk tradisionele fokus op die kognitiewe belewing van die geloofslewe, maak dit uitdagend om lidmate te bemagtig om in ’n postapartheidsera hulle roeping op nuwe maniere te verstaan en te verwoord. Een van die studiedoelstellings is om deur die insette van verskeie lidmate, alternatiewe benaderings tot roepingsbewustheid en geestelike transformasie te ondersoek, spesifiek in die Saldanhabaai-munisipaliteit.

1.3. Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag sou verwoord kon word, soos volg:

> Hoe lyk ’n gereformeerde roepingsbewustheid in ’n postapartheid-Suid-Afrika en hoe kan lidmate van die tradisionele, Afrikaanssprekende gereformeerde kerke bemagtig word om hulle begeertes te herfokus op God se Koninkryk?

Sekondêre vrae wat hieruit voortvloei is die volgende:

- Wat is die kenmerkende eienskappe van Afrikaanssprekende, gereformeerde lidmate, aktief betrokke by die uitdagings van ’n postapartheidsera in Suid-Afrika? Wat kenmerk hulle roepingsbewustheid en hoe beïnvloed die konteks waarin hulle leef hulle roeping?
- Hoe kan hierdie kenmerkende eienskappe die kerk in die Saldanhabaai-distrik help om lidmate te begelei om aktiewe agente van verandering te word?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- In watter opsig kan ’n fokus op sosiale onderrig,[42] onder meer begeertes, gewoontes en liturgieë, van waarde wees om lidmate te begelei na ’n toepaslike, gereformeerde roepingsbewustheid?

1.4. Terminologiese opheldering

1.4.1. Gereformeerdheid

As navorser bevind ek myself teologies in ’n konteks met historiese wortels wat teruggaan na Martin Luther, wat op 31 Oktober 1517 sy 95 leerstellinge teen ’n kerkdeur in Wittenberg vasgespyker het. Deur die eeue het verskeie invloedryke teoloë bygedra tot die ontwikkeling van ’n tradisie, wêreldwyd bekend as ’n teologie, wat wil reformeer en terugkeer na die oorspronklike bedoeling van die Woord van God (D’Assonville, 1980:Hoofstukke 11-12). Sonder om te deeglik hierop in te gaan, kan die fundamentele konsepte van die gereformeerde teologie opgesom word[43] deur te verwys na die Vyf Solas (Strawbridge, 1993):

- Sola Scriptura (die Skrif alleen);
- Sola Fide (deur geloof alleen);
- Sola Gratia (deur genade alleen);
- Solis Christus (Christus alleen); (en)
- Soli Deo Gloria (tot die eer van God alleen).

Dit noodsaaklik om te definieer wat ek deurgaans in die studie bedoel met ‘gereformeerde lidmate’. Ek verwys nie na die breër gereformeerde familie nie, maar slegs na die NG Kerk en Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK). Die onderhoude wat gevoer word sal slegs fokus op lidmate in hierdie kerke in die Saldanhabaai-gemeenskap.

1.4.2. Roeping

Dik en Duffy (2007:427) se definisie vir roeping dien as ’n goeie vertrekpunt vir hierdie studie:

[42] Hier speel die werk van die Amerikaanse filosoof, J.K.A Smith, ‘n bepalende rol.
[43] Vergelyk ook Smit (1988:182-192) en Fourie (in Hansen, Koopman & Vosloo, 2011:233-236).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *A calling is a transcendent summons, experienced as originating beyond the self, to approach a particular life role in a manner oriented toward demonstrating or deriving a sense of purpose or meaningfulness and that holds other-oriented values and goals as primary sources of motivation*.

Die motivering agter roeping is juis ’n kerngedagte van hierdie studie, veral as Smith (2016:L98) se gedagte van begeerte in ag geneem word: Dit wat ek begeer sal my uitkyk op roeping direk beïnvloed.

As Christene begin hierdie roeping by God en is dit inderdaad iets wat deur God op ons neergelê word. Hy roep ons tot verantwoordelikheid om op Sy roepstem te reageer (Badcock, 1998:71). Ek dink byvoorbeeld aan die roepingsverhaal van Luther, wat gesê het dat hy twee keer geroep is; die eerste keer uit die wêreld uit na die klooster toe en die tweede keer uit die klooster na die wêreld toe. Ook Johannes Calvyn het geglo dat nie net priester en geestelike leiers geroep word nie, maar dat God alle mense tot diens in Sy Koninkryk oproep (Burger, 2013:Hoofstuk 1). Ons word nie alleenlik geroep vir ons eie redding nie, maar tot eer van God se Koninkryk (Badcock, 1998:52). Smith (2016) se sterk fokus op begeertes[44] as vormend vir roeping is ’n belangrike vertrekpunt in my eie nadenke oor die belang van mense se roeping. Die studie fokus deurgaans primêr op roeping en word dit ondersoek vanuit ’n gereformeerde hoek, wat die Triniteit se rol in roeping kragtig na vore bring. Die impak van begeertes en konteks op roeping word ook in diepte ondersoek.

1.4.3. Begeerte

Inleidend is reeds baie gesê oor Smith se impak op die studietema, veral ten opsigte van begeertes. John Piper (2013:7) se beskrywing van begeerte help inleidend om die definisie diepte te gee:

> *[Desires] still matter. Behind this book is the conviction that God is most glorified in us when we are most satisfied in him. In other words, huge things hang in the balance when the satisfaction of our desires is in question. Jesus warned that the ‘deceitfulness of riches and the desires for other things’ destroy the fruit of God’s Word (Mark 4:19). But if we say*

[44] Ook die ander invloede waarna reeds in die inleiding (1.2) verwys is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *with the psalmist: 'Whom have I in heaven but you [O Lord]? And there is nothing on earth that I desire besides you' (Psalm 73:25), then fruit abounds, and God is glorified as our supreme Treasure.*

Piper (2013:7) streef daarna om mense te help om verby die oppervlakkige, kunsmatige veranderinge van geloof te beweeg. Vir hom is bekering die vernuwing van begeertes; nie net nuwe optrede nie, maar 'n totale bekering van die gees om te hunker na God. Belangrik in die benadering tot die konsep van begeerte, is dat ek nie 'n dualistiese siening van kennis teenoor begeerte kies nie. Calvyn (McNeill, 1960:193) verwys reeds in 1559 na die noue verband tussen begeertes van die hart en kennis: *Hence the more anyone endeavours to approach to God, the more he proves himself endowed with reason*. Ek sal egter in Hoofstuk 4 ondersoek hoe modernisme die kern van die Christelike lewe na 'denke' verskuif het en dat 'n hernude soeke na vormende onderrig tot die nodige balansering van hierdie twee sake kan bydra.

1.4.4. Postapartheid-Suid-Afrika

Postapartheid verwys na die tydperk, sedert die einde van Afrikaner-nasionalisme en die beëindiging van die apartheidsregering, in die laat tagtigerjare van die vorige eeu. Vanuit 'n religieuse perspektief verwys dit, onder andere, na die verval van die noue band tussen die staat en die NG Kerk, sowel as die mag van die NG Kerk. As 'n tydperk van radikale verandering is dit tersaaklik vir hierdie studie en help dit om 'n raamwerk van verandering te verwoord. Die doel van die term, 'postapartheid', is om dit as 'n inklusiewe konsep te hanteer, wat verskeie geestestrominge se impak op lidmate se begeertes, daarom op hulle roeping, beskryf. Belangrik vir die gebruik van hierdie term is dat dit as 'n chronologiese merker dien om 'n tydperk van oorgang en verandering te beskryf. In hierdie verband is Hayem (2017:387) se gebruik van die term behulpsaam. Verskeie bronne gebruik postapartheid om die oorgangsfase te beskryf, soos in die boek, *Beyond the Apartheid Workplace – Studies in Transition* (Ruggunan, 2006), waarin, onder andere, verwys word na postapartheid-fases van oorgang in die werksplek.[45]

[45] Vergelyk Ruggunan (2006:128).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In ’n onlangse artikel, wat op Jeugdag 2020 geskryf is, verwys die huidige president van Suid-Afrika, Cyril Ramaphosa (Ramaphosa, 2020) na postapartheid, soos volg:

> *Young people across the world have found common cause. They are tearing down statues and symbols of racism, demanding the decolonisation of educational curricula, and calling for institutions to address racism and social exclusion.*
>
> *And so, as we pay tribute to the generation of 1976 on this Youth Day, we also salute the youth of post-apartheid South Africa, the worthy inheritors of this noble legacy.*

Vanuit hierdie konteks is dit vir my opvallend dat postapartheid beskryf word as ’n era van radikale verandering. Hierdie era word gekenmerk deur verskillende strome, waarvan die bekendstes die volgende is:

1.4.4.1. Modernisme[46]

Die modernistiese paradigma kan tussen 1650-1950 geplaas word.[47] Met die opkoms van die rede as gesaghebbend en deurslaggewend, wat dié tyd gekenmerk het (Hoffman, 2005). Hierdie era het die invloed van die kerk van die vorige paradigma onder groot druk geplaas. Die gevolg was dat baie gelowiges minder vatbaar vir ’n religieuse ervaring (belewenis) en meer en meer toeganklik vir ’n rasionele benadering tot godsdiens was. Die modernistiese geloofservaring fokus meestal op die kognitiewe verklaring van geloof (Vorster, 1996:9).

Die kerk se modernistiese antwoorde, bedieningspatrone, institusionalisering, formalisme en tradisionalisme kom egter al hoe meer onder druk en dit is dringend nodig om alternatiewe benaderings tot die beoefening van ons geloof te ondersoek (Vorster, 1996:10).

1.4.4.2. Postmodernisme

Die ‘postmoderne era’ het histories waarskynlik ná 1950 begin (Hoffman, 2005); ’n baie moeilik definieerbare term en reeds, sedert 1970, onder verskeie filosowe en teoloë

[46] Premodernisme is ‘n paradigma wat ook dikwels na vore kom, maar vorm nie deel van die postapartheidsera nie. Hierdie paradigma verwys kortliks na die era voor modernisme en alhoewel dit moeilik is om tyd daaraan te koppel, was dit waarskynlik vóór 1650 gewees; gekenmerk deur waarheid as ’n gevolg van direkte openbaring (Hoffman, 2005). Invloedryke teoloë in hierdie era was, onder andere, Augustinus wat deur sy Pauliniese teologie gewys het op die interpretatiewe tradisie van die kerk as ’n gawe van God. Kennis as openbaring is gesien as ’n gawe van Bo (Smith, 2010:40).

[47] Vergelyk Fourie (in Hansen, Koopman & Vosloo, 2011:233-236).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bespreek (Lewis, 2007:138). Dié fase kan die beste beskryf word as ’n reaksie op die modernistiese era. Die fokus verskuif in dié era weg van die religieuse en ander voorveronderstellings na die wetenskaplike rede (Meiring, 2008:32-33). [48] Postmodernisme word verder gedefinieer as ’n skeptisisme of verwerping van metanarratiewe en ideologieë wat met modernisme geassosieer word.

Yilmaz (2010:785) verhelder kritiek teen modernisme, soos volg :

> *The postmodernist perspective criticizes this notion of truth by counter-arguing that the truth of a given proposition cannot consist in correspondence between word and world; the world and thought or conceptualization are not separate spheres (i.e., the world or the real is located within a given culture’s conceptual system, as such it is not separable from the latter); thus, what is real or what is true is relative to a particular culture’s conceptualization of the world.*

Hierdie paradigma vra, veral van die kerk, om anders oor vernuwende bedieningsmoontlikhede te dink (Vorster, 1996). Smith (2006:L228) voer aan dat dit vir ons wonderlike geleenthede bied om iets van ons verlede te herwin, veral ten opsigte van ons vormende praktyke en geloofsvorming.

1.4.4.3. Sekularisme[49]

Smith (2014) sluit by Charles Taylor (2007) aan wanneer hy ’n sekulêre paradigma beskryf as ’n era waarin geloof grootliks gaan oor die fokus op die gelowige mens; die eksklusiewe humanisme waarin geloof nie oor God gaan nie, maar oor die mens. In hierdie paradigma is die fokus suiwer op die sukses van die mens. Daar is dus geen betekenis, buiten die dreigende werklikheid van hierdie wêreld nie (Smith, 2014:22). Die dreigende werklikheid, dit wat ons sien en beleef, word in die sekulêre wêreld verkoop as die alfa en omega – as dit wat werklik begeer moet word. Die tradisionele begeerte om na God te hunker is vervang deur die mens se eie vermoë om oor die skepping te heers (Smith, 2009:122).

---

[48] Vergelyk ook Vorster (1996:9) en Du Toit (2005:27).

[49] Vergelyk Smith (2014: 25): *How did we move from a condition where, in Christendom, people lived naïvely within a theistic construal, to one in which we all shunt between two stances, in which everyone’s construal shows up as such; and in which moreover, unbelief has become for many the major default option?*; en Smith (2014:14): *Why was it virtually impossible not to believe in God in, say, 1500 in our Western society, while in 2000 many of us find this not only easy, but even inescapable*?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sekularisasie het, volgens Kruger en Van der Merwe (2015:643), "by wyse van sosiaal-strukturele prosesse asook as sosiologiese verskynsel 'n onafskeidbare deel van die hedendaagse lewensfilosofie geword". Hulle omskryf verder:

> Sekularisasie laat religie as verskynsel nie verdwyn nie, maar omvorm dit. Dit dwing godsdiens na die private sfeer waar dit minder afhanklik van kollektiewe geloofspraktyke is. Die sin van godsdiens hang al meer af van die individu se soeke na vervulling en persoonlike sekuriteit. Dit lei tot die verbreiding van 'n veelvoud van geloofsoortuigings en -praktyke wat ook by lidmate van die NG Kerk merkbaar word. Die kragte van privatisering en individualisering van die godsdiens omvorm die bekende religieuse konstrukte en praktyke van die NG Kerk (Kruger & Van der Merwe, 2015:664).

Sekularisasie dra tot die kompleksiteit van die geleefde konteks van NG Kerk-lidmate by en plaas groot druk op die kerk as geloofsinstansie; daarom waardig om verder ondersoek te word.

1.4.4.4. Postkolonialisme

Postkolonialisme is in gesprek met tekstuele, historiese en kulturele artikulasies van gemeenskappe wat deur die historiese realiteite van kolonialisering versteurd of getransformeer is. Hierdie geestestroming is veral geïnteresseerd in die invloed van die verlede op die hede, spesifiek met die oog op die impak van historiese onderdrukking (Sugirtharajah, 2006:7).

Viljoen (1996:1) redeneer dat daar nie oor postkolonialisme gepraat kan word sonder om die simbiose met die koloniale diskoers te verreken nie. Die koloniale tydperk word veral geken aan die manier waarop die "Weste kennis oor nie-Westerse gebiede (meer spesifiek die Nabye Ooste) geproduseer het en die wyse waarop dit die uitoefening van mag in hierdie gebiede beïnvloed het" (Viljoen, 1996). Die post- as voorvoegsel suggereer dan volgens Viljoen (1996:2) "'n temporele breuk, opvolging en selfs vervanging wat impliseer dat postkolonialisme gelees kan word as 'n verwysing na dit wat volg ná kolonialisme".[50]

[50] In Hoofstuk 5 word verder oor die kritiese begrip van hierdie teorie uitgebrei.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Veral in die werk van Emmanuel Lartey (2013:ix) word postkolonialisme vanuit ’n prakties-teologiese perspektief benader. Lartey (2013:xvi) redeneer dat God teenwoordig is in die postkoloniale aktiwiteite van Afrika. God en mens is sinergisties by die postkoloniale aktiwiteite betrokke en is saam besig om die teologiese onderdrukking, op persoonlike en sosiale vlak, van die verlede te verwyder.

1.5. Metodologie en Metode[51]

Hierdie studie is prakties teologiese van aard. Ek stel in hierdie verband veral belang in ’n benadering wat erns maak met drie kerngedagtes wat deurgaans in die studie in gesprek met mekaar sal bly: dat praktiese teologie bevrydend, kontekstueel en pastoraal is.

Ek beskou myself nie as ’n bevrydingsteoloog in die opsig dat my strewe revolusionêr of polities van aard is nie (Jonker, 2008:125), maar streef daarna om NG Kerk-lidmate van die diepe nood in ons plaaslike gemeenskap bewus te maak. Deel van die inspirasie agter hierdie studie is my persoonlike ervaring dat verskeie lidmate steeds worstel om die skeiding tussen ras en klas in ons land, veral in die Weskus, te herken en erken. Om hierdie doel is deel van my strewe om kinders van God sensitief vir die nood van ons gemeenskap te maak; veral ten opsigte van hulle roeping om kontekstueel by hierdie nood betrokke te raak. Dit is, asof gelowiges kies om verby hulle roeping in die verband te kyk. Hiervan, voer ek aan, moet ons bevry word. Die doel van hierdie studie is nie om hierdie ervaring te ondersoek of te probeer bewys nie, maar om sensitief vir my persoonlike vermoedes te bly. Ek brei hieroor uit in Hoofstuk 2.

Twee sake is van belang om hierdie bevrydende taak te volbring: die tweede en derde kant van my prakties-teologiese benadering. Om induktief te werk en die geleefde konteks van die gemarginaliseerdes te erken, is van deurslaggewende belang vir praktiese teologie wat waarlik erns maak met die konteks van die samelewing (Dames, 2014:21-22). My persoonlike oortuiging is, soos later in Hoofstuk 2 verduidelik, dat die gevaar van die afwatering van die gesag van die Skrif verreken moet word deur ’n kontekstuele benadering. Die rol van die Transendente God kan nie, soos grootliks

[51] Ek verwys in hierdie gedeelte slegs kortliks na belangrike konsepte oor metodologie en metode. Hoofstuk 3 word aangewend om hierdie deurslaggewende deel van die studie te verwoord.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tydens die modernistiese era, sekondêr geplaas word in ’n poging om induktiewe kennis te genereer nie.

Die studie-konteks fokus teoreties op postapartheid-Suid-Afrika, maar empiries, fokus my navorsing spesifiek op my plaaslike konteks: die Saldanhabaai-munisipaliteit. Ek bespreek in Hoofstuk 4 die breër impak van ons postapartheid-konteks, waarna ek in Hoofstuk 5 fokus op die unieke uitdagings van die plaaslike konteks.

Die laaste kant van die prakties-teologiese benadering is dat ek deurgaans sensitief wil bly teenoor die moontlike ervarings van my eie lidmate ten opsigte van die tema. Om mense van kontekstuele onsensitiwiteit te bevry, vereis dat ek pastoraal in my skryfstyl en toepassing moet handel. Hipoteties het ek, as kwalitatiewe navorser, nie spesifiek iets wat bewys moet word nie. Deel van die uitkoms is om myself as navorser toe te rus, maar ook as predikant in die bediening. Ek het ’n sterk, persoonlike roepingsbelewenis om mense te bemagtig om hulle eie roeping dieper te verstaan. Deel van my benadering is juis om sensitief teenoor lidmate se worsteling met hulle eie konteks te wees; om hulle te beskou as mense op reis, wat bewus gemaak moet word van nuwe, uitdagende bestemmings. Alhoewel hierdie persoonlike roeping nie toegepas word in die studie nie, kan die uitkoms om roeping beter te verstaan, juis later persoonlik prakties toegepas word in my eie bediening. Indien my eie navorsing die breër kerk help om lidmate op ’n soortgelyke pad te begelei, is dit ’n wins en groot genade.

Om hierdie prakties-teologiese benadering wetenskaplik, verantwoordbaar toe te pas, is deel van my uitdaging as empiriese navorser. Sekere riglyne moet geformuleer word; riglyne wat my in hierdie taak sal help. Alhoewel ek Hoofstuk 3 uithou vir ’n indiepte bespreking van hierdie boustene, moet ek die volgende noem.

Ek kies as praktiese empiriese teoloog ’n kwalitatiewe benadering. Hierdie benadering is moeilik om breedvoerig te definieer, maar kan kortliks beskryf word as die soeke na data, wat help om plaaslike sosiale kontekste te interpreteer, om sodoende die geleefde omstandighede van mense te transformeer (Ritchie, Lewis, McNaughton & Ormston, 2013:3-4).

Hierdie benadering lei my na die keuse vir ’n sosiale interpretatiewe metodologie, wat fokus op induktiewe dataversameling. Ek is egter, soos Ritchie et al. (2013:6) uitlig, versigtig vir ’n suiwer induktiewe benadering. Die wete dat ek die studie met ’n sekere

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

probleemstelling en navorsingsvraag begin, veroorsaak dat ek reeds deduktief te werk gaan. Vir my is dit ’n fyn wisselwerking tussen sensitiwiteit tot my eie insigte en dit wat ek empiries vanuit gegenereerde data interpreteer. Ek is egter, hetsy deur die literêre of empiriese data, heeltyd besig om ’n breër konsep van lidmate se roepingsbewustheid te formuleer. Anders as met ’n positivistiese benadering, het ek nie ’n hipotese wat bewys moet word nie, maar poog ek om ’n definisie vir gereformeerde roeping te formuleer, wat kan help om lidmate prakties as aktiewe agente van verandering in God se Koninkryk te aktiveer. My interpretatiewe benadering hou my fokus op die konteks van lidmate. Selfs deur die teoretiese hoofstukke fokus ek op die formulering van vrae, wat empiries in die praktyk getoets kan word (Ritchie et al., 2013:24; Osmer, 2008:L1020; Cameron & Duce, 2013:31).

Dit lei my na die metode wat in die studie aangewend sal word. Verskeie metodes is oorweeg: Alhoewel ek lank nagedink het oor die gebruik van aksienavorsing, het ek ervaar dat my behoefte om ’n groot deel van die studie aan literêre navorsing te spandeer, nie in lyn is met aksienavorsing nie. Ek kies daarom gegronde teorie as metode. Hierdie metode help my om ’n teorie vir roeping te ontwikkel gebaseer op die teologiese praktyk, sowel as die praktiese, kontekstuele ervaring van lidmate. Ek alleen is nie die outeur van ’n definisie vir gereformeerde roeping nie. Ek is saam met verskeie deelnemers, hetsy teoloë (deur artikels, die Bybel of boeke) of lidmate van die kerke in die Weskus, besig om ’n definisie vir roeping te konstrueer (Pieterse, 2010).

Veral Silverman (2020) se benadering het my in die toepassing van gegronde teorie gelei. Silverman (2020:493) definieer gegronde teorie in drie afdelings:

a) ’n Aanvanklike poging om kategorieë te ontwikkel wat die data verlig:

   I. In die eerste afdeling kyk ek veral na teoretiese data.

   II. Ek gebruik veral boeke, artikels en dokumente om ’n teorie vir gereformeerde roeping te ontwikkel.

   III. My tyd word meestal spandeer om ’n sinvolle, teoreties-georiënteerde definisie vir roeping te ontwikkel.

b) ’n Poging om hierdie kategorieë met toepaslike gevalle ‘te versadig’ om die toepaslikheid daarvan te ondersteun:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

I. Waar die eerste afdeling fokus op die formulering van kategorieë, fokus hierdie afdeling op die praktiese deelname van lidmate.

II. Die kategorieë van die eerste afdeling help my om vrae te ontwikkel wat in die gemeenskap getoets kan word.

III. Die doel van die vrae is nie om die teorie te bevestig of verkeerd te bewys nie, maar om sinvolle, oop vrae te formuleer, wat lidmate kan help om hulle persoonlike denke oor roeping te deel.

IV. Die data ingewin sal dat deur middel van ATLAS.ti gekodeer word, om sodoende kategorieë te ontwikkel, wat bydra tot die formulering van ’n postapartheid-teorie vir roeping.

c) Die uitbreiding van kategorieë tot breër analitiese raamwerke wat buite die konteks toepaslik is:

I. Die laaste afdeling sien ek as my terugvoer oor my ervaring as reisiger deur die onbekende. Ek sal hier poog om vanuit die bogenoemde twee afdelings ’n teorie te formuleer, wat met die praktiese bemagtiging van lidmate in Weskus-kerke kan help.

II. Alhoewel die hoofstuk die einde van die studie sal wees, beskou ek dit as die begin van ’n nuwe hoofstuk in my lewe. Vir my is die studie se doel juis geanker in my soeke om toegerus te word om ander te help in hulle poging om roeping te verstaan.

1.6 Studie-ontwerp

1.6.1 Afdeling A: Om die roete te verduidelik

1.6.1.1 Hoofstuk 1: ’n Oorsig oor die reis wat voorlê

Hoofstuk 1 dien as die vertrekpunt vir die reis deur die onbekende. Dit skep die padkaart vir die res van die studie en verhelder die fokusareas van roeping as:

a) iets wat vanuit God se verhouding tot en met ons voortvloei;

b) iets wat deur ons begeertes beïnvloed word; en

c) iets wat deur ons konteks gefokus word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verdere sake wat in Hoofstuk 1 aangespreek word, is die probleemstelling, navorsingsvraag, terminologiese opheldering, metodologie en die studie-ontwerp.

1.6.1.2 Hoofstuk 2: Prakties-teologiese vertrekpunte

Aangesien hierdie studie gedoen word in praktiese teologie, is dit noodsaaklik om sekere riglyne neer te lê vir my benadering ten opsigte van die vakgebied. Verskeie moontlikhede is oorweeg; aangesien die studie fokus op die geleefde konteks van postapartheid-Suid-Afrika, met al die uitdagings, kies ek ’n bevrydende, kontekstuele, pastorale, praktiese teologie. Hoofstuk 2 word aangewend om hierdie benadering te omskryf.

1.6.1.3 Hoofstuk 3: ’n Empiriese verkenning van die onbekende

Ek het ’n paar jaar gelede die voorreg gehad om gedeeltes van Botswana te verken, waar die paaie nie deur kaarte aangedui word nie. Ons moes voor die tyd beplan hoe ons wou ry om by ons bestemming uit te kom. Hierdie hoofstuk se doel is soortgelyk; dit bepaal die roete deur die onbekende. Dit verduidelik hoe die studie wetenskap aangepak word, sodat die data sinvol ingewin, verwerk en geïnterpreteer kan word. Ek definieer eers empiriese navorsing, waarna ek die verskillende wetenskaplike eienskappe van my navorsingsraamwerk definieer.

1.6.2 Afdeling B: ’n Literêre studie van roeping in die onbekende

1.6.2.1 Hoofstuk 4: ‘Gereformeerde roeping’ gedefinieer

Met die beeld van ’n onbekende oerwoud wat as uitgangspunt betree moet word, sal ek in Hoofstuk 4 die aard van gereformeerde roeping ondersoek; meer spesifiek die soeke na ’n Trinitariese begrip van roeping. Ek sal verder poog om die impak van begeertes op roeping te verstaan. Ooreenkomstig die beeld deur die oerwoud is die Een wat roep, sowel as die aard van die wat geroep word, hier noodsaaklik.

1.6.2.2 Hoofstuk 5: Die impak van postapartheid-Suid-Afrika op roeping

Hierdie hoofstuk fokus op die onbekendheid van die oerwoud:

- As ons kies om op God se stem te reageer en die bos te betree, wat kan ons verwag?
- Wat maak dat hierdie landskap soms angswekkend voorkom?
- Wat is die kragvelde wat inwerk op ons kompas en maak dat ons maklik kan verdwaal en in sirkels beweeg?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Postapartheid as kronologiese merker word eerstens beskryf, waarna die drie kragvelde van postmodernisme, sekularisasie en postkolonialisme bespreek word.

1.6.2.3 Hoofstuk 6: ’n Bybelse reaksie op gereformeerde roeping in die Saldanhabaai-munisipaliteit

In hierdie hoofstuk sal die Bybelse begronding vir roeping ondersoek word deur te fokus op ’n Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese teks. Die toepaslikheid van ’n Bybelse verstaan sal in die hoofstuk aangewend word om ’n dieper insig van die plaaslike konteks in die Saldanhabaai-munisipaliteit te ondersoek.

1.6.3 Afdeling C: Praktiese terugvoer oor die onbekende en die pad vorentoe

1.6.3.1 Hoofstuk 7: Roepingsbewustheid in Saldanhabaai-munisipaliteit – terugvoer oor gekodeerde data

Die data en die interpretasie van die onderhoud-geformuleerde data wat fokus op gereformeerde roeping, sal hier gedoen word. Die verwerkte materiaal sal bespreek word en die uitkomste van die hoofstuk sal wees om te bepaal hoe aktiewe lidmate van drie gereformeerde kerke (Afrikaanse VGK, NG Kerk en Xhosa-sprekende VGK) in die munisipale omgewing dink oor roeping in ’n postapartheid-Suid-Afrika.

1.6.4 Afdeling D: Die uitbreiding van kategorieë tot breër analitiese raamwerke wat buite die konteks toepaslik is

1.6.4.1 Hoofstuk 8: Praktiese riglyne met die fokus op lidmaatbemagtiging

Hoofstuk 8 is die laaste hoofstuk. Die vraag hier is hoe ons, vanuit ons begrip van die onbekende oerwoud, lidmate kan bemagtig om betrokke te raak om hulle roeping uit te leef. Ek sal poog om deur middel van die literatuurstudie, sowel as die empiriese navorsing, praktiese riglyne voor te stel waardeur lidmate in gemeentes begelei kan word om gereformeerde roeping te vind.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2: Prakties-teologiese vertrekpunte

Hierdie navorsingsprojek se fokus, doelstellings en metodiek is kortliks aangeraak in die vorige hoofstuk. Om diepte aan die studieraamwerk te gee, is dit eerstens nodig om die vakgebied van die projek te definieer. Ek sal aandui dat ek myself vereenselwig met praktiese teologie wat as bevrydend, kontekstueel en pastoraal beskryf kan word.

Tydens die voorbereiding vir die hoofstuk het die kompleksiteit en verskeidenheid van teorieë, vertrekpunte en outeurs deeglik na vore gekom. Die keuse van outeurs en teorieë is gemaak met die oog op die voltooiing van hierdie projek en as navorser is ek deeglik bewus van die beperkte ruimte in die studie vir ’n indiepte ontleding van verskeie bydraes in die spesifieke vakgebied.

2.1 Inleiding

Hoe om lidmate te bemagtig om die gereformeerde roeping in ’n postapartheid-konteks uit te leef, is in wese ’n prakties-teologiese uitdaging; daarom is hier ’n fyn wisselwerking tussen praktyk en teorie (Burger, 1991:23). Die studie is prakties: die kerk se taak is om lidmate te leer hoe om onderskeidend na God se roepstem in hulle lewens te luister. Hierdie onderrigtaak was, volgens Osmer (1990:14), nog altyd die primêre taak van die kerk. Hoe om deur hierdie taak te verseker dat verantwoordelike onderrig verband hou met die praktyk is volgens Forrester (1990:5) die wese van praktiese teologie.

Die studie is egter nie net prakties nie, maar teologies en in ‘n sekere sin, ernstig wetenskaplik, gedryf deur die soeke na ‘ware’ of ‘eerbare’ kennis (Mouton, 1996:28; Forrester, 1990:4). As navorser lê my belangstelling by die Christelike teologie,[52] ’n vakgebied met verskeie onderafdelings, elk met sy unieke fokus en bydrae.[53] Die toepaslike onderafdeling is praktiese teologie, ’n afdeling juis gefokus op die praktiese uitleef van teologiese waarhede, soos Forrester (1990:7) dit verwoord:

> *The peculiar responsibilities of Practical Theology involve acting as a bridge between theology and the social science and reflecting critically*

[52] Greider (in Miller-McLemore; 2012:453) verwys na die rol van godsdienstige pluralisme in die vakgebied van teologie. Daarom die keuse om na Christelike teologie te verwys en later, Christelike praktiese teologie. Wanneer daar dus in die res van die studie verwys word na praktiese teologie, word Christenskap as uitgangspunt veronderstel.

[53] Vergelyk Miller-McLemore (2012:267).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *upon, learning from, and endeavouring to renew, reform and strengthen practice and, in particular, Christian Practice.*

Osmer (1990:162-163) help ons om hierdie vakgebied en die studiefokus te verstaan. Hy beskryf 'praktiese teologie' as 'n reflektiewe, gedissiplineerde, selfbewuste en morele beredenering, wat individuele Christene of gemeentes aanpak.[54] Vir Campbell (in Forrester, 1990:18) is dit die wegbeweeg van die spesifieke funksies van slegs geordende predikante, wat van belang is vir praktiese teologie.[55]

Praktiese teologie se fokus kan drievoudig beskryf word as:

- 'n morele beredenering van sosiale praktyke en strukture waarin mense leef en hulle roeping moet uitleef;[56]
- 'n interpretasie van spesifieke gebeure, om sodoende te kan onderskei wat God se doel en roeping is; en
- 'n uitlewing van konkrete reaksies op gebeure, soos wat hulle met verloop van tyd uitspeel (Osmer, 1990:162).[57]

God is altyd aktief besig in mense en gemeenskappe se lewens. Die taak van praktiese teologie is nie net om oor hierdie handelinge van God te reflekteer nie, maar om konkreet op hierdie handelinge te reageer en sodoende God se roeping vir gelowiges en Christelike gemeenskappe te onderskei.[58] 'n Ware soeke na God se roeping vir gelowiges behoort erns te maak met die mens as 'n lewende teks – waardig om te ondersoek – en dieselfde impak te kan hê as die wysheid van al ons historiese bronne (Miller-McLemore, 2012:1).

Fowler (in Browning, 1983:154-155) beskryf hierdie wisselwerking as:

> *a kind of knowing that guides being and doing. While concerned with theory, it is not theoria; while concerned with techniques, it is not poiesis. Its knowledge is a practical knowing, – a knowing in which skill and understanding cooperate; a knowing in which experience and critical*

---

[54] Forrester (1990:9) en Campbell (in Forrester 1990:10) ondersteun hierdie verhouding tussen kerk en praktiese teologie.

[55] Browning (1983:10) beklemtoon die behoefte vir 'n teologiese skuif wat paradigmas buite die predikantspraktyk insluit.

[56] Campbell (in Forrester 1990:18) verwys na God se voortgesette werk in sosiale strukture en individue se bydraes. Hy beskou praktiese teologie as 'n vakgebied wat hierdie betrokkenheid van God ondersoek.

[57] Vergelyk Campbell (in Forrester, 1990:19) wat verwys na *concrete proposals for the re-structering of society*.

[58] In Hoofstuk 3 word meer gesê oor hoe ek roeping verstaan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *reflection work in concert; a knowing in which disciplined improvisation, against a backdrop of reflective wisdom, marks the virtuosity of the competent practitioner.*[59]

In dié opsig, veral die kritiese siening van die postkolonialisme teenoor Westerse begrip van kennis, is dit nodig om ’n fyn balans te handhaaf tussen kontekstuele onderrig en suiwer wetenskaplike teorieë wat meestal op ’n Westerse begrip van waarheid gebaseer is.[60]

As gereformeerde navorser bevind ek myself in die veranderende konteks van ’n postapartheid-Suid-Afrika.[61] ’n Konteks met grondige, unieke uitdagings aan Suid-Afrika, meestal weens die kulturele en sosio-ekonomiese veranderinge wat, sedert 1994, plaasvind (Dames, 2014:12-13). Aangesien baie van hierdie uitdagings nie eie is aan Suid-Afrika nie, is deel van die studie-uitdaging juis om die rykdom van internasionale insigte teologies met waardering te ondersoek; in gesprek te laat tree met navorsing vanuit ons konteks; om sodoende ’n toepaslike prakties-teologiese bydrae tot Suid-Afrika, meer spesifiek die Saldanhabaai-omgewing, se besondere uitdagings te lewer. Naude (2017b:2) beskryf die uitdaging vir Suid-Afrikaanse navorsers in die algemeen as:

> *The intellectual journey to Africa always starts in Europe: An African scholar travels an arduous intellectual journey to first understand the rich and complex traditions of ‘ethics’. We learn the names of the great thinkers such as Plato, Aristotle, Kant, Schopenhauer, Marx and Nietzsche. We hear about the established models of ethics explained in terms such as virtue, deontology and utility. Once this tradition is understood, our hermeneutical lenses have already been shaped. So[,] when we ‘return’ our gaze to Africa to reflect upon ‘traditional values’ or ‘indigenous knowledge systems’, the only categories and intellectual apparatus at our disposal are the Western ones. Whatever we seek and*

[59] Browning (1983:11) voer egter aan dat praktiese teologie verder gaan as net die kritiese oordenking van eie bestaande praktyke. Praktiese teologie behoort respekvol, in dialoog met ’n pluralistiese samelewing te wees, om sodoende tot die transformasie van die sekulêre gemeenskap by te dra.

[60] In hierdie verband is Naude (2017b) se bydrae baie toepaslik tot my studie. Ek sal egter later in die studie Naude se bydrae bespreek.

[61] Geen koppelteken word by ‘post-‘ benodig nie, tensy die daaropvolgende woord die koppelteken afdwing, byvoorbeeld ‘post-Egiptiese era’. Die woord ‘apartheid’ word met ’n kleinletter gespel en is ’n selfstandige naamwoord; dus word dit vas aan ‘Suid-Afrika’ geskryf (‘apartheid-Suid-Afrika’). Die hele samestelling is dus ‘postapartheid-Suid-Afrika’ (Viva, 2020).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *might find locally will have to be explained in English and in terms of the established academic tradition, otherwise it simply does not 'make sense' to outsiders. The local voice, if heard at all, will only be taken seriously if judged and legitimised in terms of the accepted standards already established. The homogenising power of academic globalisation renders 'local' ethics as an interesting variation on the normative tradition with which it is always compared.*

Die toekomstige uitdagings vir praktiese teologie is baie. Daarom is dit noodsaaklik dat die kerk effektief en getrou met ons kontekstuele uitdagings in gesprek tree (Campbell, in Forrester, 1990:19).[62]

As navorser is ek persoonlik op 'n teologiese, praktiese en geloofsonderskeidende reis, dikwels uitdagend en onseker, aangesien die pad nie duidelik uitgestip is nie. Die pad is eerder soos 'n bospaadjie in 'n digte oerwoud, 'n pad wat oopgekap en uitgetrap moet word. Die pad is ook onseker; die eindbestemming is onbekend. Wat ek wel ervaar is dat die pad, met benoudheid en al, gestap moet word. Die wete en sekerheid dat ek nie alleen op hierdie reis is nie, is bemoedigend; verskeie teoloë en reisgenote is bereid om die onbekende saam met my aan te pak.[63] Inteendeel, hulle pak dit nie net saam met my aan nie, hulle is my reeds vooruit. Ek volg as't ware in hulle voetspore en gebruik hulle navorsing as bakens langs die pad; bakens wat ek as prakties-teologiese riglyne beskou met die oog op my breër soeke na gereformeerde roeping in 'n postapartheid-Suid-Afrika.

Verskeie gespreksgenote kom na vore in die soeke na 'n roete deur die oerwoud. Daar is vele internasionale stemme wat die pad verlig, soos reeds genoem, maar die stemme kyk eerder vanuit die lig, amper soos Google-kaarte. Hulle waarnemings is sinvol, maar moet verstaan word vir wat dit is: 'n langafstandskatting van wat op grondvlak aan die gang is. Van waarde vir my is gespreksgenote wat worstel deur die bos, wat seerkry langs die pad en gekneus, soekend bly na 'n moontlike pad vir die toekoms.

Drie bakens word in hierdie afdeling ondersoek: praktiese teologie as bevrydend, kontekstueel en pastoraal.

---

[62] Vergelyk Dames (2014:13).

[63] Vergelyk byvoorbeeld Moss Ntlha in Pearce (2016:10).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.2 Praktiese teologie met ’n bevrydende uitkoms

Met enige reis is die eindbestemming belangrik; die roete wat gestap word kan tree vir tree gevind word, maar sonder ’n definitiewe eindbestemming, is jy doelloos op pad na nêrens. In my soeke om gefokus op pad te wees met praktiese teologie, is daar sekere uitkomste wat ek nastreef. Die eerste uitkoms is ’n soeke na ’n begrip van praktiese teologie wat wil bevry. Om mense te help om deur voorveronderstellings te werk, wat hulle terughou en maak dat hulle nie die onbekende kan en wil aanpak nie, is deel van dié studie se strewe.

Dames (2014:15-16) verwys na die soeke vir ’n praktiese teologie wat bevrydend gefokus is op Afrika-godsdiens in die sosiopolitieke en ekonomiese realiteite van die Afrika-kontinent. Praktiese teologie se uitdaging is om Afrika-teologie van die Westerse invloed op die kultuur te bevry en te fokus op tradisionele praktyke van die Afrika-inwoners en hulle unieke Afrika-konteks.[64] Alhoewel ek nie op hierdie punt die debat oor postkolonialisme in diepte wil bespreek nie (sien Hoofstuk 5 in dié verband) stem Denis Ekpo (in Galloway, 2017), ’n professor aan die Universiteit van Port Harcourt, Nigerië, nie noodwendig saam met Dames (2014) nie. Vir hom is die gesprek veel groter as net postkolonialisme en verwys hy eerder na die term post-Afrikanisme:

> *Africanism is a new philosophy that believes for the African mind to reach its best creative potential it needs to free Africa from Fanonian anti-colonial paranoia and Afrocentric nativist narcissism with a view to opening the continent fully to its universal human vocation. It’s about finding new strategies of thinking.*

Wat Dames (2014) en Ekpo (in Galloway, 2017) gemeen het, is dat mense bevrydend begelei moet word; dat die akademie hier ’n groot rol kan speel. ’n Soortgelyke stem, wel gefokus op ’n ander konteks, is Elizabeth Conde-Frazier (in Miller-McLemore, 2012:L7386) wat die konsep, *lo cotidiano*, vanuit ’n Spaans-Amerikaanse konteks beskryf, soos volg:

> Lo cotidiano *suggests the value of reflecting critically on the basic categories of life. This approach moves the Latino community away from usual categories of dominant theologies of colonization, in which the*

[64] Vergelyk Naude (2017b:12-13), wat aanvoer dat mense in Afrika anders as op ander plekke in die wêreld leef.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *powerful control and silence the conquered.* Lo cotidiano *is a way of approaching theology as a space where God encounters those who are oppressed at the very place of their suffering. It allows one to see the impact of social sin and culture, class, race, gender, poverty, joblessness, and the daily routines and relationships of life on the religious and political. People see the gaps between their theology and their lives and raise questions about God and ultimate meaning.*

Lo cotidiano, wat in Afrikaans vertaal kan word met 'elke dag', verwys juis na praktiese teologie se taak om besig te wees met die daaglikse Godsbelewenis van mense. Praktiese teologie kan nie 'n abstrakte begrip wees wat in die gees bestaan en nie die werklikheid in ag neem nie. Vir Conde-Frazier (in Miller-McLemore, 2012:L7402) is deel van die taak juis om die ongeregtighede van die samelewing uit te wys en prakties daarop te reageer. Praktiese teologie moet 'n bevrydende plan op die tafel sit, anders bereik dit geen doel nie.

McCann (in Browning, 1983:110) waarsku egter dat die teologie nie op dieselfde gebied beweeg as waarop sosiale aktiviste byvoorbeeld werksaam is nie. Praktiese teologie se taak is om 'n gebalanseerde dialoog tussen die praktyk en die teologie voor te gaan. Die twee strome het mekaar nodig en beide help om die ander verantwoordbaar te hou. Die hand van die kerk moet die hand van die sosiale aktivis vashou en saam soek na geregtigheid in die geleefde konteks van mense.

Bevrydingsteoloë dink dus veral na oor die konteks van gemarginaliseerde gemeenskappe [65] en reageer prakties teologies op die uitdagings deur beide geestelike en sosiale benaderings in ag te neem. Hulle tree induktief[66] (eerder as deduktief) op teenoor hiërargiese stelsels en vermy dualismes ten opsigte van denke teenoor sosiale konteks. Hulle streef na die herstel van menswaardigheid in sosiale kontekste om daardeur God se solidariteit met sy mense te verkondig (Dames, 2014:21-22).

Jonker (2008:125) beskryf die teologie van bevryding as 'n kontekstuele teologie wat in 'n bepaalde situasie en met die oog op daardie situasie beoefen word. So 'n benadering tot die teologie wil die revolusionêre krag van die Evangelie sigbaar maak

[65] Gemarginaliseerdes kan hier verwys na ras, klas, geslag en seksuele dinamika.
[66] Waar die algemene van die besondere afgelei word (Odendal & Gouws, 2010).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en mense oproep om die samelewing van onderdrukking en nood te bevry. Jonker (2008) plaas bevrydingsteologie in die konteks van 'politieke teologie' en in dié geval, 'n teologie veral gefokus op die bevryding van die armes.[67]

Kragtens Suid-Afrikaanse swart teologie[68] is bevrydingsteologie veral gefokus op die stryd teen apartheid, of eerder teen rassisme. Jonker (2008) waarsku egter dat so 'n revolusionêre benadering dikwels vinnig in 'n stryd om kapitale gelykheid verander.[69] Veral ontwikkelende lande gryp in hulle smagting na vryheid, vanuit hulle kultuur, na hierdie Westerse stelsel (Jonker, 2008:134). Greffrath (2016:932) maak Jonker (2008) se woorde kontekstueel wanneer hy verwys na die normale gevolge van rewolusie in ons huidige politieke omstandighede:

> Dit is dus ironies dat die relatiewe suksesse van die ANC [ná] 1994 die saadjie bevat van die party se moontlike verlies aan politieke dominansie en selfs politieke mag, as die 2016 plaaslike verkiesing enigsins 'n aanduiding is. Hierdie prognose is gegrond op die politieke dinamika van eskalerende verwagtinge, wat deur Davies (1962) se teorie van rewolusie geïllustreer word. Kortliks behels dit dat vlakke van ontevredenheid met sosio-ekonomiese omstandighede en politieke frustrasie na aanvanklike behoeftebevrediging, eerder toeneem as afneem. Vir dié wat blootstelling gehad het aan verhoogde materiële welvaart en die uitbreiding van sosio-ekonomiese vooruitgang, is die verwagtinge aangaande soortgelyke toekomstige voordele daarom veel hoër as vir dié wat nie daaraan blootgestel is nie.

Die gevaar wat die gelykheidstrewe dus inhou, is hierdie progressie van eskalerende verwagtinge (Greffrath, 2016:933). Hoe meer mense bevry word, hoe meer is hulle op soek na gelykheid en geregtigheid.

> [Vandaar] die toename in gewelddadige dienslewering proteste, uitgebreide en voortslepende arbeidsonrus, asook die ontluiking van nuwe progressiewe en (toenemend) radikale politieke akteurs (Greffrath, 2016:933).

---

[67] Jonker (2008) verwys hier na die Marxistiese maatskappy-ontleding wat met rewolusionêre bevryding 'n nuwe sosialistiese samelewing wil skep.

[68] Ek is hier deeglik bewus dat Jonker se begrip van Swart Teologie hier in die konteks van apartheid gesien moet word (dus vóór 1994).

[69] Vergelyk ook Basson (2015:180).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In hulle strewe om vir geregtigheid en gelykheid op te staan, loop sosiale aktiviste die gevaar om juis die teendeel te bereik en meer skade aan te rig. Ekpo (in Galloway, 2017) verwys na die #RhodesMustFall-beweging as voorbeeld hiervan:

> *While the champions of decolonisation and Africanisation are sincerely fighting to free Africa and the mind of the African from unwanted legacies of the colonial past and for the right to articulate an indigenous African code of knowledge, they could be unconsciously working towards results that could be harmful to Africa.*

Terwyl hierdie studie gefinaliseer word, was die nuwe, hewig-brandende sosiale aktivistiese gesprek die #BlackLivesMatter-beweging ('What We Believe', 2020).[70] Die gesprek het sosiale media gedomineer en wêreldwye ondersteuning en teenkanting gekry. Die debat is aangevuur deur die dood van George Floyd in Amerika. Hierdie debat het wêreldwyd 'n reuse-impak en die meer as 400 artikels op Wikipedia (Wikipedia, 2020) getuig hiervan. In teenreaksie op die #BLM-beweging het die aktiviste aan die ander kant nuwe bewegings, soos #AllLivesMatter, laat opvlam. Ek verwys na hierdie gebeurtenis om die toepaslikheid van sosiale aktivisme te beklemtoon. Hierdie soort gesprekke is deel van ons samelewing en die teologie word uitgedaag om sinvol hierop te reageer. Anders as die sekulêre resultate van twis, verdeeldheid en konflik, is die idee agter die teologie van bevryding juis om die teendeel te doen. Dit wil, soos Jonker (2008) aandui, die krag van die Evangelie aanwend om ongelykheid uit te wys, maar die band van liefde te behou. Hierdie studie bedoel met 'teologie van bevryding', die soeke na 'n toepaslike, kontekstuele benadering tot die verligting van die alledaagse nood van mense; nie 'n aktivistiese, verdelende benadering nie, soos op baie terreine van die samelewing beleef word.

Vanuit die tema van hierdie studie is dit duidelik dat die raamwerk die NG Kerk en NG Kerk-lidmate is. Ek moet daarom hier die vraag vra: Wat beteken die bevrydende karakter van praktiese teologie spesifiek in die NG Kerk se huidige konteks? Wat beteken bevrydende praktiese teologie vir NG Kerk-lidmate en hoe behoort praktiese

[70] *#BlackLivesMatter was founded in 2013 in response to the acquittal of Trayvon Martin's murderer. Black Lives Matter Foundation, Inc is a global organization in the US, UK, and Canada, whose mission is to eradicate white supremacy and build local power to intervene in violence inflicted on Black communities by the state and vigilantes. By combating and countering acts of violence, creating space for Black imagination and innovation, and centering Black joy, we are winning immediate improvements in our lives* ('What We Believe', 2020).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

teologie hierin ’n rol te speel? Hoe reageer ons op die hiërargiese en gemarginaliseerde realiteite in die NG Kerk?

In hierdie verband stap ek in die voetspore van onder andere Klippies Kritzinger (1990:54)[71] wat meen dat wit Afrikaners[72] bevry moet word en met ‘bevry’ bedoel hy inderdaad bekering. Hierdie bekering is nie ’n radikale eenmalige proses, soos om ’n dramatiese politieke standpunt in te neem nie,[73] maar wel soos ’n pelgrimsreis waar nuwe realiteite en keuses die reisiger gedurig konfronteer (Kritzinger, 1990:56). Hy help Afrikaanssprekende lidmate om te verstaan dat hulle nie net van hulle politieke verlede bevry moet word nie, maar dat hulle doelbewus saam met Christus sal moet stap om ’n nuwe toekoms te vind; om eerstens van hulle oortredinge bewus te word en tweedens kies om daarvan weg te draai. Hierdie pelgrimsreis is verder ’n reis waarin wit Afrikaners bereid sal moet wees om na swart Afrikane te luister, om te hoor wat Gees-geïnspireerde profetiese stemme wil kommunikeer. Kritzinger (1990:57) verwoord die pelgrimsreis, soos volg:

> Die ontmaskerende en onthullende ‘kyk’ van lydende swart mense is ’n onmisbare element in die bekering wat nou nodig is. Dit is slegs wanneer ons onsself begin sien deur die oë van die slagoffers van ons wit rykdom en mag, dat bekering moontlik word. In die soekende en beskuldigende oë van die honger, dors, daklose, kaal, siek en gevange mense van Suid-Afrika (Matteus 25:3146), moet ons leer om die oë van Christus self te sien soos hy vandag na ons toe kom en ons tot bekering oproep. As ons bereid is om ons bloot te stel aan hierdie borende ‘aankyk’ van Christus deur die oë van die lydendes, word ’n nuwe begin vir ons moontlik.

Kritzinger (1990) plaas verder ’n baie toepaslike tema op die tafel: *whiteness* (‘witheid’). Van Wyngaard (2016) help ons om oorsigtelik, iets van Kritzinger se begrip van witheid te verwoord. Kritzinger[74] beskryf witheid as ’n verskynsel wat nie uniek aan Suid-Afrika is nie, maar wat wel in ’n Suid-Afrikaanse konteks ’n unieke karakter

[71] Die gedagte is nie om hier Kritzinger se teologie in diepte te ontleed nie, maar net om eers my begrip van praktiese teologie te verwoord.

[72] Kritzinger verwys hier nie na die Afrikaanssprekende Afrikaners nie, maar na alle wit Afrikane in Afrika, ongeag van hulle taal. Hy wil wel Afrikaans aanwend om te help om die apartheidsdenke van die verlede te help afbreek (1990:54). Hier kan ook lyne getrek word met Dames (2014) se fokus op taalkunde se rol by bevryding.

[73] Ek verstaan hier onder ‘bevrydende teologie’ ’n bevryding van ons verlede en nie noodwendig in die opsig waarna Jonker (2008) verwys nie, eerder ’n opregte soeke na bekering voor God.

[74] Ek sal in latere hoofstukke in diepte ingaan in Kritzinger (1990) se begrip van ‘witheid’, vir nou is Van Wyngaard (2014; 2016; 2019) se siening nuttig om inleidend iets oor witheid op die tafel te plaas.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aanneem. Hy gebruik daarom juis veral swart Afrikaanse teoloë om witheid in Suid-Afrika te beskryf. Hy plaas ook baie klem op die verband tussen witheid, grond, taal en die regering.

Verder verwys hy ook na die teologie van afgodery waarin witheid verval het, soos die soeke na gesag, mag, rykdom en onderdrukking.[75] Afgodery gegrond op geloofsoortuigings het Afrikaners laat glo dat Suid-Afrika aan hulle behoort, daarom is ’n formele stelsel van rassisme regverdig. Hierdie afgodery is bykomende redes tot Kritzinger (1990) se oproep tot bekering van die Afrikanervolk. Moss Ntlha (in Pearce, 2016:10) beweer dat rassisme, sedert 1994, net ondergronds gegaan het; dat dit eintlik onderliggend nog steeds in ’n postapartheid-Suid-Afrika bestaan. Die feit dat apartheid vervang is met ’n nuwe stel wette, beteken nie dat ons bevry is van die tradisionele ideologieë en denke van die verlede nie. Ons sal inderdaad hiervan bevry moet word.

Met Dames, Jonker en Kritzinger en ander reisgenote is dit die karakter van bevryding wat die eerste baken word vir my reis om praktiese teologie in ’n postapartheid-konteks verstaan. Samevattend is ’n teologie van bevryding nie vir my ’n aktivistiese benadering wat mense wil konfronteer nie; eerder praktiese teologie as *lo cotidiano*; ’n teologie, prakties op soek na bevryding van alles wat teen die hart van die Evangelie indruis. Praktiese teologie moet juis help om mense bewus te maak van wie hulle is; dit wat hulle gevange hou. Slegs dan kan mense na bevryding beweeg; na ware vrede. Slegs dan kan die Gees van die Waarheid (Johannes 16:13) mense bevry en gemeenskappe heel maak (Forrester, 1990:53).

2.3 Praktiese teologie as kontekstuele teologie: ’n gereformeerde verstaan

2.3.1 Inleiding

Lakeland (1997:L898), Cahalan (2005:81) en Jonker (2008:125) is van mening dat verskeie bevrydende teoloë kontekstuele teoloë is. Voordat ek ’n teologie kies wat gereformeerde lidmate van hulle verlede kan bevry en op pad na ’n nuwe toekoms kan lei, sal ek sekerheid moet kry of ek ook ’n teologie kies wat die konteks geweldig

[75] Vergelyk ook Ntlha (Pearce, 2016:9) wat meen dat apartheid ’n nasionale afgodsdiens geword het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beklemtoon. Ek sal ook duidelikheid moet kry oor wat dit beteken om praktiese teologie vanuit ’n kontekstuele perspektief te beoefen.

Die term ‘kontekstueel’ kan hier sinvol verstaan en ontgin word. In dié verband maak ek gebruik van Preul (in Schweitzer & Van der Ven, 1999:152) se drie wyses om die term te gebruik:

a) Vrae en behoeftes voortspruitend uit die mens se sosiale, kulturele en intellektuele omstandighede konfronteer nog altyd die Christelike boodskap. Een van die groot uitdagings is dat die Bybel nie direkte en ondubbelsinnige antwoorde bied vir alle probleme wat die mens op grondvlak ervaar nie. Kontekstuele teologie is juis om die Bybel verantwoordelik te interpreteer (Forrester, 1990:21). Praktiese teologie is in dié verband veral geïnteresseerd in onderwerpe soos ‘hoop’, ‘bevryding’ en ‘geregtigheid’ wat dikwels uit hierdie kontekstuele situasies voortspruit.
b) In ’n ander konteks verwys kontekstuele teologie na die metodes wat in alle vorms van teologie gebruik word: dikwels geformuleer in samewerking met sekulêre terme, konsepte en metodes soos byvoorbeeld wetenskap en filosofie. Suiwer teologiese terme soos, onder meer, ‘gebed’, ‘God’ en ‘sonde’, moet gedurig herinterpreteer word in die lig van taal vanuit ander kontekste. Om as Christene ’n Bybelse taal te ontwikkel is noodsaaklik, maar so ook ’n alternatiewe taal waarmee ons met die wêreld in dialoog kan tree.
c) Op ’n derde vlak raak kontekstualiteit aan die probleem van waarheid. In die geval is dit soortgelyk aan relativisme wat veronderstel dat dogmas relatief is tot sekere historiese en sosiale kontekste. Die vraag wat spontaan na vore kom, is of dit dieselfde is vir Christelike waarheid? Aangesien ek spesifiek hierdie vraag oor relativisme vanuit ’n gereformeerde hoek wil beskou, hanteer ek dit op ’n latere punt.

Vir Dames (2014:36) is die eerste punt: die verhouding tussen die Christelike boodskap en kultuur, ’n noodsaaklike vertrekpunt, waarby ek ook wil stilstaan. Hoe is praktiese teologie as teologie betrokke by geleefde realiteite?

Die landskap waarin die teologie beoefen word, is gedurig aan die verander (Dingemans, 2005:53) en praktiese teologie fokus op die toepaslikheid van teologiese dogma in die praktyk. Die kerk word uitgedaag om die Evangelie nuut en kreatief in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie veranderende omstandighede te vertolk. Ward (2017:155) dui daarop dat daar ’n gedurige spanning is tussen dit wat die teologie leer en dit wat lidmate op grondvlak beleef; soos hy elders aandui:

> *The practice of faith always takes place in a cultural context. Culture is therefore a key issue in practical theology. In fact, ‘culture’ as category has been central to a wide range of debate and concern. In practical theology, questions of culture are crucial in several fields of discussion. Questions about, for instance, the future shape of the church, the character of Christian worship, the Christian education of children and young people, theology and social justice, or the public expression of faith all revolve around particular understandings of culture. In fact, it is hard to imagine any discussion of community and values without various understandings of culture playing some role. As a result, issues around culture and context have become a central concern in practical theology.*

Vanuit die Suid-Afrikaanse verlede het hierdie verhouding tussen kerk (Westerse begrip van Evangelie) en kultuur dikwels gelei tot enkulturasie, dominansie of die verwerping van die Westerse kulturele interpretasie van die Evangelie. Fourie (Hansen, Koopman & Vosloo, 2011:228) verwys na die rol van die gereformeerde teologie in die NG Kerk se politieke agendas, veral ten opsigte van die legitimering van apartheid. Sodoende kan die Belydenis van Belhar, byvoorbeeld, beskou word as ’n poging om hierdie dominansie van kultuur as ’n verwerping van Bybelse eenheid, geregtigheid en aanvaarding uit te lig. Hoe om die verhouding tussen die Evangelie en die diverse, pluralistiese konteks van Suid-Afrika met mekaar te vereenselwig, om sodoende huidige praktyke te transformeer, bly ’n enorme uitdaging (Dames, 2014:37).

Dames (2014:38) is veral krities teenoor die privatisering van geloof en die verskynsel van individualisme en persoonlike redding in dié verband.[76] Veral die NG Kerk word as die bewaarders van ’n private geloof beskou, wat die worsteling en realiteite van geleefde kontekste ignoreer. Die Evangelie beroep alle mense om erns met die publieke sfeer van die wêreld te maak, om sodoende erns te maak met die konteks waarin die Evangelie uitgeleef behoort te word.

[76] Heitink (1999:256) waarsku dat individualisme maklik tot vooroordeel van ander kan lei. Hy meen ook dat die modernisme veroorsaak het dat kerk dikwels in die private lewe en vrye tyd van mense funksioneer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

As ons as gereformeerde Christene geroep word om te beweeg vanaf ’n veilige, geprivatiseerde ervaring van die Evangelie en God, na ’n openbare, kontekstuele uitlewing, hoe gaan ons met die Evangelie te werk? Hoe beweeg ons vanuit ons gemaksones na die ongemaklike realiteit van ons gemeenskappe? Hoe leef ons die gereformeerde roeping uit sonder om die kern van ons geloofsoortuiging af te water?

2.3.2 ’n Gereformeerde kontekstuele benadering

As ’n gereformeerde teoloog is die vraag oor hoe ons gereformeerde roeping uitleef sonder om die geloofsoortuigingkern af te water noodsaaklik. Burger (1991:61) se navorsing dui daarop dat die meeste kontekstuele teoloë meer klem op die konteks as op die Skrif en tradisie plaas. Die gerigtheid op die wêreld en die sterk fokus op transformasie kan maklik veroorsaak dat die Bybel selektief of vanuit ’n sekere hoek gelees word.

Ek is versigtig vir duidelike gevaartekens: die afwatering van die Skrif en ’n distansiëring van ons gereformeerde tradisie. Ek is verder versigtig vir radikale postmodernistiese subjektivisme, relativisme en ’n intensiewe fokus op die behoefte van die mens.[77] Daarom wil ek graag die volgende paar paragrawe gebruik om riglyne in hierdie verband te vind, om sodoende aan my gereformeerde wortels getrou te bly.

2.3.2.1 Verband tussen kennis en konteks

Om ’n verantwoordbare keuse te maak, is dit belangrik om sekere strome in praktiese teologie te ondersoek. Die strome is kompleks en uiteenlopend, maar verwys spesifiek na die spanning tussen kennis, konteks en die transendente.

Die eerste stroom staan as die laat-modernistiese stroom bekend,[78] wat in ’n mate steeds aan die idee van die Verligting vashou[79] en op soek is na metanarratiewe en universele etiese en politieke beginsels.[80] Hulle beskou die modernistiese projek as onafgehandel (Lakeland, 1997:L257). Heyns (2010:217) skryf vanuit ’n filosofiese

[77] Lakeland (1997:L331) identifiseer drie moderne ‘erfstukke’, wat ons ernstig in die postmoderne era moet opneem: subjektivisme, relativisme en die probleem van die ‘andere’.

[78] Fourie (Hansen, 2011:229) verwys na die moeilike taak om ‘moderniteit’ te definieer. In my navorsing was dit inderdaad die geval. Ek poog egter om drie strome, wat ’n impak op kontekstuele benadering speel, aan te dui. Die argument is veel wyer as wat ek hier kan aanpak.

[79] Vergelyk Lakeland (1997:L262) vir ’n definisie vir die Verligting: *The Enlightenment gave us the autonomy of human reason, the notion of human rights, and the struggle for a just and equitable society*.

[80] Lakeland redeneer dat die laat moderniste die projek van modernisme as onafgehandeld beskou en dit steeds wil uitbou in ’n radikaal veranderende kulturele konteks (Lakeland, 1997:L259).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

perspektief oor die aard van moraliteit in ’n sekulêre wêreld. Alhoewel sy fokus nie op praktiese teologie is nie, is sy toepassing hier tersaaklik. Hy verwys na laat-moderne kontekstualisme as ’n wegbeweeg van die fundamentalistiese rasionaliteit van die Verligting. Alhoewel die rasionele steeds ’n beduidende rol speel, kan rasionaliteit in die tyd van kontekstualisering nie los van sy konteks gesien word nie: “[M]oraliteit hang af van ’n bepaalde groep, historiese situasie en interpretasie” (Heyns, 2010:2020). Die wegbreek vanaf die rol van die transendente in die bepaling van algehele etiese norme maak egter steeds die stroom modernisties. Hierdie wegbreek van die pre-modernistiese era se geloof in die transendente was juis een van die modernisme se kenmerke.

Kritiek teen dié stroom is dat hulle steeds deduktief, eerder as induktief werk. Die historiese bronne en algehele metanarratief, al is dit dun,[81] word steeds as norm gebruik, wat kan aanleiding gee tot die ontkenning van gemeenskappe, vasgevang in geleefde kontekste (Dames, 2014:19). Verdere kritiek teen die stroom is dat daar so geweldig gefokus word op interdissiplinêre vakgebiede, onder andere sosiologie, filosofie, en psigologie,[82] dat dit selde teologies voorkom. Die gevaar is dat die voorgestelde antropologie so bepalend is in die fundamentele sosiale etiek dat dit selde getuig van Christus en God se werking in die gemeenskap. Dit kan lei daartoe dat die mens se vermoë om hierdie sosiale-etiek kognitief uit te leef, oorbeklem word; kan die impak van God se transformerende karakter vergete laat (Cahalan, 2005:88-89).

Met die studiefokus die bemagtiging van gereformeerde, Afrikaanssprekende lidmate, kan so ’n deduktiewe, inligtinggedrewe benadering ‘n waagstuk wees. Indien lidmate se bevrydende denke oor hulself en hul roeping as kinders van God in Afrika een van die uitkomste moet wees, is ’n induktiewe, Christus-gefokusde benadering noodsaaklik.[83] Dat die laat-moderniste erns met konteks maak, is behulpsaam, maar die ontkenning van die insette van die transendente in die bepaling van kennis, waardes en norme, maak dit nie ’n geskikte kontekstuele benadering vir die studie nie.

[81] Vergelyk Lakeland (1997: L541).

[82] Hierdie is natuurlik nie net ’n negatiewe aspek van hierdie stroom nie, aangesien dit help om ’n sekere antropologie van die mens te verlig (Dames, 2014:88).

[83] In Hoofstuk 3, onder empiriese benadering, beskryf ek die noodsaaklikheid van ’n induktiewe benadering, veral met die oog op ’n kwalitatiewe benadering.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die volgende stroom om te oorweeg is die nostalgiese modernisme. Hierdie stroom beskou die verval van modernisme as ’n geleentheid om terug te gryp na ’n samelewing, soos dit voor die opkoms van modernisme gefunksioneer het (Lakeland, 1997:L247). Nostalgiese modernisme verwerp die projek van modernisme en enige strominge wat poog om modernisme aan die lewe te hou (Cahalan, 2005:65). Cahalan (2005:76) verwoord die stroom, soos volg:

> *They are looking neither for the radically new nor necessarily for new knowledge and ideas outside the Christian narrative, and in this sense, they are not correlationists. Wisdom from the past is the most vital element in creating a way of Christian life in a secular, postmodern context. There are few alternatives for Christians but to search for a way of life that is grounded in the long tradition of Christian thought and practice. Scripture and tradition are filled with stories of people who have done things that other people also do, simply because these things are part of being human … But they have done them somehow differently because of their knowledge of God in Christ.*

Die fokus op Christelike praktyke en Christelike waardes vanuit die verlede word hier veral geweldig beklemtoon. Die tekortkominge van die stroom is onder meer dat die praktyke wat hulle voorstel dikwels gekritiseer word as metodes wat steeds metanarratiewe as die norm voorhou. Die verlange na ’n era voor modernisme is eintlik nie haalbaar nie. Lakeland (1997:L418) beskryf dit as:

> *The nostalgic form of postmodernity modernity harks back to an essentially religious view in which the subject is there but understood in terms of something larger than its own petty subjectivity.*

In ons postapartheid-konteks is hierdie stroom, met ’n baie beperkte fokus op konteks, nie werklik ’n keuse vir hierdie studie nie.

Die volgende stroom is die radikale postmodernistiese stroom, wat hulself distansieer van enige vorm van intellektuele, kulturele en tradisionele isolasie; dien as ’n gespreksgenoot hier. Cahalan (2005:82) verwoord die stroom, soos volg:

> *The particular, the local, and the historically and culturally conditioned manifestations of religion are the theologian’s point of contact. At this point, there is no turning back to either premodern or modern grand*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *theological systems. All theology is historically-situated and there can be no universal expression of the Christian faith that is pure and unfiltered. Grand metanarratives, theological or political, can lead to distortions of persons and communities, which in the end legitimate the power of the few over the many who are weak.*

Hierdie stroom werk induktief, eerder as deduktief. Hulle fokus geweldig op die geleefde realiteit van plaaslike gemeenskappe en die bevryding van sulke gemeenskappe. Hulle is gekant teen die dualisme tussen die intellektuele en die plaaslike geleefde ervaring en gee erkenning aan die realiteit van die 'andere' (Dames, 2014:22). Alhoewel hulle saam met die nostalgiese stroom gekant is teen enige vorm van modernisme, stem hulle nie saam met die Christelike praktykgeoriënteerdheid wat die nostalgiese stroom voorstel nie, aangesien hulle redeneer dat selfs sulke praktyke verskuilde agendas kan inhou en metanarratiewe op plaaslike gemeenskappe kan forseer, sonder om die geleefde konteks in ag te neem (Cahalan, 2005:91).

Ek sal later aandui dat ek 'n sosiale konstruktivistiese metodologie kies wat induktief werk en erns met die geleefde realiteit van die andere maak. Alhoewel ek aanklank vind by die induktiewe, kontekstuele benadering van die radikale postmodernistiese stroom en nie noodwendig metanarratiewe op mense wil afdwing nie, is ek egter sensitief om die Bybel suiwer vanuit 'n menslike perspektief te benader. Vir my speel die transendente, vanuit 'n Christelike hoek, dus die Triniteit, 'n noodsaaklike rol. Ek vereenselwig myself nie met 'n laat-modernistiese deduktiewe benadering nie, maar glo dat geloof 'n transformerende karakter het, wat tot die geleefde omstandighede van mense kan bydra. Ek vind dit moeilik om by een van die drie bogenoemde strome aanklank te vind. Ek is oortuig dat die modernistiese relasionele benadering nie die antwoord tot lidmaatbemagtiging is nie, maar is ook nie bereid om die gesag van die Skrif ter wille van 'n kontekstuele teologie te laat vaar nie. In die verband wend ek my dan na die volgende belangrike saak: die verband tussen induktiewe, konteksgedrewe, praktiese teologie en gesonde Skrifgefundeerde hermeneutiek.

2.3.2.2 Die Skrif en Konteks

Daar is reeds aangedui dat kontekstuele teologie die gevaar kan loop om die Skrif af te water en meer gesag aan die ervaring van die geleefde konteks te verleen. Inteendeel is dit, soos aangedui, een van die areas waar ek worstel met die radikale

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

postmodernistiese stroom. Preul (Schweitzer & Van der Ven, 1999:152) se drie wyses om die term 'kontekstualiteit' te gebruik, het die probleem van relativisme uitgelig.[84] Relativisme verklaar dat dogmas relatief is tot sekere historiese en sosiale kontekste. Fick (2010:271) beskryf postmodernisme, soos volg:

> Postmoderniste verwerp enige aanspraak op universele waarheid en tipeer dit as gewelddadige dwang deur magtige instellings op 'n individu. Postmoderne Spiritualiteit neig tot 'n meer subjektiewe, ervaringsgebaseerde houding teenoor die waardes en waarhede van die Bybel en 'n klem op verhoudings in 'n bepaalde gemeeskapsmilieu …

Hy is verder van mening dat postmodernisme die fondasies van die Westerse kultuur oor die laaste dekades bevraagteken deur die verwerping van metanarratiewe en universele waarhede. Postmoderniste fokus, volgens Fick (2010:273), eerstens op geleefde ruimtes waarin 'n kommunikatiewe en dialogiese houding die vertrekpunt is; kerkdoktrine is sekondêr. Die menslike ervaring raak dus belangriker en die teologie behoort geïntegreer te word met die menslike ervaring. Fick, alhoewel krities teenoor postmodernisme, help egter om die gevaartekens van postmodernisme vanuit 'n gereformeerde hoek te verhelder. Hy maak ook die volgende twee voorstelle (2010:274-281), wat help om bakens langs die pad te vind:

- Eerstens wys hy daarop dat Calvyn Goddelike wysheid as noodsaaklik vir 'n vreugdevolle verhouding met God beskou.[85] Die wysheid en kennis is egter nie die soort wysheid waarna modernisme verwys en Postmodernisme verwerp nie.[86] Die soort wysheid is vanuit geloof gebore en is nie net suiwer kognitiewe waarheid nie; nie kennis ter wille van kennis nie, maar kennis wat die eksistensiële wese van die mens aanraak. Geloof sonder kennis is ook nie moontlik nie, aangesien kennis van God ons help om God se Openbaring te ken.
- Tweedens wys hy daarop dat so 'n Goddelike kennis nie anders kan as om die mens te verander nie. In Christus, deur die werking van die Gees, moet ons

[84] Ek voer aan dat 'n in-diepte beredenering van hierdie onderwerp meer op 'n stelselmatige teologiese vlak sal moet plaasvind. Aangesien hierdie 'n prakties teologiese studie is, kyk ek vlugtig na die gevare van 'n term soos 'relativisme'.

[85] Jonker (in Basson, 2015:75) kies ook Calvyn se sosiale-etiese siening waarin die hele Skrif die norm vir die sosiale etiek verskaf. Die gesag van die Skrif staan dus sentraal.

[86] Vergelyk Jonker (in Basson, 2015:66).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> strewe na ’n lewe van geregtigheid, wat slegs in ’n verhouding met Christus kan plaasvind, deur Christus wat in ons woon. Calvyn se klem op die eenheid en die verhouding kan as vertrekpunt gebruik word vir ‘n postmodernistiese begrip van gereformeerdheid, aangesien postmodernisme se sterk kultuurfokus as vertrekpunt gebruik word. Hierdie benadering is dan nie ’n afbrekende, kritiese en liefdelose deduktiewe afwaartse benadering nie, maar een wat gefokus op eenheid, die boodskap van liefde openbaar.

Samevattend help Fick my dus om te verstaan dat gereformeerdheid, in ’n postmoderne era, die geleefde wêreld moet benader met ’n fokus op verhoudings. Dit beteken egter nie dat verhoudings nie krities teenoor plaaslike kultuur moet wees nie of dat ons die Goddelike wysheid moet ignoreer en nie mense moet aanmoedig om deur Christus wat in hulle woon gesuiwer te word nie. Ons benadering behoort een van liefde en eenheid te wees: ’n induktiewe, uitnodigende benadering.

Vroeër is ook verwys na die belangrike rol van hermeneutiek in die hantering van Skrif en konteks. In die opsig sluit ek aan by Smit (2006:7-8) wat verwys na hoe die Bybel deur die eeue, in verskillende omstandighede, mense se lewens verander het. Vir hom is daar vier perspektiewe om in ag te neem wanneer ons die Bybel lees: die historiese, stelselmatige, etiese en praktiese perspektief. Wanneer ek dus nadink oor hoe om praktiese teologie induktief, kontekstueel te benader, dan is die rol van gesonde hermeneutiek van deurslaggewende belang.

Met die ‘historiese’ verwys Smit (2006:7) na hoe die Bybel deur die eeue gelees is. Ons kan dus nie die Bybel optel en net lees sonder om die storie van die eeue in ag te neem nie. Vir Smit is die historiese die “omstrede en lewende storie van gelowiges en die kerk wat bely dat hulle in die Bybel die stem van die lewende God hoor, ook vir vandag” Smit (2006). Veldsman (in Hansen et al., 2011:121) beskryf Smit se historiese siening as ’n *ecumenical hermeneutic, that is, a communal search for the truth*. In my eie verstaan beteken dit eintlik dat ’n induktiewe, kontekstuele hermeneutiek begin by die saamwees en saamlees van die Bybel.

Smit (2006:8) beweeg dan na die tweede perspektief: die stelselmatige. Veldsman (Hansen et al., 2011:121) beskryf dit as ’n saamlees van die historiese storie met die hede; óf *the objective and subjective reading and understanding of the Bible*. In die saamlees van die Bybel word sinvol nagedink oor die manier van lees. Lees almal die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bybel dieselfde? Verstaan almal dit dieselfde? Het almal dieselfde insig, kennis, ervaring, vaardighede en wysheid om dit te kan lees? Vanuit hierdie saamlees word dan nagedink oor die implikasies van wat gelees word (Smit, 2006:8). Veldsman (Hansen et al., 2011:123) verwys na drie motiewe van deurslaggewende belang vir die stelselmatige lees van die Bybel: die roeping van Christene, die feit dat die Christen anders as die natuurlike mens leef en dat die hart van die roeping in die hart van God geleë is. Hierdeur word die stelselmatige lees konkreet in die leefwêreld van geroepe Christene.

Vanuit stelselmatige denke, waar die verlede en die hede mekaar ontmoet, kom die etiese ter sprake (Smit, 2006:8):

> Dit dink na oor die uiters aktuele[,] maar tegelyk hoogs omstrede storie aangaande die relevansie van die Bybel vir die Christelike lewe, vir die normaal, vir wie ons is, hoe ons leef en wat ons doen. Vir baie lesers verwoord dit waarskynlik hulle mees dringende vrae rondom die Bybel … Ons is nie altyd seker hoe ons die Bybel behoort te gebruik in etiese sake, in ons morele en sedelike besluitneming en optrede nie.

Die etiese lees van die Bybel help die Christen om God se hart in die wêreld uit te leef. Dit word deel van die Christen se roeping om die Bybel as ’n outoritêre, betroubare, duidelike en volhoubare bron uit te leef. Hierdie etiese kwessie word nie ’n individualistiese poging om te interpreteer nie, maar is ’n gesamentlike taak vir die gemeente om saam na die Gees van God te luister. Hierdie is nie altyd ’n maklike taak nie, maar wanneer die Bybel sentraal geplaas word, lei dit die gemeente van God (Hansen et al., 2011:123-125).

Laastens en baie toepaslik hier is die praktiese uitleef van die belewenisse uit die vorige drie bewegings. Smit verwys na verskeie beelde oor hoe die Bybel prakties toegepas word; die Bybel het steeds ’n praktiese rol om te vertolk.

Veldsman (in Hansen et al., 2011:126) beskryf Smit se hermeneutiese benadering as ’n ekumeniese-ekklesiologiese rasionele model. Veldsman ondersteun Smit se benadering grootliks, maar is versigtig vir ’n benadering waarin die ekumeniese kerk die gespreksgenoot in die hermeneutiese proses bly. Vir Veldsman (in Hansen et al., 2011:130) is een van Smit se weglatings krities: dat die hermeneutiese gesprek nie sonder die natuurlike wetenskappe kan plaasvind nie. Hy voer aan dat Smit se

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ekumeniese-ekklesiologiese rasionele model nie die moeilikste kwessies in mense se geleefde konteks in oënskou neem nie. Vir Veldsman kan ons nie die kontemporêre uitdagings van die fisieke-biologiese wetenskappe in ons hermeneutiese prosesse ignoreer nie. Ons moet verby Smit se model beweeg en in samewerking met ander belangrike stemme soek na ’n verantwoordelike uitleef van ons Christelike waardes en norme.

Deel van my fokus is om ’n praktiese model te soek om gereformeerde lidmate te bemagtig om van hulle roeping buite hul eie gemaksones bewus te word. Ek vind aanklank by Smit se hermeneutiek en dit dien vir my as ’n antwoord op die afwatering van die Bybel in ’n induktiewe, kontekstuele benadering. Deur erns te maak met mekaar se begrip van die Bybel, help ons om induktief na Bybelse riglyne te soek. Ek neem Veldsman se kritiek ter harte, maar redeneer dat ons soortgelyk erns kan maak met die realiteit van die sekulêre wêreld se uitdagings.

Ten slotte keer ek weereens terug na Dames (2014) se benadering tot die kulturele konteks en die Skrif. Dames (2014:37) kritiseer die modernistiese, Westerse benadering tot die Skrif en konteks, juis, omdat dit die kontekstuele, eksistensiële onderdrukking en swaarkry van mense ignoreer deur ’n toekomstige hoop op die hemel te verkondig.[87] Die benadering slaag nie daarin om deur die Evangelie die geleefde konteks van onderdruktes te verander nie. Dames (2014:38) meen dat ware kontekstualiteit erns maak met werklike omstandighede, baie soos wat Jesus in Sy bediening op aarde gedoen het. Hiervoor is hermeneutiese gemeenskappe nodig, waar die Evangelie die gemeenskap se omstandighede verander. Volgens Fick gaan dit dan oor gemeenskappe wat in liefde na verandering strewe, gemeenskappe wat met die swaar van die onderdruktes erns maak. Die rol van die kerk is om nuwe gemeenskappe te skep, gemeenskappe wat die gaping tussen *[l]iving in the world and living in a faith community* (Dames, 2014:49) kan oorbrug.

[87] Nie alle Westerse teoloë kan hiervan beskuldig word nie. Verskeie teoloë, waaronder iemand soos Jurgens Moltmann, skryf baie oor die swaarkry van die onderdruktes; *Only where righteousness becomes creative and creates right both for the lawless and for those outside the law, only where creative love changes when is hateful and deserving of hate, only where the new man is born who is oppressed nor oppresses others, can one speak of the true revolution of righteousness and of the righteousness of God* (Moltmann, 1993).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.3.2.3 Gereformeerde teologie en konteks

Hansen (in Smit, 2013:3) beklemtoon die etiese diversiteit van gereformeerdheid,[88] aangesien gereformeerde geloof nog altyd vergestalting in die morele, openbare en politieke lewe gevind het. Dit het tot gevolg dat gereformeerde teologie nog altyd selfondersoekend was in terme van 'identiteit' en 'grense' (Smit, 2013:4). Van tyd tot tyd moes gereformeerde teologie nie net selfondersoekend wees nie, maar ook selfkrities.

De Gruchy (1991:34), byvoorbeeld, is krities teenoor die stand van gereformeerdheid in die destydse apartheidskonteks en voer aan dat die probleem nie soseer met Calvinisme was nie, maar eerder met 'n gereformeerde teologie in Suid-Afrika. Volgens Smit (1992) help De Gruchy (1991) ons om krities oor die verhouding tussen gereformeerde teologie en die bevrydingsteologie te wees; moedig hy juis 'n gesprek tussen die twee aan.

Smit (2008:263-268) verhelder hierdie tema van gereformeerdheid en konteks in 'n artikel, *What does it mean to live in South Africa and to be Reformed*? Hy gebruik as vertrekpunt dat gereformeerdheid in Suid-Afrika as 'n storie van baie stories beskryf kan word in, onder andere, die bevrydende stryd in apartheid en daarna. Hy verwys hier na verskeie teoloë, onder andere De Gruchy (1991), se gevoel dat gereformeerdheid in Suid-Afrika juis beteken om met die interne omstredenheid van apartheid gekonfronteer te word. Gereformeerdheid het hier die potensiaal om in alle opsigte te bevry, maar moet in Suid-Afrika ook self bevry word van baie kontemporêre kontekstuele kragte en magte.

Smit verwys ook na die waardevolle insigte van Willie Jonker (2008:268). Jonker argumenteer dat drie kragte histories die NG Kerk-karakter in Suid-Afrika bepaal het: die gereformeerde dogmatiese erfenis, 'n piëtistiese spiritualiteit en 'n nou verband met die Afrikanerkultuur. Die poging om al hierdie kragte in toom te hou, het waarskynlik veroorsaak dat die Kerk apartheid geregverdig het en daardeur, meestal deur hierdie kragte eerder as gereformeerdheid, gedryf is. Sedert die val van apartheid het die NG Kerk grootliks van die openbare teologie onttrek en in dié opsig weereens aan die gereformeerde wortels ontrou geraak.

[88] Sowel as ander kenmerke deur die eeue, soos die sosiale, linguistiese, kulturele, konfessionele, hermeneutiese, ekklesiologiese en historiese diversiteit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Laastens help Smit (2008:269) ons om te ontdek dat die manier hoe ons gereformeerdheid verstaan, meer sê oor ons sosiale konteks, menslike belangstellings, stryd om mag, bevoorregte posisies, politieke oortuigings en kulturele praktyke as oor gereformeerd wees self.[89] In Suid-Afrika was daar nog altyd ’n groot kloof in onder meer sosiale kontekste, magsposisies en kulturele praktyke. Die gereformeerde leer behoort hierdie gapings ernstig op te neem. Fourie (Hansen et al., 2011:236) redeneer dat een van die sterk punte van die gereformeerde leer, nog altyd was om saam met ander te werk. Hy voer aan dat gereformeerde kerke steeds ’n groot rol in Suid-Afrika kan speel, veral deur ruimtes te skep waar die stemloses gehoor kan word. Die kerk sal moet leer om groepe in en buite die kerk die geleentheid te gee om vanuit hulle kontekste te praat. In dié opsig kan gereformeerde teologie wel prakties en kontekstueel wees.

Dit raak vir my duidelik dat ware gereformeerdheid nie anders kan as om die konteks ernstig te neem nie. In Suid-Afrika is ons gereformeerde uitdaging juis om opnuut erns met ons konteks te maak, veral vanuit ons historiese rol. Om ’n balans te vind tussen die hermeneutiese gesag van die Skrif en die geleefde konteks van mense, blyk die grootste uitdaging te wees.

2.4 Praktiese teologie as ‘pastorale teologie’

Die laaste baken op my reis deur die onbekende is om praktiese teologie vanuit ’n pastorale perspektief te benader. In die lig van my vorige hoofbakens – ’n bevrydende en kontekstuele perspektief en my fokus op die Afrikaanssprekende gereformeerde lidmate se roeping – is ek sensitief vir die ontnugtering wat so ’n studie in lidmate se lewens sou kon veroorsaak. Baie van die teologiese oordenking, soos reeds gedoen, sou maklik konfronterend en krities kon voorkom. Daarom kies ek ’n praktiese teologie wat sensitief is vir die gemeenskap van waaruit ek my studie benader, sonder om onsensitief te wees teenoor die gemeenskappe waarheen die studie wil beweeg. McClure (in Miller-McLemore, 2012:274) verklaar, soos volg:

[89] Smit se in-diepte skrywe verwys na vier oortuigings wat nog altyd deel was van ons gereformeerde teologie, ten spyte van die tekortkominge: ’n belydende kerk, ’n geleefde kerk, ’n kerk wat kontemporêre uitdagings moet hanteer en ’n kerk wat geloofwaardig getuig in lewe en praktyk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *In the last 20 years, pastoral care has benefitted from various fields of analysis, including race and gender theory, sociology, and cultural studies. Three distinct developments represent the most significant changes as pastoral care moves into the twenty-first century: (1) the move away from the model of care for an individual by ordained professionals toward the model of care for the community and its members by the community and its members; (2) the development of pastoral care as a public theology; and (3) strategic participation rather than personal insight as the final goal.*

Ter aansluiting by Dames (2014) se gedagte van hermeneutiese gemeenskappe, móét ek hier aandui dat ek praktiese teologie as pastoraal met ’n intensiewe fokus op gemeenskappe verkies, met sterk gefokus op kontekstuele teologie. ‘Pastoraal’ vind nie net op ’n een-tot-een vlak met ’n sterk fokus op individualistiese genesing plaas nie, maar word in en deur gemeenskappe beoefen. Dit het ook ten doel om in ’n openbare sfeer genesing en bevryding vir onderdruktes te bewerkstellig. Daar is dus duidelike ooreenkomste met bevrydingsteologie.

Ward (2017:9) redeneer dat pastorale teologie, nog altyd deel was van praktiese teologie:

> *So[,] while there are the traditional theological disciplines of biblical studies, church history, Christian ethics, and systematic theology, there is also a way of doing theology that arises from and seeks to inform the pastoral practice of the church. Those who adopt this pastoral perspective do biblical studies and systematic theology and so on, but they do them in a distinctive way. They foreground the questions and issues that come out of their ministry. So[,] the pastoral perspective involves a kind of theology that tries to critique and inform the pastoral practice of the church.*

McClure (in Miller-McLemore, 2012:270) beklemtoon dié gedagte en beskou pastorale teologie as ’n onderafdeling van praktiese teologie wat wil help om liefde vir God en medemens in omstandighede van nood en swaarkry te beklemtoon. (Ek brei uit oor die pastorale siklus as raamwerk in Hoofstuk 3 onder metodologie.) Ek wil egter

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sensitief wees vir die konteks van lidmate wat bemagtig moet word en mense na wie hulle gestuur gaan word.

Samevattend kies ek ’n benadering tot praktiese teologie wat ek graag wil verwoord as ’n Bevrydende, Kontekstuele, Pastorale Praktiese Teologie. Hierdie beskrywing dien as die hoofbakens op my reis deur die onbekende. Prakties kom hierdie bakens nie elk weer afsonderlik in die res van die studie na vore nie, maar die hoop is dat die studie selfondersoekend kan wees in die laaste hoofstuk en teologies sal kan verwoord hoe hierdie bakens rigtinggewend was in die soeke na gereformeerde roeping.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3: Om die onbekende empiries te ontdek

3.1. Inleiding tot empiriese navorsing

Na deeglike nadenke word praktiese teologie in hierdie studie gedefinieer as 'bevrydend', 'kontekstueel' en 'pastoraal'. Die doel van hierdie afdeling is om empiriese navorsing, as 'n deurslaggewende deel van praktiese teologie, te beskryf om sodoende my rol as navorser te verstaan en verantwoordelik na te kom. In Hoofstuk 2 is aangedui dat die bemagtiging van lidmate, ten opsigte van gereformeerde roeping in 'n postapartheid-konteks, in wese 'n prakties teologiese uitdaging is. Om hierdie praktiese verantwoordelikheid na te kom verg beplanning, voorbereiding en navorsing. Om in die onbekende oerwoud in te stap, sonder om voorbereid te wees, is eerstens onverantwoordelik en tweedens onprakties. Goeie empiriese navorsing is van kardinale belang as die onbekende met vertroue en waagmoed aangedurf gaan word. Om die konteks te verstaan is daarom een van die groot take van empiriese navorsing en ook die aanknopingspunt vir hierdie afdeling.

3.2. Die belangrikheid van konteks met betrekking tot empiriese navorsing

Die belangrikheid van konteks is reeds deeglik in die verklaring van praktiese teologie bespreek. Om net weer 'n oomblik oor die belangrikheid van konteks na te dink is sinvol, aangesien empiriese navorsing juis in bepaalde kontekste geskied. Vir Conde-Frazier (2011:234) is praktiese teologie:

> *a constant 'doing' in the world, a fluid and flexible theology rather than something solid or 'well-built'. It is always in the process of coming and becoming. As such, it is a vocational work in which our purpose for being in the world is related to the purposes of God.*

Ward (2017:140) help met hierdie roepingsbewustheid, deur die praktiese taak van navorsing koppel aan die taak van die Evangelie. Die Evangelie behoort in die konteks van 'n sekere kultuur verkondig te word, maar behoort ook terselfdertyd krities teenoor die spesifieke kultuur te wees. Daarom is praktiese werk in spesifieke kontekste meer as net sinvol; dit is deel van ons roeping, want in hierdie werking in die wêreld ontmoet ons God as die aktiewe, werkende God. Heimbrock (2011:153) ondersteun hierdie grondvlakwerking van praktiese teologie wat teologie beskryf as *a passionate*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

intellectual participation and engagement in life. Vir Heimbrock is enige interaksie met geloof ‘n ontmoeting met die kultuur, die lewe en realiteit; ‘n gedurige beweging tussen nadenke en praktyk. As nadenke nie aanleiding gee tot praktiese toepassing nie, sal dit nooit meer as net ‘n afgetrokke begrip wees wat selde bydra tot die bevryding van menslike ongeregtigheid nie.

Op plaaslike vlak is daar ‘n sterk beweging om praktiese teologie te bevry van die suiwer fokus op dogma en teoretiese nadenke (Theron, 2015:1). Dreyer (2011:512) bevestig hierdie mening:

> *The use of empirical methods in practical theological research has become standard practice internationally and also in South Africa. The multidisciplinary model, in which practical theologians make use of the empirical results of other (mostly social-scientific) disciplines, was dominant until the 1980s. Since then[,] the model of intradisciplinarity in which practical theologians generate their own data (Van der Ven, 1993) has gained favor.*

In Suid-Afrika kry gebiede van aksienavorsing en narratiewe studies veral voorkeur. As navorser wil ek by Ward (2017) se verwysing aansluit dat empiriese navorsing deel is van ons roeping; daarom vorm dit ‘n noodsaaklike deel van hierdie studie.

3.3. Geleefde konteks: empiriese navorsing as deel van die normale lewe

Die twee woorde in empiriese navorsing, ‘empiries’ en ‘navorsing’, behoort afsonderlik gedefinieer te word. Die HAT (2010:215) beskryf ‘empiries’ as die ervaringskant van die wetenskap; dit wat met proefneming of ervaring te doen het. Die Griekse term *εμπειρικά* (navorsing) beskryf dit as *trial and error*, ‘n bevestiging van die proefnemingskant van die wetenskap.

Mouton en Marais (1990:159) beskryf ‘navorsing’ as: “’n [G]emeenskaplike aktiwiteit waardeur ‘n bepaalde verskynsel in die werklikheid op ‘n objektiewe wyse bestudeer word ten einde ‘n geldige begrip van die verskynsel daar te stel.” Navorsing is

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hiervolgens ‘n bepaalde manier van ondersoek waardeur die konsep van wetenskap tot stand kom.[90]

Gesamentlik verwys ‘empiries’ en ‘navorsing’ na die objektiewe bestudering van die ervaringskant van die wetenskap, dus ‘empiriese navorsing’. Empiriese navorsing se rol in hierdie studie is juis dit – om op ‘n wetenskaplike manier oor die roepingservaring van gereformeerde lidmate na te dink, om sodoende ‘n objektiewe perspektief te formuleer wat moontlik tot die begeleiding van lidmate in hulle unieke kontekste kan bydra. ‘n Diep begeerte om deel van God se aktiewe werking in die lewens van Sy kinders te wees, dryf hierdie doel. Dus, ‘n saak van liefde, ‘n wesenlike konsep wat Ward (2017) ondersteun.

Hy (Ward, 2017:153) voer aan dat intense liefde vir Christus die dryfveer agter empiriese navorsing behoort te wees. Hy sluit by Osmer (2008) se gedagte van ‘priesterlike luister’[91] aan en meen dat hierdie soort luister by die liefde van Christus begin. Deur Christus se liefde kry alle Christene, nie net navorsers en predikante nie, dit reg om waarlik na ander te luister.

Om ‘n navorser te wees beteken om so na ander te luister dat die Heilige Gees self gemeenskap vestig – gemeenskap van wedersydse respek en openheid, ‘n Geesvervulde ontmoeting wat tot nuwe insigte lei (Osmer (2008:L435).

Osmer (2008:L439) noem die vermoë om so te luister ‘n spiritualiteit van priesterlike teenwoordigheid. Dit is moontlik om so taakgeoriënteerd te wees dat gemeenskap met ander slegs vanuit ‘n plek van verantwoordelikheid gebou word. Vol programme en vooropgestelde idees kan maklik veroorsaak dat iemand luister sonder om waarlik teenwoordig te wees. Om hierdie gees van afwesigheid te vervang met ‘n spiritualiteit van teenwoordigheid is vir Osmer (2008:L448) *a matter of opening ourselves to the forming and transforming Spirit of God who remakes us in the image of Christ within his body. Unless we first learn to attend, we cannot really lead*. Indien die intense liefde van Christus ons beweegrede is, sal daaglikse verantwoordelikhede herskep word in geleenthede om God Drie-enig toe te laat om gemeenskap te skep; gemeenskap wat

[90] Marais (in McLean, 2012:249) voeg by: *Research: The uncovering of the truth about a phenomenon (and/or its relationship with other phenomena) by means of scientific methods*.

[91] *It requires entering the situation of others through personal contact, listening, tending, and empathetic imagination. It then moves upward to God, placing their needs and concerns before God in prayer on their behalf. This twofold movement reflects the pattern of the priestly office of Jesus Christ* (Osmer, 2008:L456-458).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ons toelaat om ander so te bemagtig dat hulleself na die beeld van Christus herskep word.

Vir Ward (2017:154) is empiriese navorsing eintlik ‘n meer gefokusde manier om die daaglikse bediening van alle Christene te beoefen. Die gedagte van gefokusde luister raak baie toepaslik vir hierdie studie, veral met die oog op lidmaatbemagtiging. Nie net navorsers, predikante en geestelike leiers kan dus empiriese navorsing beoefen nie, maar gewone lidmate sou, met die regte ‘verstaan’ van gefokusde luister, ook kon bydra tot die omvorming van mense in hulle geleefde konteks.[92]

Die gekose navorsingsmetode van semi-gestruktureerde onderhoude aard baie goed hier.[93] Iewers tussen die informele daaglikse luister tussen familielede, vriende, predikante en gemeentelede,[94] en die akademiese gebied waar navorsers, georganiseerd, gebeurtenisse, situasies en kontekste evalueer, vind ons die semiformele waar ‘n mate van struktuur aan priesterlike luister gebied word. ‘Semiformeel’ nie so formeel soos die navorsers se metodiek nie, maar nie so informeel soos die terloopse gesprek in die winkelsentrum nie. Dit kan dissiplines, soos die hou van ’n dagboek, gereelde omgeegroepe of kantoorvergaderings insluit. Die metodiek bied ‘n ideale ruimte vir navorsers om meer informeel met die daaglikse lewens van gewone lidmate erns te maak, maar terselfdertyd inligting vir meer formele onderrig in te samel. Hierdie metodiek is meer as net ‘n navorsingsmetode, maar bied die geleentheid om gewone lidmate toe te rus om priesterlik te luister en sodoende hulle roeping uit te lewe.

Die idee van informele navorsing herinner daaraan dat Christene eintlik reeds besig is met ‘n wyse van empiriese navorsing deur net aan God getrou te wees. As praktiese teoloog is hierdie gedagte krities vir die navorsingsmetode van hierdie studie. Alhoewel hierdie studie praktiese teologie bestudeer, is die navorsingsaspek[95]

---

[92] Sou gefokusde luister moontlik deel kon vorm van die praktiese manier waarop lidmate toegerus kan word om hul roeping in ‘n postapartheid-konteks uit te leef? Is deel van ons uitdaging moontlik om ons vooroordele oor ander eenkant te sit, sodat God se Gees ons kan leer om waarlik te luister en so ons roeping uit te leef? Hierdie vraag vorm deel van die studie se empiriese navorsing en sal veral onder die gekompliseerdheid van ons postapartheid-konteks in Hoofstukke 4 en 5 bespreek word.

[93] Die metode word later in die afdeling onder kwalitatiewe navorsing in diepte bespreek.

[94] Dit is nié alledaagse luister wat hier beskryf word nie, maar *an orientation of openness, attentiveness, and prayerfulness [that] is nurtured by our participation in spiritual disciplines that help us attend to others within the presence of God* (Osmer, 2008:L491-492).

[95] Hier word spesifiek na die studie se praktiese deel verwys. Die teoretiese hoofstukke geld volgens my ook as kwalitatiewe navorsing, waardeur die teks as verrykend tot die praktiese toetsing van die teoretiese data gesien word. Die gedagte word in diepte in Hoofstuk 7 bespreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

waarskynlik nie veel meer as wat Ward (2017:156) beskryf as ‘n ‘kleinskaalse navorsingsprojek’ nie. Hy verwoord dit, soos volg:

> *Small-scale research is an ideal way to begin to research communities. Christian communities share a common life as they participate together in worship and social action. There are theological differences between communities and also within communities. Small-scale research projects are a way for practical theologians to investigate aspects of the life of a community. This can lead to a theological evaluation of the strengths and the possible problems that might form part of the congregation’s life.*

Hierdie studie wil juis ‘n teologiese probleem ondersoek, een wat die roepingsbewustheid van gereformeerde Christene bevraagteken.

3.4. Wetenskaplike boustene in empiriese navorsing

3.4.1. Inleiding

Aan die begin van hierdie hoofstuk het ek opgemerk dat ek verantwoordelik wil omgaan met die terugvoer oor my ervaring wanneer ek deur die onbekende bos beweeg. Om ‘n akkurate prentjie van my eie belewenis te skilder, sodat ander self kan waarneem en ‘n soortgelyke ervaring kry, is wat my betref die toets van ‘n geldige studie. Dit vra deeglike kommunikasie oor waarnemingsprosesse, metodes van data-invordering en terugvoer oor wat ervaar is. Creswell (2007:15) bevestig hierdie strewe en redeneer dat:

> *[Good] research requires making these assumptions, paradigms, and frameworks explicit in the writing of a study, and, at a minimum, to be aware that they influence the conduct of inquiry.*

Rudolph (2019:81) beskryf hierdie keuses as ‘n belangrike navorsingsraamwerk om ‘n praktiese en etiese studie aan te pak. Ek moet ‘n soortgelyke raamwerk kies, een wat my in my strewe kan lei om aan die vereistes van goeie empiriese navorsing te voldoen. Die basis van dié raamwerk leen ek by Rudolph (2019:83), maar maak sekere aanpassings, wat aansluit by dit wat in Hoofstuk 2 bespreek is. Dit is vir my belangrik dat daar ooreenkomste moet wees tussen hoe ek praktiese teologie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verstaan en die navorsingsraamwerk. In die omskrywing van empiriese navorsing is reeds na die drie kante van praktiese teologie verwys: kontekstueel, bevrydend en pastoraal. Die raamwerk moet daarom, belangrik, al drie hierdie kante in oënskou neem. Die raamwerk lyk, soos volg:



Figuur 3.1: ‘n Kwalitatiewe, empiriese navorsingsraamwerk.

Ek plaas eerstens my raamwerk in ‘n kwalitatiewe raam.[96] Die keuse van ’n kwalitatiewe of ’n kwantitatiewe benadering beïnvloed latere keuses direk. (Ek verduidelik later my keuse.)

Die volgende vlak in die raamwerk is gebaseer op die pastorale siklus, soos Osmer (2008:L91) uiteensit. Die siklus word veral toegepas in pastorale begeleiding op verskeie gebiede, soos Osmer (2008) verduidelik:

[96] Alhoewel baie van die bronne met filosofiese vertrekpunte begin, is dit vir my makliker om eers onderskeid te tref tussen die soort navorsing wat gedoen gaan word. Nadat die keuse gemaak is, kyk ek na hoe hierdie keuse die ander beïnvloed.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *I make no claim to originality in my description of these tasks. While the terms may differ, something like each of them is taught in clinical pastoral education, doctor of ministry courses, and courses on preaching, pastoral care, administration, Christian education, and evangelism in schools of theology. Moreover, pastors and church leaders carry out these tasks in ministry.*

Een van die praktiese uitkomste van hierdie studie is om lidmate van die betrokke gereformeerde kerke pastoraal te begelei om nuut oor hulle roeping te dink. Die pastorale siklus kan my help om die regte vrae te vra, sodat nuwe praktyke pastoraal gevestig kan word. (Ek bespreek die pastorale siklus later kortliks.)

Dit lei my na die binneste boublokke van die raamwerk. Verskeie teoloë bied hier weergawes van elemente wat saamgegroepeer word om sodoende die boustene vir goeie empiriese navorsing te bied. Crotty (2005:2) identifiseer twee vrae wat aanvanklik in die navorsingstudie beantwoord moet word. Die eerste handel oor die metodologie en metode wat aangewend word, terwyl die tweede belangstel in die verdediging van hierdie keuse en fokus op epistemologie en teoretiese vertrekpunte. Dit los ons dan met vier elemente wat ingekleur moet word: epistemologie, teoretiese vertrekpunte, metodiek en metode. Crotty (2005:4) se uitbeelding help om hierdie proses beter te verstaan:



Figuur 3.2: Crotty se vier elemente van praktiese navorsing.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Rudolph (2019:83) het onlangs Crotty (2005) se indeling baie sinvol aangewend deur na die vier elemente as boustene te verwys wat die wetenskaplike keuses te definieer.

Ek maak verskeie keuses in elk van die vier elemente, keuses wat my strewe tot ‘n verantwoordbare, kwalitatiewe empiriese studie aanmoedig. Twee sake wat in ag geneem sal word met die maak van hierdie keuses is die laaste twee kante van my definisie vir praktiese teologie: konteks en bevryding. Dit sal aansluit by die pastorale siklus om my sodoende riglyne te bied om die onbekende bos-ervaring so verantwoordbaar te ondersoek dat dit die konteks en moontlike bevryding van ou gewoontes sal verhelder.

Ek bespreek in die volgende drie afdelings die volgende gedeeltes van die raamwerk:

- kwalitatiewe teenoor kwantitatiewe navorsing;
- die pastorale siklus; (en)
- die wetenskaplike boublokke.

3.4.2. Kwalitatiewe teenoor kwantitatiewe navorsing

Belangrik vir hierdie afdeling is om die keuse van ‘n kwalitatiewe of kwantitatiewe navorsing te verantwoord. Empiriese navorsing word grootliks in twee hoofkategorieë verdeel: kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing (Ward, 2017:156).[97] Ward beskou enige navorsing wat grootliks met getalle te doen het[98] as kwantitatiewe navorsing,[99] terwyl enige navorsing wat nie op getalle fokus nie gedefinieer word as kwalitatief.[100]

Silverman (2020:6) beklemtoon die kompleksiteit in die poging om te onderskei tussen die twee vorms van navorsing, ‘n gedagte wat Mouton en Marais (1990:163) bevestig deur ‘n baie breër definisie daaraan te gee. Hulle bespreek die twee teorieë in terme van ‘n kontinuum – kwantitatiewe benadering aan die een kant en kwalitatiewe

[97] Vergelyk Cameron en Duce (2013:14).

[98] Silverman ondersteun nie noodwendig hierdie gedagte nie. Getalle kan byvoorbeeld ook vir kwalitatiewe navorsing aangewend word. Die onderskeid lê op ‘n veel dieper vlak (Silverman, 2020:6).

[99] *Research that approaches phenomena from an outsider’s perspective to explain and predict the phenomenon under study in isolation; this approach uses numerical indicators of abstract concepts* (Marais, 2012).

[100] *Research that approaches phenomena from the insider’s or subject’s perspective to understand it in its natural context; this approach uses qualitative indicators such as words, stories, pictures and other communicative representations as non-munerical symbolic information on phenomena* (Marais, 2012:249).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

benadering aan die ander. Die kontinuum fokus veral op drie komponente van navorsing: konsepte, hipoteses en waarnemings.[101]

3.4.2.1 Konsepte

Die mees elementêre taalkundige konstrukte waardeur die mens die werklikheid klassifiseer en kategoriseer, word as konsepte beskou (Mouton & Marais, 1990:160). Silverman (2020:491) definieer konsepte as *clearly specified ideas deriving from a particular model, used by researchers to understand a particular phenomenon*.

Die mens gebruik konsepte om verstandelike groeperinge van objekte, gebeure en inligting te vorm (How Are Concepts Formed? s.a.). Indien ek verwys na die konsep ‘hemp’, dan vorm daar ‘n bepaalde beeld in die hoorder se gedagtes. Die kleur, patroon en kwaliteit van die hemp kan verskil, maar die konsep ‘hemp’ groepeer ‘n produk as deel van ‘n bepaalde groep: dit is maklik om ‘n hemp te onderskei van ‘n broek. Die doel van konsepte is om ('How Are Concepts Formed', s.a.):

- inligting te groepeer (‘n boek bestaan uit papier wat saamgegroepeer is met byvoorbeeld bladsynommers en ‘n indeks);
- assosiasies te maak (byvoorbeeld ‘n woordeboek, handboek en storieboek vorm subkategorieë van die konsep ‘boek’);
- die verwerking van gedagtes te versnel (deur myself voor te stel as Thys en daarna na myself as ‘ek’ te verwys. ‘Ek’ versnel die proses van kommunikasie. Voornaamwoorde soos ‘ek’ is konsepte wat nie elke keer verduidelik hoef te word nie); (en)
- optrede en aksies te begelei (jou konsep van ‘stoel’ help jou om te besef dat jy kan sit; jy hoef nie elke keer te leer waarvoor stoel gebruik word nie).

Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsers benader en stel konsepte verskillend saam. Vir die kwalitatiewe navorser is konsepte dikwels oop vir interpretasie, daarom word dit beskou as “betekenisvolle woorde wat self in eie reg ontleed kan word om sodoende tot verdieping van die begrip oor ‘n bepaalde verskynsel te kom” (Mouton & Marais, 1990:164). Konsepte, soos kwalitatiewe navorsers dit formuleer, sal waarskynlik ryker betekenis dra as die van kwantitatiewe navorsing.

[101] Vergelyk ook Marais (2012:250), wat opmerk dat ‘n vierde komponent van navorsing sedertdien bygekom het: kommunikasie van die bevindinge.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die kwantitatiewe navorser se keuse in konsepte sal meer aanwysend wees, aangesien so ‘n navorser “sal probeer om sy konsepte so te kies, of selfs te skep, dat daar slegs een en net een betekenis aan daardie woord geheg kan word” (Mouton & Marais, 1990:164). Die navorser sal vooraf hierdie spesifieke betekenis in die navorsing self moet definieer.

Opsommend word kwalitatiewe konsepte beskou in terme van surplus betekenis, terwyl kwantitatiewe konsepte eenduidige betekenis het. ‘n Toepaslike voorbeeld in hierdie studie is die gebruik van die term ‘postapartheid-Suid-Afrika’. Vir die kwalitatiewe navorser sal die konsep baie oper betekenis hê, terwyl ‘n kwantitatiewe studie ‘n baie enger, spesifiek saamgestelde beskrywing van die konsep sal formuleer. Hoe konsepte benader word in dié studie, is bepalend in die keuse tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing.

3.4.2.2 Hipoteses

Hipoteses word beskryf as die vermoedes, verwagtinge of stellings oor verwagte bevindinge; dit wat verwag kan word met die studie of projek (Mouton & Marais, 1990:160). Lavrakas (2008:2) verdiep die waarde van hipotese deur die fokus op die geleefde kontekste van mense te plaas:

> *A research hypothesis is a specific, clear, and testable proposition or predictive statement about the possible outcome of a scientific research study based on a particular property of a population, such as presumed differences between groups on a particular variable or relationships between variables.*

Met kwantitatiewe navorsing word die hipotese, met ander woorde, die uitkomste wat verwag word, vooraf geformuleer en so saamgestel dat dit deur die navorsing self verwerp of bevestig kan word. Die hele navorsing draai met kwantitatiewe navorsing om die hipotese en word verduidelik in die vorm van ‘n navorsingsvraag (Mouton & Marais, 1990:164), wat die navorsing dan toets (Silverman, 2020:6). Lavrakas (2008:2) beskou die hipotese van ‘n kwantitatiewe projek as *one of the most important steps in planning a scientific quantitative research study*, aangesien die hele ontwerp beplan word oor die navorsingshipotese.

Aan die ander kant van die kontinuum benader kwalitatiewe navorsers hipotese as ‘n algemene navorsingsdoel. Hierdie vae benadering is oper en dikwels ontbreek ‘n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hipotese selfs, alhoewel Silverman (2020:6) meen dat hipoteses meer en meer deel word van kwalitatiewe navorsing.[102] Met hierdie benadering is dit ook moeiliker om ‘n navorsingsbevinding te verwerp of te vervals en bepaal die projek self die uitkomste. Mouton en Marais (1990:166) verwys verder na die “vry komplekse en diepgaande probleme” waaroor kwalitatiewe navorsing handel en dat dit dikwels onregverdig sou wees om simplistiese empiries-geskoeide hipotese te verwag. Salkind (2010:1160) verduidelik, soos volg: *Because a variety of different methods fall within the scope of qualitative research, it is difficult, even dangerous, to make generalizations about designs*.

Een van die kenmerke van kwalitatiewe navorsing is juis dat dit minder struktuurvas as kwantitatiewe navorsing is. ‘n Navorsingsprojek kan egter selde aangepak word sonder ‘n onderliggende rigtinggewende stelling wat die navorser probeer bewys. By die meeste kwalitatiewe studies is hipoteses wel aangedui. Die formulering is net oper en interpreteerbaarder as met ‘n kwantitatiewe studie wat meestal ‘n duidelik ja of nee antwoord het. In hierdie studie ontbreek ‘n geformuleerde hipotese wel. Die rede hiervoor lê in my verwagte uitkoms. Ek is soekend na kennis wat kan help om gereformeerde lidmate te bemagtig om meer betrokke te wees in veranderende omstandighede. Ek het vermoedes, maar nie ‘n rigiede verwagting van wat die uitkoms gaan wees nie. My benadering is dus oop en my afleiding is dat ‘n hipotese my sal bind tot die bevestiging of verwerping van my navorsingsvraag.

3.4.2.3 Waarnemings

Die derde komponent, waarneming, is volgens Mouton en Marais (1990:166) die vermoë om die werklikheid met die teoretiese veronderstelling in verbinding te bring. Silverman (2020:42) verwys na die teoretiese lense, geformuleer deur wetenskaplike konsepte, waardeur wetenskaplikes waarneem. Hy waarsku teen die subjektiewe natuurlike instink van die mens wanneer dit kom by waarneming; dat die lense gebruik deur wetenskaplikes nie noodwendig net as objektief beskou kan word nie; wat ook al waargeneem word, word meestal deur voorveronderstellings voorafgegaan. Die voorveronderstellings word in wetenskaplike terme as ‘teorieë’ beskryf met die

[102] Daar word egter steeds van kwantitatiewe navorsers verwag om met ‘n hipotese te begin, terwyl dit nie die geval is by kwalitatiewe navorsing nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

teoretiese lens wat waarskynlik bepaal hoe en wat jy waarneem. Daarom is waarneming selde reg of verkeerd met die navorsingsvraag wat die geldigheid bepaal:

> *The point is that none of these observations is more real or more true than the others. For instance, people are not essentially defined in terms of either their social characteristics (like gender) or their personalities (extrovert or introvert). It all depends on your research question. And research questions are inevitably theoretically informed* (Silverman, 2020:44).

Die vermoë om waarneming in te oefen en op te skerp is ‘n waardevolle eienskap van enige navorser, hetsy kwalitatief of kwantitatief. Die vermoë om die teorieë wat gevolg word op te skerp, is noodsaaklik vir die goeie invordering van inligting (Cameron & Duce, 2013:5).

Twee toepaslike punte om die verskillende benaderings tussen die waarnemings van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsers uit te lig is eerstens ten opsigte van waarnemingstrukture. Die kwantitatiewe navorser probeer gewoonlik om “’n bepaalde struktuur as’t ware oor die verskynsel te transponeer” (Mouton & Marais, 1990:167). Dit kan wees deur middel van byvoorbeeld ‘n stel kategorieë of gestruktureerde skedule vir onderhoude. Silverman (2020:17) waarsku dat vooropgestelde teorieë dikwels belangrike inligting in sosiale kontekste kan mis,[103] en dui daarop dat kwantitatiewe navorsing nie dikwels waarneming as metode aanwend nie, aangesien dit moeilik is om die konsep op groot hoeveelhede ingewinde data toe te pas (2020:46).

Die kwalitatiewe navorser se uitgangspunt is volgens Mouton en Marais (1990:167): “[D]at die verskynsel self moet spreek, dit wil sê die verskynsel moet, soos dit is, homself manifesteer en die navorser sal dit registreer.” Cameron en Duce (2013:5) voer aan dat selfs foute begaan in die waarnemingsproses aanvaarbaar is en kan bydra tot die diepte van die metodologiese bevindinge.

Die tweede punt gaan oor die betrokkenheid van die navorser in die waarnemingsproses. Kwalitatiewe navorsers is baie meer direk betrokke by die

[103] Silverman (2020:1.5-1.6) gee ‘n deeglike uiteensetting van die voordele en nadele van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing. Hy is nie gekant teen kwantitatiewe navorsing nie en hierdie opmerking bevestig slegs die vaste, soms rigiede struktuur van kwantitatiewe navorsing.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

waarneming en soms selfs direk betrokke by die proses, terwyl kwantitatiewe navorsers meer van buite na 'n proses kyk en staat maak op objektiewe waarnemingstelsels (Mouton & Marais, 1990:166).[104] Die meeste kwantitatiewe navorsers staan dikwels krities teenoor waarneming as navorsingsmetode, aangesien verskillende kwalitatiewe navorsers verskillende waarnemings sal maak. Hulle redeneer dat waarneming eintlik slegs as metode aangewend kan word by die voorlopige navorsingsgedeelte van 'n studie (Silverman, 2020:46).

Die onderstaande figuur (Mouton & Marais, 1990:166) help om die omvattende verskille in die verband te illustreer:

WAARNEMING	
KWALITATIEF	KWANTITATIEF
Subjektiverend en persoonlik beleef	*Objektiverend*
Navorser is betrokke in gebeure/verskynsels	Navorser bly afsydig
Spontaan en toevallige voorbeelde	Voorafbeplande observasie
Geskied op *nie*-gestruktureerde wyse	Waarnemings kan selfs skaleerbaar wees
Oop, sodat enige onverwagte gebeure geregistreer kan word	Meestal vooraf geïnventariseer; verwagte waarnemings reeds vooraf in kategorieë geplaas
Kontekstualiserend dit wil sê die konteks word verreken	Konteks word sover moontlik gekontroleer
Deelnemende waarneming as voorbeeld	Interaksieprosesanalise (IPA; Bales) as voorbeeld

Figuur 3.4: Waarneming: Verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings.

3.4.2.4 Samevatting

Opsommend word beide kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings as wetenskaplike navorsing beskou; solank as wat navorsing iewers op die kontinuum tussen

[104] Silverman (2020:17) bevestig die definisie deur die afwesigheid van kwantitatiewe navorsers in geleefde kontekste te kritiseer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kwantitatief en kwalitatief geplaas kan word, kan dit as geldig beskou word. Alhoewel dit beide funksioneer op verskillende vlakke en kwalitatiewe navorsing relatief oper en wyer is as kwantitatiewe navorsing, is daar baie ooreenkomste tussen die twee metodieke. ‘n Onbillike vraag sou wees of een beter of slegter navorsing is; beide het pluspunte en tekortkominge. Silverman (2020:7) beskryf die keuse, soos volg:

> *The choice between different research methods should depend upon what you are trying to find out. For instance, if you want to discover how people intend to vote, then a quantitative method, like a social survey, may seem the most appropriate choice. On the other hand, if you are concerned with exploring people’s life-histories or everyday behaviour, then qualitative methods may be favoured.*

Daar is opvallend baie oorvleueling tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Beide dien egter as dinamiese maniere om empiriese navorsing sinvol aan te pak en word as geldige benaderings tot wetenskaplike navorsing beskou. Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat dié studie se navorsing in die kwalitatiewe navorsingsveld aard.[105] Die surplus betekenis van konsepte, vloeibaarheid van wat ‘n hipotese moet bewys en die sterk fokus op geleefde konteks en onderhoude, bevestig hierdie keuse.

3.4.2.5 Kwalitatiewe navorsing as gekose metode

Kwalitatiewe navorsers behoort verantwoordelik te handel in die vloeibaarheid van die spesifieke veld. Salkind (2010:1160) beskryf hierdie vloeibaarheid, soos volg:

> *Qualitative designs are emergent and flexible, standing in stark contrast to quantitative research designs in which a hallmark feature is their fixed and predetermined nature. Qualitative work is sometimes characterized as ‘messy’, not because the researcher is sloppy but because the process is not strictly controlled and must be adapted to the realities of the environment. Designs often rest on inductive approaches to knowledge development. They may be value-driven, acknowledge the politics of the research endeavor, be attentive to power differentials in the community, and promote social justice or social change.*

[105] Creswell (2007:32) beskou kwalitatiewe navorsing as *legitimate in its own right and does not need to be compared to achieve respectability*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Silverman (2020:24) beskryf die vloeibaarheid van kwalitatiewe navorsing eerder as 'n intellektuele, diverse veld waarin navorsers baie verskillende metodes gebruik;[106] amper, asof kwalitatiewe navorsers verskillende tale praat.

As kwalitatiewe navorser is dit volgens Creswell (2007) se aanhaling deel van my taak om standpunt in te neem oor elk van hierdie aannames; te besef dat die keuse praktiese implikasies vir die ontwerp en uitvoering van my studie het.[107] Aangesien daar verskillende denkpatrone is in die benadering van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing, benader ek die ander twee elemente vanuit 'n kwalitatiewe perspektief. Die bril wat ek opsit om na die pastorale proses en die wetenskaplike boustene te kyk, is die van 'n kwalitatiewe navorser.

3.4.3 Die pastorale siklus

Die pastorale paradigma se wortels strek so ver terug as die ontstaan van modernisme (Osmer, 2011:2). In die konteks van modernisme was tradisionele tradisies nie meer voldoende nie.[108] Geestelike leiers moes aanpas en die kerk, sowel as die teologie, is uitgedaag om nuwe praktyke te vestig, gegrond op goeie, wetenskaplik-gegronde teorieë. Osmer (2011:2) meen dat praktiese teologie in hierdie moderne konteks gebore is en uitgedaag was om praktyke te vestig wat die reflektiewe praktyke van geestelike leiers kon fokus. Osmer (2011:2) is oortuig daarvan dat soortgelyke reflektiewe praktyke soveel meer noodsaaklik is in 'n 'post-Christendom, postmoderne, globaliserende wêreld'. Die pastorale siklus glo ek help om hierdie reflektiewe praktyke te vestig.

Die pastorale siklus begin, volgens Ballard (2011:168), *from the imperative of the present and moves through analysis to reflection and on to action*; 'n beskrywing wat

---

[106] Cameron en Duce (2013:29) beskryf metodes as die tegniek wat vir data-invordering, wat die navorsingsvraag help beantwoord, aangewend word.

[107] Vergelyk ook Crotty (1998:3).

[108] *The historical roots of this paradigm extend back to the advent of modernity in Europe and the various challenges it posed to traditional, medieval patterns of life, including religion. In the context of modernity, it was not enough for Christian leaders simply to hand on the traditions and practices of the past. Nor was it enough for theologians simply to hand on the Christian cultural heritage of the West along the lines of the liberal arts tradition of the Renaissance and Reformation universities. In both the church and academy, the challenge of developing new forms of Christian practice in a modernising world and providing good reasons to justify these practices was front and centre. It was in this context that practical theology first emerged as an academic discipline in the modern, research university. In the face of modernity, its task was to develop 'theories of practice' and 'rules of art' that might guide the reflective practice of the leaders of the church* (Osmer, 2011:2).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Moschella (2011:229) ondersteun. Sy beskryf die pastorale siklus as ‘n beweging tussen die praktyk, teorie en dan weer terug na die praktyk:

> *A pastoral ethnographer begins with theological reflection upon a local religious practice, then studies that practice, using reflexivity and ethical regard for the research partners, then analyzes and interprets his or her findings in light of the faith tradition, then shares these findings and interpretations back with the group. This dynamic process serves to inform the community’s conversation and potentially helps to spark new ideas and more liberative practices.*

As kwalitatiewe navorser is konteks vir my van deurslaggewende belang. Ek het my konteks reeds aangedui as die Saldanhabaai-munisipaliteit, wat verskeie klein dorpies insluit. Om uit te vind hoe gereformeerde lidmate worstel met hulle roeping in hierdie konteks, is een van die groot take van dié studie. In hierdie sin help die pastorale siklus met die formulering van etiese, toepaslike vrae wat in die praktyk getoets kan word. Die pastorale siklus fokus op vier pastorale vrae wat gedurig in gesprek met mekaar bly. Daarom word dit kragtens ‘n sikliese proses aangedui. Ek glo nie dat een vraag net op een spesifieke stadium gevra behoort te word nie, daarom is dit belangrik om, soos nodig, tussen die afsonderlike dele van die raamwerk rond te beweeg (Rudolph, 2019:83). Die praktyk en teorie werk heeltyd in op mekaar, daarom is dit nodig om die siklus beter te verstaan.

Ward (2017:96) beskou die pastorale siklus as so algemeen dat dit grootliks die hele veld van praktiese teologie definieer. Verskeie weergawes van die siklus is geformuleer, maar in wese is die sentrale gedagte ‘n struktuur waardeur oordenking tydens pastorale begeleiding verseker word. Die praktisyn beweeg deur verskeie fases met die siklus; elke fase is so ontwerp dat dit oordenking teweegbring wat omstandighede verhelder en selfs hervorm. Cameron, Bhatti, Duce, Sweeney en Watkins (2010:L490) beskou dit as *a model of action-reflection, through which wise change can be made*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ward (2017) gebruik ‘n historiese oorsig oor die ontstaan van die pastorale siklus.[109] Vir die doel van hierdie studie verwys ek kortliks na sekere teoloë se interpretasie van die siklus.

3.4.3.1 Cardinal Cardijn: Sien–Oordeel–Reageer

Cardijn word beskou as die teoloog wat die eerste formaat van die pastorale siklus ontwerp en geleer het (Ward, 2017:96; Cameron et al., 2010:L490). Die formaat volg in wese drie stappe: sien, oordeel en reageer. Ward (2017:96) beskryf dit, soos volg:

> *Seeing involves a thorough review of a concrete situation. What emerges from this review is then assessed, or brought to judgment, through the principles of Catholic teaching, and as a result, a plan for action is developed.*

Sands (2018:2) beskryf Cardijn se werk as ‘n metode wat veral baie goed onder bevrydingsteoloë bekend is.[110] Die kontekstuele vertrekpunte van die metode deur eers te sien, is krities. Deur die gemeenskappe waarin jy werk te verstaan, verseker dat jou sosiale geregtigheid navorsing, die wil en wense van die spesifieke gemeenskap verteenwoordig (Sands, 2018:3). Nadat jy genoeg inligting ingewin het om waarlik die ‘ander’ te verstaan, kan jy ‘oordeel’ oor die konteks. Hierdie oordeel is ‘n gesamentlike soeke na bevrydende uitkomste; nie iets wat die navorser alleen kan doen nie, eerder ‘n gemeenskaplike poging. Die oordeelfase word beskou as ‘n oomblik van hervormende oordenking, waardeur die onderdruktes van hulle omstandighede bewus word en taal ontwikkel om hiervan bevry te word (Ward, 2017:97). Die siklus word voltooi wanneer die oordenking tot aksie oorgaan. Die aksie het ten doel om die omstandighede van die mense wat onderdruk word te verander; om sosiale en geestelike bevryding te laat realiseer (Sands, 2018:4)

3.4.3.2 Die Kolb-siklus

Daniel Kolb het die Kolb-siklus in 1980 ontwikkel (Kolb, 1984:21). Kolb het geargumenteer dat mense nie alleen deur ervaring leer nie:

> *They need to go through a process of reflection and conceptualization before they are able to develop ways to transform their practice. To*

[109] Vir ‘n in-diepte kyk na die geskiedenis, kan Ward (2017:96) genader word.

[110] Ward (2017:97) skryf egter die beweging na bevrydingsteologie toe aan die werk van Paulo Freire, wat Cadjin se werk meer in geleefde kontekste toepaslik gemaak het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *facilitate this, he developed a model for experiential learning. The model takes the form of a cycle that encourages a continual reflective engagement with experience* (Ward, 2017:97).

Hierdie siklus bestaan uit vier fases, soos McLeod (2017) in Figuur 3.5 aandui.



Figuur 3.5: Kolb-siklus.

Die wes-oos-as staan bekend as die prosesseer-kontinuum, terwyl die noord-suid-as beskryf word as die persepsie-kontinuum. Die prosesseer-kontinuum het te doen met die praktiese benadering van ‘n taak, terwyl die persepsie-kontinuum die emosionele reaksie beskryf. Die onderrigproses benodig albei die kontinuums (McLeod, 2017).

Rondom die twee asse is ‘n siklusproses bestaande uit vier stappe (Ward, 2017:97):[111]

a) Konkrete ervaring – doen en ondervind (*feeling*);
b) Oordenkende waarneming – die proses van hersiening en besinning oor ervaring (*watching*);
c) Abstrakte konseptualisering – afsluiting en leer uit ervaring (*thinking*); en
d) Aktiewe eksperimentering (*doing*).

[111] Kolb (2014:104) beskryf hierdie vier fases met vier spesifieke woorde (in hakies aangedui).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kolb dra by dat mense deur gedurige oordenking toegerus kan word om uit hulle ervaring te leer (Ward, 2017:97). Hierdie is ‘n verdere toepassing van die pastorale siklus; deur die jare suksesvol aangewend om mense te leer.

3.4.3.3 Die aksie-refleksie-siklus

Alhoewel ek baie aanklank vind by hierdie metode van teologiese oordenking, val die aksie-navorsingsaspek hiervan buite die raamwerk van hierdie studie. Vir ‘n lang gedeelte van die studie het ek gepoog om aksienavorsing as metodologie aan te wend, maar het in die proses besef dat die fokus van aksie-navorsing buite die spektrum van my studie val. Ek verduidelik kortliks die rede vir my keuse teen aksienavorsing (TAR, *Theological Action Research*).

TAR het volgens Cameron et al. (2010:L899) baie gemeen met die ander weergawes van die pastorale siklus. Dit werk op die onderrig-, aksie-, ervaring- en refleksie-siklus, wat nie werklik van ander weergawes verskil nie.[112] Die onderskeie fases word verskillend uitgewerk. Cameron et al. (2010:L905) verduidelik dit, soos volg:

> *What makes TAR methodology distinctive is how each of the different stages of the method is worked out. For example, ‘experience’ is articulated and documented using an action research process and social science methods of gathering data. The experience of the practitioners is thus embodied in a text, shared for reflection both by the practitioners themselves and also, rather differently, by the ARCS team. This partnership of reflection, in teams, and across teams, is carried through in our method into the area of learning, where both practitioners and researchers identify significant learnings from their particular perspectives, and make suggestions for renewed action and theology. This shared and conversational approach is a significant feature of TAR …*

[112] Een van die werkswyses van aksienavorsing is dat dit met die vier-stemme-teorie werk: *It sees practice as one of the places in which theology is disclosed. Actions can be bearers Of God's grace and so we can learn about God from studying what people of faith actually do — ‘operant theology’. This needs to be put alongside what people say about what they do, their espoused theology. If there is a tension between what people do and what they say they do, they will often turn to the Christian tradition for authoritative guidance — ‘normative theology’. Different parts of the Church make use of the Christian tradition in different ways. For some the influence will be felt largely through the liturgy, for others it will involve studying the Bible or key texts from the Church's tradition. The fourth voice of theology is the ‘formal voice’, the work done by academic theologians to understand the tradition* (Cameron & Duce, 2013).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wat TAR uniek maak, is die samewerking tussen twee spanne, die *insider*- en die *outsider*-spanne. Die binnespan (*insider*) besit die saak wat ondersoek word en neem verantwoordelikheid vir die verkenning van die saak. Die buitespan (*outsider*) *facilitates the research, builds the capacity of the insider team to take part in the research and broadens and deepens the reflection by bringing different knowledge and perspectives* (Cameron et al., 2010:1110).

Hierdie samewerking streef daarna om nuwe praktyke te vestig, wat die insette van die gemeenskap en die teologie verreken. In hierdie samewerking sien ek vele moontlikhede, maar die realiteit is dat die kleinskaalse empiriese navorsing van die projek nie vir die samewerkingsooreenkoms ruimte laat nie. Aanvanklik het ek gepoog om die Wesland Verenigende Ring (WVR) te nader om die buitespan te wees, om sodoende dít wat ek empiries toets, te oordink. My ervaring in die Ring is dat dit nie nou die regte tyd is om ‘n akademiese studie so te toets nie. Ek verwys egter in die samevattende hoofstuk na die moontlike toepassing van TAR in die Saldanhabaai-gemeenskap. Dit bly my wens om, as deel van lidmaatbemagtiging, ‘n TAR-strategie in ons ring te implementeer, aangesien ek glo dat die strategie erns maak met die konteks van beide die binne- en buitespanne.

3.4.3.4 Richard Osmer se model vir teologiese oordenking

Ward (2017:98) verwys na Osmer (2011) se vier take van prakties teologiese interpretasie en beskryf dit as:

> *[Tasks] (that) provide a structured sequence designed to help ministers explore issues in their practice. Each task is linked to a series of questions that connect the method to the everyday practices of the minister.*

Osmer (2011) beskryf hierdie take as 'n aanduiding van 'n bepaalde paradigma in hedendaagse praktiese teologie, wat hy 'n paradigma van reflektiewe praktyk noem. Die vier vrae is, soos volg (Osmer, 2008:L90):

- Wat gaan aan?
- Hoekom gebeur dit?
- Wat behoort te gebeur?
- Hoe kan ons reageer?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie vrae word beantwoord deur op een van die volgende kerntake van prakties teologiese interpretasie te fokus (Osmer, 2008:L94; Osmer, 2011):

- Die beskrywende empiriese taak – die inligtingversamelingstaak wat patrone en dinamika in sekere episodes, situasies of konteks kan help identifiseer.
- Die interpretatiewe taak – die taak om teoretiese beginsels vanuit die kunste en wetenskap aan te wend om die patrone en dinamika te verduidelik.
- Die normatiewe taak – die aanwending van teologiese konsepte om die episode, situasies en konteks te interpreteer, om sodoende etiese riglyne saam te stel wat met goeie praktyke kan help.
- Die pragmatiese taak – die opstel en implementeer van aksieplanne wat poog om die episodes, situasies of kontekste in wenslike rigtings te stuur.

Al vier hierdie take wil help om die aanvanklike pastorale situasie te verbeter (Ward, 2017:99). Deur die vier vrae te vra word die begeleier in staat gestel om verantwoordelik, prakties te reageer.

Daar is reeds aangedui dat ek Osmer se toepassing van die pastorale siklus kies.[113] Die vier vrae help my gefokus deur die onbekende bos beweeg. Osmer (2011:2) maan dat die kerk leiers nodig het wat hulle konteks kan benader met die vraag: “Wat gaan aan?” Hierdie wat-gaan-aan-vraag verwys na die eerste taak van praktiese teologie, die beskrywende empiriese taak. Die taak verwys na die vermoë van geestelike leiers om waarlik sensitief te wees vir gebeure in hulle gemeenskap (Osmer, 2008:L431). Die noodsaaklikheid van priesterlike luister is reeds in 3.3 bespreek, daarom verwys ek kortliks na hierdie eerste taak. Die grootste uitdaging vir geestelike leiers is om sensitief genoeg te wees om sekere patrone en verhoudings in sekere situasies te identifiseer. Dit vra vir die insameling van inligting, hetsy deur informele gesprekke of deur meer formele metodes (Ward, 2017:99). Kragtens hierdie studie is die taakfokus dit wat met gereformeerde Christene in die Weskus se roepingsbewustheid gebeur. Die informele benadering fokus op my eie ervaring van lidmate se uitlewing van roeping, terwyl die meer formele kant fokus op die vyftien onderhoude in die Weskus. Die teoretiese hoofstukke oor die konteks van die onbekende oerwoud fokus ook op hierdie een sentrale vraag: “Wat gaan aan?”

[113] Verwys na Van der Ven (in Ward, 2017) – ‘kwantitatiewe navorsing’.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die volgende taak is om hierdie inligting te verwerk om moontlik antwoorde op die situasie te verkry. Tydens hierdie fase word verskeie teorieë nagegaan om moontlik vrae wat onstaan uit ervarings op ‘n pastorale vlak te beantwoord (Ward, 2017:99). Die hoop is dat die akademie en sosiale teorieë kan help met die formulering van nuwe insigte oor hoekom roeping in die Weskus onder druk is. Die ATLAS.ti-ontleding van die onderhoude sal veral hier behulpsaam wees (‘What is ATLAS.ti’, s.a.).

In die volgende fase kom die normatiewe taak aan die woord: die teologiese oordenking oor die bogenoemde twee vrae. In die fase word gekyk na teorieë oor gesonde gereformeerde roeping, die rol van begeertes en ‘n Bybelse begrip van roeping. Ward (2017:99) beskryf die fase, soos volg:

> *Here theological concepts are introduced to help in the interpretation of particular situations and episodes in order to develop ethical norms that can guide ‘good practice’.*

Dit alles bou tot een slothoofstuk op, waarin die laaste taak aangepak word: Hoe kan ons prakties op die nuwe inligting reageer, wat deur die vorige fases geopper is? Die hoop is dat insig oor gereformeerde roeping, die impak van die postapartheid-konteks en ‘n dieper insig oor menslike begeertes kan help om praktiese voorstelle te formuleer.

Met die ‘pastorale siklus’ gedefinieerd, is dit nou die geleentheid om dieper na te dink oor die wetenskaplike boustene, soos uiteengesit in Beeld 3.1.

3.4.4 Wetenskaplike boustene

By 3.4.1 is reeds inleidend nagedink oor die vier elemente wat onder boustene bespreek moet word. Ek sluit egter aan by Rudolph (2019) wat met epistemologie begin en dan oorbeweeg na die teoretiese raamwerk, metodologie en metode.

3.4.4.1 Epistemologie

Verskeie bronne verwys onder hierdie afdeling na twee terme: ontologie en epistemologie. Creswell (2007:32) beskryf ‘ontologie’ as *the nature of reality and its characteristics*. Crotty (1998:11) sien dit as die studie oor die wese van bestaan en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die studie van die 'wat is'-vraagstuk, terwyl Rudolph (2019:86) dit as die 'studie van bestaan' beskryf.[114]

Crotty (1998), sowel as Cameron en Duce (2013), verwys egter nie in hulle vier elemente na ontologie as 'n noodsaaklike element nie. Crotty (1998:11) spreek hierdie weglating aan en beskou ontologie in dieselfde lig as epistemologie. Hy voer aan dat die meeste navorsers worstel om die twee terme te skei en dat beide terme se betekenis tot geformuleerde teoretiese perspektiewe bydrae. Daarom, redeneer hy, is dit onnodig om die vier elementbenaderinge te kompliseer deur ontologie as 'n vyfde element by te voeg.

Rudolph (2019:86) definieer epistemologie as 'ware kennis' wat veral belangstel in die volgende vraag: *How is it possible to know about the world and the relationship between the knower and the would-be known?* Creswell (2007:17) vra 'n soortgelyke vraag, maar meer op die kwalitatiewe navorsingsvlak: *What is the relationship between the researcher and that being researched?*[115] As kwalitatiewe navorser, is een van die aannames wat ek oor my epistemologie maak: dat ek so naby as moontlik aan my konteks probeer leef en mense in die veld wil ontmoet (Creswell, 2007:18; Rudolph, 2019:84-85). Dit is egter noodsaaklik om sekere posisies in epistemologie te identifiseer en een te kies wat my na my uiteindelike metodiek en navorsingsmetode lei. Die keuses hier is tussen positivisme, sosiale konstruktivisme en pragmatisme.[116]

In die studie is ek soekend na die roepingservaring van gereformeerde lidmate. Tydens die onderhoude is vyftien mense, lidmate sowel as predikante, genader om hulle begrip van roeping met my te deel. Hulle gedagtes, ervarings en stories oor hulle belewenis van roeping is elkeen op 'n unieke, individuele vlak gedeel. Alhoewel daar ooreenkomste sowel as verskille voorkom, is elkeen se perspektief uniek, oorspronklik en opreg (Rudolph, 2019:84-85). Die deelnemers is ook die geleentheid gegee om te help nadink oor moontlike veranderings wat die kerk kan aanbring om lidmate ten opsigte van hulle roeping te lei; dit maak hulle medewerkers aan die projek. Ek voer

[114] Sien ook Silverman (2020:4): *Ontology is about what things are, e.g. is the social world composed of social facts independent of our actions or does social reality exist only through what people do*?

[115] *Epistemology is about how we gain knowledge about things, e.g. either through measuring things such as crime or suicide rates or through understanding how people make sense of situations* (Silverman, 2020:5).

[116] Na deeglike navorsing het ek ervaar dat dit in hierdie studie-spektrum sinvol is om na slegs drie van die vier moontlikhede te kyk. Die kritiese standpunt, of naturalisme of pluralisme val buite die studie se spektrum. Weens die filosofiese aard daarvan en die sterk fokus op pluralisme kies ek om die nie te ondersoek nie (Cameron & Duce, 2013:32). Naturaliste is van mening dat sosiale feite nie gevind word in sosiale strukture nie, maar eerder in die gedeelde opinies en begrip van mense in sekere sosiale kontekste (Silverman, 2020:24).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

saam met Rudolph (2019:85) aan dat lidmate ‘n bepaalde rol het om in die studie te vertolk; dit sluit by die konstruktivistiese epistemologiese benadering aan.

Voor ek verder hierdie benadering ontleed, wil ek die keuse van positivisme kortliks as ‘n moontlike studiebenadering bespreek:

> *There are many interpretations of positivism but the term is often used to describe a belief, first, that the world is capable of objective interpretation and that, second, social science should follow the methodologies and methods established in natural science, at least so far as it is concerned with empirical evidence and experimentation* (Hammond, 2018).

Vanuit die aanhaling sou die taal van positivisme, soos Silverman (2020:23-24) bevestig, verwys na die realistiese vermoë van wetenskaplike navorsing om ‘n ware weergawe van die sosiale wêreld te skep, ongeag die rol van die navorser of die mense wat nagevors word. Konteks speel dus nie ‘n beduidende rol nie en goeie data kan ‘n akkurate prent van die wêreld skep, ongeag die sosiale konteks se rol (Silverman, 2020:23-24). Die benadering stel grootliks belang in akkurate en gedurige navorsingsprosesse en stel meestal belang in een duidelike perspektief (Cameron & Duce, 2013:32). Hierdie epistemologiese benadering is nie werklik vir my ‘n keuse nie, aangesien die konteks en deelnemers se insette nie ernstig genoeg opgeneem word nie (Silverman, 2020:24).

‘n Epistemologiese benadering wat erns met die geleefde konteks van Weskus-lidmate maak, is van deurslaggewende belang. Lidmate in die Weskus het hulle eie unieke belewenis van sosiale realiteit. Historiese en hedendaagse interaksie tussen mense het hierdie realiteit gevestig. Mense leer deur hierdie interaksie en op die manier word waardestelsels saamgestel. In die studie betrek ek drie groepe in die breër gereformeerde familie: die NG Kerk, die Afrikaanse VGK en die Xhosa-sprekende VGK. Elkeen van hierdie groepe leef in unieke sosiale en kulturele kontekste, daarom is elke persoon se subjektiewe bydrae waardevol en ‘n realistiese weergawe van hulle sosiale raamwerk. Saam word ‘n sosiale konstruk saamgestel; daarom die epistemologiese benadering van sosiale konstruktivisme.[117] Creswell (2007:20-21) beskryf hierdie benadering, soos volg:

[117] Vergelyk Denzin en Lincoln (2011:503).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *In this worldview, individuals seek understanding of the world in which they live and work. They develop subjective meanings of their experiences-meanings directed toward certain objects or things. These meanings are varied and multiple, leading the researcher to look for the complexity of views rather than narrow the meanings into a few categories or ideas. The goal of research, then, is to rely as much as possible on the participants' views of the situation. Often these subjective meanings are negotiated socially and historically. In other words, they are not simply imprinted on individuals but are formed through inter- action 'with others (hence social constructivism) and through historical and cultural norms that operate in individuals' lives. Rather than starting with a theory (as in postpositivism), inquirers generate or inductively develop a theory or pattern of meaning.*

Vanuit ‘n akademiese vertrekpunt is konstruktivisme ook behulpsaam, omdat dit my as navorser die ruimte gee om my eie ervaring aangaande roepingsbewustheid in die Weskus weer te gee. As predikant in die Weskus leef ek in ‘n bepaalde sosio-kulturele konteks wat my ervaring van die roeping van lidmate direk beïnvloed. McKinley (2015:1-2) bevestig hierdie waarneming en meld *that we need to situate student’s academic writing as socially constructed pieces of writing that embody a writer’s cultural identity and critical argument*.[118]

Alhoewel ek ‘n keuse vir konstruktivistiese epistemologie maak, wil ek wel die pragmatiese stroom (Cameron & Duce, 2013:33; Creswell, 2015:22) se bydrae oorweeg. Hier is die fokus op die onderhandeling tussen verskeie partye oor wat as waardevol beskou kan word, met die doel om verandering teweeg te bring (Cameron & Duce, 2013:33). Creswell (2015:22) voer aan dat navorsers wat hierdie benadering volg, sterk fokus op die praktiese uitkoms van die projek, veral op die aksies, situasies en gevolge daarvan. Die fokus is baie meer op die praktiese toepassing as op die voorafgaande omstandighede (iets wat byvoorbeeld ‘n geweldige rol by positivisme speel). Onder die pastorale siklus is reeds aangedui dat die betrokkenheid van verskeie partye in die spesifieke stroom buite die raamwerk van hierdie studie val. Ek is egter steeds geïnteresseerd in ‘n praktiese uitkoms vir die studie, soos aangedui in

[118] Vergelyk McKinley (2015) vir ‘n beter beskrywing van die invloed van die navorser se sosiale konteks op die studie self.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die studietitel. In die pastorale siklus verwys die laaste vraag: “Hoe kan ons reageer?” ook na ‘n praktiese uitkoms.

Ek is nie net op soek na ‘n teoretiese begrip van ‘gereformeerde roeping’ nie, maar is ernstig op soek na praktiese middels wat my as predikant kan help om lidmate te begelei om hulle roeping dieper te beleef.

Daarom beweeg ek na die teoretiese vertrekpunte en sluit ek hier by Rudolph (2019:88) aan, wat verwys na ‘n *interpretive pragmatic theoretical paradigm*.

3.4.4.2 Teoretiese vertrekpunte

Die teoretiese vertrekpunt dien volgens Crotty (2005:4) as die filosofiese standpunt wat die metodologie grond en ‘n konteks skep waarin die projek se kriteria en logika kan funksioneer. Aangesien ek reeds aangedui het dat ek nie ‘n positivistiese epistemologie volg nie, fokus ek hier slegs op die teoretiese perspektiewe wat voortvloei vanuit ‘n konstruktivistiese epistemologie.[119]

Rudolph (2019) en ander navorsers, soos Denzin en Lincoln (2011:346), verwys na die interpretivistiese karakter van konstruktivisme, terwyl Cameron en Duce (2013:30) dit as heuristies beskou. ‘Heuristies’ verwys hier na die metode om mense deur stelselmatige vrae self waarhede te laat ontdek en geen normatiewe verwagtinge te skep nie. Die ontdekking van waarheid is volgens Crotty (2005:Hoofstuk 1), sowel as Rudolph (2019:89), nie vas en rigied in die konstruktivistiese epistemologie nie. Die waarheid moet ontdek word en interpretasie speel hierin ‘n groot rol:

> *Social constructivist beliefs are often combined with interpretivist views (Creswell, 2009; Goldkuhl, 2012; Ponterotto, 2005) and are rooted in a phenomenological approach in terms of which the researcher attempts to obtain an in-depth understanding of people’s lived experiences rather than explaining or predicting human behaviour* (Rudolph, 2019:89).

[119] Cameron en Duce (2013:30) beskryf die teoretiese vertrekpunt vir positivistiese epistemologie as *predictive*, terwyl Crotty (2005:7) dit as positivisme beskou. Cameron en Duce (2013:31) voer aan dat die objektivistiese beskouing die meetbare, statistieke gebruik om voorspellings oor die toekoms te maak. Dit stel belang in die presiese en konstante navorsingsprosesse en fokus dikwels op ‘n duidelike perspektief. Die meeste kwalitatiewe navorsers erken egter die rol van die navorser se siening van konsepte en teorieë; die beredenering van die nagevorste mense; daarom is positivisme selde ‘n taal wat kwalitatiewe navorsers praat (Silverman, 2020:23-24).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Interpretivisme is nie geïnteresseerd daarin om nuwe teorieë te skep nie, maar maak afleidings oor bydraes vanaf deelnemers wat tot nuwe insigte kan lei. Creswell (2015:21) lewer hier ook ‘n waardevolle bydra:

> *Researchers recognize that their own background shapes their interpretation, and they ‘position themselves’ in the research to acknowledge how their interpretation flows from their own personal, cultural, and historical experiences. Thus, the researchers make an interpretation of what they find, an interpretation shaped by their own experiences and background. The researcher’s intent, then, is to make sense (or interpret) the meanings others have about the world. This is why qualitative research is often called ‘interpretive’ research.*

Vanuit hierdie interpretatiewe taak beweeg Rudolph (2019:90) dan na die beskrywing van ‘n pragmatiese paradigma. Deelnemers word nie net as ‘n bron van data beskou nie, maar as mense wat in ‘n bepaalde sosiale konstruk leef en wie se bydraes gebruik kan word om ook praktiese bydraes te lewer. Hierdie perspektief is ook nie tot een spesifieke metode of filosofiese stroom beperk nie (Creswell, 2015:23).

Alhoewel ek saam met Rudolph (2019) stem vir ‘n praktiese benadering en baie aanklank vind by die interpretatiewe pragmatiese teoretiese paradigma, kies ek nie ‘n aksienavorsingsmetodologie nie. Cameron en Duce (2013:Hoofstuk 3) beskryf dié metodologie, soos volg:

> *A particular experience or set of practices is identified, described and explored. This provides the basis for reflection and then the generation of theory or deploying existing theory which in turn influences future actions and meanings.*

Metodologies is aksienavorsing gefokus op die insameling van data, die kritiese ontleding daarvan met die oog op die implementering van nuwe praktyke (Cameron & Duce, 2013:31; Rudolph, 2019:91). Hierdie tussenspel tussen teorie en praktyk is sinvol vir hierdie studie; daarom is die pragmatiese teoretiese benadering betekenisvol in die opsig dat dit help om ‘n vloei tussen die literêre en praktiese navorsing te vorm.

Kwalitatiewe navorsing is nie altyd net op interaksie met mense en gemeenskappe gefokus nie (Ward, 2012:158), aangesien verskeie bronne nuwe insig kan gee oor hoe gemeenskappe funksioneer. Die vermoë om gefokus te kies wat gelees word, is ‘n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

waardevolle eienskap van navorsers wat op geskrewe bronne fokus (Cameron & Duce, 2013:xxv). As metode verwys tekste en dokumente veral na stories, historiese bronne en ander dokumente wat die navorser meer oor die konteks kan leer (Silverman, 2020:47). Hierdie studie maak nie spesifiek van tekste en dokumente gebruik as ‘n metode nie, maar deur die literatuurstudie word daar wel krities omgegaan met verskeie bronne wat die studie help om roeping in ‘n postapartheid-konteks in Suid-Afrika te begryp.

Wat die literatuurstudie betref, sal ek teologies omgaan met verskeie boeke, die Bybel en artikels om sodoende veral op die drie aspekte van roeping te fokus, soos uiteengesit in die inleidende gedagtes. Hierdie studiefase se doel sal wees om teologies oor ons gereformeerde begrip van roeping na te dink, die impak van begeertes op roeping en ’n begrip vir die teologiese karaktereienskappe van paradigmas wat ons roeping in ’n postapartheidsera beïnvloed. Vanuit die bestudering van tekste is vrae geformuleer wat later onder metodes bespreek sal word.

Volgens Cameron en Duce (2013:xiv) is dit noodsaaklik om sekerheid oor die teoretiese voorveronderstellings te kry waarmee jy prakties-teologies werk; dit sal die belangrikste doel van hierdie deel van die navorsing wees.

In hierdie afdeling het ek sover myself geplaas in die sosiale konstruktivistiese epistemologiese benadering en aangedui dat ek teoreties ‘n interpretatiewe, pragmatiese, teoretiese perspektief kies. Hierdie twee boustene help my om erns te maak met die geleefde realiteit van die deelnemers aan die projek, maar verseker dat daar ‘n gedurige vloei tussen die leesstof en die ingevorderde data is.

Ek kyk volgende na die metodologie, waarna die navorsingsmetode bespreek sal word.

3.4.4.3 Metodologie

Cameron en Duce (2013:29) beskryf metodologie as die filosofiese benadering tot navorsing,[120] terwyl Silverman (2020:56) dit verstaan as bepalend vir die navorser se ondersoek van ‘n verskynsel. Metodologie gee ‘n aanduiding van die navorser se prosesse, maar kan nie waar of vals wees nie, maar slegs hulpvaardig in die proses. In wese is dit ‘n strategie of aksieplan waardeur inligting ingewin word en dikwels

[120] Ook Creswell (2007:17).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aanduidend vir die soort metodes wat in die praktyk gebruik word (Rudolph, 2019:81; Crotty, 2005:2); die manier van navorsing (Mouton & Marais, 1990:16). Aangesien die wetenskaplike navorsingsproses eintlik ‘n reeks besluite is wat geneem moet word, is die metodologie rigtinggewend in die uitgeoefende keuses. Vanuit my epistemologie en teoretiese boustene is sekere keuses reeds aangedui; keuses wat, inaggenome Cameron en Duce (2013:30) se figuur (Figuur 3.3), twee metodologieë as keuses uitskakel. Daar is reeds aangedui dat positivisme en kritiese realisme epistemologies buite die spektrum van hierdie studie val. Metodologies word objektivisme en kritisisme ook uitgeskakel, wat my dan met ‘n keuse tussen interpretivisme en aksienavorsing los.

Die groot onderskeid tussen die bogenoemde is in die metodologiese fokus. Cameron en Duce (2013:31) skryf dat die interpretivisme (sosiale konstruktivisme) sterk fokus op onderhoude of fokusgroepe om sodoende mense se persepsies oor gebeure in hulle sosiale konteks te kry. Crotty (2005:Hoofstuk 3) beskryf interpretivisme dieper; hy plaas dit tussen die objektivisme (kennis bepaal deur eksterne, kwantitatiewe realiteite (Odendal & Gouws, 2010:766)) en die subjektivisme (kennis alleen bepaal deur die persoon wat ken (Odendal & Gouws, 2010:1138)). Konstruktivisme skep nie kennis nie, maar voeg dit slegs saam, daarom voer Crotty (2005:Hoofstuk 3) aan dat daar ‘n fyn balans tussen objektivisme en subjektivisme is.[121] Die taak van die sosiale konstruktivis is om deur navorsing van kennis bewus te raak en dit dan saam te voeg om nuwe konstrukte te vorm.

Om in hierdie studie getrou te laat bly aan sosiale konstruktivistiese metodologie beteken dat ek in die soeke na kennis oor gereformeerde roeping in die Saldanhabaai-gemeenskap metodes implementeer wat my sal help om ‘n balans tussen die objektiewe en subjektiewe te vind. Dit beteken dat my vermoë om sinvol te interpreteer en konstrukte te formuleer, om sodoende prakties ‘n verskil te maak, van groot belang is. Hier raak Osmer se verwysing na ‘priesterlike luister’ en Ward (2017) se ‘gees van teenwoordigheid’ (bespreek onder 3.3 van hierdie hoofstuk) belangrik. Om getrou te bly aan God se leiding tydens alle fases van die navorsingsraamwerk, is ‘n groot uitdaging. Aangesien ek juis op ‘n teologiese vraagstuk fokus, kan ek nie anders as

[121] Ek neem kennis van Crotty se verwysing na *intentionality* of die gedagte dat die mens eers bewus moet word van iets, voordat daarna uitgereik kan word (Crotty, 2005:Hoofstuk 3).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om soekend saam met die Here te wandel nie. In my strewe na ‘n beskrywing van die onbekende bos, sluit ek by ‘n aanhaling van Osmer (2008:L996) aan:

> *So too, interpretive guides are wise to bring with them theoretical maps when they are leading others. Such maps offer a picture of the lay of the land they are traveling and possible paths that might be taken. Map readers must learn two skills early on. First, they must learn that ‘the map is not the territory’, as it is sometimes put by cartographers (mapmakers). Maps portray certain features of a territory but, necessarily, leave many things out. So too, theories help us understand and explain certain features of an episode, situation, or context but never provide a complete picture of the ‘territory’. Wise interpretive guides, thus, retain a sense of the difference between a theory and the reality it is mapping. They remain open to the complexity and particularity of people and events and refuse to force them to fit the theory. This takes wise judgment on their part.*

Hierdie sensitiwiteit, om my teoretiese navorsing en interpretasie nie as die absolute waarheid te beskou, wat in die belewenis van die deelnemers weerspieël moet word nie, is van deurslaggewende belang. Osmer (2008:L1020) verwys verder na drie eienskappe wat ek nastreef in my soeke na ‘n interpretatiewe metodologie: bedagsaamheid, teoretiese interpretasie en wyse oordeel. Hierdie vermoëns – wyse oordeel en sensitiwiteit tot persoonlike vooroordele – is vir Osmer (2008:L957) een van die belangrikste kenmerke van ‘n goeie sosiale interpretatiewe metodologie.

Ek verkies duidelik sosiale interpretatiewe metodologie. Die keuse van ‘n praktiese interpretatiewe teoretiese benadering opper natuurlik die vraag oor aksienavorsing as metodologie. Aksienavorsing as metodiek voer nie net onderhoude nie, maar betrek mense in die fisieke prosesse om sodoende nuwe praktyke te vestig (Cameron & Duce, 2013:29). Ann Burns (Paltridge & Phakiti, 2015:187) beskryf aksienavorsing, soos volg:

> *AR is the superordinate term for a set of approaches to research which, at the same time, systematically investigate a given social situation and promote democratic change and collaborative participation. Participatory action research (PAR), critical action research (CAR), action learning, participant inquiry, practitioner inquiry and cooperative inquiry are all*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

terms broadly underpinned by the assumptions and approaches embodied in AR.

Aksienavorsing streef daarna om:

- positiewe verandering in die lewe van die deelnemers te bewerkstellig deur navorsing;
- teoretiese en praktiese kennis te genereer;
- kollegialiteit, samewerking en betrokkenheid van deelnemers te verhoog; en
- 'n houding van voortdurende verandering, selfontwikkeling en groei te vestig.

Alhoewel ek baie aanknopingspunte met aksienavorsing as metodiek het, is dit, soos reeds genoem, die sterk fokus op samewerking wat ontbreek by hierdie studie. Ek is egter steeds op soek na die praktiese uitkoms, maar glo dat ek dit deur die teoretiese raamwerk, wat reeds verduidelik is, kan bereik. Ek volstaan dus by ‘n primêre sosiale interpretatiewe metodologie. Ek sluit die raamwerk af deur inleidend aandag te gee aan sekere aspekte van die metodes wat ek gaan volg om verantwoordelik met die metodologie om te gaan.

3.4.4.4 Metode

Crotty (2005:7) beskryf metodes as die tegnieke en prosedures wat aangewend gaan word om die navorsing te doen, terwyl Ward (2017:118) maan dat die metode die navorsingsvraag en probleme moet volg en dat ‘n goeddeurdagte metode die insig van die navorsers beklemtoon.

As kwalitatiewe navorser is daar verskeie metodes wat ek kan volg. Belangrik in my metode is die riglyne, soos die boonste drie elemente aandui, aangesien dit ‘n goeie raamwerk skep vir dié studie se metodes. Silverman (2020:115) beklemtoon die noodsaaklikheid van ‘n toepaslike metode, soos volg: *You need the right kind of label in your methods section, ideally one that positions you as competent, so that your work can be nicely categorised*. Dit is die strewe van hierdie afdeling, daarom is dit nodig om meer as een metode te ondersoek. Die ideaal is om ‘n benadering te vind wat by

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die sosiale konstruktiewe metodologie aansluit. Die volgende benaderings ten opsigte van ‘n metode word oorweeg.[122]

(a) Etnografie

Silverman (2020:247) beskryf hierdie metode, soos volg:

> *While interviews and focus groups are based on the assumption that one should peer inside people’s heads to see what they are thinking, ethnographic observation asks us to look at what people are doing.*

Eberle en Maeder (2011:54) en Silverman (2020:247) beskryf etnografie as die aanwending van verskeie metodes soos waarneming; onderhoude; die versameling van dokumente, prente deur veldwerk. Etnografie vereis dat die navorser al hierdie inligting fisiek self inversamel in die gemeenskap. Die navorser stel veral belang in die werksaamhede en optrede van en interaksie met mense in hulle normale leefwêreld. Die navorsing wil fisiek beleef wat die mense in die gemeenskap beleef (Cameron & Duce, 2013:51; Sauro, 2015) en word daarom ‘n student van die gemeenskap (Ward, 2017:112).

Die sterk fokus op ervaring en die omvattende aard van waarneming in gemeenskappe, val buite die kleinskaalse navorsing wat hierdie studie wou aanpak. Alhoewel ek meen dat ‘n etnografiese ondersoek wel ‘n groot bydrae sou kon lewer in die poging om gelowiges se roeping beter te verstaan, het die sterk fokus op die praktyk my daarteen laat besluit. Daar is reeds aangedui dat die fyn balans tussen teorie en praktyk belangrik is, om agter die postapartheid-roepingsbewustheid van gereformeerde lidmate te kom. Daarom val die geweldig praktykgerigte benadering van etnografie nie in die spektrum van hierdie studie nie.

(b) Narratiewe benadering

Die narratiewe benadering fokus op ‘n reeks gebeure, soos die stories van een of twee individue weergee (Creswell, 2007:53-57), om 'n samehangende verhaal te vorm. Onderhoude kan oor weke, maande of selfs jare gevoer word, terwyl die eindweergawe van die onderhoude ‘n opsommende verhaal vorm. Die eindproduk is

[122] Ek neem kennis van verskeie benaderings tot ‘n navorsingsmetode wat nie hier bespreek word nie. Ek fokus op vier moontlikhede, maar is bewus van ‘n baie groter verskeidenheid, soos Creswell uiteensit (2007:7).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gefokus op onderliggende temas wat nuwe inligting na vore bring om soortgelyke uitdagings aan te spreek (Sauro, 2015).

Silverman (2020:138) voer aan dat die narratiewe benadering sterk fokus op die interaksie wanneer mense met mekaar praat en stories vertel. Die fokus op spesifieke kontekste is nie soseer geïnteresseerd in die formulering van breër formele teorieë buite die spesifieke verhaal nie. Die fokus op die oorvertelling van spesifieke verhale en die afwesigheid van breër data maak my huiwerig om die narratiewe benadering as ‘n metode in hierdie studie te oorweeg.

ATLAS.ti ('What is ATLAS.ti', s.a.) lig ‘n verdere tekortkoming uit:

> *One of the weaknesses of studying narratives is that the text is by its own nature linguistically subjective. i.e. difficult to quantitatively access in an objective manner since it is subjective i.e. personally meaningful.*[123]

In dié studie strewe ek na ‘n gebalanseerde benadering tot die subjektiewe ervaring van lidmate se roepingsbewustheid, maar soek ook na ‘n objektiewe sosiaalsaamgestelde benadering tot gereformeerde roeping. Die subjektiewe benadering tot narratiewe benadering is ‘n verdere rede vir my keuse om dit nie as metode te gebruik nie.

(c) Fenomenologiese benadering

Creswell (2007:226-227) en Groenewald (2004:44) beskou fenomenologie as die bestudering van ‘n spesifieke konsep in ‘n bepaalde konteks:

> *When you want to describe an event, activity, or phenomenon, the aptly named phenomenological study is an appropriate qualitative method. In a phenomenological study, you use a combination of methods, such as conducting interviews, reading documents, watching videos, or visiting places and events, to understand the meaning participants place on whatever’s being examined. You rely on the participants’ own perspectives to provide insight into their motivations* (Sauro, 2015).

Hy verduidelik dat die rol van die fenomenologiese navorser is om data oor ‘n konsep te interpreteer, soos ingewin deur indiepte-onderhoude met ongeveer tien mense. Die

[123] Creswell verwys na soortgelyke uitdagings met die metode: *Who owns the story? Who can tell it? Who can change it? Whose version is convincing? What happens when narratives compete? As a community, what do stories do among us?*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verwerking van data gee aanleiding tot die formulering van breër temas wat kan help om die belewenis van ‘n verskynsel in ‘n bepaalde konteks te beskryf.

Chambers (2013) beskou fenomenologie as 'n kwalitatiewe benadering wat belangstel in die gemeenskaplikheid van 'n geleefde ervaring in 'n sosiale groep. Die primêre doel van die benadering is om die aard van die spesifieke verskynsel te beskryf en ‘n beter begrip van die fenomeen te kry; om op die ervaring van sekere mense aangaande sekere gebeurtenisse te fokus; om mense direk by die ondersoekmateriaal te betrek. Groenewald (2004:44) beskryf dit, soos volg:

> *The aim of the researcher is to describe as accurately as possible the phenomenon, refraining from any pre-given framework, but remaining true to the facts.*

Gereformeerde roeping is meer as net ‘n verskynsel wat ondersoek behoort te word; meer as net ‘n konsep gebaseer op feite vanuit ‘n bepaalde aktiwiteit of gebeurtenis. Gereformeerde roeping is ‘n leefwyse wat nie gegrond is in eenmalige gebeure en bepaalde feite nie, maar ‘n uitvloeisel van ‘n ernstige verhouding met God. (Dit sal in volgende hoofstukke dieper bespreek word). As navorser is ek op soek na ‘n benadering wat sekere mense se begeerte om roeping uit te leef kan help verduidelik; ‘n verduideliking wat ander kan inspireer om soortgelyke begeertes ten opsigte van roeping te ervaar. Ek is nie oortuig daarvan dat fenomenologie as 'n kwalitatiewe benadering my sal help om ‘n dieper begrip oor hierdie begeerte tot roeping te kry nie.

(d) Gegronde teorie

Terwyl 'n fenomenologiese studie die wese van 'n aktiwiteit of gebeurtenis wil beskryf, wil die gegronde teorie 'n verduideliking of teorie agter die gebeure bied (Sauro, 2015; Creswell, 2007:228). Die navorser poog om kennis oor ‘n sekere saak te genereer deur die belewenis van mense op grondvlak. Dus, 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp waarin die navorser deur die belewenis van ‘n getal mense 'n algemene teorie oor 'n proses of gebeurtenis vorm (Creswell, 2007:63). Hierdie teorieë word empiries, induktief gevind, aangesien die kontekstuele waardes en ervarings waardevoller is as die waardes en ervaring van die navorser self (Egan, 2002:277-278).[124]

[124] Hier word ek herinner aan Rudolph (2019:93) se worsteling met induktiewe en deduktiewe kennis: *Consequently, in embracing an inductive and deductive approach to the development of a coaching model for pastors, I acknowledge the power of prior knowledge. I also realised that it is important not to be blinded by one’s*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Silverman bevestig die induktiewe natuur van die benadering en definieer 'gegronde teorie', soos volg (2020:493):

> *Grounded theory is an inductive method of researching which involves three stages: an initial attempt to develop categories which illuminate the data; an attempt to 'saturate' these categories with many appropriate cases in order to demonstrate their relevance; and trying to develop these categories into more general analytic frameworks with relevance outside the setting.*

Wanneer ek Silverman (vergelyk ook Egan, 2002:280-281)[125] se definisie op die benadering van hierdie studie toepas, kom daar 'n duidelike patroon na vore; die indeling van die hoofstukke in drie fases. Hierdie patroon maak dit vir my duidelik dat gegronde teorie moontlik die beste metodiese benadering vir hierdie studie is.[126] Die patroon lyk, soos volg:

(I) 'n Aanvanklike poging om data-verligtende kategorieë te ontwikkel

Hoofstukke 4-6 van hierdie studie fokus op die formulering van aanvanklike kategorieë, soos Egan verduidelik:

> *A general understanding of the phenomenon under investigation is considered sufficient for the initiation of this type of research. Having established a problem or topic in general terms and chosen a site where the research question could be examined more closely, evidence is allowed to accumulate by the researcher, resulting in an 'emerging' theory* (Egan, 2002:278).

Hier word die Bybel, boeke, artikels en plaaslike dokumente aangewend om 'n goed deurdagte weergawe van 'n moontlike teorie aangaande gereformeerde roeping te bied. Onder teoretiese vertrekpunte is reeds hierna verwys, by punt 3.4.4.2.

Die eerste kategorie is die rol van 'n intieme persoonlike verhouding met die Trinitariese God; tweedens, 'n ernstige begeerte om vir God se Koninkryk te leef, een

---

own assumptions about a research topic. Alhoewel induktiewe kennis aard by die sosiale konstruktivistiese metodologiese keuse, is dit belangrik om my eie persepsies as navorser in ag te neem.

[125] Egan (2002) beskryf vyf fases: 1. *initiating research 2. data selection 3. initiation and ongoing data collection 4. data analysis 5. concluding the research*.

[126] Gegronde teorie is die keuse wat die beste inpas by wat my doelwit. Ek beskou dit egter as 'n riglyn en verstaan dat hierdie studie 'n unieke karakter aanneem.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat nie op tradisionele kognitiewe kennis alleen gebaseer is nie, maar gebore uit die intieme verhouding met God; derdens, die impak van ‘n postapartheid-Suid-Afrikaanse konteks op die vermoë van lidmate om hierdie roeping uit te leef. Tydens hierdie proses is ek gedurig in gesprek met literatuur fokus op drie belangrike aspekte: ‘n pastorale, bevrydende en kontekstuele praktiese teologie. Hierdie begrip van praktiese teologie help my om gefokus na ‘n begrip van gereformeerde roeping te soek wat die Triniteit, begeertes en ‘n postapartheid-Suid-Afrikaanse konteks beklemtoon.

Om waarde toe te voeg tot praktiese teologie, hoop ek om deur kwalitatiewe navorsing en die geformuleerde navorsingsraamwerk gedurig met die vier vrae van die pastorale siklus besig te wees, soos Osmer (2008) uiteensit. Hierdie vrae behoort my te help om ‘n interpretatiewe metodiek tydens die eerste fase te handhaaf.

Belangrik in hierdie strewe is die volgende vaardighede wat Cameron en Duce (2013:XXiv) identifiseer:

- Waarneming: Die vermoë om die teoretiese data aanvanklik te interpreteer.
- Lees: Die vaardigheid om gefokus en sinvol te lees.
- Luister: Om sensitief te wees vir dit wat noodsaaklik vir die spesifieke studie is.
- Skryf: Die vermoë om die taak in werkbare dele op te deel en soveel as moontlik te skryf, selfs al moet dit later hersien word.
- Projekbestuur: Beplanning is een van die belangrikste eienskappe van ‘n suksesvolle navorser; om te weet wanneer om wat te doen is krities vir die studie se voltooiing.
- Kritiese evaluasie: Die vaardigheid om jou eie werk, sowel as ander bronne, te evalueer en swakpunte en sterkpunte te identifiseer.

Tydens die teoretiese hoofstukke berei ek myself op die formulering van sekere vrae voor, wat deur die tweede fase getoets sal word.

(II) ‘n Poging om hierdie kategorieë met toepaslike gevalle 'te versadig' om die toepaslikheid daarvan te ondersteun.

Die sewe kernvrae, geformuleer vanuit Fase 1, vorm die kerndeel van die tweede fase:

> *To develop this theory, early activities by the researcher involve the identification of ‘categories’ capturing uniformities in the data and then*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

identifying compelling properties and dimensions of the data (Egan, 2002:278).

Tydens hierdie fase is die fokus op die toetsing van die teoretiese data, soos aanvanklik in Hoofstukke 4-6 geformuleer is. Hoe die data getoets word sluit by die sosiale konstruktiewe metodologie aan. Ter wille van die studie-verloop, brei ek verder oor die spesifieke metode wat gebruik word aan die begin van Hoofstuk 7 uit, waartydens die ingewinde data bespreek sal word.

Die inligting is verwerk, nadat die onderhoude voltooi is. Ek het gepoog om behoorlike data-ontleding te gebruik om die inligting, verwerf tydens die onderhoude, te ontleed. Vir hierdie doel maak ek gebruik van ATLAS.ti, 'n QDAS-program (*Qualitative Data Analysis Software*). ATLAS.ti word beskryf as 'n *powerful workbench for the qualitative analysis of large bodies of textual, graphical, audio and video data* ('What is ATLAS.ti', s.a.).

ATLAS.ti help veral met data-ontleding deur kodering (*coding*), die skep van kodes. Die kodes is behulpsaam met die organisering van materiaal en veral met die verwerking van die onderhoudmateriaal.

(III) Die uitbreiding van kategorieë tot breër analitiese raamwerke wat buite die konteks toepaslik is

Die laaste fase beskou ek as die studie se slotsamevatting. Tydens die fase sal ek poog om die teoretiese data van Fase 1 te trou met die praktiese data van Fase 2 om sodoende 'n gereformeerde begrip van roeping te formuleer wat prakties aangewend kan word om lidmate te bemagtig om roeping in 'n postapartheid-Suid-Afrika uit te leef.

3.5 Samevatting

Vroeër in hierdie studie het ek aangedui dat ek verantwoordelik wil omgaan met die terugvoer van my ervaring wanneer ek deur die onbekende bos beweeg. Om 'n akkurate prentjie te skilder van my eie belewenis, sodat ander self kan waarneem en 'n soortgelyke ervaring kry, is wat my betref die kruks van die studie.

Tydens my verhandeling in my finale studiejaar het een van my dosente raad gegee wat my nog altyd in enige navorsingsproses gehelp het. Hy het die beeld van 'n grot gebruik en genoem dat as ek uit 'n grot kom en mense by die ingang van die grot

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

raakloop, moet my weergawe van wat ek ervaar het so geskilder word dat hulle byna dieselfde beleef in hulle eie verkenning van die grot.

Om my ervaring so akkuraat as moontlik weer te gee, kies ek ‘n kwalitatiewe, sosiaal konstruktiewe metodologie. Hierdie benadering werk meestal induktief en neem die geleefde konteks van mense in ag. Verder is die pastorale aanslag van die pastorale siklus behulpsaam in my poging om lidmate te bemagtig. As metode kies ek gegronde teorie[127] – ‘n metode met drie afdelings. Fase 1 het ten doel om ‘n teoretiese raamwerk te skep, om sodoende sekere vrae te formuleer wat in Fase 2 empiries nagevors sal word. Fase 3 het ten doel om die ingevorderde data in gesprek te laat tree met die teoretiese data vanuit afdeling A.

Hoe ek die onbekende wil benader, verken en beskryf is in hierdie hoofstuk weergegee. Ek begin my reis deur die onbekende van ‘n afstand af te beskryf – en hiervoor wend ek myself tot verskeie medereisigers wat saam deur die bospaaie worstel.

[127] Die fyner keuses in gegronde teorie word aan die begin van Hoofstuk 7 gemaak en in-diepte bespreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Afdeling B: ‘n Literêre studie van roeping in die onbekende

In die vorige hoofstuk het ek aangedui dat ek ‘n gegronde, teoretiese benadering vir hierdie studie kies, wat Nell (2020:5) beskryf, soos volg: *inductive methodology … helps us to group keywords, themes and phrases … into certain families or networks, binding it together as hermeneutic units*. Op dié manier het ek getoon dat ek Silverman (2020:493) se drieledige indeling vir gegronde teorie kies, waarvan die eerste fase die aanvanklike ontwikkeling van kategorieë is. Hoofstukke 4-6 van hierdie studie, wat beskryf word as Fase 1, fokus juis op die formulering van hierdie aanvanklike kategorieë. Fase 1 poog om die deurlopende beeld – van die reis deur die onbekende bospad – in te kleur. Die fase verhelder die aard van die Een wat roep (roeping as voortvloeiende vanuit God se verhouding tot en met ons); die aard van die wat reageer (roeping as uitvloeisel van ons bekering en diepste begeertes); en die aard van die konteks (roeping as gefokus op ons postapartheid-konteks). Hiervoor word die Bybel, boeke, artikels en plaaslike dokumente aangewend om ‘n goeddeurdagte weergawe van ‘n moontlike teorie oor gereformeerde roeping te bied. Tydens hierdie proses is ek gedurig in gesprek met literatuur, gefokus op die drie prakties teologiese kriteria: ‘n pastorale, bevrydende en kontekstuele praktiese benadering. Hierdie begrip van praktiese teologie help my om na ‘n interpretasie van gereformeerde roeping te soek, gefokus op die Triniteit se impak op ons begeertes en hoe ‘n postapartheid-Suid-Afrikaanse konteks hierdie begeertes beïnvloed. Ek het ook aangedui dat hierdie studie die taal, metodes en interpretasie van ‘n kwalitatiewe benadering nastreef. Hierdie benadering help my om getrou aan ‘n interpretatiewe metodiek te bly, wat data induktief wil insamel. Ek is deeglik bewus daarvan dat Fase 1 van hierdie studie kennis deduktief ontwikkel, aangesien ek self besig is om teorieë en konsepte te ontwikkel.[128] In my strewe om myself as gemeenteleraar te verryk, is dit egter noodsaaklik om genoegsame kennis te bekom om sinvol na die onderhoude te luister, wat tydens Fase 2 gekodeer is. Hoe God ons roep en transformeer in radikale omstandighede is die teoretiese doel van die fase wat voorlê.

[128] Nell (2020:5) verwys na die samewerking tussen induktiewe en deduktiewe benaderings met die gebruik van gegronde teorie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4: Om 'gereformeerde roeping' te formuleer

4.1. Inleiding

Om na te dink oor roeping, impliseer om na te dink oor die aard van geroepe wees. Dit suggereer dat daar iemand is wat roep; iemand wat voor die geroepenes staan en hulle uitnooi om nader te kom (Dingemans, 2005:2). Derhalwe kan 'n kind wat buite speel en vanuit die huis geroep word om te kom eet; of 'n werknemer wat geroep word om die werkgewer in die kantoor te gaan spreek; of 'n predikant wat geroep word om in 'n bepaalde gemeente te bedien; dien as voorbeelde van roeping. In al drie die beelde is daar die een wat die roepwerk doen, as't ware, die een wat die stem na vore bring en die opdrag verwoord – die ma, die werkgewer of die gemeente. As gelowiges sou ons dieselfde kon sê ten opsigte van die Christelike roeping: aan die een kant is die Een wat roep, naamlik die Trinitariese God; aan die ander kant, diegene wat deur genade reageer, die mens. Palmer (2000:4) definieer roeping, soos volg:

> *Vocation does not come from wilfulness. It comes from listening … That insight is hidden in the word vocation itself, which is rooted in the Latin for 'voice''. Vocation does not mean a goal that I pursue. It means a calling that I hear. Before I can tell my life what I want to do with it, I must listen to my life telling me who I am. I must listen for the truths and values at the heart of my own identity, not the standards by which I must live – but the standards by which I cannot help but live if I am living my own life.*

Die Bybel is ryk aan voorbeelde van mense wat geroep word om te luister; om as medewerkers aan God se werk deel te neem (Burger, 2011:L141). Burger (2011:L101) redeneer dat die Bybel selfs gesien kan word as roepingsboek vol roepingsverhale. Alhoewel baie van die verhale beskou word as ontmoetings- of bekeringsverhale, is dit ten diepste roepingsverhale.[129] Ons kan byvoorbeeld dink aan Abraham in Genesis 12;[130] Moses in Eksodus 3; Samuel in 1 Samuel 3; die dissipels in die Evangelies; en Jesus self in Matteus 2:15. Paulus verwys na homself as 'n geroepe apostel in, onder

[129] Hierdie gedagte om geroep te word kom van die Griekse woord *klesis* (*κλήση*) en beteken, onder andere, om by die naam geroep te word, of om uitgenooi te word. Roeping verwys egter ook na God se uitnodiging om onsself te bekeer en so aan Christus se verlossende werk aan die kruis deel te hê (Vine's Expository Dictionary of New Testament Words, 2020).

[130] Die tekste dien hier net as voorbeeld om die punt van God wat roep te staaf. Daar sal in Hoofstuk 6 in diepte gekyk word na tekste wat aansluit by sekere kante van roeping.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

andere, Romeine 1:1 en 1 Korintiërs 1:1. Burger (2011:L127) voeg by dat die Bybel vol voorbeelde is van mense wat getuig dat hulle as't ware deur Christus nader getrek is aan Hom; dat Hy hulle ook self leer en lei op hulle pad.[131] Die primêre gedagte agter hierdie nadergetrek aan God, is dat ons eerstens vanuit die sondige wêreld terug na God geroep word. As hierdie primêre roeping nie realiseer nie, sal ons worstel om God se stem in die wêreld te ervaar.

Op verskeie ander plekke, soos in Romeine 1:7 en 1 Korintiërs 1:2, word daar ook na die roeping van die kerk verwys (Dingemans, 2005:165). Burger (2011:L169) verwys ook na die eerste dissipels wie se getalle drasties in Handelinge 2 gegroei het; hoe al hierdie mense bygevoeg is om die eerste gemeente te vorm. Hy beredeneer ook verder sy persoonlike gevoel dat God 'n besonderse roeping vir die kerk in Suid-Afrika het; dat alle Christene en kerke in die land 'n belangrike rol kan speel om 'n gevoel van eenheid en samehorigheid te help bou (Burger, 2011:L17). Al hierdie voorbeelde verhelder 'n bepaalde saak: God is 'n God wat mense tot bekering roep om sodoende in sy diens te wees, om saam met Hom as enkelinge, maar ook as kerk te werk.

Vanuit hierdie inleidende gedagtes het hierdie hoofstuk ten doel om teologies oor die aard van roeping en meer spesifiek gereformeerde roeping na te dink. Ek vind dit nodig om kortliks 'n roetekaart van die hoofstuk aan te bied, om sodoende die leser voor te berei op dit wat op hom of haar wag.

- Eerstens word daar onderskeid tussen die begrip 'werk' en 'roeping' getref. Vir baie mense is hulle werk hulle roeping, terwyl ek redeneer dat ons onderskeid behoort te tref, aangesien roeping meer inhou as net die werk wat elkeen doen. Werk, so sal beredeneer word, is 'n manier waarop my roeping uitgeleef word.

- Tweedens poog ek om 'n wyer definisie aan roeping te koppel as net werk. Hierdie idee van roeping begin by die Triniteit en ons verhouding met die Een wat ons roep. Hiervoor sluit ek aan by die Trinitariese begrip van roeping en gebruik die Belhar-belydenis, as hedendaagse roepingsdokument, as aanknopingspunt.

[131] Burger (2011) plaas hier die kwessie van die *Missio Dei* op die tafel. God is as missionale God altyd self aan die werk. Hy werk self in die simboliese oerwoud; ons beweeg nie sonder God die bos in nie. God nooi die mens uit om deel te hê aan sy werk; kies doelbewus om saam met die mens te werk. As daar dus hier verwys word na God as die een wat voor ons staan en ons roep, dan is dit nooit 'n deïstiese siening dat God afwesig is nie. God is persoonlik, direk betrokke by ons reis. Vergelyk in die verband ook Forster (2020:8).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Indien gereformeerde roeping by ‘n verhouding met die Trinitariese God begin, dan is ‘n gebalanseerde begrip van elke persoon in die Triniteit se betrokkenheid by ons roeping krities. Hierdie gebalanseerde benadering kom derdens aan die woord.
- As God ons roep, hoekom reageer sommige mense op Sy stem en nie ander nie? Die vierde saak wat ondersoek word, is ons vermoë om na die Stem van die Roepende te luister. Hierdie vermoë, sal beredeneer word, begin by ons begeertes. Die rol van gereformeerde geloofsvorming sal hier krities bespreek word. Hoe help ons mense om God so te begeer dat hulle nie anders kan nie as om op sy roepstem te reageer?
- Die laaste saak, bespreek in Hoofstuk 4, is die rol van liturgie in die vorming van ons begeertes. Deur liturgie ontmoet ons die lewende, misterieuse God sodat ons nie anders kan as om ons begeertes op Sy doel vir ons te herfokus nie.

4.2. Gereformeerde roeping: ‘n Definisie

4.2.1. Roeping as werk

4.2.1.1. Inleiding

In die konteks van hierdie studie is dit noodsaaklik om tussen die terme ‘werk’[132] en ‘roeping’ te onderskei, soos Preece (1998:5) dit verwoord:

> *Vocation is much controverted and misunderstood. In secularized form it is a synonym for paid employment, career, or job, which is too narrow. It is widely equated with work, but work has different conceptual and historical roots.*

Om as gelowige in God se diens te staan, is in wese deel van ons Christelike roeping, ‘n aspek van die gelowige se lewe wat nie ontken kan word nie. Volf (2001:27) redeneer dat werk krities vir die oorlewing van die mens as individu is; vir die voortbestaan van die mens as geheel. Werk vorm ‘n groot deel van God se

[132] Volf (2001:10) dui daarop dat selfs die term ‘werk’ verwarrend is en gedefinieer moet word. Werk kan verwys na betaalde en onbetaalde werk. Waar ons praat van betaalde werk is die term ‘beroep’ dalk ‘n beter keuse. Volf definieer werk, soos volg: *Work is honest, purposeful, and methodologically specified social activity whose primary goal is the creation of products or states of affairs that can satisfy the needs of working individuals or their co-creatures, or (if primarily an end in itself) activity that is necessary in order for acting individuals to satisfy their needs apart from the need for the activity itself*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geskiedenis met die mens; deur die eeue is daar nog altyd van die mens verwag om te werk. Volf (2001:27) verwys na ‘n baie mooi aanhaling van ‘n digter, Aleksa Šantić, wat God se siening van werk beklemtoon: *God, full of joy, can read the whole of human history in the ‘calloused hands’ of diligent workers*. Dat ons moet werk is ‘n gegewe, hoe hierdie diens egter lyk is ’n belangrike kwessie, een wat deur die eeue reeds dikwels betwis is (Preece, 1998:1; Hardy, 1990:43).

Sedert die vyftigerjare is daar ‘n ernstige soeke na ‘n teologie van werk. Alhoewel ‘n etiek vir werk lank reeds bestaan, is die dieper teologiese soeke na werk redelik nuut. Forster (2020:1) verwys na die noodsaaklikheid vir ‘n deeglike teologie vir werk, veral met die wete dat *the South African Protestant churches had somehow lost a clear and theologically responsible understanding of work*.

‘Teologie vir werk’ is egter ‘n veld op sy eie en die versoeking is hier om te deeglik op die definisie van ‘werk’ in te gaan.[133] Ek is op soek na ‘n definisie vir ‘roeping’, wat wyer strek as net werk. Sake, soos die keuse van ‘n loopbaan, die etiese verantwoordbaarheid van sekere werke, kapitalisme, ekonomiese gelykheid en die publieke sfeer van werk, val buite die spektrum van hierdie studie. Genoegsame inligting oor die onderwerp is egter nodig om te redeneer dat ‘n verkeerde begrip van ‘werk’ maklik gereformeerde roeping kan inperk (Cosden, 2006:4-5). Tydens die onderhoude wat in Hoofstuk 7 ontleed word, stel ek juis belang in die vraag oor hoe lidmate oor hulle loopbane dink. Is hulle werk hulle roeping, of is roeping vir hulle wyer as dit? Ek verstaan, soos Schuurman (2004:x-xi), dat die klassieke Protestantse teologie van roeping nie noodwendig op ‘n moderne begrip van loopbaankeuse fokus nie, maar dat die teologie wel kan help om mense te lei oor hoe hulle deur hulle loopbaan hulle roeping kan uit leef, soos hy dit verwoord:

> *Vocational guidance counselling … is a lens through which to see the obligations of our specific and varied social locations as avenues of God’s Call.*

Forster (2020:3) bevestig hierdie noodsaaklikheid van ‘n wyer begrip van roeping. Hy voer aan dat die vraag oor wat God in en deur fisieke werk van ons verwag, nie net ‘n teologiese kwessie is nie, maar veral ook ‘n dieper soeke na roeping is.

[133] In hierdie verband is ‘n skrywe, soos Volf (2001), behulpsaam.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ek spandeer in die volgende onderafdelings genoegsame tyd aan die probleem van die moderne begrip van werk, gee ‘n bondige oorsig oor die teologie van werk en definieer ‘roeping’ vanuit ‘n gereformeerde begrip van werk.

4.2.1.2. Die probleem van die moderne siening van werk

Om geroepe te wees om te werk, beteken om deel te hê aan ’n fundamentele deel van God se doel met die mens op aarde. Werk is ’n essensiële deel van God se plan met die mens; nie alleenlik iets wat gedoen word om ’n sekere doel te bereik, soos om sukses te behaal of rykdom te verwerf nie (Preece, 1998:6); om te werk is om jou roeping uit te leef (Hardy, 1990:113). Die uitdaging bestaan wel dat die sekulêre begrip van roeping afgewater is tot ‘n middel om te oorleef. In ‘n onlangse studie (Forster, 2014:7) is juis bevind dat baie Suid-Afrikaners nie vir persoonlike genot of geestelike roeping werk nie, maar slegs om ‘n inkomste te verdien om vir hulself en hulle afhanklikes te sorg.

Schuurman (2004:xi) verwys, in die inleiding van sy boek, na ‘n probleem waarmee baie van sy studente worstel, as dit by loopbaan en roeping kom; hulle fokus volgens hom nie op die wyer roeping wat hulle lewe inhou nie. Hulle definieer ‘roeping’ as sekere mense wat direk vir ‘n lewe in die bediening geroep word; mense soos pastore, sendelinge, priesters, monnike of nonne.[134] Baie van hierdie studente ontwikkel daarom ‘n vrees oor ‘n loopbaankeuse, aangesien hulle voel dat hulle in die proses om ‘n loopbaan te kies, God se roeping in hulle lewe kan mis. Die titel van Schuurman (2004:1) se eerste hoofstuk, *Vocation Under Assault: Can It Be Salvaged?* verwys juis na die sekulêre probleem van roeping wat suiwer na betaalde werk verwys (Hardy, 1990:11). Die term ‘vokasie’ en ‘roeping’ is sinoniem met mekaar; verwys in sekulêre terme eerder na beroep. Daar is selde in die gebruik van die term ‘roeping’ ‘n verwysing na persoonlike impak in noodsaaklike kategorieë soos familie, vriende en die wyer gemeenskap.

Volf (1991:3) en Schuurman (2004:8) brei oor die probleem uit en beskou die opkoms van kapitalisme, tesame met die Protestantse werksetiek, as die voorlopers van die Westerse siening van werk. Hy omskryf die probleem as *[a] world of total work*. Vanuit

[134] Vergelyk Forster (2014:7): *Because the clergy take the primary responsibility for churches, they often create the impression that their work is more important to God than the work of the church’s members. As was discussed, this is a return to the pre- Reformation and early post-Reformation impression that pastors, priests and missionaries do ‘holy’ work, whilst doctors, teachers and builders do ‘profane’ work (Greene, 2001:9). Such dualistic views of work and vocation need to be reconsidered and corrected*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie perspektief word werk as ‘n dominerende en regerende aspek van die menslike lewe gesien; as ‘n taak waarin die mens geen keuse het nie. Hiervolgens verstaan moderne mense hulself as wesens wat moet werk om sinvolle betekenis in die lewe te vind. Die probleem is dus nie dat mense moet werk nie, dit is ‘n gegewe, maar eerder dat hulle identiteit bepaal word deur die werk wat hulle doen, of nie doen nie. Hierdie problematiese identiteit, waar ‘n loopbaankeuse roeping oorheers, gee dikwels aanleiding tot ‘n gees van moderne individualisme. Hierdie individualisme veroorsaak ‘n houding waarvolgens diens aan jou naaste en ‘n strewe vir ‘n beter lewe vir almal, ontoepaslik word (Hardy, 1990:xiv-xvi). Hardy meen ook dat die moderne, sekulêre begrip van werk maklik tot werkverslawing kan bydra. Hy ontken nie die noodsaaklikheid van werk nie, maar beklemtoon dat ons so kan staatmaak op ons eie vermoë om te voorsien dat ons vergeet van God se voorsienigheid en genade in ons lewens. Werk is ‘n belangrike deel van die lewe, maar is nie die hele lewe nie (Hardy, 1990:117-118).

Is dit moontlik dat ‘n moderne, Protestantse begrip van werk[135] die oorspronklike gereformeerde betekenis van roeping inperk en veroorsaak dat die moderne mens nie begryp dat roeping veel meer as ‘n beroepskeuse inhou nie?[136] Hierdie siening van werk teenoor roeping was nie histories die geval nie, maar teen die laat-sewentiende eeu het die vroeë Bybelse definisie reeds begin betekenis verloor (Hardy, 1990:112).

4.2.1.3. ‘n Bondige historiese oorsig van die teologie van werk

Schuurman (2004:17) maak melding van algehele hedendaagse kritiek teen die Protestantse dogma van roeping en veral die Bybelse fundering daarvan.[137] Mens sou dink dat die kritiek teen die enorme gaping tussen die leefwêreld van die vroeë hervormers en die hedendaagse sekulêre mens gegrond is, maar die kritiek gaan veel

[135] Ek moet noem dat daar buite die teologiese debat ook ‘n filosofiese begrip van ‘werk’ en ‘roeping’ is. Hierdie studie fokus meer op die teologiese verstaan. Hardy (1990:Hoofstuk 1) verwys in diepte na die filosofiese begrip van werk. In kort is daar twee strome: die een stroom beskou werk as ‘n dierlike taak wat die mens in staat stel om die hardheid van die lewe te oorleef, terwyl die ander stroom dit beskou as ‘n middel om ‘n goddelike natuur na te jaag waardeur die mens oor die aarde regeer. Vir Hardy bied die gereformeerde begrip van werk juis ‘n middeweg tussen die twee filosofiese standpunte.

[136] Volf (1991:5-7) beskryf die probleem van ‘werk’ deur te verwys na die pogings van die Protestantse, sowel as Rooms-Katolieke, Kerk en andere, om die sosiale probleem van werk teologies aan te spreek. Die feit dat die postmoderne begrip van werk ‘n probleem is, is die oorhoofse rede vir Volf se skrywe van hierdie spesifieke boek. Hy beskryf die uitdaging as *a problem … which Protestant theologians have yet to produce*.

[137] Forster (2020:1) beskryf hierdie probleem, soos volg: *Stated plainly, the research found that the South African Protestant churches had somehow lost a clear and theologically responsible understanding of work*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dieper as dit. Verskeie kritici meen dat die vroeë hervormers se dogma oor roeping glad nie op die Bybel gefundeer is nie. Schuurman (2004:17) is egter oortuig daarvan dat die kritiek nie tred hou nie. Die Bybelse begrip van roeping ondersteun nie noodwendig die moderne siening van werk nie, aangesien roeping nie as betaalde werk beskou is nie.

Twee primêre temas kom na vore vanuit die Bybel: die roeping tot bekering en spesifieke roeping tot groter diens in die geloofsgemeenskap en die wyer samelewing. Die term 'roeping' word meestal aan die bekering van die ou lewe na die nuwe gekoppel; die roeping om deur genade die kruis te aanvaar en as dissipel te leef (Schwehn & Boss, 2006:91; Schuurman, 2004:17). Dit het nie oor 'n beroep gegaan nie, maar oor 'n lewe van Christelike toewyding. Weens die kulturele konteks van die Nuwe Testament is bekeerlinge, ongeag klas, status of ras, aangemoedig om aan te hou met die werk waarin God hulle geroep het (Forster, 2020:4). Hierdie werk is dikwels as 'n diens tot jou naaste beskou, al het dit opoffering gevra. Wanneer aanbidding en toewyding hierdie werk begelei het, is God so verheerlik en is die werk én aanbidding, as roeping beskou (Smit in Botha, 2001:10; Schwehn & Boss, 2006:91, Forster, 2020:4).

Schuurman (2004:18) som die Bybelse begrip van roeping op, soos volg:

> *The ones God chooses, God calls or summons or invites for a particular purpose. God calls people to salvation, hope, repentance, feasting, performing a task, undertaking a labour, fellowship and more. God calls first of all a people, Israel and the church; individuals have their callings within the corporate calling. Put in general terms, the purpose of Gods call is for people of God to worship God, and to participate in God's creative and redemptive purposes for the world, to enjoy, hope for, pray for, and work toward God's shalom. This is what is means for Christians to be in Christ and to follow Christ.*

Die Bybelse siening van roeping het reeds teen Luther se tyd so verander dat Luther nie meer die Bybelse begrip van werk as diens aan jou naaste ervaar het nie.[138]

[138] Aangesien ek besig is met 'n bondige beskrywing, verwys ek nie na Calvyn se siening oor werk nie. Martin Luther se standpunt is wyer as die van Calvyn; daarom verwys ek histories na Luther se gedagtes (Volf, 2001:105). Dat Calvyn, soos Luther, gekant was teen die onderskeid tussen die lewe in die klooster en die samelewing, is egter duidelik (Hardy, 1990:58).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Roeping is geïnstitusionaliseer en beskou as ‘n tegniese term wat vertrek vanuit die sekulêre na ‘n formele spirituele institusie aangedui het (Volf, 2001:105; Wingren, 1958:2; Hardy, 1990:45; Forster, 2020:3-4). Roeping is in hierdie tydperk as ‘n lewe van afsondering beskou waardeur die normale lewe vir die kloosterlewe ingeruil is. Hierdie lewe van afsondering is aan geestelike riglyne gekenmerk, soos, onder andere, gehoorsaamheid, armoede en kuisheid, terwyl die normale persoon, buite die klooster, slegs by die voorskrifte op toepassing van alle mense moes hou (Smit in Botha, 2001:12-13; Volf, 2001:105).

‘n Groot onderskeid is dus gemaak tussen geestelikes met ‘n formele roeping en gewone gelowiges sonder ‘n formele roeping; ‘n onderskeid waarmee Luther ‘n groot probleem gehad het. Hierdie onderskeid het aanleiding tot die ontwikkeling van werk in en buite die kerk gegee. Vir Luther was hierdie onderskeid ‘n leuen en die idee dat jy God sinvol kan dien deur van die samelewing te onttrek, ‘n gedagte van die duiwel self. God roep nie net sommige mense nie, maar alle mense, om in die wêreld diensbaar te wees. Alle werk bied dus die geleentheid tot geestelike diensbaarheid, nie net diegene wat in die kerk diensbaar is nie (Smit in Botha, 2001:12-13; Hardy, 1990:45, Forster, 2020:3-4).

Vir Luther was daar ‘n duidelike verskil tussen die uitwaartse roeping (*vocatio externa*) en die geestelike roeping (*vocatio spiritualis*). Hy tref egter nie onderskeid tussen wie watter roeping ontvang nie, aangesien dit die mens in totaliteit is wat beide roepings ontvang (Smit in Botha, 2001:14-15; Volf, 2001:105; Schuurman, 2004:26)

In die eerste plek word mense geroep om op ‘n geestelike vlak hulself te bekeer (*immediata vocatio*); tweedens word hulle geroep om op ‘n bemiddelende, geestelike vlak (*mediata vocatio*) God en hulle naaste te dien. Die een roeping kan egter nie sonder die ander ontvang word nie. Die aard van roeping kan van mens tot mens verskil, maar aangesien die mens een wese is, is die interne en eksterne roeping van God ook een. ‘n Verdere belangrike punt vir Luther is dat God jou roep waar jy is; jou konkrete situasie, politieke, ekonomiese omstandighede en status word nie by God se roeping uitgesluit nie. God vra nie van jou om jou konteks te verlaat om Hom te dien nie, inteendeel, Hy vra van jou om Hom te dien waar jy is (Wingren, 1958:5).[139] So, kon mense aan God se aanhoudende skeppende handeling in die wêreld deelneem,

[139] Ek verwys later na Volf (2001:110) se kritiek teen Luther se siening oor die standpunt dat jy in die stasie moet bly waar jy was, toe jy tot bekering gekom het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ongeag van die werk waarmee hulle besig was. Die mens se beroep is dus gesien as gehoorsaamheid aan God; nie iets wat gedoen moet word om status en rykdom te bekom nie (Smit in Botha, 2001:14-15, Volf, 2001:106).

Vanuit Luther se bydrae is twee groot waardes vir werk gebore: gehoorsaamheid en getrouheid aan God (Forster, 2020:4). Luther het veral ook die vry, direkte en persoonlike diens aan jou naaste deur jou werk beklemtoon. Sy konteks het hierdie verwagting moontlik gemaak, aangesien mense meestal, nog op ‘n persoonlike vlak, diens aan mekaar gelewer het. Die bakker het die mense geken wat sy brood geëet het, so ook met die skoenmaker, onderwyser en regeerders. Om hierdie rede kon mense nog uitgedaag word om hulle naaste met vreugde en deernis te dien. Die versoeking en gevaar was dus om naastediens vir selfverryking en persoonlike vooruitgang te verruil. Luiheid was ook nie ‘n keuse nie; mense is aangemoedig om, ten spyte van omstandighede, met ywer ter wille van jou naaste te arbei. Sukses was nooit as persoonlike prestasie en bevordering gesien nie; mense is aangemoedig om te bly werk waar God hulle geplaas het. Sukses is gemeet aan die impak op die lewe van jou naaste, sodoende ook aan die impak op God se Koninkryk (Smit in Botha, 2001:16-17).

Deur Luther se bydrae het daar ‘n groot skuif in die siening van werk plaasgevind. Die mens word intern geroep om ekstern ‘n verskil te maak. Roeping was nooit vir persoonlike wins en afsondering bedoel nie. Volf (2001:107) en Badcock (1998:83), lewer wel kritiek teen Luther se begrip van roeping. Badcock interpreteer die Bybelse begrip van roeping as gefokus op die geestelike, eerder as op die sekulêre. Die spesifieke roeping van God het dus meer met mense, wat geroep word om in die amp self te staan, te doen. Volf (2001:107) het ‘n paar areas van kritiek wat kortliks genoem word:

- Vir Volf kan alle werk nie as Goddelike roeping beskou word nie; hy sukkel om te sien hoe werk, waarin mense se menswaardigheid aangetas word, as deel van God se roeping gesien kan word.
- Hy beskryf ook ‘n dubbelsinnigheid in Luther se teorie oor die interne en eksterne roeping. Interne roeping kom deur die Evangelie, terwyl jou werk (stasie) eksterne roeping (of vokasie) bepaal. Hierdie dubbelsinnigheid het veroorsaak dat die vokasie, of eksterne roeping, dikwels die opperhand gekry het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Luther se verstaan dat die mens se innerlike roeping jou help om die omstandighede van jou uiterlike vokasie te oorbrug, skep ‘n ideologiese probleem. Hoe staan ‘n mens op vir beter werksomstandighede as jy glo dat God jou die innerlike krag gee om dehumaniserende werk te oorbrug? Luther se begrip van werk bied geen ruimte vir verandering nie.
- Luther se oortuiging dat, aangesien daar slegs een interne roeping is, daar ook net een eksterne roeping kan wees, is problematies in ‘n sekulêre wêreld waar mense gedurig van werk verander. Die tempo waarteen tegnologie verander, vereis dikwels van mense om gereeld van werk te verander. Mense het dikwels ook meer as een werk, ook problematies as Luther se standpunt ernstig opgeneem word.

Op dié punt neem ek kennis van die kritiek teen Luther se begrip van roeping. Ek sal met die soeke na ‘n teologie vir werk verder hieraan aandag gee. Ná Luther het verdere noodsaaklike skuiwe in die gereformeerde siening van werk plaasgevind. ‘n Paar sake is noodsaaklik om op uit te brei.

Die eerste groot skuif wat plaasgevind het, was die sterk fokus op die eksterne roeping van die mens (Hardy, 1990:112). Dit wat die mens in die aktiewe lewe mee besig was, het so belangrik geword dat die innerlike roeping eenkant toe geskuif is. Smit (in Botha, 2001:17) noem dat *for many people the active life had become the actual and only life*. Hierdie skuif het die term ‘Beruf’, of beroep, in gebruik laat kom. Protestantse gelowiges het al hoe meer hulle beroep as hulle roeping beskou (Hardy, 1990:112). Smit (in Botha, 2001:17) beskryf hierdie skuif, soos volg: *One could even say harshly that Christians were no longer called to be Christians in their occupation, but were called as Christians to be in their occupations*. Forster (2020:4) beskou hierdie subtiele skuif as ‘n teologiese skuif met ‘n enorme impak:

> *Even Christians began to see themselves in relation to their calling in life as a primary orientation and responsibility. Calling started to take on an identity (i.e. to be an educator, doctor, farmer, lawyer, even a pastor, etc.) rather than being primarily orientated towards the Caller (God).*

Na die Reformasie is hierdie siening uitgebrei en is klem op die klas (as ekonomiese indikator) en posisie (Officium, as politieke indikator) van die mens geplaas, waarin die waardes van gehoorsaamheid en getrouheid uitgeoefen moes word. Smit (in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Botha, 2001:18-20)[140] beskryf ‘n paar nuwe tendense wat vanuit hierdie siening van beroep ontstaan het, sienings wat as normaal aanvaar is, asof mense nog altyd so gedink het:

- Innerlike roeping is gesien as natuurlike, ingebore vaardighede of talente. Hierdie vaardighede leer jou wat jou innerlike roeping is en bepaal daarom watter uiterlike roeping jy moet uitleef. Aangesien dit natuurlik is, word dit aanvaar as God se roeping aan die individu. Hardy (1990:80-81) en Schuurman (2004:30) beskryf hierdie keuse as die onderskeid tussen algehele en spesifieke roeping. Algehele roeping is die opdrag om ‘n dissipel van Christus te wees, terwyl jou gawes en talente spesifieke roeping bepaal.
- Vanuit hierdie tendens is die term ‘beroepskeuse’ ontwikkel. Gelowiges hoef nie nou meer in hulle klas of werk te bly waarin hulle innerlik geroep is nie, maar kan vrylik kies wat hulle uiterlike roeping is deur na hulle gawes en talente te kyk.
- Gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu het hierdie gedagtes oor beroepskeuse so aanvaarbaar geword dat dit tot vandag toe as die norm beskou sou word. Die denke oor roeping en werk het so verwyderd van mekaar geword dat geestelike roeping grootliks, soos in die Middeleeue, slegs gekoppel is aan die werk van die kerk en mense wat spesifiek tot die kerk en die teologie geroep word. Die aanvaarbaarste term vir betaalde werk, soos beïnvloed deur sekularisasie, was jou professie of beroep.
- Die gevolg hiervan was dat die Goddelike innerlike geestelike roeping afgewater is tot ‘n persoonlike begeerte of hunkering om ‘n bepaalde werk te gaan doen. “Ek word geroep om iets te doen” het ‘n sensuele gewoonte geword wat ‘n uitdrukking van ‘n begeerte of ‘n behoefte is. Die uitleef van hierdie begeerte word eties en moreel geregverdig as ‘n diens aan die gemeenskap, aangesien die gemeenskap die diens nodig het en die spesifieke persoon die innerlike gawes en talent ontvang het om die diens te verrig.
- Verder word die oorspronklike persoonlike diens aan die naaste vervang met ‘n gesekulariseerde, onpersoonlike diens aan die geheel. Die werk word

[140] Vergelyk ook Forster (2020).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> as iets wat bydra tot die geluk, voorspoed, orde en algehele welstand van die mensdom beskou. Persoonlike welstand, sukses, prestasie en bevordering word as iets beskou wat voordeel vir die geheel inhou. Hoe meer betroubaar en gehoorsaam die individu is, hoe beter is dit vir die geheel, en daarom word persoonlike voordeel in die sekulêre stelsel aangemoedig.

Tydens die aanvanklike Protestantse era van Luther en Calvyn, was diens aan die gemeenskap die noodsaaklike. In die sekulêre era het dit egter verskuif na die voordeel van die enkeling, en daarom is persoonlike voorkeur van belang (Hardy, 1990:114, Forster 2020:5). God se roeping word ‘n middel waardeur die individu die klas en status van die aanvanklike roeping kan ontsnap. Een duidelike skuif word sigbaar en dit is dat die aanvanklike siening van roeping, soos Luther verwoord, betekenis verloor het. Roeping is terug in die hande van die kerk en die geestelike, terwyl die sekulêre wêreld die plek geword het waarin uiterlike roeping geleë is.

4.2.1.4. Roeping as meer as werk

Smit (in Botha, 2001:21) tree in vir moderne Protestantse Christene, vasgevang in ‘n sekulêre era. Dit is amper onmoontlik om terug te keer na ‘n tyd waar werk onbelangrik is en mense terugbeweeg na geestelike isolasie en afsondering. Hy meen egter ook dat baie mense met die gedagte worstel dat hulle toegewyde en getroue diens aan werk, en die gejaag na rykdom en status, werklik beskou kan word as diens aan God en die naaste. Werk oorheers so die meeste mense se lewens, dat die impak daarvan op hulle persoonlike lewens nie geïgnoreer kan word nie, soos Smit uitbrei:

> *the work situation also puts its stamp on the rest of people’s lives in the most profound way: emotionally and inwardly, in their home and family lives, their friendships, their values and priorities, their strivings and dreams, their fears and concerns, in short, in all aspects.*

Hardy (1990:117) asook Forster (2020:5) ondersteun dié gedagte, wat na die koste van moderne werk op huwelike, families, vriendekringe en persoonlike keuses verwys. Selfs God en die kerk word eenkant geskuif in ‘n poging om sukses te behaal; sukses wat dikwels met ‘n vervulling van wêreldse begeertes gepaard gaan. Hardy (1990:117) beskryf dit as volg:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *When an occupation is no longer freely taken as a way of responding to a call from God, it can be a cruel taskmaster indeed. Luring the unwary into the portals of its temple with heady promises of worldly success, it demands more and more of their lives and gives very little by way of lasting satisfaction in return. Those who initially devoted themselves to their careers as a means of self-fulfilment now find themselves entrapped and enslaved by a capricious and unforgiving god.*

Hoe die kerk lidmate begelei om in hierdie tyd oor kerk en werk te dink is ‘n reuse-uitdaging (Forster, 2014:5; 2020:7). Werk domineer mense se lewens in so ‘n mate dat mense nie werklik by die wyer geestelike roeping in hulle lewens uitkom nie (Forster, 2014:2). Om na te dink oor iemand se loopbaan in ‘n postapartheid-konteks is baie meer kompleks as die dorpie waarin Luther grootgeword het. As navorser is ek deeglik bewus van die uitdagings wat mense ten opsigte van werk ervaar: byvoorbeeld mans en vaders wat maande weg is op skepe; moeders wat huishoudings in afwesigheid van vaders moet laat funksioneer; mense wat internasionaal handel en vroegaand as kinders aandag moet kry, markte moet dophou. Bykomende uitdagings, soos ‘n wêreldwye pandemie (Covid-19);[141] die druk van die verswakkende ekonomie, betogings;[142] die verswak van die plaaslike Weskus-ekonomie deur die sluiting van die ArcelorMittal Saldanha-staalfabriek, maak werkloosheid, werksverlies en vrees oor die toekoms nog werkliker.

Schuurman (2004:147) vertel van ‘n ervaring wat hy in 1998 in Suid-Afrika gehad het. In dié tyd, net na die val van apartheid, het hy baie mense ontmoet wat die land wou verlaat uit vrees en onsekerheid oor die toekoms; mense wat ‘n groot bydrae tot die vooruitgang van Suid-Afrika kon lewer; geleerde, kreatiewe en ondernemende mense met baie potensiaal. Hy het egter ook mense ontmoet wat gevoel het dat dit hulle roeping was om te bly en ‘n verskil in die land te maak. Hulle het ervaar dat hulle juis deur hulle gawes in Christus, ‘n verskil kon maak ten opsigte van die toekoms en sulke mense was oortuig daarvan dat hulle roeping meer as net ‘n gepaste loopbaan was.

[141] Forster (2020:6) verwys ook na verskeie gebeurtenisse wat wêreldwyd uitdagings vir die mens bied. Hy redeneer egter dat dit nie net negatief is nie; aangesien dit mense oor hulle wyer roeping laat wonder.

[142] Terwyl ek sit en skryf kyk ek letterlik hoe bande voor die ingang na Paternoster, ‘n klein plattelandse dorpie aan die Weskus, brand. (Dit wil lyk, asof betogings oor onregverdige verspreiding van behuising in die Saldanhabaai-munisipaliteit gehou is.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hulle het iets begryp wat dit beteken om in ‘n land met verskeie uitdagings geroepe te wees; dat hulle deur hulle daaglikse werk ‘n verskil in die land kon teweegbring.

Smit (in Botha, 2001:28) dink na oor ‘n soortgelyke vraag:

> Hoe dink Christenmense oor werk as daaglikse geloofservaring? Ervaar hulle dit steeds as ‘n bonatuurlike, geestelike roeping?

Op hierdie tydstip is dit behulpsaam om kennis te neem van Volf (2001:1) se kritiek teen die nougesette gedagte van Luther dat elke persoon vir ‘n spesifieke doel in die samelewing geroep word. Sy kritiek verwys na Luther se interpretasie van 1 Korintiërs 7:20, waar Luther *klēsis* vertolk, as ‘n opdrag om in die stasie waar jy was, toe jy tot bekering gekom het, te bly.[143] Dit is belangrik om van Volf se toepaslike kritiek kennis te neem. Hy redeneer dat die innerlike bekering jou nie uiterlik beperk tot een enkele werk of beroep nie, maar eerder gaan oor die uitleef van verskeie gawes (charisma) in die werk wat jy doen, soos Volf (2001:110) verwoord:

> *I propose that a theology of charisms supplies a stable foundation on which we can erect a theology of work that is both faithful to the divine revelation and relevant to the modern world of work.*

Dit gaan eerder oor hoe jou innerlike bekering jou vermoë om ‘n Geesvervulde impak op enige uiterlike werk te maak beïnvloed. Hiervoor wend Volf (2001:11) hom tot ‘n pneumatologiese begrip van roeping.[144] Deur die Gees ontvang bekeerlinge gawes wat in enige konteks aangewend kan word tot die uitbreiding van God se Koninkryk. In en deur die Gees het die gelowige toegang tot die krag van Christus wat sigbaar word deur die gawes; werk die gelowige, ongeag van beroep of aard van werk, saam met God (Volf, 2001:115). Volf se teologie van werk, geanker in leiding deur die Gees, is vir my ‘n welkome uitbreiding op die tradisionele gereformeerde siening van werk. Wanneer iemand in ‘n sekulêre, postapartheid-Suid-Afrika tot bekering kom, hoef hy of sy nie noodwendig van beroep te verander nie. Die innerlike vernuwing help dat

[143] Verskeie interpretasies oor hierdie teks is beskikbaar, maar die in-diepte bespreking daarvan dien geen doel vir ons begrip van ‘roeping, as meer as werk’ nie.

[144] Schuurman (2004:27) neem kennis van Volf se kritiek teen Luther en Calvyn se gereformeerde siening van roeping. Schuurman voer aan dat Volf, en andere, se verwerping van die tradisionele siening van roeping ongeldig is. Ek verstaan Volf egter anders en alhoewel ek nie die tradisionele siening van gereformeerde roeping en werk verwerp nie, is Volf se fokus op gawes en pneumatologie vir my ‘n antwoord op die diverse, eties uitdagende beroepskeuses van die moderne sekulêre era.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daar ‘n nuwe fokus ontstaan op die uiterlike diens aan die samelewing; ‘n diens wat nie meer deur selfsug nie, maar deur die Gees van God gedryf word.

Terug by Smit se vraag, is dit sinvol om op Volf se rol van die Gees uit te brei. Wainwright (in Botha, 2001:33-35) se verwysing na die antieke kloosterorde van die Benediktyne, *Ora et labora* (‘bid en werk’), help moontlik om Smit se vraag aan te spreek; om ‘n gebalanseerde definisie vir werk as roeping te formuleer. Vir Wainwright (in Botha, 2001:33) is die noodsaaklike die wisselwerking tussen gebed en werk, om weg te beweeg van die idee dat ons by die huis en kerk bid en dan gaan werk. Hardy (1990:119) en Volf (2001:138) beskryf dit as ‘n balans tussen die aktiewe (*vita activa*) en kontemplatiewe lewe (*vita contemplativa*); ‘n balans wat die Middeleeuse Christene as ‘n *mixed life* beskryf het.

Die uitdaging is om toe te laat dat die twee lewens mekaar gedurig ontmoet en daardeur sal werk dalk meer as roeping gesien kan word. Schuurman (2004:68-69) verwys na statistieke wat aandui dat 73% van mense wat voel dat hulle God se roeping deur hulle betaalde werk ervaar, daagliks tyd in die Woord spandeer. Hy ondersteun Hardy (1990:119) en Volf (2001:138) se siening dat ‘n daaglikse roetine van gebed, aanbidding en die kontemplatiewe, help om kinders van God deur hulle daaglikse take te lei.

‘n Laaste opmerking oor werk as roeping word in Wainwright (Botha, 2001:34-35) se bydrae gemaak, wat dink aan die mens in terme van die Imago Dei. Hierdeur word die mens as werker gesien, geskape na die beeld van God, wat die volgende drie betekenisse inhou:

- ‘n Ontologiese betekenis:

Aangesien die mens as werker na die beeld van God geskape is, is dit die mens se voorreg om God in die werksplek self te verteenwoordig. Dit beteken dat die mens geskape is om God te verheerlik, daarom genot te vind in die voorreg om God as werker te verteenwoordig.

- ‘n Kosmologiese betekenis:

Genesis 2:5 se verwysing is hier toepaslik. Aangesien die mens geskape is om die grond namens God te bewerk, sou werk ook gesien kan word as ons Godgegewe roeping. Ons het ’n verantwoordelikheid om die grond te bewerk, selfs al het die bewerking van die grond ná die sondeval radikaal verander. Die omstandighede

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

waarin die mens nou geroep word om kosmologies verantwoordbaar te wees, is een van pyn en sweet, wat maak dat die mens maklik hulle rûe op hierdie verantwoordelikheid draai.

- ‘n Sosiaal-saamgestelde betekenis:

Wainwright verwoord dit, soos volg:

> *Third, the human creature is socially constituted to live as a community of neighbours with the opportunity for exercising towards one another the justice, mercy, truth, and love …*

Hierdie laaste gedagte bring ons nader aan die probleem van hierdie studie: dat ons in Suid-Afrika worstel om ons werk, gebed en sosiale verantwoordelikheid bymekaar te bring (Forster, 2014). As ons werk en bid, hoe doen ons dit sodat ons medemens ook daardeur verheerlik word? Forster se nuutste bydrae (2020) in hierdie verband is baie sinvol. Hy verwys na die teologiese dualisme wat in die sekulêre mens se begrip van werk en roeping ingetree het en bevestig die enorme rol wat die kerk kan speel om mense in hierdie verband te lei. Die doel van hierdie studie is juis om ‘n manier te vind om lidmate te bemagtig om ‘n gesonde balans tussen kerk, werk en roeping te vind; om tot die volgende ideaal by te dra:

> *A professional career matters to God. So does work outside the congregation and within the home or community. Each of us has a role to play in advancing God’s Kingdom in society* (Forster, 2020:8).

Wainwright en ander help ons om op Smit se vraag oor daaglikse geloofservaring by die werk, betaald of nie, te reageer. As ons mense kan begelei om te verstaan dat hulle geroep word om as beeld van God, as verteenwoordiger van God tussen medemense te werk, dan sal die moderne siening van werk dalk meer gereformeerd kan word. Hierby is die fokus op gawes deur die Gees, tesame met ‘n sterk fokus op gebed en die kontemplatiewe nodig om ‘n gebalanseerde lewe te handhaaf.

Saam met hierdie denke oor roeping en werk, is daar ook die vrae oor werkloosheid, of tye wat dit moeilik by die werk gaan: is dit ook deel van God se roeping, of moet die emosies van nutteloosheid en betekenisloosheid beskou word as ‘n roepinglose tydperk in mense se lewens? Smit (in Botha, 2001) wonder ook oor hoe mense se vryetyd lyk en of mense nog tyd maak vir kerklike betrokkenheid in hulle aftye? Hoe

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beïnvloed werk hulle prioriteite in die verband en ten opsigte van tyd saam met familie, vriende en persoonlike tyd?

'n Mens sou ook verder saam met Smit (in Botha, 2001) en Forster (2020) kon dink aan die impak van werk op mense se vreugde en sin van betekenis in hulle lewens, die sosiale druk om ten opsigte van rykdom en vooruitgang te presteer en suksesvol te wees. Hoe die werksdruk roeping in 'n postapartheid-konteks beïnvloed, is ook toepaslik, aangesien die Suid-Afrikaanse werkskonteks nie altyd 'n rooskleurige prentjie skilder nie. Werk word dikwels 'n manier om te oorleef, veral as ons ekonomiese en politieke omstandighede in ag geneem word.[145] Ek het vroeër genoem dat 'n teologie van werk amper 'n studie opsigself is. Al die bogenoemde gedagtes is aspekte wat verder ondersoek sou kon word, maar vir dié studiedoelstelling volstaan ek by wat reeds genoem is.

Samevattend is dit belangrik om te aanvaar dat werk en roeping vir die meeste gereformeerde Christene waarskynlik wêrelde uitmekaar is. Luther se siening van werk as uiterlike roeping teenoor God en jou naaste, is moeilik haalbaar in 'n gesekulariseerde konteks. Werk, betaald of nie, domineer die meeste mense se lewens en roeping word gekoppel aan vryetydsbetrokkenheid by sosiale liefdadigheidsaksies, kerklike betrokkenheid en diens aan jou naaste. Hoe om mense in sulke verwarrende omstandighede op God se roepstem te laat reageer, is uitdagend. As ons in 'n tyd leef waar innerlike roeping met uiterlike roeping verwar word, of uiterlike roeping as 'n middel tot selfverryking en voorspoed gesien word, hoe lyk 'n definisie van 'gereformeerde roeping' wat lidmate kan help om sinvol op die Stem van die Roepende te reageer?

4.2.2. Roeping: 'n gereformeerde definisie

Om oor die teologie van werk na te dink is, soos gesien, om oor die verskynsel van werk as deel van die wyer skepping na te dink (Cosden, 2006:5). Of, soos Volf (2001:viii) en Hardy (1990:119) redeneer, is werk slegs een dimensie van die lewe van die Geesvervulde mens en wyer as slegs 'n aktiwiteit wat die mens verrig, waarvoor hy of sy vergoed word, aangesien werk dikwels geen wins inhou nie (soos

[145] Hoofstuk 5 beskryf iets van hierdie uitdagende konteks waarin roeping uitgeleef moet word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

byvoorbeeld werk in-en-om die huis). Die *Theology of Work Project* (TOW, 2020)[146] verwoord dit, soos volg:

> *In the Bible, God does indeed call people – some people, at least – to particular work, and gives all people various kinds of guidance for their work. We will explore biblical accounts of these 'calls' in depth. Although scripture seldom actually uses the word 'call' to describe God's guidance to jobs, occupations, or tasks, these occurrences in the Bible do correspond to what we usually mean by a vocational 'calling'. So, as a preliminary answer, we can say 'yes', God does lead people to particular jobs, occupations, and types of work. But in the Bible, the concept of calling goes deeper than any one aspect of life, such as work. God calls people to become united with himself in every aspect of life. This can only occur as a response to Christ's call to follow him. The calling to follow Christ lies at the root of every other calling. It is important, however, not to confuse a calling to follow Christ with a calling to become a professional church worker. People in every walk of life are called to follow Christ with equal depth and commitment* (TOW, 2020).

Indien werk alleen nie noodwendig as ons holistiese begrip van gereformeerde roeping gesien kan word nie, in watter opsig verskil roeping dan van suiwer werk? Om geroep te wees, is omvattender as slegs werk, aangesien roeping werk insluit, daarom is werk slegs 'n deel van roeping. Roeping, soos bevestig in die boonste aanhaling, begin deur as kind van God geroep te word en kindskap is die eerste stap in die wyer begrip van Christelike roeping (Preece, 1998:61). Hoe ons geroepe is as kinders van God kom na vore in ons daaglikse werk; in ons gemeenskap met ander mense; in ons opvoeding van ons kinders; in ons omgang met vreemdelinge; en ons impak op die wêreld waarin God ons roep (Schuurman, 2004:69).[147] Burger (2011:L133) en Forster (2020:3) voer aan dat die Reformasie se groot bydrae 'n nuwe bewustheid oor die waarde van roeping was. Tydens die Reformasie is roeping se verstaan wyer gemaak

[146] *The Theology of Work Project (TOW) is the deepest, largest, and most trusted source of biblical, theological, and pastoral material related to work* (TOW, 2020).

[147] TOW (2020).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

as net die roeping van sekeres; roeping is gesien as "'n vaste oortuiging dat ek en my hele lewe in diens van die lewende God staan".[148]

In 'n sekulêre era domineer werk so merkbaar mense se lewens dat hulle selde tyd het om eers aan 'n wyer, holistieser siening van roeping te dink:[149] my daaglikse roeping is afgehandel wanneer my daaglikse werk afgehandel is, daar brood op die tafel is en my familie veilig en versorg is, aangesien ek as versorger getrou en gehoorsaam was. In Hoofstuk 2 is aangedui dat een van die prakties teologiese vertrekpunte 'n pastorale benadering is. 'n Deel van die uitdaging is om sensitief vir mense se worsteling met die gejaagdheid van ons samelewing te bly. Dus, hoe lyk 'n definisie vir roeping wat sensitief vir mense se ervaring van realiteit is, maar wat wel mense wil uitdaag om sensitief vir die wete te wees dat God hulle vir meer as net werk roep?

Palmer (2000) vertel iets van sy worsteling met depressie en roeping. Ek is deurgaans sensitief vir die konfronterende aard van hierdie studie; vir die idee dat roeping veronderstel is om maklik te wees en dat ek angs by mense kan veroorsaak. Palmer (2000:36) beskryf iets van die benodigdhede vir ons reis om roeping, om meer as die oppervlakkige te ontdek:

> *[The] pilgrimage towards true self will take 'time, many years and places'. The world needs people with the patience and the passion to make that pilgrimage not only for their own sake but for the truth that will set us free – my truth, your truth, our truth – the truth that was seeded in the earth when each of us arrived here formed in the image of God. Cultivating that truth, I believe, is the authentic vocation of every human being.*

'n Geduldige, pastorale pad is broodnodig in die gesprek oor die ware betekenis van roeping, maar 'n verdere aspek is ook nodig: dat mense van verskeie verkeerde

---

[148] Burger (2011:133) verwys hier na vier verkeerde menings oor roeping: eerstens, die misverstand dat mense dink roeping is iets wat gebeur met, onder meer, predikante, priesters, sendelinge; tweedens, roeping is iets wat met kerkwerk te doen het; derdens, die verkeerde siening dat roeping altyd iets is wat geniet moet word, sonder die swaarkry van die werklikheid; vierdens, misverstand lê lynreg teenoor die eerste een. Sekere volgelinge van Luther en Calvyn was so opgewonde oor die gedagte dat 'n mens die Here deur jou werk kan dien dat hulle 'roeping' begin gelykstel het aan 'n mens se beroep of werk (soos reeds aangespreek in boonste paragraaf).

[149] Call42 (2020) verwys in hulle toekomsblik na die volgende: *We journey together as a network of ministries and initiatives through our relationships and interactions with the common purpose to serve believers and businesses to live out their calling as part of God's Kingdom movement in the workplace*. Hierdie toekomsblik ontstaan juis vanuit 'n worsteling van mense om hulle roeping uit te leef, soos Forster (2014:2) verduidelik: *The Call42 web page states that many Christians seem to be struggling to bridge the gap between their faith life (which is centred on the local congregation) and their work life*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oortuigings oor roeping bevry moet word, waarvoor ‘n holistiese definisie van roeping benodig word.

Die volgende taak is om oor ‘n wyer begrip van roeping na te dink, ten opsigte van drie fokuspunte, soos reeds aangedui in Hoofstuk 1. Roeping word gesien, as iets wat:

- vanuit God se verhouding tot en met ons voortvloei;
- deur ons begeertes beïnvloed word; en
- deur ons konteks gefokus word.

Alhoewel roeping by ‘n lewende verhouding met God begin, daarom ‘n saak van ernstige begeerte is, is dit vir my nodig om aanvanklik iets oor die konteks te bespreek.[150] Die logika agter hierdie werkswyse is moontlik verwarrend, maar tog nodig. Roeping is baie wyd en daar is so baie wat oor die onderwerp geskryf kan word. Vir die doel van hierdie studie is ek op soek na ‘n definisie vir gereformeerde roeping, toepaslik vir Suid-Afrikaanse Christene; daarom is dit nodig dat ek, voor ek na die verhoudingsaspek van roeping kyk, ‘n werkswyse kies wat kan help om spesifieke denke oor roeping in Suid-Afrika te formuleer.

Om hierdie rede word die unieke konteks van Suid-Afrika eers inleidend geskilder, waarna daar gekyk sal word na God, as die een wat roep; dan na die eienskappe van die mens wat reageer op die roepstem.

4.2.2.1. Inleidende gedagtes: ‘n Eg Suid-Afrikaanse roepingsdokument as vertrekpunt

Om sensitief vir God se plaaslike voetspore te wees, is een van die uitdagings van kontekstuele teologie. Bosch (1991:428) maak hierdie taak toepaslik deur die volgende vrae: *Which are the signs in human history that reveal God’s will and God’s presence? How do we identify God’s vestigial, Gods footprints in the world?* Om in die onbekende konteks van Suid-Afrika sensitief vir God se gereformeerde roepstem te wees, beteken dat ons soekend vir God se werking moet wees waar ons is. Hoe lyk God se voetspore en hoe onderskei ons die tekens van ons tyd verantwoordelik?

[150] Die bespreking is slegs inleidend en die kontekstuele fokus van roeping word in Hoofstukke 5 en 6 bespreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Migliore (2004:64) help ons om in terme van God as ’n misterie te dink. Ons leer God op grond van God se openbaring ken[151] en spesifiek, soos opgevat in die Bybel. Die vrae oor ‘wie God is’, ‘hoe God is’ en ‘hoe God met ons assosieer’ is alles die taak van die Christelike teologie.[152] Dit help ons om die manier hoe ons oor God dink te vorm. Hieruit kan ons aflei dat ons Godsbegrip ons begrip van die misterie van God is. Hoe ons oor God dink sal ’n invloed hê op alles wat ons oor geloof as Christene sê en doen.[153] Tog is dit ook nodig om sensitief vir ons onkunde oor wie God is te bly. Burger (2011:L287) redeneer dat roeping ons help om nie net oor wie God is te dink nie, maar dat gesonde roeping ons ook help om te dink oor wie ons is en hoe ons teenoor die wêreld waarin ons onsself bevind behoort te reageer. God se openbaring aan ons in die Weskus van Suid-Afrika, ten opsigte van roeping, is nie noodwendig dieselfde as die roeping van bekeerlinge in ander lande nie. Tog bly dit dieselfde God wat ons deur genade roep en ons nie alleen los nie, maar wat saam met ons in ons spesifieke konteks handel. Hoe ons in hierdie unieke konteks op God se roeping reageer, is in wese die leer van die *Missio Dei*, soos Newbigin (1995:770) dit verwoord:

> *The active agent of mission is a power that rules, guides and goes before the church: the free, sovereign, living power of the Spirit of God. Mission is not just something that the church does; it is something done by the Spirit, who is Himself the witness, who changes both the world and the church, who always goes before the church in its missionary journey.*

God is altyd die aktiewe agent in ons soeke om as Christene Koninkryk-bouers te wees. Hy gaan ons vooruit, daarom roep Hy ons ook om in gehoorsaamheid op Sy roepstem te reageer; nie altyd ‘n maklike taak nie, aangesien ons denke oor God se roepstem beperk en baie kontekstueel bly. Dit beteken ook nie dat ons alles kan relativeer nie. Bosch (1991:427) ondersteun die unieke geloofstradisies in verskillende

---

[151] Heyns (1978:3-4) help om te dink oor God-Drie-enig as die subjek van die openbaring, daarom is openbaring nie die outomatiese gebeure van ‘n willose God nie. God kies om Homself aan ons te openbaar en wat ons weet van God is op grond van God se wil om Homself aan ons te ontsluit. God, as persoonlike, kosmies-transendente God, bepaal ook die inhoud, plek, tyd en wyse van die openbaring. Die inhoud van die openbaring word ook so aangebied dat dit vir die mens, as objek, sigbaar en hoorbaar word. Die inhoud word ook nie duidelik deur die mens se eie vermoëns nie, maar deur die wil en werking van die Heilige Gees “aan die mens die geloof gee en Hy hom daarmee tot die ontdekking van en die ontmoeting met God lei” (Heyns, 1978:6).

[152] Vergelyk Heyns (1978:3).

[153] In ’n kort artikel van Jacobs (2004) word die opmerking gemaak dat almal die vraag oor God vra: *When you look at the society of today, everybody has some different belief about God. The Atheists believe there is no God, the Jews and Christians have the common belief that there is a God, but their similarities extend no further, and the Muslims have Allah. All in all, everybody has some type of belief about God, as much as those who don't do deny that fact. Although people believe in God, how do we know he/she is real?*; *What is the relationship between God and religions' views of God?* (Jacobs, 2004). Hoe ons dink oor God, sal bepaal hoe ons geloof uitgeleef word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kontekste, maar waarsku dat daar geloofstradisies en metateologiese perspektiewe is wat vir alle Christene geld, ongeag van die konteks.

Om kontekstueel oor die misterieuse wyse waarop God mense roep te dink, is een van die groot fokusareas van hierdie studie, soos reeds uitgelig in die prakties teologiese benadering in Hoofstuk 2. Hoe God in die konteks waarin ek myself bevind gereformeerd roep, is van groot belang.[154]

Daar is vanuit ʼn gereformeerde hoek,[155] deur die eeue, so baie geskryf oor God en spesifiek oor God se karakter as die Een wat misterieus voor ons uitgaan en werk. Om hier na alles te kyk is nie haalbaar nie; daarom is dit sinvol om vanuit die tema na ʼn begrip van God se roepstem in ʼn postapartheid-konteks te kyk;[156] ‘n eg Suid-Afrikaanse konteks waarsonder roeping nie kontekstueel sal wees nie. Om daarom iets wat rigtinggewend kan wees te vind, is van groot belang en sal die soeke na eg Suid-Afrikaanse gereformeerde roeping verhelder.

Een van die toepaslikste en mees omstrede dokumente[157] van ons tyd, spesifiek vanuit ʼn gereformeerde roepings-perspektief, is waarskynlik die Belydenis van Belhar.[158] Met die prakties teologiese bakens as agtergrond wil hierdie studie nadink oor ʼn God wat bevry, wat kontekstueel betrokke en pastoraal van aard is; eienskappe van God wat deur die Belydenis van Belhar verlig en bely word. Smit (2013:149-153)[159] voer aan dat die toepaslikheid van die Belhar-belydenis, veral vir die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (VGK), maar ook vir die res van Suid-Afrika, nie betwyfel kan word nie. Hy beskou die toepaslikheid daarvan in kort, soos volg:

---

[154] Ek het in my prakties teologiese begrip reeds drie belangrike bakens op die reis geïdentifiseer: die noodsaaklikheid van ‘n teologie wat wil bevry, wat die konteks ernstig wil opneem en pastoraal van aard is. Die noodsaaklikheid van my identiteit as gereformeerde reisiger is ook reeds uitgelig. Ek kies as’t ware om as reisiger ‘n spesifieke hoed op te sit wat ek met trots dra: dié van ‘n NG Kerk-predikant in Suid-Afrika. Teologies bevind ek myself egter op ‘n plek waar, redeneer ek, baie Suid-Afrikaners hulleself polities en kontekstueel bevind: ons dra die hoed van Suid-Afrika met trots, maar is nie blind vir die reuse-uitdagings wat vir ons voorlê nie. Soortgelyk is ek trots gereformeerd, maar baie sensitief vir en bekommerd oor die reuse-uitdagings wat vir ons as kerk voorlê.

[155] Placher (2005) kyk in diepte na die begrip van roeping deur die eeue. Hoofstuk 3 in die boek kyk veral na roeping na die Reformasie, vanaf Luther deur Calvyn tot en met Wesley. Om ‘n historiese oorsig van roeping te gee is nie die studiedoelstelling nie, daarom kies die navorser om net na sekere kante van roeping te kyk, veral kante wat kan bydrae tot ‘n soeke na roeping in ons spesifieke konteks.

[156] Wat bedoel word met ‘postapartheid’ sal in Hoofstuk 3 bespreek word.

[157] Botha (Botha & Naude, 1998) redeneer dat baie mense buite die VGA Kerk onder die indruk verkeer dat die Belhar-belydenis ‘n bron van konflik en verdeeldheid is en dit as ‘n gevaarlike dokument beskou.

[158] Die ander belydenisskrifte van die gereformeerde tradisie sou ook sodanig toepaslik kon wees. Ek voer egter aan dat die huidige toepaslikheid van die Belhar-belydenis die keuse regverdig.

[159] Vergelyk ook Botha en Naude (1998:74-75).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Hy redeneer dat die Belhar-belydenis in ’n tyd van onsekerheid, selfs verdeeldheid, bygedra het tot die gevoel van ’n nuwe identiteit in die VG Kerk.
- Die Belhar-belydenis het ook bygedra tot ’n hernude gevoel van roeping, nie net in die VG Kerk nie, maar veral ook na buite.
- Op dieselfde wyse, soos in die verlede, is die Belhar-belydenis steeds besig om in die nuwe omstandighede vir die VG Kerk ’n kompas te wees wat geleefde eenheid, ware versoening en ontfermende geregtigheid verhelder.

Vanuit Smit en ander se bydrae, wil ek aanvoer dat die Belydenis van Belhar ’n belydenis van identiteit en roeping is, wat kontekstueel vir ons Bybelse riglyne neerlê waarin ons kan dink oor die Stem van die Roepende. Die Belhar-belydenis dien nie as ’n wetboek van die pad vorentoe nie, maar:

> [Net] soos die Bybelse getuienis self, wil dit ons oë oopmaak, ons ’n visie gee, ’n droom, ’n hartstog, wil dit ons inspireer en motiveer, om ’n sekere rigting, op ’n sekere pad, te begin leef. Wat presies van ons op die pad gevra sal word, hang van baie faktore af, van ons analise van die situasie, van wat moontlik en haalbaar is, van ons verbeeldingrykheid, van die getuienis, die raad en die ondersteuning van ons broers en susters (Burger, 2013:151).

Wat hier volg is ’n poging om teologies oor die Stem van die Roepende na te dink, met die Belhar-belydenis as kontekstuele vertrekpunt,[160] om sodoende beter as geroepenes te reageer en in gehoorsaamheid die reis as gereformeerdes te stap. Om die onsekere pad, soos Smit dit verwoord, aan te pak is nie ’n eenvoudige en eensydige taak nie. Baie wysheid, onderskeiding en samewerking sal benodig word om ’n roepingspad in ’n land van radikale veranderinge te identifiseer.

4.2.2.2. Roeping as verhouding: Trinitariese God as die ‘Een’ wat roep

(a) Triniteit, Belhar en roeping

“Ons glo in ’n drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees,” die inleidende woorde van die Belydenis van Belhar. Hoekom juis hierdie woorde? Waarom kies die

[160] Die studie fokus nie op die teologiese grondigheid of geldigheid van die Belhar-belydenis nie en ontleed nie die belydenis in-diepte nie. Die studie is soekend na God se Roepstem in ‘n eg Suid-Afrikaanse konteks en gebruik die Belhar-belydenis as ‘n kontekstuele bron en ’n moontlike rigtinggewer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

opstellers van die belydenis juis om aan die begin by die leer van die Triniteit aan te sluit?[161] Vir Koopman (in Smit 2008:28) is dit juis ook die doel van die Belhar-belydenis, om iets oor die Triniteit te verwoord. Die Belhar-belydenis beskryf God as Triniteit, veral in die konteks van geregtigheid, versoening en eenheid,[162] deur in geloof te bely dat God die Drie-enige is wat Sy kerk deur Woord en Gees versamel en versorg (Smit, 2013:136).[163] Dit is ook nie iets wat net God soms doen nie, maar van die begin van die skepping tot met die einde daarvan is God besig met hierdie beskermende taak (Belydenis van Belhar). Waarom begin hulle met hierdie woorde?

Soos in die verlede gesien, bely die kerk, volgens Botha en Naude (2011:27), nie elke jaar opnuut nie. Die kerk bely opnuut, wanneer sy geen ander keuse het nie, om verantwoording oor ’n bedreigende saak te gee. In sulke gevalle reageer die kerk met ’n definitiewe ja en ’n definitiewe nee; die ‘ja’ om wat die kerk glo te bevestig en die ‘nee’ om aan te dui waarom die gevaar verwerp word.[164] Die skrywers van die Belhar-belydenis wou moontlik iets aangaande die Triniteit bely; iets wat die leer van die Triniteit bedreig het aanroer. Een van die grootste bedreigings wat die kerk in die apartheidsera in oënskou moes neem was die impak van rassisme en afsonderlike ontwikkeling; ’n bedreiging wat die Christelike eenheid van gelowiges baie negatief beïnvloed het.[165] Apartheid het die Evangeliese waarheid van eenheid bedreig en kerke wat dit onderskryf het, kon nie langer as deel van die ware liggaam van Christus erken word nie (Plaatjies van Huffel, 2013:2; Adonis, 2006:234-235). Eenheid was in

---

[161] *The Synod appointed a committee, consisting of two ministers delegated to the Synod, Reverend Dr Alan Boesak and Reverend Isak Mentor, as well as three lecturers from the UWC, Professors Dirkie Smit, Jaap Durand and Gustav Bam, to draft a concept confession of faith, known today as the Belhar Confession* (Plaatjies Van Huffel, 2013:3).

[162] Volgens Smit (2013:135) het die NGSK (Nederduitse Gereformeerde Sending Kerk) die Belydenis van Belhar opgestel met die fokus op die geloof wat reeds in hulle harte geleef het. Om hierdie rede is die eenheid van die kerk, die versoening in Christus en die geregtigheid van God as drie afdelings onderskei.

[163] Vergelyk ook Naude (2010:148): *Belhar’s first article confesses the Trinity and the belief that the church came into existence and is under the care of God through the Word and the Spirit*.

[164] Ek moet verwys na die Begeleidende Brief, wat die NGSK in Suid-Afrika reeds in 1982 goedgekeur het as verspreidende stuk saam met die Belydenis van Belhar (NGSK, 1982). In die brief, word Botha en Naude (2011 of1998) se opmerking bevestig: “Ons is daarvan bewus dat daar in die lewe van die kerk oomblikke kan ontstaan van soveel erns dat die kerk die noodsaak kan voel om opnuut sy geloof te bely in die lig van ’n spesifieke situasie. Ons is daarvan bewus dat so ’n daad van belydenis nie ligtelik gedoen word nie, maar slegs as geoordeel word dat die hart van die Evangelie self op die spel staan en bedreig word.”

[165] *In 1652 the Dutch formed a station at the Cape and simultaneously introduced Reformed theology to the Cape. Up until 1875 people of mixed descent as well as from African heritage were fully fledged members of the Dutch Reformed Church in South Africa (DRCSA). On 29 April 1829 the DRCSA Synod dealt with an enquiry from the Somerset West congregation on separate facilities and services for congregants of mixed descent. At the infamous synod of the DRCSA during 1857 separate services for ‘coloured’ members were approved. This decision led to the division of Christians on the basis of colour at the table of the Lord as a matter of practice and policy. This decision can be seen as a denial of the spirit of holy communion. The holy communion, by its nature, expresses the unity of believers in fellowship with Christ and each other* (Plaatjies van Huffel, 2013:2).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gedrang; daarom was die Evangelie en die leer van die Triniteit in gedrang. In die Triniteit leer ons dat God een is; dat Jesus en die Vader een is; dat die Gees self God is; dat gelowiges as't ware ook die voorbeeld van die Triniteit in eenheid moet volg (Botha & Naude, 2011:169). Naude herinner aan die sterk gereformeerde fokus op die Triniteit deur na *Kerk en Samelewing*, wat in 1986 deur die NG Kerk aanvaar is, te verwys:

> *In section 243 of CS, the DRC confesses that it forms part of God's unique, holy people that has been elected to eternal life via the Word and the Spirit (reflecting Heidelberger Catechism question 45). That the church owes its existence and calling in the world to the gracious election by God is further emphasised with reference to the church and the new covenant through the miracle of re-creation. The essence of the church is therefore determined by the Triune God. The church is – above all – God's people (see CS sections 42, 46-8, and 82).*

Dit sou dus sin maak, as 'n mens die bedreiging van Christelike eenheid in ag neem, dat die skrywers van die Belhar-belydenis begin met die Triniteitsleer; aan die een kant om die eenheid van die Triniteit te bevestig, maar aan die ander kant om die verdeeldheid van apartheid te verwerp. Kerk en Samelewing, soos weergegee deur Strauss (2011:514), bevestig hierdie sterk fokus op onbybelse verdeeldheid:

> KS-1986 (en KS-1990) bespreek verskeie eienskappe van die kerk en kom tot die slotsom dat geloof in die drie-enige God die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk van Jesus Christus kan wees. Hierdie uitgangspunt word in die praktiese deel – Hoofstuk 3 – gevolg deur die formulering dat lidmaatskap van die NG Kerk 'oop' is. Aansoeke om lidmaatskap vanuit die familie van NG Kerke (met sy verskeidenheid tale en kulture) moet kerkordelik en verantwoordelik hanteer word. Die woord 'bedieningsbehoeftes' word nou deur KS-1986 gebruik om, in die eenheid van die kerk as raamwerk, vir 'n wettige verskeidenheid ruimte te skep. Volgens KS-1986 is die kerk na sy wese die "een universele volk van God" waarvan niemand op grond van sy herkoms, volk, taal of kultuur uitgesluit mag word nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Burger (1999:142) ondersteun die noodsaaklikheid van eenheid en beklemtoon die wete dat die eenheid in die Triniteit vir ons ’n voorbeeld van gemeenskap is. In die leer van die Triniteit:

> [Maak] ons nie net ruimte vir eenheid nie, maar ook vir andersheid en differensiasie. As die drie Persone een God kan wees, behoort dit vir die kerkgemeenskap ook moontlik te wees om ‘n eenheid en liefdesgemeenskap te handhaaf wat nie verskille en andersheid uitwis nie, maar juis ruimte maak daarvoor en dit bevestig.

Tweedens is dit belangrik dat belydenisskrifte in samehang met ander belydenisskrifte gelees moet word.[166] Die bestaande tradisie bly die bril waardeur die kerk nuwe belydenisskrifte bekyk en beoordeel (Botha & Naude, 2011:31-32). Weereens is die *Begeleidende Brief* (NGSK, 1982) hier rigtinggewend, aangesien die skrywers duidelik aandui dat hulle nie iets nuuts wil bely nie, maar slegs opnuut in ’n bepaalde konteks by die geloofstradisie wil aansluit.

Durand (in Cloete & Smit, 1984:39) maak dit ook duidelik dat die Belhar-belydenis se ontstaan in dieselfde tradisie staan as ander belydenisskrifte. In die verlede het die kerk se gesprek oor dwaalleer nie onbepaald voortgegaan nie; die kerk was in dialoog met dwaalleer tot op ’n sekere punt, waarna die kerk deur belydenis gepraat het. Iewers moes ’n grenslyn getrek word; presies wat deur die Belhar-belydenis gedoen is. Die NG Sendingkerk het ’n punt bereik waar hulle moes standpunt inneem teen die pseudo-Evangelie van die NG Kerk; die Belhar-belydenis het baie raakpunte met ander belydenisskrifte van die kerk. Volgens Durand (in Conradie & Lombard, 2009:47) veroorsaak enige belydenisvorming skeiding van geeste. Dit doen egter niks aan die feit dat die Belhar-belydenis ’n eenheid-soekende dokument is nie.

Naude (2010:108) trek ook duidelike riglyne tussen die Belhar-belydenis en veral die Belydenis van Nicea. Beide die belydenisskrifte, Belhar en Nicea, begin met die woorde ‘ons glo’. Anders as die Apostoliese geloofsbelydenis, wat begin met ‘ek glo’, word die gesamentlike geloof van alle gelowiges, eerder as die individu se geloof, op die voorgrond geplaas. Hierdeur bevestig beide geskrifte die eenheid van God as Triniteit en die eenheid van die kerk as liggaam van Christus. Vanuit die staanspoor is die Belhar-belydenis dus gekant teen die dwaalleer van afsondering. Vir Naude

[166] Vergelyk ook Botha en Naude (1998:67).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(2010:119) dien die verwysing na die Triniteit in beide dokumente ook as ’n raamwerk vir ekklesiologie. Die kerk word as ’n ekumeniese kerk gesien, ten spyte van verskillende leringe in die een kerk. Vir die Belhar-belydenis was dit ’n baie belangrike ooreenkoms met, onder andere, die Belydenis van Nicea.

’n Derde moontlike rede vir die openingswoorde is om die belangrikste bron van alle bronne, naamlik die Bybel, as norm vir die Belydenis van Belhar te staaf. Botha en Naude (2011:30-31) beskou ’n belydenisskrif as kommentaar op die Bybel:

> Dit word aan die Bybel gemeet en ontleen gesag daaraan. Dit is ’n poging om God se Woord in ’n spesifieke tyd te herhaal in die taal van en afgestem op die probleme van hierdie tyd. Dit wil niks anders wees nie as *repetitio Sacrae Scripturae* (’n herhaling van die Heilige Skrif). Die beoordeling van ’n belydenisskrif is altyd aan die hand van die vraag: Is dit in oorstemming met die Heilige Skrif, die Bybel, of nie?

Dat God drie is, as Vader, Seun en Gees, maar tog een en dieselfde is, is deur die eeue as ’n sentrale waarheid van die Bybel aanvaar. Bybelse tekste soos, onder andere Johannes 14 en 17 en Efesiërs 4, is maar enkeles om by aan te sluit (Botha & Naude, 2011:169). Die Belydenis van Belhar poog ook, volgens Botha en Naude (1998:37), om kontekstueel, toepaslik, kommentaar op die waarheid van die Skrif te lewer; ’n waarheid geanker in die belydenis van ’n Trinitariese God.

Die openingsvraag van die afdeling vra waarom die Belhar-opstellers kies om met die beklemtoning van die Triniteit te begin? Drie moontlike redes is ondersoek:

- die klem op eenheid en verdeeldheid;
- vereenselwiging met ander gereformeerde belydenisskrifte; en
- aansluiting by die waarheid van die Heilige Skrif.

Teologies is egter slegs oppervlakkig na die Triniteit gekyk, om sodoende te beklemtoon dat die Drie-eenheid van groot waarde vir die skrywers van die Belhar-belydenis was.

Eweneens suggereer die studie dat die Triniteit noodsaaklik is om die Stem van die Roepende te verstaan. Nie alleen help die Belhar-belydenis om ‘n gereformeerde, eg Suid-Afrikaanse konteks vir ‘n soeke na roeping te skep nie, maar ook om na te dink oor wie God is. Roeping begin, soos gesien, by die Een wat roep, in dié geval God.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Belhar-belydenis wil aanvoer dat die Trinitariese God ons in Suid-Afrika roep om na versoening, eenheid en geregtigheid te soek.

Hierdie suggestie dat die Trinitariese God roep, word versterk deur die insiggewende werk van die Australiër, Gorden Preece (1998),[167] wat die Christelike roeping anker in ʼn gebalanseerde Trinitariese konteks. Preece (1998:305) meen dat ʼn gesonde gereformeerde begrip van roeping by ʼn geïntegreerde Trinitariese raamwerk begin. Om so ʼn geïntegreerde raamwerk te vind, is egter ʼn uitdaging, aangesien daar deur die eeue verskeie teorieë oor roeping geformuleer is. Kritiek teen die meeste van dié teorieë is dat die skeppers van die onderskeie teorieë dikwels te veel klem op ‘n sekere kant van die Triniteit plaas. Die probleem is dan ‘n ongebalanseerde uitleef van roeping wat nie die diversiteit van die Triniteit erken nie.

Die uitdaging is nou om ʼn geïntegreerde, gereformeerde, trinitariese roepingsverstaan te formuleer, om sodoende by die Belhar-belydenis aan te sluit. Voor daar egter na die verband tussen die Triniteit en roeping gekyk word, is dit nodig is om eers oor die leer van die Triniteit na te dink.

(b) ʼn Misterieuse en betwisbare stem

McGrath (2009:62) vertel ʼn toepaslike verhaal van die kompleksiteit van die Triniteit vanuit sy kinderjare:

> *I vividly recall going to church in rural Ireland as a young boy, on one of those relatively rare occasions when the entire Athanasian Creed was recited. In the wonderful language of the old Prayer book, we declared our faith in ‘the Father incomprehensible, the Son incomprehensible, and the Holy Ghost incomprehensible’. An old and slightly deaf farmer next to me gave the congregation the benefit of his considered judgment on these words. Speaking far more loudly than he realized, he remarked: ‘The whole damn thing’s incomprehensible.’*

God se roepstem kan dikwels verwarrend wees. Burger (1999:140) voeg by dat ons, in ons begrip van die verhouding met God, altyd rekening met die kompleksiteit van die Triniteit moet hou. Wat dit so verwarrend en kompleks maak, is dat die Een wat roep nie net Een is nie, maar Homself openbaar as Drie-in-een: primêr een boodskap,

[167] Vergelyk ook Burger (2013:L2883) wat met Ray Stevens se drie vlakke van roeping werk, wat verwys na die werking van die Vader, Seun en Gees.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maar komende van drie geopenbaarde stemme. Hierdie unieke openbaring van God, as Drie-in-een, is noodsaaklik as ons iets van God wil leer ken. Die Triniteit is en bly egter, met goeie rede, tog ’n misterie (Placher, 2005:119).

Kritiek teen die historisiteit van die Triniteit is ook volop.[168] Deur die eeue is die gesag van die Skrif, betreffende die Triniteit, verskeie kere bevraagteken, soos byvoorbeeld in die sestiende eeu met die Antitrinitariërs wat die Triniteit bevraagteken het op grond van hulle lees van die Bybel (Pannenberg, 1991:28).[169] As ons ook in ag neem dat die Ou Testament God in terme van monoteïsme beskryf[170] en dat die Nuwe Testament hierdie beeld van God as norm aanvaar, hoekom beskryf die Christelike geloof God in terme van Drie-in-een? (Kärkkäinen, 2004:44). Moltmann (in Köhl, 2014:66) voer aan dat baie mense die Triniteit as ’n teologiese dogma vir teoloë beskou, wat niks met die werklikheid te make het nie. Dit veroorsaak dat die leer van die Triniteit eintlik geen ware impak op die lewe van die meeste ‘monoteïstiese’ Westerlinge het nie.

Hierdie kritiek teen die Triniteit het grootliks met twee kante van die moderne samelewing te doen: aan die een kant die probleem van ervaring (en spesifiek dan die gebrek aan ervaring); aan die ander kant die praktiese ingesteldheid van die Westerse samelewing.

As Moltmann (in Köhl, 2014:66-69) nadink oor die probleem van ervaring, dan beskryf hy ervaring vir die moderne mens as enige persepsie wat self herhaal en bevestig kan word. Indien die moderne subjek[171] iets nie self kan ervaar nie, kan dit nie beskou word as persepsie of ervaring nie, aangesien die Triniteit nie self ervaar word nie kan dit ook nie aanvaar word nie. Moltmann (in Köhl, 2014:67) skryf hierdie moderne begrip van ervaring toe aan, onder andere, Schleiermacher. Vir Schleiermacher is enige uitlating wat nie aan persoonlike innerlike ervaring gekoppel kan word nie, niks meer as net spekulasie nie. In dié opsig is die Triniteit slegs teologiese spekulasie wat niks met persoonlike ervaring te doen het nie.

---

[168] Vergelyk Kärkkäinen (2004:46).

[169] *The two strongest points counting in favor of the liberal position are, first, that the God whose imminent kingdom Jesus proclaimed was obviously the God of Jewish faith, who can be only one, and furthermore that Jesus did not claim anything like a divine status for Himself, but rather submitted to the Father as every creature should do. If there is any sound argument in defense of the trinitarian doctrine of the church, it has to do justice to and even incorporate both of these points* (Pannenberg, 1991:28).

[170] Die term monoteïsme, bestaande uit twee Griekse woorde, *monos* (een) en *theos* (God), karakteriseer volgens Kärkkäinen (2004:17) Ou Testamentiese geloof.

[171] Die verwysing na die moderne mens is ‘n probleem wat meer aandag geniet in Hoofstuk 5.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die tweede probleem wat Moltmann (in Köhl, 2014:69-73) beskryf, is die praktiese ingesteldheid van die moderne mens:

> *The modern has become pragmatic. What does not turn into fact has no value. It is only practice that verifies a theory, for reality has become identical with the historical world. People understand themselves as historical beings. For them the only possible correspondence between being and consciousness is to be found in actual historical practice. For them truth only comes about in what is truly act.*

Hierdie probleem koppel hy dan direk aan Immanuel Kant, wat volgens hom verantwoordelik was vir die verheffing van praktiese rede bo enige ander vorm van rede; om in ʼn transendente monoteïstiese God te glo is dus genoeg 'teologie' om ʼn goeie fondasie vir ʼn verantwoordelike Christelike lewe te lê.

Aan die ander kant is daar deur die eeue ook verskeie argumente gevoer vir die regverdiging van die Triniteit.[172] Moltmann (in Köhl, 2014:69), in reaksie op die selfsugtige neiging van die subjektiewe moderne mens, waarsku dat die moderne teologie sal moet beweeg na ʼn teologie van God se openbaring in die geskiedenis; dat so ʼn teologie by die teologie van die Triniteit begin. Vir Moltmann is dit juis in hierdie benadering van die Triniteit dat die mensdom ontdek dat God se storie groter is as die individuele mens se persoonlike ervaring van Hom.[173]

Om God in die Triniteit te ontdek, beteken om Jesus as die sleutel in die ontwikkeling van die Triniteit te erken. Tydens sy lewe het Jesus verskeie kere na die noue band tussen Homself en God as Vader verwys. Hieruit sou ons maklik die term binitarisme kon aflei, wat sou aandui dat God monoteïsties, maar Twee-in-een is, op grond van Jesus se eie getuienis (Kärkkäinen, 2004:46).

Wat egter van die derde party in die Triniteit, soos ontwikkel deur die eeue? Daar is verskeie tekste wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van die Triniteit kragtens die Heilige Gees,[174] maar veral dan in die dooptekste dat die Heilige Gees deur Jesus

---

[172] Noodsaaklik vir hierdie studie is nie noodwendig om na al die verskeie argumente vir of teen die Triniteit te kyk nie, maar eerder om met sekerheid by die skrywers van ons belydenisskrifte te kan aansluit, om sodoende die diepte en die rykdom van die Triniteit te ontgin. Ek verwys dus slegs, na my mening, na van die belangriker redenasies.

[173] Burger (1999:140-142) verwys na verskeie teoloë wat die leer van die Triniteit as noodsaaklik beskou. Hieronder is Leslie Newbigin, Thompson, Cunningham, Gunton, Zizioulas, Moltmann en Volf.

[174] Kärkkäinen (2004:46-47).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

self as deel van die Godheid ingekleur word. Met Jesus se eie doop, soos gevind in al vier die Evangelies,[175] word die Heilige Gees die Een deur wie Jesus gedoop word. Dit gee ook aanleiding tot Jesus se opdrag in Matteus 28:19 om mense in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees te doop.

Hierdie is maar ʼn paar verwysings na hoe die teologie van die Triniteit in en deur Jesus self na vore gebring is. Dit maak dit moontlik om oor God in terme van monoteïsme te dink, maar ook in terme van Drie-in-een. Burger (1999:141) redeneer dat daar groot eenstemmigheid in die kerk is dat waar een Persoon van die drie Persone werk, die ander Twee ook altyd teenwoordig is.

Dat die Triniteit kompleks is,[176] is duidelik; dat dit egter vir ons begrip van God krities is, is nog meer duidelik. Volf (2006:3) stel dit, soos volg: *It is obvious but not trite that the triune God stands at the beginning and at the end of the Christian pilgrimage and, therefore, at the centre of Christian faith*. McGrath (2009:66) staaf hierdie punt deur te noem dat daar geen belangriker boublokke in die Christelike geloof is as om van God as Vader, Seun en Gees te praat nie.[177] Sonder om te veel te maak van argumente en terminologieë, vind ek aanklank by Placher (2005:131) se opsomming oor die Triniteit wat verwys na ʼn stel reëls wat gevolg kan word. Die reëls is, soos volg:

- Moet niks sê wat
  - ooit impliseer dat daar meer as een God is nie;
  - kan aandui dat die Seun of die Gees minder as die Vader is nie;
  - impliseer dat die Seun se gebed tot die Vader, of die onderskeiding tussen die Seun en die Gees, slegs sake van voorkoms eerder as realiteit is nie.
- Erken dat die Drie-eenheid van God se selfopenbaring (sienend dat dit selfopenbaring is)[178] iets weerspieël van wie God werklik is.

[175] Matteus 3:13-17; Markus 1:9-11; Lukas 3:21-22 en Johannes 1:32-24.

[176] Placher (2005:136) help om iets van die kompleksiteit te vereenvoudig. Hy redeneer dat as ons by een God begin en vra hoe die een God drie is, ons verward gelaat word. As ons egter by drie begin en nadink oor hoe die drie een is, dan laat ons reg geskied aan die leer van die Triniteit.

[177] Vergelyk ook Venter (2012:2): "Die Triniteit word beskou as die basiese en onderskeidende Christelike leerstuk." Hierdie belydenis is die Christelike manier om God te identifiseer. Die ekonomiese en immanente Triniteit is wesenlik dieselfde en die persoonsmatigheid van die Vader, Seun en Gees word met alle erns bejeën. Die Drie-eenheid moet die karakter van die hele teologie bepaal.

[178] Vergelyk ook Volf (2006:4).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In hierdie stel reëls ontdek ons iets van God se karakter as Drie-in-een, maar erken ons ook dat God se selfopenbaring, in die opsig, ’n misterie bly wat eers tot volle reg sal kom in die volgende lewe waaraan Christene vashou (Placher, 2005:130). In hierdie misterie leer ons God egter as ‘n God van verhoudings ken; hiervan is die Triniteit self ‘n voorbeeld. In die gemeenskap van die Triniteit leer ons dat ons nie waarlik kan bestaan sonder om in verhouding met God en ander te leef nie (Burger, 1999:142).

As navorser is daar vir my genoegsame bewyse om te aanvaar dat God Homself openbaar as Drie-in-Een. Die vraag is egter watter verskil hierdie vreemde en misterieuse Trinitariese beeld in ons begrip van roeping en in die lewe van Christene maak? (McGrath, 2009:70).

(c) ’n Gereformeerde Trinitariese roeping:

> *[The] human vocation is rooted deeply in the life of the Trinitarian God – the Father, Son, and Spirit who together are the source and goal of creation. As an icon of the Holy Trinity, a living image of God revealed in Christ, the human being is called to reflect the divine glory and function as God’s microcosm and mediator within God’s creation* (Bingaman, 2013:L202).

Preece (1998:11) se soeke na ’n definisie vir gereformeerde roeping begin by ’n gebalanseerde begrip van die Triniteit,[179] ‘n soeke wat by Bingaman (2013) se aanhaling aansluit. In ons soeke na ‘n vertrekpunt vir gereformeerde roeping en ter aansluiting by die Belhar-belydenis, blyk dit, asof ‘n intieme verhouding met die Trinitariese God ‘n belangrike wegspringplek is.

Preece (1998) neem die leser op ’n reis waarin hy baie klem plaas op drie afsonderlike benaderings tot gereformeerde roeping. Al drie die benaderinge is Trinitaries van aard,

[179] Love en Niemand (2014:4) definieer ‘roeping’ as ‘n gemeenskaplike praktyk van God-gesentreerde onderskeiding. Hierdie vermoë is deel van die deelname aan die *Missio Dei*, ‘n praktyk wat nodig is as gemeentes ernstig oor deelname in hulle unieke konteks en gemeenskap is. *A critical part of a Missional Community’s communal discernment is about finding God in the neighbourhood and broader community. This emphasis does not mean that the community does not gather together to discern. It means that outside of meaningful connection with the broader community and an understanding of the identity (i.e. socially, culturally, geographically and historically) of the place they are located in they will not be able to discern their local and contextual participation in the missio Dei* (Love & Niemand, 2014:7). Alhoewel die studie op individuele roeping fokus, help die artikel om roeping in die *Missio Dei*, wat na die werking van die Triniteit verwys, te anker.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maar elk kies om voorkeur aan een van die mense in die Triniteit te verleen, of dan aan een van die artikels in die Belydenisskrifte (Preece, 1998:24).

Vir Preece (1998) is hierdie afsonderlike benadering problematies. Hy gebruik die beeld van ’n deur wat oopgemaak moet word om toegang tot die hart van roeping te kry. Die vraag is of daar slegs een deur is en of ons eerder van ’n swaaideur met drie ingange kan praat? Burger (1999:141) voer ook aan dat ons soms verskeie beskrywings kan gebruik om die werk van die Vader, Seun en Gees te verwoord, maar dat die verskille nie die eenheid van die Triniteit bevraagteken nie. Witvliet (2013:6) redeneer ook dat daar in die geskiedenis aangaande die Triniteit te veel benaderings is wat fokus op die *separate rather than integrated treatments of the oneness and threeness of God*. McDougall (2003:186) verwys, in haar evaluering van Moltmann se teologie oor die Triniteit,[180] na sy kritiek teen die Westerse Trinitariese teologie wat die Vader as die vertrekpunt van die Drie-eenheid gebruik.

Ek maak kortliks gebruik van Preece (1998) se verduideliking om die drie afsonderlike benaderings te verduidelik. Preece beskryf die voorkeurkeuse van elk van die benaderings, soos volg: [181]

(I) Die eerste deur: God as Skepper

Die eerste benadering fokus geweldig op eerste-artikel-teologie[182] wat die rol van God as skepper in die roeping van die mens geweldig beklemtoon. God word gesien as die primêre agent in roeping en werk vanuit die skepping wat Hy kreatief onderhou. God in die skepping is dus die deur tot Christelike roeping. Vir Mare (2010:693) het God se skeppende werk nie opgehou ná Sy werk in Genesis 1 en 2 nie. God is steeds die

[180] Moltmann bly een van die groot denkers oor die Triniteit. My fokus is nie op die Triniteit self nie, maar eerder hoe ‘n gebalanseerde begrip van die Triniteit roeping bepaal, daarom is daar nie in hierdie studie tyd om in diepte na Moltmann te kyk nie.

[181] Preece (1998) kies elke keer om in gesprek in te gaan met ‘n teoloog wat hy as gesaghebbend beskou. Hy kies, onder andere, Wengren as eerste artikel-teoloog, Barth as tweede artikel-teoloog en Moltmann as derde artikel-teoloog. Aangesien hierdie studie prakties-teologies is en die diepte van die argumente op stelselmatige vlak is, probeer ek onderskei wat tot die praktiese soeke na gereformeerde roeping bydrae. Ek wil saam met Preece soek na ‘n gereformeerde Trinitariese roepingsbeskouing; vir my is dit, saam met Preece, ‘n swaaideur-benadering.

[182] Hierdie benadering fokus op die eerste artikel van die Christelike geloofsbelydenisse, naamlik die skepping, soos onder andere verwoord deur die Apostoliese Geloofsbelydenis: “Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.” In hierdie skeppende karakter van God kom die oorsprong van roeping, vir Wingren (1958), veral na vore. Vir Wingren (in Preece, 1998:50-51) het die moderne samelewing van sy tyd verval in gnostisisme en nihilisme, daarom word te veel klem op tweede artikel teologie, dit wil sê, Christologie geplaas. Dit het veroorsaak dat eerste-artikel-teologie afgewater is en te min gemaak word van die skeppende karakter van God.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

alomwetende, alomteenwoordige, persoonlike God wat die mens tot geregtigheid roep en op ’n persoonlike vlak transformeer.

Frethem (2005:5-9) ondersteun hierdie mening en voer aan dat God se Skeppende werk nie net betrekking op die fisieke wêreld het nie, maar dat God ook skeppend werksaam is in die sosiale, kulturele en nasionale. God het dus nie net gemaak en vertrek nie, Hy is gedurig besig om nuut met Sy skepping te handel. Schuurman (2004:50-51) verwys ook na die voortgesette handeling van God in die skepping. God het alles geskape; sonde het alles besmet; God red alles in en deur Christus. Daarom is dit elke Christen se roeping om aan die verlossende en skeppende handeling van God die Vader deel te neem.

Roeping word in eerste-artikel-teologie gekoppel aan hierdie kreatiewe handeling van God as Skepper. Om byvoorbeeld as ’n onderwyser te werk en jou roeping daarin te vind, is om in ’n skeppende verhouding saam met God te handel. God maak nuut deur die getroue handeling van die onderwyser wat saam met God deel in die vorming van die kind.[183]

Kritiek (Preece, 1998:302-303) teen eerste-artikel-teologie is, onder andere, ’n pessimistiese eskatologie en ’n onderontwikkelde pneumatologie. Die mens se rol op aarde word van die werking van die Gees losgemaak, aangesien die mens soteriologies (redding van die ‘eie-ek’) ingestel is en maklik in rasionaliteit van die sekulêre wêreld vasgevang kan word. Hierdie rasionaliteit gee maklik aanleiding tot deïsme en ’n vae en gesekulariseerde roepingsverstaan.

(II) Die tweede deur: Christus as bemiddelaar

Tweede-artikel-teologie beskou roeping as die werk van Christus. Christus roep die mens vanuit openbaring, uitverkiesing en versoening om aktief aan Sy versoenende werk in die wêreld deel te neem; daarom is Christologie hier die gekose deur.

Preece (1998:149) dink veral deur Barth na oor die verhouding tussen Christologie en roeping. Vir Barth is roeping primêr in die leer van versoening geanker. Aangesien die mens se handeling gemeet word aan die Triniteit se aktiwiteit en die middelpunt van die Triniteit se handeling versoening is, sou die mens se primêre werk ook as juis dit, versoening, gesien kan word. Die mens se grootste taak is dus om deur die

[183] Martin Luther se beeld van God wat self die koei melk deur die een wie se roeping dit is, bevestig die beeld (Preece, 1998:63).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verkondiging van Christus se genade die komende Koninkryk te verkondig. Die mens word, derhalwe tot die verkondiging van redding geroep met die sosiale omvorming van die wêreld ten doel. Hierdie taak is nie tot ʼn spesifieke werk beperk nie, maar is op spesifieke oomblikke gefokus: die vermoë om te onderskei, die gebruik van gawes en die raaksien van spesifieke geleenthede om Christus te verkondig.

Kritiek teen Barth se benadering is te veel klem op Christus se werking ten koste van die rol van God as Skepper en die Gees se unieke bydrae. Die sterk fokus op versoening laat te min ruimte vir die kreatiewe werking van die Vader, terwyl die betrokkenheid van die Gees in die kultuur, skepping, geskiedenis en werk van die mens te min beklemtoon word (Preece, 1998:303-304).

(III) Die derde deur: Die Gees as eskatologiese dryfveer

Die laaste deur, die derde-artikel-teologie, of Pneumatologie, plaas ʼn baie sterk fokus op die werk van die Heilige Gees. Die Gees dryf as't ware die Trinitariese geskiedenis na die finale koms van God se Koninkryk.

Daar is by die benadering ‘n baie sterk eskatologiese klem en ‘n fokus op Christelike hoop. Die Christelike lewe is ʼn lewe in die Gees, of dit is nie Christelike lewe nie. Die Gees van God moet die mens se hele lewe, geestelik en sekulêr, bepaal. Enige werk wat die mens dus doen moet gedoen word onder die leiding van die Gees en met een doel in die oog: die koms van die nuwe skepping (Preece, 1998:247).

Menslike roeping word hierdeur verryk deur gawes ontvang deur die Gees. Die gawes word as deel van die liggaam van Christus, veral in die kerk uitgeleef. Die gawes het egter ook ʼn rol in die sekulêre wêreld, waar die gawes as talente aangewend word, om sodoende die wêreld vir die komende Koninkryk van God voor te berei (Preece, 1998:292-293; Volf, 2001:111).

Kritiek teen die sterk fokus op die Gees, is dat die mens in ʼn passiwiteit vasgevang word waar die mens niks sonder die Gees doen nie. Dit kan maklik aanleiding gee tot subjektiwiteit en ʼn ervaringsteologie, wat losstaan van die werk van die Gees in die wyer Christelike gemeenskap (Preece, 1998:224). God word maklik beskou as ʼn afwesige God, wat geskep en van die toneel af verdwyn het, net om weer met die wederkoms ʼn wonderbaarlike verskyning te maak. ʼn Te kragtige klem op die werking van die Gees veroorsaak ʼn ongebalanseerde verhouding in die Triniteit (Preece, 1998:305).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Met dié fokus van die studie die soeke na ʼn geskikte pad deur die oerwoud en die uitgangspunt dat God, as Trinitariese God, voor ons uitgaan en ons roep om getrou op Sy stem te reageer, is dit noodsaaklik om Trinitaries oor die Stem van die Roepende na te dink. Die gevaar is dat ons in terme van roeping die gereformeerde perspektief van roeping afwater deur te veel van een spesifieke deur te maak. In ons verhouding met God, waar ons roeping begin, is ‘n gebalanseerde begrip van die Skeppende, Verlossende en Eskatologiese Triniteit noodsaaklik. Nie net roep die Vader of Seun of Gees ons nie, maar drie stemme tegelyk, soos Migliori (2004:85) ook bevestig:

> *The grace of God is expressed in God’s gift of life to the creation at the beginning and in the still greater gift of new life to fallen humanity in God’s work of salvation in Jesus Christ and in the outpouring of the Holy Spirit to renew the people of God … An encounter with the holy God is an encounter with the God who seeks to redeem and sanctify us and who calls us to new life, mission, and service.*

Ek het in my soeke na gereformeerde roeping aangedui dat ek roeping as meer as net ‘n vereenvoudigde siening van werk verstaan. Roeping moet as ‘n opdrag beskou word, om in alle sfere van ons lewens op God se werking in ons lewens te fokus. In die soeke na ʼn gereformeerde begrip van roeping, is aansluiting by ʼn moderne gereformeerde belydenisskrif, in die vorm van die Belhar-belydenis gevind. Die skrywers kies om met die Triniteit te begin; daarom is dit ook sinvol om ʼn gereformeerde begrip van roeping in die Triniteit te anker. Die studie kies daarom vir ʼn gebalanseerde Trinitariese roepingsbeskouing. Dit beteken dat ons op ons reis deur die onbekende, nie net monoteïsties op een stem ingestel kan wees nie, maar dat ons sensitief vir al drie stemme moet wees.

Ek het tot op hierdie tydstip nog nie werklik gekyk na hoe ‘n gebalanseerde roepingsbenadering tot die Triniteit lyk nie, maar net aangedui dat dit noodsaaklik is. Daar is verskeie hoeke waaruit die Triniteit benader kan word (Witvliet, 2013:1). Venter (2012:1) en Witvliet (2013:1) maak hierdie punt wanneer hulle beklemtoon dat daar ʼn Trinitariese herlewing met ʼn wye stroom publikasies is. Daar is volgens hulle ook

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

telkens nuwe perspektiewe om te ontgin. Volf (2006:4) kies ook ’n sekere hoek,[184] en dui dan aan dat daar verskeie ander hoeke, soos perspektiewe rakende kreatiwiteit, versoening en identiteit is.

Met die oog op roeping, as iets wat by ons verhouding met die Trinitariese God begin, vind ek aanklank by Witvliet (2013) se werk oor die Triniteit en liturgie. Ek beskou dit as ‘n moontlike hoek om die Triniteit in ons roepingsgesprek toepaslik te maak. Aangesien die studie-definisie vir roeping by ons verhouding met die Triniteit begin en versterk word deur ‘n innerlike verdieping en begeerte om God te dien, is dit sinvol om op hierdie punt vir ‘n oomblik van fokus te verander. Witvliet (2013:15-16) se hoek om die leer van die Triniteit op liturgie toe te pas, bied vir my ‘n deur om na die rol van begeertes in ons verhouding met God te kyk. Dit is een ding om te sê dat die Trinitariese God voor ons uitgaan en ons roep, maar dit is ‘n ander om te leer om na God se stem te luister en dan daarop te reageer. Voor ek dus na ‘n gebalanseerde roepingsverstaan kyk en Witvliet se toepassing op liturgie bestudeer, wil ek eers krities na die impak van begeertes op ons roeping kyk.

4.2.2.3. Roeping as begeerte: ‘n gereformeerde uitdaging

(a) Inleiding

Die studie se eerste paragraaf begin met die volgende aanhaling: *The place God calls you to is the place where your deep gladness and the world’s deep hunger meet* (Buechner, 1993:118). Hierdie *deep gladness* is die fokus van hierdie afdeling in ons definiëring van gereformeerde roeping.

Om te weet dat die Trinitariese God ons roep om te reageer is een kant van roeping, maar wat maak dat ons op die roepstem reageer? Hoekom sal ons enigsins op die *Missio Dei* reageer?[185] Aan die begin van hierdie hoofstuk is die beelde van die kind wat buite speel, die werknemer wat deur die werkgewer geroep word en die predikant wat na ’n gemeente beroep word gebruik as inleidende voorbeelde van roeping. As die kind, die werknemer en predikant die roepstem van die ma, die werkgewer en die

[184] In hierdie studie sal dieselfde roete gevolg word. Ek aanvaar die Triniteit, soos reeds aangedui, as normatief en sal poog om die toepaslikheid van die Triniteit op ‘n prakties teologiese vlak te beredeneer. Die vraag na die rol van die Triniteit in die roeping van gelowiges bly die fokus (Volf, 2006:4).

[185] Benade (2019:150) help om roeping geanker in die *Missio Dei* te bevestig: *From a Trinitarian perspective, man is viewed as the one being called to join God in his mission in the world. He (or she) is able to join God on his mission because of the redemptive work of Jesus Christ. God is the one that call, redeems and equips the believer to join him in his mission*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemeente hoor, wat maak dat hulle reageer? Die keuse om die roepstem te ignoreer is altyd daar! Dalk is dit uit gehoorsaamheid wat die kind ingaan; vrees vir werkverlies dat die werknemer reageer; en ’n loopbaangeleentheid wat die predikant laat antwoord.

In die deurlopende beeld van die onbekende oerwoud is dit ‘n uiters noodsaaklike vraag, want hoekom sal ons kies om op God se roepstem te reageer? Hoekom sal ons die onsekere, donker oerwoud ingaan en die kans waag om seer te kry, te verdwaal en moontlik alles in die proses te verloor? Dalk is die vraag selfs dieper as dit: Hoekom hoor sommige mense enigsins God se roepstem, terwyl ander probeer maar dikwels aandui dat hulle nie God se roeping ervaar nie?

In die voorafgaande werk in die studie het ek veral met die Amerikaanse filosoof, James K.A. Smith hande gevat. Smith se werk oor begeerte het grootliks die vraag oor roeping by my aangewakker. Vir Smith (2016:L91) begin begeerte by die vraag: “Wat is dit wat jy wil hê?”:

> *What do you want? That’s the question. It is the first, last, and most fundamental question of Christian discipleship. In the Gospel of John, it is the first question Jesus poses to those who would follow him. When two would-be disciples who are caught up in John the Baptist’s enthusiasm begin to follow, Jesus wheels around on them and pointedly asks, ‘What do you want?’ (John 1:38). It’s the question that is buried under almost every other question Jesus asks each of us. ‘Will you come and follow me?’ is another version of ‘What do you want?’ as is the fundamental question Jesus asks of his errant disciple, Peter: ‘Do you love me?’ (John 21:16 NRSV).*

Hierdie vraag na begeerte is vir Smith die belangrikste vraag in die uitleef van dissipelskap, ‘n gedagte wat Clapper (2014:L165) mooi verwoord:

> When the authors of scripture – and John Wesley – used the term heart, they typically were not referring to the muscle that pumps blood throughout the body. They instead used the term to refer to the center of a human being, that core of who we are. The heart is the source of our strongest desires and the guide for our deepest choices, the home of our most intense yearnings and of our greatest hopes, fears, loves, and

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> dreams. The heart carries our identity, that sense of who we are that is composed of both our history (how we have been formed in the furnace of life up to this point) and our vision of what we want to become (how we hope to be formed in the future). The heart is a metaphor for who we really are …

Dissipelskap gaan daarom nie alleenlik oor wat ons weet of dink nie, maar oor wat ons diepste hartsbegeerte is. Smith redeneer dat Jesus nie net ʼn leermeester is wat ons denke wil transformeer nie, maar wat die diepte van ons menswees wil verander, wat op soek is na ons begeertes, ons drome, ideale en dit waarvoor ons lief is. Hy versoek ons om ons optrede met ons begeertes te belyn; as ons begeertes belyn is met God se begeertes, dan sal ons optredes na die komende Koninkryk van God wys (Smith, 2016:L121). Indien God ons roep en die konteks selfs as duister en angswekkend beskryf word, dan is dit nie noodwendig kognitiewe oortuiging wat mense laat reageer nie, maar volgens Smith die begeerte om te reageer.

Om Smith se denke aangaande begeertes te verduidelik, gebruik ek ‘n beeld (Smith, 2009:48) wat ek aangepas het om my denke te orden:



Figuur 4.1: Begeertes gemik op God se Koninkryk.

Smith maak onderskeid tussen twee koninkryke waarin die mens leef. Aan die een kant is daar die wêreldse koninkryk; die fisieke leefwêreld. Aan die ander kant is daar die Koninkryk van God; die geestelike realiteit wat vir kinders van God sigbaar word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Beide die koninkryke kommunikeer daagliks met ons en vorm en transformeer ons om ons begeertes te skep; daarom omskryf Smith die mens primêr as ‘n wese wat bestaan, omdat hy of sy begeer. Dit beteken dat die mens vanuit ‘n bron van liefde leef. Eksterne kragte wat op die onbewuste van die mens inwerk beïnvloed daagliks hierdie liefde; aan die een kant die krag van God en aan die ander die krag van die sekulêre wêreld. Smith beskryf hierdie kragte as liturgieë, kragte wat ons begeertes vorm. Begeertes op hulle beurt beïnvloed ons gewoontes en deur ons gewoontes raak dit duidelik watter koninkryk ons dien.

(b) Sensitiwiteit vir twee stemme

’n Definisie vir begeer begin by die beginsel van doelgerigtheid. Smith (2009:47) verwys na die Latynse woord *intentio*, wat vertaal kan woord as ‘om te mik’. Dit beteken dat die mens nie ’n doellose, gestagneerde wese vol idees is nie, maar eerder bewuste keuses maak met die leefwêreld as fokus. Muldoon (2010) beskryf begeertes, soos volg:

> *When desire masters us rather than our mastering desire, we fall into sin. We make life choices that do not lead us in the direction for which God has made us. We desire not what God creates us to desire, but rather the feeling of false or temporary desire – the chemical rush of feel-good drugs which, over time, wears off, only to be replaced by the next rush.*
>
> *Ignatius understood that desire could lead us to life or into sin and death. That is why at the beginning of his Spiritual Exercises he indicated that the exercises were designed to ‘overcome oneself, and to order one’s life, without reaching a decision through some disordered affection’. The experience of desire is part of every person’s life; the ordering of desire is the invitation to holiness.*

Smith (2009), sowel as Muldoon (2010), help om te verstaan dat begeerte met fokus te doen het. Ons fokus meestal op een van twee koninkryke – die Hemelse of die aardse. As ons die wêreldse begeer, dan sal ons lewe op die wêreld gefokus wees, maar as ons God begeer, dan sal ons, met ons foute en al, meer fokus op waarvoor God ons roep. Peterson (1992:160) verwys in sy boek, *Under the Unpredictable Plant: An Exploration in Vocational Holiness*, na Jona se worsteling met sy roeping. Hy beskryf Jona se stryd uitsonderlik:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *Jonah's sulking disappointment came from a failure of imagination, a failure of heart. He had no idea what God was doing, the largeness of his love and mercy and salvation. He had reduced his vocation to his own performance – being in the right place, doing the right thing – but he interpreted everything through his Jonah ideas, his Jonah desires.*

Jona het volgens Peterson (1992) in sy menslike poging gestruikel om God se doel vir hom te verstaan. Jona se roeping was nie 'n saak van sy hart en 'n Goddelike begeerte nie, maar van sy eie denke oor wat hy gedink het hy moes doen. Dit kom dus eintlik neer op die maak van keuses; hoe hierdie keuses gemaak word, is ook van belang.

Smith (2016:L96) beskou ons identiteit as die bron van waaruit ons besluite geneem word. Ons identiteit is eintlik 'n spieël van ons innerlike drome, ideale en begeertes. Ons beweeg nie die hele dag rond en dink kognitief oor wat ons gaan doen nie, baie van die besluite word op 'n onbewuste vlak geneem; ons is soms net in die wêreld, sonder om alles gedurig te oordink. Clapper (2014:L167)[186] verwys ook na die beeld van die hart en beskou dit as die bron van ons sterkste begeertes en die gids vir ons intiemste keuses, ideale, vrese, drome en hoop. Vir hom is die hart die bron van ons identiteit en dra die hart die geheime van wie ons is en wie ons wil word.

Vir Smith (2009:50), sowel as Clapper (2014:L226), is die mens juis mens, omdat die mens kan lief hê en die liefde altyd op iets gemik is. Wat ons dus liefhet, bepaal wie ons is; ons uiteindelike liefde bepaal ons identiteit. Smith praat ook nie hier van onbelangrike liefde, soos om vir roomys of sport lief te wees nie; selfs nie eers van belangriker sake van liefde, soos om vir jou ouers of gesin lief te wees nie! Die soort liefde wat bedoel word, is die liefde wat ons doelwitte en ideale bepaal; ons uiteindelike liefde, soos Smith (2009:50) self verduidelik:

> *Rather, we are talking about ultimate loves – that to which we are fundamentally oriented, what ultimately governs our vision of the good life, what shapes and molds our being-in-the-world – in other words, what we desire above all else, the ultimate desire that shapes and positions and makes sense of all our penultimate desires and actions.*

[186] Clapper (2014) bespreek in die boek John Wesley se begrip van hartsteologie. Ek maak gebruik van Clapper se verwysing na Wesley, aangesien die skrywe baie toepaslik is vir hierdie spesifieke afdeling.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie soort liefde kan in geloofstaal verwoord word, met waarmee ons kies om te aanbid: nie primêr ʼn saak van kennis nie, maar ʼn onbewuste begeerte om iets groter as onsself te aanbid, iets wat ons liefhet en ons uitkyk op die lewe bepaal. Om mens te wees, is om te erken dat ons soms iets begeer sonder om gedurig daaroor te dink; om te erken dat ons aangetrokke voel tot besittings, verhoudings en optredes, sonder dat ons dit kies. Ons is aangetrokke tot sekere sake, omdat die sake diep in ons onderbewuste begeer word en ons in sekere rigtings dryf.

Smith (2016:L928) gebruik die metafoor van die hart as ‘n kompas. ‘n Kompas wys altyd noord; eweneens wys ons hart ook noord. Die magnetiese veld wat ons noord bepaal, is of wêrelds of Goddelik.

Smith (2009:52) gebruik die Griekse woord *telos* (*Teloi*) as vertrekpunt. Dié woord beteken dat ʼn mens se liefde op ʼn sekere uitkomste fokus; dat uitkomste van mens tot mens verskil. Dit waarop ons liefde gefokus is, weerspieël wat ons glo ʼn goeie lewe behoort te wees; daarom reflekteer ons dade dit wat ons in ons onderbewuste begeer.

Hierdie begeerte is ook nie net ʼn persoonlike begeerte nie, maar moet as ʼn dominerende sosiale persepsie beskou word van wat ʼn goeie lewe simboliseer. Hierdie prent sal verskeie menings oor ons idee van ʼn florerende samelewing bepaal; hoe ons dink oor gesonde verhoudings; ʼn regverdige ekonomie; goeie metodes van ontspanning; verantwoordelike optrede teenoor die natuur; wat ons as goeie beroepe beskou. In wese die volgende:

> *Our ultimate love is oriented by and to a picture of what we think it looks like for us to live well, and that picture then governs, shapes, and motivates our decisions and actions* (Smith, 2009:53).

Smith (2016:L928) se beeld van die kompas is hier weer toepaslik. Daar is so baie kragte wat op ons begrip van die goeie lewe inspeel dat ons kompas dikwels in die verkeerde rigting wys. Clapper (2014:L263) beskryf hierdie gedagte, soos volg:

> *If we do not reach beyond ourselves and direct our attention to the God that is depicted in scripture, then we are not growing the truly ‘religious’ affections. For example, if we let the lyrics and images of music videos, instead of the cross of Christ, define for us what ‘love’ means, then what we call ‘love’ will not reflect the biblical understanding. Similarly, if our affections are not strong enough to dispose us to act on them in the social*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *world, then they are not truly 'religious'. For example, if our compassion for the hungry does not lead us to concrete action in their behalf, then it is not truly Christian compassion.*

Hierdie sekulêre kragte waarna Smith (2016) en Clapper (2014) verwys, is soos ŉ kunswerk wat kreatief geskilder word en wat ons diepste wese aangryp. Ons smag as't ware na 'n prentjie van 'n wêreldse koninkryk wat die goeie lewe voorhou. Wat ons begeer is eerstens nie ŉ lys met reëls, kennis en waardes nie. Dogmas, aanbiedings en onderrig kommunikeer nie formeel hierdie kragte nie, maar eerder op ŉ verbeeldingryke manier soos deur storievertel, legendes, films, advertensieveldtogte, tradisies en vertonings. Idees motiveer ons nie, maar begeertes trek ons aan deur skilderprente van ons denkbeeldige benodigdhede om waarlik in hierdie gebroke wêreld gelukkig te wees. Hierdie 'wat ons wil hê', kan ook beskryf word as die koninkryk wat ons begeer en die soort koninkryk wat ons begeer, sal die toekomsblik vir ons eie lewens bepaal (Smith, 2009:53).

Noodsaaklik in Smith (2009:54) se argument is dat daar nie net een soort koninkryk is nie; almal smag nie na dieselfde koninkryk nie en het nie dieselfde idee oor hoe ŉ ideale wêreld lyk nie. Daarom is daar verskillende prente wat geskilder word, verskillende soort mense met verskillende ideale en drome. Om in staat te wees om tussen uiteenlopende ideale te onderskei, is noodsaaklik. Dit maak ook sin as ons hieroor in terme van roeping nadink, in die tye waarin ons leef. Watter koninkryk jy nastreef sal bepaal hoe jy oor roeping nadink. Kolden (2001) stel dit, soos volg:

> *In more recent struggles, such as those for civil rights and peace, it seems as if the majority [of North American Christians] is not involved. They (we) pursue our careers and families and keep our institutions alive almost as ends in themselves. Vocations are used not in service to the God of peace and justice but as 'dugouts' of security and escape. True, God may be served also by those who are selfishly seeking only their own profit, but much good is omitted by such people as well …*
>
> *Seeing vocation as the situation in history and society in which we find ourselves enlarges it almost beyond our strength. But responding to such a calling will surely allow God to sanctify us and empty us so that Christ will be all in all.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Om sensitief te wees vir die moontlikheid dat ons op ‘n selfsugtige, onbewuste vlak besig is om ons eie idee van die perfekte koninkryk na te streef, is krities as ons wil leer hoe om sensitief vir God se roeping te wees. Die volgende proses in definiëring van begeerte is om te leer om sensitief vir ons hartsbegeertes te wees.

(c) Om te leer om die regte stem te volg

Die fokus van hierdie afdeling is om iets van die dieper soeke na menswees, of antropologie, te verstaan.[187] Die idee is nie om ‘n wetenskaplike konsep van antropologie te formuleer nie, maar slegs om genoegsame inligting in te win om sinvol oor Smith se verwysing na die mens, as ‘n wese wat ten diepste begeer, te kan nadink. Hierdie benadering is grootliks vanuit sy kritiek dat hoe ons mense toerus om hulle roeping uit te leef, nie gebalanseerd genoeg is nie. Vir Smith (2009:39) is dit duidelik dat die mens in wese *homo liturgicus* is. Hy meen egter dat ander benaderings tot antropologie in die kerkleer voorkeur kry; dat daardie voorkeure gelowiges, wat worstel om ’n sekere roeping uit te leef, vorm; soos hy eenvoudig verwoord: *Christians can’t think our way into the kingdom* (Neff, 2013).

Vir Smith (2017:11) is Christene veronderstel om teleologies op die komende Koninkryk van God ingestel te wees. Die uitdaging is egter dat ons, as inwoners van hierdie aardse koninkryk, op ‘n onbewuste vlak gevorm word. Hierdie vorming vind plaas deur wêreldse liturgieë wat ons leer om op ‘n onbewuste vlak die wêreldse te begeer. Hierdie vorming vind plaas op so baie vlakke in die publieke sfeer. Hoe ons as Christene fokus behou is van deurslaggewende belang. Dus, eerder ‘n vraag na hoe ons *telos* (roeping) gevorm word, as noodwendig ‘n dieper begrip van begeertes.

As vorming (onderrig) ‘n noodsaaklike rol in die roepingsbewustheid van mense speel, dan is dit sinvol om, voordat gekyk word na twee moontlike antropologieë – *homo rationale* en *homo liturgicus* – oor die rol van onderrig in die roeping van die mens na te dink.

Osmer (1990:14) maak ’n baie belangrike bydra in hierdie verband en voer aan dat een van die primêre take van die kerk nog altyd onderrig was; as die kerk nie meer ‘n onderrigtaak het nie, is die kerk in wese nie meer kerk nie. Hy identifiseer drie tradisionele onderrigtake van die kerk wat deur die eeue aandag geniet het:

[187] *In philosophical usage, a general theory of human nature, sometimes thought to be the necessary foundation of history and all social sciences* (Blackburn, 2016:23).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Die bepaling van die normatiewe waardes en praktyke van geloof.
- Die herinterpretasie van die kerk se waardes en praktyke in veranderende kulturele en historiese kontekste.
- Die bepaling en instandhouding van opvoedkundige instansies, prosesse en kurrikula waardeur die kerk waardes en praktyke aan huidige en toekomstige generasies leer.

Hierdie drie take van die kerk help mense om te leer hoe God se stem klink en met die praktiese uitleef van God se roeping. Nel (1994:79) redeneer dat dit deel van die kerk se taak is om 'n geweldige klem op onderrig te lê, aangesien dit 'n manier is waarop God na die gemeente en deur die gemeente na die wêreld kom.[188] Ellison (in Keifert, 2009:91-92) beskou die taak om te leer ook as veel meer as net die 'geleerdes' wat op kweekskool toegerus word om teologie te beoefen. Volgens hom is dit krities dat predikante (akademici) en gemeentelede gedurig in gesprek met mekaar moet wees, om sodoende by mekaar te leer; om te bepaal watter gewoontes reeds onder hulle posgevat het en wat hulle as kinders van die Skepper moet aanleer.[189]

Die onderrigtaak van die kerk vind volgens Osmer (1990:16) op twee maniere plaas, deur stelselmatige, doelgerigte onderrig en onbewuste, sosiale vorming.

Eerstens is dit nodig dat die kerk van tyd tot tyd formeel, stelselmatig, waardes aan lede kommunikeer. Die kerk moet gedurigdeur dissipels vorm en hoe hierdie vorming plaasvind, is van groot belang. In sulke gevalle is die onderrig intensioneel en stelselmatig en kies die kerk om op sekere wyses noodsaaklike inligting oor te dra. Hierdie intensionele onderrig is van groot belang vir die voortbestaan van die kerk. Guder (in Barrett, 2004:60) onderskei missionale gemeentes as, onder meer, gemeentes waar lidmate toegerus word om dissipels te word. Hierdie onderrig is gefokus op Bybelse vorming, Christelike norme en die praktiese uitleef daarvan in die alledaagse. Hy merk wel op dat nie alle onderrig Bybelse lering is nie en dat baie lidmate dikwels nie die Christelike roeping na buite uitleef nie. Geloof word 'n individualistiese saak wat sentraal op persoonlike redding gefokus is.

---

[188] Alhoewel Nel die onderrig aspek van die kerk verduidelik, is sy benadering juis anders as die van Smith. Nel (1994:79) beskou onderrig meer as 'n kognitiewe proses waardeur toerusting aan lidmate gebied word. Ek is nie teen hierdie manier van onderrig nie, maar beskou Smith se siening dat ons te veel op die kognitiewe fokus, wel as toepaslik.

[189] Vergelyk ook Guder (in Barrett, 2004:59): *The missional church is a community where all members are learning what it means to be disciples of Jesus. The Bible has a continuing, converting, formative role in the church's life*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die tweede onderrigsmetode waarna Osmer (1990:16) na verwys, is sosiale vorming. Bepaalde, komplekse sosiale definisies, norme en praktyke bind gemeenskappe aan mekaar. Lede van bepaalde gemeenskappe gebruik die definisies, norme en praktyke om sin van die wêreld waarin hulle leef te maak.[190] Dit help hulle om oor die lewe te dink en oor hoe die lewe behoort te wees. Hierdie onderrig oor hoe die lewe behoort te wees, vind volgens Osmer (2016:16) meestal plaas deur onbewuste prosesse wat die mens transformeer. Hierdie prosesse word informeel gekommunikeer, soos deur sosiale daaglikse interaksie onder lede van bepaalde gemeenskappe.

Smith (2016:L552) redeneer op dieselfde trant en verwys na hierdie onbewuste onderrig as liturgieë wat onder die oppervlak die mens se liefdes en begeertes bepaal. Fleischer (2006:153) beskryf hierdie sosiale onderrig as ‘n uitdaging vir teologiese dogma. As kerklike dogma versoenbaar is met mense se sekulêre perspektiewe, is daar dikwels nie ‘n probleem nie. Wanneer mense egter gekonfronteer word met kennis wat in stryd is met hulle sekulêre verwysingsraamwerk, raak dit baie uitdagend. In sulke gevalle is suiwer kognitiewe kennis dikwels nie genoeg om mense te lei om onderrig deel van hulle daaglikse lewens as Christene te maak nie. Dit vra dikwels dat ‘n proses van kritiese, innerlike oordenking mense lei en help om van hulle eie onbewuste standpunte bewus te word.[191] Eers dan kan transformatiewe onderrig plaasvind (Fleischer, 2006:161).

Roepingsbewustheid is dus ‘n formatiewe proses wat op twee wyses sou kon geskied; deur formele kognitiewe onderrig en deur onbewuste sosiale praktyke. Smith (2016:L552) glo dat ons egter in ‘n sekulêre era leef waarin onderrig meestal as ‘n kognitiewe proses beskou word:

> *how we think about discipleship depends on how we understand the nature of the human person. We could also say that every approach to discipleship implicitly includes a set of assumptions about how human behavior is generated. If we assume that human beings are thinking*

[190] In sosiologiese sin word godsdiens ook as ’n menslike onderneming beskou waardeur ’n sosiale opset en ’n transendente opset tot stand gebring word. Nes ander sosiale instellings struktureer godsdiens mense se aktiwiteite deurdat sekere oortuigings, waardes en georganiseerde godsdienspraktyke kollektief gevestig word (Kruger & Van der Merwe, 2015:645).

[191] In hierdie verband kan Lamont (2019:174) ook vergelyk word: *critical theory and self-directed learning models provide religious educators with teaching methods that encourage critical conversations whereby students can become more aware of their tacitly held assumptions and come to a new or renewed understanding of their beliefs and actions in the world*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *things who are always 'on', who think through every action and make a conscious decision before ever doing anything, then discipleship will focus on changing how we think. Our primary goal will be informing the intellect so that it can direct our behavior. 'I think, therefore I am' translates into a philosophy of action that assumes, 'I deliberate, then I do'. The problem is, this is a very stunted view of human persons that generates a simplistic understanding of action and a reductionistic approach to discipleship. It is an approach that unwittingly overestimates the influence of thinking and conscious deliberation and thus tends to overlook and underestimate the power and force of all kinds of unconscious or subconscious processes that orient our being-in-the-world. In short, it underestimates the power of habit.*

Smith (2016) se bekommernis dat gereformeerde dissipelskapvorming die formele onderrig te veel beklemtoon en te min gewag maak van die onbewuste, is noodsaaklik vir hierdie studie. Fleischer (2006:153) ondersteun die gedagte oor die tradisionele fokus op kognitiewe onderrig:

> *Certainly, adult theological educators who view their task as primarily handing on a tradition or body of knowledge to a learner may initially view transformative learning theory as potentially subversive to their ultimate goal of teaching adults the tenets of their faith. Their approach to education, what Freire (1970:58) negatively calls the 'banking' approach, involves ensuring that learners have acquired a thorough knowledge of church teachings, often viewed as unchanging across time and cultures.*

Is dit moontlik dat daar so baie klem in die gereformeerde leer geplaas word op voorsiening van redes waarom dissipels op God se roepstem moet reageer dat die vorming van innerlike hunkering na God as sekondêr beskou word?

Die spektrum van hierdie studie laat nie toe om in diepte na hierdie saak te kyk nie. Baie werkende mense ervaar wel dat hulle nie toegerus word om hulle roeping uit te leef nie. Call42 se navorsing (Forster, 2014:5) beaam dié punt. Mense het 'n geweldige behoefte daaraan dat die kerk hulle moet help in hulle strewe na die uitleef van hulle roeping. Hierdie behoeftes is, soos volg:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *These included the need for a deepened spirituality (prayer, creating an on-going awareness of God's presence during the work week, reflective spiritual practices), guidance (biblical teaching, practical resources related to Christian ethics, discernment of the will of God, theology of work), pastoral support (coping with fear, bridging the gap between faith and work), holistic mission (evangelism, practical social engagement in the transformation of oppressive and unjust systems, acts of service and mercy), worship in the world of work (liturgical materials, creative expressions of Christian worship that suit the time pressures and location of Christians in the world of work, devotional aids) of building God's Kingdom in the world. The church has a critical role in developing a constructive theology that expresses the clear desire that God has a will for the systems and the people of the world. This leads us to the next focus of ministries in the world of work.*

Forster (2014:7) beklemtoon dat die kerk 'n poging sal moet aanwend in die ontwikkeling van 'n konstruktiewe teologie wat God se begeerte om mense te transformeer, verwoord. Die kerk sal 'n balans moet vind oor hoe om mense te help in daaglikse keuses.

Vir Smith kom hierdie keuse tot dissipelskapvorming neer op 'n keuse oor wie die mens as formatiewe wese is. Hier is dit dan sinvol om na twee teorieë oor antropologie te kyk. Natuurlik is daar meer as een manier om oor die wese van die mens te dink: as *homo rationale,*[192] *homo faber,*[193] *homo economicus,*[194] *homo religiosus*[195] of *homo liturgicus*.[196] Vir die doel van hierdie studie fokus ek slegs op twee antropologiese moontlikhede.[197]

---

[192] *Rationalism: Any philosophy magnifying the role played by unaided reason, in the acquisition and justification of knowledge* (Blackburn, 2016:402).

[193] The human being as the maker or creator (Merriam-Webster, 2008).

[194] *Economic man, or the rational agent depicted in economic models. Such an agent has consistent and stable preferences; he is entirely forward-looking, and pursues only his own self-interest. When given options he chooses the alternative with the highest expected utility for himself* (Blackburn, 2016:224).

[195] *Homo religiosus* is die Latynse term vir *the religious person or personality, i.e. someone whose behavior and thought is motivated completely by religious ideas* (Hofstee, 2011).

[196] Definisie sal verder in die afdeling ondersoek word.

[197] Ter wille van die studie-omvang fokus ek nie op Smith se begrip van mens as *Homo religiosus* nie. Ek verwys kortliks na sy beskrywing van die stroom in die voetnotas: Denke en spesifiek geloofsdenke, vloei voort vanuit 'n vermoë om te kan glo; dus is die mens primêr nie 'n denkende wese nie, maar eerder 'n wese wat bestaan, omdat dit die vermoë het om te kan glo. Enige denke is gebaseer op 'n reeds vooropgestelde ideologie wat beïnvloed is deur wat geglo word oor die wêreld waarin elke persoon staan; dus is die mens in wese nie denkend nie, maar eerder 'n wese wat glo (2009:42). Smith is grootliks positief oor hierdie gereformeerde kritiek teen rasionalisme.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(I) *Homo rationale* – die mens as ’n wese wat dink

Die mens as *homo rationale* bekyk die mens as ’n wese wat primêr dink. Hierdie standpunt is so oud soos Plato; Descartes en die modernisme het dit nuwe energie gegee. Omdat die mens kan dink en redeneer, word die mens as ’n kognitiewe ‘masjien’ hanteer wat deur ’n gedurige vloei van inligting en idees gevoed moet word. Smith (2009:40-41) voer aan dat hierdie antropologie invloedryk geword het deur die Protestantse tradisie wat grootliks met so ’n kognitiewe antropologie werk, veral in die vorming van dissipels.

Smith (2015) verwys na Charles Taylor se argument in *How (Not) To Be Secular* (Smith, 2014), wat van oordeel is dat die Reformasie onbewustelik tot die ontluistering van geloof bygedra het.[198] Taylor (in Smith, 2015) meen dat die Reformasie onwetend ook medeverantwoordelik vir die ontluistering van die wêreld was. Die gevolg was dat ’n sakramentele begrip van die wêreld verval het in vorms van bygelowigheid en dat die gereformeerde tradisie sterker begin fokus het op eenvoudige Woordverkondiging, die goeie nuus van die Evangelie en die eenvoud van aanbidding. Die gevolg was ’n proses van ‘eks-karnasie’ waardeur geloof en aanbidding vereenvoudig is tot iets buite die liggaam.

Durand (2002:20) verwys na die Suid-Afrikaanse kerklike toneel en redeneer dat die krisis van die Afrikaanse kerke enersyds aan sekularisme, maar andersyds juis aan ’n piëtisme (sterk fokus op persoonlike geloof) te wyte is. Buitendag (2003:1065) beskryf die probleem, soos volg:

> [Die] verligting het die objektiewe dimensie van die teologie op die voorgrond geplaas en die natuurlike reaksie van die teologie was toe gevolglik om in die vroomheid van die weder-gebore hart terug te trek.

Geloof en aanbidding het al meer ’n kognitiewe saak geword[199] wat deur die verkondiging van ’n suiwer boodskap verstaan en begryp kon word deur net daaroor

---

Hy redeneer dat so ’n benadering ’n meer holistiese prent van menswees ondersteun, wat ruimte maak vir ’n spesifieke Christelike benadering tot onderrig en rasionaliteit. Verder bevraagteken die antropologie die heersende publieke sekulêre stelsel, wat volgens Smith, ook die heersende stelsel is by die meeste Christelike universiteite (Smith, 2009:42). In kort, is laasgenoemde stelsel, meer ontvanklik vir die Christelike geloof as die dominerende rasionele stelsel van die sekulêre wêreld. Smith (2009:43) is nie teen die antropologie nie, maar voer net aan dat dit steeds nie genoeg erkenning gee aan wie die mens werklik is nie en na Smith se mening is die mens eerder ’n wese wat begeer.

[198] In Engels, *disenchantment* – die ervaring dat die misterie van geloof verlore gegaan het.

[199] Lombard (in Jonker, 2008:179) verwys na die werk van Jonker (2008:179), wat ons herinner aan die tweeledige impak van die Verligting: die gesag van die Skrif en die toenemende ontoepaslikheid van godsdiens in ons konteks.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

te dink. Die volgende aanhaling van Smith (2015:10) verduidelik die spesifieke blindekol van die Protestantse teologie:

> *Our self-help spirituality is remarkably 'Protestant', one might say. Give us a few inspirational aphorisms, a few 'thoughts for the day' to get us through the grind, a couple of poignant one-liners on the side of our Starbucks cups, and that's the 'message' we need to keep significance alive. This is spirituality cut to the measure of thinking things who inhabit a disenchanted cosmos.*

Dalk is dit nodig om hier te noem dat die studie nie graag van dualistiese denke beskuldig wil word deur kennis teenoor ervaring te stel nie, maar eerder die vraag wil vra oor watter benadering die meeste aandag in die gereformeerde leer geniet. Dieselfde kritiek word geopper deur, onder ander, Pneumatologie, waarna reeds verwys is. Die kritiek is dat die Protestantse tradisie te min gewag maak van die Gees se werking en te veel op oorgelewerde tradisie staatmaak (Volf, 2006).

Koopman (in Jonker, 2008:177) se waarskuwing – dat ons teen sulke teen-intellektualistiese geloofspraktyke moet waak – word ook gehoor. Hy meen dat ons die wonderlike klassieke gedagte dat die Christelike geloof 'n geloof is wat vra om verstaan te word, aan die lewe moet hou. Hy beklemtoon egter ook dat ons moontlik die ervaringskant van die geloofslewe, deur die toe-eiening van God se gawes aan ons in geloof en die lewe van dissipelskap wat daaruit voortvloei, in ons huidige konteks meer kan beklemtoon. Naude (in Jonker, 2008:222) help ons ook om hierdie punt te hoor wanneer hy ons daaraan herinner dat die kerk se toepaslikheid in die beloftes van die Heilige Gees en die teenwoordigheid van Christus opgesluit is, ook hier, nou, by ons in Suid-Afrika.

Is Smith (2009) toepaslik as hy waarsku dat ons gereformeerde leierskap en die praktiese bemagtiging van lidmate, primêr vanuit ons denke gebore word? Hoe neem ons kennis van sy mening dat ons *Bobble-head* Christene vorm wat so oorweldig word deur dogmas en teorieë dat hulle selde die begeerte om geroep te word ervaar? (Smith, 2009:42) Of is daar tog ook ruimte vir die misterieuse werking en aanwesigheid van God, ook deur die ander aspekte van ons menswees?

Hierdie voorkeur- kognitiewe benadering tot gereformeerde roepingsbewustheid in 'n veranderende Suid-Afrikaanse konteks kan ons vermoë om opnuut ons plek te vind

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

baie vertraag. Die soeke na die werking van die Trinitariese God in ons roeping is al hoe toepasliker in ons tyd (Koopman in Jonker, 2008:177).

(II) *Homo liturgicus* – die mens as ʼn wese wat aanbid

In hierdie spesifieke antropologie is dit die skuif weg van die kognitiewe aspek van die mens, na die nie-kognitiewe, wat op die voorgrond is. Smith (2009:46) ontken nie die kognitiewe- of geloofservaring van die mens nie, maar is eerder op soek na ‘n gebalanseerde begrip van die mens, wat ook die persoonlike kant van menswees en die menslike ervaring insluit. Verdere kritiek teen die suiwer kognitiewe benadering, is dat dit ook die tydelikheid van menswees ignoreer, wat suggereer dat die mens ‘n wese sonder ʼn geskiedenis, ontwikkeling en persoonlike toekomstige groei is; of soos Smith (2009:46) dit stel: *these models are too narrow in the sense that they ignore our embodiment and too static in the sense that they ignore our temporality*.

Smith (2009:46) voer aan dat ons ʼn antropologie moet soek wat nie tot denke en geloof geredigeer is nie, maar wat die mens as beliggaamde wese met begeertes en liefde erken. Vir dié soort antropologie wend hy homself tot Augustinus, wat die wese van die mens meer gesoek het in die hart (kardia). Die mens word dan primêr as ‘n wese beskou wat sin maak van sy of haar wêreld deur sy of haar weg te voel en te ervaar; *One might say that in our everyday, mundane being-in-the-world, we don’t lead with our head, so to speak; we lead out with our heart and hands*.

Hoe beïnvloed die prente van ʼn ideale koninkryk ons begeertes en diepste menswees? Watter sosiale meganismes is aan die werk wat bepaal hoe ons op ʼn onbewuste vlak sekere keuses maak, ideale bepaal, verhoudings bou en aksie neem? Smith (2009:54) wend homself hier tot die impak van gewoontes op ons toekomsblik van die goeie lewe. Gewoontes is nie iets waarmee die mens gebore word nie, maar word aangeleer. Gewoontes is egter so kragtig dat dit soos ʼn tweede natuur word, deel van ons wese en nie-kognitiewe, onbewuste handelinge.

Tradisioneel word daar na goeie gewoontes as deugde verwys, terwyl slegte gewoontes as ondeugde beskou word. Hoekom strewe sommige mense dus na positiewe deugde, terwyl ander deur ondeugde gedryf word? ʼn Waardegedrewe persoon reageer in sekere situasies waardig, sonder om daaroor te dink; die waarde is deel van hulle menswees en is gefokus op ʼn persepsie van ʼn goeie koninkryk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gewoontes of deugde is dus die draaipunt vir ons begeertes; daarom stuur gewoontes ons begeertes in ’n sekere rigting (Smith, 2009:54). Die vraag bly egter steeds, hoe word gewoontes deel van ons menswees? Hoe raak goeie of slegte gewoontes en deugde die draaipunt vir ons liefdes? Hoe leer ons om sekere sake te begeer en ander te ignoreer? As gewoontes ’n weerkaatsing van ons nagestreefde koninkryk is, hoe word gewoontes gevestig? Praktyke en rituele is vir Smith (2009:57) die antwoord hierop. Die meeste van hierdie praktyke is onbewuste handelinge wat prakties geskied; die gewoontes word, met ander woorde, op ’n nie-kognitiewe vlak ingeoefen. Hierdie oefening vind plaas deur ons sintuie en ons daaglikse ervaring; dit wat ons observeer, ervaar en wat prakties met ons gebeur.

Die beeld van sport kan hier sinvol gebruik word. Om sokker te speel is iets wat nie kognitief net geleer kan word nie.[200] Die reëls, spelpatrone en strategieë kan in ’n lokaal met ’n witbord geleer word, maar maak dit van die geleerde persoon ’n sokkerspeler? Die reëls, spelpatrone en strategieë moet ingeoefen word deur prakties op ’n veld te oefen en te speel. Die kognitiewe kant is noodsaaklik, maar dit moet deel word van die onbewuste handeling van die speler. Om te leer hoe om ’n bal te skop en om dag vir dag te oefen, totdat die skopper dit kan doen sonder om daaroor te dink, is twee verskillende prosesse. Smith is nie teen die onderrigdeel gekant nie, maar redeneer dat die praktyke van gewoontevorming die primêre bron van onderrig is.

Op hierdie tydstip is dit nodig dat ek weer na die gesprek tussen roeping, die Triniteit en liturgie terugbeweeg, dit wat Witvliet (2013) op die tafel sit. Smith help ons om krities oor die rol van onderrig in ons gemeentelike praktyke te dink. Hy is nie teen kognitiewe onderrig nie, maar voer aan dat suiwer feite nie die diepte van menswees in oënskou neem nie. Ek het vroeër gevra waarom sommige mense op God se roepstem reageer en nie ander nie. Deur Smith (2016) en Clapper (2014) se bydrae gaan daar vir my ‘n besonderse deur oop. Kan dit wees dat ons nie daarin slaag om lidmate te leer hoe om op God se stem te reageer nie? Kan dit wees dat ons sterk fokus op kognitiewe onderrig nie daarin slaag om mense se begeertes te skuif nie? Dat die roepstem van die Trinitariese God tussen die geraas van sekulêre onderrig verlore raak en dat lidmate hoor van God, maar nie leer wat dit beteken om God se Koninkryk bo alles te begeer nie? In gewone taal is dit my afleiding dat ons met mense

[200] Smith maak gebruik van die beeld van sagtebal, maar aangesien die sport redelik onbekend is in Suid-Afrika, kies ek ‘n alternatiewe beeld.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oor hoe dissipelskap lyk praat, maar dat hulle nie leer hoe om so ‘n leefstyl te begeer nie.

(d) Gebalanseerde roeping: ‘n Soeke na toepaslikheid

Die studie gebruik deurlopend die beeld van die onbekende bospad om iets van die onsekerheid van ons postapartheid-konteks te beskryf. Hoe hierdie konteks lyk en hoe dit roeping beïnvloed, kom in die volgende twee hoofstukke aan die woord. Van deurslaggewende belang is egter om hierdie hoofstuk ooreenkomstig die deurlopende beeld saam te vat. Van groot belang is hoe dit wat ons oor gereformeerde roeping geleer het, aangepas kan word om twee doelwitte te bereik:

- Aan die een kant moet dit help om vrae vir die onderhoude wat volg te formuleer.
- Aan die ander kant moet dit, met die oog op lidmaatbemagtiging, prakties bruikbaar wees.

Ek beskou myself primêr as ‘n kind van God. My eie pad met God het my die laaste sowat 18 jaar na hierdie punt in my lewe gelei. Ek is ‘n predikant in die NG Kerk, maar ek is bowenal iemand wat ernstig na my persoonlike roeping op soek is. Ek bevind myself op ‘n onsekere plek voor die onbekende bospad en redeneer dat ek nie die enigste mens is wat wonder oor hoe ek op hierdie punt gekom het nie. Om sin te maak van alles wat ek sover geleer het, wil ek dit toepas op my eie pad, om sodoende iets oor my verhouding met God, my eie roeping en my eie begeerte (of gebrek daaraan) te leer, om ‘n verskil te maak in God se Koninkryk. Die doel hiervan is nie om ‘n getuienis of preek te lewer nie, maar om ‘n persoonlike reis deur die onbekende sinvol te simboliseer. Ek poog om ‘n gebalanseerde, gereformeerde definisie vir roeping te formuleer vanuit my eie worsteling deur die onbekende. Vir hierdie doel identifiseer ek drie afdelings as opsommende gedagtes:

(I) Die begin van ‘n verhouding – innerlike bekering

Ek het grootgeword in die NG Kerk. My ouers was getroue NG Kerk-lidmate en die rol van my ouers in die kerk op my geloofsvorming is van onskatbare waarde. Tog het ek nooit werklik die roeping gevoel om iewers geestelik betrokke te wees nie. My geloofsvorming was grootliks op ‘n kognitiewe vlak en ek het God deur eredienste, kategese en daaglikse Bybelstudie leer ken. God was skaars, indien enigsins, direk by my toekomsplanne betrokke. Ek het geleef as kind van God, maar nie iets van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Stem van die Roepende ervaar nie. God was altyd ‘n ver, onpersoonlike gedagte wat my van tyd tot tyd persoonlik deur eredienste, kategese, Bybelstudie en gebede aangeraak het.

My eerste jaar op universiteit was ‘n draaipunt in my lewe. Ek het in daardie jaar, soos Luther dit beskryf, ‘n innerlike bekering beleef. Ek het vir die eerste keer ervaar dat God ‘n groter doel met my lewe het en dat ek nie meer vir myself kan leef nie, maar vir Hom alleen. Hoe hierdie bekering plaasgevind het en wat die teologiese dogma agter so ‘n bekeringservaring is, is nie hier van belang nie. Dat ek vir die eerste keer iets van die Een wat roep ervaar het, is wel van belang. Hierdie innerlike bekering het my op ‘n reis geneem waartydens ek van studierigting verander het, op menigte uitreike gegaan het en aktief deel van die kerkbediening geraak het. Ek het nooit werklik geglo dat my roeping in die voltydse bediening gelê het en dat ek as predikant geroep was nie. Ek wou voltyds in die sendingveld betrokke raak, maar my ma het aangedring dat ek eers my studies voltooi. Tog het ek altyd gevoel dat iets kort; dat ek soek na God, maar nie my roeping ten volle uitleef nie. Die tyd het aangeloop en ek het my bes gedoen om God te dien, deur my roeping (so het ek geglo) uit te leef.

Sowat sewe jaar gelede het ek vir ‘n Magister in Teologie (MTh) in Bedieningspraktyk by die Universiteit Stellenbosch ingeskryf. Op daardie stadium het ek redelik ervaring in die bediening gehad en geglo dat my verhouding met God op ‘n goeie plek was. Ek het egter steeds gevoel dat iets kort; dat ek nie my volle potensiaal uitleef nie. Iewers tydens die eerste jaar van die MTh het ons ‘n module oor die Triniteit gedoen. Ek onthou so goed hoe ek die Triniteit kognitief benader het en hoe dit vir my niks meer as net ‘n teologiese dogma was nie. Die openbaring wat ek deur daardie module beleef het, het my bediening en my begrip van roeping radikaal verander. Die ‘iets’ wat gekort het, het skielik hoorbaar geword. Ek het vir die eerste keer verstaan dat ek skuldig was aan die dualisme waarna Forster (2020:6) verwys. Ek het, soos baie lidmate, my rol as predikant as diens tot die gemeente verstaan (Forster, 2014:6). Ek het nie noodwendig myself belangriker geag as lidmate nie, maar het my primêre taak beskou as ‘n voltydse amptenaar wat lidmate vir kerklike werk moes werf. Wat was dus die skuif wat plaasgevind het?

Ek het, amper bonatuurlik, ervaar dat die Triniteit nie ‘n dogma is nie, maar dat dit die wese van geloof is. Ek het God skielik ervaar op ‘n persoonlike, verhoudingsvlak; as ‘n Wese wat nie ver en onbetrokke is nie, maar wat saam met my werk, wat as’t ware

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

my vooruitwerk en my roep om saam met Hom te werk. Hierdie kant van die leer van die Triniteit – dat ons as gelowiges in ’n persoonlike verhouding met God ingenooi word – was vir my ’n lewensveranderende gedagte.[201]

Venter (2012:2) beskryf hierdie gedagte om ingenooi te word as “een van die mees betekenisvolle en verreikende verwikkelinge in die huidige nuwe belangstelling op … die relasionaliteit van God”. Vir my was en is die sosiale aspek van die Triniteit die begin van ‘n gereformeerde begrip van roeping.

Skielik het ek nie meer vir die kerk gearbei en myself as voltydse amptenaar beleef nie, maar het ek myself beskou as iemand wat geroep word; nie as predikant nie, maar vir ‘n lewe in diens van God. Die Triniteit is vir my, soos vir die skrywers van die Belhar-belydenis, die begin van ‘n roepingsverhaal. My roeping was nie meer om mense wat in ‘n gemaksone leef, geestelik warm te hou en te versorg nie, maar om mense sensitief bewus te maak daarvan dat daar ‘n reuse-, onbekende bos voor ons lê. Hierdie onbekende is die postapartheid-realiteit van Suid-Afrika, ‘n onbekende wat betree moet word as ons waarlik as dissipels wil leef.[202] Die onbekende is vreemd en op die oog af gevaarlik en onbegaanbaar; die warmte van die bekende is ‘n veel makliker keuse. Hoe oortuig ek mense om net bewus te word van die realiteit daarbuite? Met hierdie vraag worstel ek daagliks; juis in hierdie worsteling lê die antwoord. Ek kan niemand oortuig nie, slegs God kan. Slegs God kan deur Sy misterieuse selfopenbaring mense oortuig om betrokke te raak. Ons taak, my taak, is om mense van die Stem van die Roepende bewus te maak. Nes my eie bewuswording van God se roepstem ‘n saak van genade is, wil ek ook vir lidmate van my gemeenskap genade hê.

John Wesley (in Clapper, 2014:L214) se beskrywing van die Triniteit verwoord iets van my eie verstaan:

> *This is that kingdom of heaven or of God which is ‘within us’, even ‘righteousness, and peace, and joy in the Holy Ghost’. And what is righteousness but the life of God in the soul, the mind which was in Christ Jesus, the image of God stamped upon the heart, now renewed after the*

[201] Preece (1998:296) is versigtig om direk van die sosiale Triniteit na etiek te beweeg. Hy is egter, soos Volf, gemaklik met die ekonomiese benadering.

[202] Hiermee wil ek nie te kenne gee dat dit ons enigste roeping is nie, dat ons slegs in ‘n bepaalde ruimte geroep word nie. Mense sou geroep kon word om op ‘n ander te plek ‘n soortgelyke roeping te leef. Dat ons egter geroep word in die ruimte wat ons onsself bevind, is van waarde.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *likeness of him that created it? What is it but the love of God because he first loved us, and the love of all mankind for his sake? And what is this peace, the peace of God, but that calm serenity of soul, that sweet repose in the blood of Jesus. This inward kingdom implies also 'joy in the Holy Ghost', who seals upon our hearts 'the redemption which is in Jesus'. The righteousness of Christ imputed to us for 'the remission of the sins that are past'.*

Slegs geloof in die innerlike Koninkryk van God, *the kingdom of heaven or of God which is within us*, kan ons laat beweeg. As navorser, maar ook as predikant, verstaan ek hierdie ontmoeting met die Trinitariese God as die vertrekpunt vir ons reis deur die onbekende. Die sosiale karakter van die Triniteit word deur Witvliet (2013:15-16) beskryf as *a doctrine of God that insists that God is a transcendently and immanently personal, acting, relational, and self-giving Being*. Indien lidmate van die gereformeerde kerke nie God, as Triniteit, se roeping ervaar nie, sal geen menslike poging hulle vanuit hulle gemaksones skuif nie.

(II) Om God deur ander te leer ken – 'n aktiewe geloofsgemeenskap

Om in 'n verhouding met die Trinitariese God te leef, is maar net een kant van roeping. In my persoonlike belewenis en ontdekking van my eie roeping, is ek gekonfronteer met hoe ek God self leer ken.

- Hoe weet ek dat my persoonlike ervaring van God 'n betroubare vertrekpunt vir my eie roeping is?
- Hoor ek God reg?
- Is ek op die regte pad?
- Hoe kan ander lidmate, wat met soortgelyke vrae sit, bemagtig word om vrede in hulle reis saam met God te ervaar?

Hierdie vrae is belangrik om te beantwoord. Om 'n gebalanseerde gereformeerde, Trinitariese roeping te definieer, verg dat ons dieper as net die sosiale kant van die Triniteit sal kyk. Die aanvanklike ontmoeting met die Lewende God is die begin, maar hoe ons Hom verantwoordelik leer ken is die volgende belangrike stap; 'n stap waarmee ons as kerk lidmate moet help.

Hierdie idee, om God te leer ken, bring sekere vrae na vore. As ons God leer ken en God se beeld aanneem, soos Hy Homself aan ons openbaar, leer ons Hom ken op

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

grond van ons eie soeke na Hom, of is dit suiwer deur God se werking in ons lewens? Vir Volf (2006:6) neem ons grootliks God se Trinitariese beeld aan op grond van ons eie soeke na God, maar slegs, omdat God, wat in ons werk, nooit sonder ons werk nie:

> *I mean that human beings receive themselves as created in the image of the Trinity by the power of the Spirit. Their imaging of the Trinity is the gift of God's movement out of the circumstances of the Trinitarian life to create human beings and, after they have sinned, to restore them by dwelling within them and taking them into the perfect communion of love, which God is.*

Deur die geskiedenis word God deur Sy selfopenbaring aan ons bekend gemaak, maar nie primêr subjektief immanent nie, eerder deur die heilsgeskiedenis waarin God in Drie-persone die weg van verlossing vir ons openbaar deur die sogenaamde ekonomiese leer (Meeks, 2006:14). Volgens die ekonomiese leer word die werke van die Drie-persone in die Triniteit sigbaar deur die Triniteit se gedurige betrokkenheid in die Skepping.

Volf (2006) verkies om primêr oor God te dink vanuit hierdie ekonomiese openbaring; slegs na die immanente, persoonlike openbaring te beweeg, indien dit werklik nodig is. As ons egter erns maak met God se selfopenbaring deur die geskiedenis, dan sal ons die Trinitariese God ook op 'n immanente, persoonlike vlak leer ken.

Preece (1998:306-307), nes Volf,[203] vind aanklank by die perichoresis en ekonomiese Trinitariese benadering. God openbaar Homself aan ons deur die geskiedenis. Tyd en omstandighede bepaal watter persoon in die Triniteit by die openbaring betrokke is; as't ware kies God watter een van die swaaideure vir ons oopgemaak word om iets van Sy roepstem te ervaar. Om 'n gesonde balans tussen die drie stemme te vind is noodsaaklik. Soms is dit Skepper Vader wat ons roep om nuut en kreatief te werk; soms is dit die bemiddelende hand van Christus wat ons roep om versoenend te werk; en ander kere is dit die Gees wat ons roep om ons gawes so aan te wend dat ons God se komende Koninkryk hier en nou sigbaar maak.

[203] Volf se benadering is egter meer pneumatologies as Trinitaries.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ek het in my reis saam met God vrede in die wete dat ek God nie net deur my eie, persoonlike ontmoeting met Hom leer ken nie. So ‘n verhouding raak gewaagd, aangesien ek maklik my wil as God se wil kan aanwend. Om God vanuit die geskiedenis te leer ken, help my om God se stem in persoonlike oomblikke te herken. Dit beteken steeds nie dat ek op my eie insigte kan staatmaak nie en hier is Witvliet (2013:15-16) se begrip van die Triniteit as *a communitarian approach to ordering human relationships in the church and in society as a mirror or icon of divine life* baie toepaslik.

Ek moes leer dat om God waarlik te leer ken, ek deel van ‘n groter groep mense moes wees, wat my kon lei. Mense wat saam na die Stem van die Roepende luister; wat saam onderskei en saam oor die ekonomiese, historiese selfopenbaring van God dink. Ons kan nie die reis op ons eie aanpak nie. Persoonlike, innerlike roeping is ‘n gemeenskaplike verantwoordelikheid. Die enigste wyse waarop ons God waarlik kan ken, is saam met ander gelowiges. Die liefde en verhouding tussen die Vader, Seun en Gees dien vir ons as ‘n voorbeeld van *communio* (Burger, 1999:142), waardeur ons geleer word om as gemeenskap na die groter doel van ons geloof te soek (Love & Niemand, 2014:7). Die sosiale eenheid (Meeks, 2006) tussen die Vader, Seun en Gees inspireer ons om ten spyte van ons verskille (Burger, 1999:142) na eenheid te soek, waardeur die Triniteit verheerlik kan word. Witvliet (2013:3) beskou die Imago *Trinitatis* (na die beeld van God) as die vertrekpunt vir verskeie liturgiese oomblikke wat tot ekklesiologiese praktyke kan bydrae. In ons saamwees met ander; in ons gesamentlike aanbidding, vind ons ware roeping. Ons word nie net geroep om op ‘n individualistiese vlak, in verhouding met die Triniteit te leef nie, maar word volgens Schuurman (2004:179) juis geroep om ander om ons, so te beïnvloed dat ons waarlik ‘n verskil maak. Ons roeping is hier baie wyer as ons eie selfgesentreerdheid. Schuurman (2004:149-150) beskryf hierdie saak as ‘n gemeenskaplike bevestiging van persoonlike roeping en meen dat die Christelike gemeenskap ‘n enorme rol in die persoonlike roeping van ander individue speel.

Indien ek saam met ander oor my pad saam met God dink en iets van my roeping beleef, hoe berei ek myself vir so ‘n reis voor? Dit lei my na die volgende vraag oor roeping: Hoe word ek voorberei vir dit wat ek geroep word om te doen?

(III) ‘n Begeerte om saam te reis – die krag van liturgie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ná hierdie twee persoonlike openbarings oor my eie reis (dat ek in ‘n sosiale verhouding met God kan leef en God ekonomies saam met ander leer ken), is ek oortuig van ‘n derde waarheid. Kennis oor God en oor die geloofsgemeenskap is nie genoeg om my te motiveer om saam te reis en aan die *Cooperatio Dei* deel te neem nie. Volf (2001:98) beskryf die *Cooperatio Dei* as die roeping om saam met God aan die behoud van die skepping tot en met die eskatologiese einde te werk. Burger (1999:153) beskou gemeentes as lewende, dinamiese organismes wat juis in die kragveld van die Gees leef en werk. Beide Volf (2001:104-105) en Burger (1999:153) beskou die vermoë om saam te werk as ‘n gawe van die Gees. Volf (2001:153) verkies om oor die Triniteit te praat in terme van *gift giving*, ’n tipiese eienskap van die pneumatologiese benadering. Hy plaas hierdie benadering juis in die sosiale Trinitariese beskouing en anker dit in ’n ekonomiese Trinitariese leer. Vir Volf (2001) is dit belangrik dat ons fokus op ons ontvangde gawes om ons roeping uit te leef, in ons begrip van waarheen ons geroep word. Ons ontvang sekere gawes in die Gees, maar die gawes kan ons nie vryskeld van die verantwoordelikheid om te doen wat gedoen moet word nie. In ons soeke na ons roeping kan ons nie noodsaaklike werk wat gedoen moet word, ignoreer, net omdat ons nie die spesifieke gawes daarvoor het nie (Preece, 1998:310-311).

As ek die saak om saam te werk as ‘n opdrag beskou, iets wat ek moet doen, sal ek daarmee worstel. Om waarlik saam met God te wil werk, is ‘n saak wat op ‘n dieper vlak lê; ‘n saak van begeerte; ‘n keuse om aan die transformerende werk van God deel te wil neem. Dit is ‘n uitdrukking van wat ek waarlik lief het; ‘n uitdrukking wat waarlik in my hart leef:

> *The church – the body of Christ – is the place where God invites us to renew our loves, reorient our desires, and retrain our appetites. Indeed, isn’t the church where we are nourished by the Word, where we ‘eat the Word’ and receive the bread of life? The church is that household where the Spirit feeds us what we need and where, by his grace, we become a people who desire him above all else. Christian worship is the feast where we acquire new hungers – for God and for what God desires – and are then sent into his creation to act accordingly* (Smith, 2016:L1050).

Roeping begin by die Stem van die Roepende wat ons harte transformeer. Die vermoë om tussen die wêreldse kragte en God se stem te onderskei is van deurslaggewende

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

belang, as ons erns met ons roeping wil maak. Hoe ons sensitief vir God se leiding raak, soos gesien, is deur ‘n gesonde balans tussen die krag van liturgie en formele, kognitiewe onderrig te vind. In die liturgie leer ons die Triniteit ken, leer ons om vanuit aanbidding ernstig te begin hunker, wat veroorsaak dat ons saam wil reis. Witvliet (2013:15-15) beskou hierdie literêre benadering tot die Triniteit as *a formulation of the divine-human relationship that stresses that divine revelation as well as human faith, prayer, and worship are actions of divine agents, and as such are gifts of divine grace*.

In die verhouding met God en ander gelowiges kry die Gees die geleentheid om my hart te omvorm. Smith (2013b:L3251;L3260) beskryf hierdie kragtige werking van aanbidding, soos volg:

> *Worship and the practices of Christian formation are first and foremost the way the Spirit invites us into union with the Triune God. Worship is the arena in which we encounter God and are formed by God in and through the practices in which the Spirit is present – centering rituals to which God makes a promise (the sacraments).*
>
> *So, in the practices of Christian worship, and in related spiritual disciplines, we encounter the Lover of our souls. We are drawn into the life of the One our hearts were made for, the Lord of heaven and earth. And it is that creating and re-creating God who tells us to go even as he goes with us, ‘even to the end of the age’.*

Hoe hierdie liturgiese oomblikke lyk, val buite die spektrum van hierdie studie, maar sluit sake in, soos aanbidding, gebed, vas, die doop, nagmaal en gesamentlike geloofspraktyke (Clapper, 2014:Hoofstuk 5; Smith, 2016:L2517).

In die NG Kerk is daar oor die laaste paar jaar groot gewag gemaak van die vermoë om waarlik na die Gees te luister en om te onderskei. Marais (2007:9) verwys na die Gees van God wat vir ons ore gee, sodat ons nuut en vars kan luister. Hierdie vermoë om waarlik te luister word as een van die belangrikste transformerende kerkgewoontes beskou (Marais, 2007:27).

Om na God te luister, beteken dat die Gees van God ons op ‘n kognitiewe, sowel as geestelike vlak, kom lei en verander. Vanuit hierdie ontmoeting met die Triniteit ontstaan ‘n ware behoefte om saam te reis, te werk; nie omdat ons moet nie, maar, omdat ons harte daarna smag.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die eerste twee vrae van roeping, soos aan die begin geformuleer, aangespreek. Die studie werk vanuit die vertrekpunt dat God, as ’n Trinitariese God, voor ons staan en na ons roep. Om op God se stem te reageer, kan moeilik wees, veral as die begeerte om te luister nie groot is nie. Roeping is iets wat vanuit ons diepste menswees vloei; daarom kies dié studie saam met Jamie Smith ’n primêre antropologie van begeerte of liefde. Om op God se stem te reageer vra dat God ons gewoontes en praktyke so vorm dat ons nie anders kan as om na God se Koninkryk te wil strewe nie. Dit wat ons nastreef behoort God se Koninkryk te wees; dit wat ons in die rigting van die Koninkryk stuur, behoort holisties-getransformeerde, sinvolle en geestelike aktiwiteite te wees. Ons begeer dus op ’n onbewuste vlak God se Koninkryk en ons gewoontes en rituele getuig van so ’n toekomsblik.

Wat volgende voorlê is die oerwoud self. Hoe lyk dit in die onbekende en wat is die verskillende bospaaie wat gevolg kan word? Om deur die bos te kom, kort ons ’n kompas, iets wat ons op koers hou; die doel van Hoofstuk 5.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5: Die impak van ’n postapartheidsera op gereformeerde roeping

5.1 Inleiding

Soos reeds aangedui in die studie-titel, speel die konteks waarin die navorsing gedoen word ’n beduidende rol. In Hoofstuk 4 is aangevoer dat God as Drie-enig voor ons uitgaan en ons roep om saam met Hom te beweeg. Ingevolge die beeld van die onbekende oerwoud, gaan God voor ons uit en bly Hy na ons roep. Ons taak is om getrou op Sy roepstem te reageer en gehoorsaam aan ons roeping te bly. Dat God die Een is wat roep, is reeds beskryf; die taak is nou om die oerwoud te bespreek. Die beeld van ’n kompas is ook aan die einde van die vorige hoofstuk geopper. ’n Kompas is ’n wonderlike stuk toerusting, maar as die kompas se magneetveld nie stabiel is nie, sal die arm wat noord aandui net in die rondte draai. Eksterne faktore beïnvloed die magneetveld maklik en kan veroorsaak dat die reisiger totaal verlore en verdwaald voel.

- Wat is die verskillende kragte wat inwerk op ons kompas?
- Waarvoor behoort ons sensitief te wees?
- Wat maak dat die mens, as begerende wese, die oerwoud ingaan en verdwaal, omdat hulle kompas op verkeerde rigtings, na aardse koninkryke, gemik is?

In die vorige hoofstuk is beredeneer dat roeping, onder andere, ‘n saak van begeerte is; dat liturgieë, gewoontes en praktyke begeerte in die mens se onbewuste vorm. Indien gereformeerde lidmate geroep word om in die onbekende ‘n verskil te maak, dan sal daar ‘n begeerte by hulle moet wees om die roeping op te neem – dit vra diepe kennis van die omstandighede waarheen hulle geroep word.

Kragtens die kwalitatiewe, empiriese navorsingsraamwerk, soos geformuleer in Hoofstuk 3, fokus hierdie hoofstuk veral op die teoretiese aard van wat in ons konteks gebeur, sowel as hoekom dit gebeur. As teoloog is my begrip van die diepe kragte wat inwerk op die konteks van ons land en omgewing beperk. Ek poog dus om die onbekende so te beskryf dat dit in die soeke na lidmaatbemagtiging kan help. Indien lidmate saam met God wil werk, is dit belangrik dat hulle ‘n idee het van die uitdagings van die konteks.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Moses en Josef is na Egipte geroep; Jona is na Nineve gestuur en Samuel na die tempel. Hulle oerwoud was hulle plek van roeping: Egipte, Nineve en die tempel. Die pad na hulle bestemming was nie altyd maklik nie; verskeie faktore van buite het hulle roete beïnvloed. Eweneens word ons in ʼn sekere konteks geroep om in daardie konteks diensbaar te wees en is daar verskeie kragte wat op ons reis inwerk. As navorser bevind ek myself in ʼn baie spesifieke konteks en ervaar ek tog dat daar ʼn onmiddellike roeping is, maar ook ʼn baie groter fokus benodig word.

Die onmiddellike omgewing is waar ek myself in die oerwoud bevind; my huidige omstandighede. Ek woon in Vredenburg en ervaar God se roepstem primêr, ten minste vir nou, hier in die Weskus van Suid-Afrika. Hierdie roeping het te make met my werk as NG Kerk-predikant; nie net ten opsigte van my eie gemeentelede nie, maar veral as inwoner van die Saldanhabaai-munisipaliteit (SBM). Ek is egter ook ʼn Suid-Afrikaner wat my primêre roeping nie van my breër roeping kan losmaak nie; om ʼn Suid-Afrikaner te wees wat saam na God se wil vir elke persoon in die land soek.

Die oerwoud is baie groter as die onmiddellike omgewing van Vredenburg en die uiteindelike doel is om getrou deur die oerwoud te kom. Om dit anders te stel: ons het ʼn roeping om saam deur die uitdagings van Suid-Afrika te worstel; om saam aan ʼn beter toekoms vir alle Suid-Afrikaners te droom en te bou. Ons roeping is baie wyer as ons eie plaaslike omgewing. Benade (2019:30) beskryf hierdie kontekstuele taak, soos volg:

> *The leaders of missional congregations must be bridge builders between the congregation and the world. If a missional leader does not have a good understanding of the culture the church functions in, he or she will not be able to lead the congregation in engagement with that culture.*

Die studie is daarom sensitief vir twee fokusgebiede in die konteks van die oerwoud:

- Die onmiddellike munisipale Saldanhabaai-omgewing.
- Die breër Suid-Afrikaanse konteks.

Aangesien gebeure in die res van die land die Weskus en die plaaslike kultuur direk beïnvloed, kyk ek eers na Suid-Afrika as ʼn postapartheid-land.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.2 Suid-Afrika as ’n postapartheid-land

Wat bedoel word met die term ‘postapartheid’ is van deurslaggewende belang vir die res van die hoofstuk en die studie in geheel. Die term ‘postapartheid’ verwys volgens die Merriam-Webster-woordeboek (2018) na *existing or occurring in the time after apartheid and especially after the end of apartheid in the Republic of South Africa*. Dit beteken dat die term op die oog af verwys na dit wat gebeur het ná die wegval van die apartheidsregering in 1994. Die term se gebruik is egter baie breër as dit; daarom is dit noodsaaklik om die spesifieke gebruik van die term vir hierdie studie in die volgende afdeling te definieer, veral aangesien daar redelik kritiek teen die gebruik van die term is. Forster (in Nel, Forster & Thesnaar, 2020:52) lewer die volgende waardevolle kritiek teen die gebruik van die term:

> *At this point it is necessary to make a brief discursus on an aspect of terminology – in my writing, and whenever I speak, I encourage colleagues not to use the phrase ‘postapartheid South Africa’ … Although political apartheid ended in South Africa with the first democratic elections taking place in 1994, the reality is that in the daily experience of most South Africans, apartheid remains very present. As we shall see, economic segregation, racial and spatial geographic segregation, racism, and the politics of identity are worse today than they were in 1994. My work with young Black activists (many of whom were born into freedom after 1994) has led me to the conviction that the use of the term ‘postapartheid South Africa’ is disingenuous. It compounds the suffering of the poor and disenfranchised by using language that suggests that their daily experience of the slow violence of poverty, inequality, and identity politics is not valid or real.*

Om die swaarkry van so baie Suid-Afrikaners, waarna Forster (in Nel, Forster & Thesnaar, 2020) verwys, te ontken, is nie die bedoeling wanneer die term ‘postapartheid’ gebruik word nie. Hayem (2017:386) help ons om teoreties oor die gebruik van dié spesifieke term te dink. In die artikel ondersoek sy haar eie gebruik van die woord, sedert 1996, krities. Haar groot vraag is na die toepaslikheid van die gebruik van die term in die groter konteks van Suid-Afrika; ’n term wat, sedert 1980, in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verskeie kontekste gebruik word.[204] Sy bevraagteken ook of die term uitgedien is en of ons, in 2017, in die huidige konteks van die land, op ander realiteite as postapartheid behoort te fokus.

Hayem (2017:387) het in haar eie navorsing drie gebruikswyses van die term geïdentifiseer, wat elk uitloop op ʼn spesifieke debat. In die eerste plek verwys die term na ʼn kronologiese merker om ʼn spesifieke tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis aan te dui. Wanneer hierdie tydperk egter begin is ʼn moeilike kwessie, soos Hayem (2017:387) verduidelik:

> *However, deciding when that period starts and why [it] remains an important question. Should we consider the election of Nelson Mandela in 1994 as the adequate marker? Or should we consider the legal abolition of apartheid in 1991 or the liberation of the ANC leader in 1990 as the most significant moments? Or the 1992 national referendum? I personally choose to date the beginning of the sequence from 1990, the liberation of Nelson Mandela and the abolition of several laws, but most of all the beginning of official negotiations between former enemies.*

Hayem (2017) toon verder aan dat belangriker as die beraming van die tydperk, is dit waarvoor die tydperk staan: Wat kom na die einde van apartheid en waarvoor staan die ‘post-’?

Eerstens, ‘post-’ verwys vir Hayem nie na ʼn oorgangstydperk nie, maar eerder na ʼn politieke breuk in die geskiedenis van Suid-Afrika.

Tweedens, postapartheid verwys vir Hayem (2017:388) na ʼn problematiese woord of saak. Die voorbeeld van mynwerkers se onvermoë om in die apartheid-era met bestuur te kon kommunikeer, word beskryf as ʼn postapartheid-saak wat steeds opgelos moet word. Post- in dié konteks verwys na ʼn era waarin kommunikasie tussen werkers en bestuur openlik sal kan plaasvind, iets wat nog nie werklik altyd ʼn realiteit is nie. So, sou daar baie ander toepaslike voorbeelde van dié spesifieke gebruik vir postapartheid genoem kon word.

Derdens, Hayem (2017:388) verwys na die voorskriftelike gebruik van postapartheid. Dit beteken dat dit soort van ‘n politieke wens vir die toekoms is, soos sy verduidelik:

[204] Hayem (2017:386) redeneer dat die term ‘postapartheid’ reeds, sedert 1980, in sekere vorms van literatuur in gebruik was.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

we need to go beyond the apartheid period. Hierdie gebruik is spesifiek dan om aan te dui dat ons nie meer, soos in die verlede, kan handel nie, maar dat ons nuut en anders, of 'postapartheids' sal moet dink; polities moet wegbeweeg van gedrag wat gepaard gaan met die apartheidstydperk.

Hayem (2017:396) sluit die artikel af met die vraag oor die geldigheid van die term in die tyd waarin ons onsself nou bevind. Is daar 'n ander woordkeuse wat die huidige tydperk in Suid-Afrika beter sal kan beskryf?

In die lig van Forster (in Nel, Forster & Thesnaar, 2020:52) se kritiek teen die gebruik van die term, is dit nodig om hierdie vraag krities te evalueer. Histories gesproke is ons in 'n postapartheid-era, aangesien apartheid se formele afdwingbaarheid iets van die verlede is. As Hayem (2017:396) egter verwys na die politieke gebruik van die term, dan is dit haar mening dat ons verder as 'n postapartheid-era is, soos sy verduidelik:

> *On the sensitive/non-neutral/engaged side, it might be a clear way to acknowledge that I consider the present South African Government is in total rupture with the principles, values and aspirations of the ANC during the Struggle or in the initial post-apartheid period, whatever it contends to do.*

In die politieke opsig meen Hayem (2017) dat Suid-Afrika in 'n post-postapartheid fase is, wat beteken dat die generasie waarop haar navorsing dikwels gefokus was,[205] nie werklik histories terugdink aan die impak van apartheid op hulle toekoms nie. Vir hulle is die probleme van hulle tyd eerder aan die huidige regering gekoppel, daarom is hulle toekoms afhanklik van hierdie regering; daarom Hayem (2017) keuse vir 'post-postapartheid'. Dit sou, anders as Forster (in Nel, Forster & Thesnaar, 2020) se waardevolle kritiek hierbo, sinspeel dat baie van die huidige probleme in Suid-Afrika nie net meer aan apartheid gekoppel kan word nie, maar ook aan die regering ná apartheid.

[205] *In the interviews I conducted with the so-called 'born frees' in Daveyton, reference to apartheid and its end hardly comes up spontaneously to qualify the present and envisage the future – except from those who belong to the ANC and repeat the party narrative. If anyone connects what they say to the apartheid times it is me, from the outside, because in spite of all my epistemological logic, I am indeed surprised by the interviewees' lack of reference to history, especially when they refer to their objective surroundings* (Hayem, 2017:397-398).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vanuit die bogenoemde is dit duidelik dat die gebruik van die woordkeuse postapartheid ’n meervoudige begrip is, wat in verskeie kontekste verskillend aangewend kan word. Hoe die term gebruik word, word grootliks deur die konteks van die gesprek bepaal. Alhoewel dit onsensitief kan wees om in ’n dialoog met jong swart aktiviste (Forster, 2020) te verwys na postapartheid en sodoende die indruk te skep dat apartheid iets van die verlede is, sou die gebruik van die woord in ’n akademiese konteks tog sinvol wees. Om dus die geleentheid gegun te word om te beskryf wat bedoel word met die term, is noodsaaklik.

Hierdie studie kies om akademies te dink oor verskeie paradigma-skuiwe die laaste sowat 25 jaar in Suid-Afrika. Die beste term om hierdie tydperk mee te beskryf is om na postapartheid te verwys. Op dié manier beskryf postapartheid dan ’n radikaal veranderende konteks wat op politieke, sosiale, kulturele en teologiese vlak die NG Kerk in Suid-Afrika radikaal beïnvloed het. Dit dien daarom as ’n chronologiese merker en om oor gereformeerde roeping in hierdie tydperk na te dink – die wese van hierdie hoofstuk. Kragtens die deurlopende beeld, word die onbekende as postapartheid-Suid-Afrika beskryf; ‘n konteks wat baie mense met hulle hare in hulle hande laat sit, op soek na ‘n ernstige begeerte om hulle roeping te aanvaar.

5.3 ’n Komplekse landskap van radikale veranderinge

As ’n buitestaander ’n voëlvlug oor die oerwoud (postapartheid-Suid-Afrika), sou neem, sou die prentjie waarskynlik verwarrend lyk. Die bospad sal waarskynlik nie een duidelik, uitgetrapte pad wees nie, maar eerder ’n doolhof van klein paadjies wat mekaar heen en weer oorkruis. Om hierdie paadjies te beskryf is, soos reeds aangedui, ’n baie uitdagende proses. Om selfs net iets oor die situasie van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika in hierdie tydperk te beskryf, is ewe uitdagend.

Hierdie beskrywende proses blyk so uitdagend te wees dat selfs Smit (2007) huiwerig is om ‘n uitnodiging te aanvaar om aan ’n kongres oor die kerk en modernisasie in Amsterdam deel te neem. Hy beskryf die impak van verandering in Suid-Afrika as te groot om in een poging te beskryf; beperk daarom sy bydrae in die gesprek tot slegs die protestantse kerk. Selfs hierdie bydrae beskryf Smit (2007:2) as ’n enorme uitdaging, aangesien die geskiedenis van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika dikwels beskryf word as ’n storie in ’n klomp stories; die trant van die storie bepaal deur

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wie gevra word om die storie te vertel. Burger (2011:17) voeg by dat hy persoonlik bekommerd is oor wat tans besig is om in die land te gebeur, aangesien hy redeneer dat die sogenaamde harde realiteite van die lewe, eie voorspoed en oorlewing besig is om geloof op die agtergrond te dryf. Die uitdagings wat Suid-Africa as 'n land ervaar, veral ten opsigte van die sondes van die verlede, is enorm (Forster, 2017:2).

Deel van die uitdaging vir die protestantse kerk is die impak van die radikale sosiale veranderinge waaraan die kerk blootgestel word. Hierdie veranderinge maak dit, in Smit (2007:2) se woorde:

> *[Extremely] difficult to understand adequately just how for example the Uniting Reformed Church in Southern Africa, to which I belong, is responding to modernity.*[206]

Benade (2019:2) beskryf die uitdagings van die NG Kerk as 'n komplekse matriks van invloede wat veroorsaak dat die kerk nie as 'n groeiende kerk beskou kan word nie. "Ons uitdaging is uniek en as kerk is dit juis deel van ons taak om sensitief te wees vir hoe ons behoort te reageer in ons unieke omstandighede" (Smith, 2013). Om te verstaan hoe die gekompliseerde bospaaie in mekaar vloei, ten spyte van die kompleksiteit daarvan, is juis deel van die roeping van die kerk, veral in hierdie konteks deel van die roeping van die protestantse kerke in Suid-Afrika. Benade (2019:1) beskou verandering as 'n geleentheid om selfondersoek te doen; 'n geleentheid om opnuut by veranderende kontekste aan te pas en opnuut toepaslik in daardie konteks te wees. Die kerk word te midde van onbekende realiteite uitgedaag om toepaslik op die uitdagings van die tye te reageer. Daar is verskeie redes vir die kompleksiteit van die veranderinge. Smit (2007) help ons om aanvanklik ses redes te identifiseer:

- Eerstens, die tempo waarteen die radikale sosiale veranderinge in Suid-Afrika plaasgevind het, kan as 'n groot rede beskou word.

[206] Dirkie Smit haal in dieselfde artikel 'n gedeelte aan uit Kees van Dongen se uitnodiging aan hom: *Zuid-Afrika is een heel interessante case omdat daar bij mijn weten van alles door en naast elkaar bestaat. Westerse vormen van moderniteit (maar dan veelal in sterk gevulgariseerde versie, m.n. onder de opkomende zwarte middle class, maar ook onder arme blanken) die veelal samengaan met vasthouden aan traditionele religiositeit in blanke én zwarte kerken, maar óók met verdwijnen van religiositeit; tegelijkertijd ook een groot gebrek aan modernisering/ontwikkeling, m.n. in de rurale gebieden, gepaard aan traditionele beleving en praktisering van religie, maar ook in townships, waar je bij mijn wete zo ongeveer elke denkbare mate en vorm van religiositeit kan aantreffen. Kortom: een intrigerende puzzel wat betreft de verhouding tussen religie-moderniteit-ontwikkeling*. Smit meen dat hy nie 'n beter beeld vir ons worsteling kan gee nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens Smit (2007:2) het baie van hierdie veranderinge byna oornag plaasgevind, veral as ’n mens soortgelyke veranderinge in ander lande vergelyk. Alhoewel die wegval van die apartheidsregering om vir ’n demokratiese regering plek te maak, ’n groot impak het, is dit eerder radikale modernisering wat die grootste rol in die tempo van verandering speel.

- Tweedens, die kerk, spesifiek die protestantse kerk, kan nie losgemaak word van die radikale modernisering wat ons land getref het nie.

So groot soos die kerk se rol in die regverdiging van apartheid was, so groot was die kerk se rol in die beëindiging van apartheid. Smit (2007:3) se bydrae hier is sinvol:

> *Churches, including Reformed Churches, were deeply involved in the struggle against apartheid and for democracy, freedom, social justice, economic opportunities and development for all – in short, many of the ideals associated with Western-style progress and development.*

Dit wat met die land op sosiale vlak gebeur het, het ook met die kerk gebeur. Die kerk is deel van die gemeenskap; daarom kan die kerk nooit van die kulturele, politieke en sosiale veranderinge losgemaak word nie.

- Derdens, redeneer Smit, is dit moeilik om radikale modernisering teoreties te verwoord, aangesien geen enkele teorie die verandering beskryf nie.

Verskeie teorieë, soos later op uitgebrei sal word, kan aangewend word as koördinate om rigting in die bos te probeer bepaal, maar selfs met verskeie insette, sal die pad slegs ’n ingeligte raaiskoot wees. ’n Verdere probleem met modernisasie, is dat faktore, soos ekonomiese groei en tegnologiese veranderinge, dit gedurig beïnvloed. Dit beteken dat ’n teorie wat vandag sinvol is, môre verouderd kan wees. Om dus gedurig op teoretiese vlak te bly vernuwe, is noodsaaklik. Die vraag van vroeër, om te bepaal wat ons nou behoort te doen, bly daarom nie ’n eenmalige vraag nie, maar ’n gedurige soeke na God se roepstem in ons veranderende konteks.

- Vierdens, beskou Smit (2007:3) die impak van globalisasie en die breër rol van internasionale modernisasie op die veranderinge in Suid-Afrika, as noodsaaklik.

Globalisasie word in hierdie studie as ’n paradigma-skuif beskou (bespreek onder punt 3.3.5).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Vyfdens, oordeel Smit (2007:3) dat:

  [The] churches in South Africa are themselves, as integral part of South African society, on the receiving end of these contemporary global processes of modernization. They undergo these processes, they are recipients of these processes, they benefit from and suffer these processes, whether they want it, or not. They are not merely actors, but they are being acted upon. It is not as if they are totally free to decide whether they will contribute to modernization, to development and progress. They themselves first of all undergo modernization, development and progress in these particular forms. Their own convictions and values, their spiritualities and their practices are being affected by this modernizing globalization. They themselves experience both opportunities and challenges.

In die tweede konteks van hierdie afdeling – die onmiddellike omgewing van die navorser in Vredenburg en omliggende gebied – sal hierdie kritiese opmerking van Smit ’n beduidende rol speel. Ons ervaar hierdie tempo van radikale modernisering, soos Smit hierdie tyd beskryf, as baie toepaslik. Ons ervaar dat ons nie ’n keuse het in hierdie veranderinge nie; dat dit deel van die tyd en plek is waarin ons onsself bevind. Smit merk egter op dat kerke hierdie veranderinge kan teenstaan, of dit kan verwelkom en saambeweeg. Een van die belangrikste vrae vir die kerk sou dus wees:

- Glo hulle dat modernisasie, kragtens ekonomiese en tegnologiese veranderinge, goed vir die gemeenskap en die land is?
- Indien dit so is, waarom sou kerke die prosesse teenstaan?

Smit se laaste rede vir die kompleksiteit van veranderinge is verskillende kante van kerkwees wat verskillend sal reageer ten opsigte van radikale modernisasie. Hy onderskei hier tussen drie vorms van die kerk:

- Gereelde aanbidding en normale plaaslike gemeentelewe.
- Die leer en praktyke van denominasies en die ekumeniese kerk.
- Spiritualiteit, getuienis en dade van individuele gelowiges.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Smit se bydrae help ons om iets van die kompleksiteit van die poging om ’n sinvolle pad deur die bos te vind te verstaan. Daar is egter twee breë invloede wat verder tot die kompleksiteit van ons konteks bydra.[207]

Mubangizi (2012:1) beskryf die eerste van hierdie uitdagings, soos volg:

> *South Africa has faced enormous challenges since the advent of democracy in 1994. One of the difficulties in the post-apartheid era has been the building of a human rights culture in the context of substantial cultural diversity*.

Suid-Afrika is ’n tipiese voorbeeld van ’n multikulturele gemeenskap, gekenmerk deur ’n enorme diversiteit ingevolge diverse kulturele gebruike en oortuigings; dikwels geassosieer met ras, kleur, taal, etnisiteit, godsdiens en klas (Mubangizi, 2012:2). Hansen (in Forster, 2017:v) beskryf Suid-Afrika, sowel as die Suid-Afrikaanse kerke, as ‘n *racially, politically and economically divided context*. Hy sluit aan by Forster se dringendheid om die rol van vergifnis ten opsigte van die land se verlede te ondersoek en voer aan dat swart (gekleurde) en wit Suid-Afrikaners hierby kan baat.

Ter wille van die beeld van die verskeie paaie deur die bos, sal hierdie diversiteit beteken dat die konsep van kulturele diversiteit verskillende goed vir verskillende mense in Suid-Afrika sal beteken. Hoe om ’n geskikte pad te kies sal waarskynlik anders wees vir ’n bruin, middeljarige vrou as vir ’n wit, bejaarde man.[208] Mubangizi (2012:2) redeneer ook dat tipiese apartheidsdenke steeds ’n groot rol in hierdie veranderingsproses speel, aangesien ras en kultuur selfs vandag steeds ’n groot struikelblok in ons land is. Hierdie fokus op diversiteit plaas die hele saak van menseregte en geregtigheid hewig op die voorgrond.[209]

---

[207] Verskeie vakgebiede sou verskillende redes kon verskaf vir die kompleksiteit van verandering in Suid-Afrika, sedert 1994. Derhalwe, byvoorbeeld, soos onderskryf in (Mubangizi, 2012), sal ‘n sterk fokus op menseregte onderskryf kan word deur die fakulteit van regte. Ek verwys dus kortliks na een of twee redes vir die kompleksiteit vanuit ander vakgebiede.

[208] Hierdie stelling is slegs ter wille van die argument. Die studie sal in ‘n verdere hoofstuk gebruik maak van empiriese navorsing om juis so ‘n soort stelling te toets.

[209] Met die skryf van hierdie hoofstuk is grondonteiening, byvoorbeeld, ‘n baie groot en toepaslike tema in die politieke struwelinge in Suid-Afrika, soos Gwede Mantashe, Minister van Minerale, verduidelik: *There have been several land grabs in and around Johannesburg – including the Waterfall area – and Tshwane with authorities trying their best to stop people from illegally building shacks on unoccupied parcels of land. And in the Western Cape, police have been battling a violent backlash after a thwarted land grab over the weekend at Hermanus. Mantashe welcomed debate on land reform policy, saying: ‘As we forge ahead, we should talk to each other, we should engage, listen and understand each other.’; ‘Land expropriation is not a policy to drive whites to the sea. It is about fair distribution of land and to give people access to land.’; ‘… As we debate, we must touch the emotional aspects of land dispossession. If we don't, we will not heal the wounds of the past’* (TimesLive, 2018).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Om vanuit die verlede te strewe na ’n toekoms waarin alle mense se regte erken word, is ’n baie uitdagende taak. As ons waarlik versoen en een is, dan sal sake van geregtigheid altyd deel wees van ons roeping, ongeag ons kulturele agtergrond en diversiteit. Botha (in Nel, Forster & Thesnaar, 2020:106) koppel die soeke na geregtigheid aan die *Missio Dei* en verwoord dit, soos volg:

> *The industrialised era has given rise to vast improvements in human life and complemented the pursuit of dignity for all life. Yet realities of structural violence remain present because of empire. The Missio Dei challenges the church as custodians and participants in a new reality to act out of this missional calling to become aware and confront life, denying structures which are violent to creation in unseen ways.*

Hierdie soeke na ware geregtigheid, ten spyte van diversiteit, lei ons na ‘n verdere rede vir die kompleksiteit van die land. Ons is nie net ’n diverse land nie, maar ook ’n land met groot ekonomiese ongelykheid, soos McLennan, Noble en Wright (2016:254) verduidelik:

> *Almost two decades after the end of apartheid, South Africa continues to be characterized by very high levels of poverty, deprivation and inequality …*[210]

Die wete dat daar in 2015 sowat 13.8 miljoen mense in Suid-Afrika was met ’n maandelikse inkomste van minder as R441 per maand,[211] bevestig hierdie ongelykheid (StatsSA, 2017). Nog kommerwekkender is die wete dat die rykes in Suid-Afrika net ryker word, met sowat 60-65% van die land se inkomste wat onder 10% van die land se inwoners verdeel kan word (Smith, 2017). Smith skryf die volgende oor ongelykheid in Suid-Afrika:

> *There should not only be moral concerns about these figures, there are pragmatic reasons to be alarmed too. Research indicates that inequality causes violence in societies where prosperity is divided on racial, religious or regional grounds. The racial character of SA’s inequality is*

[210] Vergelyk verder: *It has been shown that poverty and deprivation are spatially differentiated, with the highest levels of both occurring in the former homelands and, to a lesser but still significant extent, in urban informal settlements* (McLennan, Noble & Wright, 2016).

[211] Die bedrag was in 2015 die vasgestelde voedselarmoede-riglyn in Suid-Afrika gewees.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *due to its history of colonialism and apartheid and poverty and wealth largely continues to wear black and white masks, respectively.*

Die toename in plaasmoorde, geweld, optogte en politieke onrus bevestig iets van Smith se waarskuwing. Thesnaar (in Nel, Forster & Thesnaar, 2020:125) meen dat historiese kolonialisme en apartheid steeds ‘n groot impak op die herstel van vertrouensverhoudings het, wat in die verlede beskadig of vernietig is. Hierdie ongelykheid in Suid-Afrika is deel van die uitdaging om ’n sinvolle pad vorentoe te vind. Om oor roeping, veral eenheid en geregtigheid, te praat sonder om oor die enorme ekonomiese kloof tussen verskillende groeperinge in Suid-Afrika te praat, is gevaarlik. Simbolies gesproke is sommige reisigers op ons bospad se rugsakke vol goeie toerusting en hulpmiddels, terwyl andere opdaag met niks, behalwe die klere aan hulle lywe nie. Om saam vorentoe te wandel, sal beteken om hierdie ongelykheid te erken; om eerlik te luister; sal beteken om die tekort in my medereisiger se gesig te sien.

Dat die situasie in Suid-Afrika kompleks is, is beredeneer. Wat volgende voorlê is om paradigmas te bespreek wat die strewe om ’n sinvolle pad vorentoe te vind direk beïnvloed. Drie oorkoepelende paradigmas word bespreek as kragvelde wat die kompas van Suid-Afrikaners beïnvloed:

- postmodernisme,
- sekularisasie en
- postkolonialisme.[212]

Onder elk van die kragvelde is verskeie onderlinge strome, maar om na al die moontlike keuses te kyk, is moeilik haalbaar. Belangrik in die bespreking van die paradigmas is die moontlike impak wat die paradigmas op die roeping van gereformeerde Christene, of in Smith (2016) se denke, op die begeertes van Suid-Afrikaners kan hê.[213]

---

[212] Benade verwys na sekere kragvelde wat spesifiek ‘n impak het op die NG Kerk het: *Most Western mainstream churches are struggling to hold their own against the onslaught of secularism, postmodernity, migration, consumerism and changes in demographics. One such church is the researcher’s spiritual home in South Africa, the Dutch Reformed Church (DRC)*.

[213] Wetende die diepte van elk van die paradigmas, kies ek telkens ‘n primêre gespreksgenoot om mee saam te wandel. Die lens van my studie is nie noodwendig dogmaties van aard nie, maar prakties teologies. Om in diepte tyd aan elkeen van die onderwerpe te spandeer, is nie prakties haalbaar in hierdie studie nie en nie die studiedoelstelling nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.3.1 Postmodernisme as kragveld op ons denke

Die eerste paradigma om te ondersoek is die impak van postmodernisme op die lewe van gereformeerde Christene in Suid-Afrika. 'Postmodernisme' is 'n term wat gebruik word om dit wat ná modernisme kom te groepeer.

Die gekose medereisiger in hierdie verband, is Lakeland (1997) in sy boek, *Postmodernity: Christian Identity in a Fragmented Age*. Veral sy praktiese toepassing in die daaglikse lewe van Christene maak hom die primêre reisgenoot.[214] Vir Lakeland (1997:L605) is die kerk se grootste uitdaging die vermoë om geloof, grootliks gebaseer op 'n premoderne wêreldbeskouing, toepaslik en kontekstueel in 'n postmoderne kultuur te hou. Om hierdie uitdaging te verstaan, is dit eers nodig om 'postmodernisme' te definieer.

5.3.1.1 Definisie

Voor 'postmodernisme' self gedefinieer kan word, moet 'premodernisme' en 'modernisme', wat dit voorafgegaan het, eers gedefinieer word. Al drie hierdie terme dien as chronologiese merkers, sowel as dominerende[215] filosofiese stelsels in 'n bepaalde historiese tydperk. Al drie die stelsels was uiteenlopende maniere om die leefwêreld van die tyd te verstaan en te verwoord; die beste manier om die verskille tussen die drie stelsels te verwoord, is waarskynlik in hulle onderskeie epistemologieë,[216] alhoewel dit slegs een benadering is. Aangesien daar in elke stelsel verskillende benaderings tot begrip was, is dit beter om te praat van '-ismes'. Om egter die indruk te skep dat daar in elke stelsel se '-ismes' eenheid kan wees, is volgens Hoffman (2005) riskant en neig aan dwaling. Kragtens epistemologiese verskille dan die volgende:

(a) Premodernisme

---

[214] Vergelyk Turner in Lakeland (1997:L17): *Paul Lakeland firmly anchors the discussion of postmodernity in the character of experience in today's world. With great wit and theological insight he lays out the way postmodern questions about subjectivity, moral pluralism, and respect for 'otherness' challenge theologians to rethink their understandings of God, church, and Christ*.

[215] Dit beteken dus nie dat daar in die premoderne era slegs premodernistiese denke was nie. Filosofies is daar modern en selfs postmodern gedink. Die gekose stelsel in die tydperk was dominerend, premodern en dieselfde met die moderne en postmoderne tyd (Hoffman, 2005).

[216] *(Greek,* epistēmē*, knowledge) The theory of knowledge. Its central questions include the origin of knowledge; the place of *experience in generating knowledge, and the place of reason in doing so; the relationship between knowledge and certainty, and between knowledge and the impossibility of error; the possibility of universal *scepticism; and the changing forms of knowledge that arise from new conceptualizations of the world. All of these issues link with other central concerns of philosophy, such as the nature of truth and the nature of experience and meaning* (Blackburn, 2016:158).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In hierdie tydperk is 'absolute waarheid' gesien as die norm.[217] Hierdie norm is bepaal deur outoritêre bronne soos, onder andere, die kerk, wat deur direkte openbaring kennis vanaf God of ander gode kon ontvang. Die kerk, as interpreteerder van God se openbaring, was vanselfsprekend die bron van leiding, wysheid en gesag. Hierdie filosofie was dominerend tot ongeveer 1650 (Hoffman, 2005). Benade (2019:32) beskryf hierdie tydperk, soos volg:

> *In the West, Christianity provided the validation for this hierarchal structure of society. God was the final authority in the medieval world. His authority was expressed and mediated through the church hierarchy, the kings and nobles to the ordinary people. The kings and nobles had only derived power given to them by the church.*

Die gesag van die kerk tydens hierdie periode was onaantasbaar en die hele gemeenskap is in stand gehou deur die regerende hand van God, deur die kerk. Hierdie rol het egter tydens die moderne era radikaal verander.

(b) Modernisme

Modernisme as die dominerende filosofiese stelsel het geheers tussen 1650 en 1950. In hierdie tydperk het twee hoofstrome in die stelsel geheers: empirisme[218] en suiwer rede of logika.[219] Die twee strome het hand aan hand gevloei en aanleiding tot die moderne wetenskap gegee. Waar God of die gode as die bron van kennis in die vorige, premoderne stelsel gesien is, is die fokus na universiteite, die regering en die politiek verskuif. Kerke se gesaghebbende openbarende rol is verruil vir die wysheid van byvoorbeeld professors as die bepalers van waarheid (Hoffman, 2005). Modernisme kan nie van die Verligting losgemaak word nie;[220] 'n tydperk wat die wêreldbeskouing van die premoderne era radikaal bevraagteken het, soos Benade (2019:31) beskryf:

> *The challenges to the hierarchal structure of society continued with the Age of Revolution, when the power of the kings and nobles was*

[217] Uiteindelike waarheid is afgelei van die term *ultimate truth*, wat na waarheid wat nie bevraagteken word nie verwys. In die tydperk is waarheid vanaf die goddelike ontvang, daarom nie bevraagteken nie.

[218] *Empiricism is the philosophy of knowledge by observation. It holds that the best way to gain knowledge is to see, hear, touch, or otherwise sense things directly. In stronger versions, it holds that this is the only kind of knowledge that really counts* (Philosophy Terms, s.a.).

[219] Vergelyk ook Benade (2019:32).

[220] Die Europese filosofiese beweging van die sewentiende en agtiende eeu, gekenmerk deur die vooropstel van rede en die subjek teenoor tradisie van die kerk en die sosiale en politieke stelsels van daardie tyd (Merriam-Webster, 2008).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *challenged. The result was that neither the church nor the kings and nobles were necessary to mediate God's presence in the world. Ordinary people became the primary agents of God in the world. Then, during the Age of Science, God was replaced by scientific method as explanatory principle for existence. Intellectuals now turned their attention to the subhuman level of existence (animals, plants, and objects) to find authentication and validation for life.*

Benade (2019) se beskrywing van die moderne era se impak op die kerk en die samelewing is omvattend. Sy verwysing na sewe filosofiese kenmerke van modernisme is behulpsaam (Benade, 2019:36-38):

- Die eerste kenmerk is rasionalisme; die sterk fokus op die mens as denkende wese.[221]
- Tweedens, die sogenaamde subjek-objek-skeiding; die vermoë van die mens om homself teoreties van die waargeneemde los te maak.
- Die derde rede is die oorsaak-en-gevolg-verduideliking van alle werklikheid; daar is nie 'n God wat alles beheer en regeer nie; slegs 'n klomp spontane gebeure met natuurlike gevolge.[222]
- Vierdens is 'n strewe na vooruitgang; indien dit goed met 'n sekere proporsie van die samelewing sou gaan, sal almal daarby baat.
- 'n Vyfde rede kan beskryf word as die soeke na suiwer, wetenskaplike kennis; die invloed van die transendente in die bepaling van waarheid is verruil vir die feite en norme van die wetenskap.
- Die vermoë van die mense om alle probleme op te los is die sesde kenmerk van modernisme; die transendente was dus nie meer nodig nie.
- Die laaste rede is individualisme:

> *Although the emphasis on the individual had already started in the Middle Ages, humans were still seen as primarily relational beings and part of a community. The focus shifted during the Enlightenment to focus more on*

[221] *Many Christian schools, colleges, and universities—particularly in the Protestant tradition—have taken on board a picture of the human person that owes more to modernity and the Enlightenment than it does to the holistic, biblical vision of human persons. In particular, Christian education has absorbed a philosophical anthropology that sees human persons as primarily thinking things* (Smith, 2009:L491-494).

[222] Vergelyk Smith (2009: L1912).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *individuals and their priorities. The individual was emancipated from his/her bond to God, the church and social authority* (Benade, 2019:38).

Smith (2009:L1626) skryf byvoorbeeld die probleem van die moderne verbruikerswese toe aan 'n sterk fokus op die behoefte van die mens as individu, wat worstel met selfbeheptheid. Die sterk fokus op die mens se behoeftes, veral teenoor dit van die groter geheel, is 'n dilemma van die modernisme.

Die modernistiese era het 'n groot skuif in die geskiedenis veroorsaak. Die mens is geforseer om aan te pas, op sosiale, persoonlike en geestelike vlak. Die modernisme het volgens Vorster (2013:610) die fokus van die Goddelike na die metafisiese verskuif, daarom het die kerk ook nie die impak van die Verligting vrygespring nie, soos Benade (2019:44) verduidelik:

> *It is clear that the Enlightenment had a fundamental influence on the church, theology and individuals' faith. Even well-intentioned Christians could not escape the rationalising, objectifying, individualising, and anthropocentric influence of the Enlightenment, but it would be wrong to describe the Enlightenment as evil or anti-Christian.*

Die laaste opmerking van Benade in die aanhaling is toepaslik. Die idees van die modernisme was in wese nie boos nie; daarom is dit belangrik om die volgende ontwikkelingsfase, die postmodernisme, nie as iets unieks te beleef nie. Verskeie elemente van die modernisme bly deel van die postmoderne gesprek (Du Toit & Spangenberg, 2002:1144) en dra by tot die begrip van die postmoderne era se impak op die samelewing.

(c) Postmodernisme[223]

'Postmodernisme' is 'n moeilike term om te definieer, aangesien dit as 'n voortdurende proses gesien word (Benade, 2019:47).[224] Sedert 1950, is die bron van kennis al meer

[223] In Hoofstuk 2 is reeds verwys na postmodernisme. In daardie konteks moes ek 'n keuse maak ten opsigte van 'n prakties teologiese raamwerk. In my keuse het ek aangedui dat ek 'n raamwerk, wat erns met die konteks maak, kies, maar ook aangedui dat ek sensitief vir die duidelike gevaarpunte van radikale postmodernisme is. In hierdie konteks verwys postmodernisme meer na 'n sosiale beskrywing van die uitdagings van 'n veranderende Suid-Afrikaanse konteks. Kragtens die beeld van die onbekende, verwys Hoofstuk 2 se bespreking oor postmodernisme na bakens op die pad, terwyl dié bespreking meer sensitief is vir gevare wat die naald van die kompas beïnvloed.

[224] Daar is 'n verkil tussen die terme *postmodernity* en postmodernisme (Benade, 2019:47). Du Toit en Spangenberg (2002:1144) praat ook van die terme 'postmoderne diskoers' en 'postmodernisme'. Die verskil is nie waarlik hier toepaslik nie, aangesien beide terme steeds na 'n verandering in wêreldbeskouing verwys. Benade koppel postmodernisme aan die verandering in kuns en argitektuur, terwyl die postmoderne aan filosofiese, politieke en sosiale gebiede gekoppel word. Ek tref nie waarlik onderskeid in die gebruik van die terme nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bevraagteken. Epistemologiese pluralisme het die norm geword, wat veronderstel dat een stelsel om kennis te bepaal, onrealisties is (Hoffman, 2005). Günther (1997:425) beskryf hierdie pluralisme, soos volg:

> *The expression 'postmodern' has developed into a container concept. It transports different contents, depending on the sender. Still, certain common elements can be identified – for instance, the relativization of standards of values and of what used to be certainties that are associated with this concept. This results in a pluralizing of social and ethical behaviour, stemming from the difficulty of reaching a binding legitimation of truth and justice on the basis of reason.*

Om hierdie pluralistiese begrip van kennis te omarm, word baie ruimte vir die inwin van kennis gebied; selfs die openbaringskennis van die premoderne era kan as 'n moontlike bron van kennis beskou word.[225] Du Toit en Spangenberg (2002:144) beskryf hierdie pluralisme, soos volg:

> Daar word dus gekies vir 'n 'beide/en', eerder as 'n 'óf/óf' posisie en die motivering is daarin geleë dat postmodernisme nie weer 'n 'grand narrative' wil word nie. Vir die teoloog is die pluspunt van 'n teologie wat met die ganse werklikheid werk daarin geleë dat dit nou moontlik is om met 'n verskeidenheid van ander diskoerse in gesprek te tree wat dan ook die teologie kultuursensitiewer maak en sodoende verseker dat die teologie relevant en dinamies bly. Daar word dus nie 'n teenoorposisie ten opsigte van ander diskoerse ingeneem nie, maar dit word gesien as geleenthede om met sodanige diskoerse in gesprek te tree om sodoende die eie gesprek te verruim en te verbreed. In sodanige gesprek gaan dit nie daaroor om mekaar te wil verander nie (dit sal vanself plaasvind in die proses van die gesprek), maar eerder om mekaar te probeer verstaan.

Aanhangers van postmodernisme is ook gekant teen enige vorm van outoritêre mag, of dit die kerklik, polities of wetenskap is (Hoffman, 2005). Lakeland (1997:L165) meen dat postmodernisme alle vorms van kennis ten opsigte van tyd, ruimte en orde bevraagteken, afbreek en van nuut af opbou. Du Toit en Spangenberg (2002:1145)

[225] Ander vorms van kennis versamel is, onder andere, intuïsie, relasionaliteit en die geestelike (Hoffman, 2005).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

versterk hierdie gedagte en hulle beskryf die postmoderne diskoers se epistemologiese uitgangspunt as die afwesigheid van enkele voltooide waarhede; "die luuksheid van 'n vasgestelde raamwerk bestaan (nie meer) nie."

Die gevaar van die postmodernisme is dat dit baie maklik kan oorgaan in radikale relatiwiteit en 'n laissez faire-houding (Günther, 1997:426). So 'n houding kan daarop sinspeel dat alles geoormerk is en dat waarheid op 'n subjektiewe vlak bepaal word. Benade (2019:49) dui daarop dat hierdie subjektiewe houding objektiewe waarheid as onwaar geklassifiseer het; die mening van die enkeling is al wat saak maak. Die ruimte vir metanarratiewe is ook geneutraliseer, aangesien dit as pogings gesien is om beheer oor die geheel uit te oefen.

Die pluspunt van die beweging is dat dit baie meer ruimte laat vir interpretasie.[226] Vir Günther (1997:426) is die waarde van openheid, vryheid en die wete dat alles nie reeds bepaal is nie, 'n positiewe waarde van postmodernisme.

Lakeland (1997: L115) voer aan dat die hoër- en middelklas[227] meer geraak sal word deur die kulturele verskynsel van postmodernisme, as byvoorbeeld die minderbevoorregte en ongeleerde groep; laasgenoemde ervaar selfs dat hulle slagoffers van die kulturele skuif is. Ooreenstemmend sal postmodernisme verskillende generasies ook anders beïnvloed, soos Benade (2019:58) sinvol aandui. Vir lidmate, gebore voor 1965, is die invloede van die postmodernisme vreemd, terwyl mense, daarna gebore, van jongs af aan wisselende vlakke van postmoderne invloede blootgestel is.

Baie meer sou oor die definisie van postmodernisme genoem kon word, [228] maar die postmoderne stelsel kan kortliks opgesom word as 'n wantroue in vaste, rigiede stelsels en waarhede. As die pad wat ons in die bos ingaan, gekenmerk word deur die bevraagtekening van gesagstrukture en die oorsprong van kennis, dan is dit dalk noodsaaklik om te fokus op die impak van hierdie stelsel op ons roeping as kerk. Sekerlik sal ons soeke, om God se roepstem te hoor, beïnvloed word deur stemme van buite, stemme wat die gesaghebbende 'Stem' van ons roeping bevraagteken.

[226] Vergelyk ook Du Toit en Spangenberg (2002:1145).
[227] Hy verwys spesifiek na Amerikaners.
[228] Vir 'n deeglike opsomming van postmodernisme teenoor modernisme, kan Benade (2019:50-51) genader word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.3.1.2 Kerk en postmodernisme

Die skuif van modernisme na postmodernisme, of, soos Osmer (1990:24) dit beskryf, *the perils and possibilities of modernization*, laat die kerk, geloof en teologiese denke nie onaangeraak nie; nie die eerste keer dat die kerk egter met filosofiese en kulturele skuiwe moes worstel nie. Tydens die Verligting is die kerk met die geldigheid van die mite gekonfronteer, waarin dit vir só lank tydens die premoderne era gefloreer het. As die kerk en geloof wou voortbestaan, sou die kerk moes leer om opnuut sy of haar plek in ’n skielik baie groter wêreld te vind.

Die kerk was ook nie meer die enigste gesaghebbende stem nie, maar net een van vele. Die intellektuele uitdaging vir die moderne teologie was om ’n teosentriese geloof met ’n antroposentriese wêreldbeskouing te versoen (Lakeland, 1997:L615). Vir Lakeland word die kerk en die teologie vandag met ’n soortgelyke uitdaging uitgedaag – om in ’n postmoderne konteks toepaslik te bly.

Hierdie uitdaging is nie net negatief nie (Benade, 2019:51-51) en bied geleenthede vir die kerk en die Christelike geloof. Du Toit en Spangenberg (2002:1143) beskou dit, onder meer, as ‘n geleentheid om deur sosiaal konstruktivistiese vertrekpunte teologies met lidmate in gesprek te tree. Lidmate word dan as gespreksgenote beskou:

> Wat mense as interpreterende waarnemers waarneem en beskryf, is hulle verwoording van wat hulle waarneem. Dit beteken dat daar veelvuldige kennis ten opsigte van die werklikheid bestaan. Dit stel predikante en lidmate in staat om verskillend te kan dink en optree. Dit gee aan predikante ‘n bewegingsvryheid in die bediening waar hulle nie bedreig hoef te voel as ‘n lidmaat se sosiale konstrukte oor God so bietjie anders as ander lidmate of die predikant s’n is nie (Du Toit & Spangenberg, 2002:1143).

Die gesprek oor die positiewe en negatiewe bydraes van die postmoderne era is uiteenlopend. Lakeland (1997:L629) redeneer dat postmoderne teologie tussen twee uiteenlopende pole vasgevang is. Aan die een kant is die liberale ontbinding van die spesifieke tradisionele karakter van Christenskap en ’n omarming van die wêreld; dikwels ’n terugdraai na piëtisme en die emosionele. Hierdie pool onderskryf die bron

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van kennis as die sekulêre wêreld; ’n wêreld waarin geloof aan die subjek onderworpe is.

Aan die ander kant is fideisme;[229] die radikale leer dat rede aan geloof ondergeskik is en dat suiwer kennis slegs vanuit religie kan voortvloei. Tussen hierdie twee uiterste pole lê ’n komplekse wêreld, ’n wêreld wat Lakeland (1997:L637) beskryf as

> *anything but familiar, a strange landscape of poststructuralists, deconstructionists, chaos theorists, and entropy junkies, struggling for conceptual or metaphorical control over a bewilderingly complex world and a stunningly vast profusion of data.*

In hierdie komplekse ruimte tussen die liberale en konserwatiewe is waar die kerk die gesprek behoort te betree. Om ’n stem tussen al die ander stemme te wees, is uitdagend, maar nodig.

Osmer (1990:30) beskryf twee strome wat ‘n soortgelyke uitwerking op die kerk het en veral veroorsaak dat die kerk, spesifiek in Amerika, dalende lidmaatgetalle en afnemende toepaslikheid beleef. Hy beskryf die twee strome as moderne individualisme (fokus op die subjek se behoefte) en outoritarisme (konserwatiewe stroom). Vir Osmer (1990:45) is die uitdaging om ‘n derde weg te vind; ‘n weg waarin die kerk se onderrigrol herstel kan word, sodat die kerk weer ‘n toepaslike rol in ‘n radikaal veranderende wêreld kan vertolk. Lakeland (1997:L65) identifiseer veral drie gebiede van postmoderne verandering waar die kerk ’n rigtinggewende stem kan wees. Die drie gebiede word eers kortliks bespreek, waarna Lakeland (1997) se reaksie teenoor die uitdagings aangeraak word:[230]

(a) Die probleem van God

Verskeie teoloë bevraagteken die status van God in die kontemporêre wêreld (Lakeland, 1997:L703). As God die een is wat ons vooruitgaan en ons roep om aktief aan Sy Koninkryk te bou, dan is dit noodsaaklik dat ons God se status sal moet staaf, veral in ’n postmoderne konteks. Een van die groot uitdaging vir die Christendom in ’n postmoderne stelsel, is dat die beeld van God oor sowat drie millennia gevorm is en dat die kerk van die een-en-twintigste eeu erfgename van hierdie beeld is. Hierdie

[229] *… a fideist is someone who ‘urges reliance on faith rather than reason, in matters philosophical and religious’ and who ‘may go on to disparage and denigrate reason’* (Amesbury, 2017).

[230] Aangesien Lakeland (1997) die gekose gespreksgenoot is, word die trant van sy redenasie gevolg. Osmer (1990) se insette is egter waardevol en sal, waar toepaslik, gebruik word om die argument te ondersteun.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oorgelewerde beeld is vol van premoderne taal, konsepte en skep ŉ antropologiese Godsbeeld wat problematies kan wees. Om vandag steeds van ŉ God te praat, wat se beeld op ŉ premoderne antropologiese beeld gegrond is, is vir verskeie teoloë onversoenbaar.

Lakeland (1997:716) identifiseer vier groepe teoloë in die debat oor die beeld van God. Al vier groepe se standpunte oor God blyk die impak van postmoderne denke te akkommodeer en te aanvaar dat dit waarskynlik ŉ einde gebring het aan modernistiese denke oor die beeld van God. Die vier groepe kan kortliks saamgevat word, soos volg:

- Die eerste groep aanvaar dat geloof steeds ŉ plek het, maar sien geen nut om na God self te verwys nie.
- Die tweede groep is baie krities teenoor die oorgelewerde beelde van God, maar is steeds positief oor georganiseerde geloof en die rol wat die term 'God' toekomstig in geloof kan speel.
- Die derde groep maak erns met postmoderne kultuur en denke, maar poog om aan oorgelewerde beelde oor God vanuit Bybelse openbaring getrou te bly.
- Die vierde groep word gekenmerk aan 'postliberale' of 'neo-Augustiniaanse' standpunte. Hulle is bereid om postmoderne denke prakties te akkommodeer, maar toon aansienlike weerstand teen enige grootskaalse dialoog met die sekulêre wêreld.

Hoe om oor God tussen hierdie pole te praat, blyk moeilik te wees. In ŉ postmoderne leefwêreld word die kerk egter uitgedaag om anders as in die verlede te kommunikeer.[231] Wat noodsaaklik is, is dat die oorgelewerde beelde van God nie verlore kan gaan in ons soeke na kontekstuele toepaslikheid nie. In Hoofstuk 3 is God beskryf as 'n Trinitariese God, aktief betrokke in die leefwêreld van mense. In die soeke na gereformeerde roeping is God beskou as die oorsprong van roeping. Enige postmoderne beskouing van God, wat byvoorbeeld die Triniteit en aktiewe werking van God bevraagteken, grens aan die onverantwoordelike en sou nie as gereformeerd beskou kon word nie.

Ons postmoderne konteks bevraagteken duidelik God se gesag en mag.

[231] Vergelyk Du Toit en Spangenberg (2002:1149).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Indien God bevraagteken word, hoe reageer mense op Sy stem?
- As geloof slegs persoonlike voordeel inhou, hoekom sou die behoefte om te reageer enigsins bestaan?

(b) Die rol van die kerk in ʼn postmoderne gemeenskap

Die postmoderne diskoers bied nie net uitdagings oor die wese van God nie, maar ook oor die rol van die kerk.[232] Die plek van die kerk in die vorige stelsels was ‘n gegewe gewees, soos Lakeland (1997:L859) skryf:

> *In a world in which the master narrative of salvation history is more or less taken for granted, the importance and the role of the Christian community is secure. Whether in the more sacramental understanding of the church stressed in Catholic traditions, or the more evangelical vision of the Reformed churches, the faith community is in possession of a truth to which others do not have the same access. At its best, this sign of God's favor is an election to service and responsibility; at its worst, it is a justification for triumphalism or self-righteousness. In either case, the Christian community considers itself possessed of a wisdom that others do not have, and which it is charged to represent in, or represent to, the world as a whole.*

In die vorige stelsels, waarna Lakeland (1997) hier verwys, was die kerk se rol as verteenwoordiger van God selde bevraagteken – in ʼn postmoderne wêreld is die teenoorgestelde die norm. Die kerk se rol word op verskeie vlakke bevraagteken, waaronder ook die metanarratief waarmee die kerk veral werk.[233] Volgens ʼn postmoderne wêreld, soos reeds gesien, is metanarratiewe onderdrukkend, voorskriftelik en uitsluitend.

ʼn Postmoderne kultuur verkies ook om nie voorskrifte vir ʼn etiese en morele lewe te ontvang van eksterne morele bronne nie (Lakeland, 1997:L872). Philander (2011:174) beskryf verskeie postliberale teoloë se kritiek teen modernistiese morele standpunte juis as ‘n beklemtoning van die rasionele. ‘n Postmoderne benadering tot etiese

[232] “Ons sal moet kennis neem van die postmoderne paradigma en die gevolge wat dit vir die kerk en die teologie inhou. Terselfdertyd sal daar vasgehou moet word aan die openbaring van God en die getuienis daaroor in die Bybel. Die nuwe situasie skep nuwe geleenthede vir die kerk en die teologie, want dit skep ‘n nuwe openheid vir geloof in God waar elkeen steeds verras kan word deur nuwe insigte. In hierdie teologie is daar baie ruimte – vir God en vir mense” (Du Toit & Spangenberg, 2002:1148).

[233] Vergelyk ook Benade (2019:51).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kwessies fokus baie meer op die verantwoordelikheid van die individu self; "Elkeen is verantwoordelik vir sy/haar eie konstruksies en die dade wat uit hierdie konstruksies voortvloei" (Du Toit & Spangenberg, 2002:51).

Selfs Christene kan met die gedagte worstel dat daar een stel universele etiese reëls in ʼn pluralistiese wêreld is. Dit wil dus voorkom, asof die etiese gesag van die kerk beperk is tot Christene; selfs Christene kies soms gemaklik watter dogma op hulle van toepassing is, al dan nie. Du Toit en Spangenberg (2002:1144) beskou hierdie juis as een van die voordele van die postmoderne era en beskou die dialoog tussen byvoorbeeld predikante en lidmate as 'n positiewe geleentheid vir groei.

In ʼn pluralistiese, postmoderne wêreld waarin historiese gesagsbronne en metanarratiewe verwerp word, sal ʼn gedesentraliseerde kerk soekend saam met God moet wandel.

Vervolgens, in die laaste gedeelte oor postmodernisme neem ons ʼn voëlvlug oor Lakeland (1997) se voorgestelde reaksie op postmodernisme:

(c) Postmodernistiese apologetiek

Apologetiese teologie fokus veral op die reaksie van die teologie tot die kontemporêre wêreld waarvan dit deel is. Vir Lakeland (1997:L1230) begin hierdie teologie met ʼn doelbewuste keuse van teoloë en gelowiges om met die wêreld in dialoog te gaan, soos hyself verwoord:

> *The world questions the text (or narrative), and the text responds, adding its question in turn. This kind of theologian – in whom text and world meet – must speak the language of the tradition and the language of the world in which that tradition is to be represented. Neither language is to be preferred to the other.*

Die gevaar in hierdie soort benadering is om na ʼn sekere kant in die gesprek oor te leun: aan die een kant te veel na die sekulêre; aan die ander kant na die tradisie. In dié gesprek behoort die teologie na die wêreld uit te reik, wat ernstige oordenking vereis as die teologie gehoor wil word, maar terselfdertyd behoort die taal van die wêreld die teologie in die onderskeidingsproses te help. In ons reis deur die onbekende is dit belangrik om sensitief te wees vir die uitdaging, wat 'n postmoderne konteks ons bied. Om hierdie konteks te ignoreer is onmoontlik, as ons getrou wil reageer op God se roepstem. Die vraag is dan eerder hoe ons die verskynsel benader

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en lidmate toerus om met hierdie konteks in gesprek te tree. Benade (2019:58) verwys na hierdie uitdaging as ‘n brug wat tussen die kerk en die unieke konteks waarin ons leef, gebou moet word.

Vir Lakeland (1997:L1292) is die dialogiese benadering die rigting vir teologie om in te slaan ten opsigte van die uitdagings wat die postmoderne wêreld ons bied. Die afdeling oor postmodernisme kom tot ‘n gevolgtrekking deur uitdagings, wat vroeër bespreek is, apologeties aan te spreek.

Eerstens moet die vraag na die aard van God aangespreek word. ’n Postmoderne kultuur laat duidelik nie meer ruimte vir ’n fundamentele, konserwatiewe benadering tot die Bybel en die tradisie van die kerk nie. Dit wil selfs voorkom, asof daar ’n baie sterker klem op die mistiese kant van geloof is, soos byvoorbeeld die opkoms van panenteïsme[234] en ’n sterk fokus op die geestelike karakter van God (Lakeland, 1997:L1309). Lakeland wend homself tot die boek van Job om ’n postmoderne Godsbeeld te formuleer. Hy (1997:L1344) identifiseer drie menings oor God in die teks:

> *There are three ‘Gods’ in Job. There is first the petty tyrant of the legend, who all but destroys Job in order to prove to the avenging angel that Job's love for God is disinterested. The second God is present in the consciousness of Job's friends and Job himself, though in the mind of the author, this God is absent from reality. This second God is the God of the theology of retribution, the awesome judge who stands ever-watchful and who daily blesses the good with material rewards and inflicts horrid ills upon the sinful. The third God, the God of the whirlwind who speaks to Job is – at least for the author, and eventually for Job – the real God, a figure infinitely more terrifying and believable than the other two.*

[234] *‘Panentheism’ is a constructed word composed of the English equivalents of the Greek terms ‘pan’, meaning all, ‘en’, meaning in, and ‘theism’, derived from the Greek ‘theos’ meaning God. Panentheism considers God and the world to be inter-related with the world being in God and God being in the world. It offers an increasingly popular alternative to both classical theism and pantheism. Classical theistic systems often prioritize the difference between God and the world while panentheism stresses God’s active presence in the world and the world’s influence upon God. While pantheism emphasizes God’s presence in the world, panentheism maintains the identity and significance of the non-divine* (Culp, 2020).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In die derde weergawe van God, die God van die warrelwind, vind Lakeland (1997) ʼn antwoord tot sy soeke na ʼn postmoderne Godsbeeld. Hierdie God, die God van die warrelwind, kan beskryf word, soos volg:

- Die warrelwind-God reageer eerstens teen die beeld wat Job se vriende van hom het. In ʼn manier is dit ook ʼn reaksie op moderne analogiese geloofstaal; God is nie altyd soos ons dink God is nie. In hierdie reaksie van God word die vraag van voorsienigheid ook geopper. Anders as wat Job en sy vriende dink, hang God se sorg nie noodwendig van reg en verkeerd, goed en sleg af nie. God is ʼn God wat verantwoordelik is vir die totale heelal; in hierdie sorg is daar nie voorkeur vir een mens bo ʼn ander nie. God is die God van die hele skepping.
- As God se verhouding tot die heelal as die God van die warrelwind beskou word, dan beteken dit dat die rol van die mens as aktiewe agent baie belangrik word. Hoe meer God se sorg tot die wêreld as sorg vir almal en alles beskou word, hoe meer word die verantwoordelikheid op die keuse van enkelinge geplaas. As die enkeling verstaan dat God nie noodwendig net vir hom of haar verantwoordelik is nie, maar vir die heelal, dan begin ʼn mens anders dink oor God en ons eie verantwoordelikhede tot die skepping.
- Die God van die warrelwind is ook nie net die mening van ander mense nie. Job hoor self by God wat God vir Job wil sê. In ʼn postmoderne era het God stil geword; daarom kan dit maklik voorkom, asof God van Christene in ʼn postmoderne wêreld vergeet. In praktyk word Christene dus uitgedaag om met die verantwoordelikheid wat op hulle geplaas word te leef, om te besef dat God se sorg nie tot net hulle beperk is nie, maar juis tot die heelal.

In hierdie warrelwind beeld van God vind ons ‘n God, betrokke in die heelal, maar wat ook mense op ‘n persoonlike vlak uitdaag om aan Sy vernuwende taak in die skepping deel te neem.

Tweedens, die vraag oor hoe Christene opreg aan hulle tradisie getrou kan bly en terselfdertyd werklik aktief in hulle plaaslike gemeenskap betrokke kan wees? Vir Lakeland (1997:L1417) is deel van die postmoderne reaksie op hierdie vraag juis geanker in die Godsbeeld van die warrelwind in Job. Om getrou te bly aan die geloofstradisie, is juis om vas te hou aan ʼn Godsbeeld wat suggereer dat God op ʼn nie-indringende, selfs nie-antroposentries, in die heelal betrokke is. Dit suggereer

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verder dat God dan juis verantwoordelikheid op die mens as aktiewe agent in die heelal plaas.

Die belangrikste vraag met so ’n standpunt sou dus wees:

- Hoekom Christene enigsins aktief in die gemeenskap sal werk as dit geen voordeel vir hulle inhou nie?
- As God nie in hulle persoonlike voorsienigheid inmeng nie, hoekom dan deelneem aan God se sorg vir die heelal?

Lakeland (1997:L1417 stel dit, soos volg:

> *If my or our fortunes are not in effect ‘judged’ by God and suitably rewarded, then what distinguishes believing in God from not believing in God, and if there is no difference, why bother?*

Vir Lakeland (1997:L1417-1489) is die antwoord gesetel in die voortsetting van Christus se werk in die wêreld. As dienskneg-leier is dit die kerk se gesamentlike voorreg om die liggaam te wees, waardeur die Heilige Gees die werk van Christus in die postmoderne wêreld voortsit. Hierdie werk suggereer dat die kerk die wêreld ontmoet waar die wêreld is; respekvol met die wêreld saamwerk, om hopelik ‘n impak op die wêreld te maak; ‘n langtermynverskil ten opsigte van God se Koninkryk teweegbring. Om deel van hierdie taak van die kerk te wees, waarin die liefde van die Gees in ‘n veranderende wêreld uitgestort word, is ‘n voorreg, maar ook die verantwoordelikheid van die kerk.

Kragtens die beeld van die onbekende, is deel van die uitdaging van geroepenes om sensitief vir die stem van die warrelwind God te wees. Terwyl geroepenes in die onsekerheid van die onbekende is, is die gevaar altyd daar dat die postmoderne kultuur hulle óf insluk óf dat hulle so uitstaan dat hulle verwerp word. Lakeland (1997) se mening dat God in die stilte hoorbaar is, beklemtoon die noodsaaklikheid van gereformeerde Christene om in die stilte na die wysheid van die lewende God soekend te wees. Om die onbekende in te gaan en gekonfronteer te word deur die wêreld wat die bron van ons kennis bevraagteken en selfs aflag, is angswekkend. Die uitdaging van gereformeerde roepingsbewustheid is egter om bereid te wees om die uitdaging te aanvaar; nie omdat ons al die antwoorde het nie, maar omdat ons vertrou dat die warrelwind God self in die onbekende betrokke is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Benade (2019:57) maak ‘n sinvolle opmerking om die afdeling oor postmodernisme mee saam te vat:

> *The external cultural context these Christians function in range from modern to postmodern, while they are reading the gospel written in pre-modern times. It is within this complex landscape that the DRC functions. Modern readers naturally interpret the gospel for a modern context and feel threatened by a postmodern context. In contrast, postmodern readers read the Bible for a postmodern context and feel threatened by a modern context. If we believe that the gospel speaks to all people in every context, a may need to be found to interpret the gospel across philosophical boundaries.*

In die unieke konteks van Suid-Afrika leef die NG Kerk in ‘n situasie waar ons lidmate vanuit die moderne era, sowel as lidmate vanuit die postmoderne era, moet bedien. As predikant, gebore in ‘n oorgangsfase, worstel ek dikwels met die rigiede, modernistiese denke van baie NG Kerk-lidmate. Aan die ander kant is daar die uitdaging van jonger, postmoderne denkers wat metanarratiewe en objektiewe, absolute waarhede verwerp. Benade (2019:59) beskryf die generasie, soos volg:

> *Lastly, those who choose to minister as postmoderns, embrace the deconstruction of metanarratives and the idea that there is no absolute truth. Orthopraxy is more important to them than orthodoxy, and they use narrative and symbolism to express their faith.*

Om ‘n middelweg te vind, vra dat ons bereid sal wees om ‘n sinvolle debat aan die gang te hou (Du Toit & Spangenberg, 2002:1144). As medereisigers moet ons, ter wille van ‘n sekulêre konteks, ‘n dinamiese span bly, gefokus op God se *Missio Dei*. Deur mekaar gedurig uit te daag, leer ons God as ‘n misterieuse God ken wat Homself gedurig nuut aan ons openbaar.

5.3.2 Sekularisasie as kragveld op ons ervaring van die transendente

Hoe dieper die onbekende oerwoud betree word, hoe moeiliker word dit om sinvolle bospaadjies en roetes te vind.[235] Die simboliese kompas word ook meer en meer

[235] *What’s the shape of the existential terrain in which we find ourselves in late modernity? Where are the valleys of despair and mountains of bliss, the pitfalls and dead ends? What are the sites of malaise and regions of doubt?*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onbetroubaar, veral as dit gaan oor die paradigma van sekularisme. Waar postmodernisme grootliks die oorsprong van ons kennis en gesagstrukture beïnvloed, wil sekularisme die rol van die transendente in die postmoderne mens se lewe bevraagteken. Op ‘n manier kan ook gesuggereer word dat sekularisasie die gevolg van beide modernisme en postmodernisme is, aangesien beide beskouings dit vir mense moontlik maak om die

> kenbare sosiale orde (ekonomies, polities, tegnologies) te kan verander en beheer volgens universeel-rasionele kriteria wat in die mens self gesetel is (Kruger & Van der Merwe, 2015:648).

Dit uitwerking is die dekonstruksie van tradisionele gesagstrukture soos die kerk, aangesien kragte soos rasionalisme, die keuse in die mens se eie hand plaas. Smith (2014:1) beskryf hierdie sekulêre kragte, soos volg:

> *[Road] atlases of belief versus disbelief, religion versus secularism, belief versus reason provide maps that are much neater and tidier than the spaces in which we find ourselves. They give us a world of geometric precision that doesn’t map onto the world of our lived experience where these matters are much fuzzier, much more intertwined — where ‘the secular’ and ‘the religious’ haunt each other in a mutual dance of displacement and decentering.*

Smith (2014) voer aan dat verskeie kaarte poog om rigtinggewend te wees in ‘n postmodernistiese konteks, maar dat die meeste van hierdie kaarte teoretiese konsepte is, ver verwyderd van die geleefde realiteite van die postmoderne mens. Indien navorsing op die gebied van sekularisme aangepak word, word juis dit gevind; ‘n magdom van artikels en boeke wat worstel met die presiese definisie en impak van sekularisme. Wat behulpsaam is vir hierdie afdeling is toepaslike inligting vir die geleefde realiteite van Afrikaner gereformeerde Christene; juis hier waar Kruger en Van der Merwe (2015:643) se navorsing oor die impak van sekularisasie op die NG

Where are the spaces of meaning? Are they hidden in secluded places, or waiting to be discovered in the mundane that is always with us? Where should we look for the ‘thin places’ that still seem haunted by transcendence? Or have they disappeared, torn up to make way for progress and development? (Smith, 2014:1).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kerk in Suid-Afrika sinvol is.[236] Hulle navorsing in die verband, maak hulle dus die reisgenoot vir die soeke na die impak van sekularisasie op die roeping van Christene.

Soos reeds aangedui en bevestig deur Kruger en Van der Merwe (2015:648), kan modernisasie en postmodernisasie beskou word as voorgangers van sekularisasie.[237] Beide paradigmas stel die mens in staat om deur die fokus op kennis, die wêreld as 'n sosiale konstruk te organiseer.[238] In hierdie organisering van die sosiale stelsels, is die mens nie meer afhanklik van die goddelike nie, maar word die alledaagse georganiseer en deur die moderne wetenskap verbeter. In hierdie sekulêre benadering is die 'ont-Christeliking' (Kruger & Van der Merwe, 2015:647) van die publieke, sowel as die private sfeer van die mens se daaglikse bestaan, kommerwekkend. Benade (2019:60) beskryf die uitdaging van die gereformeerde kerke in 'n 'ont-Christelike' konteks, soos volg:

> *[The] challenge to Reformed churches today is how to be a missional church in a post-Christendom Western context. The missiology of the church was developed in a Christendom context, when the objects of mission were in different countries and cultures. A new mission strategy had to be developed for a church that functions on the periphery of society and is challenged by a pluralistic context.*

Sekularisasie het tot gevolg dat die individu al minder staat op die openbaring van die goddelike maak en die rol wat organisasies, soos die georganiseerde kerk, daarin speel (Kruger & Van der Merwe, 2015:648). Die tradisionele rasionalisme van die kerk en die impak van kerklike kennis op die mens, is vervang deur die "universeel-rasionele kriteria" (Kruger & Van der Merwe, 2015) wat in die mens self gesetel is.

Kruger en Van der Merwe (2015:649-650) verwys na verskeie faktore wat bydra tot sekularisasie in Suid-Afrika. Voordat daar gekyk word na hierdie bydrae, is dit tog

---

[236] Empiriese navorsing is by 46 gemeentes van die NG Sinode Hoëveld en NG Oostelike Sinode van die NG Kerk onderneem. By wyse van vraelyste is feite en menings oor NG Kerk-lidmate se sosiale en religieuse konstrukte verkry, sodat die betekenis en werking van sekularisasie in die NG Kerk bepaal kan word. Die vrae in die datastel hou verband met 18 verskillende konsepte (afhanklike veranderlikes) onder drie afdelings: Sosiale konstruksie, religieuse konstruksie en sekularisasie (Kruger & Van der Merwe, 2015:654).

[237] Benade (2019:60-61) sit die teenkant op die tafel en redeneer dat modernisasie nie alleen tot sekularisasie bydra nie. Die moderne strewe, om die premoderne afhanklikheid van die Goddelike te verwyder, was nie waarlik suksesvol nie: *The assumption that modernity would relive the world of pre-modern religious beliefs was proven false by the growth in spiritual practices throughout the world (Tennent, 2010: 32). This has been confirmed by data collected for the Atlas of Global Christianity, which project that by the year 2200, 80%39 of people will still be affiliated with some kind of religion (Johnson, 2004: 10*).

[238] Vergelyk Kruger en Van der Merwe (2015:645).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nodig om na ander interpretasies van sekularisasie te luister. Alhoewel Kruger en Van der Merwe (2015) my primêre gespreksvennote in die verband is, wil ek graag ‘n breër sekulêre konteks ondersoek. Een van die mees onlangse stemme in die verband is Charles Taylor in *A Secular Age* (2007).[239] Benade (2019:61-62) definieer Taylor se begrip van sekularisasie as:

- ‘n Skeiding tussen die kerk en die staat. Hierdie skeiding sluit ander sosiale strukture, soos die sakewêreld en die onderwys, in. Weereens is die skeiding nie noodwendig ‘n afname in geestelike praktyke nie, maar slegs ‘n strukturele skuif.
- ‘n Sosiale wegbeweeg van die kerk en die kerk se formele strukture en praktyke. Die kerk se praktyke verdwyn nie, maar die samelewing ondersteun dit nie noodwendig meer nie.
- ‘n Toename in sekulêre denke waarin geloof in God bevraagteken en beskou word as een van vele keuses.

Taylor (2007) se begrip van die verval van Christendom is nie dat geloof nie meer in ‘n sekulêre era bestaan nie, maar dat daar so baie keuses is; nie ‘n era van ongeloof nie, maar ‘n era van verskeidenheid in geloof. Taylor (2007) ondersteun hierdie pluralistiese godsdiens:

> *Taylor presents a new understanding of secularity, not so much in terms of the falling away of belief in God or the receding of religion from the public square – although he does not deny the importance of these – but in terms of the transition from a society in which it was virtually impossible to challenge belief in God to one in which belief in God is one of multiple, contested options.*

Hierdie verskeidenheid in geloof verwys nie net na geloof in die transendente nie, maar ook na die verskynsel van eksklusiewe humanisme as 'n lewensvatbare sosiale paradigma. Eksklusiewe humanisme is 'n manier om betekenis so te konstrueer dat die goddelike geen rol het om te vertolk nie, soos Smith (2014:L42) verduidelik:[240]

---

[239] Ek is besig om ‘n postapartheid-konteks vir Suid-Afrika te skilder. Alhoewel sekularisasie ‘n noodsaaklike paradigma is, kan ek nie in diepte na Charles Taylor se werk verwys nie. Ek maak in die verband van drie sekondêre bronne gebruik: Smith (2014), Benade (2019) en Taylor (2007).

[240] Dit was nie noodwendig dat God nie meer betrokke was nie, God se betrokkenheid is egter afgewater tot natuurlike wette en kennis: *Increasingly, God began to be conceived of in impersonal terms, as the supreme architect of the universe who related to his creation only through the natural laws he had instituted. There was thus*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *[They] are no longer bothered by 'the God question' as a question because they are devotees of 'exclusive humanism' — a way of being-in-the-world that offers significance without transcendence. They don't feel like anything is missing.*

Dit was dus nie genoeg vir ons om op te hou in die gode glo nie; die mens moes ook maniere vind om betekenis in die lewe te kry sonder die rol van die gode (Smith, 2014:L706; Benade, 2019:65). Smith (2014:L706-713) wonder saam met Taylor (2007) hoe ons beweeg het van 'n tydperk waar ateïsme ondenkbaar was, na 'n tyd waar deïsme ongeloofwaardig is?

Vir Taylor (2007) het die Reformasie[241] van die laat Middeleeue 'n groot rol in die opkoms van sekularisasie gespeel. Alhoewel die Verligting waarskynlik die deur geopen het (Benade, 2019:62), is mense na eksklusiewe humanisme gedryf, omdat die Reformasie geestelike vroomheid beklemtoon het. Mense het verkies om na 'n laer morele horison te streef as om aan die onrealistiese verwagtinge van die Reformasie te voldoen. In die Reformasie se strewe om mense se geestelike norme te lig, het dit die teenoorgestelde effek gehad.

Taylor (2007) se historiese oorsig van sekularisasie is slegs kortliks aangeraak en dien as 'n goeie inleiding tot Kruger en Van der Merwe (2015) se verwysing na verskeie faktore wat tot sekularisasie in Suid-Afrika bydra.

Institusionele onderskeiding op so baie vlakke, onder andere politieke, ekonomiese, tegnologiese en opvoedkundige gebiede, is 'n gegewe in Suid-Afrika. Elk van hierdie gebiede funksioneer volgens hulle eie rasionaliteite en skep ruimtes van spesialisasie. Die kerk, met sy eie aktiwiteite, simbole en rituele, het net nog 'n sosiale instelling geword wat volgens sy eie rasioneel funksioneer. Die kerk word gesien as net nog 'n instansie, een van baie, wat veroorsaak dat die kerk se stem gemarginaliseer word en die impak van die kerk se getuienis al hoe minder word. Mens sou kon sê dat die kerk, tussen 'n klomp ander instansies, 'n bepaalde weergawe van die goeie lewe bied, 'n

---

a widespread rejection of the notion of an active, interventionist God, seen clearly in the contemporary critique of miracles. Thus while God had not yet disappeared from the picture, he had been decisively banished from all but the most distant involvement with his creation (Taylor, 2007).

[241] Belangrik hier is dat die term 'Reformasie' verwys na 'n breër konsep: *The reform movements were broader than the Protestant Reformation and included reform movements within the Roman Catholic Church and Renaissance humanism. The reform movement was driven by profound dissatisfaction with the hierarchical society's 'two-tiered religion', that had the priests and monks in a revered position looking down on the lay in their mundane vocations*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

lewe om te begeer; die kerk is egter een van vele sosiale weergawes van die goeie lewe om te begeer en as't ware in kompetisie met ander sosiale instansies.

Die liberale politieke atmosfeer in Suid-Afrika het bygedra dat die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika sy plek as die gekose politieke stem verloor het; 'n tweede faktor in die verdieping van die sekulêre landskap in Suid Afrika. Die konstitusie en 'n sterk fokus op geloofsvryheid en demokrasie,[242] maak dat geen godsdienstige groep voordeel trek nie en almal as gelykes hanteer word; geen groep is noodwendig betrokke by beleidsvorming nie. Alhoewel Suid-Afrika se politieke atmosfeer nie heeltemal vervang is met sekulêre oortuigings nie, het die gereformeerde tradisie sy impak verloor.

Derdens speel die industriële kapitalisme en globalisasie 'n beduidende rol.[243] Die moderne ekonomie met die

> globale, industriële kapitalisme as dinamiese faktor is 'n belangrike draer van sekularisasie, aangesien die ideologiese beginsels daarvan vry van godsdiens is (Kruger & Van der Merwe, 2015:649).

Die globale wêreld skep een groot mark en versterk die sekulêre mentaliteit van verbruikerstevredenheid met Christelike beginsels soos geduld, eenvoud en dankbaarheid, wat ondermyn word. Om die internet te gebruik om benodigdhede te kry, selfs vanuit Amerika, is 'n groot deel van die sekulêre en globale samelewing. In wese is dit nie verkeerd nie, maar veroorsaak dat die globale, kapitalistiese ekonomieë 'n verbruikersekonomie skep, gedryf deur onmiddellike verbruikerstevredenheid, wat 'n groot impak op plaaslike gemeenskappe wêreldwyd het.

Kruger en Van der Merwe (2015:650) redeneer dat die impak van moderne sekuriteit, veral in Suid-Afrika met hoë misdaad- en geweld-statistieke, maak dat meer mense van tegnologie afhanklik word, ten koste van 'n diepe afhanklikheid van God. In

---

[242] Die Suid-Afrikaanse grondwet se Artikel 15 verklaar: "(1) Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening. (2) Godsdiensbeoefening kan by staatsinstellings of staatsondersteunde instellings geskied, mits – (a) daardie beoefening reëls nakom wat deur die tersaaklike openbare gesag gemaak is; (b) dit op billike grondslag geskied; en (c) bywoning daarvan vry en vrywillig is."

[243] Globalisasie se rol as kragveld in Suid-Afrika kan nie ontken word nie. Ek verwys hier slegs na dit; sou dit kon noem as nog 'n kragveld op die simboliese magneet, maar om nog 'n kragveld aan te spreek is onnodig om die kompleksiteit van ons roepingsveld te beklemtoon. Cavanaugh (2008) in sy boek, *Being Consumed: Economics and Christian Desire*, fokus veral op die impak van globalisasie op die begeertes van mense. Globalisasie fokus kortliks op die verhouding tussen die globale en die plaaslike wat in werklikheid een geword het. Dit beteken dat mense eintlik alles begeer, maar geen waarde aan enigiets heg nie. Smit (2007:3) is ook oortuig daarvan dat veral globalisasie 'n groot invloed op gebeure in Suid-Afrika het. Benade (2019:52) verwys ook sinvol na die impak van globalisasie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kontekste waar moderne sekuriteit afwesig is, is mense meer geneig is om op God te vertrou. In hierdie opsig speel menslike sekuriteit ‘n groot rol in die sekularisasie van Suid-Afrika en word God weereens op die agtergrond geplaas.

Die laaste faktor in die verdieping van sekularisasie in Suid-Afrika is ‘Protestantisme’, volgens Kruger en Van der Merwe (2015:650), ‘n godsdiens van vryheid, onder andere, “gekenmerk deur die aansienlike afname van die invloed van heilige of gewyde goedere en religieuse misterie in die daaglikse realiteit”. Ironies is dat die teologiese tradisie, die kern van hierdie studie, juis beskou word as die draer van die sekulêre uitdaging van ons konteks.

Dat sekularisasie deel van ons konteks en simbolies ‘n kragveld is wat op die noord van ons kompas inwerk, is duidelik. Ook is dit nodig om kennis van die uitwerking van sekularisasie op ons reis te neem, sodat ons versigtig vir die dwaalpaaie wat vir ons voorlê moet wees. Hiermee help Kruger en Van der Merwe (2015) ons ook.

5.3.2.1 Die impak van sekularisasie op die kerk in Suid-Afrika

Die eerste impak van sekularisasie is ‘pluralisasie’; ‘n groot uitdaging vir die kerk. Hierdie fenomeen het verskeie gesigte: sosiale fragmentasie[244], proliferasie[245] en groeiende denominasionalisme.[246] Die impak op die kerk is enorm en veroorsaak onstabiliteit ten opsigte van die historiese institusionele rol van die kerk. Die kerk self word nou ‘n verbruikerskommoditeit, net een van vele keuses, wat ook beteken dat die kerk selfs moet bemark, om toepaslik te bly.

Hierdie onstabiliteit lei, tweedens, tot ‘n geloofwaardigheidskrisis vir die kerk in die geheel, aangesien dit moeiliker word

> om ’n godsdienstige geloofwaardigheidstruktuur in die algemeen in stand te hou of opnuut te konstrueer en daarom bewerkstellig dit nie meer sosiale binding in die gemeenskap as geheel nie (Kruger & Van der Merwe, 2015:651).

[244] Die sekulariserende drywer, institusionele differensiasie, het sosiale fragmentasie tot gevolg wat impliseer dat sosiale monopolië soos godsdiens, opgebreek word en dat die speelveld vir die wedywering van ’n veelvoud sosiale idees en oortuigings geopen word (Kruger & Van der Merwe 2015:650).

[245] Wyduiteenlopende morele maniere van dink en doen (gekenmerk deur kompulsiwiteit) (Kruger & Van der Merwe, 2015:650-651).

[246] ‘n Verskynsel, gekenmerk deur “kompeterende, godsdienstige oortuigings en ‘n mengelmoes van spirituele ervarings” (Kruger & Van der Merwe, 2015:650-651).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die kerk word nie meer as outoritêre gesagsbron beskou nie en speel nie meer ‘n radikale rol in die morele beginsels van die samelewing nie. Die gevolg hiervan is ‘n onsekere relativisme, aangesien konteks en voortvloeiende waardes belangriker word as Christelike riglyne. Die kerk se onderrig word getoets aan rasionele wetenskapskultuur en die gevolg is ‘n onsekerheid oor die geloofwaardigheid van die kerk se impak. Hierdie geloofwaardigheidskrisis lei, derdens, na die probleem van privatisering, soos Kruger en Van der Merwe (2015:651-652) debatteer:

> Fragmentasie en pluralisasie asook die geloofwaardigheidskrisis wat godsdiens moet trotseer, het ’n subjektiverende effek wat die fondasie lê vir die psigolisering en privatisering van die godsdiens. Sekularisasie dwing godsdiens (ook die Christelike geloof) na die private sfere van die samelewing, aangesien dit as ’n persoonlike voorkeur geag word.

Sekularisasie maak dat mense meer en meer oor geloof begin dink as ‘n private aangeleentheid. Die kerk is uitgelewer aan hierdie ‘privatisering’ van geloof en oorgelewer aan die individu se voorkeur. In reaksie op die privatisering van geloof, poog die kerk dikwels om toepaslik te bly. Die gevolg is dat die tradisionele aanbiddingsruimte van veral die NG Kerk baie verander het. Hierdie veranderlike ruimtes weerspieël, volgens Kruger en Van der Merwe (2015:652), weerspieël hierdie veranderde ruimtes eensydiger spiritualiteit wat “veranderings in die godsdienstige byeenkomste (in die liturgie en die prediking), in die pastoraat en apostolaat” verteenwoordig. Alhoewel liefde en respek hierdie veranderings aandryf, is Kruger en Van der Merwe (2015:652) tog besorg oor die impak op die tradisionele kerk-identiteit.

Sekularisasie het egter duidelik ‘n groot impak op die kerk as geheel. Alhoewel Christenskap nie noodwendig kwyn nie, is daar ‘n duidelik soeke na God buite die kerk. Die kerk se uitdaging is om in hierdie veranderende konteks toepaslik te wees, maar steeds aan die gereformeerde karakter van die kerk getrou te bly. Osmer (1990:29) beskryf die impak van sekularisasie, soos volg: *[The] greater the inroads of secularization, the less the potency of the church*. Osmer (1990:3) voer verder aan dat die hoofstroom Protestantse kerke in Amerika, as die kern van impak en mag in Amerika verplaas is. Osmer (1990:29) verloor egter nie hoop nie en glo dat die sekularisasie self ‘n krisis beleef: dat die ideologie van onbeperkte wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang besig is om skipbreuk te lei. Sekularisasie slaag nie daarin

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om die moderne mens se vrae aan te spreek nie en baie mense bevind hulle emosioneel op ‘n plek van eensaamheid en angstigheid.

Beide postmodernisme en sekularisme se impak op die simboliese naald van die kompas is enorm. Waar postmodernisme kennis bevraagteken, bevraagteken sekularisasie God se rol in die sosiale orde van die moderne mens se lewe. Die derde kragveld is egter meer uniek aan Suid-Afrika as baie ander Westerse lande; die impak daarvan maak ons situasie nog meer kompleks. Die derde kragveld is die van postkolonialisme, of anders gestel die soeke na dekolonisering in Suid-Afrika.

5.3.3 Postkolonialisme

Alhoewel die laaste twee kragvelde opsigself reuse-uitdagings bied, is dit veral die kragveld van postkolonialisme wat die uitdaging in Suid-Afrika baie kompliseer. In Hoofstuk 2 is drie prakties-teologiese kriteria bepaal vir hierdie studie: ‘n bevrydende, kontekstuele en pastorale beskouing. Die toepaslikheid van al drie die kriteria kom in hierdie afdeling aan die lig, aangesien postkolonialisme in wese oor bevryding gaan, baie kontekstueel is en so benader moet word dat dit die sensitiwiteit vir die gebruik van die woord moet verreken. Inleidend sal gepoog word om die term te definieer, waarna verskillende strome in die paradigma aandag sal geniet. In hierdie verband vat ek simbolies hande met twee Suid-Afrikaanse reisgenote: Ian Nell en Piet Naude. Beide is veral geïnteresseerd in die soeke na toepaslike kennis en die oordra daarvan in die postkoloniale konteks.

Tydens Ian Nell (2018) se intreerede as professor aan Universiteit Stellenbosch, is die volgende aanhaling aangebied as inleiding tot sy aanbieding:

> *During the night of 04 April 2016 a small drama was enacted in the passages of the Faculty of Theology at Stellenbosch University. In the early hours of the morning, students removed the class photos of previous years in the passages of the building, placed them on the floor, and in some instances rearranged them. Those of us who arrived there early in the morning to lecture stopped dead in our tracks …*
>
> *Various activities related to the removal and rearrangement of the photos can serve as markers and may help to interpret these events. On the walls where the photos once were, posters were arranged with the*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *following expressions: 'Black pain – White gender men – Violent space – Non-representation – Lack of transformation', these can all be regarded as examples of what Shay and Peseta (2016) call 'misrecognition and misrepresentation'. The following day, the dean received an e-mail from a group of students who introduced themselves as the 'Black Theologians Collective'. The e-mail was sent to all our colleagues, and I quote the following passage from it:*
>
> *As the Black Theologians Collective, we want to make it clear that we have come together as Black students because we are tired of this place's attempt to silence the Black Poor Voice. The Theology Faculty of University Stellenbosch through the Dutch Reformed Church still harbours Apartheid memorabilia in the Name of God, through practices and physical material. We understand that Apartheid was a point of privilege for White people only, but it was a pinnacle point of horror and it is still to this day, as we see it in the fact that Black people are still socially, economically and psychologically abused by White people and White Systems* (Nell, 2018:1).

Hierdie woorde, veral dié van die swart studente, verwoord iets van die kontekstuele uitdaging van Suid-Afrika. Die studente, volgens Nell (2018:1), het in hulle optrede iets probeer kommunikeer van 'n gevoel van 'nie behoort nie'. Hulle het die teologiese fakulteit van Stellenbosch ervaar as 'n ruimte van sosiale, ekonomiese en fisieke uitsluiting, daarom 'n ruimte van ongeregtigheid. Dit was nie net die simbole en ontwerp van die geboue wat die gevoel van *not belonging* gevestig het nie, maar veral ook die praktyke, leierskap en kurrikulum van die fakulteit. Vanuit die optrede van die studente, formuleer Nell (2018:20) die volgende vraag, wat ek redeneer toepaslik vir ons soeke na gereformeerde onderrig is, ten opsigte van roeping en lidmaatbemagtiging:

> *The experience and actions of the students place the spotlight on a few questions that demand further reflection and thought: What does it mean to belong? Who is this 'we' who want to belong? To '(W)whom' do we belong? And how is justice done in a context in which there is a search for healing and human dignity? Focused on the subject field for which I am responsible at the Faculty of Theology, I would like to raise the*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

question as follows: How do we, as practical theologians, work together as colleagues to help create such spaces of human dignity in the training of students who are busy preparing for ministry practice in a postcolonial African context in which they experience belonging?

Hierdie studie is soortgelyk op soek na gereformeerde riglyne om hierdie vraag oor 'wie ons is' deur:

- toerusting wat in konteks van postmodernisme plaasvind, kennis bevraagteken;
- sekularisasie wat God se rol bevraagteken; en
- postkolonialisme wat die Westerse stelsels van die hede en verlede bevraagteken.

Piet Naude (2017a) ondersoek hierdie soeke na kennis op 'n etiese vlak[247] en verwys na die #FeesMustFall-beweging wat tussen 2015-2017 'n reuse-impak op die politieke atmosfeer in Suid-Afrika gehad het. Die studente het nie net aanspraak gemaak op die afskaffing van fooie nie, maar veral op die einde van koloniale stelsels in die onderrigstelsel in Suid-Afrika. Hierdie soeke na gedekoloniseerde kennis is volgens Naude (2017a:1) nie uniek aan Suid-Afrika nie, maar is 'n fenomeen in verskeie lande, voorheen onderdruk deur Westerse kolonisering.[248]

Om vir 'n wyle hier stil te staan en te soek na 'n definisie van 'postkolonialisme' en 'dekolonisering' is dalk nodig. Nell (2018:2) verwys na 'n toepaslike beeld om postkolonialisme te verduidelik: De Gruchy & Chirongoma (in Mannion & Mudge, 2007:293) gebruik die beeld van die vier elemente van grond, water, vuur en wind om die huidige konteks van kerke in Afrika te verduidelik, 'n konteks wat as postkoloniaal beskryf kan word. Die vier elemente werk saam, soos volg:

- 'Grond' verwys na die lang geskiedenis van die antieke kerk in Afrika, waarin die antieke Mediterreense wêreld 'n groot rol gespeel het. Die idee dat Christenskap deur die Westerse wêreld na Afrika gebring is, is nie noodwendig akkuraat nie. Verder verwys die grondelement ook na die geleefde wêreld van

[247] Die gedagte is om later in die hoofstuk dieper in te gaan in Naude (2017a) se ondersoek.

[248] *For example, the Center of Study and Investigation for Decolonial Dialogue from Barcelona (Spain) explains its decolonising effort as follows: 'A basic assumption of the project takes knowledge-making, since the European Renaissance, as a fundamental aspect of coloniality—the process of domination and exploitation of the Capitalist/Patriarchal/Imperial Western Metropolis over the rest of the world'. This coloniality 'denies the epistemic diversity of the world and pretends to be mono-epistemic'* (Naude, 2017a:1).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mense wat in Afrika deel van die kerk word. Hulle is in wese Afrikane[249] en hulle geleefde kultuur en tradisies word beskou as die grond waarin Afrika-godsdiens gewortel is (2007:294).

- 'Water' is simbolies vir die skepe waarop die Europese setlaars na Afrika gekom het. Saam met die skepe het die invloede van die kolonialiste en sendelinge aangekom en begin om die landskap van Afrika se godsdienste te kolonialiseer.
- 'Vuur' staan vir die uitdagings van die huidige generasie Christene wat moet veg om van die koloniale kultuur van die Afrika-godsdienservaring vry te kom. Die vuur simboliseer kerkleiers en lidmate se passie om 'n outentieke Afrika-geloofservaring te vestig.
- Laastens is 'wind' sprekend van die werking van die Heilige Gees wat die kerk in Afrika lei om God, ingevolge die *Missio Dei*, te ontdek. God is besig om deur die werk van die Gees, mense toe te rus en te inspireer om agente van verandering in Afrika te wees.

In hierdie elemente word die wese van postkolonialisme saamgevat, namens die soeke na die verwydering van koloniale invloede om sodoende 'n eg Afrika-godsdiens te skep, eie aan die ervaring van alle Afrikane. Veral deur die werke van Sugirtharajah (2006) en Lartey (2013) vind postkolonialisme 'n toepaslike definisie vir die konteks van Afrika. Van der Walt en Vorster (2017:114) verwoord Sugirtharajah (2006) se definisie, soos volg:

> *[The] hyphenated form 'post-colonial' denotes the historical period where previously colonised societies regained freedom from colonial rule while the unhyphenated form refers to a dialogical response to knowledge systems imposed during the colonial period.*

Nell (2018:2) verwys soortgelyk na Lartey (2013) se begrip van postkolonialisme:

> *According to him, in the field of religion and faith, the term is mainly used as a way of investigation, a specific perspective, even a new way of living that presupposes a critical mindset and that points out injustice. In this*

[249] Die Engelse terme *Africans* kom neer op 'Afrikaner'. 'Afrikaner' verwys in Suid-Afrika tradisioneel na wit Afrikaners wat Afrikaans praat. Ter wille van duidelikheid gebruik ek swart Afrikane om na inheemse Afrika-inwoners te verwys, terwyl ek wit Afrikaner sal gebruik om na die tradisioneel Afrikaansprekende inwoners van die land te verwys.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *regard, he concurs with Said (1991:28), who articulates this mindset as 'life-enhancing and constitutively opposed to every form of tyranny, domination and abuse, its social goals are non-coercive knowledge produced in the interests of human freedom'. The latter is not a simple task* (Lartey, 2013).

Uit die beeld van die vier elemente, sowel as Lartey (2013) en Sugirtharajah (2006) se bydraes, kan postkolonialisme as die fase ná die tydperk van kolonialisme beskou word. Dekolonialisering kan as die proses beskou word waardeur die omgewing van kolonialisme bevry word deur die verwydering van koloniale onderdrukking, ongeregtigheid en stelsels wat eenheid en samewerking aftakel. Deel van hierdie proses is die soeke na veral kennis, nie net op Westerse wetenskaplike goedkeuring gebaseer nie. Naude (2017a:1) redeneer dat die sterk fokus op Westerse kennistradisie die norm geword het vir alle kennis en dat dit 'n reduksie in epistemologiese diversiteit teweeg gebring het.

Om na De Gruchy en Chirongoma se vier elemente terug te keer, is die fokus van die volgende afdeling. Om dieper in die kompleksiteit van die dekoloniserende proses te delf, is nodig om die impak daarvan op die roeping van gereformeerde lidmate te verstaan. Die vier elemente bied 'n kreatiewe raamwerk om verskeie kante van die kompleksiteit te bespreek. In ons soeke na 'n beskrywing van die onbekende bos, is hierdie vier elemente ook sinvol. Dat grond, water, vuur en wind alles deel is van die bos, is vanselfsprekend; daarom ook gepas vir hierdie soeke na toepaslikheid.

Die volgende vier afdelings sal aangebied word, soos volg:

- Grond: Die tradisionele soeke na Afrika-godsdiens en kennis.
- Water: Wit Afrikaner-nasionalisme.
- Vuur: Dekolonisering in die konteks van swartbemagtiging (BEE), *Black Lives Matter* (Head, 2020) en die sosiale, politieke en ekonomiese uitdagings van ons land.
- Wind: 'n Soeke na die leiding van die Gees.

Alhoewel al vier elemente wyd bespreek kan word, word elk net kortliks bespreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.3.3.1 Grond: Die tradisionele soeke na Afrika-godsdiens en kennis

In Nelson Mandela se bekende outobiografie verwys hy na die woorde van Chief Albert Luthuli in 1952:

> *Who will deny that thirty years of my life have been spent knocking in vain, patiently, moderately and modestly at a closed and barred door?* (Mandela, 1994:143).

Iets van sy woorde resoneer in die woorde van die studente wat die foto's uit die teologiese fakulteit van Stellenbosch verwyder het; in die aansprake van die #FeesMustFall-veldtog van 2015-2017. Vir meer as 300 jaar het kolonialiste, wat hulle 'baas' sou word, swart Afrikane onderdruk.[250] Deel van die kreet van die swart Afrikane is dat hulle identiteit herstel moet word en dat hulle van die historiese mag van diegene van buite Afrika, wat hulle identiteit kom steel het, bevry moet word.

Wêreldwyd word 'n soortgelyke vuur gestook deur die #BLM-beweging. Dié beweging se ontstaan in Amerika is nie hier toepaslik nie, maar dat dit 'n ernstige debat oor rassegelykheid in Suid-Afrika aangevuur het, is van groot waarde.[251]

Weereens is 'n verwysing van Mandela (1994:174) sinvol om hierdie kreet te verwoord. In 1955 is die Vryheidsmanifes deur die ANC aanvaar tydens die eerste *Congress of the People*-samekoms in Johannesburg. Die woorde daarvan resoneer met die huidige gesprek:

> *We, the people of South Africa, declare for all our country and the world to know: – That South Africa belongs to all who live in it, black and white, and that no government can justly claim authority unless it is based on the will of the people; That our people have been robbed of their birthright to land, liberty and peace by a form of government founded on injustice and inequality; That our country will never be prosperous or free until all our people live in brotherhood, enjoying equal rights and opportunities; That only a democratic state, based on the will of the people, can secure to all their birthright without distinction of colour, race, sex or belief; And therefore, we, the people of South Africa, black and white, together –*

[250] Vergelyk Mandela (1994:111).

[251] Vergelyk Head (2020) – die artikel handel oor die vryheid van Suid-Afrikaanse rugbyspelers wat weier om die knie te buig in ondersteuning van die wêreldwye beweging.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *equals, countrymen and brothers – adopt this FREEDOM CHARTER. And we pledge ourselves to strive together, sparing nothing of our strength and courage, until the democratic changes here set out have been won* (Mandela, 1994:174).

Hierdie manifes verwoord steeds iets van die soeke na vrye identiteit in hedendaagse Suid-Afrika; in wese deel van die dekolonisasie-proses. Toepaslik in hierdie verband, is Lartey (2013:3) se verwysing na die Josef-projek,[252] wat in 2007 in Ghana gevier is. Die dokument noem die volgende:

> *After more than 400 years of slave trading, colonial exploitation, cultural and economic and postcolonial political manipulation much of Africa is a wasteland of woes and war. The African peoples everywhere have been taught to be self-loathing, to see everything African as negative: Taught to believe that Africa is a definition of failure and ugliness. The time has come to put an end to the negative and begin the positive. The time has come for us to till our own vineyard; to produce inner and outer wealth for ourselves. The time has come for us to stand and state, 'I am a proud African, proud of my land, proud of my people, committed to making the third millennium the African millennium.'*

Die beeld van die grond hou verband met die ernstige soeke van swart Afrikane om te onthou wie hulle is; hulle strewe na 'n nuwe identiteit. Opvallend is dat die kerke in Ghana nie die projek georganiseer het nie, maar die staat. Lartey (2013:3) voer aan dat die kerk in Ghana skitter in hulle afwesigheid en vasgevang is in die praktyke en dogmas van koloniale teologie. Dus, nie die kerk nie, maar diegene buite die kerk, soek na die werking van God in 'n postkoloniale konteks. Om die seer te onthou en op 'n diep, pastorale vlak verby dit te beweeg, was die uitkomste van die projek.

Wie swart Afrikane is, hul geskiedenis, kan nie losgemaak word van die rol wat die vestiging van die Christelike op Afrika gehad het nie. Die grond verwys, soos reeds genoem, spesifiek na die rol van die kerk in Afrika in die vroeë getuienistaak van die

---

[252] *The Joseph Project is a code name for a series of activities, actions and interactions being spearheaded by Ghana to re-establish the 'African Nation' as a nation for all Africans, capable of delivering on the promise of God to Africa and the African people. Utilizing the image of the biblical Joseph, sold into slavery by his own brothers and then rising to become Chief Minister in the land of his captivity after years of harrowing pain, imprisonment and suffering, the initiators of the Joseph Project view the relationship between continental and Diasporan Africans in terms similar to that of the biblical story* (Lartey, 2013:2-3).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kerk. Hier het die kerk in Etiopië en Egipte ‘n belangrike rol gespeel; daarom is baie kerke wat tydens kolonialisme onafhanklik gestig is, vernoem na die Etiopiese kerk, om sodoende hulle onafhanklikheid van die Westerse kerk te bevestig.

Die kerk in Afrika sou vandag steeds dieselfde rol kan speel as in die verlede; as draers van versoening en vryspraak kan die kerk ‘n groot rol in die herstel van die wonde van kolonialisme speel. Carney (2010:549) redeneer dat die hart van kontemporêre Afrika Christen-teologie om die idee van versoening draai; dat hierdie gedagte nie ontstaan het in die akademie nie, maar in die daaglikse lewens van mense. Die kerk kan en behoort, soos in die verlede, as die transformerende agent in die sosiale konteks van Afrika op te tree. Nell (2018:3) voer aan dat die hoofstroom kerke in Afrika ‘n groot rol kan speel, veral ten opsigte van die leer en onderrig van studente.

Een van die groot gevare in die verband, is om namens inheemse Afrikane te praat, asof wit mense en die wit kerk verstaan wat dit beteken om na eg-Afrika-identiteit op soek te wees. Nell (2018:3) verwys hierna, soos volg:

> *The latter entail, among others, the fact that white people may not speak on behalf of other people and groups, although one might modestly want to contribute to the recognition of colonial structures and the abuse of power to advance certain groups.*

Hierdie studie wil ook nie voorgee dat dit weet wat Afrika-identiteit beteken nie. Dit wil egter te kenne gee dat die inheemse kultuur deel is van die grondelement; dat die kerk deur die eeue, ook vandag, ‘n groot draer is van wat dit beteken om ‘n Afrika-Christen te wees. Ten slotte kan te kenne gegee word dat die lang tydperk van onderdrukking in veral Suid-Afrika, veroorsaak dat die identiteit, wat die grondelement verteenwoordig, onseker is. Adebajo (2016) verwys na Mbeki se oproep tot Afrikane:

> *Mbeki urged Africans to adapt democracy to fit their own specific conditions without compromising its principles of representation and accountability. He further challenged them to discover a sense of their own self-confidence. This, after centuries of slavery and colonialism which had systematically denigrated their cultures and subjugated their institutions to alien rule.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ek sluit die beeld van grond en ‘n soeke na Afrika-identiteit af deur ‘n toepaslike artikel van Ekpo (in Galloway, 2017):

> *While the champions of decolonisation and Africanisation are sincerely fighting to free Africa and the mind of the African from unwanted legacies of the colonial past and for the right to articulate an indigenous African code of knowledge, they could be unconsciously working towards results that could be harmful to Africa …*
>
> *The modern African mind is held hostage to two forces from the past; one is the inherited traditions and worldviews of our ancestors, the other is subsisting anti-colonial paranoia. These legacies continue to determine how Africa sees itself, how it thinks and acts, and how it interprets the modern world.*

Ek verwys op ‘n latere stadium na Ekpo se verdere bydrae in die verband. Tog is dit waardevol om te verstaan dat die simboliese soeke na grond ‘n komplekse, uitdagende en emosionele proses is. As reisigers op die pad deur die oerwoud, is dit nodig om kennis te neem van die diepe identiteit van tradisionele Afrika; die begeerte om iets van dié identiteit te herstel. Baie begrip, deernis en gebed is nodig in die soeke na hierdie eerste element. Dit bring ons by die tweede element, die worsteling van wit Afrikaners om as tradisionele kolonialiste, ‘n nuwe identiteit in ‘n demokratiese land te vind.

5.3.3.2 Water: Afrikaner-nasionalisme

Die tweede element wat help om postkolonialisme te definieer, is die simboliese gebruik van water as die beskrywing van kolonialiste, in die spesifieke konteks die wit Afrikaner, soos Mandela (1994:111) dit stel:

> *Malan’s platform was known as apartheid. Apartheid was a new term but an old idea. It literally means ‘apartness’, and it represented the codification in one oppressive system of all the laws and regulations that had kept Africans in an inferior position to whites for centuries. What had been more or less de facto was to become relentlessly de jure. The often haphazard segregation of the past three hundred years was to be consolidated into a monolithic system that was diabolical in its detail, inescapable in its reach and overwhelming in its power. The premise of*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *apartheid was that whites were superior to Africans, Coloureds and Indians, and the function of it was to entrench white supremacy for ever. As the Nationalists put it, 'Die wit man moet altyd baas wees' ('The white man must always remain boss'). Their platform rested on the term: baasskap, literally 'boss-ship', a loaded word that stood for white supremacy in all its harshness. The policy was supported by the Dutch Reformed Church, which furnished apartheid with its religious underpinnings by suggesting that Afrikaners were God's chosen people and that blacks were a subservient species. In the Afrikaner's world view, apartheid and the church went hand in hand.*

Die doel van hierdie afdeling is nie om 'n in-diepte historiese oorsig oor die opkoms en val van Afrikaner-nasionalisme onder die leiding van die Nasionale Party se apartheidsbeleid te gee nie.[253] Die strewe is om iets van die uitdaging te verstaan wat wit Afrikaners weens hulle geskiedenis in die land ervaar, as't ware die hoed wat hulle dra as hulle die onbekende oerwoud instap. Dat die NG Kerk as draer en regverdiger van apartheid beskou word, soos Mandela hierbo na verwys, is 'n gegewe.[254] Die kerk se verskeie pogings tot versoening en erkenning van skuld, is goed gedokumenteer. So, byvoorbeeld, is die kerk tydens die NG Kerk-sinode Wes- en Suid-Kaapland in 2007 te Goudini deur sekere afgevaardigdes herinner aan die feit dat die NG Kerk al voorheen aan almal verskoning gevra het vir sy ondersteuning van apartheid, maar nog nie aan sy eie lidmate nie. Die gevolg was 'n dokument getiteld, *Die NG Kerk en Apartheid,* wat die Moderamen van Wes- en Suid-Kaapland in 2013 opgestel het (NGKSA, 2013).

Twee sake wat in die dokument geopper word, is toepaslik. Die eerste is die impak van die beleid op die wit Afrikaner self. Betekenisvol is die verwysing na die geloofskrisis waarmee baie NG Kerk-lidmate mee geworstel het ná die einde van apartheid. Hulle ervaring was dat die kerk hulle teologies mislei het, daarom is hulle vervreem van hulle geestelike huis en

[253] Hiervoor kan *Who's Got the Map? The Negotiation of Afrikaner Identities in Postapartheid South Africa* (Vestergaard, 2001) genader word.

[254] Ek is wel bewus van die feit dat baie leiers, predikante en lidmate nie apartheid ondersteun het nie; juis hard teen die Bybelse regverdiging van die beleid geveg het. Vergelyk ook NGKSA (2013) in die verband.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> die dwaling van die kerk het dus ernstige negatiewe gevolge ingehou vir mense se verhouding met God, vir gelowiges se verbondenheid aan die geloofsgemeenskap en vir die geloofwaardigheid van die Evangelie (NGKSA, 2013:1-2).

In hierdie verband is dit nodig om weer na een van die prakties-teologiese bakens op hierdie reis te verwys: die diepliggende pastorale karakter van die gesprek oor postkolonialisme. Baie wit Suid-Afrikaners het in die aftakelingsproses van apartheid ernstig seergekry. Wit Afrikaners het in ‘n baie kort tyd verander van bevoordeeldes na diegene wat radikale veranderinge moes aanvaar; wat hulle werk verloor het; wat voordelige posisies moes prysgee. Baie wit jongmense beleef diskriminasie wat betref studiegeleenthede en die toekenning van beurse en werksgeleenthede word meestal beperk tot ander rasgroepe en

> in die staatsdiens is kundigheid dikwels prysgegee ter wille van regstelling[,] met skadelike gevolge vir mense van alle rasse in ons land. Standaarde van dienslewering in skole, hospitale en ander staatsinstellings het gevolglik op talle plekke onder druk gekom (NGKSA, 2013:2).

Die artikel (NGKSA, 2013:2) beskryf die NG Kerk se betrokkenheid by apartheid dinamies; daarom is dit sinvol om direk daarna te verwys:

Die kerk het gekies om hom eerder te laat lei en beïnvloed deur:

- sy intieme verhouding met die Afrikanervolk;
- die stryd van Afrikaners om politieke en ekonomiese mag in Suid-Afrika te verkry ná Britse kolonialisme;
- die lees van die Bybel deur die bril van volksbelang, ’n onbybelse mensbeskouing en gevolglik ’n misverstaan van die gelyke posisie van mense voor God;
- aannames oor die inherente verskille tussen mense en die andersheid en minderwaardigheid van swart mense;
- ’n kerkbegrip wat nie met die eise van die Skrif oor eenheid, geregtigheid en versoening rekening gehou het nie;
- aannames wat nie met die eise van die Bybel vir eenheid, geregtigheid en versoening in die samelewing rekening gehou het nie;

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- afskeiding van ander kerke, sodat die Skrif al meer in isolasie gelees is;
- dat ons denke oor God nie radikaal genoeg Christelik was nie, daarom het ons nie die diepte van God se liefde en genade vir ons en die omvang van Christus se verlossing en erns van sy aanspraak op ons totale lewens besef het nie.
- Die NG Kerk het dus groot foute gemaak deur die Bybel deur die bril van eie belang te lees.

Hierdie belydenis, tesame met die verwysing na die seer van die lidmate van die kerk, lei ons na die tweede toepaslike deel van die artikel: die strewe van die kerk om ‘n radikale bydrae tot die herstel van die foute van die verlede te lewer. Die NG Kerk, deur hierdie brief, bevestig dat hulle in die roeping van die kerk glo om in Christus deel aan die heling van die land te neem. Die heling sluit in die “fokus op die eenheid van die kerk, versoening tussen mense en die najaag van geregtigheid vir al God se mense” (NGKSA, 2013:3). Die kerk beklemtoon as’t ware, kragtens die beeld van hierdie studie, dat hulle glo dat die onbekende oerwoud betree moet word, want juis in die onbekende vind heling plaas. Dat die kerk aansluit by die drie oorkoepelende roepingstake van die Belhar-belydenis moet beklemtoon word, sonder om enigsins daarna te verwys. Dat die NG Kerk verbind is tot die proses van heling is noodsaaklik vir hierdie studie.

As die kerk dus hulle rol in die soeke na wit Afrikaner-nasionalisme as verkeerd bely, op soek na heling, wat staan in die pad van radikale betrokkenheid? Vestergaard (2001:19) wys daarop dat, alhoewel baie uitdagings vir wit Afrikaners voorlê, baie wit Afrikaners nog steeds in veel beter omstandighede as die gemiddelde mens in Afrika lewe.[255] Alhoewel die artikel 18 jaar terug geskryf is, is deel van die postkoloniale gesprekke in die land juis hierop gefokus. Vestergaard (2001) verwys na twee strominge onder wit Afrikaners wat moontlik hierdie onbetrokkenheid verduidelik. Die strominge is aan die een kant heterodoks en aan die ander kant ortodoks. Die hetorodokse wit Afrikaners is bereid om die verandering in die sosiale konteks te aanvaar en saam te werk, terwyl ortodokse wit Afrikaners vashou aan die verlede en nie belangstel om die onreg van die verlede te herstel nie. Deel van hierdie studie is om later op empiriese vlak na die eienskappe te kyk wat maak dat sekere wit

[255] *Although major strides have been made towards equity in the middle class, little has changed at the economic extremes. For example, in the job market, 27.9 percent of black South Africans are unemployed compared to just 4.6 percent of whites* (Verwey & Quayle, 2012:556).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Afrikaners ernstig betrokke raak by die helingsprosesse van ons land, veral omdat hulle glo dat God hulle roep om dit te doen. Nou is dit nodig om sensitief te wees vir 'n term wat gebruik word om wit Afrikaners, veral die wat nie betrokke wil wees of verandering wil omarm nie, maar vashou aan wit Afrikaner-nasionalisme, te omskryf: Die term *whiteness* of in Afrikaans 'witheid' verwys veral na die strewe van wit Afrikaners om steeds 'n plek van outoriteit in demokratiese Suid-Afrika te behou, 'n houding wat Steyn en Foster (2008:26) beskryf, soos volg:

> *In this new context, the central question for whiteness, as the orientation which takes its privilege as normal and appropriate, can be put simply: how to maintain its advantages in a situation in which black people have legally and legitimately achieved political power.*

Steyn en Foster (2008:26)[256] redeneer dat verskeie navorsers aantoon dat wit Afrikaners die meeste worstel met die aanpassing na apartheid; dat hulle die groep is wat die meeste vasskop teen 'n nie-rassige georiënteerde sosiale samelewing. Die getal jongmense wat die land verlaat, nadat hulle tersiêre onderrig voltooi het, is kommerwekkend en 'n aanduiding van hierdie negatiwiteit. 'n Groot uitdaging vir wit Afrikaners is om 'n nuwe identiteit te vind, aangesien baie wit Afrikaners se identiteit gekoppel was aan die apartheid-tydperk, soos Verwey en Quayle (2012:572-573) aanvoer:

> *It is clear that, despite rejecting the system of apartheid, participants were actively recycling the ideologies and discourses of apartheid – and usually without hedging or defence. Their talk gave the impression of overtly rejecting apartheid discourse, but the key tenets of racist apartheid discourse were still central to their production of contemporary Afrikaner identity. The past, present, and future of Afrikaner identity against the backdrop of the demise of apartheid and Afrikaner nationalism, it is hardly surprising that Afrikaners (whose identity was and is intimately tied to Afrikaner nationalism) are involved in attempts to reconstruct their identity.*

[256] Vergelyk ook Verwey en Quayle (2012).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Deel van hierdie soeke na 'n nuwe identiteit[257] gaan gepaard met die onbewuste instandhouding van wit Afrikaner-identiteit, dikwels deur pogings om groepe om hulle te *fix*, om sodoende die strukture en mag van witheid in 'n postapartheid-konteks te verdiep (Steyn & Foster, 2008:27). Hierdie pogings word gevind in die wyse waarop wit Afrikaners dikwels praat, 'n gedagte bekend as *White Talk*, wat verwys na ou en nuwe maniere van rasspraak, aangesien dit moeiliker is om openlik oor transformasie en die duidelike uitdagings te praat. Steyn en Foster (2008:46) verduidelik, soos volg:

> *It is more difficult to express open opposition to transformation, or to dismiss notions such as non-racism and democracy and still hold the moral high ground when in the presence of the 'other' who is now empowered to talk back. Face-presentation has never before been a factor for white South Africans within the borders of the country, but now many are learning to hone the skills of prolonging inequities without openly owning supremacist positions.*[258]

Dit raak duidelik dat, alhoewel die NG Kerk, tesame met baie wit Afrikaners, opreg op soek is na prosesse om heling in die land te ondersteun, daar 'n ortodokse stroom is wat witheid meer subtiel aan die gang hou. *White Talk* is 'n verskynsel wat hierdie proses aanvuur en die poging van baie wit Afrikaners verskuil om die mag en sosiale strukture van die tradisionele wit Afrikaner-nasionalisme in stand te hou en selfs te versterk. Dat die wit Afrikaner 'n identiteitskrisis beleef, is aangespreek. Vestergaard (2001:38) ondersteun hierdie krisis deur op 'n pastorale vlak aan te dui dat wit Afrikaners, vir of teen verandering, ernstige ontnugtering beleef. Die uitdaging is egter om 'n eg Suid-Afrikaanse identiteit te vind wat tot die heling van die hele land bydra.

Water simboliseer in die verband die aankoms, vestiging en oorlewing van die wit Afrikaner in Suid-Afrika. Kritzinger (1991:65) help om ons toekomstige uitdaging as inwoners van die land in konteks te plaas:

---

[257] Van Wyngaard (2016:7) beskryf deel van die identiteitskrisis- probleem, soos volg: *Much has been written about hidden practices which recenter whiteness, language and habits which reproduce the assumption that whiteness is the norm against which everything else needs to be evaluated. Various parts of the language on diversity discussed above seem to repeat this phenomenon. These rhetorical strategies fall into the habit of speaking about how 'they' differ from 'us', focussing primarily on 'them'. 'We' should develop strategies to better understand 'them', not ourselves, and difference is always measured from the perspective of this dominant position. In this way whiteness remain unexamined, and the problem of race remain outside of white identities, something which we can look towards as innocent bystanders.*

[258] Vergelyk ook Verwey en Quayle (2012:573).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> Ons staan voor ‘n oomblik van waarheid vir ons wit bestaan in Afrika. Ons kan terug vlug in ons wit laer en solank as moontlik ons pad probeer oopskiet, of ons kan onsself blootstel aan die ander mense van Afrika en deel word van die stryd om ‘n demokratiese en nie[-]rassige toekoms. Langs dié weg kan ons dalk een dag met reg wit Afrikane genoem word.

Dat daar foute in die verlede gemaak is, is duidelik; dat daar teenkanting is, is kommerwekkend, maar dat daar hoop in die worstelinge van so baie wit Afrikaners, eg op soek na heling is, is bemoedigend. Saam met Kritzinger (1991:65) is dit my oortuiging dat ons op ‘n pad van bekering is; ‘n pad waar ons die onbekende nie as ‘baas’ aanpak nie, maar as medereisiger.

5.3.3.3 Vuur: Dekolonisering in die konteks van sosiale, politieke en ekonomiese uitdagings van ons land

Terwyl hierdie deel oor vuur as derde element vir postkolonialisme oordink word, brand die vure van betogings letterlik in Suid-Afrika. [259] Sowat ‘n maand voor die nasionale verkiesings van 2019, is die land letterlik aan die brand gesteek met busse, bande en enige vlambare item, wat die ongelukkigheid van baie inwoners van die land sigbaar kon maak.

Op persoonlike vlak getuig ek as navorser van my eie ervaring in die verband, aangesien Vredenburg, wat deel uitmaak van die spesifieke konteks wat in die volgende hoofstuk bespreek word, so paar maande gelede self aan die brand was as gevolg van betogings oor dienslewering. In dié geval was die brandskade erg met selfs ‘n kliniek en slaghuis in die omgewing afgebrand. Opvallend was die reaksie van veral die wit Afrikaners in die omgewing; wydverspreide spanning, vrees en onsekerheid het sosiale media oorheers.

Alhoewel De Gruchy en Chirongoma (2007:299) se verwysing na vuur eerder verwys na konflikvure wat gebrand het – oor ekklesiologiese verskille oor leierskap, menslike voorspoed, geregtigheid en kulturele respek, is dit steeds behulpsaam om die beeld as simbolies te gebruik vir die vure wat tans in die Suid-Afrikaanse politieke konteks brand. Ekpo (in Galloway, 2017) verwys na die #RhodesMustFall-gebeurtenis en

[259] Vergelyk *News24* (JMPD starting to make arrests over service delivery protests, 2019).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verbind dit aan ‘n groter soeke na die dekolonisering van akademiese en sosiale politiek:

> *In South Africa, the debate which has been simmering since the end of apartheid, has flared up and is still occupying centre stage not only in academic politics but in the students’ rebellion. The Rhodes Must Fall movement exemplifies the intensity and urgency of the call for decolonised academic and cultural politics in South Africa … ‘Rhodes must fall is not an isolated incident but could be considered part of a worldwide revolt against what is perceived as the imperialism of the western colonial code of knowledge,’ he continued.*

Ekpo se woorde gee dieper insig aan gebeure oor die laaste dekades in Suid-Afrika. Wanneer wit Suid-Afrikaners, as geroepenes van God, die onbekende betree, behoort hulle van ‘n dieper heersende stryd bewus te wees. Hierdie stryd is in wese ‘n stryd tussen twee nasies: aan die een kant wit Suid-Afrikaners; aan die ander kant, swart Suid-Afrikaners. In 1998 is hierdie onderskeid duidelik verwoord in ‘n toespraak wat Thabo Mbeki (in Ansell, 2010:4) gelewer het:

> *South Africa is a country of two nations … One … is white, relatively prosperous, regardless of gender or geographic dispersal. It has ready access to a developed economic, physical, educational, communication and other infrastructure … The second and larger nation of South Africa is black and poor, with the worst affected being women in the rural areas, the black rural population in general and the disabled. This nation lives under conditions of a grossly underdeveloped economic, physical, educational, communication and other infrastructure. It has virtually no possibility to exercise what in reality amounts to a theoretical right to equal opportunity.*

Baie het waarskynlik verander in die sowat 20 jaar, sedert Mbeki se toespraak. Vandag sou die stryd waarskynlik eerder beskryf kon word as ‘n stryd tussen Westerse oorheersing en ‘n dieper soeke na ware Afrika-identiteit.[260] Toepaslik egter is dat daar ‘n duidelike stryd aan die gang is en dat simboliese vure hoog brand. Hierdie vure

[260] Ek is hier sensitief vir die ontkenning van ander kultuurgroepe in Suid-Afrika se stryd. Die stryd van bruin Suid-Afrikaners en groepe, soos die Koisan, sou sodanig genoem kon word as voorbeelde (Khoi and San People Protest at the Johannesburg Stock Exchange, 2018).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

veroorsaak angs, spanning en onsekerheid en verskillende inwoners van die sogenaamde reënboognasie interpreteer dit waarskynlik verskillend. Persoonlike ervaring van hierdie vure sal bepaal word deur die plek van waaruit jy dit beskou. Suid-Afrikaners wat voordeel trek uit die historiese stelsels van ‘n koloniale, apartheid Suid-Afrika (hier word nie net verwys na wit Suid-Afrikaners nie), sal waarskynlik krities staan teenoor die misbruike van sosiale transformasie en die stelselmatige rassisme; dit selfs as *reverse apartheid* beskou (Ansell, 2010:21). Aan die ander kant is daar die meerderheid Suid-Afrikaners wat steeds worstel om die beloofde uitkomste van ‘n demokratiese Suid-Afrika te beleef. In hulle harte brand die regstellende vure steeds en wat hulle beleef is ‘n land waarin rassisme en apartheid slegs ‘n ander vorm en konteks aangeneem het (Ansell, 2010:21). Hierdie bly ‘n magspel, gedryf deur verskillende agendas en verskillende ideale oor hoe ’n postapartheid-Suid-Afrika behoort te lyk. Ekpo (in Galloway, 2017) staan wel krities teenoor die swart Afrikaan se benadering tot ‘n nuwe droom vir Afrika:

> *He pointed out strongly though that Post-Africanism is not a defence of colonisation ‘rather it is a pragmatic reconstruction of its meaning in the service of Africa’s post-colonial recovery of cultural health and creative initiative … Decolonisation of knowledge and institutions is essentially driven by a desire to get even with the oppressor and to avenge past wrongs,’ he continued … Rather than continue to blame imperialism for the ills of Africa, we should blame the anti-colonialist glass ceiling we have installed in our decolonialist minds. The colonisation we are trying to free our minds, knowledge and institutions from is no longer in the world but purely in our minds.*

Vir Ekpo (in Galloway, 2017) is die soeke na ‘n nuwe Afrika nie in die verlede nie, maar in die toekoms. Die uitdaging vir die swart Afrikaan is om oor nuwe moontlikhede te droom; moontlikhede, vry van die onderdrukking van die verlede, wat die potensiaal van Afrika ontsluit. Ansell (2010:22) help om hierdie droom te verwesenlik en verwys na die ‘roeping’ van diegene wat tot nuwe moontlikhede verbind is:

> *As the struggle to forge a new post-apartheid hegemonic racial order proceeds, it is the task of those committed to a society of diminished racial inequities to examine the production and defence of new racial*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ideologies that freshly articulate with the challenges and dilemmas of the new order.

Dit bring ons by die laaste gedeelte van hierdie hoofstuk.

- Hoe behoort ons as kerk, as ‘n instansie, wat hopelik saam oor nuwe moontlike vir ‘n postapartheid-Suid-Afrika droom, te reageer wanneer ons die onbekende pad aandurf?
- Die grond, water en vure is geïdentifiseer, maar wat behels die wind?

5.3.3.4 Wind: ‘n Soeke na die leiding van die Gees

Wind verwys na ‘n sterk fokus op die Trinitariese God en die leiding van die Gees. Dit beteken dat ons geroep word om priesterlik te luister en vra vir die vermoë van wit Suid-Afrikaners om waarlik na die Gees te luister, maar ook na ons landgenote, om soms net stil te bly en saam met hulle soekend te wees. Ons rol in die onbekende is nie om antwoorde te gee, of mag te soek, of leiding te bied nie, maar om te beweeg. Om die hand uit te steek en waarlik te luister. Dit vra dat ons bereid sal wees om vanuit ons gemaksones te beweeg en luisterend ons roeping in die onbekende uit te leef. Dit vra dat ons die grond (die worsteling van swart Afrikane), water (ons kolonialistiese geskiedenis) en vuur (die konflik in ons postapartheid-konteks) sal verreken en erken dat ons nie antwoorde in hierdie komplekse tyd het nie. Wat ons wel het, is God as die Een wat roep; wat self aan die werk is deur die *Missio Dei* en wat ons uitnooi om saam met ander te wandel op soek na hoop in ‘n land van simboliese vuur, rook en duisternis.

Hoofstuk 4 was ‘n poging om roeping te definieer; deel daarvan was ‘n begeerte om saam met God te beweeg. Hierdie begeerte verwoord ‘n diepe behoefte om vertroue in God en Sy Koninkryk bo ons eie sekulêre behoeftes te plaas. Wind verwoord iets van hierdie behoefte om ten spyte van die kompleksiteit van ons land, ons vertroue in God te plaas en saam as inwoners van postapartheid-Suid-Afrika na ‘n nuwe, God-gesentreerde realiteit te soek. Nell (2018:7) verwoord hierdie soeke, soos volg:

> *If, however, we work with the conviction that Christ’s incarnation heals and repairs our mutual connection with one another, there is the challenge to acquire and practise a spirituality of priestly listening. This form of listening is based on a spirit of attendance with full attention to people’s experience of pain and suffering in the presence of God.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *Therefore, it also urges us to investigate all forms of alienation and to work together for social cohesion.*

Aangesien hierdie gedagte van geesvervulde luister reeds in die studie bespreek is, volstaan ek by hierdie opsommende gedeelte oor wind. Wind simboliseer ons sensitiwiteit tot God se werking in ‘n uitdagende konteks. God roep ons in hierdie konteks – en vir my bly hierdie ons uitdaging – om bereid te wees om ten spyte van vrese, onsekerhede en twyfel die wind te volg.

5.4 Samevatting

In Hoofstuk 4 is God as die een wat ons roep beskryf. Deur God se roepstem ervaar ons ‘n begeerte om aan die werking van die Triniteit deel te neem. Hierdie begeerte is iets wat vanuit ‘n intieme verhouding met God ontstaan, versterk deur liturgiese oomblikke en onderrig. Vanuit hierdie onderrig word ons bewus van die *Missio Dei* en kan ons nie anders as om van ‘n onbekende wêreld waarheen ons geroep word kennis te neem nie. Hoofstuk 5 beskryf hierdie wêreld as vreemd en vol uitdagings. Selfs ‘n simboliese kompas is nie werklik behulpsaam nie en word beïnvloed deur eksterne kragte wat die magnetiese Noord onbetroubaar maak. As ons waarlik die kompas wil vertrou, sal ons bewus moet wees van die magte wat op ons rigtinggewende instrument inspeel. Hierdie kragte het nie een enkele, primêre bron nie, maar ‘n verskeidenheid van bronne. Suid-Afrika is ‘n land van radikale veranderinge, daarom word die verskillende bronne deur een oorkoepelende term beskryf. Hierdie term, postapartheid-Suid-Afrika, moet as ‘n beskrywende term beskou word wat veelvoudige paradigmas beskryf. Hierdie paradigmas is, onder andere, beskryf as postmodernisme, sekularisasie en postkolonialisme. Elkeen van hierdie kragvelde se impak op ons kompas is uniek en dra by tot ons vrees om te reageer en die onbekende aan te durf. Veral die kerk se vermoë om in hierdie tye leiding te bied word bevraagteken. Hoe ons lidmate bemagtig om dinamies aan God se werking in die onbekende deel te neem, is uitdagend. Daarom is dit nodig dat ons van hierdie kragvelde bewus moet wees, sodat ons lidmate sinvol kan bemagtig om die onbekende aan te durf. Alhoewel Suid-Afrika se kragvelde beskryf is, is die unieke konteks van die Weskus steeds nie bespreek nie. Hoofstuk 6 word hieraan afgestaan en word ook aangewend om ‘n Bybelse perspektief van roeping te ondersoek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 6: ‘n Bybelse reaksie op gereformeerde roeping in die Saldanhabaai-munisipaliteit

6.1. Inleiding

Oor die laaste paar hoofstukke is die simboliese beeld van die oerwoud en die onbekende bospaaie deur die oerwoud beskryf. Roeping, is beredeneer, begin by die Trinitariese God en die klank van Sy roepstem weergalm deur hierdie vreemde, onbekende ruimte waarin ons geroep word om saam met Hom te werk. Die groot vraag is: Hoe kan ons as kerk lidmate bemagtig om by die werk van God betrokke te raak? Hierdie motiverende rol en hoe ons as kerk lidmate toerus, veral in radikale omstandighede, is deur die eeue deel van die wese van kerk. Die ideaal is om ’n fyn balans te vind tussen formele, stelselmatige onderrig en onbewuste, sosiale toerusting, wat aan die saak van begeertes raak. Wat mense begeer is bepalend vir waar hulle roeping uitgeleef word; hulle onmiddellike omgewing se impak op hulle begeertes kan nie onderskat word nie.

In die vorige hoofstuk is die onbekende oerwoud se grootheid aangeraak. As reisigers is ons moontlik oorweldig deur die grootheid van die onbekende, veral weens die verskeie eksterne kragte wat op die Bybelse kompas, wat ons saam met ons behoort te dra, inwerk. Die breër oerwoud is beskryf as die groter Suid-Afrika, terwyl uitdagings, soos armoede, diversiteit, sekularisasie, post-kolonialisme, postmodernisme en ander, uitgelig is as moontlike eksterne kragvelde. Verskeie Christene word verstaanbaar só oorweldig deur die grootheid van die uitdagings dat hulle nie eers bereid is om die reis na die onbekende aan te pak nie. Die doel van hierdie hoofstuk is om kortliks die onmiddellike konteks van die navorser te beskryf, waarna daar gesoek sal word na ‘n Bybelse reaksie op die uitdagings van die onmiddellike omgewing.

Die onbekende moet iewers aangedurf word; simbolies sou ‘n mens daarna kan verwys as ‘n sekere bospad waar ‘n mens moet begin. Vir my as navorser is my toegang tot die onbekende die Weskus van Suid-Afrika, meer spesifiek, Vredenburg en omliggende omgewing. Vir iemand wat woonagtig is, byvoorbeeld in Limpopo, sal die aanvanklike bospad anders lyk. Alhoewel ons almal deel is van Suid-Afrika met die reeds beskrewe eksterne kragvelde, is ons onmiddellike konteks divers aan uitdagings. Aangesien die empiriese deel van hierdie studie (Hoofstuk 7) getoets sal

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

word in die Weskus van Suid-Afrika, is dit die bykomende kragvelde van hierdie konteks wat die hoofstuk se fokus is, wat beteken dat hierdie hoofstuk ‘n meer persoonlike aard sal aanneem. As navorser word ek in die Weskus uniek gekonfronteer met my eie ervaring, wat die laaste agt jaar op verskeie maniere gevorm is; daarom is ek veral afhanklik van plaaslike verhoudings, navorsing en statistieke om my te help om die uitdaging van hierdie spesifieke bospad te beskryf.

Ek begin deur na sosiale, maatskaplike en ekonomiese uitdagings wat ons tans aan die Weskus ervaar, te verwys en, nog meer spesifiek, na die uitdagings in die Saldanhabaai-munisipaliteit (SBM). Daarna sal ek spesifiek kyk na die reaksie, of eerder die worsteling, van die kerk aan die Weskus. Met die kerk aan die Weskus verwys ek dan spesifiek na die rol van die Wesland Verenigende Ring (WVR); die worsteling van hierdie ring om in ‘n radikaal veranderende konteks draers van die Evangelie te wees. Daarna sal ek kyk na twee mense vanuit die Bybel, Moses en Petrus, wat iets van die roeping van Christene verwoord. Ek assosieer myself in die verband met die persoonlike worsteling van Moses en Petrus, wie se begeertes deur God se geduld, beloftes en betrokkenheid omgekeer is. Deur God alleen kon hulle verby die uitdagings van hulle hart beweeg en getrou aan God se unieke roeping vir elkeen van hulle wees. Meer oor Moses en Petrus later in die hoofstuk, vir nou fokus ons op die ruimte van my persoonlike roeping.

6.2. Uitdagings in die Saldanhabaai-munisipaliteit (SBM)

6.2.1 Inleidende gedagtes

Om die landskap van SBM te beskryf, maak ek primêr gebruik van ‘n dokument wat die munisipaliteit in Februarie 2018 uitgebring het.[261] Die dokument is aan my oorhandig tydens ‘n persoonlike ontmoeting met dr. Lynette Rossouw, die departementshoof van die Sosiale Raad in SBM. Tydens die gesprek is die indruk geskep dat die kerk ‘n baie belangrike rol in die gemeenskap kan speel en deel sou kon wees van die munisipaliteit se toekomsblik (visie), soos later bespreek. Die

[261] SBM (2018).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kommerwekkende kant van die dokument is die afwesigheid van die kerk se rol in die planne van die munisipaliteit.

- Hoekom is kerke so afwesig in die planne van SBM?
- Is die afwesigheid van die kerk se rol grootliks weens die afwesigheid van die kerk in die gemeenskap, of weens die onwilligheid van die munisipaliteit om met die kerke in die omgewing hande te vat?
- Of, word die kerk onder dieselfde sambreel as so baie ander nie-winsgewende organisasies, Christelik of nie, geplaas?

Die *Whole of Society Approach* (Wosa)-projek is nie net ‘n Saldanhabaai-inisiatief nie, maar is ‘n samewerkende benadering tot dienslewering in plaaslike gemeenskappe. Die nasionale, provinsiale en plaaslike regering, sowel as ondernemings in staatsbesit, die private sektor en die burgerlike samelewing dryf die projek. Die ideaal van die projek is om plaaslike rolspelers toe te laat om die spesifieke behoeftes van die gemeenskap aan te spreek, om sodoende publieke waarde toe te voeg (Western Cape Government, 2018:2).

Alhoewel hierdie ‘n baie breër toekomsblik is as net die plaaslike, is my fokus spesifiek op SBM; ‘n munisipaliteit gekenmerk deur ‘n snelgroeiende bevolking, veral in die informele sektor. Dit plaas al hoe meer druk op infrastruktuur, sosiale dienste (onder andere skole, kleuterskole en aftree-oorde) en vererger die tekort aan werksgeleenthede. Dit dra by tot ‘n toename in armoede met meer en meer mense wat met ‘n inkomste ver onder die nasionale broodlyn van R561 per persoon per maand moet klaarkom.[262]

Met die skrywe van hierdie hoofstuk is die bogenoemde uitdagings van werkloosheid en armoede radikaal vererger deur die sluiting van Saldanha Staal (*ArcelorMittal Saldanha Works*) se deure. Die impak van hierdie gebeurtenis is niks anders as tragies nie, soos beskryf in die volgende aanhaling:

> *The move is expected to have serious economic consequences for the region, where ArcelorMittal is one of the largest employers. Shanah Damonse, chairperson of the Weskus Sakekamer (West Coast Business*

[262] *This refers to the amount of money that an individual will need to afford the minimum required daily energy intake. This is also commonly referred to as the ‘extreme’ poverty line* (BusinessTech, 2019)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *Chamber), said she is concerned about the financial impact not only on affected employees, but the region at large. 'There are a number of local businesses that relied heavily on Saldanha Steel and unfortunately the true extent of the financial impact or damage will only be apparent in a few months,' she said* (Moodley, 2019).

Die harde werklikheid is dat baie van my vriende, kennisse en lidmate van ons gemeente direk en indirek hierdeur geraak word. In my eie omgeegroep is daar drie gesinne wat 100% afhanklik is van Saldanha Staal; die omvang van die tragedie gaan ons as gemeente en gemeenskap toets op 'n vlak wat ons nie onlangs op beproef is nie. Hierdie realiteit gaan die bevindinge van die Wosa-dokument radikaal beïnvloed, maar die kernwaarhede bly: dat die Weskus baie uitdagings sal moet oorbrug.[263]

Die tekort aan geskoolde werkers in die gemeenskap (slegs 20.1%), tesame met die werkloosheidsyfer onder die jeug van meer as 33%,[264] is 'n groot bekommernis in SBM. 'n Bykomende bekommernis in dié verband is die lae slaagsyfer van skoolgaande kinders in veral wiskunde en tale regdeur die omgewing. Baie redes kan aangehaal word vir die swak slaagsyfers, maar veral die ondersteuning van jong leerders, die getal leerders en onveilige skole dra by tot die probleem.[265] Die hoë getal leerders wat skool verlaat ná graad 10 is ook 'n bykomende faktor vir die persentasie werkers wat nie vaardighede aangeleer het nie (Western Cape Government, 2018:3-4). Hierdie uitdaging aangaande werksgeleenthede gee aanleiding tot 'n toename in geweld en misdaad, wat die persoonlike veiligheid in die gemeenskap bedreig. 'n Groot bron van kommer in SBM is gesinsgeweld en verwaarlosing, mishandeling en seksuele molestering van kinders. Luidens die *Badisa Weskus-jaarverslag 2018/2019* (Mostert, 2019:6) is 166 kinders in veilige sorg geplaas en 86 sake van kinderveiligheid deur die jaar ondersoek.

Die meeste van die bogenoemde gevalle kan toegeskryf word aan 'n enorme dwelmprobleem in die omgewing,[266] wat die nood vir rehabilitasiesentrums beklemtoon. Die fokus van die rehabilitasiesentrums behoort meer te wees as net

---

[263] Hierdie uitdagings is baie groter weens die impak van die Covid-19-grendeltyd. Saldanha Staal se sluiting, saam met die Covid-19-grendeltyd, is soos 'n perfekte storm wat die Saldanhabaai-munisipaliteit tref.

[264] Vergelyk Mostert (2019:18).

[265] Swak ouerleiding en kinders met probleemgedrag is volgens *Badisa Weskus Jaarverslag 2018/2019* (Mostert, 2019:18) ook een van hulle top agt uitdagings in die Weskus.

[266] Vergelyk Mostert (2019:18).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

suiwer rehabilitasie en moet die aanleer van vaardighede met die oog op suksesvolle heropname in die gemeenskap as uitkomste bied (Wosa, 2018:4).

Ek het vroeër verwys na die afwesigheid van die kerk in die planne van die Wosa-projek. Hierdie waarneming word verhelder deur die dokument se opmerking dat daar ‘n algehele gevoel van wantroue, apatie en gebrek aan gemeenskapsbetrokkenheid in SBM voorkom. Die gemeenskap ondersteun selde gemeenskapsinisiatiewe met slegs 16% van die bevolking betrokke by een of ander groepsbyeenkoms, waarvan 29% bestaan uit geloofsgroepe[267] of sosiale groepe soos byvoorbeeld ‘n stokvel.[268] ‘n Gebrek aan positiewe ervarings vanuit die verlede veroorsaak grootliks hierdie gevoel van wantroue en onbetrokkenheid. Mostert (2019:18) bevestig hierdie konflik in verhoudings, waar konflik onder die agt probleemareas in die Weskus aangedui word.

Vredenburg, die dorp waarin ek woon, is ook een van die dorpe in SBM waar sosiale samehorigheid die swakste is. Die swak samewerking kan grootliks toegeskryf word aan ‘n gevoel van onregverdige ontwikkelingsgeleenthede in die verlede, geleenthede wat weens ras en kultuur bepaal is.

Vanuit al die bogenoemde wil dit voorkom, asof my konteks se grootste uitdagings, opgesom kan word, soos volg:

- Armoede;
- Die opvoeding en toekoms van die jeug;
- Dwelmmisbruik, geweld en misdaad;
- Werkloosheid en gebrek aan werksgeleenthede;
- Ongelykheid, onbetrokkenheid; en
- ‘n Gebrek aan regeringsbetrokkenheid.[269]

Hierdie uitdagings, soos reeds genoem, sal waarskynlik vererger met die scenario van Saldanha Staal se sluiting. Alhoewel sprake van verandering in die Weskus al vir ‘n

[267] Om te lees dat waar daar wel betrokkenheid is; die kerk tog ‘n rol speel, is positief.

[268] Ook my persoonlike ervaring. Die meeste ekumeniese pogings in die gemeenskap word baie swak bygewoon. Ons gemeente was byvoorbeeld in September 2018 betrokke by ‘n interkerklike sendinggeleentheid met sprekers vanuit die buiteland. Die geleentheid is gereël met ‘n sterk fokus op die Saldanha Militêre Akademie-personeel, maar almal in die distrik is genooi. Ná ‘n groot bemarkingsveltog van verskeie maande, baie gebed en vele hoop, is die geleentheid deur sowat 100 mense bygewoon. Die SBM is nie ‘n maklike streek om ekumeniese inisiatiewe te dryf nie.

[269] Vergelyk byvoorbeeld *Weslander* se Facebook-blad: *News just in: Protest action has started again in Laingville as municipal officials refused to meet with representatives from the community this week to discuss housing-related issues that the community feel were not addressed after the last protest at the end of July/ beginning August* (Weslander, 2020).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geruime tyd aan die gang is, was die meeste kenners onseker oor hoe die gemeenskap oor tien jaar van nou sal lyk. Alhoewel die Saldanhabaai-nywerheidsontwikkelingsone (SBIDZ)[270] 'n positiewe en opbouende prentjie van die Weskus se toekoms skep, was die vrese oor die Saldanha Staal-sluiting al vir 'n geruime tyd deel van die gesprekke rondom braaivleisvure.

As gemeente was ons ook nie doof vir die verskillende uitkomste vir die Weskus nie; daarom het ons in 2018 begin met 'n scenario-beplanningsproses.[271] Ons het gesprekke gevoer met verskeie gespreksgenote, waaronder die SBIDZ-maatskappy, die plaaslike sakekamer, munisipaliteit en sosiale raad om ons in ons beplanning as gemeente te lei. Die doel hiervan was om vir verskillende uitkomste voorbereid te wees. Ons kon óf passief gewag het vir dinge om te gebeur en dan reageer óf ons kon proaktief uitkomste bepaal en reeds begin om sekere prosesse in plek te kry. Sonder om in diepte in te gaan, het ons gemeente 'n veilige keuse gemaak ingevolge uitkomste, gebaseer op die munisipaliteit en die SBIDZ se aanbevelings oor wat moontlik in die volgende vyf jaar kon gebeur. Ons het onsself vir 'n fase voorberei waarin sake nie werklik vooruitgang sou toon nie, maar ook nie werklik sou verswak nie. Ons het onderneem om die uitkomste gedurig te herevalueer en aan te pas, soos dinge verander. Min het ons geweet hoe vinnig die uitkomste sou verander na waar ons nou is. Wat hierdie fase nou van ons vra, is radikale proaktiewe denke kragtens ons uitkomste. Ons bevind onsself in 'n situasie waar die kerk nie anders kan as om die uitdagings van armoede, werkloosheid en moontlike ander uitdagings direk te hanteer nie.

Hierdie uitdagings is nie iets waarvan ons as kerk nou eers bewus word nie. In November 2013 is die Christo Bester Ekumeniese Fonds (CBEF) in Vredenburg gestig, juis om hierdie uitdagings in ons omgewing aan te spreek. Die fonds is gestig ter nagedagtenis van Christo Bester, plaaslike arbeidsbediening-bedienaar in Vredenburg wat skielik oorlede is. Die fonds het ontstaan vanuit die ekumeniese bediening, 'n weeklikse interkerklike groep wat al vir meer as 20 jaar vergader om

---

[270] *The SBIDZ is the first special economic zone (SEZ) to be located in a port; Also the only sector-specific SEZ in South Africa, which caters specifically to the oil and gas, maritime manufacturing and repair industry and related support services. The Saldanha Bay Industrial Development Zone Licencing Company SOC Ltd (SBIDZ-LC) was formally awarded an Operator's Licence on 31 October 2013, marking the formal beginning of our 30-year journey to create a vibrant hub of opportunity, job creation and sustainable growth utilising the SEZ legislation as a catalyst* (SBM, s.a.).

[271] *Scenarios describes a set or series of alternative futures, all of which are more or less equally plausible* (Cronjé, 2019:10).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

saam oor gemeenskapsake te bid. Die groep het ‘n behoefte geïdentifiseer om meer te doen as saambid en wou graag in die gemeenskap betrokke raak. Ons droom was om hande te vat met verskeie organisasies wat reeds met God se werk in die gemeenskap besig was, om veral aandag te gee aan sake, soos in CBEF se pamflet uiteengesit:

> Werkloosheid, verslawing, daaglikse brood, vigs, misdaad, weeskinders, senior lidmate, geletterdheid en die aanleer van vaardighede (Bester & Noland, 2013).

Ek is, sedert 2013, deel van die groep en, sedert 2013, is ons grootste uitdaging om mense te kry om by die probleme in SBM betrokke te raak. Behalwe vir ons soeke na fondse, is dit veral betrokkenheid van die betrokke kerke se lidmate wat kommerwekkend is. Sonder om die aktiwiteite van CBEF oor die laaste paar jaar breedvoerig te verduidelik, kan wel genoem word dat die Wosa-dokument die genoemde uitdagings bevestig. Ons ervaring is dat daar baie mense is wat wonderlik reageer op God se roepstem, maar dat dit in die konteks van ons probleme hopeloos te min is. As ons werklik ‘n verskil wil maak, sal meer mense moet hande vat en betrokke raak. Meer mense sal, soos vele ander, meer sensitief vir die enorme nood in die Weskus moet wees.

Behalwe vir die onbetrokkenheid van lidmate by die sosiale en maatskaplike uitdagings van die munisipaliteit, is dit verder ook die onvermoë van die plaaslike kerk om saam te werk, wat kommerwekkend is. In dié verband is dit nie noodwendig die leierskap wat huiwerig is nie, maar veral lidmate. As leierskap werk ons baie nou saam en kry ons dit reg om oor kerkgrense heen saam te praat, te droom en te aanbid. Verskeie interkerklike eredienste, projekte oor uitreiking en jeug en die weeklikse ekumeniese groep, bewys hierdie samewerking. Op grondvlak word ons pogings egter nie werklik ondersteun nie. Selfs met ‘n gesamentlike interkerklike erediens wat Vredenburg, Saldanha en Langebaan insluit, is daar selde meer as honderd mense by sulke geleenthede. Hierdie is kommerwekkende tendense wat samewerking en soeke na sosiale geregtigheid moeilik maak. Daar is waarskynlik nie ‘n beter voorbeeld as die uitslag van die sogenaamde Artikel 1-stemmery in die NG Kerk nie. Waar die bogenoemde voorbeelde verwys het na samewerking tussen verskeie kerklike tradisies, is Artikel 1 ‘n direkte verwysing na worstelinge om as gereformeerde kerke – die Afrikaanse VGK, Xhosa-sprekende VGK en die NG Kerk – saam te werk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In 2015 het die NG Kerk met ‘n proses begin wat moes ondersoek of die bewoording van Artikel 1 van die Kerkorde verander kon word, om ruimte te skep vir lidmate wat graag die Belhar-belydenis as bykomende geloofsbelydenis wou aanvaar. Aangesien die Kerkorde-artikels slegs op Algemene Sinodale-vlak met ‘n tweederde-meerderheidstem verander kan word, moes die kerk stem. Alhoewel hierdie proses baie kontroversieel was, het die Weskaap-Sinode wel die besluit goedgekeur (nie die Algemene Sinode nie).[272] Ten spyte van die besluit, was die impak op die voortbestaan van die WVR[273] enorm gewees, soos die artikel, *Op die Tussenorde kan Wesland behoorlik begin dans*, in die *Kerkbode* (2017) verwoord:

> Die verhouding tussen die NG Kerk en VGK het in gedrang gekom toe van die NG gemeentes in die WVR nie die voorstel vir die wysiging van Artikel 1, om die Belydenis van Belhar deel van die Kerkorde te maak, goedgekeur het nie. Dié uitslag het die VGK se gemeentes in die ring só diep geskok en ontstel dat die samewerking tussen die VGK en NG Kerk tydelik tot stilstand gekom het. Tydens hierdie tyd is die eenheid van die ring heroorweeg.

In my eie gemeente was die uitslag ook anders as verwag. My kollega, dr. Erik Basson, was een van die mense wat werklik sy bediening aan eenheid tussen die verskeie kerke gewy het; hy was ook een van die drywers agter die WVR. Om na soveel jare se arbei en leiding in die gemeente gekonfronteer te word met ‘n nee-stem vanuit die gemeente, was ‘n reuse-ontnugtering gewees. Alhoewel die Kerkraad ja gestem het, het die Kerkraad die gemeente se stem gevolg. Ons besef ook dat baie lidmate buite stemming gebly het en dat daar verskeie faktore was wat die proses nie noodwendig ‘n ware weergawe van die gemeente se standpunt gemaak het nie. Die realiteit was dat ons gemeente, sowel as verskeie ander in die ring, nee gestem het vir Artikel 1 se wysiging. Dit was nie goeie nuus vir die eenheidsgesprek in ons omgewing nie. Na baie lang gesprekke en hard met mekaar praat, is die eenheid egter herstel, soos ds. Chris Stout dit mooi verwoord: “Veral na die breuk na Artikel 1, het ons weer en weer

[272] Vergelyk Jackson (2015).

[273] Vergelyk (Kerkbode, 2017): “In 2003 gebeur die wonderbaarlike: die NG Kerk se Ring van Vredenburg en die Verenigende Gereformeerde Kerk se Ring van Malmesbury verbind hulleself tot kerkeenheid en tot mekaar en vorm die Wesland Verenigende Ring. Só word hulle een van die eerste ringe in die land om as eenheid te funksioneer. Hierdie eenheid het gou sy uitdrukking gevind in gesamentlike Pinksterdienste, kanselruilings en visitasies. Beroepe, finansies en konflikhantering is ook gesamentlik hanteer. Twaalf jaar lank het die ring op hierdie manier saamgewerk.”

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

probeer." Juis dít maak hom opgewonde oor die ring: "Ondanks ons verskille en probleme wat ons van tyd tot tyd ervaar, hou ons mekaar nog vas" (Kerkbode, 2017).

Die Artikel 1-dilemma het egter iets bevestig wat al 'n lang tyd vermoed is: dat eenheid nie op alle plekke op grondvlak 'n realiteit is nie. Alhoewel daar verskeie vlakke is waar byeenkomste wonderlik ondersteun word, byvoorbeeld die Wêreldbiddag vir Vroue, is dit nie die geval op ander plekke nie. Ons het dit veral begin ervaar met die gesamentlike Pinksterweke vir die jeug, waar ouers nie wou toelaat dat hulle kinders gesamentlike dienste bywoon nie. Dit het veroorsaak dat die gesprek oor eenheid op grondvlak, veral oor die jeug, gestop het. Waar ons as leiers besef het dat die pad vorentoe geken behoort te word aan 'n ernstige soeke na eenheid; dat ons slegs in eenheid 'n radikale verskil aan die sosiale ongeregtigheid in die omgewing sal kan maak. Tog blyk dit dat verskeie lidmate nog nie dié droom deel nie.

My eie kerkraad, NG Kerk Vredenburg, is deeglik bewus van die noodsaaklikheid om 'n multikulturele, inklusiewe bediening in die gemeenskap te vestig. Ons is die laaste jaar, soos reeds genoem, deur 'n proses van geloofsonderskeiding, waar ons in gesprek was met die SBIDZ, SBM en die Sosiale Raad op Vredenburg. Ons besef dat die toekoms radikaal anders kan lyk; daarom verwoord ons die soeke na 'n nuwe leraar ook, soos volg:

> Ons omgewing en gemeenteprofiel word geraak deur die ekonomiese uitbreiding aan die Weskus. Die gemeente het daarom 'n sterk klem geplaas op die vestiging van inklusiewe groeigroepe as basis van ons bediening. Ons is biddend sensitief vir bedieningstyle wat die Koninkryk die beste dien in ons veranderende konteks (Kerkbode, 2019).

Hoe om lidmate te begelei om saam oor hierdie toekomsblik te droom, is deel van ons uitdaging. In Hoofstuk 5 is die konteks van ons land beskryf as 'n onbekende oerwoud met verskeie uitdagings en kragvelde. Die eerste paar bladsye van Hoofstuk 6 het die vraag probeer vra oor hoe die ingang na die bos in SBM lyk. Ons het duidelik bepaalde uitdagings; geken aan sosiale ongeregtigheid en verdeeldheid op grond van ras, klas en status. Op kerklike vlak lyk die prentjie nie veel beter nie. Daar is wel verskeie lidmate, sowel as inisiatiewe, wat aandui dat die uitdaging van ons konteks nie onoorkombaar is nie. Die vraag is egter: Hoe? Hoe motiveer ons lidmate om in SBM radikaal betrokke te raak en saam te werk aan 'n gemeenskap wat iets simboliseer

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van God se Koninkryk? Die deel wat nou ondersoek moet word, is hoe om op die uitdagings, wat die Weskus vir ons bied, te reageer.

Om roeping in Suid-Afrikaanse kontekste te omhels, is dit nodig om vir ‘n oomblik by die Bybel stil te staan en na voorbeelde van roeping in die Bybelse konteks te kyk.[274] Mens sou verskeie voorbeelde kon gebruik, onder andere die roepingsverhale van Abraham, Gideon, Samuel, Joshua, die dissipels, Barnabas en Saulus. Opvallend is dat God uniek met elke persoon werk en juis daarom is konteks en ‘n persoonlike verhouding met God so belangrik. In die soeke na gereformeerde roeping is juis dit krities; daar is nie noodwendig ‘n vaste ritme by elke persoon se roeping nie. Dat daar wel identifiseerbare elemente is, is behulpsaam, veral as lidmate moontlik bemagtig wil word om hulle roeping te verstaan.

Weereens is noodsaaklik om hier na Burger (2013:L149) te verwys, wat oordeel dat daar met ’n enger of ’n wyer siening van roeping gewerk kan word. Die enger siening verwys kortliks na roeping as ’n bonatuurlike gebeurtenis waar mense op ’n spesifieke plek en tyd, God se stem op ’n direkte manier hoor, terwyl die wyer siening verwys na elke Christen wat deur sy hele lewe geroep word om in God se diens te staan.

Die verhale van mense vanuit die Bybel, veral diegene waarna reeds verwys is, val meestal volgens my in die enger siening van roeping, terwyl daar ook verskeie ander is waar met die breër roepingsverstaan gewerk word. Derhalwe kan Paulus se skrywes aan die gelowiges in Rome (Romeine 1:6-7) en Tessalonisense (2 Tessalonisense 2:14) verstaan word as die breër begrip van roeping, waarin gelowiges geroep word om getrou aan hulle vryspraak en redding te bly. Vir die doel van hierdie studie fokus ek meer spesifiek op twee verhale wat volgens my begrip as direkte roepingsverhale beskou kan word. Vanuit die verhale kan ons baie leer oor hoe God mense roep en lei en sodoende kan ons moontlik lidmate begelei om sensitief vir God se roeping in hulle eie lewens te wees. Wanneer kinders van God geroep word tot ‘n persoonlike verhouding met God, word hulle ook geroep tot die wêreld. Vanuit die verhale sal ons sien dat alle kinders van God, ook diegene in die Weskus en in

[274] As navorser lê my fokus op ‘n prakties-teologiese vlak. Ek wil graag in diepte en met erns na die teologiese begrip van Moses en Petrus se roepingsverhale kyk, maar het nie in hierdie studie die ruimte om in diepte ‘n eksegetiese proses aan te pak nie. Ek maak erns met verskeie bronne in die verband, maar bepaal my by die praktiese toepassing van die bronne sy bydrae.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ons land, geroep word om aktief by die uitdagings van hulle unieke kontekste betrokke te wees.

6.3. Ou Testamentiese roepingsverhaal: Moses as voorbeeld (Eksodus 3:1-4:19)

6.3.1. Inleidende gedagtes

Voor die Ou Testamentiese verhaal van Moses bespreek word, is dit van belang om my benadering tot die bestudering van beide die Ou en Nuwe Testamentiese tekste te verduidelik. Tradisioneel sou ‘n keuse tussen ‘n sinkroniese en diakroniese[275] lees van die teks sinvol gewees het. ‘n Sinkroniese lees word beskou as ‘n literêr-kritiese lees van die teks, terwyl diakronies beskryf word as ‘n histories-kritiese lees. Hierdie benaderings is baie meer kompleks as wat hier beskryf kan word, maar noodsaaklik is die klem op onlangse ontwikkelings in die veld. Hong (2013:531-532) vra veral na ‘n geïntegreerde gebruik van beide benaderings:[276]

> *In the preceding discussion, we saw that the synchrony/diachrony dialectic falls short of embracing all the aspects within contemporary biblical interpretation. Does this mean that synchrony and diachrony are no longer useful in biblical interpretation? Not necessarily It is true that synchrony and diachrony can no longer function as a basis for integrating opposite camps in biblical scholarship, but there are still ways in which synchrony and diachrony may benefit biblical critics.*

Vir hierdie benadering om te werk is dit belangrik om die rol van ‘n drieledige benadering tot Skrif-interpretasie te verreken. Hierdie benadering vra dat die historiese insette van die oorspronklike skrywer, die finale teks en die moderne leser erken moet word (Hong, 2013:529; Jonker, 1996:400). Dit gee geboorte aan

[275] Synchronic linguistics will be concerned with logical and psychological connexions between **coexisting items** constituting a system, as perceived by the **same collective consciousness**. Diachronic linguistics on the other hand will be concerned with connections between **sequences of items** not perceived by the same **collective consciousness**, which replace one another without themselves constituting a system (Hong, 2013:522).

[276] Jonker (1996:398) verwys ook na ‘n soortgelyke benadering.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verskeie benaderings wat saamgevat word deur die volgende beeld van Hong (2013:533):



Figuur 6.1: Hong se outeur-teks-leser benadering.

In hierdie figuur is daar verskeie keuses van interpretasie. Die uitkoms van die interpretasie word bepaal deur die fokusarea van die navorser en geen enkele leesmetode kan volgens Hong (2013:532) alle areas dek nie; die navorser sou die teks histories-kritiese, konserwatief of suiwer sinkronies kon lees.[277]

As praktiese navorser kies ek ‘n leser-georiënteerde benadering waardeur ek op soek is na kontekstuele toepassing vir ‘n postapartheid-konteks. Alhoewel ek erns met die teks maak en kommentare nader om ‘n dieper insig oor die oorgelewerde teks te kry, is my fokus nie noodwendig op die voor-teks-outeurs of -lesers nie. Ek plaas klem op die oorgelewerde teks en probeer die verhale van Moses en Petrus so interpreteer dat dit ons kan help in die soeke na ‘n post-teks begrip van roeping. Hong (2013) se werk in die verband is baie sinvol en help om die kompleksiteit van Bybelse interpretasie te erken. Ek is ook bewus daarvan dat ek dalk ‘n meer konserwatiewe benadering volg in die lees van die tekste. Teenoor die konserwatiewe benadering is ‘n radikale benadering wat die teks waarskynlik meer vanuit die konteks lees. In Hoofstuk 3 het ek reeds aangedui dat ek verkies om die konteks vanuit die teks te beskryf, daarom is my benadering waarskynlik meer konserwatief (Hong, 2013:535-536). Met hierdie

[277] Verskeie ander opsies bestaan. Die benaderings kan verder ondersoek word in Hong (2013).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

keuses gemaak, kan daar nou gefokus word op die beskrywing van Moses se ontmoeting met God.

Vanuit die roepingsverhaal van Moses is daar duidelike ooreenkomste met ander roepingsverhale in die Bybel. Van Seters (1994:43), Meyers (2005:55) en Dozeman (2009:120)[278] verwys selfs na die moontlikheid van 'n vroeë roepingsverhaal, waarvan die vorm, soos volg aangebied kan word:

- Aanduiding van nood
- Roeping
- Weerstand
- Versekering van ondersteuning
- Tekens

Alhoewel al hierdie elemente by Moses se roeping voorkom, kom dit nie noodwendig presies so in ander roepingsverhale voor nie. Dikwels kom baie van die elemente voor, maar nie in dieselfde volgorde nie. In Gideon se geval is die ontmoeting met God nie in die vorm van 'n brandende bos nie, maar eerder in die vorm van 'n engel wat onmiddellik vir Gideon bemoedig met die woorde: "Die Here is by jou, dapper man" (Rigters 6:12). Eers ná Gideon se weerstand oor God se teenwoordigheid by die volk en by Hom, word die versekering en ondersteuning gebied, wat terselfdertyd as die roeping van Gideon dien (Rigters 6:14). Daarna volg die tekens en wonderwerke wat Gideon uiteindelik oortuig dat God by hom is en hom roep om die volk van die Midianiete te bevry. Soortgelyke elemente kom by die roeping van Saul voor (1 Samuel 9-10) en in sy verhaal is dit nie 'n engel of 'n bos wat die praatwerk doen nie, maar Samuel self. Anders as in Gideon en Saul se roepingsverhale, word Moses nie as 'n militêre leier geroep nie, maar eerder as 'n profeet, soortgelyk aan die roeping van Esegiël en Jesaja.[279] Weereens word die unieke omstandighede van elke persoon wat geroep word in ag geneem wanneer God mense roep.[280]

---

[278] Dozeman (2009:120-121) verwys na die moontlikheid om eerder na die gee van 'n opdrag (kommissie) as 'n roeping te verwys, aangesien Moses 'n baie duidelike opdrag gekry het. Ek neem kennis van die alternatief, maar voer aan dat die klem op die stewige verhouding tussen Moses en God dui op 'n langtermynroeping, wat meer is as 'n eenvoudige opdrag wat uitgevoer moet word.

[279] Ek neem in hierdie verband kennis van die verskeie menings oor historiese bronne en hoe die bronne inspeel op mekaar en die oordra van die tradisie. Ek is egter van mening dat 'n in-diepte bespreking oor bronne, soos Jahwis (J), Elohis (E), Priestergeskrif (P), JE of Deuteronomis (D)? nie die impak van die perikoop in die dieper soeke na die studie gaan beïnvloed nie. Vergelyk Van Seters (1994:ix;45) en Dozeman (2009:35) in die verband.

[280] Fee en Hubbard (2011:108) verwys ook na Abraham, Isak en Jakob se persoonlike ontmoetings met God, waartydens God ook direk met hulle gepraat het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Terug by Moses se roepingsverhaal is dit noodsaaklik om sekere bakens vir die eksegetiese proses uit te stip. Met die prakties teologiese vertrekpunt as agtergrond, is die soeke in die eksegetiese proses dié van toepaslike inligting, wat die begrip vir roeping in ‘n unieke konteks kan verlig. Met verloop van die studie het dit duidelik geword dat die volgende faktore ‘n invloed op roeping het: ‘n verhouding met God; ‘n opregte begeerte om op God se uitnodiging te reageer; en ‘n diepe begrip van die plek waarheen roeping gerig is.

In Moses se verhaal word hierdie bakens op ‘n besonderse manier verlig; die spesifieke doel van die eksegetiese proses: hoe help Moses se verhaal ons om dit wat reeds in die studie beredeneer is, te verlig of selfs teen te staan? Ek ervaar ook sekere ooreenkomste tussen die teologiese bakens van hierdie studie en die vroeë roepingsverhaal, waarna Van Seters (1994) verwys. Ek wil met die indeling van die eksegetiese proses hierdie moontlikheid ondersoek, veral met die oog op begeleiding van lidmate. Daarom deel ek die volgende afdeling op in drie punte:[281]

- Roeping gebore vanuit ‘n ontmoeting met God[282]
- Van weerstand tot ‘n ernstige begeerte[283]
- Geroep na die nood van die wêreld[284]

Voordat hierdie punte ondersoek word, eers ‘n kort inleidende gedeelte.

6.3.2. Die keuse van die perikoop

Moses se roepingsverhaal is gekies op grond van die moontlike ooreenkomste tussen die studiefokus en die omstandighede waarin Moses geroep word.[285] Die teks wat ondersoek word, is Eksodus 3:1-4:19.[286] Die volk van God, Israel, is in ballingskap in

[281] Alhoewel ek wil onderskei tussen Moses se worsteling en God se beskrywing van die volk se nood, is die twee sake so in mekaar vervleg in die teks dat die twee aspekte moeilik uitmekaar gehou word. In die fisiese eksegetiese omgang met die teks hanteer ek die dialoog tussen God en Moses as een, waarna ek opsommend onderskeid sal tref.

[282] Hier poog ek om te sien hoe God se toenadering tot Moses, hulle verhouding vorentoe bepaal.

[283] Begeerte is iets wat, soos reeds beredeneer in ander hoofstukke, voortvloei vanuit ons verhouding met God. Hoe vorm God se bemoeienis met die mens die innerlike begeertes?

[284] Hierdie punt is redelik vanselfsprekend; ek poog om ‘n lyn te trek tussen Moses se roeping na die volk se nood en die praktiese vertrekpunt dat ons altyd na die nood van die wêreld geroep word.

[285] Hierdie omstandighede se beskrywing word volgens Dozeman (2009:108-109) toegeskryf aan nie-Priestergeskrif (P) historiese skrywers. Die kontekstuele fokus van Moses se roeping in die woestyn word veral beklemtoon. ‘n Latere roepingsverhaal in 6:2-7:7 word toegeskryf aan Priestergeskrif (P) en fokus op die konteks van Egipte. Ter wille van die studie-spektrum word slegs die eerste verhaal in die woestyn ondersoek.

[286] Daar is verskeie menings oor die bepaling van die perikoop en verskeie indelings is moontlik, soos 2:23-4:31, 2:23-4:17, 3:1-4:17. Ek kies saam met Houtman (1993:326) om die hoofdeel te beskou as 2:23-4:19 en sien 2:23-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Egipte en hulle situasie word kortliks in Eksodus 2:23-25 beskryf.[287] Farao, wat slawehandel ingestel het, is dood, maar dit verander niks aan die volk se omstandighede nie (Meyers, 2005:46; Dozeman, 2009:92).[288] Die volk is moedeloos, raadop en roep na God te midde van hulle nood. Dozeman (2009:92) beskryf hulle noodkrete as desperaat, aangesien hulle noodkreet geen objek het nie. Hulle het waarskynlik van God vergeet en kla daarom in die algemeen, sonder iemand om te aanbid.[289]

God het nie van die volk vergeet nie en onthou Sy beloftes aan die voorvaders. Hy neem ter harte kennis van hulle nood, soos Fensham (1974:23) dit dinamies beskryf:[290] *Het aardse leed vindt echter een resonans in de hemel. God begint acht te geven op het hulpgeroep*. Noudat Farao dood is, blyk dit of die draaipunt vir hulle gekom het en daar rede tot hoop is. Moses word, onwetend dat die Farao dood is, geroep in hierdie tydperk van nuwe moontlikhede vir die volk (Houtman, 1993:322-323). Meyers (2005:46) en Dozeman (2009:93) beklemtoon die reaksie van God ten opsigte van die volk se swaarkry en dat die fokus van die voorafgaande nou verskuif na God: *God heard … God remembered … God looked … God took notice*. Hierdie skuif van fokus berei die leser voor vir die besonderse teofanie van die brandende bos. God word vir die eerste keer in Eksodus as die aktiewe agent van Israel se verhaal bekend gestel. Hierdie bekendstelling van God wil veral twee vrae oor God beantwoord (Dozeman, 2009:94-95):

- Wie is hierdie God (hoe magtig is Hy, wat is Sy toepaslikheid tot Israel)?
- Wat is ander partye se verhouding tot God (die mense en vyande van God en God se bondgenote)?

Moses het ook die regte ouderdom bereik en oor die nodige ervaring beskik om hierdie spesifieke taak namens God te verrig (Fensham, 1974:23). Moses se swak selfbeeld en gedurige soeke na aanvaarding, is ‘n kenmerkende eienskap van sy roeping (Dozeman, 2009:95). Verder is dit opvallend dat Moses letterlik as ‘n herder geroep

25 as ‘n inleiding tot die roeping van Moses. Ek verwys egter kortliks na dit en hanteer dan 3:1-4:19 as ‘n nuwe afdeling in die hoofgedeelte.

[287] Die twee verse help om die konteks van die volgende perikoop te verstaan.

[288] Ek neem kennis van Dozeman (2005) se sterk fokus op die verskeidenheid van bronne in die samestelling van die perikoop.

[289] Dozeman (2009:119) redeneer dat Eksodus 3:1-15 juis aangewend word, om die identiteit van God te bevestig. Na ‘n lang breuk in die geskiedenis, stel God Homself as’t ware weer aan Moses bekend.

[290] Vergelyk ook Fee en Hubbard (2011:108).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

word, vanuit ‘n eenvoudige posisie waar hy skape oppas,[291] na die leier van ‘n volk (Meyers, 2005:52; Dozeman 2009:95). Moses se enigste aanspraak op gesag was die feit dat God hom self geroep het (Houtman, 1993:333); daarom word hy ook volgens Psalm 77:21 figuurlik as herder gebruik om die volk uit ballingskap te lei. Sy status het niks met sy roeping te make nie.

Die plek waar hierdie roeping plaasvind, naamlik Horeb, die berg van God, was nie in Moses se tyd in hierdie opsig bekend nie.[292] Daar was niks spesiaals aan die omgewing waar Moses geroep is nie; die naam ‘Berg van God’ word volgens Houtman (1993:335) as nagedagte deur die skrywer, wat bekend was met die gebeure, bygevoeg. Cole (1973:62-64) ondersteun Houtman (1993) en voeg by dat Horeb nie die ‘Berg van God’ was nie, maar later die ‘Berg van God’ geword het. Moses het nie die berg genader met enige religieuse bedoeling nie, maar eenvoudig om as herder sy kudde te laat wei.[293] Dozeman (2009:124) beskou die verwysing na die ‘berg van God’ as ‘n proloog vir die ‘tent van ontmoeting’. Voor die tent van ontmoeting in Eksodus 33 is daar nie ‘n vaste heiligdom waar ontmoetings tussen God en sy volk kan plaasvind nie, daarom die verwysing na berge as die tydelike ontmoetingsplek met God. Dat die ontmoeting plaasvind, is egter waardevoller as die presiese plek van ontmoeting.

6.3.3. Roeping gebore vanuit ‘n ontmoeting met God

Moses se verhouding met God begin met ‘n teofanie (Brueggemann in Keck, 2015:304); daarom is dit noodsaaklik om kennis te neem van hoe dit afspeel. Childs (1974:73) beskryf hierdie ontmoeting tussen Moses en God as *a remarkable mixture of ordinary elements of human experience with the extraordinary*. Deur die boodskapper (engel) oorbrug God die afstand tussen Homself en Moses; word die boodskapper, as verteenwoordiger van God, eintlik God self (Cole, 1973:64; Meyers, 2005:52). Verskeie kere word die idee geskep dat God self aan die woord is, maar die

[291] Hierdie was volgens Cole (1973:62) Moses se dag-tot-dag beroep? gewees.

[292] Meyers (2005:52) skryf die naam Horeb toe aan die Elohis (E) en die Deuteronomis (D), terwyl Sinai gebruik word deur die Jahwis (J) en die Priestergeskrif (P).

[293] Die antieke Nabye Oostelike tradisie – dat berge as God se woonplek beskou word – kan egter nie misgekyk word nie. Berge is gesien as die plek waar hemel en aarde mekaar ontmoet, daarom is die keuse van ‘n berg nie toevallig nie (Meyers, 2005:53). Dozeman (2009:122) meld ook hierdie tradisie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

boodskapper dien hier ‘n dubbele doel.[294] Eerstens, dui dit aan dat God self in gesprek met Moses wil wees en tweedens, behou God Sy andersheid, deurdat die boodskapper nie God is nie, maar Hom net verteenwoordig.[295] Die Een wat roep is heilig, soos Houtman (1993:336) aandui: *The One who is near is also the exalted Lord*. Hierdie heiligheid van God is waarskynlik ook die rede vir die teenwoordigheid van die brandende bos.

Die boodskapper verskyn nie in menslike vorm aan Moses nie, maar misterieus, soos genoem, in die vorm van ‘n brandende bos. In die brandende bos ontmoet Moses die boodskapper van God, omring deur vlamme. Die verwysing na die vlamme sinspeel waarskynlik op God se heilige teenwoordigheid, soos op ander plekke in die Ou Testament (Genesis 3:4; Eksodus 13:21;19:18).[296] Die doringbos is nie van groot belang nie, aangesien dit in die landskap van Moses se omgewing die enigste beskikbare bome sou wees (Houtman, 1993:344). Die groot vraag is waarom die bos nie uitgebrand het nie? Verskeie teorieë bestaan – vergelyk Houtman (1993:343-345) en Cole (1973:64) – waarmee ek saamstem en geneig is om te aanvaar dat die betekenis agter die brandende bos nie groot waarde inhou vir die interpretasie van wat volg nie. Die skrywer van die verhaal verduidelik nie die gebeure nie en enige gekose hipotese dien slegs as ‘n moontlike verduideliking. Vir die skrywer is die wete genoeg dat die soewereine God in beheer is van natuurlike wette, daarom kan die bonatuurlike die natuurlike onderbreek.

Dat God kies om deur middel van ‘n boodskapper in ‘n doringbos wat nie uitbrand nie aan Moses te verskyn, bewys dat God doen wat nodig is om Moses van Sy nabyheid te oortuig. Volgens Dozeman (2009:126) fokus hierdie inleidende ontmoeting op die identifikasie van God met die bedoeling van die gebeure om Moses in ‘n persoonlike ontmoeting met God self in te lei (Cole, 1973:64). Fensham (1974:24) voeg by dat die brandende bos Moses van die begin af leer dat daar ‘n enorme afstand tussen God en mens bestaan; dat hy as Moses in die teenwoordigheid van ‘n *verterend en*

[294] Dozeman (2009:126) verwys na verskillende rolle van die goddelike boodskappers, afhangende van die konteks. In Kanaän word die boodskappers meestal gevind in ‘n konteks van heilige oorloë, terwyl die boodskappers in die wildernis meestal die volk beskerm en lei.

[295] Brueggemann (in Keck, 2015:304) verwys na die fisiese verskynsel van die engel as vreemd; asof die engel slegs verskyn om Moses se aandag te trek, maar sê nie self iets nie en dra self ook geen boodskap nie.

[296] Fee en Hubbard (2011:108) dui daarop dat vuur en rook deurgaans in Eksodus dui op God se teenwoordigheid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onveranderlijk wesen is. Meyers (2005:52) beskou die brandende bos as die begin van ‘n tradisie, geken aan God se unieke, intieme verhouding met Moses.[297]

Hierdie is waarskynlik die eerste toepaslike gedagte om van kennis te neem: dat God moeite doen met Moses se omstandighede, daarom kies om hom in ‘n ruimte te ontmoet waar Moses gemaklik voel (Childs, 1974:72). Alhoewel God moeite met Moses se omstandighede doen, bly God steeds God. Die verhouding tussen God en Moses bly die van God tot mens; daarom moet God se andersheid en heiligheid in ag geneem word (Brueggemann in Keck, 2015:304).[298] Die wonderlike aspek hier is dat God, soos Cole (1973:65) verduidelik, nie net roep nie, maar spesifiek na Moses roep. Die Hebreeus kan hier vertaal word as *and called unto him*. Moses het ‘n keuse om op hierdie persoonlike uitnodiging te reageer; daarsonder word roeping ‘n onpersoonlike, abstrakte en ontoereikende konsep. Die wete dat God persoonlik na Moses roep is die begin van ‘n persoonlike dialoog, waarop voortgebou sal word deur die hele Eksodus-verhaal (Meyers, 2005:53).

Een van die kenmerke van hierdie spesifieke teofanie, wat die andersheid tussen God en mense beklemtoon, is dat Moses beveel word om sy skoene te verwyder en nie nader aan die brandende bos te beweeg nie. Die waarskynlikste verklaring vir hierdie opdrag is juis om God se andersheid en heiligheid te beklemtoon, aangesien hierdie gebruik as ‘n teken van respek en nederigheid in tekste voorgehou word, soos 2 Samuel 15:30; Jesaja 20:2, Esegiël 24:17,23 en Miga 1:8. In die ontmoeting met God moet Moses sy waardigheid neerlê en eerbied aan die Een, wat hy graag wil ontmoet, betoon (Meyers, 2005:54; Brueggemann in Keck, 2015:304). Die waarskynlikheid bestaan ook dat Moses nog nie die wese van God erken nie, daarom nie nader aan God mag beweeg nie. Later in die verhaal tussen God en Moses beweeg Moses baie nader aan God se teenwoordigheid (Cole, 1973:65).[299] In hierdie geval doen Moses wat beveel word, aangesien hy die persoon in die brandende bos wil ontmoet (Houtman, 1993:252). Die heiligheid van die grond het waarskynlik nie te make met reeds bestaande tradisie nie, maar God se teenwoordigheid en God se

[297] Meyers (2005:52-53) beklemtoon die ooreenkomste tussen hierdie eerste ontmoeting by Horeb en die latere ontmoeting op Sinai. Selfs die woord vir bos, *sēneh*, dui op Sinai. Die teken van die brandende bos, tesame met die konteks van die berg, dui op die ontmoeting tussen God en volk in Hoofstuk 19, waar berg en vuur geweldig beklemtoon word.

[298] Die heiligheidtema word ‘n deurlopende tema in Eksodus (Meyers, 2005:53).

[299] Vergelyk byvoorbeeld Eksodus 33-34 en Brueggemann (in Keck, 2015:305).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

selfopenbaring, wat sou volg, het die grond heilig gemaak (Cole, 1973:65; Brueggemann in Keck, 2015:304).

Die teofanie beweeg na ‘n hoogtepunt, aangesien Moses nou bekend gestel word aan die een wat Hom roep. Die brandende bos kry nou ‘n identiteit en die identiteit van die boodskapper in die bos is nie vreemd aan die volk nie; dit is die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob. God openbaar Homself nie as ‘n nuwe God nie, maar die Een wat Moses sou stuur na die volk, as die Een wat getrou met hulle voorvaders gehandel het (Cole, 1973:66; Fensham, 1974:24; Meyers, 2005:54). Moses se identiteit word gekoppel aan die gebeure in Genesis en dien as ‘n voortsetting van God se belofte aan Abraham (Brueggemann in Keck, 2015:304).

In die volgende verse openbaar God Homself aan Moses deur iets van Sy karakter met Moses te deel. Brueggemann (in Keck, 2015:305) dui daarop dat God kies om Homself hier aan Moses te openbaar, daarom dien hierdie perikoop ook as God se selfopenbaring. Hy word geken as ‘n God wat die klag van Sy volk hoor en op hulle nood wil reageer (Meyers, 2005:54). Hy kies om Moses in sy eie konteks in die veld te ontmoet en daardeur word Moses se eenvoudige ruimte ‘n heilige plek.

Ons sal ervaar hoe God, Moses se twyfel hoor en daarmee handel en hoe Hy nie vir Moses afjak nie, maar geduldig met Hom werk. Sodoende groei die verhouding tussen God en Moses (die aanvanklike ontmoeting het plaasgevind en is beskryf). Moses moes sy eie swakheid as mens erken en kies om op God se uitnodiging te reageer. Hier het iets gebeur wat as ‘n heilige oomblik beskryf kan word, die begin van ‘n intieme verhouding tussen God en Moses. Voor die ontmoeting het Moses geweet van die God van sy voorvaders, nou is die God van Sy voorvaders sy God. Al is die verhouding nog broos, is die verbinding gemaak en al is daar heilige afstand tussen God en Moses, is die grondslag vir die verhouding gevestig. Moses is angstig oor God se teenwoordigheid, maar is steeds bereid om gehoorsaam te wees (Fee & Hubbard, 2011:108).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.3.4. Moses se worsteling en die plek waarheen hy geroep word[300]

In 6.3.1 is drie punte geïdentifiseer wat vanuit die teks ondersoek sal word:

- Roeping gebore vanuit 'n ontmoeting met God.
- Van weerstand tot 'n ernstige begeerte.
- Geroep na die nood van die wêreld.

In 6.3.3 is die eerste punt, 'Roeping gebore vanuit 'n ontmoeting met God' bespreek. Die teks self maak dit baie uitdagend om die volgende twee punte afsonderlik te bespreek, daarom die keuse om dit eksegeties as 'n eenheid te bespreek.

Aan die een kant het ons te doen met Moses se worsteling, terwyl 'n mens aan die ander kant heeltyd bewus word van God se hart vir die worsteling van die volk in Egipte. Fee en Hubbard (2011:108) verwoord God se hart vir die volk met die woord 'medelye' (*compassion*), wat aandui hoe ernstig God hulle omstandighede opneem.[301] Vir Childs (1974:72) is die perikoop 'n *skilful design … which continues to weave together the elements of the divine and the human*.

Die doel van hierdie perikoop is om Moses se worsteling te ondersoek en te ontdek – hoe hy beweeg van iemand wat vrees na iemand wat 'ja' op sy roeping antwoord. Hierdie beweging is 'n tussenspel tussen Moses se twyfel vanuit sy historiese belewenis en God se beloftes gegrond op geloof in toekomstige gebeure (Childs, 1974:73; Brueggemann in Keck, 2015:306). Childs (1974:73) voeg verder by:

> *The chapter is absolutely clear in seeing Moses' call along with the entire prophetic experience as being a radical break with the past, initiated by God, for which neither previous faith nor any other personal endowment had the slightest part to play for preparing a man who was called to stand before Yahweh for his vocation.*

Moses se vrye wil speel 'n belangrike rol in hierdie verhaal. God werk op so 'n manier met Moses dat sy eie inisiatief en vrye wil nie weggeneem word nie. Moses kan kies om aan sy vrese vanuit die verlede vas te klou en God se roeping te verwerp, of hy kan toelaat dat God se beloftes oor die toekoms sy twyfel verdryf en sodoende sy

[300] Die twee punte, soos vroeër aangedui by 6.3.1: 'Van weerstand tot 'n diep begeerte' en 'Geroep na die nood van die wêreld' word hier as 'n eenheid ondersoek.

[301] Vir Dozeman (in Yee, Page Jr. & Coomber, 2016:147) ontvang Moses sy opdrag as verlosser weens God se spesiale band met Israel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

roeping as profeet met ‘n oop hart aanvaar. God neem inderdaad ‘n kans met Moses en in die proses kan God se verlossingsplan vertraag word. God is egter geduldig met Moses en Hy hou aan om Sy hart vir Sy volk met Moses te deel (Childs, 1974:73).

God gebruik juis die volk se omstandighede, onderdrukking en ballingskap, om Moses van die rol wat hy in God se reddingsplan kan vertolk te oortuig (Cole, 1973:66; Meyers, 2005:54; Fee & Hubbard, 2011:108). God hoor hoe hulle noodkrete na Hom opgaan, hy beleef hulle smarte.[302] God wil daarom Sy verbondsbelofte hernu en die beloofde land word ‘n simbool van God se herverbintenis tot die volk (Fensham, 1974:24; Dozeman, 2009:128). Kanaän word as die land van melk en heuning geskilder, as ‘n plek van vryheid en geleentheid, waar God se volk ‘n nuwe toekoms en identiteit kan bou (Cole, 1973:66; Meyers, 2005:54). Moses se roeping is nie net om die volk te bevry nie, maar om namens God die volk na hierdie land te lei. Dozeman (2009:128) maak hier ‘n onderskeid tussen ‘n fokus op die uittog uit Egipte teenoor die intog na Kanaän. Die fokus is volgens hom nie op die onderdrukking nie, maar op die verlossing; daarom eerder op die beloofde land en ‘goeie’ grond om te besit (Dozeman in Yee, Page Jnr. & Coomber, 2016:147). Opvallend is dat God self neerdaal om sy volk te kom lei (Eksodus 3:8). Hy gebruik Moses as medewerker en stuur hom na Egipte as Sy verteenwoordiger. Moses kry sy opdrag direk van God, maar Hy werk nie sonder God nie.

Ten spyte van God se beloftes, is Moses se rol in die perikoop inderdaad die een wat weerstand teen die stem van die Roepende bied. Sy vrae en worstelinge is gegrond op sy eie twyfel, sy vrese vir verwerping en die onbekende. Brueggemann (in Keck, 2015:306) gee erkenning aan die gevaarlike omstandighede waarheen Moses geroep word en beskou dit as ‘n opdrag wat nie ‘n baie groot kans op sukses gehad het nie. Moses se identiteit is nie net op die spel nie, maar sy hele lewe. Die perikoop strek van ware nederigheid en opregte nadenke oor God se keuse om hom te roep, tot opmerkings wat getuig van ongeloof en eenvoudige, wêreldse verskonings wat eintlik nie by ‘n profeet hoort nie. Tog bly God se hantering van Moses se goeie en slegte verskonings inspirerend en wys God vir ons hoe om mense se struwelinge met erns te benader en te respekteer. God laat egter nie toe dat Moses se twyfel, geanker in sy menslike, pessimistiese uitkyk op die toekoms, die reddende beloftes van die toekoms

[302] Brueggemann (in Keck, 2015:305) verwys na drie werkwoorde wat God se gesindheid teenoor die volk verwoord: *I have seen … I have heard … I have known*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

inperk nie (Cole, 1973:73). Op die einde van die dag is dit God self wat redding sal bewerkstellig; Moses sal slegs optree as God se instrument (Fee & Hubbard, 2011:109).

Meyers (2005:55) beskryf die gesprek tussen God en Moses in terme van simbolisme. In die Semitiese retoriese styl is sewe-plus-een die aanduiding van volledigheid. Vanaf 3:11 tot 6:30 is daar agt gesprekke tussen God en Moses; 'n bevestiging van die volledigheid van Moses se roeping.[303] Hierdie agt gesprekke vind in twee stelle plaas, wat Meyers (2005:55) opsom, soos volg:

The Moses–God Dialogue of 3:1–7:7[59]

MOSES OBJECTS	GOD RESPONDS
first set	
Moses is unworthy (3:11)	God will be "with" him (3:12)
Moses does not know God's name (3:13)	God reveals the name (3:14–15)
the people will not heed Moses (4:1)	God provides signs (4:2–9)
Moses is unable to speak (4:10)	God will be with him and tell him what to say (4:12)
Moses asks God to send another (4:13)	God will help Moses and Aaron speak (4:14–17)
second set	
God has not done what was promised (5:22–23)	God repeats the promise (6:1–8)
the people and Egyptians will not heed (6:12)	God repeats the mission (6:13, 26–27)
Moses again says he is unable to speak (6:30)	God makes Aaron the speaker (7:1–7)

Figuur 6.2: Meyers se opsomming oor die God-Moses-gesprekke.

Daar is reeds in die keuse van die perikoop aangedui dat die studie slegs die ruimte bied om na die eerste stel gesprekke te kyk.[304] In hierdie stel het Moses vier besware teen God se keuse om hom as profeet na die volk te stuur, wat elk kortliks bespreek word. (God se reaksie word daarna bespreek.):

[303] Hierdie perikoop word deur Dozeman (in Yee, Page Jr. & Coomber, 2016:146) beskryf as Moses se religieuse ervaring deur middel van 'n reeks goddelike ontmoetings.

[304] Die tweede stel gesprekke verwys na Moses se tweede gesprek met God in Eksodus 6:1-7:7. Hierdie dialoog vind plaas, nadat Moses aanvanklik misluk het in sy opdrag om die volk te bevry (Dozeman in Yee, Page Jr. & Coomber, 2016:146).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1. Wie is ek dat ek na Farao sou gaan en dat ek die kinders van Israel uit Egipte sou lei? (Eksodus 3:11).

Hierdie eerste beswaar word deur Cole (1973:74) beskryf as *… the gaping discrepancy between his own ability and the enormity of the task*. Watter kwalifikasies het 'n skaapwagter om so 'n groot tog aan te pak?[305] Fensham (1974:24) beskryf hierdie terugdeins van Moses as 'n beskeie, maar tog realistiese reaksie; 'n soeke na waardigheid vir die grootheid van die taak (Fee & Hubbard, 2011:108). God se verwysing na die verbond met die volk, is nie genoeg om Moses daarvan te oortuig dat hy waardig is om die enorme taak te verrig nie. Sy selftwyfel is so groot dat hy selfs bereid is om God se woord te bevraagteken. Cole (1973:68) redeneer dat selfwantroue nie noodwendig sleg is nie, maar slegs as dit uitloop op vertroue in God. Indien Moses se wantroue nie omskep word in vertroue nie, sal dit lei tot ongehoorsaamheid en onwilligheid om God se wil te doen.

2. Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur en hulle my vra: Hoe is sy naam? — wat moet ek hulle antwoord? (Eksodus 3:13).

In vers 13 word Moses se worsteling gekoppel aan die moontlike reaksie van die volk in ballingskap (Fee & Hubbard, 2011:108). Moses wil nie net weet hoe hy op hulle moontlike vraag oor die identiteit van die Een wat hom stuur moet reageer nie, maar ook oor die gesaghebbendheid van die naam. Waar die eerste twyfelvraag gefokus het op Moses se eie identiteit, fokus hierdie vraag op God se identiteit; 'n skuif weg van 'n persoonlike begrip oor God se identiteit, na 'n nasionale begrip van God se identiteit (Dozeman, 2009:132).

- Sal die naam van die Roepende vir Israel iets beteken en maak dat hulle aan sy opdrag gehoor gee?
- Sal hulle, met die inligting voor hande, genoegsame vertroue in God plaas om die woestyn in te trek? (Childs, 1974:75; Meyers, 2005:57).

Cole (1973:69) help ook om die vraag oor God se identiteit te koppel aan die openbaring van God, of eerder die vraag oor hoe God Homself opnuut openbaar aan die Israeliete in Egipte. In die verlede het Hy dit gedoen deur die voorvaders, maar

[305] Saul (1 Samuel 9:21), Jeremia (1:6), Gideon (Rigters 6:15) vra soortgelyke vrae. Fensham (1974:24) verwys ook na ander profete wat vir hulle roeping teruggedeins het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat is die karakter van sy openbaring in Egipte se konteks? Fensham (1974:24) ondersteun die gedagte van die nuwe openbaring en sien dit in die lig van die lang tyd wat in ballingskap verloop het. God se vorige openbarings aan die volk is vergete, daarom sou hulle moontlik ‘n nuwe insig oor God wou bekom, voordat hulle Hom weer opnuut vertrou. Die moontlikheid bestaan verder dat Moses eintlik besig is om God se bedoeling met hom te toets. Hy skep as’t ware ‘n scenario, waardeur sy eie twyfelvrae na vore kom. Wie is hierdie God wat Hom stuur en hoekom moet Hy hom vertrou, of, soos Childs (1974:76) dit kreatief beskryf: *He has cloaked his own doubt as to God’s intention in terms of the people’s query*.

Brueggemann (in Keck, 2015:306) verwys hier weereens na die risiko verbonde aan die opdrag. God se plan hou nie net gevaar in vir Moses nie, maar vir die hele volk. God, deur Moses, vra van die volk om teen die Farao in opstand te kom – so ‘n massiewe risiko sal ‘n vorm van waarborg benodig. Moses kyk juis na God vir moontlike antwoorde in die verband.

Tussen die tweede en derde twyfelvraag volg daar ‘n perikoop vanaf verse 16-22. Die doel van die perikoop word slegs kortliks bespreek. Nadat God die eerste twee vrae beantwoord, beweeg Hy na Moses se eerste opdrag. Moses moet die volk versamel en hulle bewus maak dat God gehoor gee aan hulle omstandighede. God bevestig aan Moses dat die volk sal luister; dat die koning hardkoppig sal wees; dat God Egipte sal tref met plae; dat die volk uiteindelik vrygelaat sal word om te gaan; nie met leë hande nie, maar met goud, silwer en klere. God bevestig weer aan Moses dat Hy met ‘n plan werk en reeds weet wat sal gebeur. Elk van die gebeure klink na ‘n groter uitdaging as die ander, maar in elkeen sal God die oorwinning laat geskied, Moses moet net glo en vertrou (Childs, 1974:77; Fensham, 1974:26).

> 3. Maar as hulle my nie glo en na my stem nie luister nie, maar sê: Die Here het nie aan jou verskyn nie? (Eksodus 4:1).

In latere tekste in die Bybel kry ons voorbeelde van die volk wat die gesag van die profete bevraagteken (Childs, 1974:77).[306] Moses se vrese dat die volk nie sy gesag sal aanvaar nie, is ‘n waardige een. God se waarborg op die volk se vertroue in Moses is, sover, slegs gegrond op toekomstige handelinge, wat ‘n mate van geloof van die

[306] Vergelyk, byvoorbeeld, Jeremia 43.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

volk sal vra. Wat as die volk egter nie daardie geloof het nie? Sal hulle nie fisieke tekens soek as waarborg van Moses se profeetskap nie?

Dozeman (2009:139) vertaal die vrese van Moses letterlik uit die Hebreeus, soos volg: *What if they do not believe (*Hiphil *of* ʾāman*) in me and they do not listen (*šāmac*) to my voice (*qôl*)*. Die gedagte van Moses se stem as God se stem sou vorentoe in Eksodus ‘n belangrike rol speel; daarom is dit belangrik dat die volk Moses se gesag sou erken. Meyers (2005:60) voer aan dat Moses nie oortuig is dat God se plan, soos uiteengesit in die vorige verse, hierdie doel sou bereik nie. Hy verwerp God se plan openlik; waarskynlik nie uit disrespek nie, maar uit vrees en angs oor die grootheid van die opdrag (Brueggemann in Keck, 2015:308).

Moses vra daarom vir tekens wat geloof in die volk kan wek, iets wat hom gesag as profeet kan gee (Cole, 1973:73; Brueggemann in Keck, 2015:308). Weereens is die vrae na tekens namens die volk, waarskynlik Moses se soeke na sekerheid. Die Goddelike roeping is nie genoeg om hom te oortuig van sy enorme taak nie (Fensham, 1974:26); Moses glo dat wonderwerke die antwoord sal wees. As God genoegsame tekens gee, sal Moses die vertroue van die volk en veral die leiers wen (Meyers, 2005:61).

> 4. Ag, Here, ek is nie 'n man van woorde nie — van gister of van eergister of vandat U met u kneg gespreek het nie; want ek is swaar van mond en swaar van tong (Eksodus 4:10).

Waar die ander twyfelvrae verskuilde pogings was oor God se heilsplan, is hierdie vierde een ‘n duidelike verskoning om nie die opdrag te wil aanvaar nie.[307] Nes die eerste vraag, is dit weer gemik op Moses se eie tekortkominge as mens. God se eerste belofte – dat Hy by hom sal wees – is blykbaar nie genoegsaam vir Moses gewees nie (Childs, 1974:78; Fee & Hubbard, 2011:108). Fensham (1974:27)[308] wys daarop dat hierdie soort verskoning van ‘n persoonlike gebrek ook later deur byvoorbeeld Jeremia (1:6) gebruik word. Moses se gebrek as hakkelaar was waarskynlik nie ‘n opgemaakte gebrek nie, maar word, soos later gesien, nie as verskoning deur God aanvaar nie. Nie dat God nie sy gebrek erken nie, maar weereens eerder ‘n teken van

[307] Dozeman (2009:141-142) verwys na die bedoeling van Moses se twyfelvrae: die eerste was gemik op sy eie identiteit; die tweede op God se identiteit; die derde op die geloof van die volk; die vierde en vyfde vrae beweeg weer terug na Moses se onvermoë om sy gesag as gekose leier te erken.

[308] Cole (1973:74-75) verwys ook na Job, Petrus en ander wat soortgelyke verskonings gehad het. Cole voer aan dat dit hulle menslikheid verlig en maak dat die lesers medelye met hulle het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sy ongeloof en wantroue in God se heilsplan (Cole, 1973:75). Meyers (2005:61) verwys ook na die moontlikheid dat Moses se gebrek nie fisiek was nie, maar wel geestelik. Moses is nie geestelik in staat om God se heilsplan te verkondig nie; hy is daarom onwaardig om God se profetiese stem te deel. Of sy gebrek fisiek of geestelik was, verander nie die feit dat hy ‘n tekort aan selfvertroue gehad het nie. Moses worstel daarmee om God se plan vir sy lewe te aanvaar en skop teen die roeping op sy lewe vas.

God reageer telkens op Moses se twyfel vrae. God se antwoorde aan Moses dien as ‘n verdere openbaring van God se karakter as die Een wat mense roep. Elk van die reaksies van God op Moses se vrae word nou kortliks bespreek:

1. God se eerste belofte aan Moses is dat Hy by hom sal wees (Meyers, 2005:56; Dozeman, 2009:131; Fee & Hubbard, 2011:108).

As God se boodskapper is dit nie Moses se vermoëns wat hierdie realiteit moontlik maak nie, maar God se keuse om hom as rolspeler in Sy se plan te gebruik (Childs, 1974:74). Hierdie belofte van God sal bewys word wanneer die volk eendag as ‘n vrye volk God by die berg van Sinai aanbid. Die sukses van die missie sal as bewys van God se teenwoordigheid dien (Cole, 1973:68). Anders as die fisieke teken van die brandende bos waar God ‘n bewys lewer van Sy heilige teenwoordigheid, is hierdie teken een, wat eers geloof van Moses sal vereis. Die teken is ‘n toekomstige een, wat van Moses vereis om ten spyte van sy twyfel aan God se belofte van nabyheid en leiding vas te hou (Childs, 1974:74; Cole, 1973:68).[309] Brueggemann (in Keck, 2015:306) dui op ‘n geldige punt: dat God nêrens spesifiek aandui hoe Hy teenwoordig sal wees nie. Die vertroue is juis geanker in die belofte dat God by Moses sal wees, al weet hy nie hoe dit gaan realiseer nie.

2. In reaksie op Moses se tweede vraag beantwoord God hom eers direk en dan deur ‘n belofte van ‘n teken.

Die antwoord oor God se identiteit is eintlik dubbelsinnig, want aan die een kant antwoord God vir Moses, maar aan die ander kant antwoord Hy hom nie werklik nie. Die woordspel in die naam verwys na meer as net ‘n naam, maar ook na die

[309] Meyers (2005:56) verwys na die doelbewuste vaagheid van die teken. Dit sou die brandende bos kon wees, God se teenwoordigheid self, die feit dat God hom stuur of die toekomstige verlossing van die volk. Dit sou ook na al die moontlikhede kon verwys, wat God se holistiese betrokkenheid by Moses bevestig. Dozeman (2009:132) dui aan dat dit glad nie ‘n teken is nie, maar eerder ‘n goddelike voorspelling.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

toepaslikheid van God se naam in Moses se roeping.[310] Verder is dit belangrik om te let op die progressie in die openbaring van God se identiteit. In 3:6-8 was die openbaring van God se identiteit gefokus op Moses as persoon; in 3:13-15 verskuif die fokus na God se identiteit as die God van 'n nasie (Dozeman, 2009:133).

Moses behoort twee goed van God te weet: beide word in die naamformule van 'ehyeh-yahweh' aangedui. Die eerste wat Moses moet verstaan is dat God altyd God is, die onverstaanbare een wat nie aan Moses hoef te verduidelik wie Hy is nie (Childs, 1974:76). Die tweede is dat God bekend word deur Sy selfopenbaring. Die betekenis van God se naam kom veral na vore in die werkwoord *haya*, wat impliseer dat YHWH nie 'n statiese betekenis het nie, maar 'n vloeibare en aktiewe God impliseer (Meyers, 2005:57).[311] God word geken as die lewende God wat altyd by Sy volk betrokke is (Fensham, 1974:24-25; Brueggemann in Keck, 2015:306). God se identiteit sal sigbaar word deur sy toekomstige handelinge met Moses en die volk in Egipte. Intussen word daar van Moses verwag om in geloof te volhard en God te vertrou. God se handelinge sal nooit anders wees as wie Hy as God is nie; eendag sal Moses en die volk terugkyk en God vanuit God se handelinge met hulle beter ken (Childs, 1974:76; Cole, 1973:69-70). Volgende antwoord God Moses se hipotetiese vraag oor die moontlike reaksie van die volk.

Moses kan niks anders vir die volk vertel as wat God aan Hom geopenbaar het nie, aangesien hy ook nie veel meer weet nie. Dieselfde word van die volk as van Moses verwag; 'n stuk vertroue in God. Die openbaring waarna hulle sou soek sal sigbaar word, dit is die belofte waaraan hulle moet vashou. Hulle word hipoteties ook gevra om God se keuse in Moses te vertrou, want deur Moses sal God se openbaring aan hulle sigbaar word. Die verwysing na God as die God van die voorvaders dien wel as bevestiging dat God nie 'n vreemde God is nie, maar die Een wat al 'n lang pad met hulle stap (Childs, 1974:76; Cole, 1973:69-70). In hierdie historiese verwysing word God ook bevestig as die Een wat vir altyd, vir alle generasies wat sal kom, God sal wees. Sy naam is vir ewig (Meyers, 2005:57) en nie net betekenisvol vir Moses nie, maar vir die hele volk (Dozeman, 2009:133).

---

[310] Meyers (2005:57) verwys weereens na die kompleksiteit van verskeie bronne in hierdie verband. Elke historiese bron het verskillende tradisies oor die datering en gebruik van God se naam.

[311] Brueggemann (in Keck, 2015:306) beskryf God se Naam ingevolge *the power for life, the power of being, the power of newness*. God is die bron van lewe en Hy sal met die volk wees.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3. Nog ‘n keer is God geduldig met Moses en slaan Hy ag op Moses se vrese.

God is so geduldig met Moses dat Hy nie net een teken gee nie, maar drie bonatuurlike tekens.[312] As die eerste en tweede nie geloof in die volk wek nie, sal die derde dit wel doen. Waar die vorige antwoorde gevra het vir toekomstige geloof, is hierdie tekens gemik op die vestiging van onmiddellike geloof in God as die Een wat stuur; spesifiek hier vir Moses as profeet (Cole, 1973:73-74; Meyers, 2005:61). Childs (1974:77) en Fee en Hubbard (2011:108) meen dat God weereens eerste vir Moses antwoord, om sodoende Sy handelende krag in Moses te bevestig. Moses het nodig om te weet dat God werklik by hom is; daarom die tekens in die woestyn langs die brandende bos. Moses word die kanaal waardeur God se krag sigbaar word en deurdat Moses dit eerstehands ervaar, behoort hy nou oortuig te wees van God se teenwoordigheid by hom. Wanneer Moses na die volk gaan en hulle hipoteties nie geloof in sy gesag het nie, sal die drie tekens hulle oortuig van sy profeetskap. Dan sal hulle na Hom luister en weet dat God self deur hom werk en hom as die een om hulle te verlos gestuur het.[313] Die wonderwerke van God gee ook legitimiteit aan God se status as Israel se God in ‘n Nabye Oosterse wêreld vol van ‘n verskeidenheid van rituele towerkuns (Meyers, 2005:61). Die verhaal aanvaar dat hierdie drie wonderwerke genoegsaam sal wees om die volk te oortuig en beweeg daarom na Moses se vyfde twyfelvraag (Brueggemann in Keck, 2015:309).

4. God se antwoord op Moses se laaste twyfelvraag kom in die tradisionele vorm van die wysheidsteologie (Childs, 1974:78) en ‘n mate van irritasie kan opgemerk word by God se vraag aan Moses (Brueggemann in Keck, 2015:309).

God antwoord in ‘n vraag wat se antwoord vanselfsprekend is. God vra nie net die vraag nie, maar antwoord dit ook self. Hy, Yahweh, wat vir Moses geskape het, het hom gemaak, soos hy nou is (Cole, 1973:75; Brueggemann in Keck, 2015:30). Dan volg die bemoediging weer; die God wat hom gemaak het, is ook die Een wat hom sal leer wat om te sê, die een wat hom versorg en bystaan (Fensham, 1974:27). God se antwoord aan Moses is weereens geduldig, maar hierdie keer meer direk, amper

[312] Deeglike eksegese van die drie tekens dra nie na my mening tot die spesifieke roepingsnarratief van Moses by nie. Vir ‘n in-diepte kyk na die tekens, vergelyk Cole (1973:73-74) en Dozeman (2009:140-141).

[313] Childs (1974:78) redeneer dat hierdie tekens eintlik gemik is op die ongeloof van die Farao en die Egiptenaars, aangesien die subjek van die werkwoord (יַאֲמִינוּ) geskuif het. Hetsy die tekens primêr hier na die volk of die slawedrywers verwys, is na my mening nie ter sake nie. Die wete dat God op Moses se versoek tot tekens, ag slaan, is vanuit die studiekonteks die kruks van hierdie verse.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

konfronterend (Childs, 1974:78-79). God weet dat Moses spesifieke eienskappe het wat God kan gebruik; God is tog die een wat hom gemaak het. Ook die rede vir God se geduld en volharding met Moses se roeping as profeet – God weet waartoe Moses in staat is (Meyers, 2005:62; Brueggemann in Keck, 2015:304). Dozeman (2009:142) maak ‘n opmerking wat baie toepaslik is vir hierdie studie:

> *The call narrative is used to authenticate prophets (e.g., Jeremiah) and charismatic leaders (e.g., Gideon). Such leadership is based on personal charisma, often requiring persuasive speech. Moses is the most persuasive speaker in all of Scripture, since he is the transmitter of Torah. Yet his final objection reveals that he is not by nature eloquent. Moses' objection, that he lacks rhetorical skills, sets the stage for the divine reply that charisma, the power of personal leadership and persuasive speech, comes from God; it does not reside innately in humans.*

Dan, ná al Moses se vrae en God se deeglike en bemoedigende antwoorde, hierdie woorde: “Asseblief tog, Here, stuur liewer iemand anders” (Eksodus 4:13). Moses se worsteling verander steeds nie; nie die intieme ontmoeting met God deur die teofanie nie, nog God se deeglike en geduldige antwoorde is genoeg om Moses se hart te verander nie. Moses begeer nou dat God iemand anders sal stuur (Meyers, 2005:62; Fee & Hubbard, 2011:109). God het egter ‘n plan met Moses en sy geduld is besig om uit te loop met hom (Childs, 1974:79); God is selfs besig om kwaad te word vir Moses (Brueggemann in Keck, 2015:309).

God is egter bereid om Moses te gemoed te kom, daarom word Aäron as ‘n kompromie aangewys as die een wat namens Moses sal praat; Moses behou egter die outoriteit en Aäron is slegs die een wat namens hom handel (Brueggemann in Keck, 2015:309).[314] Die verwysing na hom as Leviet het waarskynlik ‘n priesterlike betekenis en dui aan dat Aäron waarskynlik ‘n geleerde persoon is wat gemaklik is om voor ander te praat (Cole, 1973:76); daarom hierdie opmerking van Fensham (1974:27): *Profeet en priester ontmoeten elkaar: de profeet zal de inspirasie geven, de priester zal de ‘mond’ van de profeet zijn*. Opvallend hier is dat Moses se twyfel nie in die pad van sy roeping staan nie. God hou aan met Moses, totdat Moses instem. Die perikoop

[314] Die woord vir ‘mond’ kom sewe keer voor in 4:10-17; maak dit duidelik dat Moses en Aäron saam sal werk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

word afgesluit met die simboliese teken van die staf wat Moses as God se teenwoordigheid by hom moet neem (Childs, 1974:79).

Soos bo aangedui, sal nou gepoog word om vanuit die eksegetiese proses ‘n paar opmerkings oor Moses se worsteling en die plek waarheen hy geroep word te maak. Tydens die eksegetiese proses het ek bewus geword van ‘n baie subtiele skuif in my denke oor die plek waarheen Moses geroep word. Aanvanklik het ek die teks gelees en die konteks van Moses se roeping as ‘n spesifieke plek benader; die gedagte dat Moses na Egipte gestuur word en dat die plek waarheen hy gestuur word ‘n spesifieke streek of gebied is. Dat die plek aanvanklik Egipte is, is vanselfsprekend, maar dit kon net sowel ‘n ander fisieke plek gewees het. Die roeping is ook vloeibaar en afhanklik van God se heilsplan. Derhalwe skuif die ruimte van Moses se roeping van Egipte, na die woestyn, na die beloofde land, terwyl die fokus van die roeping heeltyd die volk van God bly. Wat Egipte toepaslik maak, is dat dit die plek is waar God se volk onderdruk en waar hulle noodkrete gehoor word. God se mense kry swaar en God sien hulle ellende, daarom (Eksodus 3:8) daal God neer om hulle te verlos. Dit gaan nie noodwendig vir God oor die plek nie, maar oor die bevryding van Sy volk en die belofte van ‘n beter toekoms. Hiervoor word Moses geroep, daarom help (Eksodus 3:10) ons om Moses se primêre roeping te hoor: “Gaan dan nou heen dat Ek jou na Farao kan stuur; en lei my volk, die kinders van Israel, uit Egipte uit.”

Moses word eerstens na die volk gestuur; tweedens na die Farao. Om egter na hulle gestuur te word, het Moses sekere kennis nodig oor die konteks waarin die volk hulle bevind. Moses se geskiedenis met Egipte en die wete dat hy grootgeword het in die land, maak hom die ideale kandidaat vir die spesifieke taak en kan alles, as deel van God se groter plan beskou word, soos wat Handelinge 7:22 bevestig. Die feit dat hy die taal kon praat, die kultuur geken het en waarskynlik saam met ander Egiptiese prinse in die wette van die land opgelei is (Cole, 1973:59) en, volgens Handelinge 7:22, uitgeblink het in woord en daad, maak hom die gekose persoon vir God se verlossingsplan met Israel. Nadat Moses egter uit Egipte vlug, hervestig hy homself tussen die Midianiete en trou hy met die dogter van ‘n Midianitiese priester. Volgens Cole (1973:60) en Fee en Hubbard (2011:108), sou Moses tussen die Midianiete, afstammelinge van Abraham, verder van die Semitiese tradisies geleer het. Vir sowat 40 jaar woon hy onder hulle, waarna God hom terug roep om die volk in Egipte te gaan bevry. Moses is as kind en as man voorberei vir sy spesifieke roeping, eers onder die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Egiptenare om sodoende die Farao aan te spreek en daarna deur die Midianiete, om sodoende die volk aan te spreek.

Dit raak duidelik dat konteks tog vir God belangrik is en dat Moses nie as ‘n onkundige na die vreemde gestuur word nie. Hierdie vooropgestelde kennis van Egipte en die volk, skep egter groot onsekerheid by Moses. In die lig van sy kennis bevraagteken hy homself; God se teenwoordigheid; die tekens wat deur God gedoen word; en selfs die moontlike reaksie van die volk en die Farao. God gebruik egter hierdie onsekerheid om hom te oortuig. Vanuit sy verlede gebruik God bekende tekens en gee God antwoorde wat bekend is aan hom. Selfs die antwoorde en tekens is nie noodwendig genoeg om Moses te laat reageer nie. God se geduld met hom, al die tekens en God se beloftes dat Hy self sal werk en Moses sal lei en sy roeping sal bevestig, versterk die verhouding van so ‘n aard dat Moses die leier van ‘n volk, wat smag na verlossing, word. Moses se hart verander en word belyn met God se begeertes om die volk van hulle smarte te verlos.

As ons vir ‘n oomblik terugbeweeg na die beeld van die onbekende oerwoud wat betree moet word en die huiwering van mense om die oerwoud in te gaan en hulle roeping daarin uit te leef, dan sou ’n mens Moses vir ‘n oomblik voor die onbekende bospad na Egipte kon plaas. Die bospad is nie werklik vir hom vreemd nie, hy het dit vantevore gestap. Hy het genoeg kennis van die omstandighede in die oerwoud en weet daarom wat om te verwag. Sy roeping is duidelik uitgestip en God het hom meermale oortuig van Sy eie plan en teenwoordigheid by hom. Tog huiwer hy, is hy bang en onseker en probeer hy uit die roeping kom. Hy antwoord selfs met die woorde: “Asseblief tog, Here, stuur liewer iemand anders.” Moses het geen begeerte om die volk te bevry nie. Dit wat in God se hart leef, leef nie in Moses se hart nie; God doen baie moeite om Moses se hart te verander, om sodoende sy begeerte met God se eie hart te belyn. Selfs as Moses instem, doen hy dit met huiwering. Dit sou vele getrouheid van God vra om Moses se hart met Syne te belyn, maar soos ons die verhaal van Moses en die volk in die res van Egipte leer ken, is daar genoeg bewyse om te bevestig dat Moses wel geleer het om, ten spyte van sy twyfel, foute en ongeloof, op God te vertrou. In die ongeloof kies hy om die onbekende pad te stap en op die pad ontmoet Hy die God wat voorsien, wat Sy beloftes nakom en gedurig deelneem aan die bewerking van die menslike heil. Hierdie pad sou hom lei na die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Neboberg waar hy, onder leiding van God, op die beloofde land sou uitkyk.[315] Op hierdie berg sterf hy as 'n getroue dienaar van God, een met foute, tekortkominge en ongeloof. Sy aandeel in God se heilsplan is suiwer genade en die intimiteit van die verhouding tussen God en Moses verdiep sodat Moses as die een wat twyfel begrawe word deur die heilige, almagtige God. Moses se impak op die volk is van so aard dat hulle dertig dae lank oor hom treur. God was getrou en Sy beloftes is volbring.

In die bogenoemde afdeling is Moses se verhaal gekies om die Ou Testamentiese begrip van roeping te bestudeer. Die vloei van die intieme ontmoeting tussen God en Moses by die doringbos, deur die worsteling van Moses met sy persoonlike roeping tot by die uiteindelike verlossing van die volk in nood, is reeds bespreek. Die studie se drie kante van roeping, as iets wat voortvloei vanuit 'n persoonlike verhouding met God, die ernstige begeertes van die hart raak en altyd gerig is op die nood van die wêreld, is versterk deur Moses se verhaal. Daar is ook verder beredeneer dat Moses nie na Egipte as fisieke plek gestuur is nie, maar dat sy kennis van Egipte en Israel hom God se gekose kandidaat gemaak het om God se mense uit hulle nood in Egipte te bevry. God se hart bloei vir sy kinders in Egipte en Moses word geroep om God se bevrydende handelinge uit te voer. Aanvanklik is sy hart in weerstand teen God se wil vir hom, maar later, vanuit die persoonlike verhouding met God, word God se hartsverlange Moses se begeerte.

Moses se roeping was baie spesifiek. Hy is na Egipte gestuur met 'n baie duidelike opdrag. Hy hoef nie die stem van die roepende geïnterpreteer het, of gewonder het of hy reg gehoor het nie. Hy het die geleentheid gehad om vrae te vra, of wondertekens te versoek en om God se wil direk te toets. Sy ingang na die onbekende bos is verskeie kere bevestig en God het amper vir hom 'n padkaart gegee. Tog twyfel hy, tog is hy onseker en versoek hy dat iemand anders gestuur word.

Hierdie gedagte – dat Moses twyfel, al kry hy direkte tekens deur 'n baie persoonlike teofanie – laat my verder wonder oor die roeping van mense in die Weskus van Suid-Afrika. Baie mense worstel met roeping, met sekerheid of hulle reg hoor en oor die aard en plek van hulle roeping.

- Hoe lyk hierdie roeping vandag en wat is ons Egipte?
- Wat is die aard van die boodskap wat ons met mense deel?

[315] Moses bly egter die een deur wie God sal praat (Meyers, 2005:62).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Het almal ‘n roeping, of is dit net sekere mense wat so duidelik, soos Moses, geroep word?

Vir hierdie vrae, wat uit die verhaal van Moses gebore word, wend ek my na die Nuwe Testament.

6.4. ‘n Nuwe Testamentiese begrip van roeping

Wat is God se betrokkenheid by mense se roeping in die Nuwe Testament? Weereens is dit nodig om hier te noem dat die studie se praktiese aard nie ‘n in-diepte eksegetiese ondersoek van Nuwe Testamentiese voorbeelde moontlik maak nie. Ek sal kortliks een voorbeeld uit die Nuwe Testament lig en een perikoop vanuit vele oor die spesifieke mens se lewe. Die karakter wat ek by aanklank vind, in die verband, is die vader van die vroeë kerk, Petrus. So baie ander mense word in die Nuwe Testament geroep, maar in Petrus se worsteling met sy roeping ervaar ek nie net iets van my eie roeping nie, maar ook van Moses en andere se roepingsverhale. Gray (2016:L113) beskryf iets van hierdie roeping, soos volg:

> *When we read the New Testament, it is easy to see that Peter, in many ways, is the model disciple. There is much to be learned from how he interacted with Jesus and the other Apostles. One thing that makes him especially appealing is his approachability as an everyday kind of man. Peter was a simple, hardworking, ordinary person. Yet, when he encountered Jesus, he was called out of his own ‘little’ story into a much bigger story—the story of Jesus Christ himself.*

Weereens kyk ek kortliks na Petrus se verhaal ten opsigte van die drie kante van roeping.

6.4.1. Petrus se verhouding met God

Vir die aard van Petrus se verhouding met God, wend ek myself tot die Evangelies.[316] Petrus het die wonderlike voorreg gehad om God eerstehands deur die Messias self te leer ken. Hy word as visserman deur Jesus geroep en, volgens Johannes 1:35-42

[316] Vergelyk Deuteronomium 34.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(Markus 1:16-17, Mattheus 4:18-19), word hy en sy broer Andreas die eerste van die dissipels om geroep te word (MacArthur, 2006:65). Vanuit Johannes se weergawe is dit duidelik dat Andreas vir Simon gaan roep om Jesus te kom sien (Groenewald, 1980:57; Bruner, 2012:106; Michaels, 2010:121).

Jesus groet hom by sy naam, Simon, seun van Johannes; kyk stip[317] na hom en kondig aan dat sy naam voortaan Sefas (Aramees) sal wees, of dan Petrus (Grieks), soos wat ons dit vandag ken (Michaels, 2010:124). Hierdie naam bevestig iets van Jesus se alwetendheid, aangesien Hy 'n naam kies, wat Petrus se toekomstige rol in God se Koninkryk simboliseer (Bruner, 2012:106; Michaels, 2010:124). Petrus beteken 'die rots', wat simboliseer dat Petrus deur die krag van God sal bou op die uitverkore hoeksteen, Jesus Christus self. Hierdie naam is egter ironies, aangesien Jesus bewus is van Petrus se impulsiewe, veranderlike en onbetroubare persoonlikheid (Groenewald, 1980:57). [318] MacArthur (2006:66) ondersteun Groenewald, soos volg:

> *Jesus' penetrating, omniscient look saw not merely Simon, but also the man He would mold him into. Jesus therefore called him Cephas, the Aramaic word for 'rock', which, as John again translated for his Gentile readers, is rendered Peter in Greek. That name would both inform Simon of the rock that he was to become, and challenge him to pursue it. Over time, Jesus would transform Simon's character to match the new name He had given him, and use him as the foundational leader in the earliest days of the church.*

Weereens, soos met Moses, is God bewus van die mens se swakhede en persoonlike worstelinge, maar tog staan dit nie in God se pad om mense tot arbeid in Sy Koninkryk te roep nie. Jesus se woorde: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak," [319] is 'n verdere bevestiging van, onder andere, Petrus se toekomstige roeping. [320]

---

[317] Ek fokus spesifiek op gedeeltes toepaslik tot die studie. Ek lees dit ook nie met die gedagte om in diepte na die verskillende weergawes tussen die Evangelies te kyk nie. Ek sal dikwels net kyk na een teks, sonder om noodwendig na ander Evangelies se interpretasie van soortgelyke gebeure te kyk.

[318] Afgelei van die Grieks, ἐμβλέψας, wat beteken om stip te kyk na of te konsentreer op (Ortiz, 2016).

[319] Vergelyk ook Ortiz (2016).

[320] Markus 1:17.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Petrus se verhouding met Jesus was ‘n gekompliseerde een. Petrus is van die begin af deel van Jesus se bediening en vorm, saam met Johannes en Jakobus,[321] deel van Jesus se binnekring (Gray, 2016:L141). Jesus het hierdie drie met tye uitgesonder en met spesiale geleenthede saam met hom geneem (Du Plessis, 2005:3). Petrus ervaar persoonlike wonderwerke soos, onder andere, die groot klomp vis wat van sy eie boot gevang word, die genesing van sy skoonma (Mattheus 8:14) en Jesus, sowel as hyself, wat op die water loop (Mattheus 14:22). Hy is keer op keer ter aanhoring van Jesus se prediking, wyshede en gelykenisse en kry gereeld geleentheid om vrae te vra, wanneer hy twyfel oor Jesus se lering ervaar (Mattheus 15:15). Hy is deel van die eerste nagmaal (Mattheus 26:17-30; Markus 14:12-26; Lukas 22:7-39; Johannes 13:1-17:26), beleef Jesus se oop graf (Lukas 24:12) en is getuie van Jesus se Hemelvaart (Handelinge 2). Waar Moses se verhouding met God gebore is vanuit ‘n baie intieme teofanie, groei Petrus se verhouding met die Vader deur die werking van die Seun. Gray (2016:L141) se beskrywing van die intieme verhouding tussen Jesus en Petrus is toepaslik:

> *Peter was telling the early Christian community that the most important qualification for an Apostle was how much time that person had spent with Jesus. Even today this is the earmark of a disciple of Christ. For the first Christians, this meant time spent with Christ in person; for us, this means time spent with him in prayer, in worship, and in adoration. Peter himself fulfilled this key qualification of an Apostle perhaps better than anyone else. As the head of Christ’s inner circle of Apostles, he had a close relationship with Christ and was an intimate witness of Christ’s life and teachings.*

Petrus se geloof groei deur ‘n proses van dissipelskap en ‘n baie intieme verhouding met Jesus self. Tog, ten spyte van hierdie verhouding en verskeie persoonlike tekens, is Petrus iemand wat dikwels twyfel en worstel met die geloof, iets wat hy is met Moses gemeen het. God bly egter geduldig met Moses en so ook Jesus met Petrus. Dat daar egter ‘n stewige band tussen Jesus en Petrus was, is bewys; nes met Moses is die verhouding die begin van ‘n roeping wat later tot vervulling sou kom.

[321] Volgens Droge (1990:307) is daar ‘n alternatiewe beskouing van Petrus se naamsverandering. Petrus word nie gesien as die rots waarop die kerk gebou sal word nie, maar eerder oor sy hardkoppigheid en onvermoë om vir Jesus te verstaan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.4.2. Petrus se worsteling met sy roeping

Petrus is duidelik baie lief vir Jesus, veral as dade, soos sy optrede by Getsemane in aanskou geneem word:

> En Simon Petrus wat ’n swaard gehad het, het dit uitgetrek en die dienskneg van die hoëpriester geslaan en sy regteroor afgekap. En die naam van die dienskneg was Malchus. Toe sê Jesus vir Petrus: Steek jou swaard in die skede. Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie? Johannes 18:10-11.

Petrus is bereid om vir Jesus te veg, waar ander net staan en kyk. Hy is ook die een wat bely dat hy Jesus oral sal volg, selfs sy lewe vir Jesus sal gee (Johannes 13:36); tog ook weier dat Jesus sy voete was (Johannes 13:8-9). Petrus bevind homself egter dikwels in situasies waar hierdie belydenis van hom beproef en hy te lig bevind word.

Drie gebeure in Petrus se opleiding as dissipel[322] bevestig iets van sy onvermoë om die omvang van sy roeping ter harte te neem. Elk van die gebeure word kortliks bespreek om Petrus se twyfel en gebrek aan geloof te ondersoek:[323]

6.4.2.1 Petrus en Jesus se sterwe

Die eerste gebeur kort na Petrus se belydenis in Mattheus 16 dat Jesus die Christus, die seun van die lewende God is. Ná hierdie belydenis bevestig Jesus Petrus se roeping deur na die betekenis van sy naam te verwys; die rots waarop Jesus self sy kerk sal bou. Die volgende perikoop, Mattheus 16:21-23, beweeg dan na die eerste aankondiging van Jesus se dood. Jesus begin om sy dissipels daarop voor te berei dat Hy na Jerusalem toe moet gaan om gekruisig te word. Hy het hulle vertel dat Hy onder die ouderlinge, owerpriesters en skrifgeleerdes sal moet ly; dat Hy doodgemaak moet word. Hy het hulle ook geleer dat Hy op die derde dag opgewek sal word.

Petrus het nie van hierdie aankondiging gehou nie (Du Plessis, 2005:7), Jesus eenkant toe geneem en die volgende woorde gespreek: “Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie!” waarop Jesus die volgende antwoord: “Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar

[322] Vergelyk, onder andere, Mattheus 17:1, Markus 5:37.

[323] Vele ander voorbeelde sou gebruik kon word, soos, onder andere, Petrus wat op die water loop, voordat sy geloof hom verlaat.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die dinge van die mense." Petrus benader Jesus se kruisiging vanuit 'n menslike perspektief en plaas sy begeerte om Jesus by hom te hou, bo dit wat Jesus vir hulle geleer het. Hy neem die gesag wat aan hom gegee is letterlik op en probeer beheer neem oor Jesus se pad, waarop Jesus hom herinner dat Hy steeds in beheer is (Gray, 2016:L1028). Ten spyte van sy belydenis dat Jesus die Christus is, verstaan hy nog nie die ware impak van Jesus se mensword op God se komende koninkryk nie. Selfs sy roeping as die rots, waarop die kerk gebou sal word, verstaan hy nog nie ten volle nie. Jesus reageer verder op Petrus se opmerking deur sy dissipels te leer. Iemand wat Hom werklik wil volg, moet sy eie menslike begeertes, persoonlike wil en wins in hierdie wêreld kruisig en bereid wees om in homself te sterf (Du Plessis, 2005:7; Gray, 2016:L1036). Op hierdie tydstip van Petrus se lewe, worstel hy nog met hierdie gedagte en sal hy letterlik Jesus later verloën.

6.4.2.2 Petrus faal om saam te bid

Die tweede gebeurtenisse verwys na die binnekring se onvermoë om Jesus in sy donkerste uur te ondersteun. Die perikoop vind plaas direk na Petrus se ontkenning dat hy Jesus sal verloën. Du Plessis (2005:7-8) se opsomming van die gebeure wat volg is hier behulpsaam:

> Terwyl die Here en die dissipels besig was om na Getsemané toe te gaan, het Petrus beloof dat hy die Here te alle tye sal bystaan. In die tuin het angs die Here Jesus oorval en Hy wou eenkant toe gaan om te gaan bid. Hy het toe die binnekring met Hom saamgeneem – tot op 'n sekere punt. Hy het hulle daar laat bly en alleen nog 'n entjie verder gegaan en gaan bid. Elke keer wanneer die Here teruggekom het, was die drie aan die slaap. Hulle was te moeg om in die volheid van sy spanning te deel.

Nadat Jesus hulle die eerste keer aan die slaap vind, sê hy die volgende vir Petrus:

> Simon, slaap jy? Was jy nie in staat om een uur te waak nie? Julle moet waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak (Markus 14:37-38).

Petrus bely dat hy Jesus in alles sal ondersteun, maar wanneer Jesus hom nodig het in gebed, is hy nie in staat om Jesus by te staan nie. Groenewald (1948:360) meld dat Petrus homself so-ewe bo die ander verhef het, met sy verklaring van trou aan die Here en nou reeds begin ontrou die oorhand kry. Gray (2016:L1348) maak melding

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van Petrus se rol as leier van die dissipels en dat Jesus daarop van hom verwag om die verantwoordelike een te wees. Tog bly Jesus die simpatieke, begrypende Heiland wat verstaan dat Petrus, soos die ander om hom, ‘n gewillige gees het, maar dat hulle vlees broos bly. Die dissipels is steeds nie bewus van die gevaar wat op Jesus wag nie; daarom is die behoefte om te slaap groter as die begeerte om te bid. Petrus verstaan steeds nie sy rol as die ‘rots’ waarop Jesus Sy kerk sou bou nie.

6.4.2.3 Petrus verloën Jesus[324]

Petrus bevind homself, soos voorspel deur Jesus aan die Nagmaalstafel,[325] voor vreemdelinge om die vuur in die binneplaas van die hoëpriester se woning. Volgens MacArthur (2008:335) het Petrus aanvanklik saam met die ander dissipels gevlug. Hy het egter later, nadat hy kalm geword het, saam met een ander dissipel omgedraai en agter Jesus aangestap. Hulle bly egter op 'n afstand, aangesien hulle waarskynlik bang is vir arrestasie.

Die eerste ontkenning is teenoor ‘n diensmeisie, ‘n eenvoudige slavin, wat hom terloops herken (Groenewald, 1948:373; Bruner, 2012:1053). Met ‘n antwoord wat aandui dat hy haar nie begryp nie,[326] verlaat Petrus die warmte van die binneplaas, waar hy sy eerste waarskuwing op sy verraad ignoreer; die haan kraai die eerste keer as teken van Petrus se daad van verloëning. In die onskuldige handelinge van ‘n eenvoudige diensmeisie val die leier van die twaalf dissipels en skielik is al die bravade van Getsemane en al die beloftes van vroeër, iets van die verlede. Mens sou hier die impak van vrees op roeping kon suggereer, veral as ’n mens aanvaar dat Petrus waarskynlik in hegtenis geneem sou word. Tog vat dit nie baie vir Petrus om Jesus te verloën nie (Lenski, 1964:673); ‘n aanvanklike daad van ongeloof kom eintlik maklik (Gray, 2016:L1393). Michaels (2010:901) dui op die moontlikheid dat Petrus sy vertroue in Jesus verloor het.

---

[324] Hierdie gedeeltes word nie eksegeties in diepte bespreek nie, aangesien dit nie die studiefokus is nie. Dit dien slegs as agtergrond om Petrus se worsteling te verhelder. Ek sal in diepte eksegese doen van Johannes 21 waar Jesus Petrus se roeping herstel.

[325] Die tekste wat hier genader word, is Markus 14:66-72; Lukas 22:56-62; Matteus 26:69-75 en Johannes 18:17-18, 25-27. Daar is reeds aangedui dat die Nuwe Testamentiese proses van deeglike eksegese en verskille tussen weergawes nie hier die fokus is nie. Die lens is ‘n soeke na Petrus se worsteling om sy roeping as leier van die kerk te verstaan en te aanvaar.

[326] *This heart-piercing scene was anticipated in Mr. 14:27-31, and is led up to by steady degrees: First, the sleepy inattention of Peter and the others at the place called Gethsemane (14:37); then the useless slashing out about (14:47); then the half-hearted following* (14:54) (Moule, 1965:123).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Petrus kry die geleentheid om sy fout te herstel wanneer hy ‘n tweede en ‘n derde keer oor sy verhouding met Jesus uitgevra word. Tog volhard hy egter in ontkenning. Sy stilswye gaan oor tot erge ontsteltenis en hy ontken openlik dat hy Jesus ken, soos Groenewald (1948:374) verwoord: “Sy aanvanklike ontwyking van die belydenis van Jesus se Naam het uitgebrei tot ‘n uitgesproke beëdigde ontkenning van enige verband met Hom.” Die feit dat hy ‘n dissipel van Jesus was, was nie noodwendig ‘n probleem nie, maar sy gewelddadige optrede teenoor Malchus in die tuin in Getsemane was wel ‘n oortreding. Petrus se ontkenning gaan oor tot paniek en ‘n poging om homself te beskerm (MacArthur, 2008:339).

Met hierdie woorde is die daad van verloëning volbring en bevestig deur die tweede kraai van die haan. Petrus se gemoed sak wanneer hy Jesus se woorde onthou. Lukas (22:61-62) voeg by dat Jesus op daardie oomblik vir Petrus gekyk het; dat hierdie twee gebeure, Jesus se blik en die haan wat kraai, Petrus dryf na trane van berou (Gray, 2016:L1398; MacArthur, 2008:339). Petrus se reaksie is ‘n herinnering dat ware berou dikwels gepaard gaan met ‘n gevoel van hartseer oor die sonde. Petrus weet hy was verkeerd en sy reaksie van trane gee uitdrukking aan hierdie emosies (Lenski, 1964:378).[327]

Drie voorbeelde van Petrus se ongeloof en twyfel is aangeraak. Hierdie voorbeelde herinner aan Moses se worsteling met sy roeping. Om voor die onbekende te staan, onseker, bang en kleingelowig, blyk deel van roeping se uitdaging te wees.

6.4.3. Die herstel van en konteks van Petrus se roeping

Nadat Petrus Jesus verloën, kry ons die gedagte dat Petrus werklik met sy eie roeping worstel. In Markus 14:22 lees ons spesifiek hiervan: “En hy het in trane uitgebars.” Matteus se weergawe (22:62) voeg by dat hy bitterlik geween het; ‘n aanduiding dat Petrus se berou skerp emosionele pyn by hom veroorsaak het.[328] Jesus kyk egter nie Petrus se pyn mis nie; in Johannes 21 ignoreer Jesus nie Petrus se ontkennende daad by die vuur in Jerusalem nie. Jesus het geweet dat Petrus ‘n groot rol in die ontstaan van die vroeë kerk sou speel; Jesus het hom juis daarvoor gekies. Jesus sou dus

[327] Bruner (2012:1052) oorweeg die moontlikheid dat Petrus bereid was om ‘n kleiner leuen te vertel om sodoende die binnehof te kon ingaan. Die binnehof sou die plek wees waar Jesus voor Annas sou verskyn en Jesus wou daar wees vir emosionele ondersteuning.

[328] Hierdie emosionele uitbarsting van Petrus word nie in die Johannes-Evangelie genoem nie (Bruner, 2012:1056).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Petrus se status as gekosene moes herstel. Petrus moes leer dat, alhoewel hy Jesus verloën het, Jesus hom nooit sal verlaat nie (MacArthur, 2008:416).

Die perikoop begin waar Petrus aandui dat hy by die see van Tiberias gaan visvang en word sodoende deur ses van die ander dissipels vergesel.[329] Hierdie daad van visvang het moontlik twee betekenisse. Die eerste is dat die dissipels terugkeer na hulle ou bestaanswyse as vissers en hulle roeping as vissers van mense laat vaar, of dat hulle nie weet wat om sonder Jesus te doen nie en die tyd doelloos verwyl. Beide keuses impliseer egter dat die dissipels nie hulle status as gestuurdes uitleef nie (Groenewald, 1980:409-410; Bruner, 2012:1208). Alhoewel MacArthur (2008:407) aandui dat die dissipels terugkeer na hulle vorige leefwyse, is Morris (1971:863) egter van mening dat, alhoewel ons kan afleidings maak, ons nie met sekerheid kan beweer dat die dissipels perspektief verloor het nie. Al wat ons weet, is dat hulle eerder besig wou wees as om niks te doen nie.

Ek kies saam met Groenewald (1980), Bruner (2012) en MacArthur (2008) ‘n interpretasie wat aandui dat die dissipels fokus verloor het en na hulle vorige leefwyse as vissers teruggekeer het. MacArthur (2008:407) het twee redes wat hierdie gedagte versterk. Die eerste is die selfstandige naamwoord ‘boot’ wat verwys na ‘n spesifieke boot, waarskynlik een wat hulle in die verlede gebruik het om mee te werk. Die tweede rede sal verder in diepte bespreek word, maar hou verband met die begrip van ‘hulle’ (Johannes 21:15). MacArthur (2008:407) is van mening dat die ‘hulle’ verwys na die leefstyl van die agtergelate vissersgemeenskap, wat in die verband sin sou maak.

Bruner (2012:1208) lewer ‘n waardevolle bydrae wanneer hy na Jesus se openbaring aan ‘onsuksesvolle’ dissipels verwys. Jesus kies om hulle te ontmoet wanneer hulle met hulle omstandighede stoei; wanneer hulle moedeloos, gefrustreerd en sonder hoop is. Hy openbaar Homself nie tydens ‘n gebedsaksie of aanbiddingsgeleentheid nie, maar juis daar waar die dissipels op hulle brooste is.

Die res van die perikoop lei ons na die ontmoeting tussen Petrus en Jesus. Nadat die dissipels Jesus se opdrag gehoorsaam en ‘n klomp vis uit die water trek, Petrus bewus gemaak word dat dit Jesus op die strand is, trek hy sy hemp aan, spring in die water en swem na Jesus op die strand. MacArthur (2008:410) beskryf Petrus se optrede,

[329] Vergelyk Louw (2017).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

soos volg: *So intense was his desire to be with Jesus that Peter could not wait for the boat to reach the shore*.

Petrus se simboliese handeling van die aantrek van sy hemp verwys volgens Morris (1971:864) na die Joodse gebruik om iemand geestelik te groet deur reg geklee te wees. Petrus wil Jesus dus nie onbekwaam groet met sy kaal bolyf nie; ‘n daad wat ook volgens Michaels (2010:1036) kan verwys na die reeds bestaande skaamte wat by Petrus bestaan.

Terug op land, is dit weereens rondom die vuur wat Petrus met sy daad van verloëning gekonfronteer word. Dit was rondom die vuur dat Petrus vir Jesus drie keer verloën het; nou word hy uitgedaag om rondom ‘n soortgelyke vuur drie keer sy liefde aan Jesus te bely (Gray, 2016:L1454; Ryle, 2019:364; Bruner, 2012:1211). Na die oggendete, wat Jesus voorsien het deur die wonder van die groot vangs, wend Jesus Hom tot Petrus. Hierdie is nie die eerste keer dat Jesus en Petrus mekaar ná Jesus se kruisiging sien nie, maar aangesien Petrus se aansien as leier van die dissipels skade gelei het ná sy daad van verloëning, kies Jesus om, ten aanskou van die ander dissipels, Petrus oor sy liefde vir Hom uit te vra (Groenewald, 1980:413). Waar hy Jesus drie keer voor sy vyande verloën het, moet hy sy liefde nou drie keer voor sy vriende bely (Morris, 1971:869). MacArthur (2008:416) dui op die gevolge van ongehoorsaamheid en die wete dat Petrus op die harde manier moes leer wat dit beteken om waarlik vir Jesus Christus lief te wees. ‘n Verdere opvallend kenmerk van Jesus se optrede is dat hy nie net in groepe met mense werk nie, maar dat Hy ook soms kies om afsonderlik met mense in gesprek te tree – die gesprek tussen Jesus en Petrus dien as ‘n uitstekende voorbeeld hiervan (Bruner, 2012:1227).

Jesus wil Petrus se oortredinge vergewe en ‘n nuwe begin met hom maak, daarom die gebruik van die naam Simon, nie Petrus nie (Schnackenburg, 1982:362; Bruner, 2012:1235). Die feit dat Jesus Simon kies, dui ook op die aard van die gesprek – een met ‘n konfronterende karakter – aangesien Jesus hom op ander plekke ook so aanspreek as hy verkeerd gehandel het (MacArthur, 2008:417).

Jesus se eerste vraag gaan oor Petrus se liefde vir hom. Hy wil waarskynlik weet of Petrus hom liewer het as die ander dissipels.[330] Hier gaan dit nie oor ‘n groter liefde

[330] In Jesus se vorige openbarings aan die dissipels is die meeste van hulle in ‘n ruimte van aanbidding. Hier verskyn Jesus egter net aan sommige van die dissipels. Die ruimte is ook nie een van aanbidding nie, maar eerder ‘n ruimte van sekulêre arbeid (Bruner, 2012:1203).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

as ander nie, maar eerder oor Petrus se belydenis van vroeër (Schnackenburg, 1982:362; Ryle, 2019:364; Michaels, 2010:1043). In Johannes 13:37 het Petrus bely dat hy sy lewe vir Jesus sou aflê; Jesus wonder of Petrus, veral nadat hy Jesus verloën het, nog dieselfde voel. Kan hy nog steeds werklik bely dat hy Jesus liewer het as al die ander dissipels, wat by Jesus gestaan het in sy diepste nood en lyding? (Morris, 1971:870). Morris (1971:871) brei verder oor die punt uit deur Petrus se siening van wie Jesus is te bevraagteken:

> *His actions showed that Peter had not wanted a crucified Lord. But Jesus was crucified. How did Peter's devotion stand in the light of this? Was he ready to love Christ as He was, and not as Peter wished Him to be? That was the question and it was an important one. Peter must face it and answer it.*

Petrus begeer 'n koning wat voldoen aan sy eie wêreldse behoeftes. Met Jesus se kruisiging kom Petrus se behoefte aan potensiële wêreldse bevryding tot 'n einde; daarom waarskynlik ook die daad van verloëning. Jesus se vraag is dus gemik op Petrus se verandering van hart.[331] Is Petrus nou gereed om te bely dat Hy Jesus liewer het as wat hy hom vroeër gehad het?

Petrus bely dat Jesus self die antwoord weet. Hy kan nie op sy eie dade roem om sy liefde vir Jesus te bely nie;[332] sy dade getuig juis van verraad. Jesus as Here weet egter dat Petrus vir Hom lief is en Petrus bou hierop sy argument. Jesus moet self Petrus se hart beoordeel (Groenewald, 1980:413).

Petrus se antwoord is genoeg rede vir Jesus om sy eerste opdrag aan hom te gee: "Laat my lammers wei" (Johannes 21:15). Wat presies bedoel word met hierdie stelling is ook kompleks. Die waarskynlikste is dat Jesus, as die een aan wie die lammers behoort, die versorging van sy volgers oorgee aan Petrus (Michaels, 2010:1044). Petrus moet hulle nie net fisiek versorg nie, maar hulle ook geestelik lei. Hy moet hulle eenheid bewaar en as volk van God lei (Schnackenburg, 1982:363; MacArthur, 2008:417). Groenewald (1980:413) voeg by dat die lammers verwys na mense wat swak is in die geloof, soos lammers ook maar nog swak is. Petrus het hom in sy

[331] MacArthur (2008:417) voer aan dat die eerste vraag eerder na fisieke sake soos die boot, nette en visvang in die algeheel verwys. Bruner (2012:1234) meen dat daar ondersteuning vir beide interpretasies is.

[332] Vergelyk ook MacArthur (2008:417).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ongeloof as ‘n geestelike lammetjie bewys; daarom is sy eerste opdrag om ander swakkes pastoraal te versorg.[333]

Jesus rig nou ‘n tweede keer die vraag aan Petrus. Hierdie keer word nie vraag nie gemeet aan die liefde van ander nie, maar slegs aan Petrus se liefde vir Jesus. Die opregtheid van Petrus se liefde is hier die enigste fokus (Morris, 1971:874). Petrus antwoord dieselfde as die eerste keer; sy liefde is nie iets wat hy kan bewys nie, maar Jesus weet of hy Hom liefhet. Weereens is Petrus se antwoord genoeg vir Jesus om sy tweede opdrag aan hom te gee: “Pas my skape op” (Johannes 21:16). Petrus word opgeroep om Jesus se kudde namens Hom op te pas. Jesus is en sal altyd die hoofherder van die kudde bly. Petrus se tweede opdrag is egter om die kudde namens Jesus te versorg; nie om ‘n outoritêre gesindheid in te neem nie, maar ‘n gesindheid waar Petrus Jesus se volgelinge liefdevol lei en beskerm (Schnackenburg, 1982:364). Morris (1971:874) en Michaels (2010:1045) redeneer dat Petrus opgeroep word om die amp van herder te beoefen, wat baie meer impliseer as net wêreldse leiding en voeding. Soos MacArthur (2008:418) dit verwoord, ‘n verwysing na *the full scope of responsibility that pastoral oversight entails*.

Die derde keer wat Jesus vra na die opregtheid van Petrus se liefde, is die uitwerking daarvan op Petrus groter. Hy raak hierdie keer bedroef en ervaar waarskynlik dat Jesus nie sy liefde ten volle vertrou nie (Groenewald, 1980:414; Michaels, 2010:1045).[334] Hy betoon berou en is opreg hartseer oor Jesus se reaksie (Morris, 1971:874; Thatcher, 1996:447). Gray (2016:L1460) beskryf die berou, soos volg:

> *Peter was grieved because Jesus asked him a third time whether he loved him. Why is this third time important, and why was Peter grieved? It’s because he suddenly understood the significance of Jesus’s third question. The last time that he was at a charcoal fire, Peter had denied*

[333] Die vraag oor die verskillende woordkeuse vir liefde is volgens Morris (1971:873) moeilik verklaarbaar. Hy redeneer egter dat die verskil tussen Jesus en Petrus se woordkeuse nie die betekenis beïnvloed nie. MacArthur (2008:417) wys egter daarop dat Jesus se verwysing na liefde, meer is as wat Petrus kan bely, daarom verwys Petrus eerder na *phileō*, wat eerder na toegeneentheid verwys. Bruner (2012:1228) en Michaels (2010:1043) voer aan dat daar nie werklik ‘n verskil is tussen die gebruik van woorde soos ‘lammers en skape’, *Agapé* en *phileō* is nie.

[334] Die meeste kommentators (Morris, 1971:874; Groenewald, 1980:414; Schnackenburg, 1982:364) meen dat Jesus se keuse om Petrus se woord vir liefde (φιλεῖς) die derde keer te gebruik, nie van groot waarde is nie. MacArthur (2008:418) redeneer egter dat Jesus dit doelbewus doen en dat hy juis Petrus se keuse vir ‘n eenvoudiger soort liefde bevraagteken. Petrus is nie bereid om Jesus se beskrywing vir liefde te gebruik nie, daarom bevraagteken Jesus selfs nou Petrus se keuse vir liefde. Petrus se rede vir sy hartseer is juis in Jesus se bevraagtekening van hierdie belydenis van Petrus gewortel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *Christ three times. Now, Christ asks him three times if he loves him. Jesus isn't rubbing it in; rather, Jesus is giving him a chance to affirm his love—to undo his threefold denial.*

Hierdie keer antwoord hy dus nie met 'n "Ja, Here" nie, maar net met: "Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet" (Johannes 21:17). Petrus maak hier 'n uitspraak wat van groot waarde is vir Christologie (Groenewald, 1980:414; Morris, 1971:875): dat Jesus alwetend is. Jesus ken die harte van mense en in hierdie geval ken hy die opregtheid van Petrus se hart. Petrus werp hom suiwer op die genade van die Here. Hy weet sy hart is opreg en dat hy begeer om Jesus te volg, maar hy plaas die oordeel van sy opregtheid in die hande van die Here.

Jesus doen dan juis dit en oordeel dat Petrus se hart suiwer is. Hy word vrygespreek van sy vorige oortredings en kry sy finale opdrag: "Laat my skape wei." Hierdeur word Petrus se status herstel en word hy beskou as 'n betroubare dissipel van Jesus, een wat voldoen aan die belangrikste eienskap van alles: liefde vir Christus (Morris, 1971:875; Thatcher, 1996:447; Bruner, 2012:1231). Hierdie opdrag is nie uniek aan Petrus nie, maar aan alle volgelinge van Jesus. Petrus word uitgesonder, juis omdat hy sy liefde vir Jesus ontken het. Hy is nie belangriker as die ander dissipels nie en hulle kry dieselfde opdrag. Groenewald (1980:414) verwoord dit sinvol, soos volg:

> Die bedoeling is stellig nie dat alleen Petrus hierdie besondere opdrag kry nie. Dit is ook die roeping en taak van die ander apostels om vir die skape van die Here te sorg.[335]

MacArthur (2008:418) se opsomming van Petrus se lewensles as geroepene help:

> *Perhaps at long last Peter has learned that he cannot follow Jesus in his own strength and has realized the hollowness of affirming his own loyalty in a way that relies more on his own power of will than on Jesus' enablement …. Likewise, we should soundly distrust self-serving pledges of loyalty today that betray self-reliance rather than a humble awareness of one's own limitations in acting on one's best intentions.*

Anders as Moses, word Petrus nie na 'n spesifieke plek geroep nie. Tog is hulle opdrag waarskynlik dieselfde. Moses word geroep om die volk uit hulle onderdrukking te lei

[335] Vergelyk ook Ryle (2019:365).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

na die beloofde land, terwyl Petrus geroep word om Jesus se volgelinge te lei en sodoende bevryding aan te kondig, vir almal wat glo in Christus as die Messias. Hiervan getuig Petrus met sy toespraak in Handelinge 3:19: “Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer.” Hierdie opdrag sou nie ‘n maklike een wees nie, inteendeel sou Petrus en die res van die dissipels baie moeilike tye moes verdra om hierdie roeping uit te leef. Jesus verwys juis na hierdie swaarkry wat Petrus sal moet verdra, maar nadat sy hart op Jesus se ware roeping vir hom gefokus is, is hy bereid om die pad wat vir hom aangewys is te stap, ongeag van die uitdagings. Waar God se hart met Moses gefokus was op die konteks van die Israeliete, was God se hart met Petrus gefokus op die versoening van alle mense en ander dissipels se roeping. Die konteks is nou baie breër as net een volk; die fokus is om alle mense, heidene en Jode, te verenig met God die Vader. Ek sluit hierdie gedeelte oor Petrus se roeping af met ‘n besonderse verwysing vanuit Gray (2016:L96). Die verwysing is geskryf in die voorwoord deur Fr. Robert Spitzer:

> *After Peter denies Jesus three times, Jesus invites Peter to acknowledge his love, effectively reconciling him and restoring him to his position as head of the Church. The lesson here is that true disciples can always count on Jesus to invite them back into his life and ministry even after failures—even colossal failures like Peter’s denials. Note that all the above lessons of discipleship are derived from failures of Peter or the disciples to understand or act properly. Jesus uses these failings to teach his disciples about good discipleship, but there is also another message. Even if we fail at being good disciples, Jesus, through the power of the Holy Spirit, working in the immensity of his providential plan, can restore us, teach us through our failures, and after our chastening, make us into even better disciples. Whatever we do, we cannot allow ourselves to be discouraged. We must have the same childlike heart of Peter to hear the invitation of Jesus and accept his reconciling love when we have failed, even colossally.*

In hierdie beskrywing van Petrus se kinderlike hart word die kompleksiteit van dissipelskap sigbaar.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.5. Gevolgtrekking: Roeping beoordeel vanuit Moses en Petrus se verhale

Ek bevind myself, soos baie Weskussers, aan die begin van die onbekende bospad. Die uitdagings van ons omgewing, soos in die res van die land, vra dat ons uit ons gemaksones sal beweeg en aktief by die nood in ons gemeenskap betrokke sal raak. Die Wosa-dokument, sowel as bewyse vanuit my eie gemeente en gemeenskap, het die afwesigheid van inwoners by hierdie uitdagings beklemtoon. Hierdie uitdagings is verseker nie uniek aan die Weskus nie; die Weskus dien slegs as die studie-fokusarea. Die onsekerhede, vrese en probleme aan die Weskus is maar deel van die uitdagings, soos beskryf in Hoofstuk 5. Suid-Afrika, in ‘n postapartheid-konteks, is ‘n land met verskeie probleme; ‘n land wat baie mense waarskynlik intimideer, soos Egipte vir Moses en die binneplaas van die hoëpriester se woning vir Petrus geïntimideer het. Die vrae is:

- Word ons geroep om verby hierdie vrese te beweeg en by die uitdagings van ons land en gemeenskap betrokke te wees?
- Kan ons in ons gemaksones bly en geloof bly beoefen in ‘n selfsugtige ruimte, of is deel van ons almal se roeping om te reageer en die uitdagings van die onbekende aan te durf?
- Kan ons die kompleksiteit van ons konteks gebruik as verskoning om ons roeping en sodoende God, Christus en die Gees, te verloën?

Beide karakters wat ondersoek is, bevestig dat God se hart op die nood van Sy kinders gefokus is. In Moses se roeping is dit die direkte verdrukking van die volk wat swaar op God se hart druk; in Petrus se roeping is dit die breër konteks van die verlossing van alle mense wat smag na bevryding. In hierdie opsig word God se heilsplan, soos verkondig deur Petrus in Handelinge 2, die konteks van Petrus en sy samewerkers se roeping. Petrus maak dit duidelik dat God Jesus gestuur het om tot redding te wees vir alle mense: “So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word” (Handelinge 2:14).[336] Die redding, wat volgens Louw (2017) verwys na die herstel van omstandighede of geestelike intervensie te beleef, word aan beide Moses en Petrus opgedra. Moses verlos die volk wel fisiek, maar ook geestelik ervaar

[336] Hierdie ‘alle’ kan vertaal word met ‘elke soort mens’ (Louw, 2017). In Petrus se opening van sy preek in Handelinge 2:14 brei hy uit hieroor, wanneer hy die Judese mans, sowel as elke persoon wat in Jerusalem woon, aanspreek. Hier gaan dit om roeping se konteks te bepaal, daarom is dit noodsaaklik om kennis te neem dat Jesus vir Jode, sowel as heidene kom; dit gaan hier nie oor die teologie van die uitverkiesing en sodanige leerstellings nie (dit val buite die raamwerk van hierdie studie).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hulle God weer opnuut as die God van hulle voorvaders, as die Een wat aktief by hulle in hulle swaarkry betrokke is. Jesus beveel Petrus om sy skape op te pas, wat reeds bespreek is as meer as net iets geesteliks; ook ‘n opdrag om hulle fisiek te versorg en te beskerm. Die verlossing kan as ‘n holistiese betrokkenheid by God se kinders beskou word.

Dit raak duidelik dat beide Moses en Petrus, sowel as verskeie ander mense in die Bybel, geroep word om draers van God se fisieke en geestelike verlossing te wees. Nes ons as kinders van God, as die draers van die goeie nuus, nie anders kan as om God se dade van heil aan ander te toon nie. Petrus word in die amp herstel, maar sy roeping is nie anders as die ander met wie Jesus ‘n pad gestap het nie. Aan hulle almal word die opdrag gegee om diegene wat aan God behoort op te pas en te versorg; geestelik en fisiek. Aan hulle word die opdrag gegee om die onbekende bospad aan te durf, om die vrese van die onsekere pad in God se hande te plaas en Hom alleen te vertrou. In ons huiwering is ons nie anders as Moses en Petrus nie, beide van hulle worstel met hierdie roeping. Tog word hulle vandag geken as twee geloofshelde, mense na wie ons kan opkyk en by wie ons werklik kan leer. Wat leer ons egter by hulle oor die proses van roeping? Vanuit die eksegetiese proses, die volgende toepaslike punte:

6.5.1. God as die aktiewe agent

Beide Moses en Petrus se verhouding met God begin met God se soeke na hulle. Moses word geroep deur ‘n teofanie, terwyl Petrus deur Jesus geroep word as visserman. In beide se verhale is God die primêre agent in die verhouding en bly Hy die Een wat simbolies na hulle roep – die Stem van die Roepende is hoorbaar in beide verhale. Verder word beide persoonlik, intiem by die naam geroep. Hierdie persoonlike aard van roeping is belangrik, aangesien beide Moses en Petrus deurentyd ‘n keuse in die proses het. Beide kon ‘nee’ sê vir die verhouding en die uitnodiging om ‘n dienskneg van God te wees van die hand wys. ‘n Verdere opmerking in die verband is God wat beide karakters in hulle eie konteks ontmoet en moeite doen met hulle omstandighede. Moses word in die veld as herder geroep, terwyl Petrus langs die waters as ‘n visser ontmoet word. God se moeite as aktiewe agent is besonders en dui op God se poging om die mens te ontmoet waar hulle is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In ons soeke na God se roeping in ons lewens, is dit noodsaaklik om hierdie selfopenbaring van God te respekteer – God bly die aktiewe agent in ons roeping. Om geroep te word, is altyd ‘n reaksie op die Roepstem van die Roepende. Hoe hierdie proses presies werk is kompleks en die verband tussen God se rol en die van die mens is ‘n dogmatiese vraagstuk, wat nie hier in diepte bespreek kan word nie. Wat wel duidelik word, is God se moeite met ons omstandighede en Sy begrip vir ons konteks. Ek het ook reeds in Hoofstuk 4 en aan die begin van hierdie afdeling, die verskil tussen ‘n enger of ’n wyer siening van roeping aangespreek. In die meeste gevalle sal ons nie noodwendig ‘n enger roepingservaring beleef nie, maar eerder ‘n wyer siening van roeping ervaar. God bly egter roep en dit raak ons taak om lidmate te bemagtig om Sy stem te soek, sodat lidmate God se selfopenbaring kan ervaar.

6.5.2. Die misterie van God se openbaring

God se openbaring aan beide Moses en Petrus gebeur aan die hand van verskeie tekens en wonderwerke. Deur die tekens openbaar God sy betrokkenheid in hulle lewens en bevestig Hy aan hulle dat Hy God is. Hy is die Heilige, terwyl hulle net mens bly. Hierdie aspek van die verhouding, die van die Heilige teenoor die menslike, word deurgaans in die verhouding opgeroep. In beide verhale is God bereid om verskeie tekens van Sy getrouheid aan die betrokke partye te bied en in beide gevalle neem dit meer as een teken om die geroepene te oortuig dat God die Heilige, Alwetende is wat uitreik na hulle. Weereens is God se bereidheid om die mens van tekens te voorsien ‘n bewys van Sy rol as die aktiewe agent. Hierdie tekens volg dikwels ook as ‘n bevestiging van inligting wat verskaf is. Waar die mens twyfel in die vertelling, gee God tekens om die waarheid van die openbaring te bevestig: Moses vra vir tekens om God se opdrag aan hom te bevestig, terwyl Petrus dikwels wonderwerke sien as bevestiging van Jesus se gesag as Messias.

In Hoofstuk 4 is God se selfopenbaring ook aangespreek en is die misterie van God se openbaring uitgelig. In ons poging om lidmate te bemagtig is dit ‘n uitdaging om in ‘n sekulêre, kennisgedrewe konteks bewyse vir God se roeping in lidmate se lewens te lewer. Ons pogings om mense te oorreed dat God in die alledaagse betrokke is, is dikwels beperk en ons benadering tot bemagtiging dikwels kognitiefgedrewe. Indien ons lidmate wil bemagtig om roeping uit te leef, sal ons ruimtes moet skep waar hulle

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die misterieuse roepstem van God kan beleef. Lidmate moet bemagtig word, soos Moses en Petrus, om iets van die Heilige; hulle moet iets beleef van die almag van die Een wat hulle roep, bemagtig en stuur.

6.5.3. Die mens se worsteling met roeping

Beide Moses en Petrus worstel om die roeping op hulle lewens te aanvaar; beide sukkel om deur die geraas van vrees, onsekerheid, persoonlike opoffering en ongeloof die Stem van die Roepende te vertrou. Mens sou dink dat dit in beide gevalle makliker moes gaan: Moses ontmoet God in ‘n brandende bos, terwyl Petrus Jesus op die water sien loop. Tog worstel beide, al is hulle ontmoeting en roeping ‘n perfekte voorbeeld van ‘n enger begrip van roeping.

In ons strewe om self op God se roeping te reageer en ons verantwoordelikheid om as kerklidmate te bemagtig, moet ons iets begryp van die mens se worsteling om in ‘n postapartheid-konteks God se Stem te hoor. Dat mense vrees, twyfel, onseker voel en worstel met persoonlike opoffering, is verstaanbaar. Hoe ons egter mense help om deur hierdie worsteling te kom, is ‘n verdere uitdaging vir ons as kerk. Die pastorale fokus van hierdie studie speel hier ‘n groot rol; ons moet aanvaar dat lidmate nie net sommer gaan beweeg nie. Om hulle te help om God-drie-enig te vertrou, is deel van ons pastorale taak as kerk. Dit vra dat ons lidmate bemagtig om te bly soek en aan te hou, ten spyte van hulle onsekerhede. Die antwoord in roeping lê hier nie noodwendig in ons vermoë om lidmate te oortuig nie, maar om hulle te help om aan te hou luister na die werking van die Gees in hulle lewe.

6.5.4. God se geduld met die mens

Een van die wonderlike aspekte vanuit die verhale van Moses en Petrus, is God se geduld met die mens. God antwoord Moses verskeie kere en maak erns met sy twyfelvrae. Jesus het Petrus dikwels as Simon aangespreek – iets wat hy gedoen het as hy Petrus moes vermaan. Tog bly God, as Koning in die Ou Testament en as Seun in die Nuwe Testament, geduldig met diegene wat Hy roep. God sien die groter prent en weet wat die toekoms inhou. Wat hy vra van sy kinders is om Hom te vertrou en gehoorsaam te wees aan Sy opdragte. Beide Moses en Petrus faal in gehoorsaamheid, maar in beide gevalle vergewe God hulle telkens. Die vergifnis maak

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

egter nie hulle pad net makliker nie, maar vra juis meer van hulle. Hoe nader hulle aan God beweeg, hoe meer beleef hulle God se geduld, almag en leiding.

As kerk kort ons, soos God, geduld met ons lidmate. Ons kort begrip vir hulle omstandighede en ‘n pastorale hart wat nie oordeel nie, maar wat keer op keer luister, bemoedig en herstel. Lidmate moet weereens iets van God se genade beleef.

Moses en Petrus se verhouding met God begin wankelrig, maar vandag staan beide bekend as geloofshelde. Hoe ons lidmate bemagtig om God se ope arms te beleef, is deel van ons roeping met lidmate. Dit beteken nie dat ons net tekortkominge aanvaar nie, maar juis dat ons soms met erns leiding moet bied. God se geduld beteken nie ‘n aanvaarding van Moses en Petrus se swakpunte nie, maar geduld om hulle met die swakpunte te help. Petrus verloor sy geloof op die water, raak aan die slaap en verloën sy mentor, broer en vriend. Telkens word hy aangespreek oor sy ongeloof en swakheid as mens, maar telkens is daar genade, aanvaarding en liefde.

6.5.5. ‘n Saak van liefde

Dat God die verhouding met Moses en Petrus besonders begin, is reeds uitgelig. God se openbaring aan hulle is nie net misterieus en bonatuurlik nie, maar ook feitlik. Beide karakters leer God ken op ‘n persoonlike vlak en, soos die tyd verloop, raak die verhouding meer en meer intiem. Aanvanklik was dit nie so nie en aan die begin was God se selfopenbaring deur wonderwerke en inligting amper nie genoeg om Moses en Petrus te oortuig nie. Wat het dus gebeur? Beide van hulle het geleer wat dit beteken om God lief te hê. In Petrus se verhaal kom die liefde duidelik na vore, aangesien Jesus hom direk daaroor uitvra. Petrus se verhouding met God skuif met tyd van ‘n ontmoeting met die Heilige na ‘n intieme verhouding met die Triniteit; as’t ware ‘n gemoedsverandering wat plaasvind. Hierdie gedagte is van groot belang in ons soektog na lidmaatbemagtiging.

Lidmate moet gehelp word om van kennis oor God na liefde vir God te beweeg. Simbolies is dit een saak om voor die ingang van die onbekende met kennis oor God te sit, maar ‘n ander om die onbekende met liefde vir God in te gaan. Kennis en wonderwerke help om die verhouding tussen God en lidmate te vestig, maar as lidmate nie gehelp word om God bo alles lief te hê nie, sal hulle roeping by die wêreldse bly. In Hoofstuk 4 is die verband tussen formele en informele onderrig

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aangespreek. Formeel moet ons lidmate met kennis bemagtig en ruimtes van ontmoeting met God fasiliteer. Informeel moet ons hulle bemagtig om op ‘n persoonlike vlak in hulle verhouding met God te groei. Dit vra dat hulle bemagtig moet word om God te begeer; ‘n groot uitdaging in ‘n wêreld vol wonderlike begeertes. Slegs liefde vir God sal maak dat mense bereid raak om die veiligheid van hulle simboliese huise te verlaat en agter God in die onbekende in te stap. Dit was ‘n les wat beide Moses en Petrus met tyd moes leer.

6.5.6. Uitdagings op die pad

God belowe nie aan Moses dat die pad maklik sal wees nie, inteendeel word die gevaar van die situasie duidelik aan hom geopenbaar. Petrus word gedurig herinner aan die koste van dissipelskap en keer op keer beleef hy hoe Jesus self die prys betaal. Tog is dit God se beloftes van trou en persoonlike teenwoordigheid wat beide oortuig om die onsekere pad te stap. God gebruik juis die swaarkry van Israel om Moses van sy roeping te oortuig, terwyl Petrus geroep word om die kerk in ‘n tyd van vervolging te vestig. God beweeg saam met Moses na Egipte en deur die woestyn, terwyl Petrus Jesus se nabyheid ken en die krag van die Gees op Pinkster en daarna beleef. Die uitdagings op die pad word nie verskonings nie, maar juis geleenthede om God se hart te leer ken. God staan die mens in tye van nood by en openbaar Homself altyd as die aktiewe agent in die onbekende. Juis in die oorwinning van uitdagings word God se teenwoordigheid dikwels sigbaar.

Dat God nooit van mense verwag om op hulle eie die onsekere toekoms in te gaan nie, is ook opvallend. Moses kry vir Aäron, terwyl Petrus die ander dissipels as vennote ontvang. Saam maak hulle God se heilsplan sigbaar en saam soek hulle luisterend na God se heilsplan vir hulle. As kerk gee God ons aan mekaar. Ons word nooit op ons eie die onbekende ingestuur nie. God beweeg altyd voor ons; ons stap saam, luisterend agter hom aan. Die kompleksiteit van ons land as die breër bos en die Weskus, as die onmiddellike ingang, is in diepte in Hoofstukke 5-6 bespreek. Ons het baie rede om te vrees, te twyfel en ‘nee’ te sê vir God se roeping vir ons. God verstaan ons worsteling en gee juis daarom vir ons die kerk as liggaam. Ons uitdaging is om roeping nie net as iets persoonlik te sien nie, maar om bereid te wees om as kerk in die harde realiteite van ons verlede, hede en toekoms betrokke te raak.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.6. Samevatting

Met die verloop van die studie het Hoofstukke 1-3 gefokus op ‘n aanvanklike studieraamwerk. Hoofstukke 4-6 is aangewend om ‘n teoretiese vertrekpunt vir gereformeerde roeping in ons huidige konteks te ondersoek. Hoofstuk 4 het gehandel oor God as die Een wat roep en oor hoe hierdie roeping teoreties lyk. Die saak van ‘n begeerte om op God se uitnodiging te reageer is ook bespreek. In Hoofstuk 5 is die breër konteks van die onbekende beskryf, terwyl Hoofstuk 6 die saak al hoe nader na die huis in die Weskus bring. Die belewenis in die Weskus is aangevul deur twee toepaslike lewensverhale vanuit die Bybel. Wat dié studie egter uitlig is dat God mense roep om saam met Hom die vreemde in te beweeg en vir sy Koninkryk te arbei. Hierdie uitnodiging is dikwels vol struikelblokke en vrees met onsekerheid en twyfel as deel van normale menslike reaksie. Tog kan hierdie struikelblokke nie as verskoning gebruik word om nie op God se roepstem te reageer nie.

Wat oorbly vir hierdie studie is ‘n sterk fokus op lidmaatbemagtiging. Hoe om al hierdie teoretiese hoofstukke in my eie konteks, prakties toe te pas, is van waarde vir die praktiese aard van my navorsing. Hoofstuk 7 verskuif die fokus na die roepingsbelewenis van vyftien lidmate in SBM. Die hoop is om by hierdie lidmate te leer hoe hulle God se roeping tans in die Weskus beleef. Alles wat tot dusver gedoen is, is gedoen met die idee om sekere vrae te formuleer, vrae wat prakties, in my eie konteks getoets kan word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Afdeling C: ‘n Poging om kategorieë met toepaslike gevalle 'te versadig' om die toepaslikheid daarvan te ondersteun

In Hoofstuk 3 is reeds aangedui dat ek Silverman (2020) se drie fases van die gegronde teorie kies. Fase 1 (Hoofstukke 4-6) se doel was om teoretiese literêre navorsingskategorieë te ontwikkel wat verder in die praktyk ondersoek kon word. Vanuit Fase 1 is sewe vrae saamgestel wat deur vyftien semi-gestruktureerde onderhoude in Saldanhabaai-munisipaliteit (SBM) getoets is. Hierdie toetsing is die aanvang van Fase 2: ‘n poging om kategorieë met toepaslike gevalle ‘te versadig’, om die toepaslikheid daarvan te ondersteun.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 7: Roeping gedefinieer vanuit een-tot-een-onderhoude

7.1 Inleidende gedagtes

Ek het deurgaans in hierdie studie die beeld van ‘n denkbeeldige oerwoud beskryf as die Suid-Afrika waarin ons tans leef. Ek besef dat baie verander het, in die paar jaar wat ek aan hierdie studie gewerk het, maar op ‘n manier is die oerwoud nogsteeds net so onbekend as voorheen. Ons landskap is gedurig aan die verander: terwyl ek hierdie hoofstuk begin, bevind ons onsself in Vlak 3 van die Covid-19-grendeltydperk in 2020 en die vele debatte oor die sogenaamde #BlackLivesMatter-beweging. Op ‘n manier kan die stelling gemaak word dat die land se situasie nog meer verward geword het, sedert hierdie studie begin is. Die magdom professionele mense wat die land verlaat, bevestig dit waarskynlik. *Maroela Media* (Meyer Jansen, 2019) het in Mei 2019 berig dat meer en meer Suid-Afrikaners die land verlaat, weens ‘n wantroue in die regering se vermoë om die land se situasie te herstel:

> Mooi beloftes sal nie help nie. Mense is bekommerd oor eiendomsreg, loopbaangeleenthede, rassekwotas, kaderontplooiing, tenderpreneurs en die vernietiging van sakegeleenthede.

Ek het in die vorige hoofstukke hierdie uitdagende konteks van die oerwoud in diepte bespreek en spesifiek na die konteks van my persoonlike bospad as SBM gekyk. Hoe gereformeerde Christene hulle roeping in hierdie spesifieke konteks uitleef, was een van die groot kwessies wat ondersoek is. Vanuit die teoretiese hoofstukke is sekere vrae gedefinieer wat prakties in my omgewing getoets is. Hoe hierdie vrae getoets, verwerk en geïnterpreteer is, is die doel van hierdie hoofstuk. Ek het simbolies die bos ingevaar en langs die pad in gesprek getree met mense wat op hulle roete arbei. Elkeen se ervaring is anders en uniek, maar saam help hulle om ‘n prent te skilder, wat sinvol aangewend kan word om ‘n beter perspektief oor ons gemeenskap te kry.

Die manier waarop die data versamel, verwerk en geïnterpreteer is, kom nou aan die woord. Ek begin deur ‘n teoretiese begrip van data-ontleding te ondersoek. Die res van die hoofstuk word gebruik om aanvanklike terugvoer oor die onderhoude te verskaf.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

7.2. Kwalitatiewe data-ontleding

Ek vind dit noodsaaklik om, voordat daar na die data-ontleding gekyk word, kortliks weer iets oor die gegronde teorie te verwoord. Goulding (2002:42) beklemtoon die noodsaaklikheid van die navorser se veldwerk as krities vir gegronde teorie. Die noodsaak vir ‘n konteksgefokusde benadering, wat kan help om nuwe, praktykgerigte teorieë te ontwikkel, is ‘n verdere noodsaaklike aspek van die benadering. Tracey (2013:30-31) gee ‘n behulpsame opsomming:

> *Grounded theory … refers to a systematic inductive analysis of data that is made from the ground up. Rather than approaching the data with pre-existing theories and concepts and applying these theories to the data (an etic approach), the researcher begins instead by collecting data, engaging in open line-by-line analysis, creating larger themes from these data, and linking them together in a larger story. This emic approach, in turn, produces grounded theory.*

In dié benadering is die voorveronderstelling belangrik dat nuwe teorieë na vore sal kom. In hierdie opsig verskil die gegronde teorie van ander kwalitatiewe metodes. Goulding (2002:44) is krities teenoor ander vorms van kwalitatiewe navorsing deurdat hulle faal om die data so te verwerk dat nuwe praktyke na vore kom. ‘n Aspek van gegronde teorie wat my as navorser hinder, of eerder ‘n aspek wat hier kortkom, is die herhaalde terugbeweeg na die veld om data te versadig (Goulding, 2002:46). Die kleinskaalse navorsing van hierdie studie, met ‘n sterk fokus op literatuurstudie, laat my dikwels wonder of dit wat ek as gegronde teorie beskryf, waarlik die metode is wat ek volg. Te midde van hierdie worsteling het ek vrede gekry deur Tracey (2013:184) se opmerking dat baie kwalitatiewe navorsers aandui dat hulle gegronde teorie as metode aanwend, maar dikwels nie die diepte daarvan verstaan of aanwend nie. Syself verwys na haar eie gebruik van gegronde teorie, as iets anders, iets wat soos gegronde teorie lyk, maar wat eintlik ‘n samewerking van verskeie metodes is. Sy beskryf dit as *iterative analysis* en verduidelik dit, soos volg (Tracey, 2013:184):

> *Iterative analysis alternates between emic, or emergent, readings of the data and an etic use of existing models, explanations, and theories. Rather than grounding the meaning solely in the emergent data, an iterative approach also encourages reflection upon the active interests,*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *current literature, granted priorities, and various theories the researcher brings to the data. Iteration is 'not a repetitive mechanical task', but rather a reflexive process in which the researcher visits and revisits the data, connects them to emerging insights, and progressively refines his/her focus and understandings.*

Die suiwer induktiewe skepping van nuwe teorieë deur die 'maling' van oorspronklike data is selde moontlik sonder interaksie met ander data. Ek volstaan by die metode van gegronde teorie, maar beskryf dit, soos Tracey (2013:184), as 'n herhalende, interaktiewe proses waardeur nuwe data met bestaande data getoets word. Vanuit hierdie reflektiewe metode word nuwe praktykgerigte teorieë ontwikkel.

Hierdie benadering gun my as navorser die geleentheid om in diepte na lidmate in die Weskus se ervaring oor roeping te luister – 'n kontekstuele benadering waardeur data induktief verwerk word, maar in gesprek gebring word met bestaande teorieë en praktyke. Hierdie dataverwerking is die fokus van hierdie fase en word beskryf as data-ontleding.

Harding (2019:xix) beskryf data-ontleding as

> *the process of examining, comparing, pulling apart and putting back together different pieces of data in order to draw conclusions about overall trends, themes and issues within the dataset.*

Creswell (2015:19) beskou dit as 'n geleentheid om diepte aan die kennis oor 'n spesifieke onderwerp te gee. Vir my persoonlik is hierdie hoofstuk juis dit; 'n geleentheid om my aanvanklike persepsie en teoretiese kennis oor gereformeerde roeping te verdiep. Om die nodige geur van deeglike navorsing (Miles, Huberman & Saldana, 2018:Hoofstuk 1) aan die onderwerp te gee, maak ek staat op die geleefde ervaring van vyftien lidmate van die NG Kerk, Afrikaanse VGK (VGK-Afrikaans) en Xhosa-sprekende VGK (VGK-Xhosa) in SBM.

Miles, Huberman en Saldana (2018:Hoofstuk 1) verwys na ses beginsels wat die meeste kwalitatiewe navorsingsmetodes gemeen het:[337]

- Toekenning van kodes en temas aan verskeie bronne van data.

[337] Hierdie studie gebruik slegs sekere van die stappe.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Die groepering van die kodes en temas om soortgelyke, sowel as verskillende, fases, patrone, kategorieë en temas te ontwikkel.
- Die isolering van hierdie datastelle vir ‘n tweede ronde van ondersoek.[338]
- Die opskryf van notas deur byvoorbeeld ‘n dagboek te gebruik.
- Die uitbreiding van die aanvanklike datastelle om duideliker patrone, kategorieë en temas te identifiseer.
- Die aanvulling van die verfynde datastelle deur gebruik te maak van formele bronne om konsepte en teorieë te ontwikkel.

Daar is verskeie wyses waarop die nodige data vir hierdie empiriese studie ingesamel kon word.[339] Die metodes wat die meeste deur kwalitatiewe navorsers aangewend word, is fokusgroepe en onderhoude (Harding, 2019:61). Daar is reeds aangedui dat die persoonlike aard van roeping my hoofrede vir die gebruik van een-tot-een onderhoude was. Dit raak nou nodig om in die gegronde teorie hierdie, sowel as ander keuses, te bespreek.

7.2.1. Fokusgroepe

Silverman (2020:219) en Ward (2017:159) beskryf fokusgroepe as die werwing van 'n klein groepie mense met dikwels sekere eienskappe of kenmerke gemeen. 'n Informele groepbespreking (dikwels is dit meer as een bespreking) fokus op 'n spesifieke onderwerp of ‘n stel kwessies wat die navorser fasiliteer. Die groepe is dikwels 6-10 lede en skep ‘n ruimte waar mense hulle ervarings, houdings en waardes oor ‘n spesifieke onderwerp kan deel (Cameron & Duce, 2013:109).

Ek het hierdie keuse geweldig oorweeg. Ek het ook aanvanklik oorweeg om gemengde fokusgroepe te stig, saamgestel uit lidmate van die NG Kerk, VGK-Afrikaans en die VGK-Xhosa in die Saldanhabaai-gemeenskap. My ervaring in die gemeenskap oor die laaste nege jaar is dat mense nie gereed is om op so ‘n intieme vlak met mekaar te gesels nie. In Hoofstuk 6 is reeds aangedui dat verhoudings in ons saamgestelde ring, die Wesland Verenigende Ring (WVR), baie broos is. Die

[338] Harding (2019:64) dui daarop dat nuwe navorsers dikwels slegs van een ronde onderhoude gebruik maak.

[339] Silverman (2020:114) verwys na die verwardheid wat kan ontstaan wanneer ‘n navorser vir die eerste keer met data-ontleding begin. Wat ‘n mens dikwels vind is kompeterende menings en benaderings, eerder as vaste metodes wat as die norm beskou word. As iemand wat vir die eerste keer data-ontleding doen, is Silverman se opmerking baie toepaslik.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sensitiewe aard van mense se persoonlike begrip van roeping en begeertes het dit op hierdie tydstip nie ‘n moontlikheid vir die studie gemaak nie (Cameron & Duce, 2013:110; Silverman, 2020:220). Ek voer egter aan dat, nadat die studie voltooi is en ek ‘n beter begrip van roeping het, ek informele fokusgroepe kan stig om op ‘n pastorale vlak met die broosheid van gemeenskapsverhoudings te help.[340]

7.2.2. Onderhoude

Hierdie studie se gekose metode is om een-tot-een onderhoude met verskillende mense in die gemeenskap te voer. Anders as met kwantitatiewe navorsing, waar die hoeveelheid data ingewin noodsaaklik is, is dit met kwalitatiewe navorsing eerder die betroubaarheid van die data wat krities is. Die steekproewe is dikwels heelwat kleiner en goeddeurdagte, oop vrae, wat goeie data kan genereer, is belangrik (Silverman, 2020:47).

Die geskikte getal onderhoude vir ‘n gegronde benadering wissel, maar is gewoonlik meer as twintig (Sauro, 2015; Creswell, 2007:64). Aangesien die studiedoelstelling op die formulering van ‘n teorie fokus, wat lidmate met roepingsbewustheid kan help, is ek op soek na ‘n gesonde balans tussen Fase 1 en 2. Ná bespreking met my promotor, het ek besluit om die steekproef by vyftien mense te hou, minder as die normale. Die gevoel was dat die kwaliteit van die data genoegsaam sal wees om ‘n betroubare sosiale konstruk te formuleer.

Wat die onderhoudstruktuur betref, het ek semi-gestruktureerde onderhoude gekies. Die benadering is volgens Cameron en Duce (2013:83) meer oop-eindigend en pas dit goed in sosiaal konstruktivistiese metodologie. Die navorser benader die onderhoud met ‘n stel vrae, maar het die vryheid om die gang van die onderhoud te bepaal (Cameron & Duce, 2013:83; Ward, 2017:159).[341]

Die volgende eienskappe van onderhoude dien as verdere motivering vir my keuse (Harding, 2019:43-44).[342]

---

[340] Hierdie behoefte tot kommunikasie tussen lidmate het na vore gekom in ’n onderhoud met ‘n lidmaat van die VGK-Xhosa-gemeente. Ek bespreek dit verder onder dataterugvoer.

[341] Ek het tydens sekere onderhoude ervaar dat ek makliker by die geformuleerde vrae kon bly, terwyl ander my genoodsaak het om meer leiding te neem. Dit was veral die onderhoude met die VGK-gemeentelede wat meer vrae benodig het. Ek skryf die observasie toe aan ‘n verskil in kultuur en kommunikasie.

[342] Harding (2019:44) verwys na sekere tekortkominge van onderhoude, soos die kritiek dat dit nie ‘n akkurate, objektiewe weergawe van die sosiale wêreld is nie, maar eerder slegs hulle subjektiewe belewenis weerspieël.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Onderhoude:

- help om te bepaal hoe mense besluite neem;
- ondersoek mense se oortuigings en persepsies;
- identifiseer motiverings vir spesifieke gedrag;
- bepaal die betekenis wat mense aan hulle ervarings heg;
- ondersoek mense se gevoelens en emosies;
- verhelder mense se persoonlike verhale of biografieë;
- help met die hantering van sensitiewe aangeleenthede; en
- ondersoek veral die konteks om mense se lewens.

Die meeste van hierdie eienskappe op Harding se lys is toepaslik vir my soeke oor hoe lidmate persoonlike roeping beleef. Roeping, veral roeping in uitdagende omstandighede, is 'n persoonlike geloofsoortuiging wat mense se oortuigings, gevoelens en emosies weerspieël. Dit was my ervaring dat sulke soort onderhoude die geskikte keuse was, vir die data waarna ek op soek is.

Ek sal poog om dit wat ek teologies leer, empiries te ondersoek deur hierdie onderhoude in SBM te doen. Die munisipaliteit is deel van die WVR en bestaan, onder andere, uit NG Kerk Vredenburg, NG Kerk Akkerdyk, VGK-Afrikaans Vredenburg, VGK-Xhosa Vredenburg, NG Kerk Saldanha en VGK Saldanha.

7.2.3. Induktiewe en deduktiewe benadering

'n Verdere saak is die keuse vir induktiewe of deduktiewe benadering tot data-ontleding.[343] Creswell (2015:38-39) help om die keuse te verhelder:

> *Inductive data analysis – Qualitative researchers build their patterns, categories, and themes from the 'bottom-up', by organizing the data into increasingly more abstract units of information. This inductive process involves researchers working back and forth between the themes and the database until they establish a comprehensive set of themes. It may also involve collaborating with the participants interactively, so that they have*

Hierdie is nie vir my 'n probleem in hierdie studie nie, aangesien ek nie op soek is na metanarratiewe oor roeping nie. Ek is juis opsoek na individue se persoonlike belewenis van roeping.

[343] Die keuse is ook reeds in Hoofstuk 3 gemaak.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *a chance to shape the themes or abstractions that emerge from the process.*

Ek bly sensitief vir my persoonlike voorveronderstellings in die verband. Die wete dat die vrae vir die onderhoude saamgestel is vanuit drie teoretiese hoofstukke, maak my bewus van ‘n deduktiewe aanslag wat tydens die data-ontledingsfase na vore kan kom. Ek het egter verskeie kere aangedui dat ek nie met ‘n hipotese werk nie. My doel is om die teoretiese, stelselmatige begrip van gereformeerde roeping in ‘n postapartheid-Suid-Afrika met die grondvlak-ervaring van lidmate te vergelyk. Silverman (2020:116) help in hierdie verband:

> *[Qualitative] researchers usually need to explore the ‘field’ in depth before they can start to speculate about what elements are most relevant and how they might be related. This does not mean that the early stages of their research are purely descriptive … Even conceptually driven research needs close familiarity with what is going on before it can construct hypotheses to be tested.*

Ek beskou Fase 1 as ‘n beskrywing van wat op ‘n teoretiese vlak oor die tema geskryf word en gun myself daarom die ruimte om tydens daardie fase deduktief te werk te gegaan het. Hierdie afdeling fokus suiwer op ‘n induktiewe, sosiaal konstruktivistiese benadering tot data-ontleding.

Ek streef daarna om met die studie se data-ontledingsfase erns met die ervaring van die deelnemers te maak. Dit vra deeglike en regverdige bestudering van die data (Silverman, 2020:114) en ‘n opregte belangstelling in die deelnemers se perspektiewe en bekommernisse (Harding, 2019:64). Hoe ek te werk gegaan het om lidmate vir die onderhoude te kies, is ‘n volgende belangrike saak.

7.2.4. Benadering in keuse vir deelnemers

In my keuse vir die onderhoude het Cameron en Duce (2013:98) se volgende stelling my denke gevorm: *Which voices do you need to hear from to understand how this shared situation has been constructed?* Ek het vroeër aangedui dat ek vir ‘n lang ruk gewonder het oor die moontlikheid van fokusgroepe. Nadat ek vrede gekry het oor onderhoude as die gekose metode, het ek lank nagedink oor wie die stemme is na wie ek wou luister. Ek het, vanuit my tema, twee keuses gehad om te oorweeg. Aan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die een kant het ek baie frustrasies vanuit die bediening ervaar, oor die tema. In die probleemstelling het ek iets van hierdie frustrasie, soos volg verwoord:

> Lidmate worstel om in hierdie konteks ‘n roepingsbewussyn te ontwikkel wat gefokus is op die aktiewe werking van die Lewende God. Die realiteit van ‘n gebroke wêreld buite persoonlike gemaksones is ‘n kontekstuele uitdaging wat oorbrug sal moet word.

Ek het myself aanvanklik op ‘n negatiewe plek bevind; ‘n plek waar ek net die onsekerhede en mislukte pogings in die onbekende raakgesien het. Hierdie keuse sou behels het dat ek ‘n kritiese benadering sou volg,[344] wat onder spesifieke omstandighede gepas is om sekere navorsingsprobleme na te vors. Townsin (s.a.) verwys in ‘n kort video na die standaardpraktyk om, wanneer iets verkeerd loop, by die negatiewe vrae te begin. Hy beskryf dit as *deficit-based*-benadering,[345] wat volgens hom dikwels tot negatiwiteit kan lei en ‘n afname by betrokkenes by die proses. Ek het myself dikwels op ‘n plek bevind waar ek, in ‘n poging om lidmate te motiveer, eerder krities oorgekom het. In my strewe om ‘n pastorale benadering te handhaaf, het ek ervaar dat ‘n ander benadering benodig word. Tracey (2013:311) maak ‘n opmerking wat my gehelp het om ‘n skuif in my denke teweeg te bring:

> *At the same time, critical research can come off as haughty – in terms of the language used, portraying research participants as dupes, and tearing open huge holes of critique to gratuitously toss in a few ‘practical application’ pebbles near the end of the article …*
>
> *Although the focus of much research can be on negative states or problems, I have become increasingly convinced that it is at least as important to understand why it is that people flourish and thrive … By focusing on positive deviance as much as, or more than, on the problems and destructive parts of social life, our scholarship may be increasingly well received in the public sphere.*

[344] Creswell (2007:95) verwys na hierdie benadering as ‘n fokus met ‘n kritiese vertrekpunt.

[345] Vergelyk ook Moore (2019): *The fundamental idea behind AI is that over time, it has become increasingly common for organizations to approach change and growth from a problem-solving perspective. As firms aim to improve efficiency, survive, perform better, and boost competitiveness, AI proponents argue that there has come to be an unhealthy over-emphasis on ‘fixing what’s wrong’—a deficit-based approach*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie meer positiewe, opbouende benadering het geresoneer met my ervaring dat ek nie in my empiriese navorsing net met 'wat fout is' wou besig wees nie, maar eerder met 'n waarderende oog na die positiewe bydraes van lidmate in die gemeenskap wou kyk. Ek het aanklank gevind by die *appreciative inquiry*-benadering, waarna ek vorentoe sal verwys as 'waarderende benadering'. Die volgende aanhaling dien as 'n goeie vertrekpunt:

> *At its heart, AI is about the search for the best in people, their organizations, and the strengths-filled, opportunity-rich world around them. AI is not so much a shift in the methods and models of organizational change, but AI is a fundamental shift in the overall perspective taken throughout the entire change process to 'see' the wholeness of the human system and to 'inquire' into that system's strengths, possibilities, and successes* (David L. Cooperrider Center for Appreciative Inquiry, Champlain College, s.a.).

Die waarderende benadering fokus op 'dit wat werk' en probeer om eerder op sterkpunte as swakpunte te fokus. Vanuit my bedieningservaring het ek nog altyd gewonder hoekom sommige mense, wel, lyk asof hulle erns met hulle roeping maak, terwyl ander lidmate, op die oog af, stagneer. Ek besef dat hierdie veralgemening krities en veroordelend kan voorkom en snap dat dit ook in my denke so was. Ek moes 'n ander benadering vind en die waarderende benadering was my antwoord. Ek het dus gekies om navorsing te doen onder lidmate wat betrokke in gemeentes is en blykbaar ernstig oor hulle roeping. Dit beteken nie dat hierdie lidmate voldoen aan alle kante van my ervaring van gereformeerde roeping nie, maar slegs dat hulle lidmate is wat erns met hulle geloof maak. Ek verwys hier na 'n gedeelte vanuit die navorsingsvraag:

- Wat is die kenmerkende eienskappe van Afrikaansprekende, gereformeerde lidmate, aktief betrokke by die uitdagings van 'n postapartheidsera in Suid-Afrika?
- Wat kenmerk hulle roepingsbewustheid en hoe word hulle roeping beïnvloed deur die konteks waarin hulle leef?
- Hoe kan hierdie kenmerkende eienskappe die kerk in die Saldanhabaai-distrik help om lidmate te begelei, om aktiewe agente van verandering te word?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie positiewe, waarderende uitkyk was bepalend in die keuse vir deelnemers aan die studie. Gereformeerde roeping is nie blokkies wat gemerk kan word nie. Ek kon nie na mense kyk en op die oog af sê dat hulle as aktiewe agente van verandering in die Weskus leef nie. My benadering was een van vertroue, een waarin ek moes staatmaak op die proses en aanvaar dat ek nie ‘n lys sou kon opstel van hoe mense moes lyk wat aan die onderhoude sou deelneem nie. Tracey (2013:137) is weer behulpsaam in die verband en verwys na ‘n metode van werwing bekend as *typical instance sampling, in which interviewees are chosen because they are typical of the phenomenon under examination*. Hierdie benadering is toepaslik, aangesien ek lidmate kon kies wat ek as tipiese aktiewe lidmate beskou het; lidmate wat vanuit my persoonlike predikantservaring in die gemeente en gemeenskap betrokke is, mense wat volgens my hulle roeping uitleef. Ek het wel sekere kriteria gehad waaraan ek wou voldoen, kriteria wat gehelp het om die tipiese aard van die lidmate te beskryf:

- Roepingsverstaan.

Ek was geïnteresseerd in die begrip van roeping (roepingsverstaan) van beide predikante en lidmate. Hoe predikante dink oor roeping en werk, sou bepalend kon wees in hoe lidmate daaroor dink.

- Belewenis.

Ek was, met die oog op ‘n postapartheid-Suid-Afrikaanse konteks, geïnteresseerd in die belewenis van wit, bruin en swart lidmate van die NG Kerk en die VGK.

- Ouderdomsgroep.

Ek moes, ter wille van die kleinskaalse aard van die navorsing, die ouderdomsgroep beperk. Vanuit my persoonlike ervaring was die meeste van my informele gesprekke met mense in my eie ouderdomsgroep. Ek het daarom gepoog om, waar moontlik, te bly by deelnemers tussen 30-45. In ‘n paar gevalle, veral onder die leraars, was my keuses beperk en moes ek buite die ouderdomsgroep beweeg. Die VGK-Xhosa-predikant is die enigste Xhosa-sprekende leraar in die munisipaliteit en was heelwat ouer, terwyl die vrouepredikante in die gemeenskap beide onder dertig is.

- NG Kerk-ervaring.

Aangesien my studie baie verwys na die ervaring van NG Kerk-lidmate, het ek probeer om die helfte van die onderhoude met NG Kerk-lidmate te voer. Ek het onder die NG

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kerk-lidmate self lidmate (en predikante) gekies, wat ek geglo het aan die kriteria voldoen. Hulle is, volgens my begrip van roeping, tipies mense wat hulle roeping in die gemeenskap uitleef; mense wat ek vertrou en wat ek geoordeel het ‘n waardevolle inset in die soeke na lidmaatbemagtiging kon lewer. Dit was ook belangrik dat ek ‘n goeie balans vind tussen deelnemers van beide geslagte.

- Keuse.

In my keuse vir lidmate vanuit die VGK-Afrikaans- en VGK-Xhosa-gemeentes, het ek meestal op die predikante staatgemaak. Ek het hulle versoek om die volgende lidmate vir my te nader vir onderhoude:

  - Drie lidmate uit die VGK-Afrikaans, waarvan ten minste een manlik en een vroulik.
  - Twee mense uit die VGK-Xhosa, waarvan een manlik en een vroulik.

My versoek was dat dit lidmate tussen 30-45 sou wees, aktief betrokke in hulle gemeente. Ek het staatgemaak op die tipiese aard van betrokke lidmate en nie te veel uitgebrei op my begrip van geroepe lidmate nie. Ek wou my kollegas in die proses vertrou (Cameron & Duce, 2013:85). Hierdie was ‘n uitdaging en ek het op die einde van die dag met drie vroue van die VGK-Afrikaans en twee mans van die VGK-Xhosa onderhoude gevoer. Ek het steeds ‘n goeie ervaring gehad en was dankbaar dat die lidmate bereid was om die onderhoude te voer. Twaalf van die onderhoude het van aangesig tot aangesig plaasgevind. Die aanvanklike gedagte was om al vyftien onderhoude in dié formaat te doen, maar die grendeltydperk van 2020 weens Covid-19, het my genoop om die laaste drie onderhoude telefonies te voer. Die persoonlike aard van die een-tot-een onderhoude was vir my ‘n opbouende ervaring, waar die gesprek spontaan gevloei het (Tracey, 2013:132), terwyl die telefoniese onderhoude moeiliker was en meer leiding van my as navorser gevra het. Die semi-gestruktureerde aard van die onderhoude was behulpsaam en het my gehelp om verkennende vrae te vra, om seker te maak dat ek die lidmate reg verstaan.

Ek het aanvanklik oorweeg om ‘n voorondersoek (*pilot study*) te doen (Cameron & Duce, 2013:96). Die doel van ‘n voorondersoek is om die proses self te toets en ‘n buitestaander se mening oor hulle ervaring van die vrae te kry. Dit help ook om ‘n akkurate tydsduur vir die onderhoude te bepaal. Ek het my eerste onderhoud aangepak, met die idee om dit as ‘n voorondersoek te doen en het dit ook so

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gekommunikeer aan die deelnemer. Die tydsduur was sowat 40 minute en die onderhoud het gemaklik gevloei. Ek het later in die proses van onderhoude besef dat die spesifieke persoon se bydrae uniek en waardevol was en besluit om dit as my eerste onderhoud te beskou. Ek het die persoon vir toestemming genader, om dit te gebruik as een van die vyftien onderhoude; aangesien die persoon gewillig was, het ek dit so aangewend.

Die volgende tabel dien as opsomming van die lidmate se gegewens:

Tabel 7.1: Onderhoud-inligting.

Onderhoud	Datum	Geslag	Ouderdom	Etnisiteit	Kerkverband	Status
1	13-07-2019	M	39	Wit	NG Kerk	Lidmaat
2	19-07-2019	V	36	Wit	NG Kerk	Lidmaat
3	04-09-2019	V	27	Wit	NG Kerk	Leraar
4	09-10-2019	V	43	Bruin	NG Kerk	Lidmaat
5	23-07-2019	M	44	Wit	NG Kerk	Leraar
6	25-07-2019	M	39	Wit	NG Kerk	Lidmaat
7	22-11-2019	M	63	Wit	VGK-Xhosa	Leraar
8	04-05-2019	M	35	Wit	NG Kerk	Lidmaat
9	16-01-2020	M	56	Wit	NG Kerk	Leraar
10	22-01-2020	M	42	Bruin	VGK-Afrikaans	Leraar
11	22-02-2020	M	33	Swart	VGK-Xhosa	Lidmaat
12	22-02-2020	M	35	Swart	VGK-Xhosa	Lidmaat
13	02-07-2020	V	39	Bruin	VGK Afrikaans	Lidmaat
14	16-07-2020	V	43	Bruin	VGK Afrikaans	Lidmaat
15	02-08-2020	V	42	Bruin	VGK Afrikaans	Lidmaat

7.2.5. Etiese klaring en vertroulikheid

Cameron en Duce (2013:2) verwys na sekere etiese kwessies wat in ag geneem behoort te word. Voor die aanvang van die onderhoude is etiese verklaring verkry vanaf Universiteit Stellenbosch. Die Navorsingsetiekkomitee het op 5 Februarie 2019 toestemming verleen dat ek met die onderhoude kan voortgaan. Ek het ‘n brief saamgestel waarin ek aan die deelnemers verduidelik het wat van hulle verwag sou word, hoe die opnames hanteer sal word en dat hulle inligting met sensitiwiteit hanteer sou word. Die volgende brief is aan alle deelnemers gestuur en deur almal onderteken:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dear fellow believer in Jesus

My name is Thys du Toit and I am a referent in the DRC Vredenburg. I would like to invite you to participate in a research project entitled: "Reformed Calling in Post-Apartheid South Africa: Practical study with the focus on the guidance of church members."

Please take some time to read the information presented here, which will explain the details of this project and contact me if you require further explanation or clarification of any aspect of the study. Also, your participation is entirely voluntary, and you are free to decline to participate. If you say no, this will not affect you negatively in any way whatsoever. You are also free to withdraw from the study at any point, even if you do agree to take part. The following information are of importance:

- As researcher I am interested in the Christian Calling of Reformed Christians in South Africa. I am specifically interested in the experiences of members of the three mainline reformed churches in Saldanhabay Municipality, namely VGK Afrikaans, VGK Xhosa and NGK. The research will be done in privacy and all your information and shared experiences will be treated as confidential. I do not believe that you are in any danger of discomfort, inconvenience or psychological or emotional stress.
- As a fellow believer you should experience some personal gratification in the process. Our role as Christians in South Africa are of great importance and your personal inset might help me formulize new thought processes for the church in our region.
- Your participation is voluntarily and, unfortunately, there are no funds available for any kind om payment.
- The research will be done through an interview. The interview should not be longer than one hour and will consist out of not more than seven questions. The interviews will be voice recorded and safely stored on my personal computer and external hard drive. The purpose of the recordings is for coding purposes and will not be availably for any other person, expect dedicated people who might help me with the coding process. Your personal information will not be available to these people, except general information like gender, language, age and church membership.
- As mentioned above your participation is completely voluntary and withdrawal at any time during the research study can occur without any negative consequences. You can also choose not to answer certain questions and remain in the study.

If you have any questions or concerns about the research, please feel free to contact me at 082 302 7935, or via email at thysdutoit3@gmail.com. You can also call my research supervisor, prof. Ian Nell via email at ianell@sun.ac.za

RIGHTS OF RESEARCH PARTICIPANTS: You may withdraw your consent at any time and discontinue participation without penalty. You are not waiving any legal claims, rights or remedies because of your participation in this research study. If you have questions regarding your rights as a research participant, contact Ms Maléne Fouché [mfouche@sun.ac.za; 021 808 4622] at the Division for Research Development.

You have right to receive a copy of the Information and Consent form.

If you are willing to participate in this study please sign the attached Declaration of Consent and contact me, so that I can make arrange to collect it from you.

Figuur 7.1: Voorbeeld van etiese klaringsbrief.

7.3. Aanvanklike indrukke oor versamelde data

Vanuit Fase 1 is sewe primêre vrae geformuleer:

1. Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou 'n vreemde term? Ervaar jy, of het jy al ervaar, dat God jou roep om iets spesifieks te doen?
    a. Is jou roeping jou werk of is dit meer as dit?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2. In watter mate rig God jou persoonlike roeping en hoe is God betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar?
    a. Wat begeer jy in hierdie lewe?
3. Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?
4. Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds ‘n beduidende rol, en op watter wyse?
5. Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?

    a. Hoe sou jy sê is lidmate van ander gereformeerde kerk groepe, bv. VGK, Xhosa, Afrikaans betrokke by hierdie uitdagings van ons tyd?

6. Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?

    a. Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap binne die omstandighede wat jy beskryf het?

7. Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?

Hierdie vrae is, soos reeds bespreek, getoets onder lidmate vanuit die NG Kerk- en VGK-gemeentes in SBM. Die onderhoude is veilig bewaar, getranskribeer en aanvanklik verwerk. Vir die verwerking van die data het ek ATLAS.ti (sien Hoofstuk 1.5) gebruik. Kodering vind plaas in verskeie fases, waarvan die eerste fase die aanvanklike sikluskodering is. Hierdie fase help om ‘n eerste indruk te skep oor die data, soos Tracey (2013:200) verduidelik:

> *Primary-cycle codes answer the question ‘what’s going on here?’ – providing a summary of data content. Throughout coding, researchers*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *use the constant comparative method to make modifications in the coding scheme and to create new codes.*

Goulding (2002:68) beskryf hierdie eerste ronde van ontleding as *open coding* en verwoord dit as *the process … which leads to sampling in all directions until the discovery of core variables which are found to reoccur consistently in the data*.[346]

Ek het aanvanklik deur al die onderhoude gewerk om sodoende ‘n algehele indruk te skep. Die uitdaging met so ‘n eerste ronde kodering is dat dit ‘n magdom inligting na vore bring. Hier is dit ook belangrik om die induktiewe benadering te handhaaf[347] en soekend na rou data te wees, soos die deelnemers verwoord het (Cameron & Duce, 2013:103).

Ná die aanvanklike ronde kodering, volg ‘n tweede ronde wat Tracey (2013:194) beskryf as *secondary-cycle coding*. Hierdie fase poog om die magdom data van die eerste ronde te verwerk, om sodoende met die proses van interpretasie te begin. Hier word nog nie begin met die breër teoretisering van die data nie, maar wel met ’n dieper proses as die eerste ronde van data-ontleding.

Die doel van hierdie afdeling is om met die proses van data-ontleding te begin deur sekondêre-siklus kodering. Die fase van kodering het my na die formulering van ‘n tabel gelei, wat prakties aangewend kan word om lidmate te bemagtig. Die tabel beskryf roeping as ‘n begeerte om in ‘n verhouding met God, medegelowiges en die wêreld te leef:

---

[346] Silverman (2020:124) beskryf hierdie aanvanklike proses as *tentative-coding*.

[347] Goulding (2002:68) herinner aan die samewerking tussen induktiewe en deduktiewe ontleding: *The process of theoretical sampling is, in effect, based on a happy marriage of induction and deduction. According to Glaser (1978: 38), deductive work in grounded theory is used to derive from induced codes or conceptual guides where to go next for which comparable group, in order to sample for more data to generate theory. Deduction is used in the service of further induction and derivations are the codes generated from comparing data*. In wese word deduktiewe ontleding aangewend om die induktiewe ontleding te verryk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Tabel 7.2: Breër konsepte in roeping.

Hoe hierdie tabel aangewend kan word vir lidmaatbemagtiging, sal in Hoofstuk 8 bespreek word. (Veral die nege eienskappe aan die regterkant sal dan aandag geniet.) In hierdie afdeling word terugvoer gegee oor verskeie noodsaaklike teorieë wat na vore gekom het vanuit die sekondêre-siklus kodering.

Vier kategorieë word geïdentifiseer en ondersoek: roeping, verhouding met God, ander en die wêreld.[348]

7.3.1 Roeping

7.3.1.1 Gereformeerde roepingsdefinisie

Die term ‘gereformeerd’ word dikwels deur mense gebruik. Hulle wyer begrip van die term is egter toepaslik:

- Beteken dit vir lidmate nog iets om te sê dat hulle deel van die gereformeerde kerktradisie is, of is dit net deel van die naam van die denominasie waaraan hulle behoort?
- Speel ‘gereformeerd’ enigsins ‘n rol by lidmate se begrip van roeping en, indien wel, in watter mate?

[348] Die vier kategorieë vloei inmekaar en is moeilik om van mekaar los te maak. Elke kategorie het egter ‘n bepaalde fokus en data word so sinvol as moontlik in die kategorieë verdeel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vir ses van die lidmate het die term 'gereformeerd' nie werklik iets beteken nie.[349] Dit was opvallend dat twee jong NG Kerk-predikante (27-44-jarige ouderdom), mense met 'n stewige teologiese agtergrond, "nog nooit aan gereformeerde roeping gedink het nie" (Onderhoud 3 en 5. Lidmate van die NG Kerk en VGK-Afrikaans het hierdie gedagte bevestig. Vir verskeie van die ander deelnemers was 'gereformeerde roeping' 'n vae begrip. Hulle het 'n idee wat 'gereformeerd' beteken, maar koppel nie noodwendig hulle roeping aan 'n gereformeerde tradisie nie; "of hulle roeping uit die gereformeerde tradisie gekom het, is moeilik om te sê" (Onderhoud 7).

Slegs drie deelnemers (Onderhoude 1, 2 en 10) het aangedui dat hulle gereeld oor hulle roeping dink. Verskeie ander lidmate se opmerkings is van so 'n aard dat afgelei kan word dat hulle erns met hulle verhouding met God maak en ervaar dat God hulle wel roep (word by 7.3.1.1(a) bespreek). Alhoewel verskeie lidmate nie noodwendig direk hulle roeping aan die gereformeerde tradisie koppel nie, is dit tog opvallend dat hulle taalgebruik iets van 'n gereformeerde begrip van roeping weerspieël.[350]

Of dit direk, of indirek, bespreek is, die gereformeerde begrip van roeping het baie na vore gekom. Verskeie aspekte van gereformeerd is aangeraak, waarvan 'n paar toepaslik is om te bespreek.

(a) Deel van 'n groter geheel

Die eerste aspek wat kragtig na vore gekom het, is die eenheid van gelowiges. Die volgende verwysing dien as 'n mooi opsomming van die gedagte:

> Die gereformeerde deel is dat ons almal eensgesind is en onsself nie bo ander stel nie; so, ons moet almal saam kan werk in een roeping. Elkeen het sy eie roeping, maar ook een gesamentlike roeping, veral vir die kerk en ook in ons gemeenskap. So, gehoorsaamheid, toegewydheid en liefde kan deel in elkeen se roeping (Onderhoud 15).

[349] Ek beskou predikante ook as kerklidmate en gebruik die term 'lidmate' as 'n breë begrip. Waar leraars spesifiek uitgesonder word, dui ek dit so aan.

[350] Slegs een lidmaat, 'n Xhosa-lidmaat, het nie waarlik oor roeping gedink in terme van gereformeerde tradisie nie. Vir hom was daar 'n duidelike onderskeid tussen die roeping van sy predikant en sy eie lidmaatskap. Taal kon moontlik hier 'n misverstand veroorsaak het, maar ek lei af dat hy onderskeid tussen sy roeping en dié van voltydse amptenare tref: *You don't think of yourself being called? No* (Onderhoud 11). Hierdie onderskeid is egter nie deur een van die ander onderhoude bevestig nie en is 'n uitsondering.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Woorde soos ‘eenheid’, ‘ons’ of ‘kollektiewe wysheid’ is gebruik om hierdie aspek van gereformeerde roeping te bespreek.[351] Een van die lidmate (Onderhoud 1) het die beeld van ‘n kar gebruik wat getrek moet word. As almal in verskillende rigtings trek, is die taak onbegonne, maar as ons saam werk, is dit haalbaar. Hierdie eenheid word ook gekoppel aan God se groter doel met ons en ‘n gesamentlike poging om God se wil te soek.

‘n Middeljarige wit NG Kerk-predikant beskou hierdie eenheid, soos volg:

> Daarmee wou ek sê, as gereformeerde geroepene verstaan ek die gelykheid van alle gelowiges voor Christus en voor God, daar is nie [‘n] hiërargie of mense wat 'n belangriker roeping het as ander nie (Onderhoud 9).

Hierdie gelykheid onder gelowiges is op verskeie ander plekke bevestig, veral waar lidmate verwys na die verskeidenheid van opdragte wat aan die geheel gegee word.

Die uniekheid van die individu as deel van die groter geheel, predikant of lidmaat, kom geweldig in die antwoorde op die eerste vraag na vore. Die doel van hierdie sterk fokus op eenheid is “om saam en eensgesind met mekaar te leef; ons elkeen is hier op aarde om die werk te doen wat God vir ons uitgekies het, nie onsself nie, maar Hy” (Onderhoud 15). Hierdie eenheid word bereik deur God se hand wat elkeen van ons lei om verskillende take te doen (Onderhoud 13). Ons is God se werkers en ons moet saamstaan en saamwerk (Onderhoud 10).

(b) In die geheel as individu geroep

Die tweede groot saak wat uitstaan is die persoonlike verhouding wat heers tussen God en die vyftien lidmate. Behalwe vir die kragtige gedagte van eenheid wat dikwels na vore tree, is dit verder die hoop dat lidmate hulle eie, persoonlike roeping uitleef.[352] Hierdie persoonlike roeping word vir baie van die deelnemers sigbaar vanuit ‘n intieme verhouding met God, soos ‘n bruin vrou uit die VGK-Afrikaans so mooi verwoord:

> Ek het 'n geweldige liefde vir die Here en ek weet nie of ek nou brag nie, maar dis hoe ek voel en ek dink my stelling is: Ek wil net doen wat God

[351] Die verwysing na die eenheid van gelowiges ten opsigte van roeping, het 13 keer in die eerste ronde van kodering voorgekom.

[352] “Ek wens regtig elke oggend dat ek daar is om te doen wat Hy wil hê ek moet doen” (Onderhoud 2).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> van my verwag om te doen. As Hy my stuur in die vuur, sal ek in die vuur gaan. Dis hoe ek voel (Onderhoud 13).[353]

Een van my NG Kerk-kollegas, ‘n middeljarige wit predikant, koppel sy begrip van roeping juis aan sy verhouding met God:

> Ek voel altyd my missie of my doel in die lewe, gebeur binne my en my God se verhouding. Ek is ‘n introvert, so, dis vir my maklik om stil te word. My stilword voor God stuur my altyd terug na die wêreld toe. Na my gesin toe, na my vrou en my kinders, na my werk toe. So, my stilword voor God beïnvloed hoe ek na die wêreld kyk en hoe ek uitreik na die wêreld. So, as die kerk iets kan doen, is dit om mense te leer om voor God stil te word – en ek weet nie of ons dit regkry nie (Onderhoud 5).

Die tema van ‘n verhouding kom geweldig in die vyftien lidmate se begrip van roeping na vore. Een van die sterker beelde wat help om hierdie gedagte te versterk is die vergelyking tussen roeping en die huwelik:

> Hy roep my, eerstens, om in ‘n verhouding met hom te staan en my afhanklikheid en my verbondenheid. So, weer trek ek dit terug na die huwelik toe – soos in die huwelik, is ek eerstens veronderstel om ‘n goeie man vir my vrou te wees en daarna volg die res. So, hy roep my eerste om in ‘n verhouding met Hom te staan en getrou aan Hom te wees. So, dit is my eerste roeping (Onderhoud 1).

Hoe God by lidmate se daaglikse roeping betrokke is, word dieper in Vraag 2 bespreek. Wat hier van belang is, is dat lidmate glo dat hulle vanuit hulle liefdevolle verhouding met God, geroep word om namens God te handel. Verskeie lidmate glo dat God ‘n spesifieke en duidelike doel met hulle het; dat mense as individue geskep word met ‘n unieke rol.[354] ‘n Leraar in die VGK-Afrikaans glo dat God “sake aan het met hom” (Onderhoud 10), terwyl ‘n lidmaat van dieselfde kerk dit, soos volg beskryf:

> Hy vorm jou nie net in the run of time nie; die dag toe Hy jou gevorm het in moederskoot, het Hy dit gedoen met jou roeping in gedagte. So, ek

[353] Die volgende dien as verdere voorbeeld van die verwysing na liefde: *It was from my heart, it was my life, it was something I love* (Onderhoud 11).

[354] “Gereformeerde roeping is vir my dat God ons elkeen met 'n bepaalde doel gebore laat word – dit wys elkeen van ons wat ons moet doen elke dag” (Onderhoud 15).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> dink jou hele wese is gestreamline vir jou roeping en dat jy perfek daarvoor is (Onderhoud 8).

Vanuit hierdie diepe verhouding met God, rig God die meeste van die lidmate se roeping. Opvallend is dat verskeie lidmate deeglik bewus is van hulle roeping. Hulle dink nie noodwendig gedurig daaraan nie, maar leef tog met ‘n bewustheid van God se werking in hulle lewens.[355] Een van ons omgeegroepleiers, ‘n middeljarige wit man, beskryf hierdie roepingsbewustheid goed:

> Ek glo wel roeping is belangrik, ek glo dat enigiets wat jy geestelik aanpak moet jy ‘n roeping hê. Het ek al ooit ‘n roeping gehad? Ja, ek dink so. Ek glo dit wat ons huidiglik mee besig is in ons selgroep, is ‘n roeping. Ek luister maar moeilik, ek luister nie altyd goed na my roeping nie, maar ek glo dat God my al geroep het tot sekere goed en ek probeer my bes om mooi te luister en te doen wat Hy vir my sê. Wat ons geloof aanbetref, dink ek dis ‘n baie belangrike ding. Enige ou kan nie net sommer iets aanpak nie, dit moet jou roeping wees (Onderhoud 6).

Verskeie lidmate is wel onseker oor hulle roeping. Opmerkings soos “ek is bang ek is op die verkeerde pad” (Onderhoud 8), of “Ek sukkel om God te vertroue” (Onderhoud 2) sit die onsekere kant van roeping op die tafel. Roeping is nie altyd ‘n direkte ervaring nie en dikwels is dit ook nie rigied nie. Sommige van die lidmate ervaar dat God se roeping met hulle van fase tot fase verskil (Onderhoude 5 en 8) en dikwels nie so duidelik is nie.

Samevattend is die meeste van die vyftien lidmate se roeping gekoppel aan ‘n stewige verhouding met God. Vir sommige is die roeping duidelik, terwyl ander dit as onseker ervaar. Die passie om wel na God se wil te soek, is waardig om van kennis te neem.

(c) Die sentraliteit van die Woord

Die sentraliteit van die Woord se rol in gereformeerde roeping word opvallend min uitgelig. Vir ‘n denominasie wat die gesag van die Woord sentraal plaas, is dit kommerwekkend dat lidmate nie meer gewag gemaak het van die belangrike verwantskap tussen God se geskrewe Woord en ‘n persoonlike verhouding met God nie. Twee van die leraars het wel direk daarna verwys:

[355] *He has always called me* (Onderhoud 12).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> Vanoggend weer toe ons daar sit – ons het gister ‘n vergadering gehad waar ons ‘n saak moes behandel het – toe ek klaar is met die Woord, het die Here met my gepraat en gesê: Dis wat julle eintlik moes gesê het gister. Dis hoe die Here my lei en ek glo dis gereformeerd, want die Here praat uit die Woord en hy sê vir my … dis my voortdurende gebed, Here praat met my dat ek kan hoor wat U wil sê; wat moet ek, waarnatoe moet ek? (Onderhoud 7).
>
> En dan glo ek dat ons roeping as gereformeerde Christene, te make [het] met 'n diepe oortuiging waar God se Woord sentraal staan (Onderhoud 9).

Die vraag is egter nie direk gevra nie. Om dus te veel te lees, in die weglating van God se Woord in mense se begrip van gereformeerde roeping, is dalk riskant. Die wete dat twee lidmate dit wel uitgelig het, is waardig om van melding te maak en dien as ‘n fondasie om op voort te bou. In die strewe om lidmate te bemagtig, is dit noodsaaklik om die sentraliteit van die Woord in gereformeerde roeping te beklemtoon. Lidmate moet herinner word dat God deur Sy Woord na hulle roep.

(d) Geroep om te transformeer

Vir twee van die lidmate (Onderhoude 10 en 11) het die term ‘gereformeerde roeping’ verwys na verandering. Opvallend kom altwee mense uit die VGK-gemeentes. ‘n Predikant uit die VGK-Afrikaans-gemeente beskou dit as “wanneer dinge begin verander” (Onderhoud 10). ‘n Lidmaat uit die VGK-Xhosa-gemeente verwoord dit dieselfde: *[Reformed] to me is when things are starting to change*. ‘n Bruin Afrikaanssprekende vrou uit die NG Kerk het ook na hierdie gedagte verwys, maar in ooreenstemming van haar ma se lewe: “My gereformeerdheid as mens begin met my ma: sy is vir my ‘n voorbeeld van iemand wat transform en nie gereformeer nie” (Onderhoud 4). Hierdie gedagte van reformasie as transformasie is nie onder enige van die wit lidmate opgemerk nie; tog iets wat later aandag behoort te geniet.

7.3.1.2 Verhouding tussen roeping en werk[356]

[356] Een van die vroue (Onderhoud 14) is ‘n tuisteskepper en werk nie vir ‘n inkomste nie. Sy beskou dit wat sy by die huis doen wel as deel van haar roeping.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vanuit die teoretiese hoofstukke (Hoofstuk 4) is afgelei dat daar ‘n onderskeid gemaak word van hoe mense werk en roeping verstaan. Hierdie afdeling toets juis hoe lidmate hieroor dink.

Vanuit die primêre ronde van kodering is dit my afleiding dat die meeste lidmate nie hulle werk as hulle roeping beskou nie. ‘n NG Kerk-lidmaat beskryf dit besonders:

> Nee, dis nie my werk nie. My passie is miskien my werk en my menswees, maar dis nie my roeping nie, dis my passie. Maar deur dit moet ek vir jou sê, leef ek my roeping uit, want dit is vir my maklik om vir hulle te sê: Hierdie het nou gebeur, maar ek glo daar is ‘n groter hand daarin (Onderhoud 4).

Hierdie gedagte van werk, as geleentheid om Goddelike roeping uit te leef, loop, soos ‘n goue draad, deur die onderhoude. Selfs predikante beskou nie noodwendig hulle werk as slegs roeping nie, soos beklemtoon deur ‘n jong leraar:

> So ja, ek het ‘n roepingservaring gehad toe ek teologie gaan swôt het. En dan is daar klein ander oomblikke van roeping deur die dag, of oomblikke wat … dis nie net my werk nie, ander goed is ook roeping (Onderhoud 3).[357]

Vir van die lidmate is hulle werk wel hulle roeping. Om ‘n dokter (Onderhoud 2), polisiebeampte (Onderhoud 13) of bestuurder (Onderhoud 1) te wees, is vir deelnemers ‘n roeping, in die opsig dat hulle talente en gawes ontvang het om dit te doen. Die onderskeid is egter dat hulle hierdie roeping as ‘n geleentheid beskou om ‘n verskil te maak; om wyer uit te reik en ‘n bydrae te lewer. *The work I’m doing now is very different from what I was expecting. Even there, at work, I’m playing the role of a peacemaker* (Onderhoud 12).

Een van die swart lidmate van die VGK-Xhosa het wel anders op hierdie vraag gereageer. Vir hom was daar ‘n duidelike onderskeid tussen werk en roeping. Hy het ervaar dat sy predikant geroep is, maar dat die lidmaat se werk nie ‘n roeping was nie. Sy werk is slegs ‘n manier om ‘n lewe te maak. Hierdie lidmaat se begrip van roeping is wel wyer as sy werk. Vanuit die res van die vrae is dit duidelik dat hy aktief in sy

[357] Vergelyk ook Onderhoud 5: “My roeping is meer as dit. My Koninkryksroeping is meer as dit. My werksroeping op hierdie stadium is om predikant te wees; soos ‘n onderwyser se werksroeping is onderwys; dis die spesifieke taak wat hy uitvoer en op ‘n daaglikse basis mee besig hou en hom ingrawe. Nee, dis baie groter as dit en ons het nou ‘n spesifieke roeping.”

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemeenskap betrokke is, maar dat hy nie sy werk as tegnikus as ‘n roeping beskou nie (Onderhoud 11). Hierdie gedagte het ook op ‘n subtiele manier na vore gekom in Onderhoude 6 en 8, waar beide middeljarige mans uit die NG Kerk hulle loopbane skei van ‘n dieper geestelike roeping.

Samevattend is my afleiding dat lidmate werk as roeping beskou, maar dat dit nie tot dit beperk is nie. Hulle loopbane is waar God hulle wil gebruik om ‘n breër verskil te maak. Ek sluit die vraag af met ‘n aanhaling uit Onderhoud 1:

> Roeping is meer as dit, dis groter as my loopbaankeuse; maar my roeping is ook deur my loopbaan. So, my loopbaan is ‘n element van my roeping, maar die totale roeping is groter as dit.

7.3.1.3 Persoonlike denke oor roeping

Mense se menings oor waarvoor God hulle roep, is baie uiteenlopend. Dit is moeilik om dit saam te vat en spesifieke areas van roeping uit te sonder. Ek het egter beleef dat die opmerkings oor roeping opgedeel kan word in twee afdelings: spesifieke roeping en algehele roeping.

(a) Algehele roeping

Met algehele roeping verwys ek na opmerkings met ‘n breë begrip: lidmate wat nie noodwendig voel dat hulle vir iets spesifiek geroep word nie; hulle roeping is deel van hulle alledaagse lewe en spruit voort vanuit hulle verhouding met God. In Onderhoud 13 met ‘n bruin vrou uit die VGK-Afrikaans het ek die volgende verkennende vraag gevra: “So, wat ek hoor by jou is, dis amper deel van jou menswees en deel van jou lewe. Dis nie dat jy spesifiek nou hoor ‘gaan doen dit’ of ‘gaan doen dat nie’, dis meer 'n normale gang van jou dag tot dag?” Sy het, soos volg daarop geantwoord:

> Ja, dit is bietjie van 'n gewone dag-tot-dag, maar daar is kere wat jy hoor jy moet nou iets gaan doen en stel jy eers uit. En dan gaan jy weer moet hoor en dan doen jy hierdie spesifieke taak wat jy opgelê is.

‘n Jong NG Kerk-predikant (Onderhoud 3) verwys ook meer na die algehele roeping:

> [Ek] het altyd gedink roeping is hierdie presiese paadjie wat uitgelê is en dat roeping beteken God wil my by Saldanha hê of God wil my by Vredenburg hê. Wat ek geleer het en verstaan deesdae daarvan: vir God is dit nie noodwendig so belangrik of ek by Saldanha of Vredenburg is

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> nie, maar hoe ek by Saldanha of Vredenburg is. So, daar is nie noodwendig net een pad nie. Daar is verskillende plekke waar God my kan gebruik en my roeping is hoe ek is en hoe ek dit doen …

Hierdie gedagte word verskeie kere bevestig deur woorde soos 'getrouheid' en frases soos "'n instrument in sy hande", "klein goedjies", "die alledaagse", "'n voorbeeld" en "om in liefde uit te reik". Hierdie beskouing is meer 'n lewenstyl wat daagliks van God se teenwoordigheid getuig. Die beeld van 'n saadjie wat geplant is en groei, beskryf hierdie siening van roeping ook besonders:

> Dit is, asof, daar 'n saadjie in my geplant is en, asof, iemand verbygekom het en die saadjie natgegooi het; en daar het 'n boompie opgekom en iemand het verbygekom en 'n bietjie gesnoei daaraan. En, toe eendag toe ek terugkyk toe weet ek: ek staan midde-in 'n roeping wat nie 'n besluit was nie. Waar ek nie 'n opname gedoen het en besef ek, dis iets wat ek as 'n Christen wil hê nie, maar dat ek geweet het, daar is 'n hoër hand in my lewe wat my voorberei vir 'n spesifieke taak (Onderhoud 9).

Mens sou dit, soos 'n jong sakeman (Onderhoud 8), kon beskryf met die term 'dissipelskap': 'n uitkyk wat fokus op getuig van en werk vir God (Onderhoud 15). Dit lei my na die volgende begrip van roeping: waar lidmate voel dat God 'n spesifieke doel met hulle het.

(b) Spesifieke roeping

Lidmate met hierdie uitkyk ervaar dat God hulle meer spesifiek roep. Dit verwys nie noodwendig na 'n loopbaan nie,[358] maar na 'n lewe met 'n bepaalde fokus. Hierdie fokus sluit in take soos versoening, rasseverhoudinge, bemoediging, evangelisasie, geestelike leiding, fokus op gesinne, jeug, leierskapsontwikkeling en armoede. Ek verwys na 'n paar aanhalings om van hierdie spesifieke ervarings te illustreer:

> *He has always called me – for example, to go and comfort people with loss in their families and visiting people, not willing to come to church, to try to bring them inside the church* (Onderhoud 12).

[358] In enkele gevalle is dit wel 'n loopbaan, soos sekere van die leraars wat ervaar dat hulle as predikant geroep is (Onderhoud 7), of die vrou wat geroepe voel om 'n polisiebeampte te wees (Onderhoud 13).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> Om mense te bemoedig en in verskillende situasies by te staan. Ek, ek dink dis dit. Om net daar te wees vir ander en te luister en dan om vir hulle 'n stut [te] kan wees en net te dien. Hy roep my om 'n stut te wees in omstandighede wat baie keer moeilik is (Onderhoud 13).
>
> *This calling is about the families. What I believe is, you will never have a church if you don't have families. So, my focus is on that, I'm always visiting the families. Sometimes I see many things when I visit them, and I don't always need them to tell me, I see there is something wrong* (Onderhoud 11).
>
> Die bedryf waarin ek is, is baie geestelik challenging. Daar is baie stresvlakke en ons werk met mense en mens werk baie met mense wat nie kinders van die Here is nie. Ek dink juis daarvoor dat God 'n groot rol moet speel in my alledaagse lewe. So, ek het baie geleenthede om mense na God toe te lei. Die meeste van die tyd mis 'n ou daai geleenthede, maar ek dink bloot die manier wat ek besigheid doen, kan dit eer van God wees en mense kan dit optel. En mens bou besigheidsverhoudings met mense op, waar mense ook kan sien hoe jy jou werkers behandel en die mense waarmee jy besigheid doen … kan dit 'n geleentheid wees om te getuig (Onderhoud 6).

Veel meer voorbeelde sou genoem kon word, maar dit raak duidelik dat mense geroepe voel tot sekere take. 'n Opmerking wat my bygeval het, was 'n middeljarige NG Kerk-predikant wat geroepe voel tot sy eie gesin en kinders:

> Dan dink ek dit kan verskil van tyd tot tyd, of fase tot fase. Op hierdie stadium is my groter roeping om by my huis 'n ruimte te wees, waar my kinders hulle potensiaal kan ontwikkel; 'n ruimte waar hulle kan groei en God leer ken en hopelik eendag Hom kies (Onderhoud 5).

'n Laaste opmerking is dat baie van die spesifieke roepings steeds op die algehele roeping – om 'n voorbeeld vir ander te wees – gefokus bly. Ek dink nie daar is noodwendig onderskeid tussen algehele en spesifieke roeping nie; ek ervaar dit eerder as mense wat duidelik weet wat hulle gawes is en daarop wil uitbou. Die een soort roeping is nie beter as die ander nie, beide is op God se wil gefokus en spruit voort vanuit 'n intieme verhouding met God.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

7.3.1.4. Wat maak jou roeping moeilik of moontlik?

‘n Volgende saak oor roeping is die uitdagings wat lidmate beleef ten opsigte van hulle roeping. Een van die eerste opvallende uitdagings is lidmate se vrees vir kritiek. Om ‘n voorbeeld vir ander te wees, kom saam met ‘n verantwoordelikheid om reg te lewe. Die sakewêreld, met so baie sekulêre druk, maak dit moeilik om altyd in beheer te bly, veral in leierskapsposisies. ‘n Vrou van die NG Kerk verduidelik hierdie probleem, soos volg:

> Dit maak dit moeilik, as mense jou kritiseer as jy van die pad af gaan. Onmiddellik as jy iets doen in jou fisiese wese, as ‘n mens, word jy gekritiseer, maar jy het nou net gespreek van dit. En ek dink, daai dat mense kan sien, nou is ek in hierdie kapasiteit en dis my besluit wat ek moet doen as gevolg van dit. Wat dit ook moeilik maak, is orals waar ek gaan, moet ek in beheer wees en besluite neem en partymaal wil ek net nie besluite neem nie (Onderhoud 4).

Onderhoud 6 bevestig dit deur te noem dat mense jou maklik as skynheilig kan beskou, veral as jy probeer om vir hulle ‘n voorbeeld te wees. ‘n Soortgelyke opmerking is waargeneem in Onderhoud 8, waar ‘n jong sakeman ervaar dat hy soms bang is vir die verantwoordelikheid en dat sy roeping hom geïntimideerd laat voel. ‘n Gevoel van minderwaardigheid is ook uitdagend, veral as mens moet getuig teenoor mense wat ‘hoër’ as jy is (Onderhoud 13).

‘n Verdere struikelblok is die ‘eie-ek’ wat dikwels oorneem (Onderhoud 1), of, soos ‘n plaaslike dokter dit beskryf:

> Ek sou sê: ek self. Omdat ek myself bevraagteken, of, omdat ek te hard soek partykeer en, omdat ek dalk nie altyd vrede het in my eie self nie, dink ek[,] ek is my eie struikelblok (Onderhoud 2).

Veral die strewe na aardse rykdom, die najaag van wêreldse dinge en die natuurlike geneigdheid om na jouself om te sien, word gekoppel aan die tema van die ‘eie-ek’. Die sondige natuur van die mense en die menslike broosheid (‘gesondheid’, Onderhoud 3) dien as ‘n groot struikelblok. Die diversiteit in ons land en die skeiding tussen arm en ryk, wit en swart, is ook genoem. ‘n Wit middeljarige vrou beskryf hierdie eerlike worsteling kragtig:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> En, partykeer dan dink ek daaraan: Ek bly in Jacobsbaai waar letterlik een ander gekleurde familie is en dis maklik om oogklappe te kry. So, miskien is dit ‘n struikelblok. Dis miskien iets om jouself heeltyd doelbewus bewus te maak, van hoe baie ander nie ‘n kwart het van wat ons het nie (Onderhoud 2).

Die leraar van die VGK-Xhosa beskryf ook hierdie persoonlike worsteling en verwys na homself as ‘groen’, aangesien hy heeltyd tussen twee kulture moet leef (Onderhoud 7). Hierdie gedagte aan twee kulture en kritiek teen die wit en die swart kerk wat worstel om saam te werk, is ook as ‘n uitdaging beskryf (Onderhoud 8).

Twee laaste opmerkings oor uitdagings is die kwessie van tyd (Onderhoude 2 en 9) en veiligheid. Veiligheid is vir mense in armer, onveiliger gebiede ‘n reuse-uitdaging, soos ‘n swart lidmaat van die VGK-Xhosa tydens vrae oor die onderwerp verduidelik:

> Ek: *And sometimes is it difficult to go do the things you feel God is telling you to do?*
>
> Hy: *Yes, difficult*.
>
> Ek: *What makes it difficult?*
>
> Hy: *For example, if at night someone is crying outside, it is difficult to just pop out and help. It is very dangerous. Sometimes my wife says no, you can’t go there* (Onderhoud 12).

Die lidmate, ten spyte van vrese en uitdagings, strewe steeds, wonderlik, daarna om God se wil en roeping te soek. Wat maak dit vir hulle moontlik? Hier is nie baie uitgebrei op hierdie vraag nie, maar ek verwys kortliks na van die eienskappe wat dit moontlik maak.

Die twee groot eienskappe van geloof wat dit vir lidmate makliker maak om roeping uit te leef is die wete dat God spontaan deur hulle werk en dat dit ‘n saak van genade is. Ek haal een voorbeeld aan om die genade-faktor te illustreer:

> Wat dit vir my maklik maak, is om te sien hoe dit soms self gebeur. Hoe mens per ongeluk goed doen wat deel is van jou. Jy besef nie jy is deel van iets wat jy voel, jy voor geroep is nie en dan, ná die tyd, kry jy terugvoer en dan besef jy hier was jy actually deel van iets wat jy deel van wou wees (Onderhoud 3).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie gedagte word mooi uitgebrei deur iemand se verwysing na Koos du Plessis se gebed: “Wat ek is, is net genade; wat ek het, is net geleen” (Onderhoud 1). Om ten spyte van uitdagings steeds deur God gebruik te word, blyk genade te wees. Tog opvallend, moedig tyd met God se Woord en stiltetyd ook spontane optrede aan. Hoe meer tyd saam met God spandeer word, hoe meer outomaties word optrede wat getuig van God se wil en leiding (Onderhoud 4).

7.3.2 Verhouding met God

7.3.2.1. ‘n Diep soeke na God se wil

Tydens Hoofstuk 4 van hierdie studie is verskeie kere na die keuse tussen twee koninkryke verwys: aan die een kant die wêreldse koninkryk; aan die ander God se Koninkryk. Om God se leiding te soek en getrou aan God se wil te bly, is ‘n tema wat duidelik in hierdie afdeling na vore kom . ‘n Diep soeke na God se wil is ‘n sentrale tema onder beide lidmate en predikante vanuit al drie denominasies. Ek verwys na drie aanhalings om hierdie strewe te illustreer:

> Elke dag … ek dink jou werk het ‘n groot rol, want jy is meeste van die dag daar en ek is altyd in die posisie van: Wat sal die Here wil hê ek moet doen voor ek ‘n besluit neem? Ja, jy raak soms kwaad, maar ek vra altyd of doen ek nou die regte ding; gaan ek niemand te nakom nie; is dit hoe die Here sal wil hê ek moet dit doen? En, ek het nou al ‘n besluit geneem – en hulle lag vir my by die huis – maar elke oggend agtuur gaan daar ‘n Bybelvers af op my foon. So, daai is my reminder, maak nie saak hoe my dag is nie, om met die Here omgang te hê; omgee en seker te maak ek is nog op die regte pad (Onderhoud 4).
>
> Vir myself en my eie bestaan, is ook maar 'n bestaan waar jy baie met die Here praat en vra: Here kom lei self; want binne jou eie menslikheid is dit so maklik om jouself besig te hou met die dinge wat jy wil hê en nie dit wat God se saak dien nie. So, vir myself, binne alledaagse lewe is dit maar waar ek aangewese is op God. Menslikheid het ook die geneigdheid om baie keer te oorvleuel en dan word jy maar teruggeroep. Maak maar seker, nie net van feite nie, maar maak seker dat jy besig is met God se kerk. Ja oral waar ek was is … is dit maar … mens kan so

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> maklik wêreldse dinge najaag, ek kan so maklik die gerief najaag (Onderhoud 10).
>
> *I believe that everything that happens in your life, if you put your life to God, everything is in the hands of the Lord* (Onderhoud 11).

Hierdie soeke na God se wil is ‘n oorgawe aan God, waardeur lidmate die heeltyd teruggeroep word na hulle roeping; die stryd tussen wat die mens wil en wat God wil, soos ‘n middeljarige NG Kerk-predikant dit verder beskryf:

> Dis, asof hy my elke dag terugroep uit my natuurlike geneigdheid (en dit is ook 'n gereformeerde oortuiging) dat ek maar geneig is en altyd binne die magneetveld van my eie ego lewe; en dat dit my kan wegtrek van my primêre roeping; en dat die Here my gedurig besoek op baie maniere, vanuit die Woord, vanuit 'n vriend, vanuit 'n ervaring. Baie maniere, asof die Here net vir my sê: Kom terug, jy is nou besig om te speel op die kantlyn … (Onderhoud 9).

God se wil en Koninkryk is vir die lidmate ‘n prioriteit en opvallend nie altyd ‘n maklike taak nie. Selfs mense, ernstig op soek na God se wil, struikel soms en moet terug na God se wil en roeping geroep word. Die natuurlike vraag wat hieruit voortvloei is hoe hierdie soeke na God se wil lyk. Twee wyses van God se leiding het uitgestaan – eerstens, doelbewuste leiding en tweedens, spontane, onbewuste leiding.

7.3.2.2. Doelbewuste gesprekke met God

Die noodsaaklikheid van stilword en doelbewus na God se wil te luister, is verskeie kere genoem. Vir baie van die lidmate is hulle persoonlike verhouding deur die dag ‘n soeke na God se stem; om seker te maak dat hulle wel op die regte pad is. ‘n NG Kerk-predikant beskryf hierdie soeke, soos volg:

> Maar ek voel ook dat daar baie keer sekere dinge is wat in my eie stilword … wat God my … waaroor ek sensitief raak en op meer as net ‘n lukrake manier en dan goed wat op ‘n manier belyn, op ‘n manier wat ek nie sou dink nie sou belyn. Dinge wat gebeur, wat ek dan altyd sal vra: Here help my om te weet die rigting wat ek moet inslaan … Maar, dit begin gewoonlik by my eie stilword en spiritualiteit en die dinge waarmee ek in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> my gees begin wandel. Ek dink altyd aan Hebreërs elf vers ses. Ek het altyd die teks wat my laat glo dat God bestaan; dat Hy dié beloon wat na Hom soek. As ek my hele lewe sê: Here ek is hier, moet ek vir U soek, hoekom sal Hy my in die duister laat loop? (Onderhoud 5)

Dit blyk, asof die rol van stiltetyd, huisgodsdiens (Onderhoud 15) en oomblikke van stilte deur die dag, lidmate help om iets van God se wil vir hulle te ervaar. Hoe dieper die verhouding met God (Onderhoud 1), hoe duideliker word God se openbaring deur die dag. Een lidmaat (Onderhoud 6) beleef hierdie leiding van God deur kalmte in moeilike uitdagings by die werk, terwyl ander (Onderhoud 4 en 8) inspirasie ervaar in gesprekke met kollegas.

‘n Vrou in die polisiemag beskryf dit sinvol:

> Absoluut. Ek voel Hy is absoluut elke dag betrokke met dit waarby ek besig is, of dit nou die klein is of groot is. En in die moeilike situasies en buite die moeilike situasies. Ja, Hy is absoluut boaan daai hele aspek van dit (Onderhoud 13).

Selfs ‘n bruin vrou van die VGK-Afrikaans-gemeente (Onderhoud 14), wat tans werkloos is en haar tyd in-en-om die huis spandeer, beskryf hoe sy heeldag besig is met God en hoe sy niks sonder God se leiding kan doen nie.

Lidmate se direkte soeke na God deur oomblikke van stilte, gebede en doelbewuste stilword deur stiltetyd en huisgodsdiens blyk ‘n tendens te wees. God se wil en roeping in hulle lewe word sigbaar deur ‘n keuse om aan hulle verhouding met God te werk. Lidmate leef wel God se wil spontaan uit sonder ‘n doelbewuste soeke daarna; die volgende saak om van kennis te neem.

7.3.2.3. Spontane leiding deur die dag

Daar is reeds aangedui dat daar oomblikke van duidelike soeke na God se wil is.Tog opvallend is daar dikwels oomblikke waar lidmate nie spesifiek op God se leiding gefokus is nie. Dit bly egter steeds hulle oortuiging dat God selfs in sulke tye leiding in hulle lewens neem. God se onbewuste leiding is nie iets wat lidmate teenstaan nie, inteendeel, dit is iets wat hulle aanvaar, soos ‘n leraar van die VGK-Xhosa-gemeente aandui: “Want ek laat die Here toe om deur my te werk. As dit is wat Hy wil hê, laat dit so wees. Waarmee ek besig is, is nie my werk nie, dis my roeping” (Onderhoud 7).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

‘n Lidmaat van dieselfde VGK-Xhosa-gemeente verwys na God se insette as ‘n sensitiwiteit vir God se teenwoordigheid:

> *So, to me it is like listening to your inside. God is talking to you – in that moment you have to act. I have been in a situation whereby you realise this is God talking to me* (Onderhoud 11).

Tydens Onderhoud 15 het ek die volgende verkennende vraag gevra: “So, jy is bewus van die Here wat jou lei, deur die dag, al is dit dan nie 'n stem uit die hemel uit nie, is jy bewus van God wat betrokke is in jou lewe?” Die vrou het duidelik met ‘n “ja” beaam. ‘n NG Kerk-predikant beskryf God se indirekte leiding as ‘n *autopilot* wat aangaan en jou op ‘n nuwe pad lei, ‘n pad waar groei kan plaasvind.

Vir baie van die lidmate is hierdie gedagte aan God se onbewuste leiding ook deel van die groeiproses as gelowiges. God se leiding is nie altyd dadelik sigbaar nie; dikwels is dit vanuit die geskiedenis dat God se wil en leiding duidelik word:

> Soms maak dinge nie sin nie, maar ek het ook al ervaar in my lewe dat baie keer, later in my lewe, kry sekere hoofstukke eers ‘n naam. So, ek ignoreer nie dit wat nou gebeur nie, of dit misluk of nie sin maak nie, dit bly altyd deel van jou arsenaal van jou lewe, deel van jou tapisserie (Onderhoud 9).
>
> Ek sal na 'n spesifieke persoon of persone onbewustelik toe gaan en as ek daar kom, sal ek weet dis hoe die Here my gelei het en wat ek daarmee doen. Dis hoe ek dit ervaar (Onderhoud 14).
>
> … ons hoop almal God het ons van dag een af gelei om op ‘n punt te wees in ons lewens waar ons moet wees. Dis waarvoor ons almal hoop en bid – lei my vandag … ons almal hoop dat ons min of meer daar is, waar God wil hê ons moet wees … (Onderhoud 8).

Een van die uitsonderings in die onderhoude was my gesprek met ‘n 35-jarige swart lidmaat van die VGK-Xhosa-gemeente. Uit sy onderhoud (Onderhoud 12) en my voorafgesprek met sy predikant, is dit duidelik dat hy in ‘n ernstige verhouding met God leef en aktief in die gemeenskap en in die gemeente betrokke is. Sy Godsbelewenis is egter anders, in die opsig dat hy duidelik onderskeid tref tussen werk en kerk; lidmate en predikant; en spontane optrede teenoor God se roeping. Die volgende opmerking verduidelik iets van sy belewenis van God: *Sometimes, yes,*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

because it is different things I do outside there – some of them I think God, others I just do. Hy tref duidelike onderskeid tussen gewone daaglikse oomblikke van goed doen aan sy naaste en oomblikke waar God hom gebruik – soos met prediking, gebed en sy rol by die jeug.

Behalwe vir hom, is die meeste ander lidmate gedurig bewus van God se bewuste en onbewuste leiding en roeping. Dit is nie altyd duidelik hoe God hulle roep, en lei nie, maar hulle leef in die afhanklikheid dat God met hulle is en hulle gebruik as sy agente. Ek sluit die gedeelte oor God se leiding af met ‘n mooi beeld van ‘n afrigter en rugbyspeler:

> Baie keer is ek onseker wat ek moet doen en binne daai onsekerheid moet ek keuses maak. Onsekerheid is my vertrekpunt, maar ek is geroep hiervoor en ek mag dalk nie weet presies wat [nie], maar wil net weet hoekom moet ek ‘n sekere keuse maak. Omdat ek geroep is, dit is op my tafel. Ek het nie ‘n riglyn, wit op swart, wat my sê wat om te doen nie. Ek moet die keuse maak en dan glo ek dat iets van my karakter – wat God buite my roeping heen ook in my lewe gevorm het – dat dit ‘n rol speel binne my roeping. Die maklikste voorbeeld is iemand wat rugby speel, die oomblik wat hy uitdraf kan hy nie heeltyd vir sy coach vra of kan hy maar skop, moet ek hardloop of uitgee nie. Op daai stadium moet die coach sê: Gaan maar aan, jy speel nou, ek het jou afgerig (Onderhoud 5).

Die volgende belangrike saak is of daar ‘n gebalanseerde begrip van die Triniteit onder lidmate voorkom.

7.3.2.4. ‘n Gebalanseerde begrip van die Triniteit

In my teoretiese soeke na ‘n gereformeerde begrip van roeping het ek klem op ‘n gebalanseerde Trinitariese siening geplaas; ‘n fokus op die sosiale kant van die Triniteit. In die samestelling van die vrae het ek baie nagedink oor hoe ek lidmate se siening van die Triniteit kan ondersoek. Ek het besef dat ‘n direkte verwysing na die Triniteit die vraag in ‘n sekere rigting sou stuur. Ek het dus slegs gekies om na God te verwys, nie direk na die Triniteit nie. Opvallend was dat die term ‘Triniteit’ of ‘Drie-enige God’ nie in een van die onderhoude direk aangespreek is nie. Die meeste lidmate het aangehou om net na God te verwys. Hieruit wil ek nie te veel aflei nie. Ek

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wil eerder tussen die lyne lees en deduktief probeer aflei hoe die Triniteit deel van lidmate se Godsbegrip uitmaak. Ek begin met ‘n opmerking vanuit Onderhoud 1, ‘n opmerking wat die werking van die Triniteit indirek aanspreek:

> [Die] mate waarvoor ek vir Hom tyd maak en die mate waarvoor ek gefokus vir Hom tyd maak, om kwaliteit tyd met Hom te spandeer, is die mate waarin ek die openbaring vir my dag tot dag roeping ervaar. So, vir my is dit direk verwant aan geestelike warmheid en geestelike louheid en koudheid. Hoe warmer geloofslewe is en hoe beter die kwaliteit van dit is, hoe makliker is dit om God in my persoonlike roeping te ervaar. Dan kan jy die Gees in jou vertrou, want dan is die Gees binne jou, deur jou gevul met Hom. So, wanneer jy, soos Jakobus sê: Wanneer jy jou mond oopmaak (Petrus praat ook daarvan) kan jy die Gees vertrou; dat Hy namens jou praat en dan kan jy die emosies en die gevoelens binne in jou ook vertrou; dat dit God se roeping is (Onderhoud 1).

Alhoewel hier net verwys word na God en die Gees, is dit die onderskeid wat getref word wat belangrik is. Tydens Onderhoud 8 het ek met ‘n verkennende vraag dieper gesoek na wat bedoel word met ‘Hy’: “As jy praat van Hy, van wie praat jy?”. “Van God – ek dink tegnies die Heilige Gees – God – is soos ‘n pressure wat van die kant af druk as jy nie op die regte pad is nie.” Hierdie direkte vraag het die lidmaat gedwing om uit te brei, maar steeds was sy antwoord onseker.[359]

Alhoewel lidmate dikwels verwys na geestelike groei en hulle eie gees wat sensitief raak, is die verwysing na die Gees opvallend min. Een van die lidmate (Onderhoud 10) verwys na die Gees van God, maar verder is dit slegs die lidmaat vanuit Onderhoud 1 wat gereeld na die Gees verwys. Wanneer dit egter by Jesus kom, is dit ‘n ander saak.

Verskeie van die lidmate verwys na die rol van Jesus as Here en Christus. Die beskrywing Christus kom nege keer onder drie lidmate voor, waaronder die volgende aanhaling: “Ek dink ons is, veral in die gemeenskap, ons Goddelike roeping om deel te hê in die seëninge van Christus se verlossing aan die kruis.” Veral ’n identiteit in Christus word ‘n paar keer opgeneem. Die verwysing na Here (*Lord*) kom by dertien

[359] Op ‘n kritiese vlak besef ek dat meer sulke direkte vrae oor die Triniteit sinvol sou wees. Ek het egter die onderhoude ingegaan met die idee om na lidmate se spontane taalgebruik ten opsigte van die Triniteit te soek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die onderhoude in verskeie kontekste voor, terwyl Jesus in ses van die onderhoude genoem word.

Dat Jesus en Christologie beklemtoon word, is duidelik. Lidmate probeer die voorbeeld van Christus volg, soos ‘n bruin NG Kerk-lidmaat (Onderhoud 4) aandui: “[Ek] is altyd in die posisie van: Wat sal die Here wil hê ek moet doen?” ‘n Ander gepaste voorbeeld is ‘n NG Kerk-predikant se opmerking: “Here ek sien dit raak, wat in my moet verander?” (Onderhoud 5).

‘n Gebrek aan die werking van die Gees en die rol van die Vader (slegs twee keer voorgekom) is opmerklik. Hierdie kan egter nie dien, as teken van ‘n gebrek aan die impak van die werking van die Gees en die Vader in die lewens van lidmate nie. Dit kan wel aandui dat in die gebruikstaal aangaande roeping die verwysings na God, Jesus en Here baie sterker is.

7.3.2.5. Persoonlike begeertes

Tydens die onderhoude is lidmate se begeertes ondersoek deur twee vrae. Die eerste was meer gefokus op persoonlike begeertes, terwyl die tweede op lidmate se begeerte vir ander mense gefokus was. Persoonlike begeertes word hier bespreek en word opgedeel in drie afdelings.

(a) Persoonlike begeertes gemik op ander mense

Vir sommige lidmate is hulle persoonlike begeertes gemik op die mense om hulle; nie noodwendig iets wat hulle begeer vir ander nie, maar iets wat hulle wens hulle vir ander kan doen. Die volgende diagram dien as opsomming van hulle begeertes vir ander mense:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Figuur 7.2: Begeertes gemik op ander.

Die begeertes wissel van ‘n beter toekoms vir kinders in Suid-Afrika, tot die geloofslewe van ‘n broer; amper onselfsugtige begeertes: om ander te help, na hulle te luister en te bid dat hulle die Here sal leer dien. Hierdie wens word deur iemand wat tussen ander in nood lewe verwoord:

> *You see, sometimes in our community, there’s a lot of people who need help. They do things that they do not understand, at the end of the day, what it is causing. That is why my desire is to help. For example, if I’m communicating with people here, some people will start to tell the deepest problems in their homes. Like marriage problems. Then I try to help them* (Onderhoud 11).

Ek redeneer dat ’n mens hierdie begeertes ten opsigte van ander sou kon opsom met liefde aan jou naaste; ‘n belangrike eienskap vir mense wat God se hart vir ander verstaan.

(b) Begeertes gefokus op geloofsgroei

Die volgende groep mense se begeertes is gefokus op hulle verhouding met God. Hier is dit moeilik om te onderskei hoe opreg hulle begeertes is. Is dit waarlik hulle diepste begeerte, of is dit die regte antwoord met die oog op ‘n teologiese studie? Die benadering wat gevolg is in die keuse van lidmate, as mense wat hulle roeping uitleef, laat my werk met die vertrekpunt dat dit opregte opmerkings is. Hierdie aspek van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

lidmate se begeertes maak my persoonlik opgewonde, aangesien dit ‘n ernstige soeke na God se teenwoordigheid verwoord:



Figuur 7.3: Begeertes gemik op geloofsgroei.

Die begeerte om ‘n diep, deurleefde geloofslewe te lei, kom veral in hierdie gedeelte kragtig na vore. Dit blyk, asof dit by verskeie van die lidmate ‘n enorme behoefte is om God beter te ken; om Hom te beleef, te sien en as Sy kind te leef:

> Om 'n dieper verhouding met die Here te hê – op die einde van die dag – en om te doen wat Hy van my verwag om te doen, weereens in die moeilike en makliker deel van my lewe. Maar, weereens gaan dit net om 'n dieper verhouding met hom te hê (Onderhoud 13).
>
> Ek wil in elke situasie waarin ek is God se hand sien. Ek wil in elke mens God raaksien, selfs die ou wat my irriteer of die kliënt wat ek nie kan verdra nie, wil ek God raaksien in. So, as ek dit kan regkry, dan is dit een groot begeerte en dit is baie moeilik. Dit gebeur nege uit tien keer dat ek

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> uitgaan en as ek die aand by die huis kom, nie een keer kan ek sê: Het ek ‘n gesprek gehad met God nie? Maar, om deurentyd ‘n gesprek met God te hê, elke situasie al is dit small talk, ek dink as ek dit kan regkry … dis ‘n groot begeerte (Onderhoud 6).
>
> Om beter te ken – vir mense om Hom beter te ken. Ek sê altyd as ek ‘n sticker oor my lewe kon plak is die sticker: I’m a life that’s being changed; en dit was God gewees. So, hierdie pad is ‘n pad van voortdurende verandering … en om iewers iets van God te ervaar – Sy liefde, genade, Sy teenwoordigheid laat smag jou na meer (Onderhoud 5).

Dit wil voorkom, asof lidmate ‘n verhouding begeer wat verwoord kan word met die woord ‘persoonlik’; veel meer as om van God te weet; iets van ‘n intieme verhouding. Die doel van hierdie intieme verhouding is dan ook gemik op God se wil en is nie ‘n selfsugtige soeke nie. Vanuit die verhouding met God raak dit moontlik om “oor te gee aan God” (Onderhoud 2), ‘vrede’ en ‘kalmte’ te beleef (Onderhoude 1, 2, 3) en “jou roeping te verstaan” (Onderhoud 6). ‘n Wit middeljarige sakeman verwoord hierdie begeerte van ‘n kwaliteit spirituele lewe, soos volg:

> Begeertes is definitief gerig op die kwaliteit van lewe en as ek sê kwaliteit van lewe, praat ek juis van die spirituele lewe, want uit dit uit kry jy verdraagsaamheid; jy kry vergenoegdheid; jy kry dankbaarheid. Jy kry al daardie kwaliteite wat maak dat jy groter waardering het vir die gemeenskap waarin jy is; die gesin waarin jy is; die groter samelewing waarin jy is; die werksomstandighede waarin jy is. So, ja, my begeertes in die lewe sal gemik wees rondom daardie kwaliteit van lewe. Vir elke individu om daardie vrede in homself te kan hê dat hy ‘n lewe van dankbaarheid; ‘n lewe van vergenoegdheid; ‘n lewe van positiwiteit kan leef. Dit sal my begeertes wees (Onderhoud 1).

Geestelike begeertes vloei opvallend voort vanuit ‘n verhouding met God en word dan spontaan gefokus op die nood van die samelewing. Ek sluit die gedagte af deur te verwys na die behoefte van iemand om net stil voor God te wees: “Om meer in stilte voor God te wees en sy stem te hoor, in plaas van om Hom te vra of te sê wat Hy moet doen” (Onderhoud 9).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(c) Wêreldse begeertes



Figuur 7.4: Begeertes gemik op die wêreldse.

Die laaste aspek van lidmaat begeertes is fokus op hulle eie, fisieke realiteite. Waar die eerste aspek gemik was op ander mense se begeertes, die tweede geestelik van aard was, is die derde een meer gemik op die wêreldse, soos ‘n vriend in die gemeente verduidelik:

> My begeertes is maar wêrelds en ek kan dan sê sekuriteit en alles wat daarmee saamgaan. Ek is seker daar is mense wat meer profound antwoorde gaan gee, maar dis ‘n punt in my lewe waar ek meer sekuriteit wil hê … (Onderhoud 8).

Belangrik hier is dat mense se fisieke begeertes steeds belangrik is. In Hoofstuk 6 is Moses se twyfelvrae juis gemik op die fisieke bekommernisse wat hy beleef het. Vir lidmate om te bekommer oor veiligheid, sekuriteit en die toekoms van hulle kinders in die land, is normaal en ‘n belangrike aspek van ‘n deurleefde geloofslewe. Vir een van die vroue (Onderhoud 2) is dit belangrik om te besef hoe bevoorreg sy is, terwyl ‘n swart lidmaat uit die VGK-Xhosa-gemeente ernstige verhoudings met die mense om hom begeer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Nie almal se begeertes is dieselfde nie, maar wat hulle wel gemeen het, is dat hulle begeertes, of dit wêrelds of geestelik is, gebore word vanuit hulle verhouding met God. Kragtens die gebruik van die woord 'begeerte' in die studie, sou ek wou afsluit deur te noem dat hulle begeertes op God se Koninkryk gemik is.

7.3.3. Verhouding met ander

7.3.3.1 Die rol van die kerk

Vanuit 'n verhouding met God beweeg ons na gelowiges se verhouding met ander kinders van God. Die verhouding begin by die rol van die kerk.

(a) Die historiese impak van die kerk

Opvallend baie van die lidmate het in die kerk grootgeword. Kerk was deel van hulle opvoeding en ouers het in baie gevalle 'n groot rol gespeel:

> Ek het in die kerk groot geraak. Ek was maar altyd met my familie en my grootouers – wat ook maar mense was wat gekloek het om die kerk – en nooit regtigwaar het jy besef dat dit 'n impak op jou gaan hê nie. So ja, dis amper 'n Timoteus-verhaal: ek het grootgeword met die goed en iewers het God iemand gebruik om saadjies te plant in jou lewe, wat jou laat let op sekere dinge en ook op jou persoonwees en persoonlikheid (Onderhoud 10).
>
> *My parents raised me in church – when I was fourteen or fifteen* (Onderhoud 12).
>
> So, in daai opsig was die kerk die plek wat vir my die ruimtes geskep het. Ons het elke Sondag kerk toe gegaan. Die kerk sou my ma-hulle aangemoedig het, glo ek, om met 'n huisgeloof te begin en elke aand godsdiens te hou. En, soms was ons vies vir mekaar, maar ons het geweet ons kan nie godsdiens hou as ons vir mekaar vies is nie (Onderhoud 5).

Verskeie ander voorbeelde sou aangehaal kon word, maar die punt is dat die kerk 'n groot rol op baie van die lidmate se geloofsvorming gespeel het, al was dit, soos die vrou uit die VGK-Afrikaans aandui: "[Want] baie van ons het grootgeword met 'ons

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

moet in die kerk wees'." Ek sluit die gedeelte af met die verwysing na 'n jong NG Kerk-leraar wat aandui dat die kerk haar prentjie van God se Koninkryk gevorm het.

(b) Die impak tans

Die meeste lidmate is eintlik vanselfsprekend steeds by die kerk betrokke. Die waarderende benadering en soeke na lidmate wat reeds hulle roeping uitleef, maak dat betrokke lidmate van die NG Kerk, VGK-Afrikaans en VGK-Xhosa genader is vir die studie. Toepaslik, egter, veral in tye waar lidmaatgetalle afneem,[360] is om na rol van kerk in die geloofsvorming van 'geroepe' lidmate te kyk. Die volgende diagram dien as goeie vertrekpunt vir hierdie punt:



Figuur 7.5: Die rol van kerk tans in lidmate se geloofslewe.

Al die lidmate het, wonderlik, aangedui dat hulle gelukkig in hulle gemeentes is en dat hulle byvoorbeeld die kerk se eredienste tydens die Covid-19-grendeltyd gemis het (Onderhoud 14). Dit blyk, asof lidmate die erediens as aangenaam ervaar as gevolg van gasvryheid, vriendskappe, samehorigheid, die gemeenskap van gelowiges,

[360] Vergelyk Benade (2019).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"warm sang", 'n fokus op die gesin en die kinderoomblik. Dit blyk egter, asof die geestelike impak van die kerk op lidmate se Godsbelewenis van groter belang is. Die meeste lidmate het aangedui dat die kerk hulle help om te groei; ruimtes van aanbidding skep; leiding bied en hulle help om hulle identiteit in Christus te vorm – die kerk skep 'n liefde vir God.

Daar is 'n verdere rede vir die toepaslikheid van kerk wat help in die ondersoek: die perspektief dat die kerk nie 'n instansie is nie, maar mense:

> [Die kerk speel] 'n massiewe groot rol en die rede daarvoor is nie die kerk, as 'n instansie of die kerk as 'n entiteit nie, maar juis die verstaan dat ons as Christene die Kerk van God is en die Kerk vir Jesus is. So, die mense wat wel gesaai het in my lewe, sien ek almal as Kerk en, daarom, ja, hulle was instrumente van God gewees en, daarom … maar dit kom vir my terug na die een algemene Christelike kerk. Hulle mag verskillende denominasies gewees het, verskillende stadiums, verskillende agtergronde hê, maar die feit dat hulle gesaai het in my lewe en dat hulle inspraak in my lewe gehad het … van my ma af, pa, vriende, kollegas … oor die jare maak hulle nog steeds kerk vir my. So, in my roepingsverhaal het die kerk 'n groot rol gespeel, want vir my is die kerk, Christus wat leef in mense (Onderhoud 1).
>
> Om deel van die kerk te wees, beteken wel om die liggaam met jou gawes te dien. 'n Laaste opmerking oor die toepaslikheid van kerk is dat die kerk mense van die nood van die wêreld bewus maak (Onderhoud 2).

Geen van die 'geroepe' lidmate is negatief teenoor die kerk as instansie nie. Hiermee dui ek nie aan dat onaktiewe lidmate nie hulle roeping kan uitleef nie, maar slegs dat 'n positiewe belewenis van die geloofsgemeenskap 'n groot rol in die roepingsbelewenis van die vyftien lidmate speel.

(c) Die toekomstige rol van die kerk

Lidmate se bydrae in dié verband is besonders betekenisvol en het baie persoonlike vrede aan my gebied. Ek sal die toekomstige rol van die kerk in die bemagtiging van lidmate as die studie se slotparagraaf (Hoofstuk 8) aanwend.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

7.3.3.2. Betrokkenheid van lidmate

Uit die vorige gedeeltes is, onder andere, opgemerk dat die vyftien lidmate as geheel op God se wil gefokus is en dat daar by hulle ‘n ernstige behoefte bestaan om bewustelik en onbewustelik te lewe, om ‘n verskil te maak. Hierdie afdeling fokus op hulle ervaring van lidmate van hulle eie en ander kerke se betrokkenheid by die nood van die samelewing. In die bespreking oor lidmate se ervaring van medelidmate se betrokkenheid by die nood van die gemeenskap, is drie kategorieë geïdentifiseer.



Figuur 7.6: Betrokkenheid van eie lidmate.

Die eerste groep se ervaring was dat die gemiddelde lidmaat wel betrokke is. Hierdie groep was egter in die mindere en net sowat vier van die deelnemers het aangedui dat hulle medelidmate genoegsaam betrokke is. Hierdie betrokkenheid word beskryf, soos volg:

> Ja. Al kan hulle op papier in die kerk meer betrokke wees, dink ek tog in ons sosio-ekonomiese en politieke onstabiliteit is hulle nie te sleg nie; ek moet vir hulle opkom daar. Ons het groot challenges in Suid-Afrika, dis moeilik, so hulle kan altyd beter gaan, maar hulle doen nie niks nie. As jy gaan kyk wie is die frontrunners van hand uitsteek, dan kan jy maar kyk, daar is baie NG Kerk Vredenburg-mense daar (Onderhoud 8).
>
> Natuurlik is nie almal geïnteresseerd nie, totdat dit jou raak. Soos as jy nou jong kinders of mense het wat in dwelms verval, sal jy oplet diegene wat opkom is die wat geraak word en wat regtigwaar hunker na 'n oplossing. Die feit dat hulle ook nood ervaar, maak dat hulle wil deel wees

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> van nood aanspreek. So, dit is maar ons gemeenskapsake (Onderhoud 10).

Twee predikante, wat onlangs in die gemeenskap betrokke geraak het, se gevoel is dat lidmate van hulle gemeentes redelik aktief betrokke is. Hulle gevoel is dat baie meer gedoen kan word, maar dat mense nie niks doen nie:

> Op 'n skaal van nul tot tien sal ek positief sê: ‘n Ses. Ek het bewus geraak, die afgelope paar maande dat ons nie net gelowiges binne die kerk moet tel nie, daar is 'n groot klomp mense wat goed doen. Maar, die linkerhand weet nie wat die regterhand doen nie (Onderhoud 9).

Verskeie lidmate is redelik neutraal teenoor lidmate se betrokkenheid en antwoord byvoorbeeld met ‘n “ja en nee” (Onderhoud 4) en “ek gaan hom met ‘n stuk onsekerheid antwoord” (Onderhoud 5). ‘n Leraar van die VGK-Afrikaans-gemeente antwoord, soos volg:

> Ek dink blootstelling aan uitdagings was die probleem. Ek weet nie of dit hier spesifiek ‘n probleem is nie. Ek sou sê, as jy goedjies probeer aanspreek en dinge loods, kry jy tog belangstelling, want lidmate besef dit raak my huis. En, baie keer, diegene en die gemiddelde ou wat homself beskikbaar gestel, is mense wat die goed beleef. Hy of sy wil 'n verskil help maak. Daar is ook diegene wat nie veel gelaat is nie, of so lyk dit (Onderhoud 10).

Die opmerking van ‘n VGK-Xhosa-lidmaat is ook sinvol in die verband, aangesien sy gevoel is dat waar die kerk werk, lidmate werk, maar waar die kerk ophou, hou lidmate op:

> *It’s going to be difficult for me to say if the people at this church are helping others, because normally when we do things as a group, we are using the Word of God in helping. But when we split to individuals, I don’t know exactly how others are doing. But we are trying to do so in a group when we say God is calling us to help and we must do the job God is giving us to do* (Onderhoud 12).

Dit wil dus voorkom, asof sommige lidmate wel aktief betrokke is, maar dat hierdie lidmate dit dikwels stilweg doen. ‘n Groot meerderheid van die lidmate was egter redelik negatief teenoor hulle medelidmate se betrokkenheid en ervaar dat “daar nog

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

werk is om die kopskuif te maak dat ons nie hier is vir onsself nie, ons is hier vir die wêreld, die Here het ons hier geplaas met 'n doel" (Onderhoud 7). Een so 'n doel word mooi beskryf deur 'n vrou vanuit die NG Kerk, wat weereens na haar ma verwys:

> Ons engage op 'n finansiële manier en dis vir ons OK en ek sluit myself daar in. Maar, ek vat weer my ma se voorbeeld: sy kook sop elke Woensdag en sy gaan met die pot sop Smartietown toe en sy staan en skep fisies vir die kinders kos. Ek is skuldig, ek doen dit nie. Ek glo sy sou my saamgesleep het as ek daar was (Onderhoud 4).

Lidmate beskryf medelidmate se betrokkenheid met woorde soos 'onbewus', 'individueel', 'louwarm', 'kerklos', 'gemaksone', 'sku'; en frases soos "everything is mine", "lewe met oogklappe", "glad nie" en "dit maak my hartseer". Alhoewel van hierdie woorde gedurig voorkom, is die meeste van die opmerkings oor ander lidmate se betrokkenheid sag en onkrities gewees. Deelnemers ervaar dat ander lidmate probeer, maar dat daar nie genoeg kommunikasie is oor die werklike uitdagings nie.

Een van die NG Kerk-lidmate was redelik krities teenoor veral wit mense se onbetrokkenheid in die swaarkry van die gemeenskap. Haar ervaring is dat mense in ontkenning leef en nie die verkeerdhede van die verlede wil erken nie:

> Nee, glad nie. Ek gaan dit sê en jy moet weet ek is nie oordelend daaroor nie en ek tel myself ook daarin: ek is hiper-gemaklik. Kyk wat eet ek vanaand. Kom ek wees met myself eerlik: die hoeveelheid geld wat ek vanaand spandeer het aan kos kon ek 'n familie mee gevoer het, so ek is die grootste huigelaar wat hier sit. Dit maak my hartseer om te sien hoe wit mense nog nie bereid is om te erken; die swaar wat ons veroorsaak het. Ek is net vir die rekord ses-en-dertig jaar oud. So, as mense hulleself wil exclude met 'ek het niks gedoen nie' – strooi! … Ek het 'n verskriklike probleem met die ontkenning. Ek sê nie ons moet jammer en betrag nie, dis net daai bewustheid. Ek dink as jy daai bewustheid het … Of, kom ons vat dit terug, kom ons sê histories: jy wil nie skuldig voel nie; dis ook fine, om jou bewustheid van jou bevoorregting teenoor hoe swaar mense kry wat in ons streek bly (Onderhoud 2).

Hierdie opmerking is bevestig deur 'n vrou uit die VGK-Afrikaans (Onderhoud 15). In 'n verkennende vraag het sy aangedui dat die meeste van die mense in die bodorp

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nog onbetrokke is in die onderdorp, maar ook bevestig dat dit ‘n waarheid is wat weerskante toe sny.

My afleiding vanuit hierdie afdeling is dat mense bang is om krities teenoor ander se betrokkenheid te wees. Ek het iets van ‘n onkunde beleef oor eie lidmate se betrokkenheid in die gemeenskap. Selfs die mense wat krities was, praat amper, asof hulle onseker is. Hulle praat vanuit ‘n persepsie of persoonlike ervaring, maar kan nie werklik aandui waar of hoe eie-lidmate betrokke of nie betrokke is nie.

Tydens die onderhoude is die betrokkenheid van lidmate van ander kerke ook getoets. Weereens is daar drie kategorieë wat uitstaan en ‘n soortgelyke diagram sou gebruik kon word as met die betrokkenheid van medelidmate. Deelnemers was positief, negatief of neutraal oor ander kerke se betrokkenheid in die gemeenskap. Met ander kerke word slegs verwys na die NG Kerk, VGK-Afrikaans en VGK-Xhosa.

Eerstens is daar slegs drie mense wat op ‘n manier na iets positiefs in hierdie verband kon verwys. ‘n Wit vrou beskryf die VGK se ingesteldheid as positief:

> [En] dit was absoluut hartseer om te sien hoe kleurling vrouens wat enkelma’s is, maar ‘n salaris verdien, gee wat hulle glad nie het nie. Daar is baie meer empatie om kinders in pleegsorg aan te neem … ek is so besig dat in daai konteks … het ek nie hier ‘n groep waarby ek inskakel nie. Ek kan nie daai goed antwoord nie, dis nie goed nie, maar ek dink hulle is meer empaties, want hulle sukkel saam. Hulle gee ook wat hulle nie het nie (Onderhoud 2).

Verder bevestig ‘n NG Kerk-lidmaat (Onderhoud 8) hierdie positiewe sentiment deur na sy voorman, besig met uitreike, in die VGK-Afrikaans te verwys. ‘n Lidmaat van die VGK-Xhosa wat kan onthou hoe die NG Kerk in die verlede by hulle gemeente gehelp het, bevestig dit verder.

My ervaring is dat die meeste lidmate onseker is oor hoe lidmate van ander kerke in die gemeenskap betrokke is. Hierdie onsekerheid word toegeskryf aan ‘n gebrek aan kennis oor hoe ander mense betrokke is. Die meeste lidmate is net te besig of onbetrokke om iets oor ander kerke se lidmate te kan sê:

> My persoonlike opinie en ervaring van dit – en ek moet sê dit is beperk en gebrekkig, so, dit mag heeltemal verkeerd wees van die waarheid af.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> Ek is nie soveel betrokke met die VGK-Xhosa of -Afrikaans om te weet wat is hulle betrokkenheid en rol nie (Onderhoud 1).
>
> Nee, ek het regtig te min met hulle te doen (Onderhoud 14).
>
> Ek weet nie altyd wie is die mense wat die meeste doen nie, so, uit my ervaring is dit moeilik om te sê. Ek weet ook nie hoe is die ander gemeentes betrokke nie (Onderhoud 8)
>
> So, ek nie noodwendig op hierdie stadium … daar is nie vir my ‘n denominasie of geloofsgroepering wat ek sê: hulle is ons ligjare vooruit nie. Ek kan nie dit sê nie (Onderhoud 4).

Daar is een aspek uit hierdie afdeling wat vir my baie waardevol is: dat daar wel by die meeste lidmate (al is hulle negatief, neutraal of positief oor ander groepe se betrokkenheid) ‘n behoefte tot groter samewerking is. Die lidmaat van die VGK-Xhosa (Onderhoud 12) spreek die behoefte uit tot beter kommunikasie, terwyl ‘n vrou van die VGK-Afrikaans byna smeek vir groter samewerking (Onderhoud 14). Die predikant van die VGK-Xhosa (Onderhoud 7) noem hierdie behoefte tot groter samewerking ‘n paar keer. Hy beskryf dit as ‘n noodsaaklikheid om beter te netwerk (*networking*). Dit raak duidelik dat samewerking en kommunikasie tussen die drie kerkgroepe nie baie goed is nie. Die bereidheid om betrokke te raak, bestaan beslis, maar iewers sal daadwerklik ‘n poging tot groter samewerking aangewend moet word. Die gedagte dien as ‘n geskikte inleiding tot die laaste kategorie, die verhouding met die wêreld

7.3.4. Verhouding met die wêreld

Die afdeling fokus op lidmate se behoefte om in die plaaslike gemeenskap betrokke te wees. Dat dit nie altyd maklik is om betrokke te raak nie, is ‘n gegewe. Vanuit lidmate se reaksie is daar twee breër kategorieë wat betrokkenheid na buite uitdagend maak: fisieke en geestelike of emosionele uitdagings.

7.3.4.1 Fisieke uitdagings in SBM

Met fisieke uitdagings verwys ek spesifiek na lidmate se beskrywing van meer praktiese uitdagings. Verskeie voorbeelde is genoem, wat ek saamvat in drie groter groeperinge:

(a) Nood

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Nood beskryf die fisieke swaarkry van inwoners binne die grense van die munisipaliteit. Hierdie nood neem verskeie vorms aan, waarvan armoede een van die algemeenste is:

> Een van die grootste uitdagings wat ek graag op die tafel sal wil plaas is armoede – ons kan nie daar verbykyk nie. Dit staan, soos 'n berg, in die gemeenskap (Onderhoud 10).

‘n Werklose bruin vrou voer aan dat noodverligting een van ons groot uitdagings is en dat deel van ons roeping is om die hulpbehoewendes te help (Onderhoud 14).

Een van die VGK-Xhosa-lidmate maak egter ‘n baie interessante opmerking: *People always talk about the poor here. There is no poor. You have to go to the places who are poor* … (Onderhoud 11). Hierdie opmerking beskryf iets van ‘n persepsie van wat armoede en nood werklik is. Komende vanuit die Oos-Kaap is dit hierdie jongman se waarneming dat hier baie werksgeleenthede in die gemeenskap is; daarom is hier nie, na sy mening, rede tot armoede nie.

Bogenoemde opmerking baan die weg vir die rede vir die enorme nood in die gemeenskap – die afname aan werksgeleenthede in die Weskus. Deel van die dilemma is dat hier aanvanklik baie geleenthede was, wat ‘n influks van Suid-Afrikaners en buitelanders veroorsaak het. Die geleenthede het egter die laaste ruk ernstig afgeneem, wat werkloosheid vererger. Werkloosheid veroorsaak baie ander maatskaplike probleme.

Dat verskeie lidmate bewus is van die afstand tussen die armes en die rykes; dat daar ‘n begeerte is om nie net onbetrokke te bly nie, moet genoem word.

(b) Wanorde

Die nood in die munisipale gebied, grootliks veroorsaak deur werkloosheid en oorbevolking, kan waarskynlik beskou word as redes vir die wanorde wat tans in ons gemeenskap heers. Een van die lidmate in my eie gemeente (Onderhoud 1) verwys direk na hierdie verwantskap:

> Op die stadium is die misdaad vanselfsprekend; die kultuur van wetteloosheid en ongeordenheid is vanselfsprekend. Nie oor snaakse goed wat gebeur het nie; dis vanselfsprekend as gevolg van: Wat gaan ‘n pa doen wat honger kinders het? Dis nie reg nie, maar wat gaan ‘n pa

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> doen wat honger kinders het? Hy gaan kwaad wees, want hy voel skaam, hy voel sleg. Ek is die pa van die gesin en ek moet vir hulle voorsien. So, hy het woede in hom dat hy moet gaan bedel, om kos op die tafel te kan sit. Hy het vertroue verloor en het die woede in hom vir sy huidige leiers, maar ek mag nie kwaad wees vir my huidige leiers nie, want dis nie polities korrek nie. So, nou is ek kwaad vir iemand anders en nou moet ek dit reflekteer na iets toe. So, daar is 'n verstaan vir dit – dit maak dit nie reg nie – maar daar is 'n verstaan vir dit.[361]

Die VGK-Afrikaans-predikant steun dié gedagte: "So vir my, beslis die grootste uitdaging is armoede en vanuit dit spruit al die ander goed – jou alkoholisme …" (Onderhoud 10).

Verskeie simptome van nood kom in 'n hoë mate in die gemeenskap na vore en die volgende word gereeld uitgelig:[362]

- Dwelms (5)
- Alkohol (3)
- Misdaad (4)
- Geweld (*dangerous*) (5)
- Bedrog (*corrupt or fraud*) (3)
- Stakings of toi-toi (2).

Veral swart en bruin lidmate verwys gereeld na die misbruik van dwelms en alkohol; dit wil voorkom, asof die verslawingsprobleem enorm in die gemeenskappe is waar nood 'n groot uitdaging is.[363] Beide lidmate van die VGK-Xhosa-gemeentes verwys na hierdie probleem:

> *The people, my side, struggle with abusing alcohol. I cannot even say it is not having jobs, even now you can hear the work noise. The problem is the abusing of alcohol* (Onderhoud 12).

[361] Hierdie beskrywing is deel van 'n groter debat wat gevoer word. Die lidmaat is van mening dat byvoorbeeld misdaad en geweld vanselfsprekend is, maar dat dit nie beteken dat ons heeltyd op die negatiewe moet fokus nie. Die vraag oor 'hoe' ons 'n verskil kan maak, is waardevoller vir die lidmaat.

[362] Die getal kere wat dit in die onderhoude genoem word, word in hakies aangedui.

[363] Hiermee beweer ek nie dat dit nie die geval is in meer gegoede gemeenskappe nie. Die verwysing na dwelm- en alkoholprobleem word duidelik meer uitgelig deur lidmate vanuit die VGK-Afrikaans- en VGK-Xhosa-gemeentes.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *Drinking – when I was young, you would never find someone our age drinking in front of the people. Now, they are standing outside and drinking in front of the people. So, the bad things in this area are those things. Drinking, drugs, underage sex, people don't have morals* (Onderhoud 11).

Hierdie verslawing gee aanleiding tot misdaad: veral die gewelddadige misdade is kommerwekkend en laat mense in vrees lewe.[364] Hierdie verwysing na geweld en misdaad het egter minder voorgekom as wat ek aanvanklik verwag het. Die verwysing na gebroke verhoudings was egter vir my opvallend, wat ons na die volgende gedagte neem.

(c) Gebroke verhoudings

Die impak van die nood en die wanorde is 'n kommerwekkende beskrywing van gebroke verhoudings. Die eerste voorbeeld van sulke verhoudings is spanning tussen verskillende rasse (in vyf onderhoude aangedui) en kultuurgroepe (in vier onderhoude aangedui). Die volgende twee aanhalings dien as 'n goeie voorbeelde:

> Ek dink ons grootste uitdaging is die oorbrugging tussen rasse en kulture. Ras gaan minder 'n probleem wees, maar ek dink kultuur: ons verstaan nie mekaar se kulture nie. Al verstaan ons die definisie van elkeen se kultuur en hulle gebruike, om hulle te aanvaar, is moeilik. Ek dink die meeste van ons gereformeerdes is konserwatief grootgemaak. Dalk is dit 'n generasie wat moet uitsterf … ek weet nie hoe ons dit gaan oplos nie. Ek hoop maar dat dit 'n generasie-ding is. Maar, as ons kulturele verskille kan oorbrug sal ons 'n verder pad kan stap. Of, dalk op 'n punt kom waar ons aanvaar dat ons het verskillende kulturele beginsels. Dan sal ons seker die meeste van ons kulturele uitdagings kan oorbrug (Onderhoud 6).

> Ons as gemeentelede het 'n verantwoordelikheid om die wat ons het en veral die kinders vir die toekoms reg te lei, want hulle is so beïnvloedbaar.

[364] 'n Wit NG Kerk-lidmaat (Onderhoud 8) voer egter aan dat die geweld en misdaad nie in die Weskus so erg is as in die res van die land nie. Hy ontken nie die geweld en misdaad nie, maar voer aan dat die res van Suid-Afrika erger geweld en misdaad beleef. Alhoewel ek nie met haar 'n onderhoud gevoer het nie, is ek tans diep bewus van die vrou wat die kerkkantoor beman se vrees in haar eie buurt (informele nedersetting in Louwville). Terwyl hierdie stuk geskryf word, is sy in die proses om haar huis te verkoop. Die rede vir haar besluit is die toename in geweld, misdaad en verslawing.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> Ons kinders het so breë spektrum van maats en hulle probeer hard om die Xhosa- en Zoeloe-maatjie te ken, maar hulle is ook bang. Hulle is net so versigtig. So, dis maar beide kante. En, ons dorp se kultuur is nie een van gemak en oopheid nie. Dit maak dit moeiliker. As jy sien hoe met bruin, swart of selfs wit mense gepraat word in sekere areas, met enige persoon gepraat word … daar is daai condescending manier, dis soos … iemand het nou die dag gesê: dis ‘n Weskus-ding, maar dit is nie. Dis wat jy daarvan maak (Onderhoud 4).

‘n Vrou vanuit die NG Kerk (Onderhoud 2) ervaar juis dat sy as ‘n wit persoon soveel meer moet fokus op die herstel van verhoudings met ander rasgroepe:

> Ek voel amper of ek dit meer moet doen as ander mense. Ek moet amper meer as ander mense sê, as ‘n kerklidmaat van die NG Kerk. Alhoewel. Ek was in ‘n swart skool toe ander kinders nie was nie – en ek is seker maar ‘n millennial … voel ek nog steeds verantwoordelik vir die feit dat ek in ‘n kerk baie gelukkig is, wat miskien foute gemaak het en ek ook deel van die verandering moet wees. So, dit is my roeping in die kerk.

Die volgende vorm van gebroke verhoudings wat verskeie kere beklemtoon is, is die verbrokkeling van gesinne. Hierdie saak was vir ‘n swart lidmaat van die VGK-Xhosa ‘n duidelike uitdaging in ons konteks:

> *To be honest with you, the churches are struggling here because you don’t have families anymore. The children can no longer look to the father as a role model in the house. They will rather look to the gangsters who are doing things; the gangsters have jewellery and cars, and they think it is the right way. The family is failing from there* (Onderhoud 11).

‘n NG Kerk-predikant deel ook hierdie bekommernis. Hy redeneer dat ons gemeenskappe net gesond kan wees as gesinne gesond is:

> Die grootste uitdaging is gesinne, omdat ek dink verhoudings is die hartklop van ‘n mens se bestaan. Gesonde gesinne is ‘n gesonde gemeenskap – en ek ervaar ongelooflike gebrokenheid in die gemeenskap waarin ons leef. Nie net daar nie, binne ons. Ons as kerk se uitdaging is om self gesinne van integriteit te wees (Onderhoud 5).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die sterk fokus op gesinne, huwelike en rasseverhoudings is ‘n fisieke uitdaging wat my verbaas het. Daar is ‘n goue draad deur die onderhoude wat die herstel van verhoudings beklemtoon. Die verbrokkeling van verhoudings is ‘n simptoom van optrede in die gemeenskap wat waarskynlik dieper lê as die fisieke, eksterne uitdagings; waarskynlik toe te skryf aan geestelike of emosionele uitdagings.

7.3.4.2 Geestelike of emosionele uitdagings in SBM

Een van die VGK-Xhosa-lidmate (Onderhoud 11) het die probleem van geestelike armoede geweldig beklemtoon. Vanuit sy ervaring het baie lidmate van sy kerk ‘n swak Christelike fondasie, daarom sukkel hulle om na God te luister. Hulle leef Sondae in die erediens as kinders van God, maar in die week is hulle ongehoorsaam en stap hulle die verkeerde pad. Deur die onderhoude het ek bewus geword van verskeie simptome van mense se onvermoë om naby aan God uit te leef – ek verwys kortliks na sommiges.

Die onvermoë van mense om die God se liefde in die Weskus uit te leef, maar ook veel wyer, word as ‘n enorme probleem beklemtoon. ‘n Middeljarige vrou uit die NG Kerk (Onderhoud 2), beskryf hierdie liefdeloosheid, soos volg:

> Wat het in die land al die probleme veroorsaak in die konteks? Alles is liefdeloosheid en dis dalk simplisties, maar ‘n groot deel van die probleme wat ons het, moet reggestel word deur liefdesdade. So, ek dink dat Christene glad nie die liefdesgebod ernstig opneem nie; nie in hoe hulle oorkom nie; nie in die reëls wat hulle maak nie; nie in die oordeel wat hulle fel nie. Dis mos maar al waarvoor ons geroep is. Ons faal daarin.

Liefdeloosheid veroorsaak dat mense selfsugtig leef (Onderhoud 11) en dikwels slegs op die negatiewe (Onderhoud 1) van die land fokus. In plaas daarvan om hoop en positiwiteit te bring, verkondig mense dikwels die teenoorgestelde. Deel van ons uitdaging is juis om die teenoorgestelde te doen:

> Ek dink dis maar net om vuur onder die goed te sit: dit wat goed is, om vuur onder dit te maak. Eerder as om te fokus op die sleg, dink ek ons is ‘n ligdraer vir die res van die land (Onderhoud 8).

Die negatiewe persepsie oor ons land en plaaslike konteks, maak dit so maklik om in vrees te lewe (Onderhoude 6, 9 en 12). Mense is egter nie net bang nie, maar lewe

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dikwels ook met ‘n stuk woede (Onderhoud 1). Hierdie woede word sigbaar in die rassespanning, selfsug en ‘n onvermoë om sensitief vir mekaar te wees:

> As ek hier is, beskuldig ek die ouens aan die bokant (Vredenburg-dorp) en sê hulle is net diewe en rowers – en vat net ons geld en betaal ons ‘n appel en ‘n ei vir ons werk. En, dan sit die ouens aan die bokant, wat sukkel om die belt al stywer en stywer te trek, want ons kan nie by al ons uitgawes kom nie. En, die ouens toi-toi net. Maar, ek weet nie wat is die omstandighede waarin hy woon nie en hy kan nie my situasie verstaan nie. Die uitdaging is geweldig. Hoe bring jy hierdie twee pole by mekaar: om mekaar te verstaan, sodat ek begrip het vir hierdie ou wat in ‘n shack bly en sê hy sukkel eintlik. Sy behoeftes is dieselfde as myne, net op ‘n ander skaal (Onderhoud 7).
>
> Dit maak dit moeilik dat ons mekaar nie respekteer en mekaar se gevoelens in ag neem nie. Ons aanvaar dinge as vanselfsprekend en dit is vir my iets wat dit moeilik maak (Onderhoud 13).

Die probleem met hierdie simptome van liefdeloosheid en ‘n swak Christelike fondasie is dat mense moedeloos raak en maar net hulle omstandighede begin aanvaar (Onderhoude 9 en 10). As kerk is dit dan deel van ons uitdaging om draers van hoop te raak, sodat inwoners van die Weskus, sowel as die res van die land, die liefde van God kan beleef.

7.3.4.3 Wat begeer jy vir ander lidmate?

Onder ‘verhouding met God’ is die vyftien lidmate se persoonlike begeertes bespreek. Met hierdie afdeling wou ek die lidmate se harte vir hulle medemens ondersoek: Wat begeer hulle vir hulle gemeenskap? Vanuit die sekondêre data-ontleding is daar drie temas wat uitstaan: liefde vir God, naasteliefde (eenheid) en persoonlike geluk.

a) Liefde vir God

Verskeie lidmate het hierdie vraag beantwoord deur ‘n begeerte uit te spreek dat ander mense:

- waarlik God sal dien (Onderhoud 14);
- God se nabyheid sal beleef (Onderhoud 1; 5); en
- sal groei in hulle begrip van God se liefde vir hulle (Onderhoud 9).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

‘n Vrou in die NG Kerk beskryf hierdie begeerte, soos volg: “As almal van ons in die kerk kan besef hoeveel ons ontvang het en hoeveel liefde daar vir ons is”.

Opsommend is dit hierdie lidmate se begeerte dat ander mense se verhouding met God sal toeneem, sodat hulle ook iets van God se hart kan beleef; ‘n behoefte dat God homself so aan ander sal openbaar dat hulle ook in Sy genade kan leef en so hulle roeping kan beleef. Die roeping wat vanuit ‘n verhouding met God voortvloei, verskuif die fokus van die mens weg van die ‘eie-ek’ na die verhoudings met ander:

> Ek dink my grootste begeerte sal wees dat ons almal net terugsit vir ‘n slag en net bietjie terugkyk na ons eie lewens; dit wat ons vir God gee. En, dalk minder tevrede wees met waar ons geestelik is en meer bly soek. En, ek dink daai vrae wat jy jouself vra kan wyd wees; dit kan ‘n klomp uitdagings aanspreek. My gevoel is net: ons is in ‘n gemaksone wat ons geloofslewe aanbetref … Ek sê nie almal moet op ‘n vliegtuig spring en gaan sendingwerk doen of hulle families agterlaat en geweldsgeteisterde gebiede ingaan nie. Dis nie wat ek sê nie. Ek dink ons moet net bietjie gaan sit en dink daaroor en besef wat God se roeping is vir jou. Elke ou se roeping is anders (Onderhoud 6).

Hierdie fokus op ander lei my na die volgende begeerte van lidmate: eenheid tussen mense en ‘n liefde vir mekaar.

b) Naasteliefde en eenheid

‘n NG Kerk-predikant (Onderhoud 4) se wens is ‘n goeie plek om hierdie punt mee te begin:

> So, wat ek vir mense wens, is om hulle roeping te besef. Hulle roeping in die wêreld – en te sê: Here ek sien dit raak, wat in my moet verander, sodat ek dit kan gaan doen, want dan sal ek lewe? Dan lewe ons, dan lewe die Koninkryk.

Hierdie begeerte dat mense hulle roeping sal besef en dit teenoor ander mense sal uitleef, is ‘n deurlopende gedagte. Die Christelike roeping om gasvry (Onderhoud 3), liefdevol (Onderhoud 2) en verdraagsaam (Onderhoud 7) te wees, beskryf iets van die begeerte aan naasteliefde en eenheid. As ons ander mense as ‘mense’ kan beleef (Onderhoud 3;4), dan sal ons makliker met hulle kan hande vat. My bruin kollega in die VGK-gemeente beskryf hierdie naasteliefde besonders:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> Dit wat mens maar gedurig sê: daai medemensliefde, laat jou naaste ‘n prioriteit raak vir jou. Selfs binne hierdie opset is ons baie keer op onsself gefokus: ons dink aan onsself; ons dink aan ons huis; ons dink so ver ons grense strek. As ek iemand anders iets goeds kan toewens en ek hoop dit gebeur, dan is dit: kom ons gebruik die liefde wat God ons gee; kom ons wees tot seën van ander en probeer ander oplig. Daar is lewens om aan te raak. Jy gaan nie die wêreld kan verander alles nie, maar jy sal iemand se lewe kan verander. Gaan gee ander hoop, wees 'n baken van hoop. As jy daai kersie vir een ou aansteek, kan hy ander mense se kerse aansteek en positief maak (Onderhoud 10).

Vir eenheid om te seëvier sal ons beter moet kommunikeer (Onderhoud 12) en moet streef na geïntegreerde gemeenskappe (Onderhoud 8) wat nader aan mekaar leef. Deel van hierdie soeke na eenheid is ook ‘n soeke na geregtigheid en vrede (Onderhoud 9).

c) Persoonlike geluk

Laastens begeer lidmate dat ander mense persoonlike geluk sal beleef. Dit sluit die behoefte in dat ander sorgvry moet kan lewe (Onderhoud 10); genoeg het om te kan leef; en God se geestelike en fisieke seën sal kan beleef (Onderhoud 1). ‘n Bruin vrou in die VGK-Afrikaans se behoefte is dat ander gelukkig sal wees, “nou nie ryk sal wees nie, maar net gelukkig kan wees.”

Ek sluit hierdie gedeelte aangaande begeertes vir ander af, deur ‘n aanhaling van ‘n vrou vanuit die VGK-Afrikaans. Sy verwys na ‘n direkte probleem en wens dat dit op ‘n manier aangespreek sal kan word:

> My begeerte sal wees dat ons veral in ons gemeenskap – en dan verwys ek na Louwville-onderdorp, waar daar baie probleme is; dat die oumense na die kleinkinders moet kyk met hulle pensioen – ek sal begeer dat daar meer vir pensionarisse gedoen moet word. Daar moet na hulle gekyk word, sosiaal of na hulle omstandighede, want daar is baie ou mense wat baie swaar kry.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

7.4. Samevatting: Kerngedagtes vanuit die verwerkte data

Tydens die sekondêre ronde van data-ontleding is vier kategorieë bespreek. Dit het ten doel om my te help in my strewe om ‘n konsep te ontwikkel wat moontlik tot die bemagtiging van lidmate in my eie plaaslike konteks kan bydrae. Alhoewel ek priesterlike luister toegepas het in my formulering van die kategorieë, is ek deeglik bewus van my persoonlike voorkeure. Ek word hier weereens herinner aan Osmer (2008:L957) se waarskuwing dat sensitiwiteit vir persoonlike voorkeure, een van die belangrikste kenmerke van ‘n goeie, sosiale interpretatiewe metodologie is. Ek is byvoorbeeld bewus van die gebruik van die woord ‘begeerte’ in die verduideliking van die drie groter bewegings in roeping. Ek is egter gemaklik dat die inhoud wat onder elke punt beskryf is, afgelei word vanuit die onderhoude: dat dit genoegsaam is om die keuse vir ‘begeerte’ te regverdig. Dit word duidelik dat hierdie drie beginsels: ‘n diep verhouding met God; ‘n begeerte om betrokke te wees by ander gelowiges en ‘n begeerte om te fokus op die gemeenskap; ‘n belangrike rol speel in die roeping van lidmate wat streef om hulle roeping te leef.

Ek beweeg na Hoofstuk 8 waar ek al sewe hoofstukke in gesprek met mekaar sal laat treë. Die hoop is dat Hoofstuk 8 ‘n ruimte sal bied waarin die teoretiese data die praktiese data van Hoofstuk 7 sal ontmoet.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Afdeling D: Die uitbreiding van kategorieë tot breër analitiese raamwerke wat buite die konteks toepaslik is

Die laaste fase beskou ek as die studie se praktiese toepassing. Tydens die fase sal ek poog om die teoretiese raamwerk van Fase 1 te integreer met die praktiese data van Fase 2, om sodoende ‘n gereformeerde begrip van roeping te formuleer, wat prakties aangewend kan word om lidmate te bemagtig, om roeping in ‘n postapartheid-Suid-Afrika uit te leef.

Hoofstuk 8: ‘n Praktiese uitkyk op die reis vorentoe

8.1. Inleiding

Die vorige sewe hoofstukke beskryf ek as ‘n persoonlike geloofsreis waartydens ek gekonfronteer is met my eie Godsbeeld, begeertes, die kompleksiteit van ons land en my begrip van ‘gereformeerde roeping’. Op hierdie reis is ek gedurig uitgedaag met my eie tekortkominge as navorser. Ek moes verskeie hekkies oorkom en soms het die reis nimmereindigend gevoel. Die uitdagings is egter oorbrug deur ‘n hernude inspirasie om te leer; al was dit net om bewus te word van hoeveel ek nog het om te leer. Een saak is egter vir my duidelik: dat ek glo in dit wat ek geleer het en dat ek deur my navorsing oortuig is van my persoonlike roeping. Ek voel persoonlik bemagtig. Die vraag is nou of die studie ander kan help om ook bemagtig te word.

Ek is tydens twee persoonlike gesprekke direk met die saak van lidmaatbemagtiging gekonfronteer. Die eerste gesprek was met ‘n senior lidmaat in die gemeente. Die persoon is deel van ‘n omgeegroep en ‘n gereelde bywoner van ons eredienste. Sy woorde aan my het iets soos dit geklink:

> Ek ken al die antwoorde, maar dit voel vir my, asof dinge in ons land so sleg gaan dat God ons verlaat het. Ek weet ek moet glo en vertrou, maar ek sukkel om dit wat in my kop leef in my hart te ervaar.

Die ander gesprek was tydens ‘n kamp saam met ‘n paar vriende. Die gesprek het plaasgevind rondom die braaivleisvuur, dus was die aard van die gesprek gemaklik en informeel. Ek het een van my vriende uitgevra oor die boubedryf – die bedryf waarin hy die laaste paar jaar baie sukses beleef het. My vraag aan hom was: “As jy die laaste tien jaar kan *rate* tussen een en tien, waar een die slegste was en tien die beste, waar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is 2020?" Sy antwoord was duidelik: "2020 is by verre nommer een. Vir die eerste keer in die laaste tien jaar het ek Maandag geen werk vir my span nie." Die gesprek het vandaar spontaan na sy geloofservaring beweeg, spesifiek die worsteling om dit wat hy Sondae in die kerk hoor deur die week te beleef.

Weereens was dit, soos in die vorige gesprek, 'n saak van moedeloosheid in ons huidige konteks; 'n saak van moedeloosheid met God. Tydens beide gesprekke het ek moedeloos gevoel. Ek het beleef dat ek deur my studies verskeie van hierdie vrae ondersoek het; dat ek steeds nie antwoorde het nie. Ek beleef 'n stuk frustrasie in die opsig dat ek, ten spyte van gefokusde studies, steeds nie 'n plan het om lidmate te help om deur die uitdagings van ons tyd aan God vas te hou nie.

In 'n manier voel ek, soos Moses in Eksodus 3-4 (bespreek in Hoofstuk 6). Ek beleef God se hart vir sy mense; ek beleef die swaarkry van die mense; ek beleef dat ons 'n roeping het om ander te help en dat God se belofte – dat Hy met Moses sal wees – vir ons ook geld. Die doel van hierdie hoofstuk is om fyn na God se stem te luister, om sodoende 'n strategie te ontwikkel, wat my kan help om lidmate op God se leiding deur die onbekende bos te laat fokus. Ek begin daarom weer om die oerwoudbeeld wat deur die studie gebruik is te verhelder.

8.1.1. Die onbekende bospad

Geïnspireer deur Dingemans (2005) se beeld van die vreemde landskap, is die simboliek wat deur hierdie studie gebruik word ook die van 'n vreemde landskap, of eerder die van 'n vreemde, onbekende oerwoud. Die vreemde oerwoud is simbolies vir die land waarin ons onsself bevind; 'n land wat ek beskryf as postapartheid-Suid-Afrika. Suid-Afrika is in hierdie sin 'n land met enorme uitdagings wat nie maklik oorbrugbaar is nie. Die impak van eksterne kragte op ons simboliese kompasse is vroeër reeds bespreek: om ons ingebore noord te vind is nie maklik nie; om God se Stem te onderskei is dikwels verwarrend.

Om te weet waarheen om in ons konteks te beweeg, is soms angswekkend, konfronterend en maak dat baie mense verkies om by die bekende te bly; die gemaksone van hulle eie redding. Vir my is dit duidelik dat daar mense is wat verkies om te ontsnap; ander kies om die onbekende aan te pak en hulle roeping uit te leef. Kragtens die beeld is daar twee groepe mense:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Die wat 'laer trek' en kamp opslaan en fokus op hulle persoonlike en geestelike redding ('n sterk fokus op die aardse koninkryk).
- Die wat kamp afslaan en die onbekende invaar met vae bospaadjies om te volg ('n sterk fokus op God se Koninkryk).

Ek het ook my keuse reeds verduidelik, om met die groep wat in die onbekende arbei, in gesprek te tree. Vir my is dit belangrik om te luister na en te leer by die mense wat in 'n mate hulle roeping leef. Vanuit hulle belewenis raak dit dan moontlik om op 'n pastorale vlak by mense, wat dikwels onbewustelik kies om 'laer' te trek, betrokke te raak.

Ek bevind myself in die Saldanhabaai-munisipaliteit (SBM) en die konteks in die Weskus is anders as byvoorbeeld in Limpopo. In die Weskus word ons gekonfronteer met unieke uitdagings wat in Hoofstuk 6 deeglik bespreek is. Ons uitdagings in die Weskus het dalk baie gemeen met die van die res van Suid-Afrika, maar ons hantering daarvan gaan weens unieke omstandighede anders wees. Ons plek in die onbekende oerwoud is uniek en ons bospad, die pad wat ons geroep word om te stap, lyk anders. In hierdie konteks kies ek om in gesprek te tree met lidmate wat verkies om hulle roeping uit te leef. Ek kies om met sagte oë na die groep, wat 'laer' opslaan voor die onbekende, te kyk en probeer leer hoe ons hulle kan bemagtig, om kamp af te slaan en saam die onbekende in te stap.

Ek kies op hierdie punt ook duidelik die groep wat 'laer' opslaan, aangesien hulle grootliks my fokus as predikant sal wees. Tot op hierdie stadium het ek grootliks verwys na Afrikaanssprekende gereformeerde lidmate, aangesien ek aanvoer dat dit 'n meer inklusiewe term is met die oog op die breër konteks van ons land. Met my fokus op SBM, verkies ek om verder na wit NG Kerk-lidmate te verwys, as 'n groep in die Weskus wat 'laer trek'. Ek besef dat daar baie wit NG Kerk-lidmate is wat aktief in die onbekende betrokke is, maar die magdom wat terugstaan is oorweldigend. Ek wil dit duidelik maak dat ek nie in diepte na witheid en wit identiteit wil kyk nie. Ek volstaan by die navorsing wat ek reeds hieroor gedoen het en besef dat die onderwerp 'witheid' baie dieper is as waarop ek hier kan ingaan. Ek het verskeie kere in die studie aangedui dat ek primêr 'n NG Kerk-predikant is; dat my primêre doel is om myself toe te rus om as predikant lidmate te bemagtig. In die opsig, sien ek hierdie hoofstuk ook as 'n persoonlike strewe om te verstaan wat om na die voltooiing van my doktorale studies te doen. In my strewe om lidmate te bemagtig, is dit belangrik om weereens

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

na die drie prakties teologiese lense te kyk, wat ek opsit in my soeke na lidmaatbemagtiging.

8.1.2. 'n Bevrydende, kontekstuele, pastorale praktiese teologie

In Hoofstuk 2 het ek aangedui dat ek praktiese teologie kies, wat bevrydend, kontekstueel en pastoraal ingestel is. Wanneer ek verwys na wit NG Kerk-lidmate wat 'laer trek', dan is dit belangrik dat ek met 'n pastorale lens na hulle omstandighede kyk. Ek probeer nie hulle reaksie op die omstandighede in ons land regverdig nie, maar probeer begrip hê vir die impak van 'n postapartheid-Suid-Afrika op hulle keuses. Ek kies saam met McClure (in Miller-McLemore, 2012:270) en Ward (2017:9) praktiese teologie, wat met God se liefde pastoraal wil omgaan met die kontekstuele belewenis van mense en, in dié geval, die kontekstuele belewenis van wit NG Kerk-lidmate.

Ek ag dit ook noodsaaklik om die verband tussen konteks, Skrif en gereformeerdheid in ag te neem. Dat lidmate wat 'laer trek' waarskynlik rede het om dit te doen, is verstaanbaar. Die vraag is of 'n gesonde, gereformeerde Skrif-verstaan gemaklik is met lidmate wat kies om God se stem te ignoreer en op hulle eie, dikwels selfgesentreerde persoonlike kontekste, te fokus? Is die 'laer trek' van God se kinders gereformeerd en is dit Skriftuurlik verantwoordbaar? Ek dink hier terug aan Smit (2008) se bydra wat herinner aan die NG Kerk se onttrekking aan publieke teologie, sedert 1994. Smit maan dat so 'n reaksie weereens teen die gereformeerde NG Kerk-wortels is.

Resane (2019) beskryf in 'n onlangse artikel die uittog van wit Suid-Afrikaners uit die stede as kommerwekkend. Resane verwys na die NG Kerk-verval in die stede en skryf dit toe aan 'n ontvlugting na die voorstedelike gebiede: *Many South Africans, especially white people, exited the city centres and suburbs closer to the cities to occupy the economically elite suburbs afar* (Resane, 2019:1).

Resane (2019:1) pleit vir 'n missionale herfokus en herinner aan die volgende:

> *It is worthy of note that the church, from the day of her New Testament inception, was in a multiracial setting, consequently a multicultural component in her entity.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hy redeneer dat die NG Kerk opnuut by die multikulturele uitdagings van ons land betrokke sal moet word, spesifiek in-en-om stede. Hy (Resane, 2019:4) verwys na ‘n stukkie hoop in die verband:

> *[Despite] the flight of the white people from the city centres, some ministers in the DRC who aspire inclusivity in their churches have a flickering of hope. The 10 DRC ministers interviewed by Rossouw (2016:386) pointed out their challenge to integrate their identities into the larger diverse narratives in the South African society. The resistance and reservation for multicultural inclusivity from the DRC seems to be losing ground, regardless of lack of solidarity with the changing demographics to accommodate all people instead of fighting for self-asserting identities.*

Dit raak noodsaaklik dat die NG Kerk wit lidmate moet bemagtig om hande met mense van ander kulture te vat. In dié opsig raak dit weereens ‘n bevrydende taak, soos wat Kritzinger (1991:65) reeds in 1991 gemaan het. Hy gebruik juis die gedagte van ‘laer trek’ as voorbeeld. Kritzinger (1991) se hoop was juis dat wit Suid-Afrikaners van hulle ‘baas’-mentaliteit bevry sou word en met medegelowiges in die land sou hande vat. Om wit NG Kerk-lidmate, wat bewustelik of onbewustelik teen die verandering in ons land ‘laer trek’, na ‘n verandering in gesindheid te begelei, is een van die NG Kerk se reusetake – ‘n taak wat ons nie anders kan as om aan te pak nie. Rossouw (2016:383) verwys na die identiteitskrisis wat die veranderinge, sedert die einde van apartheid, op wit Afrikaners gehad het:

> *Post-apartheid South Africa have put a magnifying glass on homogenous white identity, forcing whites to acknowledge their white existence as a minor narrative over and against emerging new narratives of black identity.*

Rossouw (2016:383) waarsku teen die onvermoë van wit Afrikaners, veral dié in die NG Kerk, om in gesprek te tree oor diversiteit en hulle eie identiteit as wit Afrikaners. Hy waarsku verder dat so ‘n verdedigende houding die NG Kerk se einde kan beteken.

As kerk is dit ons praktiese taak om lidmate se konteks deur ‘n pastorale lens te bekyk, maar ook, met die Skrif en ons gereformeerde wortels as vertrekpunt, lidmate te bemagtig om bevry te word van vrees, onsekerheid, selfgesentreerdheid en ‘n onwilligheid om God se Koninkryk te soek. Voor ek kyk na ‘n model oor hoe lidmate

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bemagtig kan word, wil ek eerstens die noodsaaklikheid van ‘n pastorale benadering beklemtoon.

8.2. Die realiteit van ons uitdagende konteks

Die realiteit dat die onbekende oerwoud met al die onsekere bospaadjies angswekkend kan wees, is ‘n gegewe. Hoe om lidmate van die kerk te help om te midde van hierdie uitdagings op God se roepstem te reageer, is waarskynlik een van die kerk se moeilikste take. In hierdie afdeling wil ek maan vir ‘n sensitiwiteit vir die worsteling van baie van NG Kerk-lidmate.

8.2.1. Postapartheid-Suid-Afrika as ‘n komplekse verskynsel

Om ‘laer te trek’ is nie ‘n nuwe verskynsel vir die wit Afrikaner nie, hiervan is historiese oomblikke, soos die Slag van Bloedrivier, ‘n goeie voorbeeld. Die gebruik om ossewaens in ‘n sirkel te trek en van binne na buite te verdedig, is deel van ons historiese wortels en ‘n wyse om teen die gevaar van buite te beskerm. In my navorsing bevestig Rossouw (2016:384) hierdie gedagte van ‘laer trek’ en beskryf dit, soos volg:

> *Churches tend to close up, like a tortoise pulling its head into its shell when danger is near. The danger for white churches like the DRC is the tendency to ‘trek laer’ in reaction to the growing critical discourse on white identity post-apartheid. Two important questions to reflect upon are to what extend has the DRC become one of a few remaining ‘bastions’ of the old South Africa and is there a willingness to move beyond the ‘lager’ within the leadership and congregants?*

As ek kyk na my eie gemeente, dan ervaar ek iets van Rossouw (2016) se bekommernis. Die gemiddelde lidmaat in my eie gemeente is stelselmatig besig om hulself van die breër samelewing te onttrek. Plaaslike gebeure, soos die sluiting van Saldanha Staal, die enorme ekonomiese impak daarvan op ander sakeondernemings en die bykomende druk van Covid-19-grendeltyd, versnel die tempo waarteen mense hulself onttrek. Natuurlik is daar ‘n mate van uitreik wat plaasvind, maar lidmate se stryd om persoonlike oorlewing raak al hoe groter. Is dit moontlik dat hierdie gebeure

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die simboliese strooi is wat besig is om die kameel se rug te breek? Die tekens van ‘n volk wat ‘laer trek’ was sigbaar vóór die gebeure in ons munisipale gebied die laaste twee jaar. Ek is oortuig daarvan en sal later daarop uitbrei dat die fisieke uitdagings wat mense bedreig, nie die grootste oorsaak vir ons ‘laer trek’ is nie.

Ek het in Hoofstuk 5 aangedui dat ons postapartheid-konteks, as ‘n kronologiese merker, waarskynlik ons grootste uitdaging is. Die tempo waarteen verandering plaasgevind het, maak dit feitlik onmoontlik om te reageer. Wanneer ek in gesprek tree met lidmate oor hulle ervaring van die land, dan weet baie van hulle nie werklik waarvoor hulle bang is nie. Dat hulle laer trek, is so; waarteen is egter ‘n ander vraag.

Ek is nie so seker of ons die oorsaak van ‘laer trek’ hoef te verklaar nie. Hetsy dit fisiek, polities of geestelik van aard is, die impak van die onttrekking uit die samelewing is problematies. Dat ons erkenning gee aan die kompleksiteit van ons land se unieke omstandighede, is van deurslaggewende belang. Postapartheid-Suid-Afrika, as breër begrip, wil juis die enorme uitdagings van ons land erken en aandui dat daar nie net een probleem is wat opgelos moet word nie, maar ‘n magdom van uitdagings wat tegelyk vrees en verwarring veroorsaak.

In my eie gemeente het ek lidmate wat se denke suiwer modernisties is, maar ook lidmate wat, sonder dat hulle dit besef, postmodernisties redeneer. Op dieselfde trant is daar mense wat steeds kolonialisme nastreef, terwyl ander slagoffers word van die sekulêre paradigma en die fokus op die ‘eie-ek’ en verbruikerskultuur. Verskeie lidmate lewe in vrees vir die ‘swart massa’, ander is angstig oor die ekonomie en die toekoms van hulle kinders. Om erkenning te gee aan mense se probleme is die eerste stap, maar om ook te besef dat ons nie die antwoorde hoef te gee nie, is die volgende een.

As leiers, gefokus op lidmaatbemagtiging, is ‘n goeie begrip van die uitdagings van ons land toepaslik. Kragtens ‘n pastorale benadering, is dit nodig dat leiers die impak van kolonialisme, postkolonialisme, modernisme, postmodernisme, sekularisasie, verbruikerskultuur en witheid op die identiteit van die gemiddelde wit NG Kerk-lidmaat erken. Deur sensitief te wees vir die magdom uitdagings, kan ons deur priesterlike luister (Osmer, 2008:L435) lidmate help om die groter prent raak te sien. Ons kan hulle nie oortuig dat die uitdagings in hulle lewe nie waar is nie; soos ‘n goeie pastoor moet

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ons hulle help om te begryp waar hulle vrese lê. In die verband dink ek aan die eksegetiese afdeling oor Eksodus 3 in Hoofstuk 6.

In die gedeelte is God gedurig besig om aan Moses se twyfelvrae erkenning te gee. God pas as't ware priesterlike luister met Moses toe. God gee ook nie altyd antwoorde op Moses se antwoorde nie, maar begelei hom na 'n punt, waar sy vrese deur sy vertroue in God oorbrug word. Indien ons lidmate wil bemagtig, sal ons eerstens pastoraal aan hulle persoonlike twyfelvrae erkenning moet gee. Ons hoef nie antwoorde te gee nie, maar op 'n manier moet ons hulle help om hoop en vertroue te vind. Ons moet hulle help om nie 'n 'vyand' buite die 'laer' raak te sien nie, maar eerder 'n konteks van nood waar hulp verleen kan word.

8.2.2. Om met hoop vorentoe te beur

Om te fokus op die redes waarom NG Kerk-lidmate 'laer trek', is insiggewend, maar nie noodwendig behulpsaam nie. As predikant kan ek nie noodwendig lidmate help met hulle uitdagings nie; ek kan hulle egter bemagtig, om wyer as die ruimte van hulle eie simboliese 'laer' te kyk en hoop in hulle ervaringe na buite te vind. Hoop is juis die ontdekking dat persoonlike roeping veel meer behels as die uitdagings in persoonlike konteks. Hoop, is om bewus te word van die simboliese wind wat waai; die wind waarna verwys word in Hoofstuk 5. In die ontdekking van die Gees se aktiewe betrokkenheid by die nood van alle mense, ontdek ons hoop. Dit neem my terug na Nell (2018:7) se opmerking dat ons die Gees in mekaar se gebrokenheid ervaar. My bekommernis is dat deel van die NG Kerk se worsteling juis is om lidmate te kry om wyer as net hulle persoonlike ruimtes te kyk. Hierdie eng fokus maak dat ons hoop, sin en identiteit verloor.

Tydens die herstel van Petrus se status as dissipel (Johannes 21), kyk Jesus verby Petrus se persoonlike uitdagings en hartseer; konfronteer hom met 'n baie persoonlike vraag: "Het jy my lief?" Ons ontdek God se hart vir mense in die dieper konteks van roeping. As ons God se hart beleef, dan kan ons nie anders nie, as om verby ons eie twyfelvrae te beweeg en hoop in God se liefde te vind. Dat dit moeilik gaan in die simboliese 'wit laer' van die NG Kerk is reeds gemeld. Die vraag is of ons ten spyte van ons eie swaarkry, die nood van ons groter konteks kan beleef; bereid kan wees om saam met God te beweeg en aktief betrokke te wees.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ek sluit hierdie gedeelte af deur kortliks na ons strategie as leiers te verwys. Getrou aan ons gereformeerde wortels is ons dikwels, soos aangedui in Hoofstuk 4, te gefokus op kognitiewe strategieë. Smith (2017:33) se insette is hier weer waardevol:

> *Our definition of a human informs our practice of discipleship. If we assume that people are primarily thinking things who are always 'on,' who think through every action and make a conscious decision before ever doing anything, then discipleship will focus on changing how we think.*

Ek is nie oortuig daarvan dat ons NG Kerk-lidmate suiwer kognitief kan oorreed om laer af te breek en saam met die 'wind' na buite te beweeg nie; hetsy deur prediking óf reekse óf persoonlike gesprekke. Mense se vrese lê te diep, wat my na die volgende afdeling in hierdie slothoofstuk lei: die soeke na 'n strategie om lidmate die begeerte te gee om saam met God na die onsekerhede van die land te beweeg.

8.3. Die 'hoekom', 'wat' en 'hoe' model

In die studie se laaste fase is ek ernstig gekonfronteer deur een spesifieke vraag: "Hoekom spandeer ek ure, dae, weke, maande voor 'n rekenaar aan verdere studies?" Hierdie 'hoekom' vraag het sekerlik die belangrikste vraag in my persoonlike reis saam met God geword. Ek het geweet 'wat' ek doen: doktorale studies in praktiese teologie. Ek het geweet 'hoe' ek dit moet doen – sit op my stoel en werk. Die 'hoekom' vraag was egter van enorme belang vir myself; 'n vraag wat ek moes beantwoord. In my soeke na die 'hoekom' is ek blootgestel aan die Goue Sirkel-model van Simon Sinek (Chaffey, 2020), 'n teorie wat vir my persoonlik baie behulpsaam was. Die Goue Sirkel-model lyk, soos volg:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Figuur 8.1: Sinek se Goue Sirkel-model.

Die teorie vra drie kritiese vrae en werk van binne na buite. Die eerste vraag is die 'hoekom' vraag. Chaffey (2020) beskryf dit, soos volg:

> *Sinek explains that 'Why' is probably the most important message that an organization or individual can communicate as this is what inspires others to action. 'Start with Why' is how you explain your purpose and the reason you exist and behave as you do. Sinek's theory is that successfully communicating the passion behind the 'Why' is a way to communicate with the listener's limbic brain. This is the part of our anatomy that processes feelings such as trust and loyalty – as well as decision-making.*
>
> *Successfully articulating your 'Why' is a very impactful way to communicate with other humans, define your particular value proposition and inspire them to act. Sinek's theory is that communicating 'Why' taps into the part of the listener's brain that influences behaviour. This is why the Golden Circle model is considered such an influential theory of leadership …*

Sinek (2017:15) beskou die 'hoekom' van ons lewe as 'n beskrywing van 'n diepgesetelde doel, taak of geloof en beskou hierdie beskrywing as die bron van ons passies en inspirasie. Wanneer ons die 'hoekom' van ons lewe verstaan kan ons

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

waarlik vervuld (*fulfilled*) wees. Om vervuld te wees beteken meer, as om net gelukkig te wees, aangesien vervuldheid verwys na iets wat jy liefhet:

> *We don't necessarily find happiness in our jobs every day, but we can feel fulfilled by our work every day if it makes us feel part of something bigger than ourselves* (Sinek, 2017:16).

Ek glo dat ons lidmate moet help om die 'hoekom' van hulle geloof, beroep, gesinslewe en vriendskappe te vind. Ons kan baie inligting gee oor 'wat' ons vir lidmate wil leer en selfs die 'hoe' is nie te kompleks nie. As lidmate nie gehelp word om die 'hoekom' te verstaan nie, sal die res waarlik nie saak maak nie. Hierdie 'hoekom' laat my dink aan Smith (2016:L201) se verwysing na ons *telos*. Vir Smith is ons *telos* die doel van ons lewe; die simboliese kompas wat ons begeertes bepaal. Sonder 'n begrip oor 'hoekom' ons agter God moet aanstap, sal enige poging tot roeping, volgens my, onvrugbaar wees. As ons die 'hoekom' verstaan, sal ons hoop in God vind en bereid wees om die ruimtes van ons 'laer' vir die onsekerheid na buite te verruil.

Die tweede stap in die Goue Sirkel-metode is die 'hoe' vraag. Vir Sinek (2017:101) beskryf die 'hoe', die aksies wat ons neem wanneer ons op ons natuurlike beste is. Dit help om ons 'hoekom' sigbaar te maak en verduidelik ons optredes en reaksies. Vir hom is die 'hoe' *the actions we can choose to take on a daily basis to help ensure that we're creating the type of environment in which we thrive*. Dit is belangrik om die gedagte dat jou 'hoekom' ook jou 'hoe' sal bepaal te beklemtoon. Chaffey (2020) voeg by dat 'n instansie se 'hoe' 'n weerspieëling is van hulle sterkpunte en waardes.

Die laaste gedagte is die 'wat' vraag. Chaffey (2020) verduidelik, soos volg:

> *It's fairly easy for any leader or organization to articulate 'What' they do. This can be expressed as the products a company sells or the services it offers. For an individual, it would be their job title. Sinek argues that 'What' messaging only engages with the neocortex – the part of our brain that's rational. His argument is that this part of the brain is less of a driver of decision making than the limbic brain: the part that 'Why' and 'How' reaches better. Successful people and organizations express why they do what they do rather than focusing on what they do.*

Sinek (2017:101) beskryf die 'wat' as die tasbare manifestasie van ons 'hoekom'. Deur ons daaglikse take en opdragte word ons waardes en fokus sigbaar. Die Goue Sirkel-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

model fokus duidelik op hoe mense toegerus word, om die ware betekenis in hulle lewe te vind. Hierdie betekenis word in dele van die brein, wat dieper lê as die sigbare, gevorm. Weereens neem hierdie model my terug na Hoofstuk 4, waar liturgieë die krag van onbewuste onderrig, in diepte bespreek is. In die res van hierdie hoofstuk wil ek kyk na die 'hoekom', 'hoe' en 'wat' van ons reis as wit NG Kerk-lidmate.

8.4. Die hoekom van ons roeping: God se hart vir ons konteks

Een van die grootste struikelblokke wat ek tans as predikant ervaar, is om ná die Covid-19-grendeltyd vir mense 'n rede te gee om die erediens by te woon. Verskeie lidmate het in hierdie tyd verval in 'n gewoonte van kerk by die huis 'kyk'. Meer as een keer het mense vir my vertel hoe lekker dit is om kerk by die huis te hou en dat hulle wens dat dit altyd so kan wees.

Een so 'n persoon, wat wel begin eredienste bywoon het, het onlangs met my 'n gesprek gehad oor sy worsteling om op te staan, aan te trek en kerk toe te ry. Ek het, sonder om antwoorde te gee, eerder 'n vraag gestel: "Hoekom staan jy op om erediens toe te kom?" Sy antwoord was eerlik, maar tog skokkend: "Want ek voel ek moet." Sonder 'n 'hoekom' maak die 'hoe' en die 'wat' van eredienste nie werklik saak nie.

Hoekom moet wit NG Kerk-lidmate laer afslaan en die onbekende buite hulle veilige ruimte aandurf? Hoekom moet gewone lidmate hulle roeping uitleef en hoekom is die tema van hierdie studie enigsins toepaslik? Hierdie vrae is vir my van die moeilikste om te beantwoord, maar tog van die noodsaaklikste. As ek aanhaak by die Goue Sirkel-model, dan haak ek ook aan die noodsaaklikheid van hierdie vraag ten opsigte van roeping. Hoekom is gereformeerde roeping enigsins toepaslik in 'n postapartheid-konteks? – die vraag wat ek in hierdie opsommende hoofstuk moet beantwoord.

Ek het deur die studie gedurig verwys na God as die Een wat roep en Hom gekarakteriseer as die Stem van die Roepende (Dingemans, 2005). Die beeld suggereer dat God die Een is wat voor ons uitbeweeg en na ons roep om saam met Hom te beweeg. Twee goed is nodig vir ons om op God se uitnodiging te reageer: eerstens, moet ons in staat wees om Sy stem te hoor; tweedens, moet daar vir ons genoegsame rede wees om agter Hom aan te loop. Hierdie is, soos in Hoofstuk 6 gesien, Moses en Petrus se grootste uitdagings gewees.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In beide verhale is hulle in ‘n bevoorregte posisie. Hulle beleef God (in Petrus se geval vir Jesus) persoonlik en ervaar Sy teenwoordigheid op besonderse maniere deur ‘n teofanie en wonderwerke. Hoe om God se Stem te ervaar, is ‘n latere fokus van hierdie hoofstuk en op hierdie stadium is dit die rede vir Moses en Petrus se saamgaan wat toepaslik is. Wat maak dat hulle ‘hoekom’ groter word as hulle vrese?

Moses hoor God se hart vir die volk in Egipte, terwyl Petrus beleef hoe baie Jesus bereid is om vir alle mense op te offer. Beide word blootgestel aan God se heilsplan en beleef daardeur iets van God se hart vir Sy kinders. Al die redenasies en antwoorde op twyfelvrae, komende van God (Jesus), is nie genoeg om vir Moses of Petrus te laat inkoop nie. Eers wanneer hulle verstaan dat God self betrokke is – dat Hy in beheer is – koop hulle in die ‘hoekom’ van Christenskap in, aangespreek in 1 Johannes 4:7-10:

> Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur, sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes (AFR83).

Die groot rede vir ons inkoop in God se plan, is God se liefde vir alle mense. As ons begrip van God se liefde selfgesentreerd bly, dan raak ons rede vir die ‘laer’ verlaat onnodig, want in ons veilige ruimtes kan ons genoeg van God se liefde ervaar. Dan word ons begeertes (dit wat ons liefhet) gedryf deur ons wêreldse koninkryk, nie deur God se Koninkryk nie. As ons egter verstaan dat God se hart, die *Missio Dei*, vir alle mense is, dan sal ons bereid wees om ons veilige ruimtes te verlaat en agter die Stem van die Roepende aan te beweeg. Baie bronne sou in hierdie verband genader kon word – ek vind egter aanklank by N.T. Wright (2012) se insiggewende boek, *How God Became King*. In ‘n neutedop poog Wright om die ware identiteit van Christus sigbaar te maak:

> *The point is that if it’s true that in Jesus God was genuinely ‘becoming king’, that is something that cannot remain a matter of mere ‘information’, something we learn about with our heads. It’s something we must pray,*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *something that, through prayer, must become a new reality in our lives and our communities. This whole book has been about new reality, the new reality of Jesus and his launching of God's kingdom* (Wright, 2012:275).

In hierdie begrip van Wright se siening van Jesus se taak op aarde, vind ons 'n moontlike 'hoekom'. Wright (2012:240) beskryf dit op 'n ander plek, soos volg: *The main theme is that, in and through Jesus the Messiah, Israel's God reclaims his sovereign rule over Israel and the world*. Hoekom moet ons 'laer' afbreek en saam met God beweeg? Omdat dit presies is waarvoor Jesus gekom het! Om in te koop in Jesus se redding beteken om in te koop in die *Missio Dei*. Love en Niemand (2014:2) verwys na 'sending' as deel van die karakter van God; nie iets wat ons doen nie, maar iets wat God doen en waarby ons aansluit; God se hart om die skepping te herstel en te genees. In hierdie eenvoudige, maar komplekse woorde, is die 'hoekom' van ons geloof opgesluit.

As Jesus se roeping op aarde geanker is in die komende Koninkryk van God, dan begin ons roeping as kinders van God presies hier. Ek het in Hoofstuk 4 geredeneer dat om gereformeerde roeping te verstaan by die Triniteit begin. In my strewe om roeping kontekstueel te maak, het ek aangesluit by die skrywers van die Belhar-belydenis, wat 'n moderne 'roepingsdokument' begin, geanker in die werk van die Drie-enige God. Sonder om hier weer in diepte oor hierdie vertrekpunt te praat, voel ek dat dit wel nodig is om na die noodsaaklikheid van die *communio*-gedagte (om in gemeenskap te wees) te verwys (Burger, 1999:142). Om in gemeenskap met die Vader, Seun en Gees te leef, beteken om te leef vanuit die 'hoekom' van die Vader, Seun en Gees.

Peerce (1998) se swaaideur-benadering, soos bespreek in Hoofstuk 4, is hier baie toepaslik. Deur Peerce se werk kies ek 'n benadering tot die Triniteit waar ons soms deelneem aan die vernuwende, steeds skeppende werk van die Vader; ander kere deelneem aan die bemiddelende rol van die Seun; en soms fokus op die Pneumatologie – as't ware die Heilige Gees wat die Trinitariese geskiedenis na die finale koms van God se Koninkryk dryf. Óf ons nou deel is van God se skeppende handeling, by Christus se bemiddeling aansluit, óf die wêreld deur die gawes van die Gees dien (Volf, 1991:114-115), solank ons inkoop in die werk van die Triniteit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Om saam te vat is die 'hoekom' van ons geloof baie meer as persoonlike wins en redding: om God se hart vir mense uit te leef en die *Missio Dei* te kies; om persoonlike onsekerhede eenkant te plaas, 'laers' af te breek en die vreemde saam met die lewende, aktiewe God in te gaan.

8.5. Die 'hoe' van ons roeping: Lesse geleer vanuit ons konteks

Wanneer ons, deur groot genade, 'n dieper insig oor God se hart vir mense kry; die 'hoekom' van geloof verstaan, kan ons begin met die 'hoe' van ons geloof. Dat daar vir seker meer as een benadering tot die 'hoe' van Christelike geloof kan wees, word nie hier betwis nie. Ek poog suiwer om, vanuit induktiewe, sosiaal konstruktiewe onderhoude, 'n 'hoe' te formuleer wat reeds sigbaar in die geloofslewens van lidmate in my eie konteks is. Voordat ek egter na drie oorkoepelende gedagtes kyk, wil ek uitbrei op my keuse om gedurig na 'begeerte' te verwys.

Ek het aangedui dat ek gegronde benadering as metode kies. Daardeur het ek die studie in drie fases verdeel, waarvan die eerste meer 'n deduktiewe, literêre benadering was. Vanuit Fase 1 is sekere konsepte in diepte ondersoek, waarvan begeertes een was. In hierdie verband het ek hewig op Jamie Smith se bydrae gesteun. Sonder om weer in diepte in die dieper begrip van die mens as wesens wat begeer in te gaan, wil ek kortliks aandui waarom ek dit in die volgende gedeelte so geweldig beklemtoon.

Weens verskeie redes, wat reeds beredeneer is, het die gereformeerde teologie 'n geskiedenis met 'n sterk fokus op kognitiewe onderrig. Hierdie benadering speel 'n enorme rol in die toerusting of opleiding van predikante en by doop- en belydende lidmate. Ek is nie gekant teen hierdie benadering nie en verkies 'n gebalanseerde benadering tot lidmaatbemagtiging. Ek ondersteun wel Smith (2017:4), wanneer hy die volgende stelling maak:

> *We treat human learners as if they are safe-deposit boxes for knowledge and ideas, mere intellectual receptacles for beliefs … So we assume that a disciple is a learner who is acquiring more information about God through the Scriptures--that serious discipleship is really discipleship of the mind.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit neem my terug na ‘n gesprek waarna ek reeds verwys het – na die oom wat in sy eie woorde sy moedeloosheid oor hierdie saak uitgespreek het. Hoe help ons mense om dit wat hulle leer ook te beleef? Vir Smith (2017:30) is hierdie ‘n saak van begeerte, of ‘n saak van liefde:

> *The body of Christ is that unique community of practice whose members own up to the fact that we don’t always love what we say we do--that the ‘devices and desires’ of our hearts outstrip our best intentions. The practices of Christian worship are a tangible, practiced, re-formative way to address this tension and gap.*

Ek het in die kwalitatiewe onderhoude iets beleef van mense wat na God smag. Hulle verhouding met God strek veel dieper as net kennis oor God. Daar is ‘n ernstige hunkering, ‘n liefde, ‘n begeerte by hulle wat maak dat hulle bereid is om die ‘hoekom’ van hulle geloof te ondersoek. Ek volstaan by hierdie gedagte deur die volgende stelling: Ek is oortuig daarvan dat ons ‘n middelweg tussen doelbewuste en sosiale onderrig sal moet vind (Osmer, 1990:16). Die NG Kerk se kognitiewe fokus op lidmaatbemagtiging is noodsaaklik, maar die pendulum moet ook beweeg na sosiale onderrig en belewenis, soos reeds beredeneer. Ek beweeg vir oulaas terug na die vier sentrale kategorieë, soos bespreek in Hoofstuk 7. My poging is hier suiwer om ‘n ‘hoe’-model te ontwikkel. In die verband brei ek verder op die drie kategorieë van verhouding met God, ander en die wêreld uit.



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 8.1: Breër konsepte in roeping.

8.5.1. Verhouding met God

Lidmate wat bereid is om, ten spyte van persoonlik vrese en onsekerhede, steeds by God se sending betrokke te raak, het ‘n paar goed met mekaar gemeen. Ek fokus op ‘n waarderende benadering, wat veronderstel dat ek verkies om die positiewe eienskappe van lidmate raak te sien en daarop uit te brei. Wanneer ek dus begin by ‘n verhouding met God as die begin van die ‘hoe’, dan aanvaar ek dat nie alle lidmate dieselfde eienskappe openbaar nie. Herhalende eienskappe rig egter my fokus; in dié verband begin ek by lidmate wat ‘n kwaliteit verhouding met God as ‘n prioriteit beskou. Die beginsel word in drie kategorieë opgesom, soos gesien in Figuur 8.2:



Figuur 8.2: Verhouding met God.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

8.5.1.1 Begeerte om God te ken of na God te luister

Burger (2013:Hoofstuk 12) dui aan dat roeping by God hoort en voor God se aangesig gebring moet word. Dit suggereer dat ‘n verhouding met God krities is as ons wil weet waarheen God ons stuur. Hierdie opmerking van Burger is een van die eienskappe wat in my navorsing duidelik geword het. Lidmate verstaan, volgens my oordeel, iets van die ‘hoekom’ van geloof. Hulle lewens is nie sonder onsekerheid nie, maar hulle kies om God se hart te soek. Hulle is bewus van God se nabyheid.

Opvallend is verder dat hierdie soeke na God nie vanselfsprekend kom nie, maar dat daar by verskeie lidmate ‘n begrip van ‘‘n soeke na God’ is, hetsy deur stilword, Bybelstudie, gebed of huisgodsdiens. Hulle verstaan iets van wat dit beteken om na God se hart te soek; dat dit baie te doen het met die vermoë om God se stem te hoor. Dit gaan egter nie net oor die vermoë om te luister nie, maar ook om met God self te praat: “Vir myself en my eie bestaan, is ook maar 'n bestaan waar jy baie met die Here praat” (Onderhoud 10). Hierdie beginsel kan dalk die beste saamgevat word met die opmerking, vanuit Figuur 8.2, dat geestelike diepte jou roepingservaring bepaal; die Gees in jou, jou instaat stel om God se stem te ervaar. Dit lei my na die tweede beginsel in die verband: dat ‘n begeerte om God se wil te soek ‘n verhouding met God kenmerk.

8.5.1.2 Begeerte om God se wil te soek

Vir die eerste paar jaar in my bediening op Vredenburg is ek blootgestel aan ‘n gemeentestruktuur wat ek, met waardering vir lidmate wat dit opgestel het, as kompleks en onbereikbaar beskou het. Daar was egter aan die bokant van die dokument ‘n sinnetjie wat die hart van die komplekse dokument opgesom het: “Laat U koninkryk kom, laat U wil geskied, laat U naam geheilig word.” In hierdie gebed, wat afkomstig is van Jesus se gebed in Matteus 6:9-13, is die mooi van die dokument saamgevat. Al was die implementering kompleks, was die hart van die plan, iets van wat ek by baie van die lidmate tydens die onderhoude beleef het – ‘n begrip van geloof wat verder strek as die ‘eie-ek’.

Lidmate wat in ‘n Geesvervulde verhouding met God leef, verstaan dat ‘laer trek’ nie noodwendig God se wil is nie, maar dikwels die wil van die ‘eie-ek’. Petrus en die dissipels se optrede na Jesus se opstanding verklap iets van hulle behoefte om ‘laer’

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

te trek, om na die bekendheid van die nette en skepe terug te keer. Jesus konfronteer juis vir Petrus oor hierdie optrede en daag hom uit om sy skape te laat wei. Deur die Gees word God se wil vir ons sigbaar, dikwels vanuit die Skrif, ander kere vanuit spontane leiding deur die dag. ‘n Begeerte om God se wil te soek, is te kompleks om hier in diepte te bespreek. Opsommend kan die eenvoud van ‘n soeke na God se wil, opgesom word, soos volg: *When people seek God’s will, their quest leads them to yearn for the will of God, even as God, in love for them, yearns for them* (Morris & Olsen, 2012:L225). Om God te ken en Sy wil te soek, word sigbaar deur ‘n begeerte om God se leiding te ervaar.

8.5.1.3 Begeerte om God se leiding te ervaar

Die vermoë om God se wil te soek het baie te doen met die vermoë om te onderskei, waarvoor God ons roep:

> *As people of faith, we believe that God is alive and active in the world of human experience. Desiring to participate in God’s activity we look for God’s guidance and listen for God’s call. Many other voices from the surrounding culture beckon to us, holding the promise of fulfillment, meaning, and satisfaction. Those voices speak both from within ourselves and from the outside world. As a result, we try to discern the various voices, or spirits; then put them to the test: Are they true or false? good or evil? Like the gold miner, we test for real gold* (Morris & Olsen, 2012:L247).

Dit wil blyk, asof baie lidmate ervaar dat God aktief in hulle lewens betrokke is en hulle lei. Hierdie betrokkenheid is nie noodwendig die soort openbarings wat Moses en Petrus beleef het nie, maar eerder ‘n betrokkenheid wat sigbaar word vanuit hulle verhouding met God. Sommige lidmate dui aan dat hulle nog nooit ‘n ‘Wow’-oomblik beleef het nie:

> Ek het nog nooit ‘n Wow-oomblik gehad, wat die Here met my praat en sê: Jy moet die gaan doen nie. Maar, wat ek wel ervaar, is dat die Here deur die Woord – as ek besig is met my stiltetyd soggens – dan Wow die Woord vir my. En, vanaf dit ervaar ek wat die Here wil hê ek moet vandag doen (Onderhoud 7).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Lidmate kommunikeer meer ‘n indirekte, onbewuste leiding – “nie dadelik sigbaar”, “God belyn goed”, “ek dink nie daaroor nie” en “ons hoop”. Lidmate, of die meeste van hulle, glo dat God hulle vanuit hulle verhouding met Hom lei. Dit vra dat hulle na Hom sal luister en sal vertrou dat hulle die regte keuses sal maak; dat hulle in Morris en Olsen (2012) se woorde sal leer om tussen God se stem en die wêreld se stemme te onderskei.

Die eerste eienskap van ons ‘hoe’ is nie nuut nie. Tog is dit belangrik om te ervaar dat geroepe lidmate wel ‘n verhouding met God as prioriteit stel. Die volgende eienskap van die ‘hoe’, is lidmate se behoefte om saam met ander gelowiges te beweeg.

8.5.2. Verhouding met ander

Die meeste lidmate se verbintenis aan ander gelowiges motiveer my. As predikant moet ek gedurig waak teen die veralgemening dat mense individueel op hulle geloofsekerheid gefokus is. Fanie Cronjé (2019) waarsku juis in die *Kerkbode*, 11 Junie 2019, teen ‘n ‘ek-gerig(te)’-mentaliteit, eie aan “ons individualistiese, kapitalistiese Westerse hartewense, begeertes en gebede”. Snyman (in Van Wyk, 2008:703) beklemtoon hierdie waarskuwing wanneer hy die volgende stelling maak:

> Teologiebeoefening vind meestal individueel plaas, maar daar moet gewaak word teen individualisme. Uiteindelik kry ons ’n begrip van die wydte en verte en hoogte en diepte van die liefde van Christus ‘saam met al die gelowiges’.

Hierdie ‘saam met al die gelowiges’ verlig die tweede hoofkategorie van die ‘hoe’.

8.5.2.1 Die toekomstige rol van die kerk

Lidmate se bydrae in dié verband is besonders betekenisvol en het baie persoonlike vrede aan my gebied. In die laaste vraag aan die vyftien deelnemers wou ek die toekomstige impak van die kerk ondersoek. Ek wou hoor wat die kerk meer kan doen om lidmate te bemagtig, veral ten opsigte van persoonlike roeping. Alhoewel sommige lidmate meen dat die kerk reeds baie doen, is daar verskeie ander wat ‘n baie belangrike punt verlig het; dat verandering alleen deur God bewerk kan word:

> Ek dink die Evangelie gaan ons bydra … van myself af sal ek sê: as ‘n verandering gaan kom sal die Evangelie [dit] bring. Dit gaan God self wees wat die saad in ander se harte plant en Hy gaan ons as kerk gebruik

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> om die arbeidsveld lewe te gee. So, aktiewe agente binne hierdie omgewing is iets waarop ons God alleen kan vertrou. Ek en jy kan almal [nie] positiewe agente gaan maak nie, maar dis God wat kom en groei bring. Ons kan gaan natgooi; ek wil amper sê: As Hy nie deel van jou lewe is nie … Hy moet hier binne wees en hy sal jou in staat stel (Onderhoud 10).
>
> Dis baie moeilik. Ek dink die gemiddelde gereformeerde ou kan nie verander word deur ‘n kerk of ‘n mens nie. Dis net God wat hulle harte kan verander (Onderhoud 6).

Hierdie konsep: dat God die primêre agent in die roeping van die kerk is, is wonderlik om by die toekomsblik van lidmate vir die kerk te beleef. In hierdie opmerkings kry ek vrede, maar word ek ook uitgedaag oor my eie strategieë. As God se kerk kan ons droom, beplan, ons ‘hoe’ en ‘wat’ om te implementeer, maar as ons vergeet dat God in beheer is, dan word ons poging om lidmate te help, ons eie poging en word God maklik op die agtergrond geskuif; word Hy maar net deel van ons ‘sekulêre’ kerk. Lidmate verstaan egter dat dit nie beteken dat ons net kan terugsit nie en dat ons sal moet werk om lidmate te bemagtig. Die diagram dien as ‘n goeie opsomming van lidmate se begrip van die rol van die kerk:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Figuur 8.8: Die toekomstige rol van die kerk.

Die sterk fokus op God, die rol van die Evangelie en verdiepende geloof staan uit. Dit is bemoedigend dat lidmate verstaan dat hierdie nie predikante of kerkrade se rol is nie, maar dat ons sáám kerk is; dat ons as kerk hierdie take prakties moet verrig. Ons is deel van ‘n span waaraan God as Triniteit in beheer staan.

8.5.2.2 Begeerte om die eenheid met gawes te dien

Een van die uitdagings van ‘n groep mense wat ‘laer trek’, is dat die ‘eie-ek’ dikwels ‘n sterk fokuspunt is. Ons kan, selfs al is ons ‘n geloofsgemeenskap, steeds na binne gerig wees. Wanneer ons fokus op ons eie geloofsinstansie teenoor die wil van God geprioritiseer word, is dit nie noodwendig ‘n probleem nie, maar kommerwekkend. De Klerk en Van Helden (2011:2) beskryf hierdie probleem sinvol:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> God as missionêre God werk onstuitbaar voort, terwyl daar van die mens dieselfde doelgerigte ingesteldheid verwag word (Bosch, 1991:392). Die teendeel realiseer egter; aangesien die mens in swakheid optree weens sy gebrokenheid en derhalwe telkens nie opgewasse is om die opdrag stiptelik te gehoorsaam nie. Die skeefgetrekte verbondsverhouding bewerkstellig bedroewing, uitdowing en selfs die blus van die Gees. Ten spyte hiervan werk die Gees onstuitbaar voort.

Agter die dryfkrag van die meeste van die vyftien lidmate is, soos genoem, ‘n noodsaaklike begeerte om God se wil te doen en om saam met God te werk. Dit beteken juis om as geroepenes saam te lewe, saam Sy wil te soek en daarop te reageer.

‘n NG Kerk-lidmaat (Onderhoud 1) beskryf die behoefte besonders:

> So, die gereformeerde roeping lê juis vir my in dit: sodat ons nie duisend rigtings trek nie, maar dat ons probeer om in een rigting te trek en almal op die kar te probeer hou. En, in daardie proses ook ‘n stem van geregtigheid te wees. Dís vir my gereformeerde roeping.

‘n Vrou van die VGK-Afrikaans-gemeente (Onderhoud 14) koppel die saamwerk aan die gawes van 1 Korintiërs:

> Hy plaas elkeen van ons in 'n roeping met 'n sekere doel. Dis, soos 1 Korintiërs sê: Ons elkeen moet wandel net soos God hom toebedeel het en soos God elkeen geroep het. Die gereformeerde deel is dat ons almal eensgesind is en onsself nie bo ander stel nie. So, ons moet almal saam kan werk in een roeping. Elkeen het sy eie roeping, maar ook een gesamentlike roeping; veral vir die kerk en ook in ons gemeenskap. So, gehoorsaamheid, toegewydheid en liefde kan deel in elkeen se roeping.

Hierdie behoefte, om saam te werk, word deur ander lidmate beskryf met woorde soos ‘eenheid’, ‘uniek’, ‘verantwoordelikheid’, ‘saamstaan’ en frases soos “verskillende take” en “kollektiewe roeping”. Opvallend is ook die gereformeerde begrip van gelykheid; dat lidmate (predikante ingesluit) nie noodwendig roeping slegs aan die amp van die predikant koppel nie:

> Daarmee wou ek sê as gereformeerde geroepene verstaan ek die gelykheid van alle gelowiges voor Christus en voor God. Daar is nie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> hiërargie of mense wat ‘n belangriker roeping het as ander nie (Onderhoud 9).

Dit is inspirerend om te sien hoe lidmate wat roeping beleef, iets van die liggaam van Christus verstaan. Vanuit hierdie begeerte vir gesamentlike diens spruit die volgende gedagte: dat lidmate ‘n behoefte het om lidmate van ander gemeentes beter te leer ken.

8.5.2.3 Begeerte om ander te leer ken

Die volgende aanhaling van die leraar van die VGK-Xhosa-gemeente (Onderhoud 7), verwoord iets van wat bedoel word met hierdie beginsel:

> Ek dink ons almal lewe maar in ons omgewings. Ons is nie een by mekaar betrokke nie. Is dit nie ‘n beskuldiging nie: julle in die bodorp, wat is julle betrokkenheid by die onderdorp? Niks nie. Is dit nie ‘n beskuldiging nie? Dis hoekom ek sê: dit gaan oor die networking, waar ons nie by mekaar uitkom nie en ons hoor nie mekaar nie, want ons is nie betrokke by mekaar nie. Ons sien nie mekaar se situasies raak nie, ons verstaan nie mekaar se posisies nie. My droom is om baie meer te network, maar dit is moeilik, jy moet uit jou comfort zone uitklim – sit in en kuier by ‘n ou se huis, daar in sy shack, loop deur die stink water, oor die klippe en die modder, waar dit nie so goed is nie. Waar dit vuurwarm is, nou in die somer – ervaar sy omstandighede. En ja, dit is sy eie omstandighede, in dieselfde instansie kyk na die uitgawes om daardie huis in stand te hou – word bewus van mekaar se omstandighede, ervaar en kry die kennis van hoekom ek so optree.

My belewenis is dat daar by die meeste lidmate ‘n behoefte bestaan om meer oor grense heen uit te reik. Die meeste van hulle worstel met die praktiese implementering hiervan (hierna het ek in Hoofstuk 6 verwys); by die meeste van hulle is daar die ervaring dat verhoudings tussen hulle eie kerk en ander kerke nie goed is nie. Hulle wil egter buite hulle eie ‘laer’ bou aan verhoudings, veral omdat hulle glo aan die breër liggaam van Christus. ‘n Jong leraar (Onderhoud 2) verwoord hierdie behoefte as ‘n dieper soeke na gasvryheid:

> Gasvryheid … Dis ‘n gawe wat hulle reeds het – as ons kan aanhou om die ander te ontvang; dan kan ons aanhou om God te ontvang. So, my

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> grootste vrees is dat die gemeente en die gemeenskap iets van hulle gemoedelikheid; hulle plat op die aarde …; hulle ontvanklikheid; hulle gasvryheid sal verloor, want dis rêrig beautiful dat hulle dit het; in die eerste plek.

'n Kritiese opmerking is dalk hier nodig. Baie van die lidmate erken dat hulle kennis en verhoudings oor rasse- en kultuurgrense nie goed is nie. Hul behoefte om meer van ander te leer ken, is wat ek egter as 'n positiewe beginsel beskou.

8.5.3. Verhouding met die wêreld

Kragtens die deurlopende beeld is hierdie waarskynlik een van die belangrikste beginsels om te bespreek. (Die impak van die postapartheid-konteks op die begeertes van lidmate is reeds bespreek.) Dat daar rede is vir 'laer trek', is 'n gegewe. Tog is daar by lidmate 'n ernstige begeerte om, ten spyte van hulle konteks, by die nood van die wêreld betrokke te raak. Die laaste en derde kategorie is daarom die begeerte om in verhouding met die wêreld te staan.

8.5.3.1 Roepingsbewustheid groter begeerte as sekulêre werk

As predikant wonder ek dikwels of dit die enigste loopbaan is wat ek sou kon gekies het. Ek beleef dat hierdie studie my gelei het om ook oor die amp van predikant na te dink. Ek beleef dat my roeping baie groter is as die werk wat ek as predikant doen. Dieselfde beginsel word deur feitlik al die lidmate aanvaar, wat hulle eie loopbane betref. Dit herinner my aan Forster (2019:8) se waarneming:

> *The core principle that is at stake here is recognising that our labour, and our production, are not an end in themselves, but rather a means through which we can honour God and be faithful to working alongside God in achieving God's will in and for the world – which includes both human and non-human creation. The overarching theme that comes to the fore in the literature is that work is not intended as a curse to be endured, or avoided. In fact, it is given by God as a gift through which humans can participate in the Missio Dei by transforming society in its various spheres* (Bosch, 1991:398-402).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie beginsel – dat werk die geleentheid bied om ‘n breër roeping uit te leef – is reeds in diepte in Hoofstuk 7 bespreek. Ek verwys egter na twee voorbeelde uit die onderhoude om dit te staaf:

> Ja, dit is meer as dit. My werk is ongelooflik, omdat ek baie geniet wat ek doen. Ek is glad nie ‘n wetenskaplike mens nie. Ek was goed in wetenskappe – maar, omdat ek bepaald akademiese vaardigheid het – dit inspireer my glad nie. Wat my ongelooflik inspireer is mense en waar ons die ongelooflikste ding het, is ons het mense op hulle broosste. Jy het daardie ding waar jy ‘n dokter kan wees, maar jy kan iets ekstra ook wees. Jy kan liefdevol en empaties wees (Onderhoud 2).

> My passie is miskien my werk en my menswees, maar dis nie my roeping nie, dis my passie. Maar, deur dit moet ek vir jou sê, leef ek my roeping uit, want dit is vir my maklik om vir hulle te sê: Hierdie het nou gebeur, maar ek glo daar is ‘n Groter Hand daarin (Onderhoud 4).

Lidmate beskou werk nie net as ‘n geleentheid om sekuriteit en voorspoed te bekom nie, maar sien dit as ’n manier om in die onbekende betrokke te wees; om eer aan God te bring deur die werk wat hulle doen. In hierdie beginsel lê daar vir ons as kerk ‘n reuse-uitdaging. As meer lidmate die beginsel uitleef, sal ons as liggaam ‘n enorme impak op die samelewing kan maak.

8.5.3.2 Begeerte om te help groter as persoonlike uitdagings

In Hoofstuk 7 is die uitdagings in die Weskus onder twee afdelings bespreek: fisieke en geestelike of emosionele uitdagings. Onder fisieke uitdagings is sake soos nood, wanorde en gebroke verhoudings geïdentifiseer en onder emosionele of geestelike uitdagings, sake soos geestelike armoede, liefdeloosheid en hopeloosheid. Al hierdie uitdagings in die Weskus is genoegsaam vir baie lidmate om uit die samelewing te onttrek; ‘n standpunt wat die Wosa-dokument bevestig (Hoofstuk 6). Die uitdagings maak dat mense se vrese en persoonlike behoeftes groter raak as hulle begeerte om by die nood betrokke te wees. Hulle strewe na die aardse koninkryk, is groter as hulle strewe om God se wil te soek.

Eienskappe van die lidmate wat aan die studie deelgeneem het, weerspieël ‘n gesindheid van betrokkenheid ten spyte van uitdagings. Twee lidmate (Onderhoude 4 en 6) maak melding van die kritiek wat hulle weens hulle Christenskap beleef – tog

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

keer dit hulle nie om te probeer om hulle roeping uit te leef nie. ‘n Ander lidmaat (Onderhoud 8) verwys na sy vrees vir die verantwoordelikheid om roeping uit te leef, terwyl die vrou van Onderhoud 2 verwys na die worsteling met die ‘eie-ek’, wat dikwels in haar pad staan.

Die middeljarige man van Onderhoud 1 beskou elke geleentheid om te kan help as ‘n stuk genade, aangesien hy weet dat hy uit sy eie niks werklik kan bydra nie. Hierdie gesindheid van hulp, ten spyte van vrese, onsekerhede en die ‘eie-ek’ is ‘n aanduiding van lidmate wat na God se hart soek. Dit neem my terug na ‘n treffende aanhaling van Smith (2017:179):

> *If our cultural work is going to be restorative – if it is going to put the world to rights – then we need imaginations that have absorbed a vision for how things ought to be.*

8.5.3.3 Begeerte om meer uit te reik

Die laaste kenmerk van lidmate wat soekend is na God se stem, is dat hulle steeds meer wil doen. Hulle belewenis is nie dat hulle iets doen of gedoen het en dat dit nou genoeg is nie. Hulle is op ‘n reis saam met God en nes Moses en Petrus is hulle roeping in ‘n langtermynverhouding met God. Dreyer (2004:239-240) verwys na Callahan se vier eienskappe van missionêre gemeentes – die missionêre leraar gee te midde van die stryd waarin die kerk is, die pas aan in die volgende vier sentrale leierskapstake:

(a) As ‘n reaksie op die verlies van mag help die missionêre leraar mense om die potensiaal in hulle eie lewens te ontgin en in hulle eie toekoms te ontdek. Mense word begelei om hulle eie individualiteit te ontdek.

(b) Die missionêre leraar help mense om nuwe missionêre gemeenskappe van versoening, heelheid, omgee en geregtigheid in die Naam van Christus te skep. Hierdie nuwe gemeenskappe is ‘n reaksie op die kulturele heterogeniteit in die samelewing.

(c) As ‘n reaksie op die teologiese pluralisme van die moderne tyd, help die missionêre leraar die gemeente om ‘n nuwe teologiese gerigtheid te vind en gemeenskaplike doelwitte te bepaal. Die Bybelse waardes, herontdek en vasgelê, word dan positief uitgeleef.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(d) Die missionêre leraar help met die vorming en opleiding van ‘n missionêre span om spesifieke en konkrete behoeftes, menslike seer en verwagtings, gemeenskaplik en individueel, in die wêreld te ontmoet. Te midde van sosiale spesialisasie en fragmentering, bring so ‘n span mense hoop in hulle omstandighede (Callahan, 1990:91).

Iets van hierdie missionaliteit leef in die harte van die meeste van die vyftien lidmate. ‘n Swart lidmaat van die VGK-Xhosa-gemeente definieer ‘gereformeerd’ juis as ‘n beweging wat dinge wil laat verander (Onderhoud 11). Hy vind sy roeping persoonlik by gebroke gesinne, terwyl ‘n vrou in die VGK-Afrikaans (Onderhoud 15) weer geroepe voel om die hulpbehoewendes in Louwville te ondersteun.

Van die NG Kerk-lidmate beskryf hulle begeertes vir ander as sorgvrye lewens (Onderhoud 10); met genoeg om te eet (Onderhoud 2); vreesloos (Onderhoud 8). Een van die NG Kerk-leraars (Onderhoud 5) som dit so mooi op:

> Ek het geskuif van dat die doel van my lewe is ‘ek’, na besef: die doel van die lewe is ‘nie-ek’ nie. Die doel van die lewe is die invloed wat ek op iemand anders het; die verskil wat ek in jou of jou lewe kan maak. So, die oomblik wat ek besef, maar die waarde van die lewe lê nie in myself nie, dit lê in ander wat my nodig het, dan raak ‘ek’ weer belangrik. Dan raak wie jy is … want om daai ene by te staan, moet ek beter wees; moet ek anders wees; moet ek vryer wees; moet ek groter wees; moet ek meer geduldig wees. So, dan raak ‘ek’ weer belangrik.

Hierdie ingesteldheid op die Koninkryk vorm die hart van lidmate wat op gebeure buite die ‘laer’ fokus. Hierdie lidmate maak dalk nie reuseverskille nie, maar hulle ingesteldheid is op ander, nie net op hulle eie oorlewing nie.

Deur hierdie drie kategorieë en die nege eienskappe word die ‘hoe’ van geroepe wees vir my sigbaar. As ons meer lidmate kan bemagtig om iets van hierdie ingesteldheid uit te leef, dan sal die ‘hoekom’ van Christenskap daagliks meer sigbaar word, in die Weskus, maar ook in die res van Suid-Afrika en die wêreld.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

8.6. Die 'wat' van ons roeping: 'n Prakties teologiese strategie vir lidmaatbemagtiging

Die ingesteldheid van die lidmate wat deelgeneem het aan die onderhoude is een van die studieligpunte vir my. Ek besef die studie was 'n kleinskaalse fokus op onderhoude en dat veel meer inligting ingevorder en bespreek sou kon word. Wat ek geleer het help my wel om by die 'wat' van lidmaatbemagtiging te kom. By die lidmate is geleer dat roeping geanker is in 'n dieper soeke na God se wil. Hulle verstaan iets van die 'hoekom' van geloof en dit blyk hulle grootste fokus te wees. In Smith (2009) se woorde, lyk dit of hulle God se Koninkryk bo die wêreldse koninkryk begeer. Hulle is nie perfekte, vreeslose mense wat skaamteloos agter God in die onbekende inbeweeg nie. Hulle is wel mense wat bereid is om die 'laer' te verlaat en saam met ander luisterend aan die *Missio Dei* deel te neem. Vanuit die 'hoekom' en die 'hoe' word die 'wat' vir die studie geformuleer.

My begrip van die 'wat', is die praktiese manier waarop die 'hoekom' en die 'hoe' sigbaar word. Prakties beteken dit 'wat' ek as predikant in my gemeente kan doen, om lidmate te bemagtig om God se hart te soek en die eienskappe van die vyftien lidmate aan te leer. Hiervoor wend ek myself na 'n 5-D-siklus-model (Townsin, s.a.) en gee leiding in die waarderende ondersoek-benadering, reeds in Hoofstuk 7 gedefinieer as 'n fokus op 'dit wat werk' en 'n poging om eerder op sterkpunte as swakpunte te fokus. Whitney (in Holman, 2004:6) lewer 'n positiewe bydrae in die definiëring:

> *Appreciative Inquiry opens the realm of possibility through affirmation and inquiry for organizations and communities to discover their positive core. It shifts from the polarity of 'we/they' to the grace of 'I/thou', opening us to connect. Connection awakens a sense of possibility, inspiring organizations to open to their dreams. And perhaps most radically, people open to change itself when exposed to the power of the appreciative*.

In 'n poging om lidmate te bemagtig om hulle persoonlike 'laers' te verlaat, is dit nodig om mense opgewonde oor die moontlikhede buite te maak. In hierdie opsig vind ek aanklank by die model: dit kan op een-tot-een-vlak of in groepsverband aangewend word om lidmate te bemagtig. Die 5-D-siklus word vorentoe gebruik om die 'wat' van die bemagtiging te implementeer:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 8.4: 5-D-siklus van die Waarderende Benadering.

8.6.1. Define – *Om die fokus te omskryf*

Die fokus-omskrywing is die studie-vertrekpunt, soos die David L. Cooperrider Center for Appreciative Inquiry, Champlain College (s.a.) se webtuiste verduidelik:

> *Define – What is the topic of inquiry? – It is important to define the overall focus of the inquiry (what the system wants more of). Definition is used to clarify the area of work to be considered. Definition defines the project's purpose, content, and what needs to be achieved. In this phase, the guiding question is, 'What generative topic do we want to focus on together?'*

Vanuit hierdie stelling is dit belangrik om met lidmate te praat oor die 'hoekom' van hulle Christenskap. Die gemeente se leierskap móét in die 'hoekom' inkoop en dat dié definisie aan lidmate gekommunikeer kan word. Dit bepaal die doel van die gesprek en dien as aanknopingspunt met lidmate wat belang sou stel om sensitief vir hulle roeping te word. In my eie konteks in NG Kerk Vredenburg sou ons toekomsblik (visie)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aangewend kon word as die definisie. Ons toekomsblik tans is, soos volg: "'n Omgeegemeenskap waar ons naby aan God tot seën vir mekaar en ander lewe."

Figuur 8.5: Die ontwerp van die 'hoekom'.

In dié toekomsblik is ons 'hoekom' verwoord en dit wat ons beleef: God se hart is vir ons gemeente en gemeenskap op hierdie tydstip. Lidmate behoort bemagtig te word om hierdie toekomsblik uit te leef: die doel van die eerste stap – "Wat wil ons bereik deur die 5-D siklus saam te doen?" Die uitkoms is dan om te verwoord dat ons meer lidmate wil bemagtig om hulle unieke roeping te kan uitleef, vanuit die 'hoekom' van ons toekomsblik as NG Kerk Vredenburg.

Belangrik om hier te verwoord is dat daar nie gefokus word op lidmate se bemagtiging vir diens aan die gemeente nie, maar vir diens in die gemeenskap deur die impak van die gemeente.

8.6.2 Discover – *Ontdek die beste van wat reeds is*

Met die studieverloop het ek die noodsaaklikheid van 'n pastorale benadering beklemtoon. In 'n praktiese poging om lidmate te bemagtig, is dit belangrik dat 'n pastorale aanslag ook gehandhaaf moet word. In dié verband help die David L. Cooperrider Center for Appreciative Inquiry, Champlain College (s.a.) se aanslag baie:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *Discover – Appreciating the best of 'what is' – Discovery is based on a dialogue, as a way of finding 'what works'. It rediscovers and remembers the organization or community's successes, strengths and periods of excellence.*

In Hoofstuk 2 is verwys na McClure (in Miller-McLemore, 2012:274) se beklemtoning van pastorale teologie, as nie net 'n individualistiese benadering nie, maar ook as gemeenskaplik. Die 5-D-siklus sou in hierdie verband kon help om lidmate of gemeenskappe te help, om gesamentlik in dialoog te tree oor die positiewe van hulle persoonlike en gemeenskaplike konteks. Die taak van die begeleier sou in die verband wees om lidmate te help, om verby die negatiewe van postapartheid-Suid-Afrika te kyk en op die goeie, wat daar wel bestaan, te fokus. Dit beteken nie 'n ontkenning van die negatiewe nie, maar slegs 'n keuse om verby die veiligheid van die 'laer' te kyk en die moontlikhede van die onbekende raak te sien.

In hierdie verband sou beweeg kon word na die 'hoe' van roeping uitleef. Die drie hoofkategorieë sou as vrae aangewend kon word om lidmate te help, om waardering oor hulle verhouding met God uit te spreek, medegelowiges en mense met wie hulle in die gemeenskap, werk, skool en ander sekulêre omgewings te doen kry.

Figuur 8.6: Die ontdekking van die 'hoe'.

Die volgende vrae dien as voorbeelde van verkennende vrae:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Verhouding met God: “Kan jy aan ‘n geleentheid, gebeurtenis of oomblik dink waar jy naby aan God gevoel het? Indien wel, watter positiewe emosies het dit by jou losgemaak?”
- Verhouding met ander gelowiges: “NG Kerk Vredenburg se droom is om ‘n omgeegemeenskap te wees. Kan jy aan enige geleentheid dink, al is dit iets wat vir jou klein voel, waar jy op ‘n manier tot hierdie toekomsblik bygedra het?”
- Verhouding met die wêreld: “Sonder om te nederig te wees, watter eienskappe, gawes of talente gebruik jy van tyd tot tyd om die wêreld om jou ‘n beter plek te maak?”

Die vrae help om die lidmaat van positiewe, opbouende oomblikke en bydraes in ‘n negatiewe, afbrekende konteks bewus te maak. Die uitgangspunt is dat elke persoon op ‘n manier ‘n bydra kan lewer en dat dit waarskynlik ‘n aanduiding kan wees van God se roepstem in die persoon se lewe: ‘n soeke na hoop en ‘n poging om iemand iets te gee om aan vas te hou.

8.6.3. Dream – *Droom oor wat kan wees*

Vanuit die ‘ontdek’-fase van die siklus word lidmate uitgenooi om oor nuwe moontlikhede te droom:

> *Imagining ‘what could be’ – Imagining uses past achievements and successes identified in the discovery phase to imagine new possibilities and envisage a preferred future. It allows people to identify their dreams for a community or organization; having discovered ‘what is best’. They have the chance to project it into their wishes, hopes and aspirations for the future* (David L. Cooperrider Center for Appreciative Inquiry, Champlain College, s.a.).

In ‘n konteks wat as negatief beskryf word, is dit maklik om pessimisties te bly. Om te droom oor nuwe moontlikhede is om opgewonde te word, oor wat kan wees. Indien ‘n lidmaat byvoorbeeld ervaar dat hulle op ‘n manier bygedra het tot die ‘hoekom’ van die gemeente-toekomsblik, deurdat hulle iewers tot seën vir iemand anders was; óf God op ‘n manier beleef het; kan hulle met nuwe hoop gevul word. Dit beteken dat hulle ‘n plek het om vanuit te droom. Ek onthou so goed hoe ons land vir ‘n oomblik stilgestaan het, nadat die Springbokke die Wêreldbeker in Japan gewen het. Die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

prentjie in die land was baie duister op daardie tydstip, maar op ‘n manier het die positiewiteit van die Wêreldbeker die land met hoop gevul. In die chaos kon Suid-Afrikaners oor nuwe moontlikhede droom – oor spanwerk, samehorigheid en die moontlikheid van ‘n beter toekoms vir almal. Hierdie oomblik is soort van dieselfde – ‘n geleentheid vir gewone lidmate om vanuit positiewe ervarings in die verlede oor ‘n roeping in die toekoms te droom, al is dit ook hoe eenvoudig. Die taak van die begeleier is om hulle te laat droom oor hoe hulle, saam met God en medegelowiges, buite die ‘laer’ in die onbekende ‘n verskil kan maak.

Figuur 8.7: Om te droom oor wat kan wees.

Die drie kategorieë van die ‘hoe’ kan weereens hier aangewend word. Die begeleiers sou kon waarneem waar die persoon se drome die meeste aanklank vind. Is dit om nader aan God te leef, meer betrokke by medegelowiges te wees of om vir mense in die sekulêre wêreld tot seën te wees? Deur te fokus op aspekte wat die persoon opgewonde maak, of laat droom, kan ‘n lidmaat ingetrek word in die ontwerp van ‘n strategie, waardeur hy of sy ‘n dieper roepingsbelewenis kan ervaar.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

8.6.4. Design – *Ontwerp dit wat sal wees*

Dit is goed om dankbaar te wees oor die positiewe vanuit die verlede én om oor ‘n beter toekoms te kan droom. Om die twee realisties in dialoog met mekaar te laat tree, vra eerlike beplanning:

> *Determining ‘what should be’ – Design brings together the stories from discovery with the imagination and creativity from dream. We call it bringing the ‘best of what is’ together with ‘what might be’, to create ‘what should be – the ideal’* (David L. Cooperrider Center for Appreciative Inquiry, Champlain College, s.a.).

Die ideaal is dat lidmate bemagtig moet word om die ‘hoekom’ van die gemeente se toekomsblik uit te leef, nie ter wille van die gemeente nie, maar ter wille van die *Missio Dei*. Dit vra dat lidmate pastoraal begelei moet word om die veiligheid van die ‘laer’ te verlaat om die onsekerhede van die onbekende aan te pak. Dit beteken dat ons lidmate kontekstueel moet help om van hulle vooropgestelde idees, vrese en onsekerhede bevry te word. Deeglike beplanning is dus nodig om lidmate te help, om wat hulle waardeer te beleef, oor die toekoms te droom en braaf genoeg te wees om eerlik te kyk na wat moet gebeur om hulle meer sensitief vir hulle roeping te maak.

In dié verband is dieper denke en eerlike gesprek nodig. Om deur die nege kenmerke van geroepe lidmate te werk, kan ‘n goeie fondasie lewer. Die vermoë om onderskeidend na die Gees se insette te luister, in elke faset, sou krities wees om lidmate te help om te begryp waar hulle bevryding moet beleef.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 8.8: Om strategies te beplan aan wat kan wees.

Groepe en individue se strategie sal waarskynlik verskil, ten opsigte van hoe hulle die 'hoekom' en die 'hoe' verstaan. Om elke persoon of groep se drome 'n realiteit te maak sal goeie beplanning verg. Dit vra vir 'n fyn balans tussen kognitiewe, inligting-gefokusde bemagtiging en sosiale, liturgiese vorming. Iewers tussen Smith se kritiek teen die kognitiewe fokus van die gereformeerde leer en sy sterk fokus op formatiewe praktyke behoort 'n goue middeweg gevind te word; die aanleer van geloofsgewoontes kan byvoorbeeld aangevul word met 'n ernstiger lees en begrip van die Bybel. Noodsaaklik hier is 'n induktiewe, sosiaal konstruktivistiese benadering. Net soos wat geluister word na die positiewe ervarings en die drome, behoort daar ook geluister te word na elke persoon of groep se persoonlike behoeftes oor 'n strategie. God se roeping is uniek tot elkeen se lewe; ons behoort sensitief vir lidmate se unieke ervarings, perspektiewe en realiteite te bly.

8.6.5. Destiny – *Hoe om die verandering te volhou?*

Dikwels begin lidmate in die gemeente 'n projek of bediening met baie energie. Dikwels verdwyn die entoesiasme vinnig en lidmate verloor passie en perspektief. Ek ervaar dikwels dieselfde in my eie bediening en beleef dat volhoubaarheid dikwels 'n probleem is. In hierdie opsig raak 'bestemming' krities:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *Deliver/Destiny – Creating 'what will be' – The fifth stage in the 5Ds process identifies how the design is delivered, and how it's embedded into groups, communities and organizations. In early appreciative inquiry development, it was called 'delivery', based on more traditional organizational development practice. The term 'destiny' is more prevalent now* (David L. Cooperrider Center for Appreciative Inquiry, Champlain College, s.a.).

Ek kan nie anders as om hier aan Jakobus se bemoediging, om te volhard, te dink nie. Om te droom en planne te beraam, is gewoonlik nie moeilik nie, maar om uitvoering daaraan te gee is krities.

Figuur 8.9: Om die verandering te onderhou.

Verhoudings is hier van deurslaggewende belang en lidmate behoort aangemoedig te word om deel van groepe te wees en om moontlik blootgestel te word aan mentors, wat hulle kan lei in hulle poging om hulle roeping te ontdek en uit te leef. Noodsaaklik is ook dat hierdie 'n siklus is. Om gedurig van volharding te beweeg na ontwerp (die belangrikheid van die 'hoekom'), terug na ontdek en droom (die 'hoe') en die strategie (die 'wat') te herbesin, is deel van die gedurige geloofsgroei van lidmate.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

8.7. Gevolgtrekking

In my gevolgtrekking gaan ek terug na Jesus se eie bediening. Jesus, eenvoudig verwoord, spandeer baie van sy tyd in gemeenskap met mense wat naby aan hom leef. Die bekendste hiervan is waarskynlik die dissipels en die pad wat hulle as ‘n ‘gemeente’ saam met Jesus gestap het. Een van die belangrikste teorieë wat ek in hierdie studie moes leer, is die noodsaaklikheid van spanwerk. Hierdie teorieë is op verskeie plekke aan my bevestig, maar die heel belangrikste ruimte was tydens die ondersoeke met die vyftien lidmate.

Lidmate wat bereid is om die ‘laer’ te verlaat en saam met God te werk, bemoedig en versterk my op my persoonlike reis. Mense, wat bereid is om bemagtig te word, nie ter wille van hulleself nie, maar ter wille van die enigste ‘hoekom’ wat waarlik saak maak – eer aan God ter uitbreiding van Sy Koninkryk – bemoedig my ook. Met hierdie hoop het ek persoonlik hoop op ‘n postapartheid-Suid-Afrika en glo ek dat ons as gereformeerde lidmate ‘n enorme groot rol het om te vertolk.

Mag God ons sensitief vir Sy stem in die vreemdheid van ons konteks maak.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bibliografie

Adebajo, A. 2016. Mbeki's dream of Africa's renaissance belied South Africa's schizophrenia. *The Conversation*, 24 April. Beskikbaar by: http://theconversation.com/mbekis-dream-of-africas-renaissance-belied-south-africas-schizophrenia-58311 (Toegang verkry op 10 April 2019).

Adonis, J.C. 2006. The history of Belhar. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 47(1-2), 234-239.

Amesbury, R. 2017. Fideism. In: E.N. Zalta (red.). *The Stanford Encyclopedia of Philosophy*. Stanford, Kalifornië: Laboratorium vir metafisika-navorsing, Stanford Universiteit. Beskikbaar by: https://plato.stanford.edu/archives/fall2017/entries/fideism/ (Toegang verkry op 12 September 2020).

Ansell, A.E. 2010. Two nations of discourse: Mapping racial ideologies in post-apartheid South Africa'. *Politikon*, 31(1), 3-26. https://doi.org/10.1080/02589340410001690783

Badcock, G.D. 1998. *The Way of Life: A Theology of Christian Vocation*. Michigan, VSA: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Ballard, P. 2011. The Use of Scripture. In: B.J. Miller-McLemore (red.). *The Wiley Blackwell Companion to Practical Theology*. [Kindle-weergawe]. Beskikbaar by: http://www.amazon.com (Toegang verkry op 15 Junie 2020). 163.

Barrett, L.Y. (red.). 2004. *Treasure in Clay Jars*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Basson, F.D.J. 2015. *Bevrydende Waarheid. Soteriologie as sleutel tot die verstaan van WD Jonker*. Doktorale tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. Beskikbaar by: http://hdl.handle.net/10019.1/97806 (Toegang verkry op 6 September 2020).

Benade, C. 2019. *Church After God's Heart: Discerning a Missional Ecclesiology for the Dutch Reformed Church in South Africa*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. Beskikbaar by: https://www.academia.edu/38209996/Church_After_Gods_Heart_discerning_

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

a_missional_ecclesiology_for_the_dutch_reformed_church_in_south_africa (Toegang verkry op 15 Augustus 2020).

Bester, L. & Noland, R. 2013. CBEF pamflet 2013. Beskikbaar by: https://web.facebook.com/CBEF-1491678377758926/

Bingaman, B. 2013. All Things New: The Trinitarian Nature of the Human Calling in Maximus the Confessor and Jürgen Moltmann. *Princeton Theological Monograph Series Book*, 213. [Kindle-weergawe]. Oregon: Pickwick Publications.

Blackburn, S. 2016. *The Oxford Dictionary of Philo*sophy. [Kindle-weergawe]. Oxford: Oxford University Press.

Blenko, D. 2017. *Appreciative Inquiry as a Resource for Positive Change in a Church Ministry*. Pepperdine Universiteit, California.

Bosch, D.J. 1991. *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission*. New York: Orbis Books.

Botha, J. (red.). 2001. *Work as Calling and Worship*. Wellington: Lux Verbi.

Botha, J. & Naude, P. 1998. *Op pad met Belhar: goeie nuus vir gister, vandag en môre!* Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers. Beskikbaar by: https://sun-primo.hosted.exlibrisgroup.com (Toegang verkry op 8 Augustus 2020).

Botha, J. & Naude, P.J. 2011. *Good News to Confess: The Belhar Confession and the Road of Acceptance*. Pretoria: Bybel-media.

Browning, D.S. (red.). 1983. *Practical Theology: The Emerging Field in Theology, Church and World*. San Francisco: Harper & Row.

Bruner, F.D. 2012. *The Gospel of John: A Commentary*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Buechner, F. 1993. *Wishful Thinking: A Theological ABC*. New York: Harper & Row.

Buitendag, J. 2003. Wêreld as gelykenis: ’n trajek om die middelterm van die “teologie” te vind. *HTS Teologiese Studies*, 59(4), 1063-1080.

Burger, C.W. 1991. Praktiese teologie in Suid-Afrika: ’n ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak. *RGN-reeks in Metodologie*, 23. Beskikbaar by: https://ixtheo.de/Record/1108548148 (Toegang verkry op 6 September 2020).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Burger, C.W. 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees: oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Stellenbosch: BUVTON.

Burger, C.W. 2011. *Waar is Jesus nou? Hoe Jesus na sy Hemelvaart onder ons teenwoordig is en werk*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Burger, C.W. 2013. *Ontmoetings met die lewende God: hoe God ons roep, nuut maak – en stuur*. Kaapstad: Lux Verbi.

BusinessTech. 2019. *This is how much money the poorest are living on each month in South Africa, 2019*. Beskikbaar by: https://businesstech.co.za/news/finance/332553/this-is-how-much-money-the-poorest-are-living-on-each-month-in-south-africa/ (Toegang verkry op 22 Februarie 2021).

Cahalan, K.A. 2005. Three approaches to practical theology, theological education, and the Church's ministry. *International Journal of Practical Theology*, 9(1), 64-94. https://doi.org/10.1515/IJPT.2005.005

Call42. 2020. *Home*. Beskikbaar by: http://www.call42.co.za/ (Toegang verkry op 23 Augustus 2020).

Callahan, K.L. 1990. *Effective Church Leadership. Building on Twelve Keys*. New York: Harper & Row Publishers.

Cameron, H., Bhatti, D., Duce, C., Sweeney, J. & Watkins, C. 2010. *Talking about God in Practice: Theological Action Research and Practical Theology*. Londen: SCM Press.

Cameron, H. & Duce, C. 2013. *Researching Practice in Mission and Ministry: A Companion*. Londen: SCM Press.

Carney, J.J. 2010. Roads to reconciliation: An emerging paradigm of African theology. *Modern Theology*, 26(4), 549-569.

Cavanaugh, W.T. 2008. *Being Consumed: Economics and Christian Desire*. Michigan, VSA: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Chaffey, D. 2020. Golden circle model: Sinek's theory value proposition: Start with why. *Smart Insights*, 15 Oktober. Beskikbaar by:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

https://www.smartinsights.com/digital-marketing-strategy/online-value-proposition/start-with-why-creating-a-value-proposition-with-the-golden-circle-model/ (Toegang verkry op 4 November 2020).

Chambers, T. 2013. Phenomenological research. *Qualitative Research in Corporate Communication*, 11 Julie. Beskikbaar by: https://blogs.baruch.cuny.edu/com9640epstein/?p=543 (Toegang verkry op 16 Junie 2020).

Childs, B.S. 1974. *Exodus: A Commentary: A Critical, Theological Commentary (Old Testament Library)*. Londen: Westminster John Knox Press.

Clapper, G.S. 2014. *As If the Heart Mattered: A Wesleyan Spirituality*. Oregon: Wipf & Stock.

Cloete, G.D. & Smit, D.J. 1984. *'n Oomblik van Waarheid*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Cole, R.A. 1973. *Exodus: An Introduction and Commentary by Alan Cole, Tyndale Old Testament Commentaries*. Leicester, Engeland: Inter-Varsity Press.

Conde-Frazier, E. 2011. Participatory Action Research. In: B.J. Miller-McLemore (red.). *The Wiley Blackwell Companion to Practical Theology*. [Kindle-weergawe]. Beskikbaar by: http://www.amazon.com (Toegang verkry op 15 Junie 2020]. 234.

Conradie, E. & Lombard, C. 2009. *Discerning God's Justice in Church, Society and Academy: Festschrift for Jaap Durand*. Stellenbosch: African Sun Media (voorheen Sun Press). Beskikbaar by: https://scholar.sun.ac.za:443/handle/10019.1/101808 (Toegang verkry op 20 September 2020).

Cosden, D. 2006. *A Theology of Work: Work and the New Creation*. Oregon: Wipf & Stock Publishers.

Creswell, J.W. 2007. *Qualitative Inquiry and Research Design: Choosing Among Five Approaches*. Tweede uitgawe. Londen: Sage Publications.

Cronje, F. 2014. *A Time Traveller's Guide to Our Next Ten Years*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Cronjé, F. 2019. Individualisme en kollektivisme – wat rig my hartewense? *Kerkbode*, 11 Junie. Beskikbaar by: https://kerkbode.christians.co.za/2019/06/11/individualisme-en-kollektivisme-wat-rig-my-hartewense/ (Toegang verkry op 8 November 2020).

Crotty, M. 1998. *The Foundations of Social Research: Meaning and Perspective in the Research Process*. Londen: Sage Publications.

Crotty, M. 2005. *The Foundations of Social Research: Meaning and Perspective in the Research Process*. Thousand Oaks, Kalifornië: Sage Publications.

Culp, J. 2020. Panentheism. In: E.N. Zalta (red.). *The Stanford Encyclopedia of Philosophy*. Stanford, Kalifornië: Laboratorium vir metafisika-navorsing, Stanford Universiteit. Beskikbaar by: https://plato.stanford.edu/archives/fall2020/entries/panentheism/ (Toegang verkry op 13 September 2020).

D'Assonville, V.E. 1980. *Kerkgeskiedenis in 30 lesse*. Potchefstroom: Marnix.

Dames, G.E. 2014. *A Contextual Transformative Practical Theology in South Africa*. Panorama, Parow: AcadSA Publishing.

Davies, J.C. 1962. Toward a theory of revolution. *American Sociological Review*, 27(1), 5-19. https://doi.org/10.2307/2089714

David L. Cooperrider Center for Appreciative Inquiry, Champlain College. s.a. Introduction to Appreciative Inquiry. *The Appreciative Inquiry Commons*. Beskikbaar by: https://appreciativeinquiry.champlain.edu/learn/appreciative-inquiry-introduction (Toegang verkry op 20 Augustus 2020).

Dean, K.C. 2010. *Almost Christian – What the Faith of Our Teenagers Is Telling the American Church*. New York: Oxford University Press.

De Gruchy, J.W. 1991. *Liberating Reformed Theology: A South African Contribution to an Ecumenical Debate.* Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

De Gruchy, S. & Chirongoma, S. 2007. Elements of African ecclesiologies. In: G. Mannion & L.S. Mudge (reds.). *The Routledge companion to the Christian church*. London: Routledge. 291-305.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

De Klerk, B.J. & Van Helden, P. 2011. Oorsake van kerkkrimping binne die tradisioneel Afrikaanssprekende gereformeerde kerke in Suid-Afrika. *Verbum et Ecclesia*, 32(1), Art. #477. https://doi.org/10.4102/ve.v32i1.477

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2011. *The SAGE Handbook of Qualitative Research*. Londen: Sage Publications.

Dik, B. & Duffy, R. 2007. Calling and vocation at work. *Counselling Psychologist*, 37(10), 424-450. https://doi.org/10.1177/0011000008316430

Dingemans, G.D.J. 2005. *De Stem Van De Roepende*. Vierde uitgawe. Kampen: Kok.

Dozeman, T.B. 2009. *Eerdmans Critical Commentary: Exodus*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Dreyer, D.J. 2004. 'n Kerk wat getuig, is 'n kerk wat leef: 'n Ekklesiologiese perspektief op die missionêre karakter van die kerk – Deel II. *Verbum Et Ecclesia*, 25, 423-441. https://doi.org/10.4102/ve.v25i2.279

Dreyer, J.S. 2011. South Africa. In: B.J. Miller-McLemore (red.). *The Wiley Blackwell Companion to Practical Theology*. [Kindle-weergawe]. Beskikbaar by: http://www.amazon.com (Toegang verkry op 15 Junie 2020]. 505.

Droge, A. J. 1990. The status of Peter in the Fourth Gospel: A note on John 18:10-11. *Journal of Biblical Literature*, 109(2), 307-311. https://doi.org/10.2307/3267020

Du Plessis, T. 2005. Petrus. *Bybelstudies: Gereformeerde Kerk Belville*. Beskikbaar by: https://www.gkbellville.org/bybelstudies/petrus.pdf

Du Toit, B. 2005. *Sprakeloos oor God*. Kaapstad: Lux Verbi BM.

Du Toit, F. 2002. *Moeisame pad na vernuwing: Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na nuwe relevansie*. Bloemfontein: Barnabas.

Du Toit, P.W. & Spangenberg, I.J.J. 2002. Kerk en teologie in die postmoderne tyd. *HTS Teologiese Studies*, 58(3), 1134-1152. https://doi.org/10.4102/hts.v58i3.591

Durand, J. 2002. *Ontluisterde wêreld: die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderende Suid-Afrika*. Kaapstad: Lux Verbi.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Eberle, T. & Maeder, C. 2011. *Qualitative Research*. Derde uitgawe. Londen: Sage Publications.

Egan, T.M. 2002. Grounded theory research and theory building. *Advances in Developing Human Resources*, 4(3), 277-295.

Fee, G.D. & Hubbard Jnr., R.L. (red.). 2011. *The Eerdmans Companion to the Bible*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Fensham, F.C. 1974. *Exodus (De prediking van het Oude Testament)*. Derde uitgawe. Nijkerk, Nederland: G.F. Callenbach.

Ferris, S. 2018. Khoi and San People Protest at the Johannesburg Stock Exchange. *Cultural Survival: News & Articles*, 12 Oktober. Beskikbaar by: https://www.culturalsurvival.org/news/khoi-and-san-people-protest-johannesburg-stock-exchange (Toegang verkry op 16 September 2020).

Fick, P.H. 2010. John Calvin and postmodern spirituality. *In die Skriflig*, 44(Bylaag 3), 271-285.

Fleischer, B.J. 2006. Mezirow's theory of transformative learning and Lonergan's method in theology: Resources for adult theological education. *Journal of Adult Theological Education*, 3(2), 147-162. https://doi.org/10.1558/jate.2006.3.2.147

Foot, L. 2014. Lewe na apartheid: Lidmate se narratiewe vanuit 'n longitudinale pastorale betrokkenheid. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 55(1-2), 43-60. Beskikbaar by: http://ngtt.journals.ac.za/pub/article/view/515 (Toegang verkry op 29 Junie 2020).

Forrester, D.B. (red.). 1990. *Theology and Practice*. Londen: Epworth Press.

Forster, D. 2014. Called to Work: A Descriptive Analysis of Call42's Research on Faith and Work in South Africa/Geroep tot die werk: 'n Beskrywende analise van Call42 se navorsing oor geloof en werk in Suid-Afrika. *Koers – Bulletin for Christian Scholarship*, 79(2). Beskikbaar by: http://link.gale.com/apps/doc/A406709502/AONE?u=27uos&sid=zotero&xid=a8cfd74a (Toegang verkry op 21 Augustus 2020).

Forster, D. 2017. *The (Im)Possibility of Forgiveness? An Empirical Intercultural Bible Reading of Matthew 18:15-35*. Stellenbosch: African Sun Media.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Forster, D. 2020. Reflecting on the nature of work in contemporary South Africa: A public theological engagement with calling and vocation. *HTS Teologiese Studies*, 76(2). https://doi.org/10.4102/hts.v76i2.5847

Frethem, T.E. 2005. *God and World in the Old Testament: A Relational Theology of Creation*. Nashville: Abington Press.

Galloway, M. 2017. *Freeing the African mind more complex than simply decolonisation – Fellows' seminar by Denis Ekpo*. Stellenbosch Instituut vir Gevorderde Studies(Stias) [aanlyn], 9 Oktober. Beskikbaar by: https://www.stias.ac.za/2017/10/freeing-the-african-mind-more-complex-than-simply-decolonisation/ (Toegang verkry op 13 September 2020).

Gamble, R.C. 1992. *Calvin's Ecclesiology: Sacraments and Deacons*. New York: Garland Publishing.

General Psychology. s.a. How Are Concepts Formed? Beskikbaar by: http://general-psychology.weebly.com/how-are-concepts-formed.html (Toegang verkry op 28 April 2020).

Goulding, C. 2002. *Grounded theory: a practical guide for management, business and market researchers*. Londen: Thousand Oaks, Kalifornië: Sage Publications.

Gray, T. 2016. *Peter: Keys to Following Jesus*. San Francisco, Kalifornië: Ignatius Press.

Greffrath, W. 2016. Radical post-colonialism and universities in South Africa. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-1), 928-945. https://doi.org/10.17159/2224-7912/2016/v56n4-1a4

Groenewald, E.P. 1948. *Die Evangelie volgens Markus (Kommentaar op die Bybel – Nuwe Testament)*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

Groenewald, E.P. 1980. *Die Evangelie van Johannes*. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Groenewald, T. 2004. A Phenomenological Research Design Illustrated. *International Journal of Qualitative Methods*, 3(1), 42-55. https://doi.org/10.1177/160940690400300104

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gruchy, J.W.D. 1991. *Liberating Reformed Theology: A South African Contribution to an Ecumenical Debate*. Uitgebreide uitgawe. Michigan, VSA: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Günther, W. 1997. Postmodernism. *International Review of Mission*, 86(343), 425-431. https://doi.org/10.1111/j.1758-6631.1997.tb00054.x

Gushee, D. 2016. Why is Christianity declining? *Religion News Service*, 6 September. Beskikbaar by: http://religionnews.com/2016/09/06/why-is-christianity-declining (Toegang verkry op 29 Junie 2020).

Hammond, M. 2018. Positivism. *Warwick Education Studies*, 22 Februarie. Coventry, VK: Universiteit van Warwick. Beskikbaar by: https://warwick.ac.uk/fac/soc/ces/research/current/socialtheory/maps/positivism/ (Toegang verkry op 12 Mei 2020).

Hansen, L., Koopman, N. & Vosloo, R. (reds.). 2011. *Living Theology: Essays Presented to Dirk J. Smit on His Sixtieth Birthday*. Wellington: Bybel-media.

Harding, J. 2019. *Qualitative Data Analysis From Start to Finish*. [Kindle-uitgawe]. Londen: Sage Publications.

Hardy, L. 1990. *The Fabric of This World: Inquiries Into Calling, Career Choice, and the Design of Human Work*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Hayem, J. 2017. What do we call post-apartheid? *Social Dynamics*, 43(3), 386-402. https://doi.org/10.1080/02533952.2017.1409162

Head, T. 2020. Black Lives Matter: Minister Slammed for “Forcing Athletes” to Take a Knee. *The South African*, 19 Augustus. Beskikbaar by: https://www.thesouthafrican.com/news/why-take-knee-black-lives-matter-what-players-osuth-africa/ (Toegang verkry op 13 September 2020).

Heimbrock, H.-G. 2011. Practical theology as empirical theology. *International Journal of Practical Theology*, 14(2), 153-170. https://doi.org/10.1515/ijpt.2011.013

Heitink, G. 1999. *Practical Theology: History, Theory, Action Domains : Manual for Practical Theology*. Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Heyns, M.F. 2010. Moraliteit, die opdringerige en die voorwaardelike. *Koers – Bulletin for Christian Scholarship*, 75(1), 217-244. https://doi.org/10.4102/koers.v75i1.80

Hoffman, L. 2005. An Overview of Pre Modernism, Modernism, & Postmodernism. Beskikbaar by: http://www.postmodernpsychology.com/philosophical_systems.html

Hofstee, W. 2011. Homo Religiosus. *Brill Online: Religion Past and Present*. Beskikbaar by: http://referenceworks.brillonline.com/entries/religion-past-and-present/homo-religiosus-SIM_10041 (Toegang verkry op 20 April 2018).

Holman, P. (red.). 2004. Emerging in appreciative space. *AI Practitioner – The International Journal of AI Best Practice*, 1 November.

Hong, K.P. 2013. Synchrony and diachrony in contemporary biblical interpretation. *The Catholic Biblical Quarterly*, 75, 521-539.

Houtman, C. 1993. *Exodus (Historical Commentary of the Old Testament)*. Volume 1. Leuven, België: Peeters.

Jacobs, J. 2004. Thinking about God. *Questions: Philosophy for Young People*, 4, 3. Gale Academic OneFile. Beskikbaar by: http://go.galegroup.com.ez.sun.ac.za/ps/i.do?action=interpret&id=GALE%7CA166241534&v=2.1&u=27uos&it=r&p=AONE&sw=w&authCount=1 (Toegang verkry op 15 November 2020).

Jackson, N. 2015. Artikel 1: Sinode aanvaar uitslag. *Sinodebode*, 5 Oktober. Beskikbaar by: http://sinodebode.bybelmedia.org.za/2015/10/05/artikel-1-sinode-aanvaar-uitslag/ (Toegang verkry op 25 April 2019).

Jonker, L.C. 1996. *On plotting the Exegetical-Hermeneutical landscape.* Scriptura, 59, 397-411. Beskikbaar by https://scriptura.journals.ac.za/pub/article/viewFile/1534/1417 (Toegang verkry op 18 Februarie 2021).

Jonker, W.D. 2008. *Die Relevansie van die Kerk: Teologiese reaksies op die vraag na die betekenis van die kerk in die wêreld*. Wellington: Bybel-Media. (Met

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aanvullende perspektiewe deur N. Koopman, C. Lombard en P. Naude en ’n voorwoord deur D. Smit.)

Joubert, S. 2007. *Die perfekte storm: hoe die gelowige van vandag die wêreld van môre kan oorleef*. Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy.

Kärkkäinen, V-M. 2004. *The Doctrine of God: A Global Introduction*. Ada, Michigan, VSA: Baker Academic.

Keck, L.E. 2015. *The New Interpreters’ Bible Commentary – Introduction to the Pentateuch*. Nashville: Abington Press.

Keifert, P. 2009. *Testing the Spirits: How Theology Informs the Study of Congregations*. Grand Rapids, Michigan, VSA: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Kerkbode. 2017. *Op die Tussenorde kan Wesland behoorlik begin dans*. 16 November. Beskikbaar by: https://kerkbode.christians.co.za/2017/11/16/op-die-tussenorde-kan-wesland-behoorlik-begin-dans/ (Toegang verkry op 25 April 2019).

Kerkbode. 2019. *NG Kerk Vredenburg Moeder*. 15 April. Beskikbaar by: https://kerkbode.christians.co.za/2019/04/15/ng-kerk-vredenburg-moeder/ (Toegang verkry op 25 April 2019).

Köhl, M. 2014. *Jürgen Moltmann: Collected Readings*. Minneapolis, Minnesota: Fortress Press.

Kolb, D.A. 1984. *Experiential Learning: Experience as the Source of Learning and Development*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall. 21.

Kolb, D.A. 2014. *Experiential Learning: Experience as the Source of Learning and Development*. Upper Saddle River, New Jersey: FT Press.

Kolden, M. 2001. Luther on Vocation. *Journal of Lutheran Ethics*, 1(2), 382-390. Beskikbaar by: https://www.elca.org/JLE/Articles/1015#ENDNOTES (Toegang verkry op 20 Julie 2020).

Kritzinger, J.N.J. 1990. Teologie vir wit bevryding. In: M. Hofmeyr, J.N.J. Kritzinger & W. Saayman (reds.). *Wit Afrikane? ’n Gesprek met Nico Smith*. Kaapstad: Taurus. 54-66.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kritzinger, J.N.J. 1991. Re-evangelising the white church. *Journal of Theology for Southern Africa*, 76(September), 106-116.

Kruger, P. & Van der Merwe, J. 2015. Die invloed van sekularisasie op die NG Kerk: ’n kerkhistories-sosiologiese perspektief. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 55(3-4), 641-668. https://doi.org/10.5952/55-3-4-658

Lakeland, P. 1997. *Postmodernity: Christian Identity in a Fragmented Age (Guides to Theological Inquiry)*. [Kindle-weergawe]. Minneapolis, Minnesota: Augsburg Fortress Publishing.

Lamont, T. 2019. Safe spaces or brave spaces? Re-envisioning practical theology and transformative learning theory. *Religious Education*, 115(2), 171-183. https://doi.org/10.1080/00344087.2019.1682452

Lartey, E.Y. 2013. *Postcolonializing God: An African Practical Theology*. Londen: SCM Press.

Lavrakas, P. 2008. Research hypothesis. In: P. Lavrakas (red.). *Encyclopedia of Survey Research Methods*. Londen: Sage Publications. https://doi.org/10.4135/9781412963947.n472

Lenski, R.C.H. 1964. *The Interpretation of St. Mark’s Gospel*. Minneapolis, Minnesota: Augsburg Publishing House.

Lewis, R.D. 2007. Who’s Afraid of Postmodernism? Taking Derrida, Lyotard, and Foucault to Church – James K.A. Smith. *Reviews in Religion & Theology*, 14(1), 138-40. https://doi.org/10.1111/j.1467-9418.2007.00328_16.x

Louw, J. (red.). 2017. *Scripture Direct*. United Nations Avenue, Manila, Philippines: United Bible Societies. Beskikbaar by: www.scripturedirect.com (Toegang verkry op 21 Desember 2019).

Love, C.R. & Niemandt, C.J.P. 2014. Led by the Spirit: Missional communities and the Quakers on communal vocation discernment. *HTS Teologiese Studies*, 70(1), a2626. https://doi.org/10.4102/HTS.V70I1.2626

MacArthur, J. 2006. *John 1-11 Macarthur New Testament Commentary*. [Kindle-weergawe]. Chicago: Moody Publishers.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

MacArthur, J. 2008. *John 12-21 MacArthur New Testament Commentary*. [Kindle-weergawe]. Chicago: Moody Publishers.

Mandela, N. 1994. *Long Walk To Freedom: The Autobiography of Nelson Mandela*. [Kindle-weergawe]. Londen: Little, Brown Book Group.

Mandela, N.R. 1995. *Quotes. Nelson Rolihlahla Mandela: 18 July 1918 – 5 December 2013* [aanlyn]. Beskikbaar by: http://www.mandela.gov.za/index.html. [Toegang verkry op 14 November 2020].

Mannion, G. & Mudge, L. S. 2007. The Routledge Companion to the Christian Church. Abingdon, Oxfordshire: Routledge.

Marais, H. 2012. Towards Bridging the Quantative-Qualitative Divide in Business and Management Research. In: McLean, R. (red.). *Proceedings of the 11th European Conference on Research Methods*, Universiteit van Bolton, VK, 28-29 June.

Marais, F. 2007. *God Praat – Leef Luisterryk vir Vergaderings*. Wellington: Bybelkor.

Mare, L.P. 2010. Creation Theology in Psalm 139. *Old Testament Essays*, 23(3), 693-707.

McDougall, J.A. 2003. The return of Trinitarian Praxis? Moltmann on the Trinity and the Christian life. *The Journal of Religion*, 83(2), 177-203.

McGrath, A.E. 2009. *The Christian Vision of God*. Minneapolis: Fortress Press.

McKinley, J. 2015. Critical argument and writer identity: Social constructivism as a theoretical framework for EFL academic writing. *Critical Inquiry in Language Studies*, 12, 184-207. https://doi.org/10.1080/15427587.2015.1060558

McLean, R. 2012. *Proceedings of the 11th European Conference on Research Methods*, Universiteit van Bolton, VK, 28-29 Junie. Oxfordshire, Engeland: Academic Publishing International.

McLennan, D., Noble, M. & Wright, G. 2016. Developing a Spatial Measure of Exposure to Socio-Economic Inequality in South Africa. *South African Geographical Journal*, 98(2), 254-274. https://doi.org/10.1080/03736245.2015.1028980

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

McLeod, S. 2017. Kolb's Learning Styles and Experiential Learning Cycle. *Simply Psychology*. Beskikbaar by: https://www.simplypsychology.org/learning-kolb.html (Toegang verkry op 30 Mei 2020).

McNeill, J. T. 1960. *Calvin: Institutes of the Christian Religion*. Westminster: John Knox Press.

Meeks, M.D. 2006. The Social Trinity and Property. In: M. Volf & M. Welker (reds.). *God's Life in Trinity*. Minneapolis, Minnesota: Augsburg Fortress. 16.

Meiring, A.M. 2008. Heart of darkness: A deconstruction of traditional Christian concepts of reconciliation by means of a religious studies perspective on the Christian and African. *Verbum et Ecclesia*, 29(3), 791-818.

Meiring, P. 1999. *Kroniek van die Waarheidskommissie: Op reis deur die verlede en die hede na die toekoms van Suid-Afrika*. Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.

Merriam-Webster Online Dictionary. 2008. S.v. 'homo faber'. Beskikbaar by: https://www.merriam-webster.com/dictionary/homo%20faber (Toegang verkry op 5 Julie 2020).

Meyer Jansen, E. 2019. Emigrasie – die syfers, redes en implikasies. *Maroela Media*, 29 Mei. Beskikbaar by: https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/emigrasie-die-syfers-redes-en-implikasies/ (Toegang verkry op 30 Julie 2020).

Meyers, C. 2005. *Exodus*. New York: Cambridge University Press (The New Cambridge Bible Commentary).

Michaels, J. R. 2010. *The Gospel of John*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Migliore, D.L. 2004. *Faith Seeking Understanding: An Introduction to Christian Theology*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Miles, M. B., Huberman, A. M. & Saldana, J. 2018. *Qualitative Data Analysis: A Methods Sourcebook*. Londen: Sage Publications.

Miller-McLemore, B. (red.). 2012. *The Wiley Blackwell Companion to Practical Theology*. [Kindle-weergawe]. Hoboken, New Jersey, VSA: Blackwell Publishing. Beskikbaar by:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

https://books.google.com/books/about/The_Wiley_Blackwell_Companion_to_Practic.html?id=mdVtwLafwMAC (Toegang verkry op 9 April 2019).

Moltmann, J. 1993. *The Crucified God: The Cross of Christ as the Foundation and Criticism of Christian Theology*. Minneapolis, Minnesota: Augsburg Fortress Publishing.

Moodley, N. 2019. West Coast region hard-hit by Saldanha Steel closure. *Moneyweb*, 12 November. Beskikbaar by: https://www.moneyweb.co.za/news/companies-and-deals/west-coast-region-hard-hit-by-closure-of-saldanha-steel/ (Toegang verkry op 12 November 2019).

Moore, C. 2019. What is Appreciative Inquiry? A Brief History & Real Life Examples. *Positive Psychology*, 1 September. Beskikbaar by: https://positivepsychology.com/appreciative-inquiry/ (Toegang verkry op 20 Augustus 2020).

Morris, D.E. & Olsen, C.M. 2012. *Discerning God's Will Together: A Spiritual Practice for the Church*. Lanham, Maryland: Rowman & Littlefield.

Morris, L. 1971. *The Gospel according to John: The new international commentary on the New Testament*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Moschella, M.C. 2011. Ethnography. In: B.J. Miller-McLemore (red.). *The Wiley Blackwell Companion to Practical Theology*. [Kindle-weergawe]. Beskikbaar by: http://www.amazon.com (Toegang verkry op 15 Junie 2020]. 224.

Mostert, A. 2019. Badisa Weskus Jaarverslag. Vredenburg

Moule, C.F.D. 1965. *The Gospel According to Mark*. Cambridge: Cambridge University Press (The Cambridge Bible Commentary on the New English Bible).

Mouton J.J. 1996. *Understanding Social Research*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

Mouton, J. & Marais, H. 1990. *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe*. Pretoria: Gutenberg Boekdrukkers.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Mubangizi, J. C. 2012. Building a South African human rights culture in the face of cultural diversity: context and conflict. *African Journal of Legal Studies*, 5(1), 1-20. https://doi.org/10.3366/ajicl.2011.0005

Muldoon, T. 2010. Understanding Desire. *Ignatian Spirituality*, 23 Augustus. Beskikbaar by: https://www.ignatianspirituality.com/understanding-desire/ (Toegang verkry op 16 Augustus 2020).

NGKSA (NG Kerk Suid-Afrika). 2013. *Die NG Kerk en apartheid*. Kerkargief, Februarie. Beskikbaar by: https://kerkargief.co.za/doks/bely/GD_apartheid.pdf (Toegang verkry op 11 April 2019).

NGSK (Sinode van die voormalige NG Sendingkerk). 1982. *Die Begeleidende Brief (Belydenis van Belhar)*. Beskikbaar by: http://urcsa.net/wp-content/uploads/2016/02/belhar-belydenis-afrikaans.pdf

Narrative Research: What is Narrative Research? s.a. ATLAS.ti. Beskikbaar by: https://atlasti.com/narrative-research/ (Toegang verkry op 14 Junie 2020).

Naude, P.J. 2010. *Neither Calendar Nor Clock: Perspectives on the Belhar Confession*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Naude, P. 2017a. Decolonising knowledge: Can ubuntu ethics save us from coloniality? *Journal of Business Ethics*, 159, 23-37. https://doi.org/10.1007/s10551-017-3763-4

Naude, P.J. 2017b. Toward justice and social transformation? Appealing to the tradition against the tradition. *HTS Teologiese Studies*, 73(3), 8. https://doi.org/10.4102/hts.v73i3.4350

Neff, D. 2013. You can't think your way to God, *ChristianityToday*, 24 Mei. Beskikbaar by https://www.christianitytoday.com/ct/2013/may/you-cant-think-your-way-to-god.html (Toegang verkry op 15 Augustus 2020).

Nel, M. 1994. *Gemeentebou*. Johannesburg: Orion Uitgewers.

Nel, M.J., Forster, D. & Thesnaar, C.H. 2020. *Reconciliation, Forgiveness and Violence in Africa*. Stellenbosch: African Sun Media. Beskikbaar by: https://books.google.com/books/about/Reconciliation_Forgiveness_and_Violence.html?Id=fqlbdwaaqbaj (Toegang verkry op 9 September 2020).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Nell, I.A. 2018. We know to whom we belong? The drama of ministerial practice in a postcolonial African context. *Verbum et Ecclesia*, 39(1). https://doi.org/10.4102/ve.v39i1.1822

Nell, I.A. 2020. Pandemic Homiletics? A South African Exploration of Preaching During the Time of the Covid-19 Crisis. Aanlynkonferensie van die Societas Homiletica (Internasionale Akademiese Vereniging vir Onderwysers en Navorsers van Prediking), Stellenbosch, 10-12 Augustus.

Newbigin, L. 1995. *The Open Secret: An Introduction to the Theology of Mission*. Michigan, VSA: Wm. B. Eerdmans Publishing.

News24. 2019. ICYMI: 37 people arrested over #Shutdown protests in the Western Cape. *News24 LIVE*, 12 April. Beskikbaar by: https://www.news24.com/southafrica/News/live-service-delivery-protests-flare-up-across-sa-20190412 (Toegang verkry op 12 April 2019).

News24. 2012. NGK-lidmate 20 000 minder in een jaar. 18 Februarie. Beskikbaar by: https://www.news24.com/news24/rapport/Suid-Afrika/Nuus/NGK-lidmate-20-000-minder-in-een-jaar-20120218 (Toegang verkry op 14 November 2020).

Nicol, W. 1989. Gereformeerde meditasie. In: P.F. Theron & J. Kinghorn (reds.). *Koninkryk, Kerk en Kosmos: Huldigingsbundel ter ere van prof W D Jonker*. Bloemfontein: Pro Christo.

Odendal, F.F & Gouws. R.H. 2010. *HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Pinelands: Pearson.

Orsi, A.O. 2005. *Between Heaven and Earth: The Religious Worlds People Make and the Scholars Who Study Them*. Princeton: Princeton University Press.

Ortiz, K. 2016. 42: Why did Jesus change Peter's name? *Theology for the Rest of Us*, 16 Maart. Beskikbaar by: http://theologyfortherestofus.com/2016/03/16/42-jesus-change-peters-name/# (Toegang verkry op 23 Desember 2019).

Osmer, R.R. 1990. *A Teachable Spirit – Recovering the Teaching Office in the Church*. Louisville, Kentucky: Westminister John Knox Press.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Osmer, R.R. 2008. *Practical Theology: An Introduction*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Osmer, R.R. 2011. Practical theology: A current international perspective. *HTS Teologiese Studies*, 67, 7. https://doi.org/10.4102/hts.v67i2.1058

Palmer, P.J. 2000. *Let Your Life Speak: Listening for the Voice of Vocation*. San Francisco, Kalifornië: Jossey-Bass.

Paltridge, B. & Phakiti, A. 2015. *Research Methods in Applied Linguistics : A Practical Resource (Research Methods in Linguistics).* Londen: Bloomsbury Publishing.

Pannenberg, W. 1991. The Christian vision of God: The new discussion on the Trinitarian Doctrine. *The Asbury Theological Journal*, 46(2), 10.

Pearce, R. 2016. *Better Together: Crossing the Divide in South Africa*. Internasionale uitgawe. Potchefstroom: Faith Story Publishing.

Peterson, E.H. 1992. *Under the Unpredictable Plant: An Exploration in Vocational Holiness*. [Kindle-weergawe]. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Philander, N.C. 2011. Die rol van die kerk as een van die instellings in die samelewing wat mense moreel vorm. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 52(1 & 2), 174-184.

Philosophy Terms. s.a. S.v. 'Empiricism': Examples and Definition. Beskikbaar by: http://philosophyterms.com/empiricism/ (Toegang verkry op 9 April 2018).

Pieterse, H.J.C. 2010. Grounded theory approach in sermon analysis of sermons on poverty and directed at the poor as listeners. *Acta Theologica*, 30(2), 113-129.

Piper, J. 2013. *When I Don't Desire God – How to Fight for Joy*. Illinois: Crossway.

Plaatjies Van Huffel, M-A. 2013. The Belhar Confession: Born in the struggle against apartheid in Southern Africa. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 39(1), 185-203.

Placher, W.C. 2005. *Callings: Twenty Centuries of Christian Wisdom on Vocation*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Preece, G.R. 1998. *The Viability of the Vocation Tradition in Trinitarian, Credal and Reformed Perspective: The Threefold Call*. New York: Edwin Mellen Press.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ramaphosa, M.C. 2020. The youth of post-apartheid South Africa, worthy inheritors of a noble legacy of struggle. *Daily Maverick*, 15 Junie. Beskikbaar by: https://www.msn.com/en-za/news/other/the-youth-of-post-apartheid-south-africa-worthy-inheritors-of-a-noble-legacy-of-struggle/ar-BB15uBeu (Toegang verkry op 1 Julie 2020).

Reiss, S. 2015. *The 16 Strivings for God: The New Psychology of Religious Experiences*. Georgia: Mercer University Press Magon.

Resane, K.T. 2019. Demographic change: Ecological and polycentric challenges for white Christianity in urban South Africa. *HTS Teologiese Studies*, 75, 1-7.

Ritchie, J., Lewis, J., McNaughton, C. & Ormston, R. 2013. *Qualitative Research Practice: A Guide for Social Science Students and Researchers*. Thousand Oaks, Kalifornië: Sage Publications.

Rossouw, P. 2016. Inclusive communities: A missional approach to racial inclusivity within the Dutch Reformed Church. *Stellenbosch Theological Journal*, 2, 381. https://doi.org/10.17570/stj.2016.v2n1.a19

Rudolph, E.C. 2019. *A coaching model to care for the well-being of pastors: A multidisciplinary perspective*. Doktorale tesis. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. Beskikbaar by: http://uir.unisa.ac.za/handle/10500/25671

Ruggunan, S. 2006. Review: E Webster and K Von Holdt (eds) (2005) *Beyond the apartheid workplace – studies in transition*. Pietermaritzburg: University of KwaZulu-Natal Press. *Transformation*, 60, 6. Beskikbaar by: http://transformationjournal.org.za/wp-content/uploads/2017/05/T60_Part8.pdf

Ryle, J.C. 2019. *Expository Thoughts on The Gospel of John: Ryle: A Commentary. Kindle*. Abbotsford: Aneko Press.

SBM (Saldanhabaai-munisipaliteit). s.a. *About the SBIDZ*. Beskikbaar by: https://sbm.gov.za/sbidz-launches-new-local-sme-co-lab-centre (Toegang verkry op 3 Januarie 2020).

SBM (Saldanhabaai-munisipaliteit). 2018. *Whole of Society Approach (WOSA) to Socio-Economic Development*. Februarie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Salkind, N.J. 2010. Qualitative Research. In: N.J. Salkind (red.). *Encyclopedia of Research Design*. Londen: Sage Publications. https://doi.org/10.4135/9781412961288.n350

Sands, J. 2018. Introducing Cardinal Cardijn's see-judge-act as an interdisciplinary method to move theory into practice. *Religions*, 9(4), 129. https://doi.org/10.3390/rel9040129

Sauro, J. 2015. 5 Types of Qualitative Methods. *MeasuringU*, 13 Oktober. Beskikbaar by: https://measuringu.com/qual-methods/ (Toegang verkry op 14 Junie 2020).

Schoeman, W.J. 2014. Agter die syfers is gelowiges, gemeentes en die kerk, 'n praktiese teologiese refleksie oor lidmaatskap. *HTS Teologiese Studies*, 70(1), Art. #2677. https://doi.org/10.4102/hts.v70i1.2677

Schuurman, D.J. 2004. *Vocation: Discerning Our Callings in Life*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Schwehn, M.R. & Boss, D.C. (reds.). 2006. *Leading Lives That Matter: What We Should Do and Who We Should Be*. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Schweitzer, F. & Van der Ven, J.A. 1999. Practical Theology: International Perspectives. In: F. Schweitzer & J.A. van der Ven (reds.). *Erfahrung und Theologie*, 34. Frankfurt am Main, Duitsland: Peter Lang Publishers.

Schnackenburg, R. 1982. *The Gospel According to St John Volume 3*. Londen: Burns & Oates.

Silverman, D. 2020. *Interpreting Qualitative Data: Methods for Analyzing Talk, Text and Interaction*. Londen: Sage Publications.

Sinek, S. 2017. *Find Your Why: A Practical Guide for Discovering Purpose for You and Your Team*. New York: Penguin.

Smit, D.J. 1988. Wat is Gereformeerde Spiritualiteit? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 29:2, 187.

Smit, D.J. 1992. Reformed theology in South Africa: A story of many stories. *Acta Theologica*, 21(1), 88-110.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Smit, D.J. 2002. In diens van die tale Kanaäns? Oor sistematiese teologie vandag? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 43:1-2, 94-127.

Smit, D.J. 2006. *Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan*. Wellington: Lux Verbi.

Smit, D.J. 2008. Mainline Protestantism in South Africa – and modernity? Tentative reflections for discussion. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 49(1-2), 92-105. https://doi.org/10.17570/ngtt.2008.v49n1.a08

Smit, D.J. 2013. Gereformeerd-wees vandag. In: L. Hansen (red.). *Gereformeerd-wees Vandag: Versamelde Opstelle 4*. Stellenbosch: African Sun Media (Sun Press).

Smith, J.K.A. 2006. *Who's Afraid of Postmodernism? Taking Derrida, Lyotard, and Foucault to Church*. [Kindle-weergawe]. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Smith, J.K.A. 2009. *Desiring the Kingdom: Worship, Worldview, and Cultural Formation (Cultural Liturgies)*. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Smith, J.K.A. 2010. *Letters to a Young Calvinist: An Invitation to the Reformed Tradition*. Grand Rapids, Michigan: Brazos Press.

Smith, J.K.A. 2013a. *Discipleship in the Present Tense: Reflections on Faith and Culture*. Michigan, VSA: Calvin College Press.

Smith, J.K.A. 2013b. *Imagining the Kingdom (Cultural Liturgies): How Worship Works*. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Smith, J.K.A. 2014. *How (not) to be Secular: Reading Charles Taylor*. Michigan, VSA: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Smith, J.K.A. 2015. *What is the Future of Religion? – The Future of Religion in a "Secular" Age*. Christ Presbyterian Church Online, 7 Januarie. Beskikbaar by: http://www.slate.com/bigideas/what-is-the-future-of-religion/essays-and-opinions/the-future-of-religion-in-a-secular-age (Toegang verkry op 27 November 2015).

Smith, J.K.A. 2016. *You Are What You Love: The Spiritual Power of Habit*. Michigan, VSA: Brazos Press.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Smith, J.K.A. 2017. *Awaiting the King: Reforming Public Theology*. Grand Rapids, Michigan: Baker Publishing Group.

Smith, M.N. 2017. How inequality is wrecking SA's economy, and what we can do about it. *Business Day*, 16 Oktober. Beskikbaar by: https://www.businesslive.co.za/bd/opinion/2017-10-16-alarming-statistics--how--sas-economy-suffers-from-inequality/ (Toegang verkry op 2 April 2018).

Smith, N.J., O'Brien Geldenhuys, F.E. & Meiring, P. (reds.). 1981. *Storm kompas – Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Smith, W. 2018. Die Slag van Bloedrivier – Die Slag. *Bloedrivier Gelofte 1838* [aanlyn]. Beskikbaar by: https://www.bloedrivier.org/gelofte/index.php/geskiedenis/slag-van-bloedrivier/die-slag-van-bloedrivier-deel-9 (Toegang verkry op 4 November 2020).

StatsSa (Statistics South Africa). 2017. *Poverty Trends in South Africa: An examination of absolute poverty between 2006 & 2015*. Beskikbaar by: http://www.statssa.gov.za/?P=10341 (Toegang verkry op 2 April 2018).

Stevens, R.P. 1999. *The Other Six Days: Vocation, Work, and Ministry in Biblical Perspective*. Michigan, VSA: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Steyn, M. 2020. Jy swot wat? Ontmoet Cobus van Wyngaard. *Kerkbode*, 26 Oktober. Beskikbaar by: https://kerkbode.christians.co.za/2020/10/26/jy-swot-wat-ontmoet-cobus-van-wyngaard/ (Toegang verkry op 5 November 2020).

Steyn, M. & Foster, D. 2008. Repertoires for talking white: Resistant whiteness in post-apartheid South Africa. *Ethnic and Racial Studies*, 31(1), 25-51. https://doi.org/10.1080/01419870701538851

Strauss, P.J. 2011. Kerk en samelewing in die dokumente "Kerk en samelewing" na 25 jaar. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 52(3-4), 511-520.

Strawbridge, G. 1993. Soli Deo Gloria! For the Glory of God Alone. *Five Solas of the Reformation*. Beskikbaar by: http://www.fivesolas.com/5solas.html

Sugirtharajah, R.S. 2006. *The Postcolonial Biblical Reader*. Hoboken, New Jersey, VSA: Blackwell Publishing.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

TOW (Theology of Work Project). 2020. *What Does the Bible Say About Calling & Vocation?* Beskikbaar by: https://www.theologyofwork.org/key-topics/vocation-overview-article (Toegang verkry op 14 Maart 2019).

Thatcher, T. 1996. Jesus, Judas, and Peter: Character by contrast in the Fourth Gospel. *Bibliotheca Sacra*, 153(Oktober-Desember), 435-448. Beskikbaar by: http://faculty.gordon.edu/hu/bi/ted_hildebrandt/ntesources/ntarticles/bsac-NT/Thatcher-characterjohn-BS.htm

Taylor, C. 2007. A Secular Age. *The Gifford Lectures*. Beskikbaar by: https://www.giffordlectures.org/books/secular-age (Toegang verkry op 13 September 2020).

Theron, P.F. 2007. From moral authority to insignificant minority: The precarious state of the Dutch Reformed Church in a post-apartheid South Africa. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 48(1-2). Beskikbaar by: http://ojs.reformedjournals.co.za/index.php/ngtt/article/view/352/678

Theron, P.F. & Kinghorn, J. (reds.). 1989. *Koninkryk, Kerk en Kosmos: Huldigingsbundel ter ere van prof W D Jonker*. Bloemfontein: Pro Christo.

Theron, P.M. 2015. Coding and data analysis during qualitative empirical research in practical theology. *In die Skriflig*, 49(3), 9. https://doi.org/10.4102/ids.v49i3.1880

Timeslive. 2018. Mantashe denounces land grabs in Gauteng and Western Cape. *TimesLive: Politics*. Beskikbaar by: https://www.timeslive.co.za/politics/2018-03-27-mantashe-denounces-land-grabs-in-gauteng-and-western-cape/

Townsin, J. s.a. 5-D Cycle of Appreciative Inquiry. *The Appreciative Inquiry Commons*. Beskikbaar by: https://appreciativeinquiry.champlain.edu/learn/appreciative-inquiry-introduction/5-d-cycle-appreciative-inquiry/ (Toegang verkry op 20 Augustus 2020).

Tracey, S.J. 2013. *Qualitative Research Methods: Collecting Evidence, Crafting Analysis, Communicating Impact*. Hoboken, New Jersey, UK: Blackwell Publishing.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VN (Verenigende Nasies/United Nations). 2001. *Report of the World Conference against Racism, Racial Discrimination, Xenophobia and Related Intolerance*. Wêreldkonferensie gehou te Durban, 31 Augustus tot 8 September. Beskikbaar by: https://www.un.org/WCAR/aconf189_12.pdf

Van der Merwe, J.C. 2014. ’n Narratief vir kerk-wees vandag. *HTS Teologiese Studies*, 70(1), Art. #2699, 13. https://doi.org/10.4102/hts.v70i1.2699

Van der Walt, S.P. & Vorster, N. 2017. *Reformed Theology Today: Practical-Theological, Missiological and Ethical Perspectives*. Pretoria: African Online Scientific Information Systems.

Van Dyk, T. & Coetzee, M. 2010. *Maak sin van verwysings: Die Harvard-, APA- en Vancouver-metode en die voetnootstelsel*. Stellenbosch: Stellenbosch Taalsentrum.

Van Seters, J. 1994. *The Life of Moses: The Yawist as Historian in Exodus-Numbers*. Louisville, Kentucky: Westminister John Knox Press.

Van Wyk, J.H. 2008. Oor die Bybel, Bybellees en etiek: in gesprek met Gerrie Snyman. *In die Skriflig*, 42, 685-707. Beskikbaar by: http://www.scielo.org.za/pdf/ids/v42n4/06.pdf

Van Wyngaard, C. 2014. The language of “diversity” in reconstructing whiteness in the Dutch Reformed Church. *Churches, Blackness, and Contested Multiculturalism*, 157-170. https://doi.org/10.1057/9781137386380_12

Van Wyngaard, G.J. 2016. Responding to the challenge of black theology: Liberating ministry to the white community – 1988-1990. *HTS Teologiese Studies*, 72(1), 1-9. https://doi.org/10.4102/hts.v72i1.3264

Van Wyngaard, G.J. 2019. In Search of Repair: Critical White Responses to Whiteness as a Theological Problem – a South African Contribution. Doktorale tesis. Amsterdam, Nederland: Vrije Universiteit Amsterdam.

Venter, R. 2012. Triniteit en etiek: Van ’n relasionele God tot ’n etiek van die Ander. *In die Skriflig*, 46(1), 7. https://doi.org/10.4102/ids.v46i1.52

Verwey, C. & Quayle, M. 2012. Whiteness, racism, and Afrikaner identity in post-apartheid South Africa. *African Affairs*, 111(445). https://doi.org/10.1093/afraf/ads056

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vestergaard, M. 2001. Who's got the map? The negotiation of Afrikaner identities in post-apartheid South Africa. *Daedalus*, 130(1), 27.

Viljoen, L. 1996. Postkolonialisme en die Afrikaanse letterkunde: 'n verkenning van die rol van enkele gemarginaliseerde diskoerse. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 3(2), 158-175.

Vine's Expository Dictionary of New Testament Words. 2020. S.v. 'Call, Called, Calling'. *Blue Letter Bible*. Beskikbaar by: https://www.blueletterbible.org/search/Dictionary/viewTopic.cfm?topic=VT0000398 (Toegang verkry op 8 Maart 2019).

Viva. 2020. S.v. 'postapartheid'. Beskikbaar by: https://viva-afrikaans.org/

Volf, M. 2001. *Work in the Spirit: Towards a Theology of Work*. Oregon: Wipf & Stock Publishers.

Vorster, J.M. 1996. *Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor Gereformeerde Kerkvernuwing in 'n Post-moderne Konteks*. Potchefstroom: Departement Teologiese Publikasies.

Vorster, J.M. 2013. Being Church in a post-secular paradigm. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(4), 602-617.

Ward, P. 2017. *Introducing Practical Theology: Mission, Ministry, and the Life of the Church*. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Wattles, J. 2006. Teleology past and present. *Zygon*, 41(2), 445-464. https://doi.org/10.1111/j.1467-9744.2005.00749.x

Wells, D.F. 2008. Christian discipleship in a postmodern world. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 51(1), 19-33.

Weslander. 2020. Sosiale netwerkgroep (Facebook), 17 September. Beskikbaar by: https://web.facebook.com/weslander/posts/3442847369110073 (Toegang verkry op 21 September 2020).

Western Cape Government. 2018. *Saldanha Bay Municipality: LG MTEC Integrated Planning and Budgeting Assessment: Analysis of Municipal IDP, SDF and Budget*. April. Beskikbaar by: https://sbm.gov.za/wp-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

content/uploads/Pages/Financial_Documents/Budget/Original_budget/16.WC014-Saldanha-Bay-LG-MTEC-Assessment-2018.pdf

What is ATLAS.ti? s.a. ATLAS.ti. Beskikbaar by: https://atlasti.com/product/what-is-atlas-ti/ (Toegang verkry op 28 Desember 2018).

What We Believe. s.a. *Black Lives Matter*. Beskikbaar by: https://blacklivesmatter.com/what-we-believe/ (Toegang verkry op 12 Julie 2020).

Wikipedia. 2020. *Black Lives Matter*. Beskikbaar by: https://en.wikipedia.org/w/index.php?title=Black_Lives_Matter&oldid=967219761 (Toegang verkry op 12 Julie 2020).

Wingren, G. 1958. *The Christian Calling: Luther on Vocation*. Londen: Oliver & Boyd.

Winseman, A.L., Clifton, D.O. & Liesveld, C. 2004. *Living Your Strengths: Discover Your God-Given Talents and Inspire Your Community*. New York: Gallup Press.

Witvliet, J. 2013. The Trinitarian DNA of Christian worship perennial themes in recent theological literature. *Colloquium Journal, Yale Institute for Sacred Music*, 2. Beskikbaar by: https://www.academia.edu/20219987/The_Trinitarian_DNA_of_Christian_Worship (Toegang verkry op 20 September 2020).

Wright, N.T. 2012. *How God Became King: The Forgotten Story of the Gospels*. E-publikasie uitgawe. San Francisco, Kalifornië: Harper Collins Publishers.

Yee, G.A., Page Jnr., H.R. & Coomber, M.J.M. 2016. *The Pentateuch*. Minneapolis: Fortress Press (Fortress Commentary on the Bible Edition).

Yilmaz, K. 2010. Postmodernism and its challenge to the discipline of history: Implications for history education. *Educational Philosophy and Theory*, 42(7), 779-795. https://doi.org/10.1111/j.1469-5812.2009.00525.x

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Addendum A: Transkribering van onderhoude

Onderhoud 1

8. Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou 'n vreemde term? Ervaar jy, of het jy al ervaar dat God jou roep om iets spesifieks te doen?

Die tweede en derde deel van die vraag is makliker: Is roeping iets waaraan jy gereeld dink of is dit vir jou 'n vreemde term?

Nee, dit is wel iets wat gereeld by my opkom, hetsy of dit in denke is en ook in gesprekke met kollegas, vriende, almal, so die gesprek rondom roeping is nie 'n vreemde ding vir my nie en dit maak die term roeping ook nie vir my vreemd nie.

Ervaar jy, of het jy al ervaar dat God jou roep om iets spesifieks te doen?

Ja, in verskeie fases van my lewe met verskillende goed was daar al direkte roepingservarings gewees, met ander woorde, vir 'n baie spesifieke doel vir 'n baie spesifieke periode en dan was daar ook die meer indirekte roepings waar ek deur 'n fase of 'n periode gegaan het en ek kyk terug kan jy definitief God se hand sien – en nie net deur die leiding en die proses nie, maar ook dat jy eintlik voorbereid was op iets en dit gebeur. So indirek en direk het ek al God se direkte roeping ervaar.

Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping?

Gereformeerde roeping is ook 'm moeilike ding, want – en as ek sê 'n moeilike ding is dit oor die relevansie van gereformeerd wees en die verstaan van gereformeerdheid wat ek dink baie vaag geraak het omdat ons baie wegbeweeg het van die kognitiewe gedeelte in die kerk oor die laaste 15-20 jaar in die kerk in die algemeen – en verstaan dit so oor ek uit 'n sterk kognitiewe agtergrond gekom het en uit 'n sterk leiers of leidende rol gekom het, dink ek het gereformeerdheid en die betekenis van gereformeerdheid oor die laaste 15-20 jaar vir baie mense onduideliker geraak. Daarom, wat verstaan ek oor die gereformeerde roeping – dit gaan vir my oor die kollektiewe wysheid van God as 'n groep en nie as 'n individu nie. Omdat dit ons as 'n groep sit het ons die kollektiewe verantwoordelikheid om eerlik daarmee om te gaan en dit is wat gereformeerdheid vir my is in plaas van om te sê dit sit in enkele individue wat die verhouding met God alleen het deur wie ons moet werk. Saam met dit ook, as ek weer vergelyk met die charismate en dalk is dit makliker om te se wat die charismate is en gereformeerdheid daaruit kom – charismate is net vir my partykeer moeilik om te sê – die wysheid sit by die individu en sy deur die Gees-geïnspireerde verhouding met die individu, want dit laat vir my baie meer twyfel ontstaan oor hoekom verskil Christene dan van mekaar? Is dit dan verskillende Gees, is dit verskillende interpretasies van die Gees, of is party op 'n dwaalleer en dit is waar gereformeerdheid vir my sê om te sê die waarheid sit in die kollektiewe groep en die verantwoordelikheid sit dan in die kollektiewe groep om te sê God openbaar deels aan ons almal en die waarheid sit saam. So die gereformeerde roeping lê juis vir my in dit, sodat ons nie duisend rigtings trek nie, maar dat ons probeer om in een rigting te trek en almal op die kar te probeer hou en in daardie proses ook 'n stem van geregtigheid te wees – dis vir my gereformeerde roeping.

a. Is jou roeping jou werk of is dit meer as dit?

Roeping is meer as dit, dis groter as my loopbaankeuse, maar my roeping is ook deur my loopbaan. So my loopbaan is 'n element van my roeping, maar die totale roeping is groter as dit.

9. In watter mate rig God jou persoonlike roeping en hoe is God betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar?

Ja vir my is dit – as ek vat die beeld wat in die Bybel ook is van die bruid en die bruidegom – is dit vir my die antwoord tot in watter mate rig God jou persoonlike roeping en hoe is God betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar is dit, soos wat 'n man en 'n vrou in 'n huwelik groei en later beter begrip vir mekaar het op 'n verskeidenheid van vlakke en in 'n verskeidenheid situasies en 'n verskeidenheid gebeure en dit is alles te danke aan groei wat jy in 'n tydperk saam met mekaar gespandeer het en die kwaliteit tyd wat julle spandeer en die eerlikheid, die openheid, die gewilligheid om na mekaar te luister, is dit vir my ook waar God elke dag betrokke is en by my persoonlike roeping betrokke is.

Hy het reeds daardie verhouding, maar die mate waarvoor ek vir hom tyd maak en die mate waarvoor ek gefokus vir hom tyd maak om kwaliteit tyd met hom te spandeer is die mate waarin ek die openbaring vir my dag tot dag roeping ervaar. So vir my is dit direk verwant aan geestelike warmheid en geestelike

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

louheid en koudheid. Hoe warmer geloofslewe is en hoe beter die kwaliteit van dit is, hoe makliker is dit om God in my persoonlike roeping te ervaar. Dan kan jy die Gees in jou vertrou, want dan is die Gees binne jou deur jou gevul met Hom, so wanneer jy soos Jakobus sê wanneer jy jou mond oopmaak (Petrus praat ook daarvan) kan jy die Gees vertrou dat hy namens jou praat en dan kan jy die emosies en die gevoelens binne in jou ook vertrou dat dit God se roeping is. Maar, ek dink ook dit is waar eerlikheid met jouself soos in 'n huwelik ook van toepassing is, want net die twee huweliksmaats gaan weet hoe goed is die kwaliteit van die verhouding en dit is krities vir my om God te kan ervaar. Roeping en ervaring is hand aan hand, ek weet wat Christene se begeerte vir my in my lewe is en in ons huwelik is, deur die tyd wat ons saam spandeer.

THYS: So vanuit jou verhouding met God kan jy ervaar hoe God jou deur die dag op 'n manier lei om te doen wat hy …

Ja in die kort en die lang termyn, uit die kwaliteit van die verhouding uit. En wat ons weet is God is die konstante in die verhouding so dis hoe koud of hoe warm is ek, nie hoe koud of hoe warm is God nie.

a. Wat begeer jy in hierdie lewe?

Begeertes is definitief gerig op die kwaliteit van lewe en as ek sê kwaliteit van lewe praat ek juis van die spirituele lewe, want uit dit uit kry jy verdraagsaamheid, jy kry vergenoegdheid, jy kry dankbaarheid, jy kry al daardie kwaliteite wat maak dat jy groter waardering het vir die gemeenskap waarin jy is, die gesin waarin jy is, die groter samelewing waarin jy is, die werksomstandighede waarin jy is, so ja, my begeertes in die lewe sal gemik wees rondom daardie kwaliteit van lewe vir elke individu om daardie vrede in homself te kan hê dat hy 'n lewe van dankbaarheid, 'n lewe van vergenoegdheid, 'n lewe van positiwiteit kan leef. Dit sal my begeertes wees.

10. Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?

Jou vraag is meer spesifiek waarvoor reken jy roep God jou en nie ons nie? Daar is 'n verskil tussen my en byvoorbeeld 'n gemeente of 'n gemeenskap of 'n land.

So as ek die vraag antwoord oor my, waarvoor reken jy roep God my, sou ek gesê het Hy roep my eerstens om in 'n verhouding met hom te staan en my afhanklikheid en my verbondenheid, so weer trek ek dit terug na die huwelik toe – soos in die huwelik is ek eerstens veronderstel om 'n goeie man vir my vrou te wees en daarna volg die res. So hy roep my eerste om in 'n verhouding met Hom te staan en getrou aan Hom te wees. So dit is my eerste roeping.

Tweede roeping is dan om getrou aan Hom te wees en dan 'n gewillige instrument in Sy hand te wees. Die gewillige instrument is 'n moeilike ding, want en dit kom nou weer by die tweede helfte van jou vraag "wat maak dit maklik en wat maak dit moeilik" en die gewillige instrument dink ek is, die eie ek speel 'n groot rol in dit, want as ek nou die verhaal van selfs Moses vat daar is goed wat in die kleine gebeur wat jou of kwaad maak of opgewonde maak en dan kom die eie ek na vore in daardie kort oomblik. Dis miskien nie jou hartsbegeerte of jou langtermyndoelwit soos dit nooit Moses s'n was nie om God se aandeel te misken in hulle verlossing nie, maar in daardie kort oomblik kom die eie ek wel na vore. So, ek dink dit speel wel 'n groot rol – en soos wat dit in die huwelik ook speel waar jy konstant moet herinner dat joune is nie 50/50 nie, joune is 100% in die huwelik van jou kant af en God is klaar 100% committed and … die verhouding, so, ek moet ook 100% commit. Maar sou af en toe kom die eie ek en selfsugtigheid van dit deur, so dit maak dit moeilik.

En dan wat maak dit vir jou maklik, of wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef en dit is net genade en regte genade nie omdat dit 'n cliché is nie, maar Koos Dup se liedjie was nog altyd my gunsteling, dit was in my vorige huis teen die muur ook op – "wat ek is, is net genade, wat ek het, is net geleen" en vir my voel dit solank dit my ingesteldheid is en my fokus bly dat ek kan besef ek is net met geleende tyd hier en dit wat ek het, wat dit ookal mag wees, groot of klein, hetsy of dit 'n fisiese aardse ding is of 'n emosionele ding is, dis tydelik. En dan is die versmagting om soos Paulus te kan sê die dood is 'n wins en nie omdat ek die aarde wil verlaat nie, maar omdat ek weet daar is beter na hierdie. So, so dankbaar as wat ek vir hierdie lewe is en so dankbaar ek is vir dit wat ek het in die lewe en dit wat vir my geleen is, besef ek ook dit is tydelik.

THYS: So as ek jou reg hoor en vat ek jou vorige antwoorde ook, is dit dat vanuit jou verhouding met God raak dit vir jou moontlik om te doen wat Hy vir jou leer om te doen en baie keer is dit, maar ons sondige natuur en die eie ek wat wil in die pad kom van dit, maar deur Sy genade is ek tog in staat om agter Hom aan te stap en op die manier 'n verskil te maak?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Nee feite en as ek sê die eie ek dan praat ek van die eie ek se reaksie op die tydelike, met ander woorde, kom ek vat dit weereens waarna ek net gegaan het in dit is baie keer is jou bedoeling nie 'n slegte bedoeling nie, maar die onmiddellike instinktiewe reaksie van oorlewing of self preservation of wat ook al is die eie ek wat na vore tree en dit is wat ek daarmee bedoel so dit is bietjie groter as net die konstante baklei met jouself, dit wat in jou DNA is, dit wat jou natuur is, dis die oorlewingsinstink wat daar is en ek dink dit is wat dit partykeer bietjie moeilik maak.

11. Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds 'n beduidende rol en op watter wyse?

Ek gaan nou 'n filosofiese antwoord hieroor gee – watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel – 'n massiewe groot rol en die rede daarvoor is nie die kerk as 'n instansie of die kerk as 'n entiteit nie, maar juis die verstaan dat ons as Christene die Kerk van God is en die Kerk vir Jesus is, so die mense wat wel gesaai het in my lewe sien ek almal as Kerk en daarom, ja hulle was instrumente van God gewees en daarom, maar dit kom vir my terug na die een algemene Christelike Kerk. Hulle mag verskillende denominasies gewees het, verskillende stadiums, verskillende agtergronde hê, maar die feit dat hulle gesaai het in my lewe en dat hulle inspraak in my lewe gehad het, van my ma af, pa, vriende, kollegas oor die jare maak hulle nog steeds Kerk vir my. So in my roepingsverhaal het die Kerk 'n groot rol gespeel, want vir my is die Kerk Christus wat leef in mense.

Speel die kerk steeds 'n beduidende rol en op watter wyse?

As ek die dieselfde verstaan van kerkwees dan speel dit steeds 'n beduidende rol, alhoewel, nadat ek tot bekering gekom het en kind van die Here geraak het sien ek myself as deel van die kerk en vat die verantwoordelikheid van om 'n beduidende rol in ander se lewe te speel hetsy of hulle en ek weet hierdie gaan nou spesifiek oor die gereformeerde roeping, maar hetsy watter rol hulle ook al is of watter denominasie hulle ook al is sien ek die plig ook so vir my om 'n rol te speel in hulle lewe as Christene en lid van een Christelike algemene heilige kerk.

En op watter wyse? Deur te leef. Want as jy as Christen leef is jy deel van die Kerk en dis wat vir my hartseer is en ons mag dalk later by dit kom, maar dis wat vir my hartseer is van vandag as ons praat van kerk los – ek kan nie sien, eerlik, hoe jy kan sê jy is 'n Christen en dan kerk te los nie. Die Bybel se die boom sal geken word aan die vrugte wat hy dra, nou hoe kan jy sê jy is 'n Christen en jy is deel van die kerk, maar jy nie meer deel van die gemeenskap van gelowiges nie en jy put nie vreugde daaruit nie en dit is nie vir jou 'n plig nie, dit is glad nie, dit is 'n vreugde – dit is soos om huis toe te gaan na 'n gelukkige huwelik toe, dis nie my plig om saans huis toe te kom nie, dis vir my lekker – dis vir my 'n voorreg – dis dalk die regte beskrywing om huis toe te kan kom en dis hoe ek oor kerkwees voel. Vir my is dit 'n voorreg om te kan kerk toe gaan en te kan deel wees van kerkwees waar dit ookal mag wees en in watter formaat dit ookal mag wees. So kerkwees, ek weet nie of jou vraag nou meer spesifiek was oor die entiteit van die Gereformeerde kerk en die gemeentestruktuur en daardie opsig nie maar dit is waar ek staan.

THYS: Nee, ek dink juis dis waarom ek dit oopgemaak het. So wat ek by jou hoor is dis in die samesyn van gelowiges waar jy iets van jou roeping ervaar en dit is vir jou kerk …

En om deel te wees van die samesyn is my roeping

12. Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?

Ja en ek gaan nou weereens 'n meer filosofiese uitkyk op hierdie een vat, ja – nie omdat hulle kies nie maar omdat hulle deel van die lewe is. So, jy kan in denial leef, maar al leef jy in denial die gevolg van ons tyd is nog steeds 'n implikasie vir jou, met ander woorde, kom ons vat ekonomie en jy vat 'n Mittol of 'n kerk los is of vas is die effek van 'n Mittol gaan ek voel, hetsy of ek dit gaan voel in beskikbaarheid van werk, of in finansiële koopkrag te kan hê en of ek dit kan voel deur ander geleenthede wat ontwikkel, voel gaan jy dit voel, so is jy 'n gemiddelde lidmaat, ek dink nie die gemiddelde lidmaat nie, ek dink alle lidmate van die gemeente is betrokke by die uitdagings van ons tyd. Die vraag is eerder vir my: wat is die reaksie van 'n persoon in hierdie betrokkenheid en die uitdaging, m.a.w. die manier waarop hy die uitdaging ervaar het hetsy of dit sy status in die ekonomie is, hetsy of dit 'n positiewe ervaring mag wees oor die reën en die klimaat wat op die stadium aan die gang is. Dit is wat is sy reaksie daarop en hoe reageer hy daarop. Nou, reageer hy uit 'n Christelike oogpunt en as 'n gemiddelde kerk, m.a.w. trek hy dit na die kollektief van ons gemeente, dan sal ek gesê het nee, is die gemiddelde lidmaat van ons gemeente nie betrokke by die uitdaging, m.a.w. hulle is nie betrokke om 'n oplossing te probeer

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vind positief of negatief nie. Ek dink die gemiddelde lidmaat nou vat eerder die houding van die drie apies, "see no, hear no, speak no". As ons nie daaroor praat nie, as ek jou nie sien of hoor nie dan hoef ek dit nie te ervaar nie – ek dink daardie denial is meer aan die orde van die dag.

THYS: So omdat ons deel is van uitdagings van ons tyd is mense betrokke daarby, maar as dit kom by die probleemoplossing kant dan kies baie mense om dalk te onttrek en te se dis iemand anders se probleem?

Ja en spesifiek as ek dit nou vat jou vraag het gegaan oor gereformeerde christene, m.a.w. dan trek ons dit terug na 'n spesifieke groep mense toe of, met ander woorde, bring ek die probleem kerk en probeer ek as 'n kerk of as 'n gemeente 'n oplossing vir dit soek en daar is die antwoord nee, dink mense is meer betrokke – hulle mag dalk nog betrokke wees maar hulle is meer in 'n eie ek kapasiteit betrokke as in 'n samehorende groep, met ander woorde, as 'n gemeenskap van gelowiges of as 'n gemeente of as 'n werksgroep. So, dan dink ek net die wat nog betrokke is, is meer so betrokke en dan die tweede helfte is soos wat jy nou net gesê het: dat daar 'n klomp is wat kies om net nie betrokke te wees nie.

a. **Hoe sou jy sê is lidmate van ander gereformeerde kerk groepe, bv. VGK, Xhosa, Afrikaans betrokke by hierdie uitdagings van ons tyd?**

My persoonlike opinie en ervaring van dit en ek moet sê dit is beperk en gebrekkig so dit mag heeltemal verkeerd wees van die waarheid af, ek is nie soveel betrokke met die VGK Xhosa of Afrikaans om te weet wat is hulle betrokkenheid en rol nie, waar ek wel dink hulle meer betrokke is, is kom ons vat armoede en noodverligting as 'n voorbeeld, ek dink nie hulle is deel van die oplossing nie, ek dink nie hulle is hard besig om aan die oplossing te werk nie, m.a.w. kom ons vat noodverligting/ armoede – vir my en ek sê weer eens dit is maar 'n eenogige kant van dit – oplossing vir armoede tipies sou gewees het werksgeleenthede en samewerksgeleenthede, jy moet opleiding kan doen sodat die persoon die skill beskikbaar het om die pos te kan doen en dan samewerksgeleenthede gaan oor groei en gaan oor vertroue dat daar gemeenskapsvertroue kom en persoonlik kan ek nie sien en dan praat ek uit 'n besigheidsoogpunt uit, nog nie een van daardie instansies het een van die forums betrokke gewees waarby ons betrokke is om daardie tipe probleem op te los nie, maar ek dink hulle is wel betrokke as 'n kanaal waardeur noodverligting plaasvind m.a.w. hulle word wel gebruik as 'n verspreidingsnetwerk om te sê is en ek vat nou in daardie opsig bv. sopkombuise – daar is 'n klomp mense wat sopkombuise doen en hulle gebruik daardie spesifieke kerke om as verspreidingspunte vir die sopkombuise te wees. Noodverligting, as ek vat dit is winter, oor komberse, warm klere daardie tipe goed, die netwerk word wel gebruik maar nie noodwendig die probleemoplossing om te sê hoe kry ons 'n volhoubare oplossing of waar gaan soek ons nie. Dit is maar my perspektief van dit.

THYS: So hulle is meer deel van 'n netwerk as wat hulle inisieerders is van dit?

Ja dit is my ervaring

13. Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?

Die grootste uitdagings vir ons as Christene in Saldanhabaai omgewing – grootste is so spesifiek, dit klink of daar een of twee moet uitgesonder word, ek dink daar is 'n magdom punte wat gelyktydig brand, so om een of twee uit te sonder – daar mag dalk een of twee wees wat dalk meer low hanging fruit is – m.a.w. jy kan dalk betrokke raak en vinniger 'n effek sien wat dan geloofwaardigheid koop en dan nou meer energie losmaak, maar vir my so gesê het ek dink daar is 'n groot vertrouensprobleem – ek dink die verskillende groepe in die gemeenskap vertrou nie mekaar nie. Ek dink daar is 'n – en reg of verkeerd dit maak nie saak nie – ek dink elkeen kom uit sy eie agtergrond en het sy eie perspektief, ek dink daar is 'n groot vertrouensprobleem wat dan nou ook simptome van 'n groter kommunikasieprobleem is, want ek dink daar is kommunikasie en baie retoriek maar ek dink nie dis geloofwaardig nie en ek dink ook nie dit word deurgevoer nie, so ek dink 'n klomp mense het stomp geraak vir die kommunikasie en die retoriek wat wel plaasvind en daarom is vertroue afgebreek, maar die groot gedeelte vir my en ek praat nou suiwer uit my agtergrond as 'n werkgewer in die omgewing, jy koop net goodwill en vertroue wanneer jy goeie nuus het en mense kan inkoop by die goeie nuus. En daarom dink ek daar word te min gedoen om goeie nuus te skep – nie vals nuus nie maar werklike goeie nuus te skep en nie groot goeie nuus nie, begin met klein goeie nuus, begin met klein fokus. Verander die gefokusheid, dit verander die perspektief van mense, want om ewe skielik vir 'n honger arm persoon te gaan sê die pot goud lê anderkant die bult – hy het al uit Zimbabwe uit getrek Suid-Kaap toe en van die Suid-Kaap af hiernatoe getrek agter die pot goud aan – hy het moed verloor met die pot goud, hy wil nie dit hoor nie, hy wil fisies sien hoe lyk die pot goud, waarvan praat jy, hy wil dit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kan voel, hy wil dit – as ek nou weer die drie apies vat – hy wil dit kan sien hy wil dit kan hoor en hy wil dit kan proe. Dan gaan hy inkoop met dit. Dis hoekom ek sê ek dink ons dink te groot, ek dink nie ons kyk na die klein oorwinnings nie en omdat ons groot dink word ons baie maklik teleurgestel en raak ons moedeloos. As ons kleiner dink – en daardie ou gesegde van hoe eet jy 'n olifant op – happie vir happie – dink ek gaan ons kan skuif oor 'n tien of 'n twintig jaar om weer vertroue in die gemeenskap te kan hê en 'n veilige gemeenskap vir ons kinders te kan hê, om 'n goeie stem van geregtigheid vir almal te kan hê en ek dink die leiers in die gemeenskap moet meer fokus op goeie nuus en die perspektief. Ek het vandag vir iemand anders ook gesê: "Hoekom praat ons nie elke dag oor die son en die wonderwerk van die son nie?" Want dis vanselfsprekend, die son gaan more opkom, die son gaan skuif, ons het geen invloed daarop nie. Ons kan nie maak dat die aarde vinniger draai sodat die nag vinniger kan verby wees en die son kan skyn nie. Ons kan nie die aarde op sy pool terugdraai sodat aardverwarming en klimaatsverandering nie so groot effek op ons het nie. Ons kan dit nie doen, so ons praat nie daaroor nie. Die gedeelte is, nou ons kultuur van misdaad, ons kultuur van wetteloosheid, ons kultuur van bedrog, van – noem die negatiwiteit op wat in die samelewing is – misdaad, jou geweld, rassespanning, daardie kultuur, hoekom praat ons die heeltyd daaroor? Ja, dis daar en dis nie om in denial te wees nie, ons is nie een in denial oor die son wat more gaan opkom en dat hy more van min of meer halfagt tot min of meer tien oor ses gaan skyn nie. Ons is nie in denial daaroor nie maar dit is vanselfsprekend. Op die stadium is die misdaad vanselfsprekend, die kultuur van wetteloosheid en ongeordenheid is vanselfsprekend, nie oor snaakse goed wat gebeur het nie dis vanselfsprekend as gevolg van wat gaan 'n pa doen wat honger kinders het – dis nie reg nie, maar wat gaan 'n pa doen wat honger kinders het? Hy gaan kwaad wees, want hy voel skaam, hy voel sleg, ek is die pa van die gesin ek moet vir hulle voorsien. So hy het woede in hom dat hy moet gaan bedel om kos op die tafel te kan sit. Hy het vertroue verloor en het die woede in hom vir sy huidige leiers, maar ek mag nie kwaad wees vir my huidige leiers nie, want dis nie polities korrek nie, so nou is ek kwaad vir iemand anders en nou moet ek dit reflekteer na iets toe. So daar is 'n verstaan vir dit – dit maak dit nie reg nie – maar daar is 'n verstaan vir dit. Maar deur heeltyd te fokus op dit, maar wat ek vir daardie persoon kan se is hier is 'n klein dingetjie wat ons kan doen, wat dit ookal mag wees, kom ons begin met 'n Middelpos-breiprojek, ons kan nie vir 'n duisend mense wat honger en werkloos is nie maar ons kan vir twee iets mee begin. Ek vat 'n simpel voorbeeld: ek weet dit is nie van toepassing hier nie maar ek probeer net die goeie nuus verduidelik – Lori-Anne wat Christina ontmoet het in die kankerproses, het begin met en doodeenvoudig hulle het nie hoedjies gekry vir hulle koppe nie en sy het begin hoedjies maak. Huidiglik is dit 'n "total boom" – sy maak, of sy gee oor 'n duisend hoedjies 'n maand uit. Wat as jy swart vrouens kon opgelei het by Middelpos om hoedjies te stik? Dis hoop op twee gebiede, dis hoop vir kanker en dis hoop vir werk. En daar is 'n magdom ander goed maar dit gaan twee wees en daar gaan soveel trots wees oor dis 'n Middelpos hoedjie. En soveel mense in Suid-Afrika gaan vir die eerste keer weet waar is Middelpos. Dis goeie nuus en daarop kan jy aangaan, maar deur dit in die media te sit en deur dit te hamer gaan iemand anders aand iets anders kan dink wat soortgelyk is en kan besef ek hoef nie vanaand te gaan inbreek en ek hoef nie by 'n maatskappy te steel om kos op die tafel te sit nie, daar is ander maniere. Dis waaroor dit vir my gaan om te sê daar moet hoop wees.

a. Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap binne die omstandighede wat jy beskryf het?

Om dieselfde bewustheid van God te hê as wat ek het op die stadium van my lewe. En dieselfde dankbaarheid en dieselfde – en nie dat ek myself daardeur op 'n pedestal wil sit bo iemand anders nie – maar as almal daardie dankbaarheid wat ek in my ervaar, binne in hulle het, moet hierdie 'n meer positiewe samelewing wees, moet daar 'n positiewe verandering in die samelewing wees. So as ek sê wat begeer ek vir lidmate van ons gemeente is dit dít, en vir ons gemeenskap, dat God hulle sal seën en dat hulle die seëning sal ervaar dieselfde as wat ek dit in my lewe ervaar, en nie oor die aardse seëning nie; want dit kan nie orals dieselfde wees nie; want 'n sosialistiese stelsel kan nie werk nie; want dit is net nie prakties moontlik met die mens en die mens se geaardheid nie, alhoewel Christenskap eintlik 'n sosialistiese stelsel is, maar dat die onvergenoegdheid wat by die mens is sal kan besef, as ons, en dit is regtig waar ek is, en dis moeilik. As jy die Onse Vader gaan bid om te sê gee my vandag my daaglikse brood, dat die daaglikse brood genoeg is. En wanneer my daaglikse brood dalk 'n steak is en wanneer die daaglikse brood dalk pap en wors is, of wanneer die daaglikse brood, dat dit steeds vir my genoeg is – want ultimately is dit duidelik.

14. Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?

As ek terug gaan na vraag toe, watter rol het die kerk in jou roepingsverhaal gespeel, as ek terug gaan na hom toe gaan ek terug na my verstaan van kerkwees. Dan wil ek se, ek het daar gesê en dit was 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

harde ding om te sê, en dit was hard om dit te sê en dit was hard om dit te hoor – hoe kan ek myself 'n Christen noem as ek nie gemaklik is met die gemeenskap van die gelowiges nie, en dat dit nie vir my 'n tuiste is nie en dat dit nie 'n kom huis toe gevoel is om deel van 'n kerk te kan wees nie. Wel ek sê hierdie een is nog harder, want op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word, dan beteken dit my liggie sit ek onder 'n maatemmer, want as ek nie die mense rondom my kan beïnvloed, want ek is kerk (as ons teruggaan na my antwoord in vraag) en my mense is kerk, en die gelowiges in my gemeenskap is kerk, en saam is ons die kerk, dan sê dit ons dra nie die vrugte aan ons boom so dat die nie-gelowiges daarvan kan pluk en ook kan kry nie. Dat die nie-gelowiges, of die kerklos mense as jy eerder so na wil verwys, of as jy na hulle as die sendingveld wil verwys, noem hulle wat jy hulle wil noem, dan beteken dit dit is 'n aantuiging teenoor ons as Christene dat ons nie ons roeping nakom nie. Ons wat ons wel sien as "warm" Christene, wat onsself sien as "warm" lidmate, dan beteken dit ons sit nog steeds ons vlammetjie onder 'n maatemmer of dit beteken ons saai nie oral nie, ons kies waar ons wil saai wat nie ons roepingstaak is nie, ons roepingstaak is saai waar jy is en waar jy gaan. So, dan beteken dit ons het baie geestelike groei wat voor ons lê. So as jy my vra hoe kan die kerk lidmate bemagtig is dit ek dink dit kerk het te airy-fairy geraak, ek dink ons het te veel wonderlike visies en missies en ons wil gaan doen en ons wil gaan wonderlik wees, en ek dink ons is daar by Moses wat die klip slaan in die woestyn en sê "daar is vir julle water, drink", en ek dink ons moet dalk meer God-gefokus raak, want dan sal die Lewende Water uit ons vloei en sal ons neem waar ons moet wees en ek dink net ons het geestelik arm geraak. So, waar moet die kerk lidmate bemagtig? Ek dink die kerk moet teruggaan na sy hooffokus toe en dit is om fokus te hê om ons geestelik te versterk en geestelik te help op 'n pad van – die kerk kan ons nie geestelik versterk nie, dis die Gees wat dit doen en dis God wat dit doen in ons – maar ek dink die kerk moet 'n instrument van God wees en 'n gewillige instrument wees en daarna sal die res vloei, want die Gees sal ons noop en die Gees sal ons dring om dit te gaan doen, maar ek dink ons ervaar nie die Gees nie, want ons vrees vir die wêreld of ons vrees vir die eie ek is groter as die liefde op die stadium.

EINDE

Onderhoud 2

1. Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou 'n vreemde term? Ervaar jy, of het jy al ervaar, dat God jou roep om iets spesifieks te doen?

Ek dink definitief so, dis 'n groot ding waaroor ek dink. Ek dink selfs in my beroep wat baie mense sê dis amper genoeg – mense sê dit maklik omdat ons in 'n dienende beroep staan – ek ervaar nie eers dit as 'n roeping nie. Dis my werk, ek word daarvoor gekompenseer, ek moet in my werk iets vind wat God verheerlik. Deur goed te wees in my werk maar dit is nog steeds bepaald – ek weet nie mooi hoe om dit te verduidelik nie, jy kan jou werk doen maar dit is nie genoeg nie. So roeping is 'n groot ding, ek dink aan my pa ook met grootword, ek was obsessed daarmee, dit was vir my 'n storie as grootword om te sê wat is die presiese ding wat die Here my voor roep, en selfs nou bevraagteken ek dit baie gereeld, omdat ons so gemaklik is en so gelukkig is. Dan bevraagteken ek of ek nog steeds in die bos sal gaan en 'n dokter wees as die Here dit van my verwag, is ek nog steeds bereid noudat ons welvaart en gemak het en my kinders in 'n goeie skool is. Is ek nou nog bereid om dit te doen? Ek was altyd, toe kon ek nie verstaan hoekom die Here ons nie in die sending ingestuur het nie, Hy het nêrens daardie deure vir ons oopgemaak of gelei in daardie rigting nie, as ons Hom reg verstaan het. So dis 'n groot ding vir my en … ook, selfs met die gee van tiendes en geld hulp, dis ook nie genoeg nie. Ons wil voel ons werk na iets wat 'n roeping is, wat dit ook al mag wees. Ek dink dalk neem ek dit te ernstig op in daardie opsig.

Wat 'n gereformeerde roeping is? Bedoel jy die gereformeerde kerk of ek as 'n gereformeerde persoon?

THYS: As iemand wat hul in die NG kerk bevind, as jy dink oor roeping wat beteken dit vir jou?

Vir my spesifiek is ek ongelooflik gelukkig in die NG kerk, soveel so dat ek wens dit bly soos wat dit is, in die opsig, dat ek hou daarvan dat dit serebraal is, dat ek kan sê daar is reëls ens., ek is baie lief daarvoor. As 'n NG kerk lidmaat is my roeping om geweldig uit te reik na ander rasse toe, omdat ons uit 'n verkeerde kant van dit uit kom. Ek voel amper of ek dit meer moet doen as ander mense. Ek moet amper meer as ander mense sê as 'n NG Kerk-lidmaat – alhoewel ek was in 'n swart skool toe ander kinders nie was nie en ek is seker maar 'n *millennial*, voel ek nog steeds verantwoordelik vir die feit dat ek in 'n kerk baie gelukkig is wat miskien foute gemaak het, en ek ook deel van die verandering moet wees. So dit is my roeping in die kerk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Is jou roeping jou werk of is dit meer as dit?

Ja dit is meer as dit. My werk is ongelooflik omdat ek baie geniet wat ek doen. Ek is glad nie ‘n wetenskaplike mens nie. Ek was goed in wetenskappe maar omdat ek bepaald akademiese vaardigheid het, dit inspireer my glad nie. Wat my ongelooflik inspireer is mense, en waar ons die ongelooflikste ding het, is ons het mense op hulle broosste. Jy het daardie ding waar jy ‘n dokter kan wees maar jy kan iets ekstra ook wees. Jy kan liefdevol en empaties wees. Ek het nou die dag ‘n kind gehad wat dwelms gebruik het op skool, en nou dink ek aan hy kom vir sy drug screening, ek was net daar om die toets te doen vir die skool, wat ek gedoen het. Maar watse kind van 14 gebruik dwelms? Dis ‘n goeie kind wat amper in die top 10 van sy skool staan, hoekom het hy dit gedoen? Jy wil nie eers daardie kind se storie weet nie. So dan kan ek mos liefdevol wees. Dan kan ek mos sê daar is beter dinge vir jou daarbuite. Ek sê dis *fine*, jy is in ‘n skool waar die hoof jou nie gaan skors nie, waar hy jou nog 16 kanse gaan gee, vat sy hand hy wil daar wees vir jou. En dit is lekker, dan kan jy iets ekstra wees. So ons het baie geleentheid om ook ekstra te wees, so nee, nie net die werk nie.

2. In watter mate rig God jou persoonlike roeping en hoe is God betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar?

My droom sou wees dat ek regtig God se stem sal hoor. Ek bid dit elke oggend. Obviously val ek daarin, dis vir my ‘n groot ding – is ek regtig besig om – ek wil regtigwaar niks doen … ek dink ek val daarin. Ek wens regtig elke oggend dat ek daar is om te doen wat Hy wil hê ek moet doen. Ek voel ons is waar ons moet wees, so hoe ek by my eie vrese, my eie irritasie, my eie oorwerktheid en my eie oorweldigheid verby kan beweeg om iets te doen wat God wil hê ek moet doen daardie dag. So my roeping is definitief ja, ek soek dit en wens so daardie antwoord sou waar wees.

THYS: So dit wat jy dag tot dag doen – God is baie betrokke by dit?

Baie ja. Ek sou hoop so, ek bid so. So wat ek wil sê is ja, ek hoop dis waar en dat die Here dit ook so ervaar.

a. Wat begeer jy in hierdie lewe?

Dis vrede, en om gelukkig te wees, in die opsig van, ek wil vrede hê en rus hê en ek wil gelukkig wees in God. In die wete dat ek is gelukkig nou, alles wat ek wil hê het ek, maar ek wil hê dit moet wees daardie vrede wat alle verstand te bowe gaan. Ek wil daardie geluk hê. Ek probeer hard.

3. Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?

Ek voel persoonlik dat my roeping is om die oorvloed wat ek het, oorvloed van empatie en finansieel, te deel. Dis grootliks dan ook rasgebaseer. Dis klein goedjies, mense raak vir my kwaad en sê ek is onverantwoordelik maar klein goed soos om mense op te laai langs die pad as ek regtig nie kan sien hoe dit onveilig vir my gaan wees nie. Klein goed. Ek het ‘n groot ding daar rondom, soos ook die plaasmense wat my kom sien special – ek hou daarvan om hulle te special, want hulle word altyd nie ge-special nie. Om vir hulle ekstra te gee, want ek voel half vir hulle jammer omdat ek voel ek is so bevoordeel vir soveel generasies – so ‘n groot deel van die liefdeswerk wat ek wil doen is teenoor anderskleuriges. Om liefde uit te reik, om vergifnis nie te verdien nie maar om goedwilligheid uit te gee omdat hulle soveel goedwilligheid na ons toe uitgee. Dit is so, en dit net vergifnis aan ons. Dis een ding, en dan ook die sinvolheid dat ons baie het, en die Here het dit nie bedoel vir my en my kinders nie – ek sien hoe dit my kinders enige goed gaan doen nie. So hoe in Sy wil gaan ons ook daai gebruik. So ek sou sê daai twee goed.

THYS: Wat maak dit vir jou moeilik? Wat is jou struikelblokke?

Ek sou sê ek self. Omdat ek myself bevraagteken, of omdat ek te hard soek partykeer, en omdat ek dalk nie altyd vrede het in my eie self nie, dink ek, ek is my eie struikelblok. Maar nie om my roeping uit te leef per se nie.

En partykeer dan dink ek daaraan, ek bly in Jacobsbaai waar letterlik een ander gekleurde familie is en dis maklik om oogklappe te kry, so miskien is dit ‘n struikelblok. Dis miskien iets om jouself heeltyd doelbewus bewus te maak van hoe baie ander nie ‘n kwart het van wat ons het nie.

4. Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds ‘n beduidende rol, en op watter wyse?

Ja, geweldig groot. Jy weet ek het op ‘n sendingstasie grootgeword, en so ek dink ons het ook finansieel swaargekry wat wonderlik vir ons was, so dat ek hard gewerk het op skool, want ek moes beurse kry

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om te gaan *swôt*. Dit was wonderlik, in die opsig dat ek die voorreg gehad het om in 'n apartheid Suid-Afrika heeltemal 'n ander visie kon sien, daai kerk het daai rol goed vervul, behalwe vir al die crazy goed wat hulle aangevang het, was daai 'n goeie ding, die feit dat ek swartmense as mense soos ek as 'n kind ervaar. Die kerk nou nog het 'n ongelooflike groot rol, dis 'n groot ding vir my om kerk toe te gaan, ek dink om bewus van goed om jou, en ek dink dis 'n groot rol wat die kerk speel is om ledemate bewus te maak dat jy nie in cloud cuckoo land vergaan of in die Jacobsbaai bubble verdwaal nie. En die rol is baie nou aan my rol gekoppel, wat ek nou ervaar as my roeping. Definitief ja.

5. Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?

Nee, glad nie. Ek gaan dit sê en jy met weet ek is nie oordelend daaroor nie, en ek tel myself ook daarin – ek is *hiper* gemaklik. Kyk wat eet ek vanaand – kom ek wees met myself eerlik, die hoeveelheid geld wat ek vanaand spandeer het aan kos kon ek 'n familie mee gevoer het, so ek is die grootste huigelaar wat hier sit. Dit maak my hartseer om te sien hoe wit mense nog nie bereid is om te erken die swaar wat ons veroorsaak het – ek is net vir die rekord 36 jaar oud, so as mense hulleself wil exclude met "ek het niks gedoen nie" – strooi. My oor-oor-oupagrootjie was Jacob Laubscher wat hierdie hele area besit het in die 1700's – van wie het hy dit gekry? Hy het miskien twee pennies betaal aan iemand wat dit afgevat het van die Hottentotte wat oorspronklik hier gelewe het. Ek het 'n verskriklike probleem met die ontkenning. Ek sê nie ons moet jammer en betrag nie, dis net daai bewustheid. Ek dink as jy daai bewustheid het – of kom ons vat dit terug, kom ons sê histories jy wil nie skuldig voel nie, dis ook *fine*, om jou bewustheid van jou bevoorregting teenoor hoe swaar mense kry wat in ons streek bly. Watter kleur hulle ookal is, as jy nie wil kleur sien nie – ek het nou 'n ding met kleur waar ek voel in my lewe is dit vir my 'n roeping om daai grense te probeer beter maak. Om vriendelik te wees, om uit te reik, om die taal te praat, om klein tasbare goedjies te doen maar ander mense hoef nie so te voel nie. Maar hoe jy ook al voel, is om te sê jy het meer as wat jy dink. Jy het baie. Dan is daar baie arm blanke mense ook in ons omgewing. So ek dink daar is baie mense wat letterlik klappe aanhet, dit pla my. Maar ek sal nie oordelend daaroor wees nie, want daar is baie waaroor ek kan kla by ander mense. Ek spandeer baie geld aan tydskrifte. Maar ek is nou eerlik, dit pla my ek dink, ek hoor baiekeer by Afrikaanse mense, hulle is so kwaad en hulle wil so "maar wat van plaasmoorde?"

Luister, my hele familie boer. Boere het dit nog steeds beter as die cashier by Checkers en hulle is ook in minder lewensgevaar as die cashier by Checkers. Ek weet nie of die studie flawed is wat ek gelees het nie maar die populasie wat die meeste gemoor word, is cashiers, vroulike cashiers. Want hulle lui laat op en daar is die taxi's, so ek wil nie dit hoor nie, ek wil nie die heeldag hoor hoe swaar ons kry as ons duidelik die bevoorregtes is nie.

a. **Hoe sou jy sê is lidmate van ander gereformeerde kerk groepe, bv. VGK, Xhosa, Afrikaans betrokke by hierdie uitdagings van ons tyd?**

Anders as my spesifieke goed … ek wil amper sê vir die wat daar baie gegee is moet daar baie verwag word, baie van daai mense probeer maar net oorleef, ek weet nie, antwoord ek wat jy vra? Ek is nie so worried oor wat hulle mee besig is nie.

THYS: OK, wat ek eintlik probeer toets op 'n manier en by jou wil hoor is of jy dink ons 'n enorm groot uitdaging in ons konteks het? Jy het gesê dat jy dink dat baie lidmate in jou kerk nie baie betrokke is by die uitdaging nie, dink jy anderskleurige Christene is betrokke by die uitdaging?

Ek doen, ek doen rêrig. Toe ek op 'n stadium in die Kaap gebly het, het ek so bietjie meer tyd gehad as nou, wat nou vir my sleg is maar dit is die waarheid. My kind was nog nie op skool nie en Wim het gespes so ek was baie alleen, toe was ek betrokke by 'n uitreik in Macassar, nie met die NG Kerk per se nie, en dit was absoluut hartseer om te sien hoe kleurling vrouens wat enkel ma's is maar 'n salaris verdien gee wat hulle glad nie het nie. Daar is baie meer empatie om kinders in pleegsorg aan te neem. Ek sou nie sê, of ek weet nie die antwoord hier rond nie omdat presies soos ek sê ek is ook gebrekkig, ek is so besig dat in daai konteks het ek nie hier 'n groep waarby ek inskakel nie, ek kan nie daai goed antwoord nie, dis nie goed nie, maar ek dink hulle is meer empaties, want hulle sukkel saam. Hulle gee ook wat hulle nie het nie.

6. Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?

Ek dink daar is wêreldwyd 'n probleem met hoe Christene oorkom, of mense wat hulleself identifiseer as Christene, dis nooit ware Christene nie. Jy weet soos die Amerikaanse Christene, ek kry skaam, ek

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wil myself amper iets anders begin noem oor hoe Christene op sosiale media oorkom en dat Donald Trump byvoorbeeld ingestem is deur Christene. Dit maak my skaam, dit maak dat ek myself wil herklassifiseer as ‘n non-binary, non-Coloured believer in Jesus, ek weet nie, ek kry skaam om te dink dis wit mense soos ek wat iemand wat so haatlik is ingestem het.

Wêreldwyd en ook in ons omgewing dink ek nie Christene lewe die liefdesgebod uit nie. En ek praat van myself ook. Ek dink nie ons doen nie. Wat het in die land al die probleme veroorsaak in die konteks, alles is liefdeloosheid en dis dalk simplisties maar ‘n groot deel van die probleme wat ons het moet reggestel word deur liefdesdade. So ek dink dat Christene glad nie die liefdesgebod ernstig opneem nie, nie in hoe hulle oorkom nie, nie in die reëls wat hulle maak nie, nie in die oordeel wat hulle fel nie, dis mos maar al waarvoor ons geroep is. Ons faal daarin.

a. Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap binne die omstandighede wat jy beskryf het?

Ek begeer vir my eie lewe vrede, en regtigwaar die vrede wat God my kan gee, daardie totale wete dat wat ek doen is in Sy wil. Ek sukkel om God te vertrou, dis regtig iets waarmee ek sukkel, ek dink oor waaruit ons kom wat ek nie weet of jy regtig weet nie maar dis soos ‘n sekte, heeltemal sektaries geraak en God was die boogiemonster. En ek sukkel na al hierdie jare steeds om te vertrou dat die Here dat iets vreeslik nie met my gaan gebeur wat in die Here se wil gaan wees nie. Jy weet dat die Here vir my iets goeds beplan, sukkel ek om te vertrou. Ek is die heeltyd besig om te werk om seker te maak dat dinge gaan fine wees, so ek begeer daai dat ek kan oorgee. Ek dink nie ek is natuurlik vir enigiets angstig nie, ek is nie bang nie, maar ek is angstig rondom of die Here goed is vir my. Ek weet nie hoe om dit te verduidelik nie. So vir my is dit dit, vrede, ja definitief vrede en dan vir die omgewing definitief dat ons as Christene moet bekend wees dat ons liefde is. Dit is die beste ding wat ons kan doen. Dit is al wat nodig is om te doen. Want uit dit uit sal ons dan seker maak meeste mense is versorg en sal ons …. my broer het eendag gesê en hy is ongelooflik, hy leef dit uit, hy sê hy sit nie ‘n alarmsisteem in nie hy maak net seker die sopkombuis het genoeg kos. En hy lewe dit. Hy sê want hoekom breek mense in? Omdat hulle desperaat is. In daai opsig, wat wens ek vir die omgewing? Ek dink hierdie omgewing is wonderlik, ons het nogal harmonie in ‘n mate maar imagine net alle Christene sou hulle plig teenoor mekaar en ander mense besef, dit sou wonderlik wees.

7. Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?

Ek ervaar dat hoe meer die kerk wil mense aanmoedig hoe meer dink hulle “maar ek is besig, die kerk weet nie hoe besig ek is nie”. Die kerk het ‘n miskonsep oor hoe besig ek is, want die skool hou jou besig, die werk hou jou besig, dit is ‘n probleem. So ek weet nie of die kerk dit kan doen nie, mens sou moes bid dat die Here dit kon doen, want dat ‘n mens dalk bv. skool afskeep om by die kerk nie af te skeep nie of soos jou besering dan bietjie meer afskeep om dan die kerk nie af te skeep nie, want as ons die kerk nie sien, as iets wat ek moet bywoon maar die kerk deel word van jou sosialisering, deel word van jou … jy verstaan wat ek probeer sê?

Dis moeilik, want ek is mos nou deel van die gepeupel, ek weet mense dink “hoe moet ek betrokke raak by die basaar?”, ek dink dit ook partykeer, ek juggle 16 balle op een slag, dan dink ek wat is regtig belangriker? Is dit regtig belangriker dat my kind gaan hokkie speel in Porterville of is dit belangriker om te help? Dis ‘n baie legitimate vraag. Ek is nie seker nie, hoe moet die kerk mense betrokke kry? Ek dink nie mense gaan betrokke raak as hulle nie eers weet dat ons endebted is nie. Totdat ons nie besef hoeveel die Here se goedheid vir ons was en, totdat ons tot bekering kom in daai opsig nie gaan ons dit ervaar as werk. Is dit nie?

So hoe moet die kerk dit doen? Jy kan nie hulle bekeer nie. Jy kan probeer …

THYS: So as ek jou hoor dan sê jy dat dit juis as die kerk lidmate kan help om God se hart te hoor vir die omgewing?

As almal van ons in die kerk kan besef hoeveel ons ontvang het en hoeveel liefde daar vir ons is en ewigsheidsperspektief kan kry, ten doel – wat is ek ten doel? Wat is ek mee besig? Want die probleem is ons word besig gehou deur goed wat totaal nutteloos is. Dis ‘n groot ding met Wim en dis nie ek nie maar Wim is geweldig net dit – hy sê altyd wat is dit ten doel? Ons kind is musikaal, gaan ons hom elke dag laat oefen? Nee, want wat is dit ten doel? Wil ons hê ons kind moet ‘n klassieke musikant word? Nee. Ons het baie van hulle in ons familie en nie een kan hulleself onderhou nie.

Dan laat ons hom een keer ‘n week oefen en dan moet hy maar gemiddeld voorkom, solank hy dit geniet. So wat ek probeer sê is in daai selfde ding is, wat is ons lewens dan ten doel? Maar as jy weet

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hoe lief God jou het en waarvoor Hy jou geroep het, so miskien in mens se roepings … maar dis wat jy vra, hoe maak jy mense roepingsbewus? Is dit wat jy vra eintlik?

Dit gaan moeilik … dit is moontlik, miskien as mense begin sou weet. Maar weet jy wat is moeilik? Sê net jy sê vir mense hoe baie swaar kry daai wat in jou omgewing is. Dan gaan dit hulle morbied maak, een, of hulle gaan sê daar is so baie moeilikheid waar moet mens begin? As jy hulle gaan forseer en sê almal moet nou gaan papiere optel en ons gaan nou ouetehuis toe – hulle gaan voel dis 'n plig. Dis regtig 'n hartsverandering wat moet plaasvind. Mense moet sê ek doen dit, want dit is vir my gedoen. Ek gee, want daar is vir my gegee. Ek weet nie hoe om dit te doen nie, weet jy? Ek weet ook nie.

EINDE

Onderhoud 3

1. Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou 'n vreemde term? Ervaar jy, of het jy al ervaar, dat God jou roep om iets spesifieks te doen?

Ek het nog nooit aan gereformeerde roeping gedink nie, ek het nog altyd net aan roeping gedink – veral omdat hulle altyd sê "wat is jou roeping of vertel ons jou roepingsverhaal". So ja, ek het 'n roepingservaring gehad toe ek teologie gaan swôt het, en dan is daar klein ander oomblikke van roeping deur die dag, of oomblikke wat … dis nie net my werk nie ander goed is ook roeping. Wat ek sou verstaan onder gereformeerde roeping is, ek het geen idee nie. Ek het nog nooit daaraan gedink nie. Ek sal nie weet wat die verskil moet wees tussen gereformeerde roeping en katolieke roeping nie. Ek sal nou *actually* wil hoor wat is die regte antwoord daar. Wil jy hê ek moet uitbrei op een van die punte? Ek os net bang vir die tyd.

THYS: Nee jy kan gesels ons het baie tyd. Maar roeping is iets waaraan jy dink?

Ja – minder deesdae as wat ek het – ek het altyd gedink roeping is hierdie presiese paadjie wat uitgelê is, en dat roeping beteken God wil my by Saldanha hê of God wil my by Vredenburg hê. Wat ek geleer het en verstaan deesdae daarvan, vir God is dit nie noodwendig so belangrik of ek by Saldanha of Vredenburg is nie maar hoe ek by Saldanha of Vredenburg is.

So daar is nie noodwendig net een pad nie, daar is verskillende plekke waar God my kan gebruik en my roeping is hoe ek is en hoe ek dit doen eerder as – jy weet ek kan nou my doktorsgraad doen en dit kan goed wees, of ek kan nie my doktorsgraad doen nie en dit kan ook God se wil wees – so ek het roeping baie meer los begin verstaan as wat ek oorspronklik het.

a. Is jou roeping jou werk of is dit meer as dit?

THYS: Jy het hierdie eintlik dan klaar beantwoord …

Ja dit is meer as dit

2. In watter mate rig God jou persoonlike roeping en hoe is God betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar?

Ek hou daarvan om aan God te dink as inspirasie – ek moet nou dink soos wat ek praat – die metafoor is nie perfek reg nie maar ek dink aan 'n muse – 'n muse besit die kunstenaar – die muse trek die kunstenaar uit en as jy 'n goeie muse het dan kan jy nie anders as om te respond op hierdie inspirasie nie. So dis nie dat jy kyk en gaan "o dis 'n nice stoel so ek sal dit maar teken" nie, dis dat die stoel jou intrek en innooi, en roep dan nou om deel te neem. So ek dink aan roeping dan dink ek aan God wat op 'n manier iets voor jou sit, of dit nou is wie Hy is of Sy Koninkryk is, of dit 'n beroep is of 'n pad is wat jou uittrek en jou innooi om deel te wees van dit. So dis die innooi funksie en ook die onderhou funksie – ek sukkel baie met my eie *demons* in my kop rondom my werk en goed, en elke keer as ek op 'n laagtepunt kom of besluit ek gaan arbeidsterapie more gaan swôt …

THYS: Of onderwys?

Nee, nee ek weet ek kan nie onderwys doen nie! Ek weet ek is nie goed genoeg vir onderwys nie, ek weet dit – my ma is een – nee, not going there …

So elke keer as dit gebeur is dit om weer terug te kyk na jou muse en te onthou hoekom jy in die eerste plek hierdie begin doen het. So daar is 'n uitnooi element van God en 'n onderhoudende element. Ek dink dis min of meer wat ek sou sê.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

THYS: So dis God wat jou roep – hy nooi jou uit om deel te wees van die roete?

Ja ek dink dat God – as ek nou verder kan werk met die kunstenaar – God nooi jou om betrokke te raak, hoe daardie betrokkenheid lyk dink ek bepaal ons baiekeer self. Ek dink daar is iets in ons wat ook – jy weet jy het 'n sekere persoonlikheid en 'n sekere iets – ek wil betrokke raak by mense se seer. Daar is 'n duisend maniere om dit te doen, een daarvan is arbeidsterapie, so ek dink God nooi jou om betrokke te raak maar hoe daardie betrokkenheid lyk dink ek is daar, wat die medium is wat jy gebruik, is daar leeway en speelruimte.

a. Wat begeer jy in hierdie lewe?

Om net presies te wees in wat ek wil doen! Ek weet ek sê dis nie 'n lyntjie en 'n paadjie nie maar dis vir my baie moeilik dat dit nie, is nie. Ek sê altyd ek wens dat as ons gebore was kom daar hierdie papiertjie saam wat sê hierdie is die groot goed wat in jou lewe gaan gebeur, neem asseblief die volgende besluite en so wens ek net daar was meer duidelikheid, want ek is partykeer so bang – al voel ek ek kan enigiets – is daar nog steeds in my wat as ek nie die regte pad volg nie, wat as ek – my pa praat altyd van opportunity cost – wat as ek die verkeerde opportunity hier vat. Opportunity is hier die verkeerde woord maar ek dink jy verstaan wat ek bedoel.

3. Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?

Wat ek voor geroep word en wat my job description is dink ek is twee verskillende goed. Ek wonder partykeer of ek nie – en ons het al hierdie gesprek gehad – daar is nie 'n shelter in die Weskus nie, daar is nie 'n … die saal staan oop mens kan iets doen met hierdie saal gedurende die week, daar is 'n spul maatskaplike goed wat mens kan doen en dis net as ek dit gaan doen – ek kan nie fokus tot daardie mate divide nie – ek moet op die jeug fokus. OK dit kan dalk ook jeugfokus wees maar die shelter-ding is nie, so die grootste ding wat my keer in my roeping is my vrees vir my eie psigiese gesondheid.

Daar is al hierdie goed wat ek geroep voel om te doen maar ek weet wat is my mental capacity en ek weet hoe swaar ek trek as ek van daardie goed doen. Ek is nou net weer op 'n stabiele plek, hierdie jaar is actually stable, laasjaar not so much en ek wil nie weer wees waar ek laasjaar was nie so dit is vir my regtig moeilik. Ek weet wat ek wil doen maar ek wil ook nie in 'n mental hospital beland nie, so wat doen jy?

So dit maak dit vir my moeilik. Wat dit vir my maklik maak, is om te sien hoe dit soms self gebeur. Hoe mens per ongeluk goed doen wat deel is van jou – jy besef nie jy is deel van iets wat jy voel jy voor geroep is nie – en dan na die tyd kry jy terugvoer en dan besef jy hier was jy *actually* deel van iets wat jy deel van wou wees. En ek dink dan sommer net aan prediking, ek love preek – ek voel altyd sleg om dit te sê maar ek doen. En wat vir my so lekker is, is mense kom altyd na die tyd na my toe en praat met my oor whatever, daar is altyd hierdie gesprek en daar is altyd stories van mense wat in die week verder praat oor wat gepreek is. Met ander woorde jy is deel van mense se gesprekke, en op 'n manier voel ek geroep om dit te doen en preek maak dit vir my maklik om dit te doen. Nie dat preek maklik is nie. Maar dis vir my lekker om deel te wees van mense se gesprekke en thought processes, dis nogal vir my lekker.

THYS: So jy voel nogal geroep om na buite 'n verskil te maak?

Ja.

4. Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds 'n beduidende rol, en op watter wyse?

Ja, die kerk – as ek hierdie goed moet verduidelik met ander goed – daardie Smith goed van die *Kingdom* wat jy love, die kerk het my prentjie gevorm van my Kingdom. En so het dit geword wie ek is, omdat dit hierdie prentjie gevorm het, en so toe ek 'n kind was, het die kerk 'n groot rol gespeel in die vorming van my prentjie, ek beleef nie waar ek nou is dat my teologie soveel uitgedaag word in hierdie ruimte nie, in ander ruimtes waar ek kom wel, maar hier is die kerk se rol meer in die gee van liturgieë en rites wat my vorm, of net om die ruimte te gee dat ek my eie ontdek, as dit sin maak. Maar nee, toe ek groot geword het, dit was absoluut – Alex Clarke-hulle het – hy het vir my gesê jy gaan besluit om 'n dominee word voor die einde van die jaar, en hy het dit daar gelos. En al wat hy gedoen het, is hy het hierdie prentjie geskep van waarvan mens deel kan wees. Dis al wat hy gedoen het, en 'n liefde gekweek vir daardie prentjie en toe is ek soos, yes, ek wil deel wees. So nee die kerk het 'n massiewe rol gespeel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

THYS: So hy het 'n prentjie geskep wat jy op die einde van die dag begeer het om van deel te wees? Dis mooi, dankie.

5. Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?

Gemiddelde lidmaat? Ja, maar op verskillende vlakke. Ek beleef dit as 'n gemeente wat rêrig deelneem waar hulle kan. Dis 'n vreemde gemeente in die sin van dis baie wyd, jy het rêrig mense wat van die armstes is tot mense wat die companies besit. So hierdie mense is die nood self maar ek sien hoe van hier tot ten minste hier (skuus vir my hier, jy kan nie dit transkribeer nie) maar die meerderheid is wel betrokke. Ja, ek sou so sê. Op verskillende vlakke. Antwoord dit jou vraag of is dit uit verband uit?

a. **Hoe sou jy sê is lidmate van ander gereformeerde kerk groepe, bv. VGK, Xhosa, Afrikaans betrokke by hierdie uitdagings van ons tyd?**

Ek is versigtig om 'n uitspraak te maak oor ons lidmate, so ek is nie gemaklik om oor 'n ander …

Dis nou moeilik, want jy sê nou of hulle betrokke is, betrokkenheid wat soveel vorme en waar hulle betrokke is vat soveel vorme, nie almal is betrokke by sê nou maar die kerk nie, maar ek weet van mense wat moeite doen met hulle bure, wat vir my tel. So dis 'n verskriklike breë term, maar nee ek sal nie uitspraak maak oor …

THYS: Nee kom ek stel dit net vir jou bietjie anders, dink jy hulle het 'n begeerte om te help met wat hulle medemens ervaar?

Ek sal praat van VGK dan, die res ken ek nie goed genoeg nie. Ek dink VGK sal ja, ek dink net VGK het so baie, hulle weet nie altyd waar om te vat en waar om te los nie. Seker maar soos almal, maar ja die lading is baie hoog .

THYS: Maar die VGK Saldanha is nie noodwendig betrokke by die nood van julle lidmate nie?

Nee.

6. Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?

Ek dink die eerste wat in my kop gepop het, is dieselfde as in die land, ek dink diversiteit. Ons is swak om te deal met diversiteit. Kyk Saldanha diversifiseer op 'n tipografiese vlak, so ons is nie meer die spul whiteys wat almal mekaar ken nie, daai is besig om uit te faseer, en dit is vir die mense 'n aanpassing. En dan, oor die algemeen is dit 'n uitdaging maar ook omdat dit 'n klein dorpie is moet jy by een gemeente almal tevrede stel, daar kan nie sewe eredienste wees nie, so in spiritualiteit se diversiteit is daar 'n groot uitdaging. Ek glo altyd ons grootste uitdaging in die lewe is om teen vrees te werk. Vrees vir diversiteit, vrees vir verandering, vrees vir toekoms van die land, al daardie vrese maak aanspraak op ons en ons kan veg, vlug of vries. Ek dink ons uitdaging as mens is om konstruktief te veg, vlug of vries. En ek dink dit is altyd ons grootste uitdaging, ons weet nie hoe om met vrees te deal nie.

Dis maar in die land ook, en internasionaal – jy sien 'n spul mense wat bang is en hulle reaksie op hulle vrees is uitsluiting en oorlog en 'n spul goed wat eintlik net meer vrees veroorsaak. So dit raak 'n sneeubal – en om vrees te begin sien as 'n positiewe emosie waarmee ons kan werk. Vrees vir ons gemeente is kwynend – is dit dan iets wat maak dat ons die boeke toesluit of is daardie vrees iets wat ons aanpor om nuut te dink oor ons gemeente en te verander. So ja, in my kop gaan alles baiekeer terug na vrees toe.

a. Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap binne die omstandighede wat jy beskryf het?

Gasvryheid. Saldanha is die mees gasvrye groep mense wat ek al ontmoet het (buiten dalk vir die Moslems in Jordanië!) en my grootste vrees is dat daardie gasvryheid gaan weggaan met die veranderende tye. Dis 'n gawe wat hulle reeds het – as ons kan aanhou om die ander te ontvang dan kan ons aanhou om God te ontvang. So my grootste vrees is dat die gemeente en die gemeenskap iets van hulle gemoedelikheid, hulle plat op die aarde, hulle ontvanklikheid, hulle gasvryheid sal verloor, want dis rêrig beautiful dat hulle dit het in die eerste plek.

THYS: En vir die gemeenskap? Wat is jou begeerte vir hulle?

My begeerte is dat mense werksgeleenthede sal kry, ek is bekommerd oor dit. So ek begeer werksgeleenthede, entrepreneurskap, goed waarvan ek niks weet nie basies.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

THYS: Opportunity*?*

Ja, ja. Ek is net besorgd.

7. Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?

Ek het vir jou ‘n akademiese antwoord, maar ek sal al twéé gee.

Die akademiese antwoord is ons moet mense se kingdoms inspire, prentjies en stories narrate en so mense uitnooi om deel te wees, want ons kan die donkie van agter af stoot maar as ons iets het wat mense sê maar ek wil deel word hiervan, dan is dit een ding, maar dit is ‘n baie breë akademiese antwoord.

Hoe om dit prakties te doen? Sien, in my kop hoor ek die goed wat mens kan doen en dan is daar die goed wat ek self toegerus voel om te doen en dis twee verskillende goed. Maar ons sal mense op ‘n manier moet toerus. Want mense wil betrokke wees maar hulle weet nie hoe nie.

So al is dit deur daai … of ‘n gemeentelid wat my bel en sê hy weet nie wat om te doen nie, hy weet van ‘n vrou en twee kinders wat in ‘n garage bly saam met ‘n spul tikkoppe … wat doen hy?

Ek weet nie wat om vir hom te sê nie want … so die kerk moet eers haarself en die gemeenskap toerus voor sy haar lidmate op ‘n manier kan toerus. Ons moet die tools daar neersit sodat dit bruikbaar is, dit help nie ons sê vir mense help iemand om by hierdie of hierdie maatskaplike ding uit te kom maar ons maatskaplike werkers is oorwerk nie. Dit help nie ons sê vir iemand wat net in die dorp kom en hulle het nie ‘n dak oor hulle kop nie en ons sê gaan shelter toe vanaand – daar is nie ‘n shelter nie. Dan moet ons ons eie huise oopstel en hoe moeilik is dit in vandag se tyd. So ek dink in die eerste plek die kerk moet haar lidmate toerus. Ek sien baie – ek kan nie sien dat Saldanha toegerus is om waar – mense moet die tools kan hê om dit te doen. So, ek weet wat baie van die antwoorde is – recycling is ‘n voorbeeld, ek weet hoe om te recycle, ek weet wat om te doen, maar daar is nie al die regte goed in Saldanha om te kan recycle nie. So dit help nie jy rus iemand toe om iets te doen maar die fasiliteite en die logistiek is nie daar nie. So ja, ek antwoord nie jou vraag nie – toerusting is belangrik, ek dink die droom is belangrik, ek dink stories vertel is belangrik, want daar word al hoe meer ander tipe stories vertel, stories wat mense laat toemaak, dat ons stories vertel wat sê kyk hierdie persoon het daardie gedoen, die gebeur daar – kyk om met stories te werk.

THYS: Stories van hoop?

Alex praat altyd van die alternatief – hy sê ons moet stories vertel van die alternatief, waar ons nie die normale weg geloop het nie maar ‘n ander weg. Ek hou van daardie idee. So om stories te kry waar mense die ander weg geloop het. Wat stories van hoop is, maar ek dink met stories van hoop soek mense baiekeer hierdie clear cut … alternatief sê vir my iets van die messiness. So ja, ons ring is iets van messiness.

EINDE

Onderhoud 4

1. Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou ‘n vreemde term? Ervaar jy, of het jy al ervaar, dat God jou roep om iets spesifieks te doen?

Ek het nog nooit gedink aan die roeping as gereformeerd nie, dis vir my nuut so ek kan niks daaroor sê nie. Ek het wel ‘n sterk roepingservaring, wat ek daaronder verstaan is dat God my op ‘n sekere manier gemaak het en God maak ons almal uniek, en ons is die manier wat Hy ons wil hê, vorm ons, en daai word gebruik – ek kan nie net my eie roeping – ek glo nie net predikant-wees is ‘n roeping nie – ook om ‘n onderwyser of iets anders te wees kan ook ‘n roeping wees. Ons almal moet ons roeping ontdek vir hierdie lewe, en ‘n roeping is gewoonlik nie iets wat jy kies nie maar wat jou kies, so dis iets anders as net bloot ‘n belangstelling of gawes. Kom ons sê ek stel belang in musiek, maar ek het nog nooit geroepe gevoel om ‘n musikant te word of mense te bedien met musiek nie. So roeping is nie iets waarvan jy jouself maklik kan losmaak net omdat dit nie lekker gaan nie. Die oomblik wanneer ek voel nou is dit moeilik – kom ek sê, ‘n tyd terug tydens die hele debat met selfde geslag verhoudings, toe dit in 2015 op die tafel kom was daar van ons vriende wat onttrek het uit ons gemeente uit en uit ons lewens uit. Ek kon nie op daai stadium sê ek loop nou omdat dit vir my moeilik is nie, want jy is geroep om hier te wees, waarheen gaan jy? Kom ons sê binne die bediening spesifiek in Saldanha

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

a. Is jou roeping jou werk of is dit meer as dit?

My roeping is meer as dit. My Koninkryksroeping is meer as dit. My werksroeping op hierdie stadium is om predikant te wees, soos ‘n onderwyser se werksroeping is onderwys, dis die spesifieke taak wat hy uitvoer en op ‘n daaglikse basis mee besig hou en hom ingrawe. Nee dis baie groter as dit en ons het nou ‘n spesifieke roeping.

2. In watter mate rig God jou persoonlike roeping en hoe is God betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar?

Baie keer is onseker wat ek moet doen, en binne daai onsekerheid moet ek keuses maak. Onsekerheid is my vertrekpunt maar ek is geroep hiervoor en ek mag dalk nie weet presies wat maar wil net weet hoekom moet ek ‘n sekere keuse maak. Omdat ek geroep is, dit is op my tafel, ek het nie ‘n riglyn wit op swart wat my sê wat om te doen nie. Ek moet die keuse maak en dan glo ek dat iets van my karakter wat God buite my roeping heen ook in my lewe gevorm het, dat dit ‘n rol speel binne my roeping. Die maklikste voorbeeld is iemand wat rugby speel, die oomblik wat hy uitdraf kan hy nie heeltyd vir sy *coach* vra of kan hy maar skop, moet ek hardloop of uitgee nie. Op daai stadium moet die *coach* sê gaan maar aan, jy speel nou, ek het jou afgerig. Maar ek voel ook dat daar baiekeer sekere dinge is wat in my eie stilword wat God my – waaroor ek sensitief raak, en op meer as net ‘n lukrake manier, en dan goed wat op ‘n manier belyn op ‘n manier wat ek nie sou dink nie sou belyn. Dinge wat gebeur wat ek dan altyd sal vra “Here help my om te weet die rigting wat ek moet inslaan”. Ek voel dit nogal gereeld en dan sal ek dit altyd ondersoek. Ek sal dit nooit forseer nie, want ek weet daar is meer dinge as net wat in my lewe aan die gang is. Ek is deel van ‘n groter netwerk, ek kan my deel ondersoek maar ek kan dit nie afforseer op iemand anders as dit nie daar is nie. Soms voel ‘n mens maar ook dis iets wat binne die ander persoon leef of in die groep leef of in die gemeente leef en dan ervaar jy dit as ‘n kollektiewe roeping. Maar dit begin gewoonlik by my eie stilword en spiritualiteit en die dinge waarmee ek in my gees begin wandel. Ek dink altyd aan Hebreërs 11 vers 6, ek het altyd die teks wat my laat glo dat God bestaan, dat Hy die beloon wat na Hom soek. As ek my hele lewe sê Here ek is hier, moet ek vir U soek, hoekom sal Hy my in die duister laat loop? Dis oor die dinge waar Hy rêrig vir my kan leiding gee. So daarbinne vind ek vrede en vryheid oor goed wat ek reg of verkeerd het – ek kan myself nie altyd kruisig oor goed wat ek nie geweet het nie, maar ek kan myself gedurig afvra, dink ek ek is getrou aan dit wat ek nou voel God my roep. Soms maak dinge nie sin nie, maar ek het ook al ervaar in my lewe dat baie keer later in my lewe kry sekere hoofstukke eers ‘n naam. So ek ignoreer nie dit wat nou gebeur nie, of dit misluk of nie sin maak nie, dit bly altyd deel van jou arsenaal van jou lewe, deel van jou tapisserie.

THYS: So wat ek eintlik by jou hoor is jy het ‘n breë roeping wat God jou … jy doen goed uit jou verhouding met God uit waar daar dalk soms kleiner goed is waar jy by die Here moet vrede kry, dis waar jou spiritualiteit en jou stiltetyd na vore kom, waar God jou op ‘n persoonlike vlak rig al verstaan jy nie altyd waarheen jy op pad is nie?

Dis geweldig eenvoudig, ek sal dit nie eers aan mense oorvertel nie maar soms dink ek een plus een is twee broer.

a. Wat begeer jy in hierdie lewe?

Om beter te ken – vir mense om Hom beter te ken. Ek sê altyd as ek ‘n *sticker* oor my lewe kon plak is die *sticker I’m a life thats being changed* en dit was God gewees. So, hierdie pad is ‘n pad van voortdurende verandering, maar ek wil nie net op pad wees nie, om iewers iets van God te ervaar – Sy liefde, genade, Sy teenwoordigheid laat smag jou na meer.

3. Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?

My groter roeping is om ruimte te skep waarbinne menswees kan floreer. Ek sukkel baie om te leef vanuit die konteks …. die sondeval is nie die vertrekpunt van my geloof nie. Die skepping is die vertrekpunt van my geloof, dat God dit goed gemaak het. Die sondeval het dit van die goedheid kom beroof, en God se Koninkryk is daar waar die goedheid heers. So ek het nie ‘n baie spesifieke dit of dat moet gebeur nie, ek weet net daar waar ek werk, en deur die mens wat ek is, deur my menswees en die manier wat ek met mense omgaan, met myself en die natuur omgaan, moet ek ‘n bouer van die lewe wees. Die lewe moet beter wees daar waar ek is. Ek het een kans in die lewe en daar is soveel potensiaal en ek moet met wat ek het en binne my is daaraan bly bou.

Dan dink ek dit kan verskil van tyd tot tyd of fase tot fase, op hierdie stadium is my groter roeping om by my huis ‘n ruimte te wees waar my kinders hulle potensiaal kan ontwikkel, ‘n ruimte waar hulle kan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

groei en God leer ken en hopelik eendag Hom kies. So daai goedheid, om dit te ervaar binne my lewensruimtes.

In my gemeente is die groot ding vir my om ruimte te skep vir mense om hulle geloof te kan dink en te kan praat, om saam met mense te journey, want geloof is ‘n journey vir my. Hoe ek God ervaar in hierdie journey verander van tyd tot tyd en ek weet watter belangrike rol ruimtes in my lewe gespeel het om te kan dink oor God, om te kan praat oor God, om te kan groei in God, dis my groot roeping by my gemeente. Dan bou in die sin van Koninkryk, om te staan waar God staan, om te sê wat Hy sê, as ek geweet het wat God sê sou ek wou staan waar Hy staan. As God hier by my was in my omstandighede, om vir my te vra hoe sou Hy nou gereageer het oor my kind se tantrum of vreugde of struggle. As Hy nou in my was hoe sou Hy reageer het teenoor my vrou op haar goeie dag of haar slegte dag.

THYS: Wat maak dit vir jou moeilik?

Ek kan nie my lewe en my keuses disconnect van God nie, van Sy teenwoordigheid en dat ek voel dat Hy op eenvoudige maniere vir my help of vryheid gee om te sê dis betaal, moenie te veel daaroor worrie nie. Wat dit vir my moeilik maak, is miskien waaroor ons vanoggend gepraat het, is die geloof binne my konteks lyk so maar my ervaring is dat ek nie altyd toegang het tot geloof in ander mense se konteks nie maar is my konteks die enigste manier? Is dit normatief vir my? Is dit normatief vir ander mense? Is dit enigsins normatief? Dit maak dit moeilik, want dit wat ek in my stilword met God ervaar sukkel ek baie keer, of … ander mense kom uit ander kontekste en wie is ek om die integriteit van daai persoon se geloof te betwyfel? Ek wil hê ander mense moet my geloofsintegriteit respekteer en weet dat met die beste van wat ek is en wat ek probeer en hoe ek God soek is hoe ek daar uitkom. Maar as ek dit vir myself vra, ek is nie die enigste een wat na God soek nie, daar is ander mense wat dalk uitkom op ander antwoorde. En hoe leef ons dan ons geloofsgemeenskap saam? Hoe verskil ‘n mens van mekaar sonder om agterdogtig van mekaar te wees, of om regtig saam te bou aan iets wat groter as jyself is, dis nogal moeilik.

4. Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds ‘n beduidende rol, en op watter wyse?

Ek is nie een wat sommer net vir jou kan sê dis hoekom ek glo wat ek glo of hoekom ek iets doen soos ek doen nie, ek kan nie vir jou sê dis omdat ek so dink of so dink nie. My persoonlikheid is so, kom ons gebruik die voorbeeld van om in ‘n erediens te sit, en jy voel jy is aangespreek op ‘n sekere manier of jy het iets nuuts van God geleer, dan is daar ‘n *autopilot* wat my koers aanpas tot ek by die volgende plek kom waar ek voel my geloof groei en dan is daar weer ‘n korreksie. So ek kan nie sistematies dink hoekom ek dink soos ek dink nie, maar ek weet al my ontmoetings, binne watter ruimte ookal in geloof, het dit rigting gegee aan waar ek nou is. So in daai opsig was die kerk die plek wat vir my die ruimtes geskep het, ons het elke Sondag kerk toe gegaan, die kerk sou my ma-hulle aangemoedig het glo ek om met ‘n huisgeloof te begin en elke aand godsdiens te hou en soms was ons vies vir mekaar maar ons het geweet ons kan nie godsdiens hou as ons vir mekaar vies is nie. So jy is in ‘n struktuur wat ruimte skep en dit was iemand se visie om te sê hierdie goed kan jou help om te groei in God. So lewensritmes, en dit kom van die geloofsgemeenskap wat kollektief dink en sê hierdie het vir my gewerk en dan probeer jy dit, jy het die behoefte om te groei in God. So geloofsritmes, en die kerk help ons baie met geloofsritmes. Jy ontdek nuwe ritmes deur dat jy met ander gelowiges te doen het. Dan kom jy agter maar dis vir my moeilik maar hier is iets waar ek stil word in spiritualiteit en groei in jou stiltetyd te doen. Dis daar waar die kerk … die kerk was vir my goed gewees. Ek kyk terug en ek het nooit seergemaak gevoel deur die kerk nie.

THYS: En vandag steeds dieselfde, al is jy nou predikant, voel jy steeds dat die kerk jou …?

Ja, of ek is net dikvellig!

5. Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?

Ek gaan hom met ‘n stuk onsekerheid antwoord. My geleefde gevoel is nee, dit voel nie vir my so nie, maar ek het nie insae in mense se uitlewing van hulle geloof nie. Ek staan baiekeer verbaas as jy met mense praat dat hulle buite ruimtes en kanale wat die kerk daar stel, wat ek besef hulle het ‘n groot roepingsbesef op ‘n ander manier. Maar jy ervaar dit nie in die kollektief noodwendig nie. Dis moeilik vir my om te sê ja ons is nie besig daarmee nie, want mens weet nie. Ek kan nie net kerk en roeping koppel met hier waar ons met ‘n aksie besig is nie. Ek is besig met my geloof en my lewe daar waar ek in my werk is en anders daar is. As ek anders by my werk is as gevolg van my geloof dan is ek besig

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om ‘n verskil in die wêreld te maak. Dan maak dit nie saak of jy vir iemand sop gee of iemand help wat in die nood is nie, dis ook die koninkryk van God, dit vind neerslag vir jou en my by die werk.

Daar is ‘n deel waar ons besig is met die groot uitdagings van die wêreld, die hartseer en die gebrokenheid van die wêreld is net ‘n deel van die lewe. In die kollektief dink ek sukkel ons daarmee, dis vir my moeilik om te meet en oordeel te fel, ek dink net ek staan baiekeer verbaas met wat mense doen.

a. **Hoe sou jy sê is lidmate van ander gereformeerde kerk groepe, bv. VGK, Xhosa, Afrikaans betrokke by hierdie uitdagings van ons tyd?**

Dis vir my moeilik om te sê min of meer, ek dink ons struggle almal met dieselfde ding, selfs noudat die kerk na binne begin draai en waar daar glad nie uitgereik word na die gemeenskap nie, na die wêreld nie, is daar ook ‘n strik wat die gemeenskap trap, omdat ek gesê het ek sien missionaliteit as die karakter van my menswees. Die oomblik as ek besig is om as mens te groei in my geloofskarakter dan is ek daar anders. As ek vanoggend by die werk kom en die sekretaresse voel nie lekker nie, en ek is daar om vir haar te vra “hoe gaan dit?”, dan is ek besig om emosioneel te lewe …. dit gaan tyd kos (27:20). So ek dink kontekstueel ons en die VG kerk, die aksies waarmee ons onsself besig hou is heeltemal verskillend en ons konteks verskil. So ek nie noodwendig op hierdie stadium … daar is nie vir my ‘n denominasie of geloofsgroepering wat ek sê hulle is ons ligjare vooruit nie. Ek kan nie dit sê nie.

6. Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?

Daar is baie lae, kom ek begin deur te sê vir my is die grootste uitdaging op die vlak van …. ek weet nie hoe om dit te verwoord nie. Kom ek sê nou iets en dan probeer ek iets as voorbeeld. Die grootste uitdaging is gesinne, omdat ek dink verhoudings is die hartklop van ‘n mens se bestaan. Gesonde gesinne is ‘n gesonde gemeenskap, en ek ervaar ongelooflike gebrokenheid in die gemeenskap waarin ons leef. Nie net daar nie, binne ons. Ons as kerk se uitdaging is om self gesinne van integriteit te wees. Ek kan besig wees met baie dinge, ek kan programme dryf om hierdie vlagskip gemeente te hê, as jy regtig hard werk dan kan jy ‘n paar dinge doen, maar my vraag is altyd as my kinders oor 10 jaar van nou af oor my praat, wat gaan hulle van my sê? Pa was so besig met die jeug van die kerk, maar toe ons vra kyk ‘n movie saam met ons het pa dit gekyk. So ek kan vir mense sê kom ons doen hierdie gesinsding, as my gesin nie ervaar dat ek vir hulle omgee en dat ek vir hulle versorg en daar is vir hulle nie, dan is daar nie integriteit in dit wat ek dink belangrik is nie. Dis maklik om te sê wat is die dilemma, dis moeilik om jouself tot dit te commit. Dis moeilik vir my om vir mense te sê om te commit op die vlak van verhoudings, want jy voel soos ‘n stem in die woestyn. My groot vraag op die oomblik is hoekom trou ons? Hoekom wil jy trou? Om gelukkig saam te wees, is dit die ideaal? Want huwelike hou nie, hoekom nie? Vir my is die antwoord op hierdie vlak die integriteit van my woord. As ek vir iemand sê: *For better or for worse*, op daai dag wat ons sê ons gaan trou, is die prentjie in my kop dit gaan altyd beter wees. Dit gaan nooit by “worse” uitkom nie. Ons commit nie rêrig tot “worse” nie.

So, die kerk se roeping t.o.v. my gemeenskap, ek dink families is belangrik, ons kinders is belangrik, ‘n jeug wat sonder ‘n visie grootword, jong kinders wat op strate rondhardloop en wat nie weet hoe dit voel om gebonde te wees nie, homself moet vind – dit kom terug na die huisgesin toe.

So is die kerk se roeping om ECD’s waarby ek baie betrokke is en ek glo regtig dis wat ek moet doen en help bevorder – dis deel van my roeping maar die kerk se roeping is groter om geloofsintegriteit by mense te hê wat sê “be the change that you want to see”. As jy gesonde huwelike wil sien in die gemeenskap dan moet jy self dit wees. En dan gaan jy moet sê ek commit tot iets.

a. Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap binne die omstandighede wat jy beskryf het?

Om werklik te lewe, en om werklik te lewe beteken om te groei in wie ek is, om te groei in my eie potensiaal, maar dan praat jy nie wanneer jy klim van die leer nie. Ek glo dat God het vir my …. daar is ‘n stuk potensiaal in alkeen van ons en my menslike potensiaal is gekoppel aan my geloof waar ek wie ek is begin ontdek in God se teenwoordigheid. Kom ek sê dit so: As jy klein is word jy groot en jy weet wat is die doel van die lewe. As jy klein is weet jy, jy moet groot word sodat jy jou eie geld kan hê sodat ek kan koop wat ek wil hê, so jy weet jy moet groot word, dis die doel van die lewe. Die oomblik as jy op hoërskool kom dan besef jy om goeie geld te verdien moet ek die regte beroep hê, en om gelukkig te wees moet ek die regte lewensmaat hê. So nou begin jy dink wat gaan die regte beroep wees maar jy weet dis my werk eendag om gelukkig getroud te wees. Dan kom mense by 40, en dan dalk het hulle

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die regte werk en dan die een wat hulle gekies het om mee te trou. Dan kom jy op ‘n stadium agter maar jy is nou hierso maar is dit nou dit? Die middeljare krisis wat jy beleef. Jy besef jy is vervangbaar – ek is nie onmisbaar nie – dit sal vir my kinders en my vrou ook erg wees – maar hulle gaan aangaan, die lewe gaan nie stilstaan as ek nie meer daar is nie.

So wat is die punt van die lewe? Ek is dalk bietjie meer onseker oor die punt van my lewe. Ek het geskuif van dat die doel van my lewe is ek na besef die doel van die lewe is nie ek nie, die doel van die lewe is die invloed wat ek op iemand anders het. Die verskil wat ek in jou of jou lewe kan maak. So die oomblik wat ek besef maar die waarde van die lewe lê nie in myself nie, dit lê in ander wat my nodig het, dan raak ek weer belangrik. Dan raak wie jy is, want om daai ene by te staan moet ek beter wees, moet ek anders wees, moet ek vryer wees, moet ek groter wees, moet ek meer geduldig wees, so dan raak ek weer belangrik. So wat ek vir mense wens, is om hulle roeping te besef, hulle roeping in die wêreld, en te sê “Here ek sien dit raak, wat in my moet verander?” Sodat ek dit kan gaan doen, want dan sal ek lewe. Dan lewe ons, dan lewe die Koninkryk.

7. Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?

Kan ek maar sê ek weet nie? Ek is die kerk, ek en jy is die kerk, so wat kan ons doen? Ek dink nie ons kan iets doen as daar nie iets in ons gedoen word nie. Ek voel altyd my missie of my doel in die lewe gebeur binne my en my God se verhouding. Ek is ‘n introvert so dis vir my maklik om stil te word. My stilword voor God stuur my altyd terug na die wêreld toe. Na my gesin toe, na my vrou en my kinders, na my werk toe. So my stilword voor God beïnvloed hoe ek na die wêreld kyk en hoe ek uitreik na die wêreld. So as die kerk iets kan doen is dit om mense te leer om voor God stil te word, en ek weet nie of ons dit regkry nie.

EINDE

ONDERHOUD 5

1. Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou ‘n vreemde term? Ervaar jy, of het jy al ervaar, dat God jou roep om iets spesifieks te doen?

Roeping is iets waaraan ek nie dink nie – in die fase van my lewe waarin ek nou is, is dit iets wat ek wil leer. Dis nie iets waaroor ek tob of dink of vir my moeilik is nie, ek dink die situasies waarin ek my elke dag bevind as ek opstaan is – my kinders weet op ‘n Sondag soek ek net my stiltetyd. Hulle weet ek blok alles uit – ek verpes ‘n TV aansit en dan is dit net geestelike musiek wat in die huis speel. Dis miskien my manier om nie so konstant daaraan te dink nie maar myself emosioneel te herinner dat dit is wat ek moet doen. So as ek daai doen dan sit dit my week af maar begin ook my nuwe week. So ek dink nie daaroor nie, ek wil dit net leef, sonder dat dit vir my moeilik is. Ek voel as ek daaroor dink maak ek dit vir myself te kompleks. Dis ‘n ingeoefende besluit wat ek lankal geneem het en nou wil ek dit net leef.

Gereformeerde roeping? Ek connect nie ‘n gereformeerde denkwyse daaraan nie, ek wil glo dat ek dit reeds leef.

My gereformeerdheid as mens begin met my ma – sy is vir my ‘n voorbeeld van iemand wat transform en nie gereformeer nie. So ek dink nie oor daai term gereformeerd nie. My ma mag dalk 78 wees maar sy is ‘n toonbeeld van ‘n persoon wat met die jare haarself gevind het en aangegaan het. Ek dink nie oor daai term nie. My pa inteendeel lewe nog in ‘n ander era – so ek dink glad nie aan die woord nie.

THYS: Ervaar jy soms dat God jou roep vir iets spesifieks?

O ja elke dag – dis ‘n besluit wat ek lankal geneem het – in die oggend, wetende waarnatoe ek gaan maak ek ‘n mental lysie van waar moet ek werk, met wie moet ek werk en vir wat moet ek werk, en spesifiek as ek nou dink aan *‘Langman’* ek het ‘n sagte plekkie vir hom maar is terselfdertyd baie hard met hom – ek dink nie my gesin verstaan dit altyd nie, maar ek sal altyd sê dis vir *‘Langman’* wanneer hy kom. Partymaal is my plekkie te sag met hom, maar hard ook met die wete ek wil vir hom iets leer. Ons het eenmaal ‘n gesprek gehad waar ek hom gevra het of het hy ‘n Bybel, en hy het gesê die Here het hom verlaat. Ek het nog nie weer die moed gehad om weer met hom te praat nie, want as hy daar kom vra hy vir A, wat dan na my toe kom en vra wat moet hy doen.

a. Is jou roeping jou werk of is dit meer as dit?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Nee dis nie my werk nie. My passie is miskien my werk en my menswees maar dis nie my roeping nie, dis my passie. Maar deur dit moet ek vir jou sê leef ek my roeping uit, want dit is vir my maklik om vir hulle te sê "hierdie het nou gebeur maar ek glo daar is 'n groter hand daarin"

Nie almal van hulle glo miskien nie maar ek is gemaklik om dit te sê. As mense dit loose begin gebruik distansieer ek my daarvan. Dis dalk partymaal hoekom mense nie hou van wat ek doen nie. Dis hoe ek dit sien – ek sê nie ek is reg heeltyd nie maar waar ek gemaklik is om die boundaries te druk en om van die Here te praat sal ek.

2. In watter mate rig God jou persoonlike roeping en hoe is God betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar?

Elke dag … ek dink jou werk het 'n groot rol, want jy is meeste van die dag daar, en ek is altyd in die posisie van wat sal die Here wil hê ek moet doen voor ek 'n besluit neem. Ja jy raak soms kwaad maar ek vra altyd of doen ek nou die regte ding, gaan ek niemand te nakom nie, is dit hoe die Here sal wil hê ek moet dit doen. En ek het nou al 'n besluit geneem – en hulle lag vir my by die huis – maar elke oggend agtuur gaan daar 'n Bybelvers af op my foon. So daai is my *reminder*, maak nie saak hoe my dag is nie, om met die Here omgang te hê, omgee, en seker te maak ek is nog op die regte pad. En hulle lag vir my, want saans is hy agtuur ook ingestel. Maar dis maklik, ek verloor dit langs die pad elke dag.

a. Wat begeer jy in hierdie lewe?

O jinne, waar is my lys! Om elke dag net happy te wees! Ek is, en dis iets wat ek by A geleer het, om gemaklik met myself te wees. So dis nie 'n begeerte nie. Om tevrede te wees met wie en wat ek is in my vel voor ek iemand anders kan help. Maar dit antwoord nie jou vraag nie. Daar's baie dinge wat ek wil hê maar dis nie 'n diep begeerte nie.

THYS: Kom ek stel dit anders, hoe help jou roeping jou om uit te kom by dit wat jy begeer?

My begeerte is dat my broer nader aan die Here beweeg. Die begeerte is daar – ek tussen die vier van ons is die een waarnatoe almal kom om daai leiding te kry. As daar enigiets in enige van hulle se lewens nie goed gaan nie sal hulle na my toe kom. So my begeerte vir nou is dat y broer nader aan die Here kom.

THYS: So sou daai 'n begeerte wees vir ander wat op jou pad kom?

Ja, maar my broer is eerste op my lysie

3. Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?

Ek dink die eerste antwoord is as mense vir my kyk moet hulle sien sy is geroep, maar sy het ook 'n ander gedeelte wat mens is en fisies hier op aarde is om 'n doel te dien. Hulle moet kan sien sy lewe vir die Here, dat dit wat sy doen spreek daarvan.

THYS: So jou lewe moet getuig van God?

Ek wil hê dit moet daarvan getuig, ja.

THYS: En wat maak dit vir jou moontlik om dit te doen?

Ek dink dat ek daai besluite geneem het soos in die eerste vraag om daai te doen, want ek het nie altyd my Bybel by my nie maar ek het wel daai reminders konstant daar vir my gesit om my te help om dit te doen. Want as ek nie dit doen nie dan is ek verlore. Ja ons lewe in 'n vinnige pace maar dit moet 'n ingeoefende besluit wees en nou dink ek nie eers meer daaroor nie, ek doen dit outomaties. En met die kinders ook, hulle giggel maar hulle wil weet wat sê die Bybelversie, so dit spoel outomaties oor in hulle in.

THYS: En wat maak dit vir jou moeilik?

Dit maak dit moeilik as mense jou kritiseer as jy van die pad afgaan. Onmiddellik as jy iets doen in jou fisiese wese as 'n mens, word jy gekritiseer, maar jy het nounet gespreek van dit, en ek dink daai dat mense kan sien nou is ek in hierdie kapasiteit en dis my besluit wat ek moet doen as gevolg van dit. Wat dit ook moeilik maak, is orals waar ek gaan moet ek in beheer wees en besluite neem, en partymaal wil ek net nie besluite neem nie.

4. Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds 'n beduidende rol, en op watter wyse?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

As ek aan die kerk dink, dink ek aan ‘n koue gebou, ek dink nie aan die kerk as ‘n gemeente of ‘n gemeenskap nie omdat ek grootgeword het “ons moet kerk toe gaan, ons moet kerk toe gaan” ens. Vir my was kerk toe gaan ons gaan nou na ‘n gebou toe, nie na ‘n warm gemeente om ‘n Woord te ontvang nie. En, unfortunately, doen ek dieselfde met my kinders, ek sê nie vir hulle ons gaan vandag om die Here se Woord te hoor nie, en ek dink daai moet mens verander maar hoe verander jy dit? Almal dink ons gaan kerk toe, ons gaan na die gebou toe, so hou ons nie kerk enige plek nie? Hou ons nie kerk in die huis nie? Daai konneksie van die kerk is net ons gaan na die klipgebou toe.

THYS: En as ek dit anders sou stel en vra het die kerk as geloofsgemeenskap ‘n rol gespeel in jou roeping?

Ja definitief! Ek mis dit ontsettend baie en ek moet eerlik wees ek het net die warmte gevoel toe ek na die gemeente gekom het en nie die gebou nie. Daar waar ek vandaan kom was dit meer jy het uitgesien na Dinsdagaand om biduur toe te gaan, en my ma het daar ‘n belangrike rol gespeel, en hulle het van kleins af met ons gereël jy kom sit maar … daai was nie lekker nie! Soos R en J – toe ek so oud was, het ek lankal gesit in die biduur en luister en selfs ‘n stukkie gelees saam met die biduur mense en dan was ek na 10 minute verskoon. Ek het nie altyd verstaan wat hulle sê nie maar ek was geleer om saam met hulle ‘n Skriffie te lees.

THYS: So die geloofsgemeenskap het ‘n impak gehad?

Ja, en die ander ding is die sang wat ons Sondae doen, dis vir my lekker. Daai warmte het ek meer ervaar en die warmte nou met die kindermoment. Daai is vir my baie beter, want my kinders sê ook al ons moet huis toe gaan, ons kan nie hier bly nie, more is Sondag. Dis vir my lekker, maar uit my ma se era, dis vir my lekker.

5. Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?

Ek sou sê ja en nee. Dis naby genoeg maar dis ver genoeg. Dis ver genoeg om daarvan te praat, maar nie naby genoeg om ‘n verandering te maak nie. En daarmee sê ek hier dat ons gemeentelede nie ‘n verskil wil maak nie. Maar die verskil wat ons partymaal doen is goed wat op ‘n afstand is, maar as jy dit nader bring is dit vir my moeilik. Dis vir my makliker in ‘n werksomgewing om ‘n persoon te aanvaar, want thats just how it is, dis ons werk, dis ons space 24/7 en dis ‘n langer periode. Maar in die kerk is jy vir ‘n korter periode maar jou uitreik werk wat deur gemeentelede gedoen word, is half of dit op die perimeter is, eks ook skuldig, ek sê nie eks onskuldig nie, maar dis half of dit net so op die perimeter is.

THYS: So mense weet daar’s nood en roeping maar hulle engage nie rêrig met dit nie?

Ons engage op ‘n finansiële manier en dis vir ons OK, en ek sluit myself daarin. Maar ek vat weer my ma se voorbeeld – sy kook sop elke Woensdag, en sy gaan met die pot sop Smartietown toe en sy staan en skep fisies vir die kinders kos. Ek is skuldig, ek doen dit nie, ek glo sy sou my saam gesleep het as ek daar was. Ek kyk ook na my kinders in hulle omgaan en dinge doen, hulle kry die beste van albei wêrelde omdat A is waar hy is, dis my opinie ek mag verkeerd wees, maar hulle sien kinders wat arm is so hulle kry daai konneksie en verstaanbaarheid. Ek weet nie wat hulle andersins van my en A sou kry nie.

a. **Hoe sou jy sê is lidmate van ander gereformeerde kerk groepe, bv. VGK, Xhosa, Afrikaans betrokke by hierdie uitdagings van ons tyd?**

Hulle benadering is seker ‘n bietjie anders, ek dink nie finansieel is hulle so sterk soos ons nie, so hulle betrokkenheid is ietwat anders. A se pa-hulle, wanneer ons die kinders soontoe neem dan voel ek ons maak ‘n verskil sodat hulle kan leer van die VGK en hoe hulle dit doen. Hulle word NG groot maar ons probeer hulle aan die ander ook blootstel. Laaste toe sê dis lekker in die kerk, want ons kan saam sing en saam jubel. Ek weet nie of julle dit kan sien van daarbo nie maar veral as jy diens doen of Jurie doen diens dan staan en wig ons drie daar in die banke. Nie noodwendig my ander helfte nie, maar ons drie omdat my kinders daarby aanklank vind. Om terug te kom na jou punt toe, I’m not so sure. Ek onthou toe ons daar was met die besoek was dit vir hulle ongemaklik omdat ek van die NG gemeente is. Ek kon die ongemak tussen ons voel maar ook die “is sy ook daar, sy is een van ons”. Toe het hulle later nie geweet hoe om vir my te sê nie toe sê hulle mevrou – nee, nee, nee. So daai is nog daar. Daar is ‘n afstand, selfs met my kinders, want nie gewoond is om in die gemeente daar te wees nie. Daar gaan ‘n afstand wees – daai tipiese ding van klassisme skop in. Mens kan probeer, want in ons geledere kan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mens makliker uitgejou word as iemand wat aan die ander kant van die lyn sit – dis nie noodwendig so nie maar mense kan jou so sien.

6. Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?

Nee ons is almal dieselfde. My opinie is of jy nou in Nieu-Zeeland of Kanada of waarookal is, dit wat jy hier kry gaan jy daar kry, net in 'n ander formaat. Ek mag heeltemal verkeerd wees maar dis my opinie. Dis orals dieselfde, sensasie is sensasie. Wat ons moet hanteer is klassisme – een kommentaar wat iemand gemaak het, is hulle wil nie deel wees van hierdie omgee groep nie, want hulle is 'n sekere level. I can agree to that, dis dalk iets wat my terughou van die stokvel. Ek is nie gemaklik daarmee nie maar kom ons los daai daar. Ons sien mekaar nie as gelykes nie, we just don't. Gelykes in die sin van 'n mens – ek is ook skuldig daaraan. Ek dink enige ou se muur is op voor hy 'n persoon leer ken, jy gee nie 'n persoon 'n regverdige kans om hom of haar te leer ken nie. Jy het half 'n bevooroordeelde manier van dink. Wat ek van hou is die oom wat nou in die kerk is (so wit hoedjie opgehad Sondag) – hy is vir my 'n toonbeeld van ek wil hier wees en ek gaan hier wees, en dis nie my intensie om hierdie dop te hou nie, dit gebeur net so. Dis mens se natuur, hoe jy daar verbykom, I don't know really, miskien kos dit my net om te sê "more" . Ek weet nie of ons gemaklik is om daai te doen nie. Dan is daar die generasiegaping in die gemeenskap, hoe om mense te kry om daai te let go, I don't know. Dis maklik vir ons om vriende te wees maar nie om so nader aan mekaar te lewe nie, want ons het reeds persepsies gevorm van mekaar. 'n Mooi gebaar bv. Is iemand het nou die dag in die moederskamer gesê hulle hou van hoe Jurie en Thys dit doen, hulle probeer ten minste die gemeente bymekaar hou, wat bietjie beter is as 'n paar jaar terug. Ek moet ook sê mense van ons ouderdom is stuck in moet ek of moet ek nie, kan ek of kan ek nie, ons ken nie rêrig mekaar se gewoontes nie en dit maak dit moeilik. En ek praat baie so ek kan nogal mense afsit! Dit spil oor na die kinders wat soms sê hulle het gedink witmense is bo bruin en swartmense – dan sal ek vra hoekom dink hulle so – hulle sê dit voel sommer so, en as ek druk sal hulle sê dis oor hulle onderwysers wit is. Dan sal ek sê die hoof is 'n bruin onderwyser – dan sê hulle hulle het daarvan vergeet! So waar ons kinders die geleentheid het nou maak dit ook 'n verskil in hulle denkwyse.

Ons as gemeentelede het 'n verantwoordelikheid om die wat ons het en veral die kinders vir die toekoms reg te lei, want hulle is so beïnvloedbaar. Ons kinders het so breë spektrum van maats en hulle probeer hard om die Xhosa en Zoeloe maatjie te ken, maar hulle is ook bang, hulle is net so versigtig. So dis maar beide kante, en ons dorp de kultuur is nie een van gemak en oopheid nie. Dit maak dit moeiliker. As jy sien hoe met bruin, swart of selfs witmense gepraat word in sekere areas, met enige persoon gepraat word, daar is daai condescending manier, dis soos … iemand het nou die dag gesê dis 'n Weskus ding, maar dit is nie, dis wat jy daarvan maak.

a. Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap binne die omstandighede wat jy beskryf het?

'n Light bulb moment vir ons almal om mekaar as 'n mens te sien heel eerste. Ek sluit myself in. Om dit te verander en verbeter, ons moet aanhou probeer. Partymaal is dit ook net 'n kwessie van jy *connect* net makliker met iemand. Ek weet nie of ek jou nou antwoord nie …

THYS: Wat jy beskryf het, is 'n kultuur van ongelykheid, en wat jou begeerte is dat ons verby hierdie dinge moet kyk en mekaar sien as mens – dis daai lightbulb moment waarvan jy praat?

Niks wat ek in myself doen gaan my op 'n ander level bring nie, ek moet altyd net eers die mens sien, soos bv. Jy begin iewers nuut – mense sien jou en jy wil op jou eerste dag jou beste voet voorsit, en die blink persona is eerstens om die mense om jou te lok om van jou te hou, en daarna begin jy eers jouself te wees. Eintlik moet dit andersom wees maar ons het die wêreld so gemaak, dis wat sleg is. En ek sal nie die opmerking vergeet nie, ek het eendag gesit en wag om onderhoude te voer, en iemand het net gesê die persoon wat ingekom het, wat geselekteer was, lyk nie die beste van kop tot toon nie, en daai persoon se onmiddellike opinie was gevorm. Ek het gesê ons weet nie hoeveel moeite het ingegaan om hier te kom nie, kom ons gee hom die benefit of the doubt – dit maak vir my sin.

7. Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?

Doen ons dan nie baie nie? Ek dink baie mense doen baie dinge, ek dink die uitdaging dis dieselfde mense wat dinge doen elke keer, en hoe werk jy om dit? Jy het dit eintlik al geantwoord, kry net een persoon wat jy kan intrek om te help. Die interessantheid daarvan is dis maklik vir mense om by 'n ander liggaam betrokke te raak en daar te help. Dis nie so maklik vir die kerk nie vir een of ander rede.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ek het jou gesê ek probeer nou al hoe lank vir my vriendin inkry, so ek het nou al vir my kind gevra vra of sy nie wil Kix toe kom nie, dalk is daai die antwoord. Sy is by die sport betrokke nou, so …

THYS: Nooi haar na die omgee groep toe.

Ek het maar dis moeilik! Weet jy hoekom? Daar is 'n stigma en dis weer daai vooroordeel van 'n ander persoon wat dienste gelei het en hulle ervaring met daai persoon. So hoe verander ek dit? Dis 'n moeilike een. Die persoon is nou nie meer nie so dalk is dit nou vir my makliker om nader te kom.

Dis moeilik, en ek weet nie wat anders om te doen nie, jy moet innoverend bly – jy gaan moet probeer voorbly om innoverend te wees. Op die einde van die dag gaan jy net die mense kry wat dit wil doen.

THYS: Hoekom sal daai mense dit wil doen?

Want daar is nou niks wat hulle daaraan konnoteer nie, dis vir hulle lekker en maklik om te doen. Dis 'n besluit ook wat jy doen maar ek weet nie hoe was die ander se aanloop tot die kerk toe nie. Hoe was jou gevoel, want in jou kinderjare word jy gevorm. Dis een van die redes hoekom ek deel is van die kerk, of dit nou die gebou of die gemeente is. My ma was baie – sy het baie ingesit en nou pluk sy die vrugte. So dis nie net die persone wat jy nou het op hierdie stadium nie, dis ook waarvan hulle kom, hulle agtergrond maak 'n groot verskil. Dis partykeer vir my moeilik om te verstaan – dit hoef nie moeilik te wees nie, dit is wat jy moet doen. Of nie moet doen, dit moet so natuurlike proses vir jou wees. Veral as jy sê jy is 'n Christen, of jy een is of nie ek respekteer jou nog steeds, but then if you are I want to ….

THYS: So wat ek by jou hoor is as jy Christen is, is jou roeping op 'n manier 'n natuurlike ding en dis hoekom jy dit wil doen?

Ja, en dan as jy een word moet jy consistent besluite maak van jy wil dit doen, want daai is die gedeelte waar ek kan val en ek val daarin. Daar is nou wel 'n *reminder* op my foon maar dit help my, soos die Bybel in my kantoor wat my roep en sê kom lees my, jy het my nog nie gelees nie.

EINDE

ONDERHOUD 6

1. Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou 'n vreemde term? Ervaar jy, of het jy al ervaar, dat God jou roep om iets spesifieks te doen?

Gereformeerde roeping – die term is ek nie mee baie bekend nie. Ek glo wel roeping is belangrik, ek glo dat enigiets wat jy geestelik aanpak moet jy 'n roeping hê. Het ek al ooit 'n roeping gehad? Ja ek dink so. Ek glo dit wat ons tans mee besig is in ons selgroep is 'n roeping. Ek luister maar moeilik, ek luister nie altyd goed na my roeping nie maar ek glo dat God my al geroep het tot sekere goed en ek probeer my bes om mooi te luister en te doen wat hy vir my sê. Wat ons geloof aanbetref sink ek dis 'n baie belangrike ding, enige ou kan nie net sommer iets aanpak nie, dit met jou roeping wees.

a. Is jou roeping jou werk of is dit meer as dit?

Ek weet nie of ek al ooit so daaroor gedink of gekyk het nie, ek glo dat God jou some in situasies plaas wat jou forseer om sekere besluite te neem en dit word jou beroep aan die einde van die dag. So dit glo ek – of dit roeping is kan ek jou nou nie sê nie. As ek dink aan die term roeping dan dink ek uitsluitlik aan geestelike roeping, so as ek dink aan die bedryf waarin ek is sou ek soos die Engelsman sê: Dis *meant to be,* soos wat God dit beplan het vir ons.

THYS: So vir jou is daar 'n redelike skeiding tussen jou werk en dit jy geestelik voor geroep word?

Ja, ek glo dat God jou op 'n sekere pad sit, beroepsgewys en geestelik, dis hoekom ek sê miskien kan jy dit deurtrek en sê my besigheid waarin ek is, is ook my roeping, want jy kan jou geloof uitlewe in jou besigheid ook, wat mos nou eintlik die ultimate is. Jy wil dit so hê.

2. In watter mate rig God jou persoonlike roeping en hoe is God betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar?

So as ons sê dag tot dag dan beteken dit meestal dit wat my werk is en waarmee ek myself besig hou 90% van die tyd. Die bedryf waarin ek is, is baie geestelik challenging, daar is baie stresvlakke en ons werk met mense, en mens werk baie met mense wat nie kinders van die Here is nie. Ek dink juis daarvoor dat God 'n groot rol moet speel in my alledaagse lewe, so ek het baie geleenthede om mense na God

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

toe te lei, meeste van die tyd mis ‘n ou daai geleenthede, maar ek dink bloot die manier wat ek besigheid doen kan dit eer van God wees en mense kan dit optel, en mens bou besigheidsverhoudings met mense op, waar mense ook kan sien hoe jy jou werkers behandel en die mense waarmee jy besigheid doen kan dit ‘n geleentheid wees om te getuig. So ja, ek dink daar is geleenthede vir my en sommige van die geleenthede gebruik ek maar jy mis ook baie daarvan ook.

THYS: Hoe is God betrokke by hierdie geleenthede?

Ek kry met baie mense te doen wat ook dieselfde stres-levels as ek ervaar, en van my grootste begeertes en vrae aan God is om my kalm te hou in moeilike omstandighede. En wanneer ek in sulke omstandighede is kry ek dit reg deur kalm te bly om die mense om my ook kalm te hou, en geestelik kalm te hou. Dit het twee keer in die laaste tyd gebeur dat mense my vra hoe kry jy dit reg om kalm te bly? Dis die perfekte geleentheid om te getuig en te sê “dis eenvoudig, ek bid elke oggend daarvoor.” In daai geval hoop ek dat dit mense aanspoor om dieselfde te doen.

a. Wat begeer jy in hierdie lewe?

Dis iets wat in my groei die laaste tyd, ek soek nog bietjie rond om te weet wat ek werklik begeer, mens dink jy weet wat jy begeer en die meeste mense sal spring op die idee van ek begeer om vir my familie te provide, ek begeer om ‘n sukses te maak van alles wat ek aanpak, maar ek dink die laaste tyd raak dit vir my al meer ‘n geestelike begeerte. Hoe om steeds in hierdie wêreld dit reg te kry om ‘n getuienis te wees vir ons Evangelie. Om gesien te word seker maar in my spesifieke geval as ‘n besigheidsman wat ook ‘n kind van die Here is. Ek dink dis ‘n groot begeerte vir, ‘n ou het maar baie begeertes maar ek dink huidiglik vir my hoe om in my alledaagse lewe dit reg te kan kry, veral hoe om meer spesifiek te wees- om nie in die oggend op te staan en jou Godsdiens te hou en dan uit te stap en aan te gaan, al het jy ‘n great dag, eers weer vanaand te dink aan my geloofslewe nie. Ek wil in elke situasie waarin ek is God se hand sien, ek wil in elke mens God raaksien, selfs die ou wat my irriteer of die kliënt wat ek nie kan verdra nie, wil ek God raaksien in. So as ek dit kan regkry dan is dit een groot begeerte en dit is baie moeilik. Dit gebeur 9/10 keer dat ek uitgaan en as ek die aand by die huis kom nie een keer kan ek sê het ek ‘n gesprek gehad met God nie. Maar om deurentyd ‘n gesprek met God te hê, elke situasie al is dit small talk, ek dink as ek dit kan regkry, dis ‘n groot begeerte.

THYS: So wat ek eintlik by jou hoor is om werklik God se wil te soek deur die dag?

Dis reg ja

3. Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?

So wat ek dink God vir my vra op hierdie oomblik, en ek is redelik seker daaroor, is dat ek geestelike leiding kan gee aan die mense waarmee ek te doen kry, tot ‘n geestelike leier te wees in my beroep en in my vriendekring veral. Ek dink die selgroep waarin ons betrokke is, is mense wat nie meer vrae vra oor hulle eie lewens nie. Om vir daai mense ‘n voorbeeld te wees en ‘n geestelike steunpilaar te wees. Dis die een dink ek, en dan op so manier dan God se werk te doen vir Hom. Dan is daar spesifieke mense wat ek mee te doen kry op besigheidsvlak wat deur geweldige moeilike tye gaan, en dis net asof ek weet wat die oplossing is vir hulle. Hulle moet net hulle lewe vir die Here gee, dan sal dit beter wees vir hulle. As ek dit kan regkry, glo ek dis God se roeping vir my in my beroep en bedryf. Daar is spesifieke mense met wie ek te doen kry wat ek voel dis ‘n taak wat God op my hande lê. Die challenge vir my is dat hierdie mense ken my op ‘n persoonlike vlak ook, hulle ken my swakhede ook, hulle het al my foute gesien ook, en die meeste van hulle is redelike mense met vuur in hulle, so die oomblik wat ‘n ou veral ‘n geestelike gesprek met hulle voer sal hulle my dalk moontlik ‘n hipocrite noem. Ons is gereeld in mekaar se geselskap by die werk en in die vriendskapskring, dit is die challenge – om aan hulle te wys ek het foute, wys my my foute ook uit.

THYS: Jou broosheid as mens?

Dis reg ja.

4. Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds ‘n beduidende rol, en op watter wyse?

Ek dink dis ‘n persoonlike gevoel, ek dink die gereformeerde kerk het deur die jare baie metamorfoses ondergaan en dis goed, die wêreld bly verander. Daar gaan altyd ‘n sekere vraag op die tafel wees wat moet beantwoord word, ons weet een van die grootste kwessies is die gay kwessie, so dit maak my gelukkig om te weet dat die kerk die heeltyd daarmee spook. Dis nie net ‘n uitgangspunt en dis nie net van val daarby in of pak jou goed en gaan nie. Ek dink mens moet oor sekere goed gesels en so lank as

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat die kerk oopbly vir verandering, al beteken dit dat ons sommige van ons eie reëls moet verander, dan dink ek is ons op die regte pad. Sover ek kan aflei hang dit van gemeente tot gemeente af, die kerk, as sulks, die hoofliggaam self, is oop vir verandering en ek dink daar word baie goed daaroor gedebatteer oor, maar aan die einde van die dag besluit elke kerk maar steeds of hy sekere mense gaan toelaat of nie. So ons moet bly oop wees vir verandering, nie net die kerkraad of wie ook al nie, ek praat van al die gemeentelede. Die gemeente moet oop wees vir verandering en gesprekvoering. Aan die einde van die dag gaan dit oor liefde. Ons moet mense wat ons nie kan verdra nie steeds met liefde kan behandel, want dis wat Jesus sou gedoen het. Ek dink as ons ‘n moeilike vraag vra moet ons partymaal net dink wat sou Jesus gedoen het. Dis ‘n beeld wat my pa eendag met my gedeel het, ons kan hier sit en redeneer en mekaar verskreeu oor of homoseksualiteit ‘n sonde is of nie en hoe hierdie mense behandel moet word, maar in daai selfde kamer sit Jesus dalk en wonder waarmee is ons besig. Wat sou Hy gedoen het, hoe sou Hy opgetree het, wat het hy met die prostituut gemaak, wat het Hy vir haar gesê? Solank ons daai houding of gesindheid het as kerk dink ek sal ons goed doen.

5. Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?

Ja ek dink so, en wat lekker is van ons onderhoud is dat dit ‘n nuwe vraag by my skep, want ek kom agter dat ek skei geweldig baie my geestelike- as jy ‘n vraag vra wonder ek of moet ek jou eers die geestelike antwoord gee- so geestelik ja, ek dink die grootste challenge wat mense het, is as ek dink ons het in ‘n gemaksone hier in die Wes-Kaap geraak dat daar is min challenges wat ons het. Ons is nog altyd relatief veilig gewees, ek kom agter die gemiddelde kerkgaande persoon voel as hy Sondag sy diens bywoon en hy gooi sy R10 in die bordjie, dan is God happy met hom. Dan kan hy die week ingaan en ‘n normale lewe lei, nie noodwendig ‘n sondige lewe nie maar normaal, en hy het sy deel gedoen. Ek stap ‘n pad op die oomblik met iemand wat vir my sê hy is onseker waar hy gaan die dag as hy sy kop neerlê. Hy sê hy is oortuig daarvan hy gaan hemel toe gaan op grond daarvan dat hy het vir hierdie en daardie ou iets gedoen, so hy is goed genoeg. Ek dink dis die challenge. Ek dink ons word nie … as jy dink aan die vervolgde Christene, hulle is ge-challenge, werklik ge-challenge. Daai mense stap ‘n pad met God wat ek net kan droom om te stap. So ek dink dis ons geestelike challenge- om deur al die pressure wat ons het by die werk en in familielewe dit te kan regkry om nie vir God ons leftovers te gooi nie. As ek ‘n beeld kan gebruik, soos om vir ‘n straathond ‘n been te gooi en te sê daarsy, ek het jou mos nou gehelp. Ek dink dis ‘n groot challenge wat ons het.

THYS: So as ek jou reg hoor is dat meeste lidmate, spesifiek waar jy is, is nie so betrokke by die uitdagings as wat hulle kan wees nie?

Ja definitief, ek dink die groot probleem waarmee ons as gereformeerdes sit is dat ons daag onsself nie uit in ons geestelike lewens nie, om ‘n voorbeeld te gebruik, jy gooi jou dankoffer in en jy weet die kerk ondersteun sekere organisasies, maar jy kyk nooit die persoon in die oë nie- verseker is dit die gemaklike uitweg gekies. Ek dink ons is te relaxed, ek dink ons is louwarm Christene, die meeste van ons. En dis die realiteit waarmee ek in my lewe sit op die oomblik, en die vraag wat ek vir my vra.

a. **Hoe sou jy sê is lidmate van ander gereformeerde kerk groepe, bv. VGK, Xhosa, Afrikaans betrokke by hierdie uitdagings van ons tyd?**

Van wat ek optel is die meerderheid mense met wie ek te doen kry as jy hom vra of is hy ‘n kind van die Here, dan sal hy vir jou sê ja hy glo in God. As jy meer gesels is dit waar dit bly, hy glo in God. Wat hulle perspektief is en wat dit moeilik maak, is ons werk met bruinmense, ons werk met Xhosas en allerhande soorte kulture, en elkeen het hulle eie tradisionele maniere met wie ook al hulle dien. As jy praat van kerkgaande mense, die meeste waarmee ek te doen kry is maar charismatiese mense, ek dink hulle grootste challenge is hulle is maklik verleibaar deur verskillende, kom ons noem dit nou maar vals profete- die vrou wat ons ons huis werk spring van kerk na kerk, want hier kom ‘n ou, flambojant en praat mooi en dis alles goed, tekens uit die hemel, en right, dis die man. Dan ‘n jaar later besef hulle die ou het met al die geld weggeloop. Dis hulle challenge. Daar is nie die strukture wat ons het waar jy gaan accountable hou word vir dit wat jy doen nie. Die dominee kan nie sommer met R100,000 wegstap, sonder dat hy uitgevang word nie.

Dan is daar ook die maatskaplike *challenges*- armoede en so aan. Wat geestelik aanbetref, is dit baie moeilik veral om met die wat nie Afrikaanssprekend is nie gesprekke te voer, want daar is taal issues, hulle en ek weet nie hoe om onsself uit te druk nie. So nee ek dink nie daar is enige gereformeerdes waarmee ek te doen het nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6. Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?

Ek dink ons grootste uitdaging is die oorbrugging tussen rasse en kulture. Ras gaan minder 'n probleem wees maar ek dink kultuur, ons verstaan nie mekaar se kulture nie. Al verstaan ons die definisie van elkeen se kultuur en hulle gebruike om hulle te aanvaar is moeilik. Ek dink die meeste van ons gereformeerdes is konserwatief grootgemaak, dalk is dit 'n generasie wat moet uitsterf- ek weet nie hoe ons dit gaan oplos nie, ek hoop maar dat dit 'n generasie ding is, maar as ons kulturele verskille kan oorbrug sal ons 'n verder pad kan stap. Of, dalk op 'n punt kom waar ons aanvaar dat ons het verskillende kulturele beginsels dan sal ons seker die meeste van ons kulturele uitdagings kan oorbrug.

THYS: Voel jy dis dieselfde hier as in die res van die land?

Ek dink so, ek vermoed dalk na die binneland toe gaan dit moeiliker wees, taal hierso, ons is darem baie Afrikaanssprekendes, maar ek dink, sodra jy binneland toe beweeg raak dit moeiliker. My gevoel is dat hoe meer jy op beweeg boontoe, dat die blanke persoon is baie minder flexible as dit kom by kulturele verskille. Hulle is nog baie konserwatief. Ek kan nie praat vir die ander kulture nie, net vir myne.

a. Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap binne die omstandighede wat jy beskryf het?

Ek dink my groot begeerte sal wees dat ons almal net terugsit vir 'n slag en net bietjie terugkyk na ons eie lewens, dit wat ons vir God gee, en dalk minder tevrede wees met waar ons geestelik is, en meer bly soek. En ek dink daai vrae wat jy jouself vra kan wyd wees, dit kan 'n klomp uitdagings aanspreek. My gevoel is net ons is in 'n gemaksone wat ons geloofslewe aanbetref. Ek weet nie mooi hoe om dit uit te druk nie, maar ek dink die meeste van ons dink ons is *fine* en God is tevrede met ons.

THYS: So jou begeerte is dat mense waarlik introspeksie sal doen voor God en hulle eie roeping besef ?

En eintlik net teruggaan na die Woord toe, as ons die eerste gedeeltes lees van die Nuwe Testament na Jesus gekruisig is, die direkte opdragte wat hulle gegee het aan daai tyd se Christene wat dan nou eintlik ook ons is, wat daai ouens gedoen het uit hulle gemaksones uit en absoluut net vir God gelewe het, ten koste van baie dinge. As ons daai lees en ons sien wat hulle gedoen het en wat baie steeds om die wêreld opoffer vir hulle geloof, dan dink ek nie ons kan terugsit en sê ons is *fine* nie, God is tevrede met ons nie. Ek sê nie almal moet op 'n vliegtuig spring en gaan sendingwerk doen of hulle families agterlaat en geweld geteisterde gebiede ingaan nie, dis nie wat ek sê nie, ek dink ons moet net bietjie gaan sit en dink daaroor en besef wat God se roeping is vir jou. Elke ou se roeping is anders.

7. Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?

Dis baie moeilik. Ek dink die gemiddelde gereformeerde ou kan nie verander word deur 'n kerk of 'n mens nie. Dis net God wat hulle harte kan verander. Ek dink aan die hoeveelheid moeite wat julle doen as predikante, goed wat julle in plek sit, en hoeveel keer nooi 'n mens iemand om deel te word van 'n selgroep of 'n omgeegroep? Die meeste keer begin mense vuur en vlam maar later moet daar konstant gebel word en gevra word hoe lyk dit, wat is fout, kom julle nog? Ek dink ons harte moet verander word deur God dat ons op 'n punt kan kom waar ons nie meer – ek het 'n goeie Engelse woord – accountability. Ek dink as ons as kerklidmate op 'n punt kan kom waar ons nie meer verwag dat ons accountable gehou moet word deur iemand, deur 'n predikant, deur 'n selgroepleier, deur 'n kerkraadslid, om sekere goed nie net by te woon nie maar op te tree soos 'n kind van die Here nie. Dan kan die kerk maak net wat hy wil, mense se harte gaan nie verander nie. Ek het jou al gesê ek haal my hoed af vir wat die kerk probeer, ek het eerlikwaar nie die antwoord vir wat moet gebeur nie. Ek is op 'n punt waar ek besef God moet mense se harte verander, dis al. Die kerk kan doen wat hy wil met baie goed en daar wees, ek dink in sommige gevalle en dis gemeente gebaseer, dink ek dat mense soms liefdeloos behandel word, mense wat van die pad af is of struggle met goed in die lewe. Wat dalk met die reëlboek geklap word as hulle wil betrokke raak. Dit is vir my 'n probleem- ek verstaan dat daar reëls gehou moet word maar dis ook al gesprekke wat ek en jy al gehad het. Ek dink as ons daai geheim kan vind dan doen ons wat ons kan. Maar deur die bank, en ek dink dit gaan in alle kerke so, ek dink die charismatiese ouens het 'n ander styl van hoe hulle mense accountable hou, maar ek dink een van die groot goed wat ek in my kop besig is nou is mense moet nie accountable gehou word nie, dit moet in jou hart wees. Jy moet so lief wees vir God dat jy verlief is op Hom. Dit moet al wees wat jy wil doen- jy moet 'n klein groep bywoon nie omdat jy wonder wat die ouens sal sê as jy nie opdaag nie, jy moet dit doen omdat dit vir jou lekker is, omdat jy die Here wil gaan dien. So as die kerk daai resep kan bemeester dan dink ek hy het sy doel gedien.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dan die ander deel van die ding is, en dis my persoonlike opinie, is dat ek dink jou omgeegroepe moet 'n baie groter rol speel in jou kerke. Ek dink dis meer persoonlik en ek dink die moderne mens se privaatheid is baie belangrik vir jou, en jy gaan makliker deel in 'n groep van 10 as wat jy gaan deel in 'n groep van 1000. Jy gaan ook meer aktief wees in 'n groep van 10. Daarom dink ek persoonlik ons kerk waar die klem op die klein groepe is, ek dink dis die regte pad, ons moet net daai accountability ding uitsorteer.

EINDE

Onderhoud 7

1. Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou 'n vreemde term? Ervaar jy, of het jy al ervaar, dat God jou roep om iets spesifieks te doen?

Ja, my roeping het op 'n ander manier na vore gekom, mens het mos nou in die kerk grootgeword en deur die meule gegaan van Sondagskool en katkisasie Trouens, aanvanklik was ons heeltemal eenkant weg van 'n kerk af, in 'n opset/dorpie waar 'n gereformeerde kerk nie gefunksioneer het nie. Ons was aangewese op ouers om die leiding te gee vir ons vir ten minste die eerste tien jaar. Daarna het ek op kosskool beland waar 'n ou nou die blootstelling gehad het aan Sondagskool en katkisasie- 'n ou het deur die *ranks* gegaan van katkisering en belydenis van geloof aflê, en voorstellings gehad het. Maar daaruit het daar nie regtig, dis nie dat dit so impak gehad het nie, so ek het nie uit skool en voor 'n roeping gehad en gevoel hier is iets wat met my gebeur nie. Selfs toe ek weermag toe is het jy heeltemal apaties gestaan, kerk was gedwonge binne 'n militêre opset. Eers daarna, en interessant op die radio- ek kan nou nog nie onthou wat dit was nie- maar daar het op 'n oggendgodsdiens 'n boodskap deurgekom. Ek was besig met B.Com op daai stadium na militêre opleiding en daar het 'n boodskap ingekom wat my kop geswaai het. Ek het net daar na my ma gestap en gesê ek ervaar die Here roep my om predikant te gaan swôt. So dit was nie uit die gereformeerde of NG Kerk, as sulks, waar daai roeping gekom het nie, dit was 'n eksterne invloed van die radio se kant af. Op daai stadium was ek betrokke by die gemeente op Stellenbosch waar ek studeer het en het studentekerk toe gegaan- dit was 'n lekker geleentheid want jy kon 'n girl vat – maar ons het ook betrokke geraak by sendingwerk in Mitchell 's Plein wat anders was- en ek dink al die goed het saamgewerk om daai roeping te bewerkstellig. Of sit uit die gereformeerde tradisie gekom het, is moeilik om te sê of daaraan te koppel, maar ek was by die NG kerk lidmaat en dit was maar 'n voortvloeiing van hier praat die Here met my oor die radio, kry ek hierdie roeping, en het ek nie eintlik verder gedink om op 'n ander plek betrokke te raak in hierdie roeping van die Here as by die NG kerk nie.

THYS: So jy voel dat jy spesifiek geroep is om predikant te word?

Ek het daai oggend, dit was vir my 'n geweldige ding gewees, jy het reeds 'n jaar B.Com agter die rug met moeilike omstandighede, daar was nie geld nie ek moes met lenings die dinge doen, dit was nie 'n maklike tyd nie. En tog kom praat die Here en sê Hy Ek roep jou in die bediening. Maar soos ek sê daar was nie 'n ander verwysingsraamwerk as die NG kerk nie want my ouers was by NG lidmate, maar dit was nie dat die NG kerk noodwendig my geroep het nie, dit was 'n Here roeping om te sê Ek roep jou want hier is 'n behoefte wat Ek wil vervul hê.

THYS: En vandag, of met die tye?

Met die tye en veral met die kweekskool – jou vorming het daar plaasgevind. Jou denke se vorming. Jou verdieping, jou verhouding met die Here, het met die kweek al dieper geword- ek het ook nie eers vrae gevra nie, ek het net aanvaar dis waar die Here my roep. Ons het 'n paar ouens in die kweek gehad wat andersdenkend was as bloot gereformeerd, konserwatief of fundamentalisties gereformeerd – hulle het wyer gedink. En dit was nogal vir my 'n *trigger* om te begin dink. Wat dan ook verder by my 'n rol gespeel het, was my broer wat by die Volle Evangelie Kerk 'n pastoor was- dit het 'n denke by my gebring wat wyer was as net eng gereformeerd. Maar nooit het ek getwyfel aan iets anders nie.

THYS: Kom ek vra jou so, wat dink jy is die verskil tussen gereformeerde en charismatiese verstaan van roeping? Is daar vir jou 'n verskil?

Ek dink nie daar is 'n groot verskil nie, meestal dat die klem lê op feit dat gereformeerd is – ons is dikwels geneig om baie in 'n boks te dink- dit loop net op 'n lyn van "genade alleen" en "geloof kom nie deur jou eie dade nie", dis daai gereformeerde pakkie wat ons probeer in boks, en dan vir onsself sê die Here kan nie eintlik ekstern met jou praat nie, die Here moet uit die oortuiging van die Skrif jou lei.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ek het die ander blootstelling gehad van my broer wat gevoel het dis amper of die Here uit die ruimte uit met hom praat, en sê ek roep vir jou. En daai uit die ruimte uit praat- ek wil amper sê ek het blootstelling aan al twee gehad. Die Skrif wat my roep, die Woord wat sê wie kan ek stuur, en dan sê ek Here hier is ek, stuur vir my, terwyl daar ook invloed van buite was wat sê die Woord roep mense om die Evangelie te verkondig. Dis die boodskap van die oggend wat ek ervaar het. Die Here sê ek soek mense, waar is julle? Hoekom wil julle nie gaan nie?

a. Is jou roeping jou werk of is dit meer as dit?

Kan ek dit antwoord deur ‘n jong seun wat tot bekering gekom het? En ek het nogal die opmerking teenoor hom gemaak: “Bonginkosi jy werk darem skitterend vir die Here”, en sy antwoord was “ ek kan nie vir die Here werk nie, ek laat net toe dat die Here deur my werk”.

Dit het my hele verstaan van die roeping, en mag dit dan ook gereformeerde roeping wees, want die Here het my op so wyse geroep ook, het ek verander my denke om te sê my roeping is nie my werk nie, my werk is my roeping. Want ek laat die Here toe om deur my te werk. As dit is wat Hy wil hê, laat dit so wees- waarmee ek besig is, is nie my werk nie, dis my roeping.

2. In watter mate rig God jou persoonlike roeping en hoe is God betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar?

Ek het nog nooit ‘n wow-oomblik gehad wat die Here met my praat en sê jy moet die gaan doen nie. Maar wat ek wel ervaar is dat die Here deur die Woord as ek besig is met my stiltetyd soggens, dan wow die Woord vir my. En vanaf dit ervaar ek wat die Here wil hê ek moet vandag doen. Vanoggend weer toe ons daar sit- ons het gister ‘n vergadering gehad waar ons ‘n saak moes behandel het- toe ek klaar is met die Woord het die Here met my gepraat en gesê dis wat julle eintlik moes gesê het gister. Dis hoe die Here my lei, en ek glo dis gereformeerd want die Here praat uit die Woord en hy sê vir my … dis my voortdurende gebed, Here praat met my dat ek kan hoor wat U wil sê- wat moet ek, waarnatoe moet ek. Maar dit moet uit die Woord uit wees. En ek glo dat die Here … en as dit gereformeerd is let it be. Dis ‘n goeie gereformeerde antwoord om te sê die Here praat uit die Woord met my. Hy haal goed uit die Woord uit vir my wat awesome is, en dis vir my ‘n wow om te sien hoe Hy met my praat.

THYS: As ek kan aflei dan word jou daaglikse roetine om tyd te spandeer met die Here dan van waar jy jou roeping kry?

Ongetwyfeld. Sonder dit- en ek ervaar ook baie keer as ‘n ou daai deel afwater waar jy rêrig tyd spandeer, ek het vanoggend weer ‘n deel gelees waar ek hom twee of drie keer oorlees en elke keer sien jy iets anders, dit sê vir my die Here wil met my praat, ek moet net met Hom tyd spandeer. Nie Here luister wat sê ek nie, maar hoor wat Hy vir my sê, en dit kan jy alleen vanuit die Woord kry.

a. Wat begeer jy in hierdie lewe?

Dis seker maklik om ‘n simplistiese antwoord kan gee, maar ek dink dis ‘n ding wat al van ver af saam met ons kom, dan praat ek van ons en R en ons hele bediening. Dis eintlik wonderlik hoe ons saam gegroei het in die hele … en as ek hom kan antwoord dan antwoord ek dit op grond van ‘n antwoord wat ek eendag by ‘n kollega gekry het wat self in die sending gestaan het. Hy het in Mosambiek gewerk en uitgekom want hy het by ‘n tradisionele NG gemeente begin, en ek vra toe vir hom wat is die verskil- want ek self het verskuif- wat ervaar jy as die verskil van waar jy was en waar jy nou is?

Toe antwoord hy vir my een antwoord, en dit is fokus. So as ek vir jou op hierdie vraag moet antwoord sluit ek by daai antwoord aan om te sê my wens is “Here hou my fokus reg, dat ek doen wat U wil hê ek moet doen, dat ek op daai pad sal bly, gefokus op U wil vir my, dat ek nooit op ‘n punt sal kom om vir U te probeer werk nie, om dinge te doen wat ek gedoen wil hê, en dat ek aan die voorpunt, maar dat ek sal terugstaan en sê Here hou my fokus reg sodat ek doen wat U wil hê dat ek moet doen”

3. Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?

Ek het ‘n kollega gehad wat ook so in die sending grootgeword het, en hy het ‘n boekie geskryf met die titel *I am green*. Dit was die pleidooi van ek weet nie wat ek is nie, ek is nie wit nie, ek is nie swart nie, nou is ek groen. Ek sit in daai bivalensie van twee kulture- ek is ‘n wit Afrikaans sprekende man wat my bevind my in die bediening in ‘n swart gemeente, die VG Kerk, Xhosa bediening. Die passie en vreugde wat ek het, is om te sien hoe iemand in ‘n verhouding met die Here tree. Dit verskaf vir my oneindig genot, vrede en vergenoegdheid om te sien dat daar ‘n kopskuif by ‘n persoon plaasvind. Maar nou is dit moeiliker vir my en ek moet aanmekaar daaraan werk wat dit veroorsaak dat jy ook stoei met die *I am green*, dat jy nie lekker weet waar jy inpas nie, en dit veroorsaak spanning in die huis, dit veroorsaak

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

spanning in jou omdat jy die heeltyd beweeg tussen die kulture. Die een oomblik is jy in ‘n plakkerskamp in ‘n sinkhut, en die volgende in jou eie huis waar alles werk. Jy stoei die heeltyd met die twee uiterstes waarmee jy moet vrede maak. So aan die een kant verskaf dit vir my baie vreugde om te kan ingaan by daai persoon se huis en op daai dilapidated stoeltjie te sit, soms ‘n blik, maar ek praat met hom oor die Here en hy reageer opgewonde oor sy verhouding met die Here. Aan die ander kant, kom ek waar jy by mense sit, en jy sien die ou sukkel net om ‘n bord kos bymekaar te kry, en vyf minute later beweeg jy in ‘n area waar alles gemaklik is- en ‘n ou moet die heeltyd met daai twee kulture stoei.

THYS: So jy voel half geroep om spesifiek?

My roeping lê vir my persoonlik, ek kan nie noodwendig altyd die antwoord bied nie, maar as dit daarop neerkom en die Here roep my om daai rol te vertolk van die uiterstes met mekaar te probeer versoen dan is dit ook reg.

4. Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds ‘n beduidende rol, en op watter wyse?

Ek voel soms die kerk as voertuig word nie altyd optimum benut nie. Ek dink ons het ‘n heavy vehicle, ‘n 6x6 wat skrik vir niks, wat die vermoë en legitimiteit het, wat die respek het, wat alles tot sy beskikking het, maar nie optimaal benut word nie. Ek dink ons sal die kerk in die breë sin van die woord- interessant nou die dag het ons ‘n gesprek daaroor gehad- as jy kyk na die internet en die wêreld, as sulks, vandag gaan dit oor networking, en die kerk network nie, die kerk werk net op sy eie. Ek praat dan van die denominasies as kerke.

Denominasies werk op hulle eie en die kerk network nie. Ek het ‘n passie vir networking van kerke. Ek het vroeër tente rondbeweeg maar ek doen dit nie meer nie, vir my gesondheid en verhouding met my vrou, ek het haar belowe ek sal ophou. Maar vir my was die tentbediening networking, om te sien hoe kan ons saam die Evangelie verkondig. Nog meer, hoe kan ons as kerk saamwerk om diens te verskaf, om mense te help, om ekonomie aan te spreek- die voertuig is daar. Maar ons as denominasies wil nie regtig hande vat nie want ons is bang ons verloor iets. So hoe kan die kerk ‘n rol speel? Ek dink ons is ernstig onderbenut.

THYS: Speel die kerk dan steeds ‘n rol in jou roeping? Nie as predikant nie, as mens?

Hy speel ‘n rol in die sin dat ek by hom betrokke is. En ek ken nie ‘n ander kerk as in my geval die VG Kerk. Soos in die uitdrukking, dis soos ‘n los vrou- ek bly lief vir haar. My kerk, my denominasie, maar ek bly lief vir die kerk in die breë sin ook, want sy akkommodeer ook almal van die straat af. Die kerk is vir my ‘n versinnebeelding van wat Christus wil wees vir ons. Daarom is dit moeilik om met mense te praat wat kerklos is- dit voel jy versaak die liggaam- jy kan nie op jou eie kerk wees nie, jy moet deel vorm. Ek het dit probeer maar het gou besef dit werk nie- jy kan nie identiteitloos funksioneer nie. Die kerk gee vir jou in ‘n mate identiteit- ja ons identiteit is in Christus en ons behoort aan Hom, ja dis die kerk, maar die denominasie gee vir my die voertuig waarin ek kan beweeg. Ek kan nie buite die voertuig sit nie.

5. Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?

Ek dink ons het nogal ‘n visie, maar daar kan – kom ek stel dit so, ons het op ‘n stadium die sopkombuis gehad wat die wêreld probeer help het, d.w.s dit was nie ons lidmate wat daarby gebaat het nie, en daar was ‘n gevoel van ons moet stop want dit mors ons kerk op en maak dit vuil en ons baat nie daarby nie, dit was die reaksie. Selfs met die kleuterskool, die ECD proses waarmee ons aan die gang is, was daar ook ‘n reaksie van wat is in dit vir ons? So daar is nog werk om die kopskuif te maak dat ons nie hier is vir onsself nie ons is hier vir die wêreld, die Here het ons hier geplaas met ‘n doel. Maar dis rondom sekere projekte- dikwels projekte wat ek of iemand buite die gemeente inisieer, is daar soms ‘n houding van apatie. Maar as dit uit die gemeente self kom- en hulle doen dit- dis dalk tweelei, die antwoord.

THYS: Wat is lidmate se betrokkenheid by mekaar?

Dis hoekom ek sê, hulle reik uit na ander mense, nie met lidmate nie, maar hulle gaan uit hulle eie en vat kos vir mense wat hulle weet swaarkry. Hulleself gaan uit en reik uit na instansies, na mense se huis wat afgebrand het, hulle is gou om goed bymekaar te maak en vir die mense te gee. So, projekte is vir hulle, wat bring dit vir ons in? As daar ‘n projek is gee die staat geld en daai projek kan dalk ‘n spinoff wees. So ek kan geld uit die projek kry, maar medemenslikheid, en ek dink die ubuntu term, ‘n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mens is ‘n mens deur ander mense- as jy iets oorkom of skade lui is ek daar om te help. So die antwoord is tweelui: hoe sien hulle hul rol? Projekte is moeilik, maar omgee vir mekaar binne die gemeente en gemeenskap is betrokkenheid by mekaar.

a. **Hoe sou jy sê is lidmate van ander gereformeerde kerk groepe, bv. VGK, Xhosa, Afrikaans betrokke by hierdie uitdagings van ons tyd?**

Dis eintlik moeilik in die sin van, op ‘n jaar het ons ‘n ringsitting gehad waar iemand ‘n opmerking gemaak- dit is vir hom ontstellend dat die NG Kerk gemeentes onder mekaar praat en sê ek hoor dit gaan met julle sleg, en in die selfde instansie sal die NG kerk hoor van ‘n VG kerk wat swaarkry. Dan sê hulle hier is vir julle geld, maar ons wil nie hoor wat daar aangaan nie.

So op ‘n sekere vlak neem ek kennis van wat aangaan nie maar ek wil nie betrokke raak nie. Aan die ander kant, ek wil nie betrokke raak nie maar hier is vir julle iets. Ek dink ons as kerke wil nie sommer by mekaar betrokke raak nie maar hier is iets vir jou. Daai networking vind nie plaas nie.

THYS: Meeste van die NG lidmate bly hierdie kant van die dorp. Voel jy dat hulle hulle roeping leef onder in Louwville? Is hulle enigsins betrokke?

Ek dink ons almal lewe maar in ons omgewings. Ons is nie een by mekaar betrokke nie. Is dit nie ‘n beskuldiging nie, julle in die bodorp, wat is julle betrokkenheid by die onderdorp? Niks nie. Is dit nie ‘n beskuldiging nie? Dis hoekom ek sê, dit gaan oor die networking waar ons nie by mekaar uitkom nie en ons hoor nie mekaar nie, want ons is nie betrokke by mekaar nie, ons sien nie mekaar se situasies raak nie, ons verstaan nie mekaar se posisies nie. My droom is om baie meer te network, maar dit is moeilik, jy moet uit jou comfort zone uitklim- sit in en kuier by ‘n ou se huis, daar in sy shack, loop deur die stink water, oor die klippe en die modder, waar dit nie so goed is nie. Waar dit vuurwarm is nou in die somer- ervaar sy omstandighede. En ja, dit is sy eie omstandighede, in die selfde instansie kyk na die uitgawes om daardie huis in stand te hou- word bewus van mekaar se omstandighede, ervaar en kry die kennis van hoekom ek so optree.

6. Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?

Ek dink eerstens ons ken nie mekaar nie. Ons is heeltemal onkundig van mekaar, en daarom noem ons mekaar boere en swartes. Ons noem mekaar name maar ken nie mekaar nie. As ons mekaar eers begin ken en ervaar breek wêrelde vir jou oop. Ons is visie is ons kom bly hier want ons wil geld hê en geld maak dat ons dit kan huis toe stuur Transkei toe of waar ook al, en my hele idee is net om geld hier te maak om daar my huis te bou en lewe reg te maak, maar ek worrie nie oor die res nie, ek wil net die geld hê. As ek hier is beskuldig ek die ouens aan die bokant en sê hulle is net diewe en rowers en vat net ons geld en betaal ons ‘n appel en ‘n ei vir ons werk. En dan sit die ouens aan die bokant wat sukkel om die belt al stywer en stywer te trek want ons kan nie my al ons uitgawes kom nie. En die ouens toi-toi net. Maar ek weet nie wat is die omstandighede waarin hy woon nie, e hy kan nie my situasie verstaan nie. Die uitdaging is geweldig- hoe bring jy hierdie twee pole by mekaar om mekaar te verstaan sodat ek begrip het vir hierdie ou wat in ‘n shack bly en sê hy sukkel eintlik- sy behoeftes is dieselfde as myne, net op ‘n ander skaal.

THYS: En dis maar wat in ons land aan die gang is?

Ongelukkig. Hierdie is net ‘n mikrokosmos van die land as geheel.

a. Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap binne die omstandighede wat jy beskryf het?

Wat vir my lekker is, is dat ek weet wat die situasie is aan albei kante. Ek verstaan die swart man in sy shack, omdat ek in sy huis gaan en ek sit by hom en drink saam tee. Dit is nie vir my ‘n bedreiging of ongemaklikheid om enige plek of omstandigheid in te gaan nie. En dieselfde kan ek my handhaaf in die paleise in die bodorp, ek kan myself handhaaf. Maar ten eerste weet ek wie ek is in Christus. Ek weet dat ek Sy kind is en dat Hy opgewonde raak oor my. Dis nie wat ek sê nie, dis wat die Woord sê. Hy is dankbaar vir my, ek is ‘n geskenk vir Hom- dit gee vir my wow, dat God dink ek is ‘n geskenk aan Hom. Dis half arrogant om te dink maar dis wat die Woord sê. Dit sou my droom wees om mense te kry om mekaar eendag so te aanvaar, dat ek wie ek ook al is kan ek inbeweeg waar ek ook al wil gaan omdat ek weet wie ek is in Christus. En dat ek aanvaar word vir wie ek in Christus is en nie vir wat ek bereik het of wat my velkleur of wat ook al is nie, maar dat ek aanvaarding kan kry en aanvaar voel waar ek ook al beweeg. Dit is ‘n moeilike een, en ons sukkel daarmee- ons plaas labels op mekaar en groepeer mekaar en werk nie met individue nie, ons werk met groepe- julle is so en ons is so en ons sal nooit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

regkom nie want dit is- as dit my droom is is dit om mense so ver te kry om te kan erken – ek moes persoonlik daai kopskuif maak met my eie twee seuns dat ons in die huis moes gaan sit- en ons kom uit ‘n konserwatiewe agtergrond- dat ons moes gaan sit en sê as daai twee seuns ‘n anderskleurige dame moes huis toe bring en sy is ‘n Christen, teenoor ‘n wit meisiekind wat nie Christelike waardes het nie, dan moet ons kies vir die anderskleurige dame met die Christelike waardes. Dit is waaraan ons ons skoondogter sal meet. Dit is die kopskuif wat ek graag wil sien- dat ons mense nie op grond van kleur of kultuur moet label nie.

7. Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?

Reeds vroeër beantwoord met die networking.

EINDE

Onderhoud 8

1. Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou ‘n vreemde term? Ervaar jy, of het jy al ervaar, dat God jou roep om iets spesifieks te doen?

Roeping vir my in die konteks van vandag beteken God se doel of plan met my. Dit behels baie meer as wat ek moet doen, ok, hoe ek geskape is. Hy vorm jou nie net in the run of time nie, die dag toe Hy jou gevorm het in moederskoot het Hy dit gedoen met jou roeping in gedagte, so ek dink jou hele wese is gestreamline vir jou roeping en dat jy perfek daarvoor is. That being said, dink ek naie aan my roeping en ek is verskriklik geïntimideer daardeur want soos baie ander Christene is ek bang vir die verantwoordelikheid. Die grootste verantwoordelikheid kom wanneer jy agterkom wat jou roeping is. As jy nie geweet het nie – ignorance is bliss, maar die oomblik dat jy weet is jy in die moeilikheid want dan moet jy dit deurvoer want dan beteken dit jy deny letterlik God en Jesus op die man af elke dag, jy sê elke dag nee as jy weet wat jou roeping is. So, ek is bang vir my roeping, ek wil dit amper nie weet nie, want die dag wat ek weet dit is my roeping en ek doen dit nie verraai en deny jy vir God elke dag daarna. So ek is verskriklik bang vir my roeping.

a. Is jou roeping jou werk of is dit meer as dit?

Nee ek dink dis meer as dit- en dis juis hoekom dit my intimideer. As dit my werk was, en ek dink ons almal hoop so- ons hoop almal God het ons van dag een af gelei om op ‘n punt te wees in ons lewens waar ons moet wees. Dis waarvoor ons almal hoop en bid- lei my vandag …. – ons almal hoop dat ons min of meer daar is waar God wil hê ons moet wees, en dat ons dan in ‘n gemaksone kan bly. Met ander woorde as ek vandag werk toe gaan en ek kom in ‘n situasie waar ek – kom op praat verder van dissipelskap – die oomblik waar jy die Evangelie deur woord of aksie moet uitdra, dan is dit lekker. Ek is ‘n Christen en kan ‘n voorbeeld wees met woord of daad. En dan is jy in daai gemaksone van ek is nou anyway by die werk, ek kan net sowel ‘n Christen wees hieroor, ek kan net so wel ‘n voorbeeld wees.

Maar as dit- ek dink juis dis meer as dit, vir party is hulle perfek in lyn, ander is rondgegooi en God se plan dag een was jy het heel dag – jy is dalk ‘n Jonas op ‘n skip op pad na verkeerde paaie, en dis die intimidasie, die bangheid wat daarmee saamgaan. Moet ek my hele gesin en my wortels en alles uittrek, is ek heeltemal op die verkeerde pad? Ek is bang om dit uit te vind.

2. In watter mate rig God jou persoonlike roeping en hoe is God betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar?

Dag tot dag roeping is om die Christelike voorbeeld dag tot dag te doen. Die dag tot dag roeping verskil van jou uiteindelike roeping wat jou hele doel op aarde is. Met ander woorde as Jonas op daai boot van God begin vertel het, was hy nie ‘n swak kind van God in daai situasie nie maar hy is nog steeds op die verkeerde pad. So die dag tot dag roeping is verskillend.

Dit is vir my makliker en ook lekker – daar was ‘n keerpunt in my werkslewe en dit was ‘n klein verskilletjie wat ons gemaak het, dis net in die oggende ‘n dagstukkie te lees, nie vooropgestel nie, sommer net uit die Bybel. Ek voel altyd ‘n inspirasie kom, soms sal my voorman vra of hy ‘n stukkie kan lees, en dan is dit iets wat by hom gekom het en dis ‘n inspirasie en hy wil dit graag vir ons lees. Dan is dit great, en ons bid daarna. En die oomblik toe dit gedoen is, dan kom die mense in en daar lê ‘n Bybel op jou tafel, mens dink jy is amper skaam daarvoor want jy hoor van mense wat praat in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

werkplekke van met die Bybel onder die arm loop, en daar is ‘n stigma daaraan, ek wil eerder hê mense moet sien ek is ‘n Christen deur my dade, nie met ‘n Bybel op my desk nie. So klein gebaar het gemaak dat ons nog nie klaar gepraat is in die kantoor nie, ons is formeel klaar maar nou ry ons na ‘n site toe, nou is ons harte nog vol van wat in die kantoor gebeur het, nou gesels ons daaroor. Dadelik is daar ‘n lyn dat ek nou meer approachable is vir my mense as hulle later weer daaroor wil praat, of as hulle wou noem iets was verkeerd, of dit van my, die besigheid of ‘n kliënt was.

Die dag tot dag het makliker geraak in my werksweke.

THYS: Ja, maar net die eerste deel, hoe rig God, of jou persoonlike verhouding met God, hoe relate jy met God dat Hy jou bewus maak van jou roeping?

Ons praat van die groot roeping? Ek het nog nie gevoel dat Hy my in ‘n ander rigting druk nie.

THYS: As jy praat van Hy, van wie praat jy?

Van God- ek dink tegnies die Heilige Gees- God is soos ‘n *pressure* wat van die kant af druk as jy nie op die regte pad is nie. En ek moet eerlik wees hoewel Hy nog nie vir my gesê het: “Dit is jou roeping” nie, het ek ook nie dat daar *pressure* van ‘n kant is nie. Daar is wêreldse *pressure*, ekonomiese *pressure*, finansiële, sosio-ekonomiese politiese- maar God se *pressure,* as dit iets is om op te gaan, voel ek nog nie *pressure* in die geval nie.

a. Wat begeer jy in hierdie lewe?

Begeer is maar wêrelds, en ek kan dan sê sekuriteit en alles wat daarmee saamgaan- ek is seker daar is mense wat meer *profound* antwoorde gaan gee maar dis ‘n punt in my lewe waar ek meer sekuriteit wil hê, soos ek op die Maslow-piramide gaan kyk.

3. Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?

Hy roep my om- ons is arrogant as ons dink op so level kom van onsself af- soos ons vrouens partymaal laat hulle jou iets doen wat jy dink was jou idee al was hulle idee. Ek dink God is presies dieselfde, Sy ding wat by my posgevat het en ek voel baie sterk hieroor, ek dink hier is meer vrees in die land as haat, want die haat spruit uit die vrees uit. Witmense vrees- Siener van Rensburg het ‘n woord gebruik wat praat tot die hart van die minderheid en dit is die “swart gevaar”, en ek dink daai seniele ou man het in ‘n bed gelê en dieselfde vrese as ons gehad, en dit is die absolute majority wat hulle het in hierdie land, hy het dit geweet, hy het geweet dis eintlik hulle land, ek dink nie ons was soos die Amerikaners wat ingekom het en genocide gepleeg het nie maar nog steeds dat ons is op – nie geleende tyd nie- ons moet optree soos die welkome inkommers wat ons is – jy tree met respek op en ek dink hy het geweet ons doen nie, ons is te arrogant, en hy het dit gevrees- ons almal het daai vrees in ons, en die vrees wakker die haat aan. Selfde met die swart mense, hulle voel inferior – nie omdat dit ingebore is nie, dis iets wat aangeleer ideologies deur vorige geslagte en die geskiedenis van die wit man, en die vrees wek hulle tot haat. Ek dink my roeping op hierdie klein Weskus is om die vrees weg te vat by wit, swart en bruin.

THYS: Wat maak dit vir jou moontlik of moeilik?

Wat maak dit moontlik? My daaglikse hand tot hand aanraking en gesprekke met alle rassegroepe- van bo-Kaapse Maleiers tot San, Xhosa, Zimbabwiërs, Zoeloes, Engelse witmense, regse en liberale wit Afrikaners op ‘n daaglikse basis.

Wat maak dit moeilik? My eie vrees, wat tot negatiewe gevoelens gaan.

4. Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds ‘n beduidende rol, en op watter wyse?

Daar’s ‘n woord waarvoor ek soek- dis soos ‘n *trigger.* Ek dink nie die kerk is iets wat noodwendig my hand vat en deur dit stap nie maar dit is wel ‘n spark of *trigger*. Daar is sekere dinge wat by my stick en jy het my so mooi gebaar gegee eendag toe ek sê ek voel alleen in ‘n kano op see, en jy het vir my gesê ek moet net agter my kyk Jesus sit agter saam met my in die kano, jy moet net omkyk, Hy is by jou. Ek dink die kerk het dieselfde doel- dis net daai homing device – want ek dink God is, net soos die kerk nie mense bekeer of mense nie mense bekeer nie, God bekeer hulle, is God genoeg om jou ‘n pad mee te stap. Is God genoeg om jou bewus te maak van probleme en jou roeping en alles, maar die bewusmaking van God kom van die kerk af. God sal jou roeping wys, die kerk sal jou God wys.

THYS: Hoe maak die kerk jou bewus?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Deur die Evangelie.

5. Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?

Ja. Al kan hulle op papier in die kerk meer betrokke wees, dink ek tog in ons sosio-ekonomiese en politieke onstabiliteit is hulle nie te sleg nie, ek moet vir hulle opkom daar. Ons het groot *challenges* in Suid-Afrika, dis moeilik, so hulle kan altyd beter gaan, maar hulle doen nie niks nie. As jy gaan kyk wie is die *frontrunners* van hand uitsteek, dan kan jy maar kyk, daar is baie NG Kerk Vredenburg mense daar. Ek ken nie die ander nie, maar ek dink ons is verteenwoordig in ‘n groot klomp mense wat hand uitsteek.

a. **Hoe sou jy sê is lidmate van ander gereformeerde kerk groepe, bv. VGK, Xhosa, Afrikaans betrokke by hierdie uitdagings van ons tyd?**

Ek weet net van my voorman wat by die VGK is en hulle doen baie outreach, hulle is nogal great. Ek weet nie altyd wie is die mense wat die meeste doen nie so uit my ervaring is dit moeilik om te sê. Ek weet ook nie hoe is die ander gemeentes betrokke nie.

6. Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?

Ek dink ek kan heeltemal ignorant wees, hier is baie armoede, maar ek dink ons is bietjie meer gelyk op average, ek dink daai uitdaging sal altyd daar wees maar is in ‘n mindere mate, bietjie meer surmountable- oorkombaar. Jy sal nooit die boonste en onderste ou bymekaar bring nie maar ons kan probeer.

Ek dink geweldsgewys is ons ook in ‘n beter posisie. Ek dink die mense hier is nie so- ek het vroeër gepraat van vrees wat haat broei- ek dink omdat die vrees minder is is die haat minder. Daar is misdaad maar nie geweldsmisdaad nie. Nie zero nie, minder. Ek breek nie by jou huis in om jou dood te maak nie, ek het gesien dis ‘n vakansiehuis so ek gaan ingaan want daar is niemand daar nie en hom leegsteel en dan uitgaan, ek wil niemand seermaak nie. Ek het die afgelope tyd baie daarop gelet as ek in staatsplekke is, soos ‘n lekker lang lyn in ‘n verkeersdepartement, jy flash net ‘n smile dan smile daai man sommer dadelik vir jou terug. Wat is ons challenges? Ek dink dis maar net om vuur onder die goed te sit – dit wat goed is, om vuur onder dit te maak. Eerder as om te fokus op die sleg, dink ek ons is ‘n ligdraer vir die res van die land. Ons is nie perfek nie, maar ons is ver voor enigiets anders wat in ons land aangaan. As ons eerder as om te fokus op dit wat verkeerd gaan vir die res van die land wys wat goed is hierso, dit is eerder ons challenge.

a. Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap binne die omstandighede wat jy beskryf het?

‘n Meer geïntegreerde gemeenskap en gemeente. Ek kan dink OK wyke kan deel, en dan sê ons ek wil Akkerdyk toe gaan want dis om die draai, of iets so simpel soos ek hou meer van die “rooisnor” as van die “krulkop”, so ek gaan na die “rooisnor” toe. Dis OK, dit sal altyd in ons samelewing wees. Maar ons weet nou dat daar sekere kerke is vir hulle en vir ons. Daarvan hou ek nie. Want as hulle ‘n keuse gehad het so dit nie gewees het nie.

THYS: As ek by jou hoor begeer jy eenheid?

Definitief.

THYS: Hoekom?

As ek die voorsang doen veral kan jy dit sny met ‘n mes- daai ding in die lug van ons is die wit kerk. Eks jammer nou, maar ek dink om met daai spreekwoord aan te gaan van *I want to clear the air*. Dis ‘*n* elephant *in the room*, dis ‘n vraag onbeantwoord, hoekom is hierdie kerk wit en daardie swart, as ons die selfde geloofsoortuiging het? Wat is die verskil? Weereens, jy kan nou sê dis hoekom Akkerdyk daar is want hulle is om die draai daar, ek weet nie vir wie jy daai een probeer verkoop nie. Enige iemand met twee pitte in sy kop weet dat as hulle welkom gevoel het in ons kerk het hulle gekom. Nie almal nie, net soos wat almal in die Akkerdyk wyk net om die draai wil stap na hulle wykskerk toe. Ek glo nie in transformasie nie, maar hoekom is daar geen aansoeke vir dominee van iemand wat ‘n ander kleur is nie? Hulle het nie eers aansoek gedoen nie. Ek voel nie dat daar moet transformasie of gekwota word nie, ek glo nie daarin nie, maar hoekom het hulle nie eers vry gevoel om aansoek te doen nie? Want hulle wil nie eers deel wees van hierdie kerk nie. Ek dink dis weereens ‘n vrees- dit gaan nie oor

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ek wil nie daar deel wees nie, hulle weet van dag een af hulle voel nie welkom nie, al wil hulle. Hoekom het hulle nie eers aansoek gedoen nie?

7. Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?

Ek gaan moet spitball – daar is mos toerustings geleenthede soos dissipelskap wat hand aan hand hiermee loop, om vir mense soos ek wat onhandig is hiermee te help- al is dit nie net by help om dit te doen nie, maar net meer gemaklik te voel om daaroor te begin praat, om die gesprek te begin. Maar ek bly by bewusmaking. Bewusmaking van God, elke dag elke oomblik. Die oomblik wat jy Hom uit jou Sondagboks uithaal en in jou Dinsdagmiddag drie uur boks ook insit, waar jy in jou kantoor of site waar jy werk sit, dat Hy daar ook is in die kano saam met jou. Dit verander ‘n mens as jy rêrig ‘n Christen is. As jy nie is nie, maak dit geen verskil aan jou nie, of Hy daar is of nie jy gaan net aan. Maar as jy rêrig ‘n Christen is en jy is besig met ‘n ding en jy kyk oor jou skouer en jy sien figuurlik vir Jesus in die kano agter jou, terwyl jy hierdie ding doen, ek sal nie sê jy dink twee keer nie want as jy iets reg en Christelik doen dan gaan jy net aan, maar as jy net weet van Hom dan gaan jy die goeie nuus wil doen, want dis nie altyd net in woord nie. Bewusmaking. Maar dit gaan moeilik wees- hoe maak jy ‘n ou Dinsdag bewus? Jy het Sondag ‘n beautiful preek gegee, jy stuur ‘n e-mail uit wat sê hierdie week se stuk of gedagte van die week of – jy probeer reël dat die mense inskakel vir ‘n verdere bewusmaking op ‘n Woensdag of Donderdagaand, nou reël die mense dit op ‘n Sondagaand, dan kry hulle al die bewusmaking vir die hele week op die Sondag, teen Dinsdag het hulle alles vergeet. Dis ‘n challenge.

EINDE

Onderhoud 9

1. Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou ‘n vreemde term?

Om lyne te trek om my eie roeping oor te dink is dit vir my makliker om te sê wat is binne die lyn en wat is buite die lyn. Daarmee ek wou sê as gereformeerde geroepene verstaan ek die gelykheid van alle gelowiges voor Christus en voor God, daar is nie hiërargie of mense wat 'n belangriker roeping het as ander nie. Mens sou die onderskeid kon maak tussen mense wat voltyds geroep is en ander wat deeltyds geroep is maar dit is my ook vreemd aan 'n gereformeerde roeping. En dan glo ek dat ons roeping as gereformeerde Christene te make met 'n diepe oortuiging waar God se woord sentraal staan – natuurlik is daar altyd ruimte vir profesieë en buitengewone ervarings, daar is spesiale geleenthede waar mense die oortuiging het dat die Here met hulle gepraat het vanuit verskillende hoeke en maniere maar dit sal altyd uit die skrif uit bevestig word en altyd deel wees van die belyning van God doel op aarde en my doel onder dit.

THYS: Ervaar jy, of het jy al ervaar, dat God jou roep om iets spesifieks te doen?

Dit is iets wat groei op ‘n mens – ek het nie drie uur in die nag wakker geword en geweet God roep my vir hierdie en daardie taak nie. Dit is asof daar 'n saadjie in my geplant is, en asof iemand verby gekom het en die saadjie natgegooi het en daar het 'n boompie opgekom en iemand het verbygekom en 'n bietjie gesnoei daaraan, en toe eendag toe ek terugkyk toe weet ek, ek staan midde-in 'n roeping wat nie 'n besluit was nie, waar ek nie 'n opname gedoen het en besef ek dis iets wat ek as 'n Christen wil hê nie maar dat ek geweet het daar is 'n hoër hand in my lewe wat my voorberei vir 'n spesifieke taak. Dit kom lê net soos 'n vaste wete diep in jou binneste jy kan daarteen skop vir jare, totdat jy besef dat jy geroep word en dat dit nie uit jouself gebore is nie, maar … maar dat die bevestiging in jouself mettertyd in jouself plaasvind.

a. Is jou roeping jou werk of is dit meer as dit?

Nee dis meer as dit vir my. Ek is in die eerste plek 'n Christen gelowige en ek deel daardie oortuiging met Christene regoor die wêreld. Ek hou daarvan om te praat van ‘n primêre en sekondêre roeping- 'n primêre roeping is om naby aan God te lewe en tot seën van ander mense te wees, dit is waar van alle gelowiges. Nadat ons by hierdie eerste verstaan van roeping vir my verby is, kom daar 'n tweede vlak van roeping wat ek sien as in terme van persoonlikhede, gawes, beroepe, werk en so meer- dit verskil van mens tot mens volgens my.

2. In watter mate rig God jou persoonlike roeping en hoe is God betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dis asof hy my elke dag terugroep uit my natuurlike geneigdheid (en dit is ook 'n gereformeerde oortuiging) dat ek maar geneig is en altyd binne die magneetveld van my eie ego lewe en dat dit my kan wegtrek van my primêre roeping en dat die Here my gedurig besoek op baie maniere, vanuit die Woord, vanuit 'n vriend, vanuit 'n ervaring – baie maniere asof die Here net vir my sê kom terug jy is nou besig om te speel op die kantlyn, of jy is nie in die game waarvoor ek jou geroep het nie, ek wil jou hier hê. Weereens dis nie iets wat nie jy onmiddellik erken nie of iets waar nie gewoond is nie maar mettertyd loop jy vir jou vas- jy ervaar dat jou vreugde word gesteel van jou en verhoudings en jou gesondheid ly daaronder, want jy is nie in die hartjie van God se wil vir jou lewe nie. So weereens dis nie ek wat op 'n dag sit en besluit ek moet nou harder werk of ek moet nou meer stiltetyd hê nie -wanneer is genoeg nou genoeg? So dis nie 'n kwaai teregwys nie dis 'n sagte herinnering, letterlik soos my pa of my ma wat my inroep en sê die son het gesak, ons gaan huisgodsdiens hou of so iets, dis daai terugroep. En dan daai teleurstelling in myself dat ek sowaar vergeet het dis die beste plek om te wees.

a. Wat begeer jy in hierdie lewe?

Mens kan nou baie geestelik en teologies daaroor dink en dis goed en dis reg en waar in my lewe – ek hou daarvan om te sien waar die lig deurbreek en die donkerte verdryf word. Dit het geweldig baie gesigte, in terme van geregtigheid wat geskied in mense se lewe, armoede wat verlig word, in terme van verhoudings wat herstel word, orals waar die goed gebeur. Dit lê aan 'n fisiese kant maar ook 'n geestelike kant jy weet hoe lief is ek vir die omgewing, so ek treur daaroor as die Amasone gebrand word of Australië of as die temperature styg met 3 grade nou en hulle is bevrees oor die voortbestaan van goed soos bye wat 'n verskriklike belangrike rol in die voedselketting speel. So ek raak opgewonde as ek die lig sien deurbreek op baie plekke, wyd maar ook hier in ons omgewing en ek treur waar ek sien die duisternis druk die lig weg. So meer spesifiek sou ek sê waar mense stiller voor God lewe – ek vind aansluiting by die katolieke wat gesê het, sedert die hervorming, het ons 'n pratende kerk geword. Om meer in stilte voor God te wees en sy stem te hoor in plaas van om Hom te vra of te sê wat hy moet doen. So ek glo die deur tot groter lig is mense wat werklik voor God stil word en nie godsdienstige aktiwiteite mee rondhardloop nie maar met onderskeidingsvermoë wat weet dit is groot skuiwe wat nou moet plaasvind en ons moet daaraan gehoorsaam wees.

THYS: Ek wil dan ‘n afleiding maak dat jy begeer vir ander om stil te word maar ook vir jouself om stil te word voor God, en vanuit dit vloei hierdie bewussyn van laat Hy die lig laat deurbreek op ‘n manier. Sou dit ‘n persoonlike begeerte wees om duidelik God se stem te hoor en naby aan Hom te leef?

Ja definitief jy som dit raak op. Ek het ook 'n baie groot behoefte aan 'n deurleefde geloofslewe – ek sou dit ook 'n aardse spiritualiteit kon noem, wat beteken dat ons met groot egtheid en eerlikheid met mekaar omgaan. Ek ervaar 'n groot stuk godsdienstigheid in Vredenburg self minder as in ander kerke, want 'n Weskusser is 'n Weskusser, what you see is what you get. So dis vir my 'n stuk genade om te sien hier is deurleefde godsdiens en deur swaarkry het mense gesien hier is nie tyd vir tierlantyntjies nie. Ek vind myself baie tuis binne dit en sal dit graag meer wou bevorder

3. Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?

Ek dink ons het meer as ooit nodig om die “mekaar” beginsels in die skrif uit te leef – ek dink daar is ’n handjievol mense, of nie genoeg mense nie, wat in 'n leierskapsposisie is wat voorvat maar ek sien dat hulle uitbrand of besig is om uit te brand. Sonder om negatief te wees maar mens kom 'n pad met die kerk. Die hartseer is as hulle besef wat besig is om te gebeur dan klim hulle uit en daar is niemand wat hulle vervang nie. So op een of ander manier moet mens verantwoordelikheid vat, nie vir 'n klomp kerkgoed nie maar vir mekaar. Hulle moet weet ek het 'n gebedsvennoot, 'n broer en 'n suster in Christus, en daar moet 'n stuk binding plaasvind tot mekaar. Dit moet groot wees – dit moet help dat die kleiner issues nie verhoudings laat wankel nie en dit moet soort van 'n visie en so meer wees.

THYS: So jy sal sê dis jou roeping aan die Weskus om mense te help daarmee?

Ja definitief, en dit speel uit na verskillende kante toe weereens, as jy dit wil doen moet jy mense leer om stil te wees voor God, as jy dit wil doen moet jy leierskap ontwikkel, as jy dit wil doen moet jy vaardighede rondom kleingroepe ontwikkel. So daar is 'n klomp goeters wat daarmee saamgaan- dit beteken nie ons kategese word daardeur afgeskeep nie, presies dit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat ons dan besig is om te sê is as die kinders dit nie daar leer nie gaan hulle dit moeilik vorentoe leer. Hulle moet nou al leer om weg te kom van tradisionele kerklike kategese van 'n tannie wat met 'n boekie voorstaan – hulle moet nou al leer om vir mekaar verantwoordelikheid te vat. Ek dink dit moet die definiërende ding wees van die kerk in die toekoms. Daarmee neem ek glad nie weg dat ons by die gemeenskap betrokke moet wees nie of by ander groot kwessies betrokke moet wees nie, maar jy gaan nie die volhoubare energie hê om in die gemeenskap en ander plekke betrokke te raak as jy nie weet agter my het ek 'n klomp mense wat vir my cover nie wat my sterk hou en wat my hand vat nie. Ek dink dis die enjin van ons aktiwiteit

THYS: Wat maak dit vir jou moeilik om jou roeping te lewe?

Mens sal natuurlik die ou storie kon opsit rondom tyd maar ek dink nie dis geldig nie, almal is besig. Ek sou ‘n span wou hê wat wyer is as my kollegas wat ook besig is- dit moet ek binne die volgende maand of twee vestig. Dat ons ‘n gesprek begin en praat oor waaroor val ons die hele tyd, wat laat ons struikel. So fasiliteite en bronne het ons, ek dink ons het alles wat ons werklik nodig het maar ek is nie heeltemal seker wat die huiwering is nie. Bygesê, ek dink ons is bo die gemiddelde gemeente wat omgeegroepe betref. Hier is ‘n baie sterk dinamika rondom dit. Ons moet die groei van dit momentum gee

4. Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds ‘n beduidende rol, en op watter wyse?

Ek is van baie kleins af al in die kerk en is gevorm deur die verhale van die kerk en Bybelstories. Ek was nooit buite of ver van die kerk af gewees nie ek ken maar net die lig en niks anders as die lig nie. Ek was altyd in leierskapsposisies in die kerk en, toe ek gaan studeer het, het die kerk ook vir my 'n beurs gegee van R500 'n maand wat in daai tyd baie geld was, ons praat van 1985. Ek het baie vriende binne die kerk, my diepste vriendskappe kom uit die kerk is gelowiges, en dan die geleenthede wat die kerk mens gee in terme van uitreike wat kerkaksies is. In terme van kampe en toerustings geleenthede so meer het ek nog altyd die kerk ervaar as baie ondersteunend in dit alles. Maar ook nie net ondersteunend nie die kerk was soms ‘n blok aan jou been, dit het jou dikwels beperk na wie toe jy uitreik en na wie toe nie. Daar was sekere goed wat die kerk meer onderstreep het wat in die samelewing gebeur het en ek dink spesifiek aan vooroordele rondom ander kulture – ek onthou hoeveel keer ons gewaarsku is teen die katolieke kerk – en dan het ek 'n stuk onegtheid in die kerk beleef. Daar was voorste gestoeltes in terme van leierskap in die kerk en kerkrade wat ons geweet het, het nie 'n verhouding met die Here nie. Vir ons as jongmense was dit hartseer, ek kan verstaan hoekom soveel van my vriende en tydgenote hulle rug op die kerk gedraai het want hulle het 'n stukkie onegtheid daar beleef, en daarom is dit miskien iets waaraan ek graag sou wou werk, dat jongmense ons nie so beleef nie. Dat hulle ervaar dat daar egtheid by ons is. Maar in die meeste gevalle was ek positief oor die kerk en het die kerk my ondersteun in terme van my roeping waarvoor ek baie dankbaar is.

THYS: En die kerk speel nou nog 'n groot rol?

Ja, nee definitief. Dit is asof ek die laaste paar jaar van my bediening ek wil amper sê, in die kerklike gemeenskap met 'n ligter pak begin slaan het, of 'n kleiner spanner, dat ek ‘n smaller visie om dit het en nie meer so baie verwag van die kerk nie. Ek het baie groot verwagtinge gehad – daarin is ek teleurgestel. Wat die kerkverband betref voel ek, ek het 'n bietjie my gewig onttrek, maar wat my plaaslike gemeenskap betref voel ek, ek wil myself breër en wyer daarin gooi, want ek glo dis waar die Here ons geplaas het en ons roeping is. Bygesê, daar is mense met 'n roeping om binne die kerkverband leiding te neem maar hulle moet weet om nie te veel van my te verwag nie. Ek was in ringsvergaderings en kommissies maar dit voel vir my dis tyd vir 'n nuwe generasie om daar te gaan. Ek voel geroepe om binne my plaaslike gemeente aktief te wees en saam met my plaaslike gemeente 'n verskil in hul gemeenskap te maak.

5. Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?

Op 'n skaal van nul tot tien sal ek positief sê ‘n 6. Ek het bewus geraak die afgelope paar maande dat ons nie net gelowiges binne die kerk moet tel nie, daar is 'n groot klomp mense wat goed doen maar die linkerhand weet nie wat die regterhand doen nie. Ek weet ook nie hoeveel daar nog is nie en miskien is hulle ook 'n bietjie teleurgesteld in die kerklike strukture, ek weet nie, maar ek sou graag daarmee wou begin. Maar dan andersins ek dink nie almal

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

weet wat is gereformeerdheid noodwendig nie of die kerk se leer nie, maar daar is mooi mense daar buite wat sout van die aarde is, en tipies van gereformeerdes gaan hulle dit nie vir almal verkondig soos sommige van ons charismatiese vriende nie. Ek dink hulle doen hulle bes al is dit op klein skaal al is dit net agter 'n koekie tafel by ‘n basaar of 'n kermis – hulle is oortuig hulle doen iets vir die Here. Ons kan dalk verskil daarvan en sê maar dis nie die beste manier om iets vir die Here te doen nie maar hulle is oortuig daarvan en hulle samel geldjies in vir die kerk. En so is daar geweldige klomp mense, selfs mense wat jy nie elke Sondag in die erediens te sien nie, daar is 'n klomp van hulle wat sal uitreik na hulle bure toe, wat sal broodjies maak vir 'n begrafnis, en wat werklik hulle bes doen. Daar is 'n klomp goodwill daar buite en daar is 'n klomp mense daar buite wat graag wil goed doen in hulle harte, en in die lig daarvan dink ek moet ek eerder 'n sewe uit tien gee! Daar is regtig min mense daar buite wat moedswillig teen die kerk is – hulle is miskien nie jubelend in of vir die kerk nie, maar hulle sal nie teen dit wees wat die kerk probeer doen nie.

Thys: So as ek jou weereens reg hoor is dit dat op individuele vlak is mense betrokke, maar as 'n kollektief is die kerk dalk nie so sigbaar in die samelewing se uitdagings nie?

Absoluut ja, ek dink so

a. Hoe sou jy sê is lidmate van ander gereformeerde kerk groepe, bv. VGK, Xhosa, Afrikaans betrokke by hierdie uitdagings van ons tyd?

Aan die Weskus ek is nog nie lank genoeg hier om hulle so goed te ken nie, maar die indruk wat ek kry deur die gesprekke is daar nogal 'n visie vir die Koninkryk, en mens wonder altyd daaroor maar ek voel mens moet iemand se bona fides daarvan neem dat as hulle sê hulle is toegewyd en hulle probeer hier en daar 'n verskil maak, dan is ek bereid om vir hulle te sê ja dis reg, en ek waardeer dit. Dit is jammer dat dit ook individuele pogings is, en mens sou graag wou hoor dat daar gesamentlike projekte is wat 'n impak op die dorp het, maar sover as ek weet is daar betrokkenheid, maar ongelukkig is daar 'n bietjie spanning in die kerk in die verhoudings, spesifiek met die VGK en in 'n wyer verband ook. Dit is baie jammer want dit help nie ons pak projekte aan en ons kan nie saamwerk nie, so dit sal ook iets wees waarvoor mens jou moet beywer en uit jou pad uit gaan om te hoor wat is die verskille, en as daar dan aan jou kant iets lê, iets daaraan te doen. Maar ook te besef jy kan nie die bal speel as hy nie ander kant van die net is nie, jy kan hom net speel as hy aan jou kant van die net is. So as hy aan daai kant is en hy word swak gespeel of hy kom nie terug nie, game over. Ek weet nie genoeg.

6. Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?

Ja ons uitdagings skuif. Ek sou steeds sê op die uiteinde nie net eenheid binne groepe nie, maar ook eenheid tussen gemeentes is 'n groot uitdaging. Dan wonder ek by myself met die uitdagings wat daar is waar gaan mense hulle toevlug neem, waar gaan hulle aanklop en hulp soek. So ek dink op 'n manier, sonder om pragmatistiese te wees of Amerikaans te wees, sal ons op een of ander manier die kerk aantreklik moet maak, sodat as iemand swaarkry hulle eerstens sal dink die kerk is hulle tuiste. Ek gaan nie geoordeel word as ek soontoe gaan nie, of ek man of vrou of arm of ryk is, watter kleur ookal, die kerk is vir my 'n tuiste. Ek gaan aanvaar word net soos wat ek is. So ek sou se ek hou nie van die woord nie, maar die kerk moet aantreklik wees. Dit moet 'n homecoming wees vir mense wat dalk in hierdie tyd van die kerk weggeloop het, mense wat besluit het ek het nie die kerk nodig nie, hopelik kan hulle die volgende paar maande besef hulle het die kerk baie nodig, soos wat God ons Vader is moet hulle terugkom na hulle moeder toe. Daarmee saam sal ek die vrae wil vra wat maak dat mense dalk nie terugkom nie. Ek dink ons is 'n baie aantreklike gemeente, daar is baie meelewing, daar is baie toeganklikheid, ek word orals met ope arms ontvang, wat beteken daar is 'n positiewe verstaan van predikante. As die vorige dominee nie hard gewerk het nie dan sal daar onmiddellik skeptisisme oor my gewees het. Ek ervaar dat daar 'n hartlikheid is. So wat is die grootste uitdaging? Kerke en gemeentes dink ek moet moet aantreklik wees en omhelsend wees

Thys: Dalk net so bietjie wyer ook, wyer as kerklike uitdagings?

Tot my skande weet ek nog nie wat die werkloosheidsyfers in ons gemeenskap is nie, so armoede dink ek is 'n uitdaging in die gemeenskap, werkloosheid is 'n uitdaging, en dan obviously wat in die wêreld plaasvind rondom ons, kriminaliteit wat toeneem. Sekuriteit – mense

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat onveilig voel, en die kerk wat soort van rondom transformasie die petrol trap maar lidmate voel ons trap hom te diep. Hulle voel ons moet stadiger gaan want ons ondersteun mense wat nie werk het nie maar dit is daai selfde mense dikwels wat ons besteel So ek dink dis 'n baie fyn balans om aan die een kant te sê ons ondersteun ons lidmate, maar aan die ander kant is ons ook daar vir die armes en die grensgevalle en so aan.

a. Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap binne die omstandighede wat jy beskryf het?

Ek hoop dat mense se verstaan van God sal skuif. Daar is nog 'n groot mate van wettisisme nie net in ons gemeente nie. In my gesprekke waar ons praat oor die Here en hoe ons hom verstaan voel ek nog steeds dat hulle verstaan dat God hulle voorwaardelik lief, het in sekere gevalle. Ek moet eers op 'n manier regkom – goed wees, nice wees, die Bybel ken, voordat ek volkome aanvaarbaar is vir God. Ek dink veral nou is dit belangrik dat mense besef dat God hulle onbevange, te spyte van hulle verlede, dan spyte van wat ook al, dat die Here vir hulle lief is en dat hulle nie gestraf word nou nie deurdat hulle hulle werk verloor en so aan nie, dis nie dat die Here hulle straf nie, dis eenvoudig swak ekonomiese bestuur. So ek wens ek kan Sondag se preek elke Sondag preek dat mense net op 'n manier verstaan ek kan oor en oor en oor terug kom na die Here toe, en hy is 'n liefdevolle en genadige God. So dit is my wens dat mense hulle koppe sal skuif oor die Here binne die situasie en selfs buitekant dit, dat dit ‘n begeerte losmaak om naby die Here te lewe, en dat hulle weet dis die beste plek om te wees. Dit is nou 'n baie slegte tyd om weg te draai van die Here af – so hulle verstaan van God en hulle pad met Hom moet nou dieper word

7. Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?

Ek dink die hoofdoel van kerke in hierdie situasie, eintlik in enige situasie, is om mense aan Jesus te bind en nie aan 'n kerk nie. Dit beteken dissipelskap- dat mense in hierdie situasie sal leer om Jesus te volg, en dat ons sal gaan kyk na wat se prosesse is daar wat daai pad kan fasiliteer. Wat wat ons doen help mense nie om volgelinge van Jesus te wees nie, en wat kan ons meer doen om mense werklik volgelinge van Jesus te maak. Ek dink dis die antwoord, ek weet nie wat is die proses nie. Ek dink dis 'n span wat die gemeente ken en die Bybel ken wat daaroor moet gaan sit en sê OK, kom ons los dit, kom ons los dit. En ons is in 'n proses daarmee. As jy dink aan ons kinderbediening en so aan, hierdie of hierdie gaan nie werk nie, nie omdat dit foutief is nie, ons is in 'n nuwe seisoen en die kerk moet aanpas. ons moenie dink ons gaan met verouderde dinge van 20 jaar terug dink ons gaan ander resultate kry nie. Ons soek in hierdie stadium ander resultate. Ons wil dieper gaan, ons wil aan Jesus bind – dit beteken nie dat ons nie in die kerk bind nie, dit beteken net dat ons fokus so is want mense gaan aan die einde meer waardering vir die kerk kry, maar hulle gaan 'n breë perspektief kry, hulle gaan ‘n koninkryksperspektief kry. So om dissipels van Jesus te wees en te maak, is ons uitdaging hier en oral.

EINDE

ONDERHOUD 10

1. Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou ‘n vreemde term?

Gereformeerde roeping vir my is waarmee ek al baie geworstel het, net om gereformeerd aan te spreek, dis 'n roeping of aspek van die lewe wat ook aanmekaar aanpasbaar is, jy is nie in 'n blik gedruk nie. Alhoewel ons baie as kerk … ons beskou ons onsself dat as ons binne gereformeerdheid staan sê dat jy net veronderstel is om op 'n sekere vlak te dink- iets wat my baie getrigger of geprikkel het, is juis die gereformeerdheid aan my. Is ek gereformeerd genoeg? Veral binne my roeping, ek wil amper sê binne my eie omgewing waar ek beweeg en my eie spasie waarin ek my bevind in my lewe is dit miskien … ek dink baie oor myself en ek dink partykeer is ek nie gereformeerd nie! As 'n mens nou kyk na jou voorgangers en jou leefstyl, denkwyses was meer tradisioneel. Ek is baie meer geneig om te wonder oor my gereformeerde roeping. Is ek gereformeerd? Vir my gaan dit oor hoe God my in staat stel om sy werk uit te leef sonder om dit as 'n werk te sien. Meer passie. Dit mag wees dat my verstaan van gereformeerdheid en die roepingsaspek dalk 'n bietjie uit lyn uit mag wees, maar vir myself

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

soos die tyd ook aangaan en soos ons met nuwe generasies werk, is dit waar ek glo dat my roeping as 'n Christen en 'n gereformeerde meer aanpasbaar moet wees om met die tyd te beweeg. Die basiese daar rondom – dis nie iets of iemand wat jy net langs die pad gevat het nie, God het 'n aandeel binne my eie roeping Ek kon soveel ander goed gedoen het maar hierdie is die veld waar ek aan die einde van dinge sê dis waar God my wil hê. Soos gesê, het ek baie hieroor gedink ook, vir my is nie meer so vreemd nie, ek aanvaar dinge soos dit is en aan die einde van die dag, ek weet nie hoe dit binne die NG kerk self ook is nie en hoe ander ouens daaroor voel nie, as dit kom by jou roeping, wat jy gaan doen binne God se akker. Vir myself – ek kan nie vir 'n ander ou praat nie – ek dink dis waar God my kom wys het binne my eie lewe van vroeë ouderdom af – ek lewe. Hy het sake aan met my, so dis die gedagte wat uit myself uitvloei, dis nie net 'n werk nie. As jy gaan werk soek kry vir jou 'n werk, maar as jy besig is met die taak wat God jou opgelê het kan dit nie net nog 'n werk wees nie want hy seën jou met so baie.

THYS: So as ek as ek jou reg hoor sou jy 'n onderwyser kon word en nog steeds jou roeping kan uitleef?

Yes dit is my uitgangspunt. Ek het al baie gerebelleer daarteen maar dan kom jy by die einde van die dag maar weer by dit uit. Waar soek God jou? Ja ons sien dalk nie alles wat ons self doen nie en dis dalk nie vir ons om te sien nie, tog glo ek dat daar iets aan die beweeg is.

2. In watter mate rig God jou persoonlike roeping en hoe is God betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar?

Vir myself en my eie bestaan is ook maar 'n bestaan waar jy baie met die Here praat en vra "Here kom lei self, want binne jou eie menslikheid is dit so maklik om jouself besig te hou met die dinge wat jy wil hê en nie dit wat God se saak dien nie. So vir myself binne alledaagse lewe is dit maar waar ek aangewese is op God. Menslikheid het ook die geneigdheid om baiekeer te oorvleuel, en dan word jy maar teruggeroep – maak maar seker nie net van feite nie maar maak seker dat jy besig is met God se kerk. Ja oral waar ek was is is dit maar … mens kan so maklik wêreldse dinge najaag, ek kan so maklik die gerief najaag. Ek weet nou nie, is dit gelukkige of ongelukkig nie, maar jy moet maar altyd met wat jy het jouself nie vergelyk met ander nie, want dan kan jy maklik die pad byster raak. Vir die bietjie wat jy het en ook glo, dit kom uit God se hand, ek wil amper sê dit is vir jou genoeg, dit is maar wat hier binne in my aangaan.

Thys: So in jou verhouding met God lei Hy jou op 'n daaglikse vlak en wanneer jy wegbeweeg trek hy jou weer terug?

Yes ek dink dit is maar God se plan met almal van ons, waar jy afwyk is daar altyd 'n baken, 'n rigtingwyser of hak wat jou weer terugbring na realiteit toe. Daar is tye wat jy natuurlik ook die vraagtekentjies het oor die lewe en die dinge maar dan kom sê God: "Ek is groter as die goed en ja, ek is aan die werk.

a. Wat begeer jy in hierdie lewe?

My begeerte is maar om deur alle beproewinge wat ek gaan gelukkig te bly en gefokus te bly, gelukkig dit bly binne dit wat ek doen maar dat dit ook sal weerspieël in ander vlakke van my lewe. Ek dink God trek 'n lyn deur alles en hy wys jou op elke vlak van jou lewe, kyk hier is ek. Maak nie saak wat jy deurgaan nie, jy bly mens met al jou probleme, met al jou strye wat jy partykeer tog stry. Maar die onderliggende is daar. So my begeerte is tog maar om 'n lewe te lei wat God ook behaag en so gelukkig te wees en dalk ook so ander lewens aan te raak.

3. Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?

Ek kan nie aan die Weskus dink sonder om eers terug te kyk nie – as ek terugkyk is daar altyd 'n rede waarom God my op 'n plek gesit het. Vanuit my bediening pleksgewys (ek gaan nou nie gemeente name noem nie) was dit maar so waar die Here jou ook in jou onkunde maar weg neem, veral waar dingetjies … ek het my nou al bevind by gemeentes waar daar ongeruimdhede aan die gang was en aan die lig moes kom. Ek is nooit geroep om 'n speurder te wees nie, so maar vir my hier aan die Weskus ek dink dis … ek het nooit so daaraan gekyk nie, maar met al sy uitdagings veral hier aan die kant – Diazville, White City – ek dink meeste kerke sit nou daarmee waar jy sit met jongmense wat wegbly van die kerk. Jy sit met die jonger generasie, as ek nou tans net hier kyk in VGK Saldanha is dit net 'n sekere generasie wat volop

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in die kerk is en daar's 'n gap na dit. My begin hierso in Augustus 2015 was vir my 'n oog oopmaak, hier is klomp werk en baie goed wat moet gebeur. Ja jy gaan goed laat gebeur maar dit gaan nooit ophou nie, so raak die uitdagings meer. Tans is dit maar dat die jonger generasies wegraak met die dinge waarmee hulle hulle besig hou, en die misbruik van sekere middele laat hulle wegraak vir die samelewing. Hulle raak weg vir die gemeenskap van gelowiges en dit is een van my grootste wense waar ek dink God kan 'n groot rol speel hier, en oplossings in hierdie gemeente wat net 'n fraksie van die Weskus is, om darem iets te laat gebeur, om minder negatiewe en meer positiewe comment van beide die jonger en ouer geslagte waar jy graag wil hê daar moet 'n breuk kom. Maak 'n breuk. Ek glo God kan my in staat stel saam met die kerk, nie ek alleen nie. Ek is dalk nie geroep om hierdie gemeente uit te lei uit iets nie, maar saam as kerk, soos ons Sondag na Sondag sê, ons is God se werkers en ons moet saam staan – wat ons gaan doen gaan 'n verskil maak. Help nie daar is kritiek nie, gaan uit en maak 'n verskil – jy hoef nie krediet te kry daarvoor nie. So die moeilike kant hieraan is maar die risiko daaraan verbonde – sekere grense wat jy moet oorsteek en deurbrake maak, jy besef jy gaan nie binne 'n gebou kan kerk wees nie. Een van die goedjies wat ek nou vinnig dink, en julle is ook baie vertroud daarmee is julle uitreik- ons reik nie genoeg uit nie. Want hoekom verlaat so meer en meer kinders? Die moeilike daaraan is die faktore daaraan verbonde. Ja, die geneigdheid … almal kom uit verskillende agtergronde uit, daar is ook die gevalle waar jy nie net kan nie en gaan gesels nie, jy gaan ook teenstand kry. Ek gaan nie kan gesels soos ek en jy nou gesels nie, jy gaan net hoor "wat soek jy nou hier by my, gaan speel kerkie-kerkie"- dis 'n ander tipe jongmens, veral met die dinge waarmee hulle hul besig hou. So dis die moeilikheid, maar ek glo alles is moontlik by God. Dit wat Hy wil dit sal Hy doen. Indien nie deur jou nie dan tref ons voorbereidings vir die volgende persoon. Maar dis maar die gebied se sake en probleme en mens sal dit moet aanspreek. Jy kan dit nie alleen doen nie, jy het jou mede kerk en dan sal jy ook moet wyer as jou gereformeerde en hoofstrome moet uitbrei, want hierdie gemeenskap is so vervleg, daar is 'n klomp kerke, ek weet nie hoeveel presies nie, maar jy sal ook 'n bietjie wyer moet dink

4. **Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds 'n beduidende rol, en op watter wyse?**

Ek het in die kerk groot geraak ek was maar altyd met my familie en my grootouers, wat ook maar mense was wat gekloek het om die kerk, en nooit regtigwaar het jy besef dat dit 'n impak op jou gaan hê nie. So ja, dis amper 'n Timoteus verhaal – ek het grootgeword met die goed, en iewers het God iemand gebruik om saadjies te plant in jou lewe wat jou laat let op sekere dinge, en ook op jou persoonwees en persoonlikheid. Ek kan nie sê dis ingebou nie, dat daar 'n verskil gekom het. Mense raak groot, maar vir my was dit 'n tradisie ding en ek dink dis besig om uit te sterf, waar kinders van die Sondagskool af groot raak. Dis ook waar jy later vir jouself begin sê ek wil saam met jong mense wees wat soos ek is – dan sluit jy aan by die jeug, en van daar … Ek dink ook my jongwees of jeugdae, daar iewers moes ook iets gebeur het, want ek het baie gesien en baie mense bewonder en gewonder hoe kry jy dit reg om God so te dien. Iewers het iets uitgekom en het dinge net gebeur. Mens kan nie alles verklaar nie, maar dis net daai passie wat jy gehad het vir God en wat hy vir ons daarstel as kerk.

Thys: En vandag nog steeds?

Ek kan nie sê dat iets verander het nie.

5. **Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?**

Ek dink blootstelling aan uitdagings was die probleem. Ek weet nie of dit hier spesifiek 'n probleem is nie, ek sou sê as jy goedjies probeer aanspreek en dinge loods kry jy tog belangstelling, want lidmate besef dit raak my huis en baie keer diegene en die gemiddelde ou wat homself beskikbaar gestel is mense wat die goed beleef. Hy of sy wil 'n verskil help maak. Daar is ook diegene wat nie veel gelaat is nie, of so lyk dit. Miskien is dit nie so en dat dit dalk 'n ongegronde oordeel is, maar as mens kyk weg dit alles af is daar tog lidmate betrokke by sulke aksies – sommige van hulle werk juis vir sulke instellings waar hulle want dit werk met uitdagings wat die gemeenskap in die gesig staar. Dalk het ek die kat aan die stert beet, maar dit is my waarneming hiervan. Natuurlik is nie almal geïnteresseerd nie, totdat dit jou raak – soos as jy nou jong kinders of mense het wat in dwelms verval sal jy oplet diegene wat opkom

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is die wat geraak word en wat regtigwaar hunker na 'n oplossing. Die feit dat hulle ook nood ervaar maak dat hulle wil deel wees van nood aanspreek. So dit is maar ons gemeenskapsake.

Thys: So mense het empatie met mekaar se omstandighede?

Ja, ek sal graag daai stelling wil maak op grond van dit wat mens waarneem, dat ouens tog 'n empatie het met die volgende ou. Mens kan nie dat 'n klein negatiwiteit die positiewe oorskadu nie.

a. Hoe sou jy sê is lidmate van ander gereformeerde kerk groepe, bv. VGK, Xhosa, Afrikaans betrokke by hierdie uitdagings van ons tyd?

Daai is 'n vraag wat ek nie ten volle sal kan beantwoord nie. Ek vertrou dat jy tog ook jou omgee ouens het wanneer jy unify kan ook binne die NG kerk plaaslik. Die bietjie kontak wat mens ook oor en weer met leiers het tel jy ook maar op julle is besig om sekere goed aan te spreek. Nie almal van ons is in staat om op dieselfde wyse ding aan te spreek nie, maar ek glo tog dat ons Mede gereformeerdes nog besig is met die goeie. Ek kan nie sê hulle staan koud teenoor dit wat in die gemeenskap aangaan en die gemeenskap benadeel nie, ons Christenskap is van so aard dat ons ons laat lei deur die Gees van God en dan gaan Hy jou aanspreek om daadwerklik ook van jou kant af jou bits te doen.

6. Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?

Een van die grootste uitdagings wat ek graag op die tafel sal wil plaas is armoede – ons kan nie daar verby kyk nie, dit staan soos 'n berg binne die gemeenskap. Dan ook die aanspreek daarvan, verligting. As ek dit alles op my eie kon doen dan sal jy so baie wou doen net om die volgende persoon ook by die punt te kry om 'n lewe te lei wat meer sorgvry is. Nie almal sit met dieselfde finansiële nood nie maar die oorgrote meerderheid het die nood, en dan is dit iets wat aan jou vat. Mens kan dit nie hanteer nie, en dan besef jy ook jy het beslis meer as die volgende persoon. Dan besef jy hoe bevoorreg jy is, maar wat doen jy daarmee? Is jy in die proses om sekere goed aan te spreek? So vir my beslis die grootste uitdaging is armoede en vanuit dit spruit al die ander goed – jou alkoholisme. Vanuit dit spruit juis alles wat daarmee gepaard gaan- vir sommige kan dit dalk luiheid wees, of ek het nou nie my kant gebring nie op skoolvlak en nou is die kind ‘n dropout, maar ek glo daar is vir baie, omdat more so donker lyk, waar kry ek my comfort zone? En wat word later my comfort zone – die lewe want sekere dinge gebeur vir my. Dit sprei so uit dat ek nou en dan ‘n ma en pa tekort moet doen as gevolg van die dinge wat ek doen, As jy mooi kyk na next fix – hy gaan ma en pa rot en kaal steel ongeag. Dan glo ek ook as ons kinders meer sou hê, as hulle die basiese sou hê, dan kon dinge meer kleurvol gelyk het. Hulle sien ook hoe ma en pa gestagneer het. Sommige mense tel net nie op en sê ek wil my omstandighede verbeter nie. Ek wil nie soos my ouers oud raak nie, ek wil iets van myself en my lewe maak om hulle weer op te tel. Soos dit is dit en alles spruit van daar.

Thys: Net anderkant die kop is daar mense met groot huise en karre, meestal NG lidmate. Skep dit enige negatiwiteit rondom mense wat hier woon en sê daai ouens het so baie en ons het so min? Of is dit nie regtig ter sprake nie?

Dis nie goed wat ek agterkom nie, maar ek glo dit kan maklik ‘n gedagte wees wat ‘n ou laat opvlam – as ek net kyk binne die gedeelte waar ek nou beweeg is dit nie eers deel van die gesprek nie. Mens weet nie wat in die agterkop aangaan nie maar mense het so ingeboesem geraak binne hulle omstandighede. Ag dis maar die lewe en hoe dit is.

a. Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap binne die omstandighede wat jy beskryf het?

Dit wat mens maar gedurig sê – daai medemensliefde, laat jou naaste ‘n prioriteit raak vir jou. Selfs binne hierdie opset is ons baie keer op onsself gefokus – ons dink aan onsself, ons dink aan ons huis, ons dink so ver ons grense strek. As ek iemand anders iets goeds kan toewens en ek hoop dit gebeur dan is dit kom ons gebruik die liefde wat God ons gee, kom ons wees tot seën van ander en probeer ander oplig. Daar is lewens om aan te raak, jy gaan nie die wêreld kan verander alles nie, maar jy sal iemand se lewe kan verander. Gaan gee ander hoop, wees 'n baken van hoop – as jy daai kersie vir een ou aansteek kan hy ander mense se kerse aansteek en positief maak

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

7. **Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?**

Ek dink die Evangelie gaan ons bydra – van myself af sal ek sê as 'n verandering gaan kom sal die Evangelie te bring. Dit gaan God self wees wat die saad in ander se harte plant en Hy gaan ons as kerk gebruik om die arbeidsveld lewe te gee. So … aktiewe agente binne hierdie omgewing is iets waarop ons God alleen kan vertrou. Ek en jy kan almal positiewe agente gaan maak nie maar dis God wat kom en groei bring. Ons kan gaan natgooi, ek wil amper sê as Hy nie deel van jou lewe is nie …. Hy moet hier binne wees en hy sal jou in staat stel

EINDE

ONDERHOUD 11

1. **I want to mention a word to you- reformed calling. If you don't understand that then just calling. When I ask that, what comes to mind, what do you think about, do you ever think of being called, and has God every called you to do something important?**

   He has always called me- for example to go and comfort people with loss in their families and visiting people not willing to come to church to try to bring them inside the church

   THYS: So what do you understand when I say calling? What does it mean to you?

   For the calling? Maybe I am getting lost between doing a job for God and calling, maybe my word is different but if you talk about calling I think about the pastors and others.

   THYS: So I think you are understanding it correctly, if you do things for others it is calling or being called. So when you think of calling you more think of someone like Ds Kobus, being called to ministry?

   Yes

   THYS: You don't think of yourself being called?

   No

   THYS: Your job you do, being a technician- do you think that is a calling?

   Yes. It is my career and I like to do it.

   THYS: Do you think that calling is more than being a technician, or is that your calling?

   No I don't think so, it's just a normal calling.

   THYS: Are you a father?

   Yes I have two kids

   THYS: Do you think being a father or husband is a caling?

   No, I never thought of it like that

   THYS: So just to summarize, for you a calling is something that a reverend is called by God?

   Yes

   THYS: And you do feel that your work as a technician is your calling?

   Sometimes I feel like it because I try to help lots of people.

   THYS: So you can show others through your work that your a child of God?

   Normally yes, sometimes

   THYS: And you don't think being a father of husband is necessarily part of your calling?

   To be a husband.

2. **When you work or walk in town or speak to other people, do you feel that God is talking to you, that he is telling you to do certain things, or not really?**

   Not really

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Thys: And when you sit in church on Sunday?

Yes I feel it, because sometimes I have a chance to preach

Thys: So you are part of the preaching team?

Yes, I'm a church council member

a. **I would like to ask you something personal. To desire something – if I close my eyes and I desire something for my life, what is your deepest desire? If you could have anything, what would that be?**

To help others

Thys: In what ways? How can you help others?

You see sometimes in our community, theres a lot of people who need help. They do things that they do not understand at the end of the day what it is causing. That is why my desire is to help- for example if I'm communicatng with people here, some people will start to tell the deepest problems in their homes. Like marriage problems – then I try to help them.

Thys: Then do you feel it is God calling you to help them?

I'm not feeling God, I just feel i should help. My perspective just includes God, maybe if we go to pray with people then I think God is calling me to do that.

Thys: I understand the need to help people and you do not always feel compelled by God, but just to help in practical terms.

3. **We are staying here in Vredenburg, you are is in George Kerridge- if you go and think about it, do you think that God is calling you to do certain things in George Kerridge?**

Sometimes yes, because it is different things I do outside there- some of them I think God, others I just do.

Thys: And sometimes is it difficult to go do the things you feel God is telling you to do?

Yes, difficult.

Thys: What makes it difficult?

For example, if at night someone is crying outside it is difficult to just pop ut and help. It is very dangerous. Sometimes my wife says no, you can't go there.

Thys: Goerge Kerridge is dangerous?

Not for stealing but at night anything can happen.

Thys: What makes it easy for you to help?

Just speaking. After speaking I feel something and I relax in my mind.

4. **The things that you do to help others- do you think the church did something to help you realise that you need to help other people, growing up in church?**

Yes, church changes a lot of things. Also if you are sitting at home reading a Bible- if you are reading Scripture then it comes in your mind what good things you should be doing and the way you should help the people. Church plays a big role guiding our lives. If a preacher is preaching one Sunday, some of the words touch you to go help or do something.

Thys: And as a child? Did you grow up in church?

My parents raised me in church- when I was 14 or 15 I decided I'm not interested in the church- when I was around 22 I realised life is dangerous outside I must come back to the church, because I lost my father at a young age, then my mom threw me out till I came back to church. I was lost for a long time but I came back.

5. **I would like to learn how members of the reformed churches are involved in helping other people. So do you think that members of this church are also helping other people? Are they doing their part, and can they do more?**

Its going to be difficult for me to say if the people at this church are helping others, because normally when we do things as a group we are using the Word of God in helping. But when we

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

split to individuals I don't know exactly how others are doing, but we are trying to do so in a group when we say God is calling us to help and we must do the job God is giving us to do.

Thys: There where you live, the other Christians that you know, do you think that they are doing enough?

I can't say they are doing enough, but I know some are doing it and others not. I think we are coming from different churches, sometimes in the morning when I'm walking to the church others pass me, no one greets each other because we are not going to each others church.

a. What about people from other reformed churches? I'm going to ask you honestly, do you think the white people from the Dutch Reformed church are doing enough here in Louwville and George Kerridge to help with the problems? Do you think the coloured people are doing enough?

There is no connecting of communication- they wont just pop in to do it because they don't know whats going on here and we don't know what is going on there. Inside the churches yes, we have a lot of support from in town and Louwville, especially in the past years. They sometimes come to visit us, and the women in the last year went to Louwville. Some of them went to town together. So from my side in the church they do enough.

Thys: But not in the community where the real problems are?

Yes, not enough

Thys: Do you feel they should be doing more?

Yes. But before doing more we need the information on where and how to go, because without guidance you can't just go to the community. Some of the community is too dangerous, we need to communicate.

Even our side we can't just stand up and go to town- where do we go?

6. So here where you are staying what are the biggest challenges? What do people struggle with the most?

The people my side struggle with abusing alcohol- I cannot even say it is not having jobs, even now you can here the work noise. The problem is the abusing of alcohol.

Thys: And what does the alcohol cause? Does it break up families or what is the problem with the alcohol?

During the week people are OK, they work and communicate but during the weekend they start to fight, then we see ambulances and police and all that. We are not growing a nice place like that, theres no peace.

Thys: And in South Africa? What d you think our challenges are?

In South Africa it is fraud and criminal stuff- no one cares about each other. If I grag something, especially on the big leaders, they just care about people if its close to the vote and after they receive it they go away.

a. If you could wish something for other people, what would that be?

I wish they could communicate and we could help each other, because without communicating I don't know what the challenge in your life is. You walk on the street with deep stress and I dont know whats happening. Maybe if we communicate in the right way we can help each other go forward.

7. What can the church do to help people to live their calling? Is there something we can do to help them understand God is calling them to do more?

We can, but it will be difficult- especially in the areas like our areas. We have some pastors coming here doing bad things, like the ones on TV. So some people do not trust a Christian any more now. If I say something about God sometimnes peopke just walk away because they do not trust. But we can't rely on that, we can do more. Praying, maybe God can help us

Thys: And maybe we can help with better communication?

Yes, it is true.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

EINDE

Onderhoud 12

1. **I want to mention a word to you- reformed calling. If you don't understand that then just calling. When I ask that, what comes to mind, what do you think about, do you ever think of being called, and has God every called you to do something important?**

First I want to talk about reformed- reformed to me is when things are starting to change. Something not standing in one place but continuing to form. Calling- if I can tell you the history of my calling it will be like something most of the people will understand. When I came here there were only 13 youth members and the church was very small. In that time the previous pastor passed on and I came to play a big role with the youth- we ended up doing more things in the church and the church was growing more and more. The previous dominee was Ds Odendaal – he was the one that said to me the NG Kerk also want to help so that I can go and study. So I studied a little theory and helping the youth and the church, I did practical in the Eastern Cape in one of our churches. So I thought in that time it was my time to do more in the church, but things changed- I thought that after a few years that I was doing lots in the church, I was ready to go to university or whatever. But to me it was like I was given small room- the person who was supposed to guide me wasn't there to guide me. I ended up frustrated as my father had taught me how a man must look after himself. So NG Kerk was helping financially if I needed to buy things, but I didn't feel like a man, I felt dependent. I want to feel independent to do things myself. At the same time I was struggling financially but did not want to ask people everytime. There were people willing to help, I even wrote a letter, as I was staying in the back of my brothers house, that I can built this house for myself. But, as time went by, I decided I am not sure as I am still asking. I put out CV's and one day Transnet called me. I had to decide- so I said to the people in charge I will help in the church voluntary, but I don't want any money. So for calling which is something you are supposed to do, I knew I had to equip myself to go and study. I didn't believe I had to go do it like a natural calling only. I did have a gift, I grew up in a traditional home and I still continue that way of life my father taught me, and I was doing good even in the church to make sure it is growing. It was from my heart, it was my life, it was something I love. But to depend- that is where I start to have doubts. I knew that if I went to university I would know more and can end up relying only on myself, not depending on handouts. At the same time there was no support coming from our congregation- I was hungry to learn more but was getting a bone only. I grew up in big churches in the Eastern Cape- that dominee you know what he is expecting, and you want to grow that – to me calling is inside your heart, you do more and you can sacrifice, but it kills you to wait for handouts. To me it was like handouts.

THYS: So the work that you are doing now, is that your calling or is your calling more than that?

The work I'm doing now is very different from what I was expecting. Even there at work I'm playing the role of a peacemaker. Doing teambuilding to keep the people happy but it is a struggle because the supervisors of the teams cause problems. Even when you approach them, they see who you are and what role you play to make people positive in life, but their hearts are not what you expect- they will end up doing nothing about it – they are just there to be there.

2. **In your daily life, is God still involved in your calling and showing you what to do, even away from church?**

Yes, I don't have a doubt. I've been working here for 11 years and have never been suspended. You can go there and ask someone, you will never find someone who has not been suspended, because of incidents and the dangerous environment. I always say to the people I never had an accident where I can be suspended. The few accidents were always someone bumping me. Sometimes if you don't correctly connect the railway line the train will derail- most people have derailed a train, I have never done that. Sometimes I connect something wrong but there is always something in the back of my mind that says I must look again. So to me it is like listening to your inside, God is talking to you- in that moment you have to act. I have been in a situation whereby you realise this is God talking to me.

Thys: We call that discernment- the ability to hear when God is talking to you. That is what you are describing. So, if I'm listening to you correctly, you are doing your job, and you want to do

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

it good so you can get a salary to look after your family, but your calling is a lot more than just your job. Is that correct?

Yes.

a. **I would like to ask you something personal. To desire something – if I close my eyes and I desire something for my life, what is your deepest desire? If you could have anything, what would that be?**

When you talk about desire you talk about the things that you wish you had in your life and around you?

Thys: Yes

I'm the youngest boy in my family, and I have a twin brother. So I always want to do more and make sure what I do I do correct and that if you ask me to do something I want to make sure I do it. That is the most desire that is keeping me to have friends, to have relationship with my wife, and to have that father figure in the family. I am the youngest but the whole family looks to me if something must be done at home. I'm the one that stands up when there is a conflict or something else, not the eldest brothers. So my desire is to lead on everything

Thys: And does God play a role in that desire?

Definitely. I don't need someone to tell me if theres something wrong, God will tell me, even my dominee knows me on that. I'll wake up and call my family, and say is this or this whats going on? And they will be surprised. I don't know how to explain it- this is personal but it is OK- I called my twin brother a few months ago and asked if all is well with his wife and children, because I feel there is something wrong? At first his wife was protective and said all was OK and well, but I soon realise the children feel neglected because they are always out on business, the wife is doing his own thing. You know that thing where the family does not have enough time for the children? The children need that. And now the children don't cope at school. So I helped and even solved their marriage, which was not good. Something like that. I believe that everything that happens in your life, if you put your life to God, everything is in the hands of the Lord.

3. **We are living here in Vredenburg, you are in Hopland – if you go and think about it, do you think that God is calling you to do certain things here, and what makes it easy to do that, and what makes it difficult?**

There is something, but this is starting at the beginning. This calling is about the families. What I believe is you will never have a church if you don't have families. Sp my focus is on that, I'm always visiting the families, Sometines I see many things when I visit them, and I don't always need them to tell me, I see there is something wrong. Some of them will say they feel better when I walk out the door. They will not even address the problem but when we talk we touch on the problem but I'm aware the person will come back to me. My calling is there- the households. From the child to the parent. The parent to the marriage. Now we don't have that structures because we are coming from Eastern Cape, Limpopo, all over South Africa. You don't have that structure where at your house someone will guide you. And the people are doing things that you sometimes wonder are they a Christian? To be honest with you, the churches are struggling here because you don't have families anymore. The children can no longer look to the father as a role model in the house. They will rather look to the gangsters who are doing things, the gangsters have jewelry and cars and they think it is the right way. The family is failing from there.

Thys: What makes it difficult for you to engage with families?

You find sometimes both parents are not in the same church, especially the men are not always in church, so now when you start to change things with the one in our church, the one person will not see the Lord is the one that is in charge. The peoples Christianity is like material. So, you talk to this person, and there are things that as a Christian you do not do in life, so that your faith can grow and you can see in God's eye. So now when someone is walking a wrong road you say something but there is no foundation. The Christianity is only when they are in church. If you could practice your Christianity outside also you will be able to understand the difference between wrong and right. So what I am struggling with is the same people are still in church, but that will work on spiritual growth first.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Thys: Being close to God, yes

Yes, so to do that is challenging. I will now not only be me, I will have to involve maybe my dominee and some people to help with the spiritual growing of our members. From there you can continue to the husband or wife because it is difficult to show one person and then leave another. But remember if they are married, if you manage the first one who is going to church and you are on the same page, then it is easy to win the second one.But if they are not on the same page you will never win the second one. The second one will always see the wrong things the first one is doing. Because they are doing wrong things in such a way the one you are supposed to win is going far away, and will say the other one is doing the same thing. I always preach that in church- when you are a Christian, do the right thing. I don't say we are perfect, but try to do the right thing so that second person will see the difference.

4. So what role did the church play in helping you know what your calling is? Did it play any role?

Let me put it this way- the church is difficult, because there are people inside the church. So the people in the church also need to be helped, in order to help the person who has that vision. You can have leaders in the church, but if you don't have leaders with calling they will not understand those with a calling. You will bring something to the table, and decide Monday and Tuesday we will do this and this, but that Monday and Tuesday is not going to happen. You are going to be here alone. So, the churches are still failing. They fail to identify those people with calling. People are scared to tell others not to do what they should not be doing.

Thys: So what do you feel the church can do more to help people with their calling?

First we need to have people who come to help the church leaders spiritually. If the dominee can focus more on the leaders so the leaders can be helped spiritually, because they will never do something for others if they are not grown spiritually. We are focussing on things we want to see happen, not on the inside spiritually- so that thing when you do it you do not do from your strength, you are doing God's will.

5. Do you think that members of your congregation, the United Reformed Church (Xhosa) are involved enough in the problems of Louwville?

No. Our leaders help us to grow in that, but the members in the congregation has a mindset of "everything is mine". That also tells you they are not grown spiritually, its about me. They forget what Jesus said. When Jesus brings them and said you must go outside, they don't have that if you are not growing inside. We are focussing on ourselves too much, in such a way that we don't see beyond or around us. The few things we do are not enough, and you realise even when I talk to the ministry and say "why do we always go and look for our previous members, but we have people who don't know about the Lord. We don't want to go out there because thus year we will go to the same guy we went to last year. We will do it January or February, beginning of the year before Easter, and we will do again after Easter, but the number is still declining, because that member must do it again next year. That means we are not doing what the Lord said to us. We are not listening. So that is a thing, it is a comfort zone. And a comfort zone will make you not see things that the Lord wants you to see.

a. And what about the white people living there in Vredenburg and the coloured people from the VGK Afrikaans? Do you think they are doing enough, especially here in Louwville?

I am trying to think about those people but since I came here I only see NG Kerk doing things around. I still remember that time I was busy in our church and they call me to come collect some stuff to give to the people who are building houses, so yes they are doing a lot. I also see their members have aftercare and they are NG Kerk members. I believe there is a lot.

In VGK it is not that much, to be honest with you.

Thys: Let me ask in another way. Wait I'm going to ask another question then I will come back to this.

6. What do you think are the biggest challenges for Christians in Louwville? What do people struggle with the most?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

People always talk about the poor here. There is no poor. You have to go to the places who are poor. Around this area there is a lot of work, or let me out it this way, there is a lot of benefit for the people. But the things that I notice is drugs. Let me go back to the family values. The people now do not value their family values, because you find the children- and I'm not saying this is the fault of the parents but parents do play a big role – the parents are working but somewhere somehow are also doing wrong things to make the children do their wrong things. If we have families who focus on family values we won't have a problem of drugs. We won't have the problem of young children getting pregnant. Drinking- when I was young you would never find someone our age drinking in front of the people. Now they are standing outside and drinking in front of the people. So the bad things in this area are those things. Drinking, drugs, underage sex, people don't have morals.

Thys: So with these problems, do you think the other churches are helping you with those challenges, because thise are real issues? And how are the white people living there in Vredenburg helping with these issues? Is it their responsibility to help?

Let me say it, we look outside. We don't look at the problem, we look in another direction. IN the churches we don't play a role in that. I even mention we have a men's conference in our church and another congregation from Cape Town, also Paarl and Piketberg was here. I mentioned it there- we just look at those boys doing drugs instead of helping them. We see them like animals. Here in our church, I am one of the people who take them and ask them to clean the yard. Our yard was cleaned by those guys. One of them is coming in our church now. He is serious and engaged now. I already talk wiyth my dominee that I want to talk with this guy and his fiancee to see if both will come to our church. They can decide. So, we must not look at them like animals, we must help them. I'm alone, the only one doing it in Hopland, and there are a few of them, about six guys there. One of them passed on last month because of drugs and I have to go to his family- his mother is a church member. It is bad, but we don't do enough.

7. **What do you think is our biggest challenges in South Africa?**

We are corrupt. When I talk about corrupt, it's not only money, although it is the biggest one. But we are corrupt for everything, and when that happens everything is a big mess. When you corrupt in law then it involves what we call freedom. But for our children freedom is something else. When you say no to them its like you are abusing them. When you start to punish him as a parent you are also abusing him. So its a law corrupt, economic corrupt, community corrupt – because in a community like in my home, I was part in our youth to stop the drugs. We even ban the guys using drugs, they were drug free. But now we move to big towns, and the people who are there are scared to move them because they are people who are also in law on drugs. So, the problem with South Africa is there is nothing right. If you really have right, why are we abusing it? If someone comes in your house and stole something, he has a right, because you can't even beat him, you will go to jail. He is going to take your stuff, the law will say I need a witness to see who took it. So it is not what the people are expecting.

Thys: So, we have a big challenge?

We have a huge challenge.

EINDE

<u>Onderhoud 13</u>

1. **Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou 'n vreemde term?**

Die term gereformeerd, as ek so daaraan moet dink, is dat ons een is met God en dat hy ons almal op verskillende maniere roep- ons roeping is dan net om verskillende take te doen. Dis wat roeping is, en ek sou nie sê dis vir my 'n vreemde term nie. Sover die gereformeerde gedeelte gaan is ek nog steeds besig om vorm te vind in die gedeelte van die eenwording.

THYS: Het jy al ervaar in jou lewe dat God jou vra om iets spesifieks te doen?
Ek sou so sê ja, weereens verskillende tye dan wonder jy hoekom dit spesifiek of hoekom moet ek dit doen- ek dink ek word gebruik, as sulks, om te dien. Om mense te bemoedig en in verskillende situasies by te staan ek. Ek dink dis dit. Om net daar te wees vir ander en te luister, en dan om vir hulle 'n stut kan wees en net te dien. Hy roep my om 'n stut te wees in omstandighede wat baie keer moeilik is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

THYS: So wat ek hoor by jou is dis amper deel van jou menswees en deel van jou lewe, dis nie dat jy spesifiek nou hoor "gaan doen dit of gaan doen dat nie", dis meer 'n normale gang van jou dag tot dag?

Ja dit is bietjie van 'n gewone dag-tot-dag maar daar is kere wat jy hoor jy moet nou iets gaan doen en stel jy eers uit, en dan gaan jy weer moet hoor, en dan doen jy hierdie spesifieke taak wat jy op gelê is. Soms is ek ongehoorsaam in dit en dan is mens weer spyt, nadat jy nie gedoen het wat jy veronderstel was om te doen nie, of jy voel jy is nie waardig om met daai spesifieke persoon te gaan praat nie want hulle is mos nou hoër geleerd as jy.

THYS: Is roeping jou werk of is dit meer as dit?

Ek wil baie graag iets anders gedoen het, maar nou is ek 'n polisievrou so ek glo die Here het my geroep om spesifiek in daai werk te gaan wees, eerder as dat ek in die onderwys of die verpleging ingegaan het. Tans in my werk doen ek alles wat ek in my roeping sou wou doen deur die spesifieke werk waarvoor ek geroep is. Dit kan seker meer as dit wees maar ek wil nie my beroep hoër as God se roeping stel nie.

THYS: So jy sal jy sê dat 'n dominee word geroep om 'n dominee te word maar jy as polisievrou is nie noodwendig geroep om 'n polisievrou te wees nie, of dink jy dis maar dieselfde?

Ek weet nie, ek dink mens het maar 'n keuse wat jy wil doen. 'n Predikant voel geroepe om te studeer om 'n predikant te word, ek is nie heeltemal seker hoe om hierdie te antwoord nie, maar ek sê miskien was ek regtig geroep om daardie taak te doen, en was ek nie suksesvol in my eerste twee opsies wat ek wou geword het nie vir 'n rede om te eindig waar ek nou is.

2. In watter mate rig God jou persoonlike roeping en hoe is God betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar?

Absoluut. Ek voel Hy is absoluut elke dag betrokke met dit waarby ek besig is, of dit nou die klein is of groot is, en in die moeilike situasies en buite die moeilike situasies. Ja, Hy is absoluut bo aan daai hele aspek van dit.

Wat begeer jy in hierdie lewe?

Om 'n dieper verhouding met die Here te hê op die einde van die dag, en om te doen wat Hy van my verwag om te doen, weereens in die moeilike en makliker deel van my lewe. Maar weereens gaan dit net om 'n dieper verhouding met hom te hê. Dan, ook soos enige vrou, sou ek graag 'n gesin en kinders wil hê, maar die grootste is om 'n dieper verhouding met Hom te hê. Dis op die einde van die dag meer belangrik

3. Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?

Ek dink in hierdie tyd is die belangrikste om mense te bemoedig en te doen wat Hy wil hê ons moet doen, en ons geloof te behou en gefokus te bly. En ja, die geloof moet maar net deurdruk. Wat dit vir my moeilik maak, is dat ons nog die dinge van die vleeslike ervaar, en soms die wat redelik van ons verlang word om te doen in die geestelike … ons nog baie ver staande van die Here af. Dit maak dit moeilik dat ons mekaar nie respekteer en mekaar se gevoelens in ag neem nie, ons aanvaar dinge as vanselfsprekend en dit is vir my iets wat dit moeilik maak.

4. Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds 'n beduidende rol, en op watter wyse?

Ek sou sê ja, ek dink 'n mens se fondament is gelê deur 'n mens se ouers, maar aan die ander kant solank die Here 'n draai in jou lewe maak, of jy nou jonger is en of jy ouer is, dink ek die kerk speel 'n groot rol. Ek het in die kerk grootgeword – my grootouers het ook vir ons geleer wat kerk is en hoe dit is om deel te wees. Jy behoort aan 'n ander tipe familie. So ja die kerk speel vir my 'n baie groot rol. Onder hierdie omstandighede maak dit 'n bietjie moeilik want jy kan nie jou geloof uitleef soos jy regtig wou nie, oor jy nie die samekoms by die kerk kan hê nie en dit maak dit 'n bietjie moeilik. Maar die kerk in my persoonlike hoedanigheid het 'n baie groot rol gespeel in my lewe en doen nog steeds.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5. **Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?**

Baie van ons gaan maar deur verskillende goed en die uitdagings is buite en binne die kerk. As ek dit van my oogpunt moet stel is dit wel die dwelms, die alkohol en die werkloosheid. Baie van ons het ook kerkloos geraak met die verloop van tyd. Maar ek dink tog ons kerk, of ons as 'n gemeente is daar vir die breë gemeente. Ek dink ons is daar om arms oop te hê en ander tegemoet te kom en te omhels. ek sou sê ons is nogal redelik betrokke, ons reik uit.

a. Hoe sou jy sê is lidmate van ander gereformeerde kerk groepe, bv. NG Kerk VGK, Xhosa, Afrikaans betrokke by hierdie uitdagings van ons tyd en die nood wat julle ervaar?

Ek sou se nie genoeg betrokke nie. Ek dink ons kan nog 'n bietjie meer betrokke raak om 'n hand uit te reik, veral na ons jongmense. Ons verloor ons jongmense en sekere fokuspunte, so my persoonlike opinie, miskien is daar mense betrokke waarvan ek nie weet nie maar ons is nog 'n bietjie min betrokke as dit kom by die uitreik van ons gemeenskap.

THYS: So meer spesifiek, jy is in die VGK kerk, maar jou buurgemeente die NG kerk, dink jy hulle is genoeg betrokke in Louwville en reik genoeg uit of staan hulle apaties teenoor wat daar gebeur?

Ek kan jou nie rêrig 'n antwoord daarop gee nie, ek is nie so ingelig nie, as ek dit so kan stel nie oor wat hulle doen en wat hulle nie doen nie en of hulle betrokke is nie. As ek vat van ons gesamentlike dienste af wil dit vir my voorkom asof ons nog 'n bietjie skrikkerig is om uit te reik en soos ek sê dalk kan ek nou nie regtig baie antwoord nie, ek base dit net op dit wat ek met die oog kan sien.

6. **Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?**

Ek sou sê om meer siele … ek dink ons moet meer uitreik om mense te draai en terug te keer, ons moet meer bewus wees, ons moet meer optogte hou om te sê ons staan vir die Here in plaas van dat op ons weer 'n plakkaat opsit vir dit wat gaan kwaad doen. Ek wil ek amper sê ons moet by die ingange van ons verskillende punte sê ons welkom die Here, om mense meer bewus te maak. Ek dink ons beweeg nog baie met oogklappe oor dinge wat reg om ons gebeur, ons is te bang om te staan vir dit waarvoor ons staan. Ons laat mense maar doen wat hulle doen en aangaan soos wat hulle aangaan en nie almal sien dit raak nie, so ons moet meer visie kry in die sin dat ons moet meer geraas maak.

Thys: jy het vroeër genoem van dwelms en alkohol en werkloosheid dink jy dis 'n groot probleem?

Dit is ‘n enorme probleem, ons moet meer daarop fokus om mense uit daardie greep uit te kry – ek weet dis moeilik en is nie iets wat ons vandag of more gaan regkry nie, maar ek glo elkeen van ons het 'n taak om daarby 'n bydrae te maak al beteken dit moet ek wees of iemand anders is, ons moet daarop fokus

a. **Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap?**

As ek vir hulle iets kon gee is dit om is dit om te doen wat ek normaalweg sou doen in my eie hoedanigheid en dit wat ek doen te doen na die beste van my vermoë soos wat ek doen in die gemeente self. Om te luister en uit te reik na ander. Dit wat ek doen wil ek nie 'n klop op die skouer, as ek agter die skerms kan werk en mense weet nie dis ek wat dit gedoen het nie sal dit vir my werk.

7. **Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?**

Ek gaan bietjie afwyk van die punt af. Ek sou dink dat ons meer van ons gemeente en diakens en ouderlinge kan bemagtig om meer te groei in die teologiese aspek. Dit sou baie help om onsin aspekte soos berading meer geskool te kry op verskillende aspekte binne die kerk wat ons dan ook buite die kerk kan gebruik in die gemeenskap. Ek sou graag beter wou verstaan waardeur julle gaan as julle sou voorberei vir 'n preek, hoe dit bymekaar gesit word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit sal ons die selfversekerdheid gee om meer te kan doen, ons is partykeer bietjie teruggetrokke en ons wil amper nie bid nie want ons voel dit wat ons gaan doen gaan nie reg wees nie. Dit sal ons bemagtig om te weet ons kan ook dit doen, dit sal definitief ons help om leiding te neem en vertroue te kry.

EINDE

Onderhoud 14

1. **Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou 'n vreemde term?**

   Ek dink God het 'n roeping vir my en hy het 'n roeping vir elkeen van ons.

   Die term gereformeerde roeping beteken nie vir my eintlik iets nie …

   Thys: Is roeping iets waaraan u baie dink?

   Ja, want ek het daagliks daarmee te doen tuis.

2. **Voel u op 'n daaglikse basis God is betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar?**

   Ja dit is so.

   Thys: Werk u op hierdie stadium?

   Nee ek is werkloos, ek is 'n tuisteskepper

   Thys: So as u by die huis besig is met die huiswerk, beskou u dit ook as u roeping of beskou jy dit as meer?

   Ja dit is deel van my roeping, terwyl ek besig is by die huis praat ek met die Here en kry so my antwoorde.

   *Thys: S*o hoor u God deur die dag, of hoe weet u God roep u om iets te doen?

   Ek sal na 'n spesifieke persoon of persone onbewustelik toe gaan, en as ek daar kom sal ek weet dis hoe die Here my gelei het en wat ek daarmee doen. Dis hoe ek dit ervaar.

   Thys: So dis nie noodwendig iets wat u dink nie, dis iets wat in die gees gebeur of ervaar?

   Ja.

   Wat begeer jy in hierdie lewe?

   As ek eerlik met u kan wees is my diepste hartsbegeerte dat Suid-Afrika of ons bevolking almal die Here moet dien, dis my begeerte.

   Thys: So begeerte is meer gefokus op God en nie iets wat jy noodwendig wil hê nie?

   Presies.

3. **Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?**

   Wat ek dink God besig is om ons te roep voor is om ons geloof te toets, huidiglik soos dit gaan. Wat dit moeilik maak, is ons is nou nie meer in 'n kerk nie en nou val ons terug, want ons is gewoond aan kerk en so raak ons geloof minder want ons is mos nou nie meer onder die gesag van saamwees nie. Dit is wat ek huidiglik beleef.

   Thys: En oor die algemeen, wat maak dit maklik om jou roeping te leef?

   Vir my, ek leef dit elke dag, so ek hoop ek antwoord nou reg.

   Thys: So dis in die leefwyse wat u voel dit vir u maklik maak?

   Ja.

4. **Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds 'n beduidende rol, en op watter wyse?**

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ja die kerk speel 'n groot rol, want baie van ons het grootgeword met “ons moet in die kerk wees”, en ons moet die wette van die Here gehoorsaam. Maar vir my persoonlik met die Covid en hierdie tyd sit nie vir my so swaar sonder die kerk nie, want ek beleef God se teenwoordigheid elke dag in my lewe, en ek voel meer Sy teenwoordigheid.

Thys: So die kerk as 'n instansie, die gebou mis u nie so veel nie, maar wel die teenwoordigheid van ander gelowiges?

Ja, en die leiding wat die kerk vir my gee.

5. **Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?**

Nee ek dink nie hulle is genoeg betrokke nie, mense wil nie voor vat en doen wat hulle moet doen nie, hulle is bietjie sku. Hulle wil nie dit doen waarvoor die Here hulle wil gebruik nie want hulle is skaam vir wat ander mense gaan sê. Maar die gawe wat die Here vir hulle gee van die roeping wil hulle nie volstaan nie

a. Hoe sou jy sê is lidmate van ander gereformeerde kerk groepe, bv. NG Kerk VGK, Xhosa, Afrikaans betrokke by hierdie uitdagings van ons tyd en die nood wat julle ervaar?

Nee ek het regtig te min met hulle te doen.

Thys: Voel jy dat die mense byvoorbeeld in die bo-dorp meer betrokke sal wees by die nood wat onder in Louwville is?

Ja ek dink ek voel so, hulle kan meer hier betrokke wees by ons aan die onderkant.

Thys: So jy voel die Here kan hulle ook bietjie meer roep om daar te wees? Ja, amper sê ek asseblief!

6. **Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?**

Die verskil wat ons kan maak, is om uit te gaan, ons het baie hulpbehoewendes, baie arm lidmate. As ons net kan uitreik na al die siekes en die wat minder bevoorreg is. Dit is die verskil wat ons kan maak.

Thys: So vir jou is die groot probleme wat ons ondervind armoede en werkloosheid?

Ja.

Thys: Ander goed soos byvoorbeeld die rasse probleme en daai tipe ding, is dit ook 'n probleem?

Dit is, maar ek het nog nie op so iets afgekom nie of beleef nie want ons aanvaar mekaar soos ons mekaar aanvaar. Ek sien dit in 'n geestelike oogpunt is almal dieselfde, so ons behandel almal dieselfde. Ek het nog nie op so iets afgekom nie.

Thys: So vir u is die grootste probleem die absolute nood wat mense beleef?

Ja, die pyn van my hart.

a. Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap?

Ek sal wens dat hulle gelukkig sal wees – nou nie ryk sal wees nie, maar net gelukkig kan wees. En dat hulle die Here sal dien. Dis wat ek vir hulle sou begeer.

Thys: So 'n bietjie voorspoed?

Ja

7. **Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?**

By die kerk soos wat ek dit nou beleef het, is dat ons nie ons mense genoeg geleenthede gee om te doen wat hulle somtyds wil doen nie. As ons net samewerking kan hê of iemand die geleentheid gee om dinge te doen, dan kan ons baie ver kom in die kerk. Veral by die jeug is

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daar mense wat baie graag wil maar hulle sit terug want hulle word nie betrek nie. As ons meer betrek en saamwerk sal dinge baie beter gaan in ons kerk.

Thys: So dis ook 'n ding van mense blootstelling te gee en die geleentheid te skep?

Ja

Thys: Is daar enigiets anders wat u nog wil sê rondom roeping en hoe u vir God ervaar in die lewe?

Ek het 'n geweldige liefde vir die Here, en ek weet nie of ek nou "brag" nie maar dis hoe ek voel, en ek dink my stelling is ek wil net doen wat God van my verwag om te doen. As Hy my stuur in die vuur sal ek in die vuur gaan, dis hoe ek voel.

EINDE

Onderhoud 15

1. **Wat verstaan jy onder die term gereformeerde roeping? Is roeping iets waaraan jy gereeld dink, of is dit vir jou 'n vreemde term? Is dit iets waaraan jy gereeld dink?**

Gereformeerde roeping is vir my dat God ons elkeen met 'n bepaalde doel gebore laat word – dit wys elkeen van ons wat ons moet doen elke dag. So gereformeerd beteken almal moet saam en eensgesind met mekaar leef, en ons elkeen is hier op aarde om die werk te doen wat God vir ons uitgekies het, nie onsself nie maar Hy.

Hy plaas elkeen van ons in 'n roeping met 'n sekere doel, dis soos 1 Korintiërs sê, ons elkeen moet wandel net soos God hom toebedeel het en soos God elkeen geroep het.

Die gereformeerde deel is dat ons almal eensgesind is en onsself nie bo ander stel nie, so ons moet almal saam kan werk in een roeping. Elkeen het sy eie roeping maar ook een gesamentlike roeping, veral vir die kerk en ook in ons gemeenskap. So gehoorsaamheid, toegewydheid en liefde kan deel in elkeen se roeping.

Thys: Is dit iets waaraan jy gereeld dink aan in jou lewe?

Ja elkeen vra soms die vraag af, hoekom is ek hier? Byvoorbeeld is ek hoof van die Sondagskool by die kerk, hoekom is ek spesifiek die jaar gekies as hoof van die Sondagskool? Dis omdat God my daar geplaas het en ek het 'n roeping wat ek moet uitvoer, ek is daar geplaas om iets te doen vir Hom. Ek dink baie aan veral nou met die Covid, dit het net weer bewys dat sommige van ons het die roeping deur God gekry om in ons gemeenskap ook iets te doen. Nou vra ons soms hoekom het dit gebeur, en verstaan ons nie altyd nie, maar dan besef 'n mens dit is God wat jou daar geplaas het om iets te doen. Ek is nou genomineer vir iets wat ek nooit gedink het ek sal wees by die werk nie, en dit wys net weer vir jou dat daar is 'n plan met mens se lewe, en dat God ons plaas op 'n sekere plek. Ek het altyd gewonder of sal ek ooit die geleentheid kry, en daar kom kry ek dit nou in 2020, na 12 jaar se diens. *Thys: Ja baie geluk, veral as mens 'n geleenthede kry en kan terugploeg in jou gemeenskap in is dit wonderlik*.

Ja

Thys: In jou rigting by die werk, is die werk jou roeping of is jou roeping meer as net jou werk?

Ja ek dink vir my is dit my roeping want God het ons elkeen sekere talente gegee, so die werk vir my is 'n roeping want as jy nie van jou werk hou nie of as jy nie talent het nie dan is dit baie moeilik. Ek het 'n liefde vir my werk so dit is vir my 'n roeping, maar dit is meer as net werk vir my – jy moet ook kyk wat jy kan doen vir die mense wat in jou span is, wat jy in hulle lewe kan doen deur hulle ook te verryk deur jou werk. So ek is geroep vir my beroep maar ek moet dit nie net vir myself hou nie, ek moet elke dag kyk hoe ek die span waarmee ek werk kan verryk.

Thys: So as ek jou reg verstaan is jou werk 'n geleentheid vir jou waarin God jou kan gebruik in mense se lewens?

Ja, maar dit is ook vir my 'n roeping, want God het my daar gesit, of die rigting waarin ek studeer het, die keuse wat jy maak, jy maak dit nie uit jouself uit nie – dit was al klaar daar vir jou uitgesit gewees.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2. **Voel u op ‘n daaglikse basis God is betrokke by die roeping wat jy dag tot dag in jou lewe ervaar? Is jou werk jou roeping?**

   Ja, ek dink hy is steeds deel van die geestelike waardes wat. Jy staan op en jy het jou stiltetyd, so God is deel van my lewe elke dag, en ons pas dit ook in ons huisgesin toe om seker te maak dat ons huisgodsdiens hou ensovoorts. By die werk is dit 'n bietjie moeilik want almal het nie ons Christelike beginsels nie, daar is Moslems en Indiërs, so ons is allerhande kulture bymekaar. By die werk is dit soms moeilik om toe te pas, vir my as persoon is Hy by my by my lessenaar en ek en Hy gesels met mekaar voor ek my dag begin. So ja Hy moet deel wees van jou beroep en jou werk ook.

   Thys: So jy is bewus van die Here wat jou lei deur die dag, al is dit dan nie 'n stem uit die hemel uit is jy bewus van God wat betrokke is in jou lewe?

   Ja.

   Wat begeer jy in hierdie lewe?

   Ek het 'n dogtertjie van 8 en 'n seuntjie van 6, so ek dink in Suid-Afrika in hierdie tyd is my begeerte dat hulle ook eendag 'n goeie lewe sal hê in ons land, of dat God hulle sal wys waarheen hulle moet gaan. Ook dat hulle hulle studies suksesvol sal voltooi sonder enige probleme wat ons ervaar in Suid-Afrika op die oomblik, en 'n redelike gemaklike lewe kan lei.

   So my grootste begeerte is om vir hulle die beste opvoeding te gee en dat hulle dan eendag ook vir hulle kinders 'n opvoeding kan gee, en dat hulle drome ook kan waar word. Andersins hoop ek dat God vir hulle ‘n plan sal hê as hulle iewers anders opeindig, of dit in Nieu-Zeeland is of Australië of waar ook al, dat hulle ten minste ‘n lewe sal kan hê en 'n goeie werk en inkomste van hulle eie sal kan hê.

3. **Waarvoor reken jy roep God jou as Christen in die tyd en plek waar ons nou leef? Wat maak dit vir jou moontlik om jou roeping te leef, wat maak dit vir jou moeilik?**

   Ek dink ons is, veral in die gemeenskap, ons Goddelike roeping om deel te hê in die seëninge van die Christus se verlossing aan die kruis. Ons moet die kerk wees, in die gemeenskap dink ek die kerk moet meer as net die kerk wees. Die Here roep ons kerk toe om sy volk, soos hy dit genoem het, te wees in ons gemeenskap en in die kerk. Vir my in die kerk is dit baie meer as net kerk, en ons moet die seëninge wat ons het met ander christene deel en gee, sodat hulle ook die volgelinge van Hom kan wees soos ons is.

   Thys: Praat jy van fisiese seëninge of geestelike seëninge of beide?

   Beide geestelik en fisies. As ek nou vat by die Sondagskool byvoorbeeld, jy hoef nie elke week vir die kind 'n lekkergoed te bring nie – maar net ‘n drukkie of vra hoe gaan dit by die skool. Dis dieselfde ook in ons gemeenskap. Ek dink daar was 'n vraag gewees van die gemeenskap hier in Saldanha om die gereformeerde roeping uit te leef, maar kyk daar is nog baie werk, ook in ons kerk opsig.

   Thys: Wat maak dit vir ons moeilik om hierdie goed te doen?

   Baie, ek dink nie dis so moeilike taak nie ek dink net soms gee ons nie baie aandag daaraan om sekere dinge saam met mekaar te doen of te probeer doen nie, of reg te kry dat ons as gereformeerde kerke of roeping saam kan werk of saam 'n plan uit te dink oor hoe ons dinge gaan doen in die kerk opsig en in die gemeenskap. Ek dink ons is nog bietjie baie ver maar ek dink nie dis so moeilike taak nie maar dis baie werk.

4. **Watter rol, indien enige, het die kerk in jou roepings-verhaal gespeel. Speel die kerk steeds ‘n beduidende rol, en op watter wyse?**

   Ja ek is bewus daarvan van kleins af. Ek is ek gedoop in die kerk, ons het daardie tyd nog Kindermond en Sondagskool gehad en gekatkiseer.

   Ja so die kerk was deel van my lewe van kind dae af met my ouers se beginsels en my man ook. Ek was op die kerkraad op 'n jong ouderdom van 28 vir vier jaar, so ja die kerk is definitief deel van my lewe. Nou nog steeds is ek steeds by die Sondagskool betrokke en ek doen dit my en my kinders ook. Hulle gaan Sondagskool en ons lees in die Bybel, ons bid saam, ons probeer so ver as moontlik ons medemens help. Ons wys ook vir hulle as iemand aan die deur klop dan gee ons maar 'n broodjie ensovoorts

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5. **Hierdie studie fokus spesifiek op die roeping van gereformeerde Christene in Suid-Afrika, maar meer spesifiek hier in die Saldanhabaai distrik. Volgens jou, is die gemiddelde lidmaat van jou gemeente betrokke by die uitdagings van ons tyd?**

Nee ek dink nie die gemiddelde nie, ek dink meer die bogemiddelde wat nog die kerk hou. Die gemiddelde klas of ouderdomsgroep? Nee, ek weet wat of waar het dit verkeerd gegaan het nie, as ons dalk 'n jonger predikant gehad het of iets anders kon doen in die kerk dat die jonger geslag weer kon nader kom, maar daar is net 'n sekere ouderdomsgroep wat nog die kerk aan die gang hou. Ons sukkel verskriklik met die jonger en sekere ander groepe, en daar sal 'n drastiese ommeswaai moet kom, want as hulle sou uitsterf dan is daar 'n probleem.

Thys: Ja dis goed dat jy dit aanspreek, dis is 'n baie bekende probleem en ek dink dis tyd dat ons daaroor praat om hierdie probleem te oorkom. So kom ons praat van die gemiddelde persoon in die Bo-dorp, die deursnee NG moedergemeente lidmaat – dink jy hulle is genoeg betrokke by die nood wat by julle gemeente en gemeenskap is of dink julle staan apaties?

Nee, ek dink hulle is nog weg van ons af, die gemeente is nie soveel betrokke by ons nie en ons is nie soveel betrokke by die Bo-dorp nie.

Thys: As ek jou meer kan uitvra, nie net kerkverband nie maar fisies die nood, ek gaan dit nou reguit sê jy maar dink jy die gemiddelde wit persoon gee genoeg om wat aangaan by die nood in Louwville of maak dit nie regtig vir hulle saak nie?

Nee ek dink nie so nie, as ek byvoorbeeld kyk na byvoorbeeld die mense wat uitreik na die kindertjies waarna nie gekyk word nie … ek is nie regtig soveel betrokke by die maatskaplike deel van ons gemeenskap nie. Ek kan ook nie sê nee hulle is nie, want ek weet nie ek weet nie of dit hulle is wat in die aand gebel word om ‘n kind te gaan haal in Hopland nie. Ek is nie by betrokke by dit nou nie, maar as ek maar as ek kyk na kerkverband – nee dan kan meer gedoen word en uitreiking kan gedoen word na ons gemeenskap of Louwville.
Thys: Uit die studie sover kon ek nog nie vasstel of mense die onderwerp vermy nie, maar ek sou graag wou weet of hierdie gesprekke plaasvind en wat gebeur, en e is versigtig om my eie afleidings te maak.

Ja ek dink vir ons die middelklas of middle age group is dit dalk makliker om dit reg te kry as vir die ouer geslag, en as jy dan kyk na ons kinders en tot by matriek, vir hulle moet dit nog makliker wees. Maar as ons dit nie gaan doen nie gaan hulle dit ook nie leer nie. Ek dink daar is baie werk as ons kyk na die toekoms en hoe om dit reg te maak, ons moet ophou om na mense se velkleur te kyk. En die gesprekke is daar onder, as jy gewonder het

6. **Wat sou jy sê is ons grootste uitdagings vir ons as Christene in die Saldanhabaai omgewing? Hoe sou jy sê vergelyk hierdie uitdagings met dit wat in die land aan die gang is?**

Ek kyk hier by ons in Saldanhabaai, definitief die ongelykheid – kan ek sê die sosiale ongelykheid, en die eensgesindheid van ons munisipaliteit om hulleself te verryk. Almal deesdae lyk my gaan dit oor verryking, hoe ek beter kan score as jy dan gaan ek vir dit, of dit nou regmatig of onregmatig gedoen is. Na aanleiding van wat in die munisipaliteit gebeur dit hierdie week voel dit of een gemeenskap beter voordele kry as ander gemeenskappe, vir my is dit die moeilikste om reg te maak. Ek dink met die Covid nou ons gemeenskap kon ook baie meer gedoen gewees het om te kyk na ons kindertjies. Veral dan ook die misdaad, dit is 'n probleem, dat daar nie genoeg werksgeleenthede vir almal is nie en dan word hierdie stakings en betogings gewelddadig onnodig en die land laat dit toe.

   a. **Wat begeer jy vir die lidmate van jou gemeente en gemeenskap?**

My begeerte sal wees dat ons veral in ons gemeenskap, en dan verwys ek na Louwville Onderdorp, waar daar baie probleme is dat die oumense na die kleinkinders moet kyk met hulle pensioen – ek sal begeer dat daar meer vir pensionarisse gedoen moet word. Daar moet na hulle gekyk word sosiaal of na hulle omstandighede ,want daar is baie ou mense wat baie swaar kry.

Thys: Dit is 'n enorme groot probleem en dwelms speel ook 'n groot rol in dit, daar is baie kindertjies wat ook daaronder ly

7. **Op watter wyse kan die kerk lidmate bemagtig om meer aktiewe agente van verandering te word binne die omgewing waar ons leef?**

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ja, ons kan baie meer doen om mense ook bewus te maak dat hulle 'n roeping het. So by ons kerk die VGK kan baie gedoen word, en daar moet binnekort iets drasties gedoen word om mense bewus te maak dis nie net sekere mense wat geroep is om op die kerkraad te dien of by verenigings betrokke te wees nie. Ek weet nie hoe mens dit gaan doen nie of wat gedoen gaan word om mense bewus te maak dat elkeen van ons 'n roeping het en daarvolgens moet leef nie. Jy kan nie net elke Sondag kerk toe kom en sit en huis toe gaan nie, daar is baie meer wat ons as 'n gemeente kan en moet doen. Ek dink mense moet meer hulleself afvra wat beplan ek vir die jaar, wat gaan ek doen met hierdie jaar en hoe ons ons christelike roeping vir die jaar gaan bepaal. Mense vra nie meer vir hulleself die vrae nie. Ek dink ons kerk het baie werk. Die mense wat vorige jare gehelp het, is steeds die mense wat betrokke is – waar is die nuwe lidmate?

EINDE